’n Hermeneuties-empiriese strategie rakende die verskynsel van kerkkrimping in tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika - ’n prakties-teologiese studie.

SOPHIA VAN HELDEN

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. B.J. de Klerk

2010

Potchefstroomkampus

Vir die “susterkerke”

ABSTRACT

The phenomenon of the decline in numbers in traditionally Afrikaans "sister churches" - in the midst of the complex South African society of the first decade of the 21st century - was researched in the light of the command that Jesus himself gave to his church (Math 28:18-20 and Acts 1:8). The Great Commission directed the aim of the research to evaluate this phenomenon hermeneutically and empirically in order to develop a reformed strategy in a practical theological way. The grounding of the investigation was the communicative action theory, which simultaneously integrates with a basic theoretical model developed from a combination of basic theoretical models as suggested by Dingemans, Heitink en Zerfass. To reinforce the exegetical/hermeneutical perspective of the basic theory, a historical study was conducted regarding the growth and decline of power basises since the Jesus movement until now. The interaction between perspectives was subsequently extended by metatheoretical perspectives, based on the research regarding the influence of schools of thought, as well as the influence of circumstances in the country, which determine the "sister church" praxis of the 21st century. The traditionally Afrikaans "sister churches" as a problematic ecclesiastical community of practice was further examined as part of the empirical perspective. On this basis an attempt was made to gauge the thinking of the "sister churches" in the intricate and problematic ecclesiastical praxis. The gauging was executed by means of a random test in one of the "sister churches", namely the Reformed Church of South Africa (GKSA). It was found that this problematic church praxis is directed by strong institutional thinking. An adjusted practice theory, as well as a supporting practical theoretical model, were formulated in order to realise a reformed strategy for church growth as opposed to the decline in numbers. Considering the above mentioned interactive perspectives, the conclusion was reached that the praxis in the "sister churches" at the beginning of the 21st century, functions in an ecclesiastically imbalanced way. The imbalance lies in the fact that Christ-centred thinking, and thus also Christ-centred ecclesiology (as balancing thinking and balancing ecclesiology), does not manifest in "sister church" thinking. The unbalanced thinking as an all-encompassing factor in the church praxis, confirms and promotes the tendency of the decline in numbers. The proposed strategic perspective as the adjusted practice theory is thus a contribution to formulating an obedient, covenant-centred and reformed answer to declining numbers. This adjusted strategy can bring about the wonder of revival and growth in the "sister churches" by means of the basic theoretical truth elements, which were pointed out in this research.

Key terms

Appreciative communicative approach

Church decline/growth

Congregational development/growth

Discipleship

Ecclesiology

Great Commission

Holy Spirit

Ministries of the church - kerugma, didache, koinonia, diakonia

Missionary

Natural church growth

Pluralism, sincretism, subjektivism, postmodernism

UITTREKSEL

Die verskynsel van krimpende getalle by die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", te midde van die verwikkelde Suid-Afrikaanse samelewing van die eerste dekade van die 21e eeu, is in die lig van die opdrag wat Jesus self aan sy kerk gegee het (Mat 28:18-20 en Hand 1:8), ondersoek. Die doel was om dié verskynsel hermeneuties-empiries te beoordeel ten einde 'n gereformeerde strategie, met die Groot Opdrag as uitgangspunt, prakties-teologies te ontwikkel. Daar is uitgegaan van die kommunikatiewe handelingsteorie wat op geïntegreerde wyse deel is van 'n gekombineerde basisteoretiese vertrekpunt, soos voorgestel deur Dingemans, Heitink en Zerfass. Ten einde die eksegeties-hermeneutiese perspektief van die basisteorie te versterk, is 'n historiese ondersoek geloods rakende die groei en kwyning van magsbasisse sedert die Jesus-beweging tot op hede. Deur dié hermeneutiese en historiese perspektiewe is basisteoretiese beginsels geformuleer wat bepalend is vir die strategiese perspektief. Die wisselwerking tussen die perspektiewe is verder uitgebrei deur metateoretiese perspektiewe wat gegrond is op die navorsing rakende die invloed van denkstrome, asook die invloed van landsomstandighede wat bepalend is vir die "susterkerk"-praksis van die 21e eeu. Die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" as problematies ekklesiologiese handelingsituasie is voorts as deel van die empiriese perspektief ondersoek. Aan die hand hiervan is gepoog om die denke van die "susterkerke" in die verwikkelde en problematiese ekklesiologiese praksis te peil. Die peiling is gedoen aan die hand van 'n steekproef onder een van die "susterkerke", by name die GKSA. Die bevinding is dat die problematiese kerkpraktyk deur sterk institutionalistiese denke gerig word. Deur die ondersoek aan die hand van bogenoemde verskillende perspektiewe, is 'n verstelde praktykteorie geformuleer met 'n ondersteunende praktykteoretiese model, waarvolgens 'n gereformeerde strategie vir kerkgroei, as teendeel van kerkkrimping, daargestel is. Gesien teen bogenoemde wisselwerkende perspektiewe, is tot 'n finale gevolgtrekking gekom dat die "susterkerke"-praksis aan die begin van die 21e eeu ekklesiologies op ongebalanseerde wyse funksioneer. Die ongebalanseerdheid bestaan daarin dat Christusgesentreerde denke, en dus ook 'n Christusgesentreerde ekklesiologie, as balanserende denkwyse en balanserende ekklesiologie, nie deur "susterskerk"-denke manifesteer nie. Die ongebalanseerde denkwyse as allesoorheersende faktor in die kerkpraktyk, werk die krimpende tendens bevestigend in die hand. Die daarstel van die strategiese perspektief is derhalwe die gehoorsame, verbondsmatige en gereformeerde antwoord wat as verstelde praktykteorie voorgestel is, en deur die basisteoretiese waarheidselemente wat in die studie uitgewys is, die wonder van herlewing en groei binne "susterkerke" kan bewerkstellig.

Sleutelterme

Bedienings van die kerk - kerugma, didache, koinonia, diakonia

Dissipelskap

Ekklesiologie

Gemeente-ontwikkeling, gemeentebou en gemeentegroei

Heilige Gees

Kerkkrimping/-groei

Missionêr

Natuurlike kerkgroei

Pluralisme, sinkretisme, subjektiwisme, postmodernisme

Sendingopdrag (Groot Opdrag)

Waarderende kommunikatiewe aanpak

DANKBETUIGINGS

Dit was met "vrees en bewing" dat die roeping tot hierdie taak tot my deurgedring het. Deur gebed het ek dit aanvaar en só is elke stap ook aangepak. Mettertyd het die besef van my uitsonderlike en bevoorregte situasie gegroei en duideliker geword. Veral die waarhede uit die navorsing het my onuitspreeklike vreugde laat ervaar. Vanaf dag een kon ek God net loof en dank - ook in dié dae toe hartseerfeite rakende die "susterkerk"-werklikheid genadeloos voor my kom staan het. Ten spyte van baie se onbegrip waarom hierdie saak so swaar op my hart gelê het, kon ek elke dag energiek aanpak. Die opwinding, wat die moontlike oplossings deur die navorsing in my bewerkstellig het, sal my altyd in dankbaarheid bybly en bly hoop gee vir die "susterkerk"-probleem. Teen hierdie agtergrond wil ek God loof vir hierdie verrykende geleentheid onder die naby leiding van sy Gees. Ek wil uit dankbaarheid en in liefde hierdie werk aan ons geliefde "susterkerke" opdra.

Verder wil ek ook met dank erkenning gee aan die volgende persone wat op my pad gebring is, sodat elkeen op sy/haar besondere manier en/of terrein, hierdie navorsing kon bevoordeel:

- *Prof. Ben de Klerk wat met vriendelike vertroue my aangemoedig en begelei het.*
- *Die Skool vir Kerkwetenskappe en die NWU-Potchefstroomkampus wat die beurs verskaf het.*
- *Die Teologiese biblioteekpersoneel en die Statistiekdiens van die Potchefstroomkampus wat uiters behulpsaam was.*
- *Die onderskeie GKSA-gemeentes in Gauteng en Limpopo wat my met vriendelikheid ontvang het.*
- *Diegene betrokke by GKSA-Linden en Kemptonpark-Mooifontein, die NG Kerk-sonder-mure en die NH Kerk Kemptonpark-Oos, wat my van waardevolle inligting voorsien het.*
- *My man, ds. Maarten van Helden wat saam met my die pak gedra het.*
- *My ma, mev. Phia Venter, wat alles in haar vermoë gedoen het om omstandighede vir my te vergemaklik, sodat hierdie taak met gemak afgehandel kan word.*
- *My skoonseun, dr. Eben le Roux, wat my aan Aksie Navorsing voorgestel het en my seun, dr. Pieter van Helden, wat my met van die skematiese voorstellings bygestaan het.*
- *My dogter, Phia, wat grootliks met die finale uitleg behulpsaam was, asook my ander dogters, Corlia, Anneke en skoondogter, Maureen, wat tydig en ontydig bereid was om op verskillende wyses hand by te sit.*
- *Louise Grobler en Adri Smit, wat my deur hul onbaatsugtige liefde grootliks ondersteun het.*
- *Dr. Benoni Duvenage, proff. Gerrit Kamper, Trudie Steyn, Rika Snyman, my broer en skoonsuster, Pieter en Heléné Venter, die Van Heldens van Vereeniging en my vriendinne wat my voortdurend belangstellend gedra het.*

There are only two ways to live your life.

One is as though nothing is a miracle.

The other is as though everything is a miracle.

(Albert Einstein)

Dominee, ontspan, jy sal nie sink nie … maar klou vas …!

(*Kruisgewys*:3)

’n Hermeneuties-empiriese strategie rakende die verskynsel van kerkkrimping in tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika - ’n prakties-teologiese studie.

HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1	Oriëntering
Hoofstuk 2	Praktiese Teologie en kerkkrimping
Hoofstuk 3	Hermeneutiese komponent: die Groot Opdrag en kerkkrimping
Hoofstuk 4	Historiese perspektief: tendense en getalle
Hoofstuk 5	Historiese perspektief: denkstrome en landsomstandighede
Hoofstuk 6	Empiriese perspektief: ekklesiologiese faktore
Hoofstuk 7	Strategiese perspektief
Hoofstuk 8	Gevolgtrekking
Bibliografie	
Bylaag A	Wisselende magsbasisse: Christendom tot 21e eeu
Bylaag B	Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1652 - 21e eeu
Bylaag C	Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1902 - 21e eeu
Bylaag D	Data van Klassisse en (G)-, (T)- en (K)-gemeentes
Bylaag E	Grafieke van (G)-, (T)- en (K)-gemeentes
Bylaag F	Gemiddeldes van krimpende (G)-, (T)- en (K)-gemeentes:2005-2008
Bylaag G	Vraelys
Bylaag H	Inleiding gelewer by die Gereformeerde Kerk Kemptonpark-Mooifontein
Bylaag I	Strategiese beplanning: implementeringsprogram
Bylaag J	Denkverskuiwingsproses
Bylaag K	Gereformeerde strategie
Bylaag L	’n Beoordeling van Schwarz se teorie

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Oriëntering en metodologie 1
1.1 Inleiding 1
1.2 Probleemstelling 1
1.3 Primêre vraag 6
1.4 Doelstelling en doelwitte 7
1.4.1 Doelstelling 7
1.4.2 Doelwitte 7
1.5 Sentrale teoretiese argument 8
1.6 Bondige definiëring van die belangrikste terme 8
1.6.1 Hermeneuties-empiries 8
1.6.2 Krimpende kerke 8
1.6.3 Tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” 8
1.6.4 Kerkgroei 9
1.6.5 Sendingopdrag 9
1.6.6 Ekklesiologie 9
1.6.7 Bediening 9
1.6.8 Pluralisme 9
1.6.9 Sinkretisme 9
1.6.10 Subjektiwisme 9
1.6.11 Postmodernisme 10
1.6.12 Eurosentries 10
1.6.13 Afrosentries 10
1.7 Metodologie 10
1.8 Afkortings 11
1.9 Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk 12

Hoofstuk 2: Praktiese Teologie en kerkkrimping 14
2.1 Inleiding 14
2.2 Ontwikkeling binne Praktiese Teologie 14
2.3.1 Basisteorie 17
2.3.2 Sake van belang by die basisteorie 18
2.3.2.1 Hermeneutiek 18
2.3.2.1.1 Oorsig oor die ontwikkeling in Hermeneutiek 18
2.3.2.1.2 Logos 22
2.3.2.2 Kommunikatiewe handelinge 23
2.3.2.3 Teorie van aksie 23
2.3.2.4 Interpretatiewe teorie 23
2.3.2.5 Regulatiewe teorie 25
2.3.2.6 Metateorie 25
2.3.2.7 Idealisme 25
2.3.2.8 Pneumatologie 26
2.3.2.9 Eskatologie 26
2.3.2.10 Verbond 26
2.3.2.11 Praksis 26
2.4 Kombinering van basisteorieë 28
2.4.1 Voorstelling van die indeling van Praktiese Teologie volgens Dingemans 28
2.4.2 Voorstelling van die indeling van die Praktiese Teologie volgens Heitink 29
2.4.3 Voorstelling van die indeling van die Praktiese Teologie volgens Zerfass 30
2.5 Basisteorie 32
2.5.1 Basisteorie vir die ondersoek rakende krimpende “susterkerke” 32
2.5.2 Skematiese voorstelling van die basisteorie vir krimpende “susterkerke” . 35
2.6 Die plek van krimpende kerke in Praktiese Teologie 36

2.7 Samevatting 39

Hoofstuk 3: Hermeneutiese komponent: die Groot Opdrag en kerkkrimping..... 41
3.1. Inleiding 41
3.2 Werkswyse 41
3.3 Die plek van Mat 28:18-20 en Hand 1:8 in Praktiese Teologie 42
3.4 Sosiohistoriese agtergrond 44
3.5 Kontekstueel 45
3.5.1 Mat 28:16-20 46
3.5.2 Bespreking van die perikoop en kernvers 49
3.5.2.1 Die elf dissipels in Galilea..... 49
3.5.2.2 Die berg..... 49
3.5.2.3 Aanbidding en twyfel..... 49
3.5.3 Verse 18-20 50
3.5.3.1 Aankondiging 50
3.5.3.2 Sendingopdrag..... 51
3.5.3.3 Gaan 51
3.5.3.4 Maak dissipels 51
3.5.3.5 Doop en leer/onderrig 54
3.5.3.6 Doop..... 54
3.5.3.7 Leer en onderhou 55
3.5.3.8 Onthou..... 56
3.5.4 Semantiese aspekte van Mat 28:18-20..... 56
3.5.4.1 Kernwoord: *alle mag* 56
3.5.4.2 Kernwoord: *maak dissipels* 57
3.5.4.3 Kernwoord: *doop hulle*..... 57
3.5.4.4 Kernwoord: *leer hulle* 58
3.5.4.5 Kernwoord: *onderhou* 58
3.5.5 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Mat 28:16-20 59
3.6 Kontekstueel - Hand 1:6-8 60
3.6.1 Die gedagteopbou van die perikoop Hand 1:6-8 60
3.6.2 Bespreking van die perikoop en kernvers 61

3.6.3 Semantiese aspekte van Hand 1:8 61
3.6.3.1 Kernwoord: *krag* 61
3.6.3.2 Kernwoord: *Heilige Gees* 62
3.6.3.2.1 Aanvullende begrippe: *ruag, pneuma en nous* 65
3.6.3.2.2 Aanvullende begrip by kernwoord *Gees*: *outoriteit/gesag/mag (Exousia)* 67
3.6.3.2.3 Aanvullende begrip by kernwoord *Gees*: *Troon* (*Thronos*) 68
3.6.3.3 Kernwoord: *getuies wees* 68
3.6.3.4 Kernwoord: uithoeke van die wêreld 69
3.6.4 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Hand 1:8 69
3.7 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Mat 28:16-20 en Hand 1:8 en krimpende kerke 70
3.8 Indikatiewe kernbegrippe 72
3.8.1 Wat beteken die krag/mag van die Heilige Gees? 73
3.8.1.1 Die krag van die Heilige Gees en menslike voorbereiding, prediking, die homiletiese proses en die prediker 73
3.8.1.2 Voorbereiding deur vervul te wees met die Woord 74
3.8.1.3 Die strome en die *krag van die Gees* 74
3.8.1.4 Studie oor pneumatologiese werking 75
3.8.1.4.1 Swakheid as krag 75
3.8.2 Doel van die Heilige Gees 76
3.8.2.1 Prediking 77
3.8.2.2 Kommunikasie 78
3.8.2.3 Heiligmaking 80
3.8.2.4 Gawes 81
3.8.2.5 Daarstel van verantwoordelike kerklidmate 82
3.8.2.6 Behoud en herlewing van randlidmate 83
3.8.2.7 Uitbreiding van die kerk 85
3.8.2.8 Nuwe bedeling 86
3.8.3 Werkswyse van die Heilige Gees 87
3.8.3.1 Verbondsgerigtheid van die Gees 87
3.8.3.1.1 Verbond en Pneumatologie 88
3.8.3.1.2 Verbond deur die geskiedenis 89

3.8.3.1.3 Uitbreiding van die term *verbond* 90
3.8.3.1.4 Teken van die verbond 91
3.8.3.2 Werksterrein van die Heilige Gees 91
3.8.3.3 Herkenbare elemente in werksaktiwiteite 92
3.8.3.3.1 Die mens 92
3.8.3.3.2 Kommunikasie 93
3.8.3.3.3 Gebed 93
3.8.3.3.4 Verandering 93
3.8.3.3.5 Vermoë om te glo 94
3.8.3.4 Aksieprogram 94
3.8.3.4.1 Mens en kommunikasie 95
3.8.3.4.2 Kommunikeerder: prediker 99
3.8.3.4.3 Kommunikeerder: gespreksgenoot 105
3.8.3.4.4 Kommunikasieproses 107
3.8.3.4.5 Stappe in die kommunikasieproses 109
3.8.4 Kommunikasie in die strome 112
3.8.5. Samevattende konklusie: indikatiewe kernbegrippe en strome 116
3.8.6 Samevattende konklusie: indikatiewe kernbegrippe, strome en krimpende kerke 120
3.9 Finale konklusie: Mat 28:16-20 en Hand 1:8 123

Hoofstuk 4: Historiese perspektief: tendense en getalle 126
4.1 Inleiding 126
4.2 Werkswyse 126
4.3 Die plek van die historiese perspektief in Praktiese Teologie 127
4.4 Historiese verskuiwings 128
4.4.1 Verskuiwende magsmodelle/magstelsels 129
4.4.1.1 Denkstruktuurverskuiwings 129
4.4.1.2 Skematiese voorstelling van verskuiwende magstelsels 131
4.4.1.3 Verskuiwende beweeglikheid 132
4.4.1.4 Verskuiwing van die Christelike hartland 133
4.4.1.5 Ontluikende herlewing 134

4.4.1.6 Krimping in die tradisionele Christendom (vgl. ook 4.4.5.2.2).....135
4.4.2 Eerste verskuiwing.....136
4.4.3 Tweede verskuiwing.....139
4.4.4 Derde verskuiwing.....140
4.4.5 Vierde verskuiwing.....142
4.4.5.1 19e eeu.....142
4.4.5.1.1 Krimping as gevolg van niemeetbare veranderlikes.....143
4.4.5.1.2 Krimping as gevolg van meetbare veranderlikes.....144
4.4.5.2 20e eeu.....144
4.4.5.2.1 Getalle-afname in Nederland en Engeland.....145
4.4.5.2.2 Noordelike en suidelike halfrond.....145
4.4.5.2.3 Groei en krimping in Suid-Afrika.....147
4.4.5.2.4 Twee strome.....148
4.4.5.3 Die 500-jaarlikse gelykmakende golf.....149
4.4.5.4 Samevattende konklusie: verskuiwende magstelsels.....152
4.5 Verskuiwing binne Afrikaanse kerke - 1652 tot die 20/21e eeu.....153
4.5.2 19e eeu.....155
4.5.2.1 Trek van die Koloniste.....155
4.5.2.2 Verdeling in drie Afrikaanse kerkverbande.....156
4.5.2.3 Stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.....157
4.5.2.4 Gereformeerde sendinggerigtheid.....157
4.5.2.5 Gesindheid teenoor Engelse sendinggenootskappe.....158
4.5.2.6 Oproepe tot eenwording van die Afrikaanse kerke.....159
4.5.2.7 Getalle.....159
4.5.2.8 Die Anglo-Boereoorlog.....160
4.5.3 20e eeu.....160
4.5.3.1 Segregasiebeleid.....162
4.5.3.2 Omvattende aard van die opkomende polities-godsdienstige beleid.....163
4.5.3.3 Teëstand.....165
4.5.4 Pentekostalisme in Suid-Afrika.....166
4.5.5 Eeuwenteling.....167
4.5.5.1 Globalisering en die gelowige.....167

4.5.5.2 Postmodernisme en die gelowige.....168
4.5.5.3 Individuele/subjektiewe magsbasis.....169
4.5.5.4 Samevattende konklusie: verskuiwing binne Afrikaanse kerke tot die 20/21e eeu.....170
4.6 Statistiek: Getalle van Afrikaanse Kerke vanaf 1690 - 2001.....172
4.6.1 Statistiek van Europese Vryburgers aan die Kaap vanaf 1690 – 1820.....173
4.6.2 Die eerste sensus: 1904 en 1911.....173
4.6.3 1960-sensus.....174
4.6.4 1970-sensus.....174
4.6.5 1980-sensus.....175
4.6.6 1991-, 1996- en 2001-sensusse.....176
4.7 Statistiek: "Susterkerke" vanaf 1980 - 2000.....179
4.8 Die eerste dekade in 21e eeu: belydende lidmate.....182
4.8.1 "Susterkerke" en belydende lidmate: 2005 en 2007.....182
4.8.2 GKSA-gemeentes en belydende lidmate: 2005 tot 2008.....182
4.8.2.1 Metode ter vasstelling van data.....183
4.8.2.2 Data van Klassisse en (G)-, (T)- en (K)-gemeentes.....183
4.8.2.3 Grafieke van gemeentes.....184
4.8.2.4 Gemiddeldes van krimpende (G)-, (T)- en (K)-gemeentes: 2005-2008....184
4.8.2.5 Samevattende konklusie: Statistiek - getalle van Afrikaanse Kerke vanaf 1690 - 2001 en die "susterkerke" vanaf 1980-2008.....184
4.9 Finale konklusie.....185

Hoofstuk 5: Historiese perspektief: denkstrome en landsomstandighede.....192
5.1 Inleiding.....192
5.2 Werkswyse.....192
5.3 Die plek van die aanleidende faktore in Praktiese Teologie.....193
5.4 Faktore wat kerkkrimping beïnvloed.....194
5.4.1 Denkstrome.....195
5.4.1.1 Moderne denkwyse.....195
5.4.1.1.2 Liberalisme/humanisme.....198
5.4.1.1.3 Verband tussen fundamentalisme en liberalisme.....199

5.4.1.2 Postmoderne denkwyse 199
5.4.1.2.1 Huidige Suid-Afrika 203
5.4.1.3 Hedendaagse spiritualiteit en subjektiwiteit 205
5.4.1.3.1 Spiritualiteit 205
5.4.1.3.2 Subjektiwisme 207
5.4.1.4 Sekularisme en ander bepalende -ismes 209
5.4.1.4.1 Pluralisme, globalisme en ander -ismes 210
5.4.1.4.2 Diachroniese benadering van sekularisme 212
5.4.1.4.3 Teorieë 213
5.4.1.5 Samevattende konklusie: denkstrome 216
5.4.2 Landsomstandighede 218
5.4.2.1 Kerkgeboue, ontvolking en verstedeliking 218
5.4.2.2 Kerkbesoek 220
5.4.2.3 Ekonomiese, politieke en sosiale faktore 221
5.4.2.4 Tegnologie 226
5.4.2.5 Menslike verhoudings 227
5.4.2.7 Die multikulturele en postkoloniale tydperk 232
5.4.2.8 Afrika as derdewêreld 236
5.4.2.9 Samevattende konklusie: Landsomstandighede 238
5.4.3 Finale konklusie: denkstrome en landsomstandighede as aanleidende faktore by krimpende “susterkerke” in die lig van die Groot Opdrag 240

Hoofstuk 6: Ekklesiologiese faktore 246
6.1 Inleiding 246
6.2 Werkswyse 246
6.3 Plek van die ekklesiologiese faktore binne Praktiese Teologie 246
6.3.1 Menslike betrokkenheid 248
6.3.2 Plek van die empiriese ondersoek 249
6.3.3 Ondersoek: kerkpraktyk as menslike terrein 249
6.3.4 Aspekte waarby die ondersoek aansluit 250
6.4 Gereformeerde ekklesiologiese wanbalans 252
6.4.1 Gereformeerdheid 252

6.4.2 Gereformeerde “susterkerke” 253
6.4.3 Ekklesiologie 254
6.4.4 Gereformeerde ekklesiologie.....255
6.4.5 Wanbalans 255
6.4.6 Die Groot Opdrag binne die gereformeerde ekklesiologie 256
6.4.7 Moontlike belemmeringe na aanleiding van die terme gereformeerdheid, ekklesiologie en wanbalans.....257
6.5 Oorsake van ekklesiologiese wanbalans 258
6.5.1 ’n Krisis van denke 258
6.5.1.1 Denke tydens die oorgangstyd.....258
6.5.1.2 Ingekeerdheid na aanleiding van die “oorlewingstryd” 259
6.5.1.3 Verbondsdenke 260
6.5.1.4 Denke na aanleiding van die Groot Opdrag 260
6.5.1.5 Gebrek aan kreatiewe denke.....261
6.5.1.6 Institusionalisme (I-paradigma).....261
6.5.1.6.1 Institusionalisme (I-paradigma) as teendeel van spiritualisme (S-paradigma).....262
6.5.2 Aanpak van die ondersoek rakende die wanbalans na aanleiding van geblokkeerde denkpatrone 263
6.5.3 Die agt statiese elemente binne die I-paradigma 264
6.5.3.1 Spiritualiteit 264
6.5.3.2 Bediening.....266
6.5.3.3 Aanbidding (eredienste) 269
6.5.3.4 Kleingroep 273
6.5.3.4.1 Belemmeringe.....274
6.5.3.5 Evangelisasie 275
6.5.3.5.1 Doel.....275
6.5.3.5.2 Eenheidsisteem 276
6.5.3.5.3 Belemmeringe.....277
6.5.3.5.4 Krisisafmetings.....278
6.5.3.6 Strukture.....278
6.5.3.7 Leierskap 280

6.5.3.7.1 Diens deur bemagtiging....281
6.5.3.7.2 Wese van leiers....282
6.5.3.7.3 Doel van leiers....282
6.5.3.7.4 Werksprosedure....282
6.5.3.7.5 Belemmeringe....283
6.5.3.8 Verhoudings....284
6.5.3.8.1 Identiteit....285
6.5.3.8.2 Groepe....285
6.6 Samevattende konklusie: gereformeerde ekklesiologiese wanbalans....287
6.7 Empiriese perspektief....289
6.7.1 Empiriese teorie en die Groot Opdrag....290
6.7.2 Empiriese teorie en die agt kenmerke van natuurlike gemeentegroei....291
6.7.2.1 Agtergrond....291
6.7.2.2 Skriftuurlike benadering....291
6.7.2.3 Agt essensiële kwaliteitskaraktertrekke/kenmerke....292
6.7.2.3.1 Bipolêre teologiese denkparadigma....292
6.7.2.3.2 Bybelse begronding van dinamiese en statiese pole....292
6.7.2.3.3 Plasing van die bipolêre teologiese denkparadigma....293
6.7.2.3.4 Die drie denkparadigmas....293
6.7.2.3.5 Bybelse begronding....293
6.7.2.3.6 ’n Beoordeling van Schwarz se teorie....294
6.7.3 Werksprosedure....294
6.7.3.1 Inhoudelike van vraelys....295
6.7.3.2 Teikenpopulasie en werkswyse....295
6.7.3.2.1 GKSA....295
6.7.3.2.2 (K)-gemeentes binne Gauteng en Limpopo....295
6.7.3.2.3 Gemeentes en respondente....296
6.7.3.2.4 Werkswyse....297
6.7.4 Verwerking van vraelys....297
6.7.4.1 Interpretasie van statistiese gegewens n.a.v. die vraelys....297
6.7.5 Samevattende konklusie: Empiriese perspektief....350
6.7.6 Finale konklusie....351

Hoofstuk 7: Strategiese perspektief.....353
7.1 Inleiding, werkswyse en agtergrond rakende ’n vernuwende strategie.....353
7.1.1 Agtergrond rakende ’n vernuwende strategie.....355
7.1.1.1 Die mens as fokuspunt.....355
7.1.1.2 God binne konteks.....358
7.1.1.3 Die toedrag binne die “susterkerke”.....358
7.1.1.4 Die hoop beskaam nie.....361
7.1.1.5 Samevattende konklusie: agtergrond rakende ’n vernuwende strategie...371
7.2 ’n Gereformeerde strategie, metodologie en verbeterende praksis.....371
7.2.1 ’n Gereformeerde strategie om denke aan te raak.....373
7.2.1.1 Christus as die groot positiewe krag.....375
7.2.1.2 Die mens as krag.....376
7.2.1.3 Praktyk, teorie en metodologie verweef.....379
7.2.2 Metodologie vir die daarstel van ’n gereformeerde strategie.....380
7.2.2.1 Aksie Navorsing.....381
7.2.2.2 Waarderende Ondersoek.....383
7.2.2.2.1 Metodologie en basisteorie.....383
7.2.2.2.2 Definisie.....384
7.2.2.2.3 Ekklesiologie as menslike organisasie.....388
7.2.2.2.4 Rigtinggewende WO-beginsels.....389
7.2.2.2.5 Kennistoename en leer.....390
7.2.2.2.6 Bewerking van verandering aan die hand van WO.....391
7.2.2.2.7 WO en Skrifbegronding.....392
7.2.2.2.8 Realiseringsbeginsels van WO en Skrifbegronding.....394
7.2.2.2.9 Samevattende konklusie: Skematiese samevatting van vooraf strategie en WO.....396
7.2.3 ’n Strategie vir die daarstel van ’n verbeterende praksis 2.....396
7.2.3.1 Strategie nadat denke as blokkasie positief aangeraak is.....397
7.2.3.1.1 Gemeenteontwikkeling, gemeentebou en gemeentegroei.....399
7.2.3.1.2 Allesomvattende aspekte binne gemeenteontwikkeling.....403
7.2.3.2 Die daarstel van ’n strategie/bedieningsplan.....412
7.2.3.2.1 Teologiese begronding: identiteit, Apostolikum, tradisie, visie en missie412

7.2.3.2.2 Strategiese beplanning/prosesbestuur 418
7.2.3.2.3 Ondersoek en analises: kontekstuele en ekklesiologiese begronding 420
7.2.3.1 Gelyklopende strategieë 429
7.2.3.3 Coram Deo-uitnemendheid 445
7.2.3.4 Een Afrikaanse reformatoriese kerkverband 448
7.2.3.5 Een volwaardige reformatoriese kerkverband 451
7.2.3.6 Christusgesentreerd 453
7.2.4 Samevattende konklusie: die strategiese perspektief 454
7.2.5 Finale konklusie 459

Hoofstuk 8: Gevolgtrekking 461
8.1 Inleiding 461
8.2 Gevolgtrekking 462
8.3 Terreine vir verdere navorsing 469

Bibliografie 472

Bylae
Bylaag A…….506
Bylaag B…….507
Bylaag C…….508
Bylaag D…….509
Bylaag E…….516
Bylaag F…….525
Bylaag G…….532
Bylaag H…….539
Bylaag I……..556
Bylaag J……..557
Bylaag K…….558
Bylaag L…….559

Hoofstuk 1

Oriëntering en metodologie

1.1 Inleiding

Kerkkrimping is die verskynsel wat eksplisiet die teendeel vorm van God se doel (missio Dei). Kerkkrimping as term kom ook nie in die Skrif voor nie. Wanneer die term wel deur die semantiek van kontekstuele woorde voorkom, dui kerkkrimping op afname van getalle as gevolg van God se aksie van *oordeel* (Open 2:5; 3:7) of *straf* (o.a. ballingskap 2 Kron 36:11-20). God se doel met die aktiwiteit, waaronder waarskynlik ook die moontlikheid van suiwering of volharding, bly skynbaar vir die mens tydelik onbekend. Wat wel ten alle tye vir die mens bekend is, is God se Groot Opdrag (Hand 1:8 en Mat 28:19, 20) met die geopenbaarde bedoeling dat die koninkryk sy loop moet neem. Die wat by die koninkryk betrokke is, vorm ’n driehoek: God as gesagvolle sender, die gestuurde en die persoon na wie gestuur word (bekeerling). God stel die doel/taak, terwyl die gestuurdes, met krag toegerus, die doel/taak moet verwesenlik, sodat die bekeerling deel word van God se doel/taak (Bosch, 1991:1; Heidelbergse Kategismus Sondag 48 (Psalmboek)).

Die gestuurdes ter sprake as die objek van hierdie studie, is die tradisioneel Afrikaanssprekende, westersgeoriënteerde “susterkerke”, wat *nou* in die eerste dekade van die 21e eeu, in Suid-Afrika leef. Alle Suid-Afrikaners, ook hiérdie gelowiges, is onderworpe aan die invloede van die *nou* en die *verlede*; invloede/faktore wat integraal deel vorm van elkeen se denkwyse, aktiwiteite en toekomsbenadering. Kerkkrimping as verskynsel blyk ’n verband te toon tussen die gelowiges, die Groot Opdrag en die verwikkelde samelewings-invloede.

1.2 Probleemstelling

Die kritiese vraag is hoe die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” binne ’n verwikkelde samelewing, Skrifgetrou geroep word tot gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag (Mat 28:18-20; Hand 1:8). Dit fokus op die spanningsveld van ’n gebroke praktyk wat roep om redding, en die Woord wat die mens roep om ’n verskil te maak in hierdie gebroke praktyk (Hendriks, 2000:5). Verder behels dit hoe die gestuurde se intens beïnvloede en verwikkelde denkwyses en aktiwiteite, gewysig/gereformeer kan word, dat die opdrag en doel

van God, aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika, hoër prioriteit kry (vgl. De Wet, 2000:1, 2; Hendriks, 1993:551; Niemandt, 2007). Daarmee gepaardgaande hoe die akute tendens van krimpende getalle as teëpool van die Groot Opdrag, binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" teëgewerk kan word (Burger, 1999:7-24).

Indien die probleem hermeneuties, histories en empiries benader word ten einde 'n strategie op te bou, is die volgende invloede van belang om in ag te neem:

Die grootste faktor wat die mens se denke en aktiwiteite beïnvloed, is skynbaar die ingewikkelde en vervlegte, moeilik en self *niemeetbare* invloede/faktore. Die invloede/faktore word as niemeetbaar gereken, aangesien dit rondom 'n denkraamwerk gebou is wat veral deur die vorige drie eeue heen ontstaan het. Hierdie faktore spruit uit die nagevolge van die Verligting en word herken as weerspieëlings van rasionalisme, individualisme, subjektiwisme en sekularisme (Heitink, 1999:36-39; Niemandt, 2007:14, 16-26). Die faktore het die sterkste neerslag gevind in die westerse denke (Du Toit, 2000:58; De Wet, 2000:1, 2; Hendriks, 1996:142, 143; Niemandt, 2007:14, 15; Van der Walt, 1997b:31, 32). Dit het die hedendaagse mens sodanig beïnvloed dat gehoorsaamheid ten opsigte van die Groot Gebod (Mat 22:34-40) skynbaar nie daadwerklik hoog geag word nie en dat kerkkrimping as langdurige uitvloeisel daarvan, 'n aktuele verskynsel is (Erasmus & Hendriks, 2003:80; Hendriks, 1996:142; Gill, 2003:2, 3, 17; Niemandt, 2007:12, 18; Van Rooy, 2006:22; Woodhead, 2004:2, 333-336, 405).

Terselfdertyd is 'n *meetbare* en feitelike faktor, naamlik natuurlike aanwas, by kerkkrimping ter sprake. Binne die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke", naamlik die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, is afname in getalle duidelik sigbaar wanneer kerkstatistiek diachronies beskou word (De Bruyn, 1979, 1989; Dreyer, 1981, 1990; Gaum, 1990, 2003; Hendriks, 1993; 2000; Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1980; Schalekamp, 2005a; Storm, 2005;). Die "susterkerke" het die afgelope paar dekades melding gemaak van kommer oor die tendens en al drie kerkverbande het intenser daaroor begin besin (Du Toit, F. *et al.*, 2002; Dreyer, 1981:6; Gaum, 1990:v; GKSA, 2006:297, 305, 308-318; Hendriks, 1996:142; Pretorius, 2006:17; Smit & Vorster, 2000:527; Van Rooy, 2006:22). Ten spyte hiervan is weinig daargestel ter wille van 'n toekomsgerigte strategie ter bekamping van kerkkrimping en ten uitvoer van die Groot Opdrag en gevolglike uitbreiding.

Geboortesyfers, as meetbare en feitelike faktor, is skynbaar nou verbonde aan die mens se geloofsdenke en sluit derhalwe ten nouste aan by die hedendaagse mens se toekomsverwagting. In die geval van geboortesyfers word die *toekoms* skynbaar nie primêr as die einddoel, naamlik die wederkoms en finalisering van die koninkryk (De Wet, 2000:1) gesien nie, maar wél die onmiddellike dekades wat *nou* voorlê binne hierdie spesifieke land met sy spesifieke omstandighede. Suid-Afrika met die spesifieke nuwe omstandighede sedert 1994, word vrywillig verlaat (GKSA, 2006:312, 316, 337; Van Aardt, 2006:4). Hierdie verskuiwings van hoofsaaklik die huidige westersgeoriënteerde Suid-Afrikaanse burger, is *nou* in ’n mate steeds moontlik, aangesien diegene steeds ekonomies daartoe in staat is om emigrasie te kan bewerkstellig en om elders ’n toekoms te soek.

Tot dusver is dit duidelik dat faktore wat die denke beïnvloed, heel waarskynlik bydra tot dalende lidmaatgetalle. Kerkgroei en uitbreiding as gehoorsame resultaat na aanleiding van die Groot Opdrag, het skynbaar uit die prinsipiële denke van die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke” verdwyn. Die strewe om die Groot Opdrag uit te dra, was deur die bestaansdekades wel deel van dié kerke, maar “onmag” en “magteloosheid” as gevolg van “omstandighede” in die praktyk, het dié prinsipiële denke skynbaar telkens oorskadu (Jooste, 1985:167, 330; Van Rooy, 2006:22). In hierdie navorsing sal daar besin word in hoe ’n mate daar binne ’n Europees-Westers-Afrikaanse denkraamwerk, in ’n steeds veranderende land, waar ’n oorheersende Afrika-kultuur en Afrika-denkraamwerk toeneem, *gedink* word (Hendriks, 1996:142-144; Niemandt, 2007:67, 81; Van der Walt, 1997b:5-7, 123-161; Walls, 2002:45-235). Afleidings oor gehoorsaamheid/ongehoorsaamheid sal gemaak word uit die manier waarop mense dink, wat bepaal word deur, óf die Groot Opdrag, óf deur beïnvloedende faktore vanuit die Aufkláring-denkwyse, heersende omstandighede en globale verskuiwings (De Wet, 2000:1; Jenkins, 2007). Deur hierdie navorsing sal gepoog word om vas te stel of lidmate werklik in hul denke bewus is van hierdie keuse, aangesien ’n teenoorgestelde tendens, sprekend van die Groot Opdrag as hoër prioriteit, nie deur die huidige tendens van kerkkrimping manifesteer nie. Hierby aansluitend sal gevra word na die mate van bestaan van ’n roepingsbesef, ’n dieper bewustheid én of ’n mate van reformasie en gehoorsaamheid ter wille van Skrifbeginsels (Groot Opdrag en dus kerkgroei) te midde van die gegewe omstandighede, wel daadwerklik binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” manifesteer (Hendriks, 1993:550; 1996:142; Niemandt, 2007:81; Van der Walt, 1997b:169).

Die probleem van krimpende kerke is egter nie uniek nie, aangesien soortgelyke omstandighede elders in die wêreld die afgelope dekades nagevors is deur, onder andere, Runia (1988), Gill (2003) en Woodhead (2004). Tog is die bestaan van drie krimpende westersgeoriënteerde tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke" in die 21e eeu in Suid-Afrika, uitsonderlik. Woodhead (2004:4, 405), asook Jenkins (2007:7, 8) meen dat Suid-Afrika 'n toonbeeld is van kerkuitbreiding, maar maak geen melding van die gereformeerde stroom in Suid-Afrika nie. Slegs uitbreiding onder leiding van die charismatiese stroom word vermeld (vgl. ook Du Toit, 2002:26). Dié uitbreiding geskied dan ook grootliks onder diegene met 'n Afrosentriese denkraamwerk (Hendriks, 1996:142; Jenkins, 2007:3-6; Niemandt, 2007:89, 90; Van der Walt, 1997b:42, 43). Die probleem van verskillende interpretasies deur die charismatiese en tradisionele stroom rakende die werking van die krag van die Gees, is verder deel van die kommerwekkende tendens van krimpende getalle (Green, 2004; Smit & Vorster, 2000; Van der Spuy, 1998; Warren, 2005).

Terwyl dit nodig sou wees om die verband tussen die genoemde invloede en die miskenning van die Groot Opdrag te bepaal, is daar egter 'n verdere terrein wat ondersoek moet word ten einde 'n strategie teen kerkkrimping en vir kerkgroei voor te stel, naamlik die invloed van die versplintering op ekklesiologiese vlak op kerkkrimping (vgl. De Wet, 2000:1-3). Agtergrond rakende die versplintering van die drie tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" die afgelope ongeveer 150 jaar, word tereg deur Hofmeyr & Pillay (1994:114, 115, 201-227) beskryf as vestiging van die *eie* tradisies en gebruike. Die gebruike is verder ook weens die jare van segregasie en apartheid so gekanaliseer om die *opbou* van die eie Afrikaanse "susterkerke" se oorlewing te verseker. Die besef van *uitbou* was wel teenwoordig, maar is inderdaad minder aktief benader (De Bruyn, 1989:14; 1990:14; Hofmeyr & Pillay, 1994:305-311). Die verskynsel van kerkkrimping beklemtoon dat 'n skeefgetrekte ekklesiologie bestaan (Schalekamp, 2005b:4). Schalekamp beweer verder dat die afgelope paar dekades plek gemaak het vir herontdekking van die plaaslike gemeente as gestuurde kerk (missiones ecclesiae). Tog is die feite aangaande kwynende gemeentes 'n sterker bewys dat die teendeel op die langduur eerder waar is (Hendriks, 1996:143). Schalekamp (2005b:4) gee wel toe dat die wanbalans tussen *opbou* en *uitbou* in gemeentes een van die grootste oorsake vir die afname van getalle is (skeefgetrekte ekklesiologie). Die geloofwaardigheid van die kerk kom hierdeur sterk onder die vergrootglas (Van Wyk, 2006b:5-7).

Sake wat in die algemeen bydra tot die probleem van krimpende kerke en die ongeloofwaardigheid binne die kerk as geloofsgemeenskap, is in die afgelope dekades binne en buite Suid-Afrika waargeneem. Volgens die Suid-Afrikaanse konteks kan by die volgende aangesluit word:

- Die huidige siening(s) van die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke" aangaande die werk van die Heilige Gees en 'n skynbare ontpneumatologisering wat plaasvind (De Wet, 2000:2; Joubert, 1994:19, 40; Van der Spuy, 1998:41-156).
- Die lidmaat se reaksie op oordrewe konserwatisme, tradisionalisme, formalisme en institusionalisme (Malphurs, 2004:73; Niemandt, 2007:36-45; Van Wyk, 2006a:6).
- Die stand van onderlinge onversoenbaarhede, skeuring en interpretasieverskille in gemeentes rakende die Bybel (Anoniem, 2006:47; Coetzee, 1997:5; Ehlers, 2006:48; Van Deventer, 1998:6; Van Wyk, 2006a:6, 7).
- Die invloed van die pastor op gemeentes, die aanwesigheid en afwesigheid van gawes, roepingsbesef en leierskap (De Wet, 2000:223; Malphurs, 2004:24, 29; Niemandt, 2007:157; Zeeman, 1992:27).
- Die gesindheid en aktiwiteite van bestaande lidmate teenoor die Groot Gebod en kerkgroei (Niemandt, 2007:41).
- Die invloed van die charismatiese stroom op bestaande tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" (Malphurs, 2004; Smit & Vorster, 2000:515-533).
- Die moontlike grondprobleem wat dui op die gebrek aan Afrikaner-identiteit en Skrifgefundeerde roepingsbewustheid/denke. Dié gebrek gee waarskynlik direk daartoe aanleiding dat die Groot Gebod en Groot Opdrag agterweë bly en die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" bly krimp (Hendriks, 1996:143; Niemandt, 2007:44; Van der Walt, 1997b).

Terreine wat in breë terme aansluitend by dié onderwerp wel reeds deur navorsing aangeraak is, is onder andere, gemeentebou (Pretorius, 2004; Schalekamp, 2005b), kerkgroei en kerkontwikkeling (Bosch, 1991; Engelbrecht & De Wet, 198-**;** Schwarz, 2000), die kerk se

sendingtaak rondom eeuwending (Acta Theologica Supplementum, 2000; Ferreira, 2002; Hendriks, 2000a), vernuwing binne die kerk (Burger, 1995; 1999; De Klerk, 1999; Du Toit, 2002; Strong, 2007), kerkgeskiedenis binne Afrikaner-geledere (Gillmer, 2005; Hofmeyr, 2002; Spoelstra, 1999), asook ’n aantal bedieningsaspekte (Kruger, 1993; Olivier, 2002; Redelinghuys, 2003). Op die gebied van kerkplanting en kerkgroei as teendeel van kerkkrimping, bestaan daar dus ’n leemte, veral rakende die GKSA, aangesien die totale spektrum van invloede en faktore wat getalle-afname veroorsaak, nie indringend aangespreek of nagegaan is nie. Die probleem van gebrek aan tyd vir sodanige navorsing is skynbaar grootliks afwesig of uiters beperk, moontlik aangesien teoloë subjektief betrokke en vasgevang is in ’n gereformeerde “oorlewingstryd” (Van Rooy, 2006:22) en “’n selfgesentreerde instandhoudingsbediening” (Hendriks, 1996:143). Om hierdie knellende probleem te temper en op die langduur poog te wysig, word diepgaande studie rakende alle moontlike invloede en faktore op lang- en korttermyn vereis. ’n Studie aangaande kerkkrimping met die Groot Opdrag as norm, is tot op hede nog nie binne die gereformeerde tradisie gedoen nie.

Die verwikkelde magdom invloede/faktore wat meewerk om die tendens van kerkkrimping te bevorder, asook die historiese, kulturele en lewensbeskoulike aspekte rondom die Groot Opdrag, is derhalwe onaangeraak gelaat. ’n Probleem kan immers werklik eers aangespreek word, indien die wortel van die probleem ontbloot is. Die probleem rondom kerkkrimping laat ’n aktuele en dringende leemte in die Praktiese Teologie.

1.3 Primêre vraag

Die primêre vraag wat beantwoord moet word is: Watter hermeneuties-empiriese strategie kan binne die verwikkelde praktyk rakende die verskynsel van die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika voorgestel word om die tendens om te draai?

Vrae wat hieruit voortspruit is:

- Wat is die plek wat die verskynsel van kerkkrimping/kerkgroei behoort in te neem in ’n prakties-teologiese strategie vir die kerk?

- Hoe moet oor die Groot Opdrag (Mat 28:18-20; Hand 1:8) en kerkkrimping in die lig van die Skrif geoordeel word?
- Wat is die historiese perspektief rakende die verband tussen die mate waarin die Groot Opdrag uitgevoer/geminag is en kerkkrimping?
- Wat is die belangrikste faktore wat die denke van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" beïnvloed en derhalwe tot kerkkrimping /kerkgroei lei?
- Wat is die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans wat kerkgroei, gefokus op die GKSA, benadeel?
- Watter gereformeerde strategie kan bydra tot beperking van kerkkrimping en kan bydra tot kerkgroei?

1.4 Doelstelling en doelwitte

1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om die verskynsel van krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", met die hooffokus op die GKSA, binne die verwikkelde Suid-Afrikaanse samelewing hermeneuties-empiries te beoordeel, ten einde 'n strategie met die Groot Opdrag as uitgangspunt, te ontwikkel.

1.4.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is

- om vas te stel wat die plek is wat kerkkrimping/kerkgroei in 'n prakties-teologiese strategie vir die kerk inneem;
- om vas te stel watter hermeneutiese perspektiewe ten opsigte van die verband tussen die uitvoer van die Groot Opdrag en kerkgroei uit Hand 1:8 en Mat 28:19, 20 afgelei kan word;
- om vas te stel wat die historiese tendense rakende kerkkrimping en kerkgroei is sedert die vestiging en begin van die Christelike kerk;
- om vas te stel wat die belangrikste beïnvloedende denkstrome en landsomstandighede rakende kerkkrimping is;

- om vas te stel wat die oorsake is van die ekklesiologiese wanbalans wat lei tot kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, met die hooffokus op die GKSA;
- om ’n hermeneuties-empiriese strategie voor te stel ten einde die Groot Opdrag tot gestuurdes as geroepenes te laat spreek, sodat kerkgroei, as teëpool van kerkkrimping, kan geskied.

1.5 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat ’n strategie met die Groot Opdrag as hermeneutiese uitgangspunt, asook empiriese gegewens rakende die verwikkelde hedendaagse praktyk, die tendens van die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, met die hooffokus op die GKSA in Suid-Afrika kan wysig, en ’n tendens van kerkgroei laat ontwikkel.

1.6 Bondige definiëring van die belangrikste terme

1.6.1 Hermeneuties-empiries

(Hermeneutic empiric) Hermeneuties: die leer van Skrifuitleg en -verduideliking (Firet, 1968:126)

Empiries: metodiese benadering ten einde statistiek rakende die kerkpraktyk te bekom (Heyns & Pieterse, 1990:74, 76; Heitink, 1999:36-39).

1.6.2 Krimpende kerke

(Declining churches) Die tendens van getalle-afname in kerklidmaatskap (Gill, 2003:4; Hendriks, 1999:17; Van Rooy, 2006:22).

1.6.3 Tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”

(Traditional Afrikaans “sister churches”) Die drie “susterkerke”, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduitsch Hervormde Kerk (NH) en die Nederduitse

Gereformeerde Kerk (NG), het tradisioneel in dieselfde tydperk ontstaan, deel dieselfde geskiedenis en besig Afrikaans as voertaal (Hofmeyr & Pillay, 1994:113-115, 309-311).

1.6.4 Kerkgroei

(Growing churches) Kerkgroei behels kwalitatiewe en kwantitatiewe groei op spirituele (Hand 2:41-42, 45-47), geografiese en numeriese vlak (Luk 1:13-15; 2:41; 4:4; 5:14; 6:1) (Schwarz, 1999; Malphurs, 2004:64, 65).

1.6.5 Sendingopdrag

(Mission commission) Die Bybelse opdrag deur Jesus gegee met die doel van die uitdra en verkondiging van die evangelie van verlossing (Mat 28:18-20).

1.6.6 Ekklesiologie

(Ecclesiology) Kerkpraktyk gesentreer rondom die kerk as bemiddelende bewegingspunt tussen Christus en die gemeente en alle mense (Heitink, 1999:45, 46, 169).

1.6.7 Bediening

(Ministry) Aktiwiteite in die kerk, soos die liturgie, kerugma, koinonia en diakonia, waardeur die gemeente en mense buite die gemeente versorg en toegerus word as medewerkers van die Heilige Gees (Burger, 1999:25; Heitink, 1999:305-307).

1.6.8 Pluralisme

(Pluralism) Wysgerige rigting wat die hele werklikheid as ’n veelheid van individuele selfstandighede opvat (Odendal, 1994:806).

1.6.9 Sinkretisme

(Sincretism) Die tendens om verskillende groepe en godsdienstige opvattings met mekaar te versoen (Hendriks, 2000a; Odendal, 1994:920).

1.6.10 Subjektiwisme

(Subjectivism) Die leer dat die inhoud van kennis deur die persoon wat ken, bepaal word en beklemtoon soewereine individuele vryheid (Du Toit, 2000:4, 167; Odendal, 1994:1044).

1.6.11 Postmodernisme

(Postmodernism) Die denkrigting wat, onder andere, strukture en absolutisme bevraagteken met relatiwiteit as norm (Smit & Vorster, 2000:518).

1.6.12 Eurosentries

(Eurosentric) Denkrigting afkomstig van die Europees-Westerse kultuur met die fokus op die individu en die rasionele (Van der Walt, 1997a:5-7).

1.6.13 Afrosentries

(Afrosentric) Denkrigting voortspruitend uit die Afrika-kulture met die fokus op menslike verhoudings en kommunalisme (Van der Walt, 1997a:34).

1.7 Metodologie

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die modelle van Dingemans (Heitink, 1999:121, 122), Heitink (Heitink, 1999:Hf.10, 11, 12) en Zerfass wat vir die Praktiese Teologie ontwerp is (De Wet, 2006:57-87).

'n Basisteorie word gevorm deur 'n hermeneutiese ondersoek na die Groot Opdrag volgens Mat 28:18-20 en Hand 1:8 te doen volgens, onder andere, Louw & Nida, (1993a; 1993b) en Bosch (1991), asook die eksegeties en hermeneutiese nagaan van wat die res van die Skrif openbaar oor die doel en werkswyse van die Heilige Gees met betrekking tot die kerk en kerkgroei. Die metode wat gevolg word is histories-grammatiese eksegese (De Klerk & Van Rensburg, 2005). 'n Studie oor die Heilige Gees word in die gereformeerde tradisie (Burger, 1999; De Wet, 2000; Floor, 1979; Joubert, 1994), sowel as in die charismatiese tradisie (Gilbert & Brock, 1985; Green, 2004, Warren, 2005), gedoen. Dit word opgevolg deur 'n historiese ondersoek na die hoogtepunte van groei en krimping van die Christendom in die westerse beskawing (Hofmeyr & Pillay, 1994; Jenkins, 2006, 2007; Needham, 2000; 2004; Woodhead, 2004). Bogenoemde ondersoeke sal deur literatuurstudie gedoen word.

Die basisteorie word vervolgens verder uitgebrei deur 'n histories-filosofies-interpretatiewe ondersoek aangaande die denkstrome (niemeetbare faktore), asook die invloed daarvan op die

groei/krimping van die Christelike kerk sedert die Groot Opdrag een en twintig eeue gelede gegee is. Die aanleidende fisiese, ekonomiese, politieke en sosiale faktore, asook bepalende landsomstandighede (meetbare faktore), word aan die hand van statistiekstudie, literatuurstudie, sosiologiese, psigologiese, kommunikatiewe en ’n empiriese komponent (kwantitatiewe navorsing) as deel van die onlangse verlede, maar ook as deel van die huidige praktyk, ondersoek.

Hierna word die praktyk, deur middel van ’n empiriese studie in die tradisioneel Afrikaanse GKSA-“susterkerk” binne die gereformeerde tradisie nagegaan, ten einde ’n blik op die ekklesiologie, voortspruitend uit “susterkerk”-denke binne die huidige situasie in die Suid-Afrika, te verkry. ’n Kwantitatiewe en kwalitatiewe metode word gevolg, waar onderskeidelik gestruktureerde vraelyste aan respondente gegee word en onderhoude gevoer word (vgl. Heitink, 1999:235-239; Heitink *et al*, 2000:53-71; Pieterse, 2010:10-13).

Ten slotte word ’n nuwe of verstelde teorie voorgestel deur praktykteoretiese perspektiewe toe te pas in aansluiting by Aksie Navorsing (AN) en Waarderende Ondersoek (WO) as uitbreidende metode (Dick, 1997; Cooperrider *et al*, 2008). Sodoende sal, vanuit die refleksiedomeine van die basisteorie en die werklikheid in hermeneutiese wisselwerking, ’n bemiddelende en reformerende rol gespeel word, ten einde ’n nuwe praktykteorie voor te stel (Heitink *et al*, 2000:53-71; Pieterse, 2010:10-13).

1.8 Afkortings

AI	Appreciative Inquiery (Afrikaans: WO)
AN	Aksie Navorsing
CGM	Church Growth Movement
DLR	Dortse Leerreëls
GG	Groot Gebod
GO	Groot Opdrag
GS	Groot Sender
NCD	National Church Development
NGO	Natuurlike Gemeente-ontwikkeling
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis

nwns-beginsel	nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel
NV	Nuwe Vertaling
OV	Ou Vertaling
TKR	Tussenkerklike Raad
VGK	Verenigde Gereformeerde Kerk
WCC	Willow Creek Congregation
WO	Waarderende Ondersoek
WVK	Waarheids- en Versoeningskommissie

1.9 Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk

PROBLEEMSTELLING	DOELSTELLING	METODOLOGIE
Wat is die hermeneuties-empiriese strategie binne die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika?	*Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika, hermeneuties-empiries te beoordeel.*	*Om 'n literatuurstudie, histories-grammatiese eksegese en 'n empiriese studie te loods om tot 'n hermeneuties-empiriese strategie te kom.*
Wat is die plek wat kerkkrimping/kerkgroei inneem in Praktiese Teologie?	*Om vas te stel wat die plek is wat kerkkrimping/ kerkgroei in die Praktiese Teologie inneem.*	*Om literatuurstudie te doen en die plek wat kerkkrimping/kerkgroei in die Praktiese Teologie inneem, aan te toon.*
Hoe moet oor die Groot Opdrag en kerkkrimping in die lig van die Skrif geoordeel word?	*Om die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika herme-neuties te beoordeel.*	*Om histories-grammatiese eksegese vanuit die gereformeerde tradisie te doen.*
Wat is die historiese perspektief rakende die	*Om die tendense van kerkkrimping en kerkgroei*	*Om literatuurstudie te doen om die historiese*

Groot Opdrag en kerkkrimping?	*sedert die begin van die Christelike kerk te ondersoek.*	*tendense sedert die begin van die Christelike kerk aan te toon.*
Wat is die belangrikste faktore wat die denke van die gelowige beïnvloed en derhalwe tot kerkkrimping /kerkgroei lei?	*Om die belangrikste beïnvloedende denkstrome en landsomstandighede rakende kerkkrimping te ondersoek en te beoordeel.*	*Om 'n histories-filosofies-interpretatiewe ondersoek te doen deur literatuur- en statistieknavorsing, deur insette vanuit sosiologiese, psigologiese, kommunikatiewe dissiplines en 'n empiriese komponent (kwantitatiewe navorsing) daarby te integreer, ten einde beïnvloedende denkstrome en landsomstandighede aan te toon.*
Wat is die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans wat kerkgroei benadeel?	*Om binne die tradisioneel Afrikaanse GKSA-"susterkerk" ondersoek in te stel rakende die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans.*	*Om deur middel van 'n empiriese studie (kwalitatief en kwantitatief) die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans te identifiseer.*
Watter gereformeerde strategie kan bydra tot beperking van kerk-krimping?	*Om 'n strategie voor te stel ten einde die Groot Opdrag aan gestuurdes as geroepenes te laat spreek en kerkgroei te laat geskied.*	*Om te analiseer, te interpreteer en te orden, en om aan die hand van Aksie Navorsing en Waarderende Ondersoek 'n gereformeerde strategie voor te stel.*

Hoofstuk 2

Praktiese Teologie en kerkkrimping

2.1 Inleiding

Praktiese Teologie is die wetenskaplike terrein, waar empiries-teologiese studies aan die hand van die Christelike geloof in die praktyk van die moderne samelewing, onderneem word. Dit fokus op God se aktiwiteit déúr die aktiwiteit van mense (Erasmus & Hendriks, 2003:82; Heitink, 1999:6-9). Teologie is altyd ’n tweede-orde aktiwiteit, aangesien dit oor die gehoorsame reflekterende aksie van die mens gaan met wie God deur die eerste-orde aktiwiteit gehandel het (Hendriks, 2003; Pieterse, 2010:8). Teologie opsigself het met kennis van God te maak, terwyl Praktiese Teologie te maak het met die kenne, naamlik die proses/aktiwiteit/gebeure rondom ’n problematiese geloofshandeling (Pieterse, 1992:48). Hieruit vloei die taak van Praktiese Teologie voort, naamlik om die teorie as basis van die proses te identifiseer, te beoordeel, te wysig en ’n nuwe te ontwerp wat voortdurend getoets moet word deur die praktyk (Pieterse, 1992:24, 25). Praktiese Teologie handel oor die “toekoms van die kerk en die kerk van die toekoms” (Hendriks, 2003). Kerkkrimping, as dringende problematiese verskynsel binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” (Hendriks, 1996:143), sorteer onder die terrein (Pieterse, 1992:48).

2.2 Ontwikkeling binne Praktiese Teologie

Ten tye van die Verligting is denke drasties gewysig, deurdat op subjektiewe refleksie en rasionele oordeelsvorming gefokus is. ’n Proses van bewuswording het hierop gevolg. In die wetenskap neem Kant (1724-1804) die leiding in die vestiging van die moderne positivistiese wetenskapsbegrip, en in die godsdiens vestig hy “praktische Vernunft”, wat op die sedelike wil van die mens fokus. Deur Kant is Schleiermacher se teologiese denke sodanig beïnvloed dat ’n wetenskap ontwikkel het wat as Praktiese Teologie bekend geword

het (vgl. Pieterse, 2010:5). Die fokus het op daardie tydstip geval op die kerk as sosiologiese fenomeen en om positiewe, konkrete leiding aan die sigbare kerk te verskaf.

Dié rigting is tydelik gerem deur Barth (1887-1968) wat sterk gefokus het op die eenrigtingverkeer in Woordverkondiging. Dit het behels dat menslike ervaring summier afgewys is. Teen die sestigerjare van die 20e eeu het Bastian die menslike inset in Woordverkondiging weer binne Praktiese Teologie momentum laat kry. Hy het op die teorie van kommunikatiewe handelinge volgens die denke van Habermas gefokus (De Wet, 2000:17-21). Habermas se denke sentreer op die mag van taal om aksie te koördineer en die saak tussen teorie en praktyk te dien. Hy poog om deur universele beginsels die sosiale denke te fasiliteer. Sy vertrekpunt sentreer op die sosiologiese werklikhede van menslike kommunikatiewe aksie (Janse van Rensburg, 2000:82-85).

Gedurende die laaste aantal dekades van die vorige eeu, het navorsers van Praktiese Teologie gepoog om ’n breë, algemene basisteorie vir die relatief jong wetenskap te ontwikkel. Rössler, Browning, Otto, Firet, Van der Ven, Osner, asook Dingemans, Heitink en Zerfass, en in Suid-Afrika, veral Pieterse, De Wet, Heyns, Hendriks en Nel, is van die navorsers wat besig was/is met die ontwikkelingsproses binne die Praktiese Teologie. Sedert die negentigerjare van die vorige eeu is konsensus bereik dat die basisteorie die grondslag is van “kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie” (Dingemans, 1996:125; Pieterse, 1993:2, 51; Pieterse, 2010:8). Die uitgangspunt is dat kommunikatiewe handeling, ook bekend as die teorie van aksie, binne ’n sekere vasstaande struktuur/perspektief realiseer en as sentrum dien vir ’n verskeidenheid subdissiplines wat in die veld van Praktiese Teologie ontwikkel het (Heitink, 1999:155; Van Gelder, 2002).

Nel (2009:67, 70-73) stel, na aanleiding van Calvyn se teologie, ’n teo-dramatiese aanpak voor vir Praktiese Teologie. Hierdie aanpak behoort in die verdere verloop van die 21e eeu

binne die Suid-Afrikaanse konteks rigtinggewend te ontwikkel, deurdat die moontlikhede wat herdramatisering van die kerkpraktyk bied, die teorie en praktyk positief kan dien.

Deur dié aanpak word rondom hoorbare en sigbare kommunikatiewe handeling op die *verhoog* (lewensterrein) gesentreer; handeling wat verrig word deur die *akteurs* (gelowiges binne die sosiale terrein/praktyk van die geloofsgemeenskap) aan die hand van die *teks* (teorie/Skrif): "the faithful performances, enacting Christian tradition" (Nel, 2009:71). Nel (2009:73-74, 76) dui hierdeur aan dat Christus se koms (Christopraksis) die fokuspunt is in die teo-dramatiese paradigma. 'n Christologiese basis vir die Christopraksis/bediening in 'n gemeente (marturia, diakonia, didache en koinonia) word hierdeur gestel. Hierdeur word die metodologie ook aangeraak, deurdat deelnemende Aksie Navorsing voorgestel word (vgl. 7.2.2). Swak en sterk punte binne die kerkpraktyk word ondersoek en 'n normatiewe raamwerk met gesonde groei in gedagte, word sodoende ontwikkel (vgl. 7.2.2). Die gevolg van hierdie benadering is dat voortdurende heroriëntering, herstrukturering en verandering/improvisering binne die voortdurend-veranderende konteks van die gemeentepraktyk plaasvind, aangesien stagnasie as moontlikheid ook altyd bestaan (vgl. 7.2.3.1.1).

Deur die aanpak word transformerende en kulturele hermeneutiek gedien; kulturele hermeneutiek wat 'n gegewe is binne die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks aan die begin van die 21e eeu (Bosch, 1991:189; Nel, 2009; vgl. 4.4.5.2.3). In die Pauliniese konteks is die evangelie van Jesus ook tussen ander kulture ingedra. Vanselfsprekend het die taalgebruik en beelde ietwat verskil, omdat die boodskap binne ander kulture vertoon wêreldwyd maklike vertaalbaarheid (2 Kor 3:2-3):

> "Jesus' message is profoundly translatable" (McLaren, 2006:138).

Die boodskap word versterkend verstaan deurdat die gelowige self as 'n metafoor/gelykenis lewe. Die goeie boodskap as skat word met die kommunikatiewe doel binne-in hulle gedra dat ander mense die goeie boodskap deur die lewenswyse van dié gelowiges kan waarneem.

Sodoende word die boodskap vandag steeds in ander kulture en denkraamwerke - ook in Suid-Afrika - nie net gehoor en gelees nie, maar in die lewenspraktyk beleef (McLaren 2006:96, 101, 138-140). Hierby aansluitend is dit uiters belangrik om taal kontekstueel aan te pas, want die transformerende krag van die boodskap moet binne die huidige konteks kommunikeer. Daar moet derhalwe teruggegaan word na die oorspronklike taal/boodskap van Jesus, gepoog word om dit te absorbeer en dit daarna in die vorm en kulture van die kontemporêre wêreld te hervertaal. Al die energie rondom Jesus se bediening binne daardie spesifieke konteks bestaan nie vandag meer nie. Ter verduideliking kan bloot maar net na 'n woord soos *koninkryk* gekyk word. Hedendaags bestaan daar nie meer iets soos 'n *koninkryk* nie. Die verstaanbare term is *demokrasie. Koninkryk* as Bybelse taal is binne die huidige konteks onvanpas en wek beelde van monargieë, patriargie, chauvinisme, imperialisme, dominasie en onderdrukking. Normgerigte ondersoek moet derhalwe voortdurend deur die wetenskap van Praktiese Teologie gedoen word en onderrig moet voortdurend daarby aangepas word om kommunikatief effektief te wees soos die Groot Opdrag dit beveel (vgl. 3.5.3.5; Pieterse, 2010:8-11).

2.3.1 Basisteorie

Om die spanningsbeweging tussen die teorie/abstraksie en die konkrete/werklikheid te vergemaklik en te bevorder, word van basisteorieë/modelle as instrumente gebruik gemaak (Kloppers, 2001:461; Pieterse, 1992:40). Die funksies hiervan is om te dien as konkretisering van die teorie in die beweging van die teorie na die werklikheid. Dit kan ook dien as abstraksievlak van die werklikheid in die beweging van die werklikheid na die teorie. Verder kan dit ook 'n metode wees waardeur verkeer tussen die teorie en werklikheid vergemaklik word.

Die basisteorie/struktuur, wat die grondslag vorm met die handeling/aksie daaruit voortspruitend, sien soos volg daar uit (Heitink, 1999:157-169): Die aksie/handeling fokus op *wie doen wat, waar, wanneer, hoekom en hoe.* Ten grondslag hiervan realiseer drie strukture/perspektiewe, naamlik die hermeneutiese perspektief wat fokus op die *wie* doen *wat,* die empiriese perspektief, wat fokus op *waar* en *wanneer* en die strategiese perspektief,

wat fokus op die *hoekom* en *hoe*. In die hermeneutiese of verstaansperspektief neem interpretasie die primêre plek in. In die empiriese of verduidelikingsperspektief verskaf die wetenskaplike basis in die werklikheid/menslike aksie, en in die strategiese of veranderingsperspektief fokus op transformasie en verbetering.

Die basisteorie rig Praktiese Teologie as teologiese handelingswetenskap om die waarheidselemente krities te ondersoek, die praktykteorie empiries te volg en op grond van hierdie wisselwerkende elemente, ’n toekomsbeplanning/strategie/teorie voor te stel (Pieterse, 1992:48; Heitink *et al*, 2000:59). Deur middel van die basisteorie kan die Praktiese Teologie diens lewer ter wille van die evangelie, doelgerig aksie neem en doelwitte aktief verwerklik deur gebruik te maak van spesifieke middele binne ’n gegewe situasie (Heitink, 1999:126).

2.3.2 Sake van belang by die basisteorie

2.3.2.1 Hermeneutiek

2.3.2.1.1 Oorsig oor die ontwikkeling in Hermeneutiek

Schleiermacher benader *verstaan* as ’n rekonstuktiewe proses wat grammatikaal en psigologies realiseer (Palmer, 1969:87, 96, 98). Schleiermacher se konsep van verstaan het op “out of a relationship to life” berus. Dit was die punt waarby Dilthey en Heidegger se hermeneutiese denke aangesluit het.

Dilthey neem die lewe self as vertrekpunt, vestig geesteswetenskappe as hermeneutiese terrein deur te fokus op “expressions of inner life” (Palmer, 1969:117, 121, 123, 161), asook historisiteit. Die waarheid rondom verstaan spreek, volgens Dilthey, as simbool van innerlike werklikhede wat die fondasie vir selfbegrip daarstel - ’n begrip wat deur Heidegger uitgebou word (Pieterse, 2010:5-7).

Heidegger (Palmer, 1969:123, 161) se bydrae tot die hermeneutiese teorie is veelsydig, deurdat hy hermeneutiek herdefinieer, met hermeneutiek as fenomenologie identifiseer en die ondersoek uitbou om die primêre funksie van woorde, naamlik om reg te verstaan, teweeg te bring. Hierby aansluitend is sy bydrae rakende die misterieuse proses van die ontsluiting van verstaan.

Teen 1960 slaan Gadamer 'n totaal nuwe rigting in as Heidegger en Dilthey (Palmer, 1969:162, 163, 209-217; Pieterse, 2010:8-11). Gadamer benader hermenuetiek nie histories of metodologies nie, maar wel filosofies. Hierby stel hy ontologie, historisiteit, asook taalgebruik as spekulatiewe, dinamiese en dialektiese proses as fondasie. Hy werk met die vraag: hoe is verstaan moontlik, nie net in die geesteswetenskappe nie, maar in die volle wêreld van menslike lewenservaring? Gadamer se hermenuetiek is gegrond in die feit dat wat ontsluit word, nie net subjektiwiteit behels nie, maar wel dít wat aangebied word en tot menslike verstaan spreek. Verstaan spruit dan uit 'n persoonlike handeling, met die gevolg dat die taalhandeling hiervolgens nie net bloot iets is wat plaasvind nie. Gadamer stel dat deur te hoor, toegang verkry word tot die logos en wat dan vervolmaak word deur dialektiek. Elke interpreteerder staan dan telkens in 'n nuwe situasie en met elke taalhandeling kom iets nuuts na vore (Gadamer, 1982:6, 7; 2001:125, 126) Die mens se ervaring van die wêreld maak deel uit van die voortgaande proses van interpretasie en kan daarom ook nie 'n besliste einde hê nie ("social imaginary") (Kearney, 2004:57). Die doel van Gadamer se hermeneutiek is derhalwe om tot voller begrip van die waarheid rakende verstaan te kom.

Ricoeur (Ihde, 2004:378-383) bring die volgende belangrike saak na vore: Jesus is self die Woord wat die Skrifwoord oopmaak vir begrip. Sy proklamasie bereik die hedendaagse mens deur die geskrewe teks (Bybel) wat voortdurend as die lewende woord in 'n veranderende wêreld moet spreek. Dit dui op die voortdurende herlees van die Woord om sodoende die (ou) teks wat geskryf is uit die vroeër tydperk, betekenisvol te laat spreek in die nuwe huidige tydperk (vgl. nwns-beginsels) (vgl. Pieterse, 2010:12). Ricoeur stel dat die mens in taal bestaan, omdat die mens altyd geplaas is binne historiese konteks waar intersubjektiewe dialoog met ander plaasvind. Hierby voeg Ricoeur, wat Heidegger en Gadamer se denkrigting uitbreidend volg, die ontsluitende effek wat verbeelding deur die

dinamiese proses van taal, daarstel (vgl. 2.3.2.1). Die bedoeling van die skrywer staan nie voorop nie, maar wel taal waardeur nuwe verstaansmoontlikhede geskep word deur interpretasie van die teks en die kreatiwiteit van verbeelding (vgl. Kearney, 2004:29-41; McLaren, 2006:44, 46; Ricoeur, 1976:22, 23, 25). Die hermeneutiek van verbeelding skep deur die gesproke woord semantiese beelde reeds vóór die praktyk dit visueel daarstel (Kearney, 2004:30, 39). Die sosiale funksie van verbeelding is, volgens Ricoeur, deel van die "social imaginary" (Kearney, 2004:57).

Met die werk van Bultmann het 'n verdere aspek in die hermeneutiek na vore gekom, naamlik dat die interpretasie van die teks (Bybel) en die interpretasie van die lewe ooreen moet stem en wedersyds moet aanpas (Ihde, 2004:381):

> "Hermeneutics is the very deciphering of life in the mirror of the text."

Nog 'n toevoeging tot die hermeneutiek is die bydrae van sekulêre wetenskappe. In die hermeneutiese benadering word rekening gehou met die afstand van die mens in sy huidige kultuur terugwerkend tot by die eerste teks daargestel deur die eerste getuies. Daar word sodoende in gedagte gehou dat die hermeneutiek deur wetenskaplike ontwikkeling die mens voortdurend tot nuwe verstaan kan bring.

Hermeneutiek (hermeneia) handel hedendaags oor hoe die mens die inhoud van die Bybelgedeelte ontleed, dit binne die mens se historiese, sosiale en kulturele kontekste plaas, dit interpreteer en tot verstaan daarvan kom (Heitink *et al*, 2000:60, 61). Kloppers (2001:458-460) verduidelik die verstaan van die waarheid as meervlakkige "intelligente ontsyfering", wat in verband gebring moet word met die teks, met die hedendaagse situasie, ervaring, simbole, asook met elke individu se persoonlike interpretasie, vooroordele, belange, verstaan en aandeel in die oordrag en tradisie rondom die Skrifgegewe (norm) (vgl. ook Kearney, 2004:29, 136; Pieterse, 2010:8). Dit gaan oor die breë verstaanshorison wat interpretasie bemoeilik. Hierdeur word die verlede en die hede betrek. Ook van belang is die

toenemende verskuiwing na die hermeneutiek van suspisie wat inhou dat hermeneutiese herfomulering moet geskied. Hiervolgens word die klem verskuif vanaf die historiese na die sosiale. Dit behels die dieper dryfkrag en begeertes wat in die menslike gedagtes ontspring en wat dan deur openheid, hertoetsing en herinterpretasie moontlike tekortkominge, foute en voordele uit die weg kan ruim. In die herevalueringsproses is balans en onderskeidingsvermoë as deel van hermeneutiek van belang (Gadamer, 1982:9; Kloppers, 2001:462).

Vir die hedendaagse hermeneutiek is dit vir Praktiese Teologie, maar ook die kerkpraktyk nodig om die status quo aangaande die verstaan van Jesus se boodskap in eerlikheid te ondersoek om vas te stel of dit nie moontlik verkeerd oorgedra word nie. Die ondersoek is uiters belangrik omdat die denkraamwerk wat geheers het toe Jesus die goeie boodskap bekend gemaak het, radikaal verskil van die huidige denkraamwerk. Korrekte verstaan van die oorgedraagde boodskap moet derhalwe voortdurend in die hoogste erns ondersoek word (McLaren, 2006:3).

Weens die totaal anderse denkraamwerk van die huidige tydsgewrig in vergelyking met dié toe Jesus op aarde werksaam was, moet bewustelik gepoog word om die ware boodskap van Jesus se bediening in diepte te verstaan, sodanig dat verbeelding interaktief in verhouding met Jesus toegevoeg word om tot verstaan van sy openbaring te kom. Op die wyse kan tot werklike kommunikasie gekom word; kommunikasie wat nie bloot inligting oordra nie, maar wat werklik volgens die oorspronklike bedoeling van die gekommunikeerde woord geestelike transformasie bewerkstellig deurdat “wie ore het, moet luister” (McLaren, 2006:44). Dit sluit ten nouste aan by Osner wat konsekwent met interpretasie werk, maar ook met empiriese praktykkennis. Deur Osner se aanpak word die hermeneutiek benader deur die “oë van Christus na mense” (Pieterse, 2010:12) – ‘n benadering wat direk aansluit by die Groot Opdrag.

2.3.2.1.2 Logos

Tydens enige kommunikatiewe handeling is die woord (*logos*) te sprake. By die *logos* is die primêre aspek "de waarheid over die dingen"; die waarheid vanaf iemand teenoor 'n ander (Pop, 1974:578, 582, 583). In die Nuwe Testament dui die *logos* dat een persoon teenoor 'n ander persoon én teenoor God, rekenskap gee aangaande "dinge" (vgl. Filp 4:17). Ook dui *logos* op die woorde van Jesus tydens sy lewe op aarde, maar veral dui die *logos* op die konkrete vleeswording (God met ons) van 'n taalwoord, wat geken is as bloot 'n simbool of abstraksie. In hierdie bedeling (vgl. Heb 1) het God deur Christus as die lewemakende/vernuwende Woord volmaak gekommunikeer (indikatief), sodat gebroke mense God se openbaring/bekendmaking van homself en van alle "dinge" kan hoor en tot verstaan kan kom van die waarheid: Christus, die Woord, is die waarheid. Kommunikasie vanaf God tot die mens, tussen mense en vanaf die mens tot God, het derhalwe die doel om die waarheid in Christus aangaande alle dinge te openbaar deur "faithful performances" (vgl. Nel, 2009:70; I Joh 1:1). Deur die magswoord (Christus) word alles in stand gehou en kan tot die waarheid gekom word. Die imperatief is derhalwe dat die mens kommunikatief moet optree dat Christus as die waarheid, deur alle dinge geopenbaar word.

Taal as kommunikasie, waar Christus as die lewende Woord (logos) die barmhartigheid, trou en volheid van God Drie-enig (vgl. I Joh 1:14) as die waarheid openbaar en reflekteer, en wat deur verbondsmatige (pneumatologiese) wyse die kerkpraktyk deur mense vernuwend herskep (vgl. Rom 12:2- 7.2.1.1), is die reformatoriese uitgangspunt vir hierdie ondersoek in Praktiese Teologie (vgl. Hendriks, 2003; Buys, 2010). Nel (2009:77) stel die rigting van Praktiese Teologie soos volg:

> "The challenge of Practical Theology's *Quo Vadis* question can be summarised as follows: To accept the responsibility by means of study, research and the training of students, faith communities and leaders to assist in so performing the God-human drama by means of improvisation that God's

love will inspire people by means of the “plot of faith practices” in a credible way to take part in this drama and so contribute to unity, reconciliation and justice on the world’s stage as the theatre of God’s glory.”

2.3.2.2 Kommunikatiewe handelinge

Kommunikasie word hoofsaaklik daargestel deur taal. Ricoeur (Ihde, 2004:459; Kearney, 2004:40) stel dat taal deur die krag van die woord meer as net ’n verbale kommunikasiemiddel is, omdat taal as gawe aan die mens tot denke/gedagtes/verbeelding lei, waardeur God en die lewe in sy volheid ontdek kan word. Kommunikatiewe handelinge staan derhalwe in diens van die evangelie en druk totale omgang, verhoudinge, reaksies en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit. Kommunikasie is ten diepste die praksis van God self, terwyl die mens die medewerker is deur die werking van die Heilige Gees (Pieterse 1992:331; Pieterse 1993:7; Pieterse, 2010:8, 9).

2.3.2.3 Teorie van aksie

Volgens Firet word bepaalde toestande in die teorie van aksie benodig, naamlik ’n konkrete terrein van aksie, ’n analise van die aksies self en die daarstel van ’n strategie vir die terreine van aksie. Dit handel oor die aksies/handelinge waarby taal betrokke is en behels die wie doen wat, waar, wanneer, hoekom en hoe (Heitink, 1999:135, 155).

Hermeneutiese wisselwerking word handelingswetenskaplik en kommunikatief begrond, deurdat kommunikatiewe handeling (vgl. 2.3) tussen die Woord (teologiese tradisie/norm/ideale) en die praktyk (bediening/huidige situasie/werklikheid) geskied (Pieterse, 1992:60; Schalekamp, 2005b:7-14, 47).

2.3.2.4 Interpretatiewe teorie

Die basis van die teorie van aksie is geleë in die interpretasie van die teks, waardeur ’n brug tussen die teksinterpretasie en die sosiale werklikheid gebou word. Dit geskied deur taal as

sisteem van aksie en waardeur betekenis verkry word (Bosch, 1991:23, 24; Heitink, 1999:140-146). Schillebeeckx het ook verwys na die "brug" wat die heen-en-weer-beweging tussen die tradisie en die werklikheid moet verseker (Kloppers, 2001:459). Taal is, volgens Gadamer (2001:125, 126), die sement in ons ervaringswêreld wat "a kind of knowlegde" is en in die sosiale lewe vorm aanneem. Wanneer 'n Bybelse teks ter sprake is, is die mens, volgens Gadamer (1982:6), nie vry in die kies van 'n skopus nie. Gadamer stel dat 'n Bybelse teks, op grond van sy kanonisiteit, nie anders as vanuit 'n religieuse skopus benader kan word nie. Met skopus word bedoel dat die teks nie bloot 'n vertelling van historiese gebeure is nie, maar dat dit ten diepste 'n teks is met 'n religieuse boodskap wat bekend gemaak moet word. In hierdie terme behoort die teks geïnterpreteer te word, sodat die doel van die teks bereik kan word, naamlik begroeting deur geloof. Hierdie doel word bereik deur die aktiwiteite verbonde aan die hermeneutiese sirkel, naamlik om te verstaan is dit nodig om te glo, en om te glo, is dit nodig om te verstaan. Verstaan word voorafgegaan deur eksegese van die teks wat betekenis daarstel, en die kerugma lei die mens tot interpretasie en verstaan. Daarna vind onderwerping/gehoorsaamheid aan die betekenis van die teks plaas deur te glo.

Heidegger het gemeen dat die kerugmatiese woord 'n ingeboude gehoorsaamheid besit wat ter sprake is voor die etiese toegevoeg word. Die geloof is egter, volgens Ricoeur, 'n gawe en gelowige interpretasie kan derhalwe nie as vanselfsprekend gereken, of as menslike handeling, gereken word nie (Ihde, 2004:385-386, 444) (vgl. 2.3.2.1; 2.3.2.2).

Ricoeur (1976:22, 23) se benadering het die christelike teologie sterk beïnvloed, sodanig dat die woordhandeling beskou is as 'n praathandeling. Die praathandeling dui dan op die kerugma waar die betekenis van die oorspronklike handeling oorgedra word op die mens wat dit deur subjektiewe geloofshandeling betekenisvol interpreteer. Wanneer teks geïnterpreteer word, meen Ricoeur (1976:79, 87), is daar meesal meer as een manier om teks te konstrueer. Dit lei daartoe dat die geldigheid van 'n spesifieke interpretasie meesal debatteerbaar is. Verstaan het derhalwe bykans nooit te doen met die skrywer en sy situasie nie. Om 'n teks te verstaan is om die beweging wat na vore kom, te volg:

> "... from sense to reference: from what it says, to what it talks about. In this process the mediating role played by structural analysis constitutes both the justification of the

objective approach and the recrification of the subjective approach to the text" (1976:87, 88).

Die proses van verstaan en interpretasie word deur die sirkelproses duidelik: die mens leef vanuit 'n lewensingesteldheid waardeur waarneming en interpretasie geskied; dit lei tot die ontdek van betekenis wat die mens laat oorgaan tot aksie wat weer getuig van die spesifieke lewensingesteldheid (Heitink, 1999:195; Heitink, Pieterse & Vos, 2000:57). Dit geskied deur herinterpretasie, word intersubjektief beleef en elke generasie beleef dit opnuut (vgl. Pieterse, 2010:8-12).

2.3.2.5 Regulatiewe teorie

Die teorie is ter sprake waar effektiewe verandering intree. Dit vertoon 'n patroon wat in aanvang neem by identifisering, formulering en diagnosering van die probleem. Dan tree die plan van aksie in werking en intervensie en evaluering geskied (Heitink, 1999:212).

2.3.2.6 Metateorie

'n Metateorie word gevorm deur die gevolgtrekkings uit die basisteorie in wisselwerking te plaas met ander wetenskappe, soos kommunikasiekunde, sosiologie, psigologie en opvoedkunde (Heitink, 1979:282-289; Hendriks, 2003; Kruger & Venter, 2001:557-573; Pieterse, 2010:1-12).

2.3.2.7 Idealisme

Die kerk is in wese idealisties, aangesien die Groot Opdrag deur God self aan die mens gegee is. Die uitvoering van die opdrag (ideaal) dien as motivering vir die mens, wat dit in die reeds/nog-nie-bedeling poog uit te voer (realiteit) (Heitink, 1999:277). Met idealisme as uitgangspunt word die wisselwerking tussen die norm en die praktyk nie ontkrag nie, maar versterk, deurdat vernuwing as die werk van God beskou word. Heyns (De Wet, 2000:56) stel dat die kerk "pelgrimerend" is in die sin dat die kerk al meer dit moet vertoon wat God se bedoeling met die kerk in die wêreld is. Die reeds/nog-nie-toestand van die mens ontneem die mens, ook binne die wetenskap (Praktiese Teologie), nie van idealisme nie, aangesien dit

as hermeneutiese handelingswetenskap pneumatologies van aard is (De Wet, 2000:35-37; Heitink *et al,* 2000:60).

2.3.2.8 Pneumatologie

Die kommunikatiewe handeling handel oor die verhouding tussen God se handeling en die mens se handeling in diens van die evangelie. Die Gees skakel die volledige mens as selfstandige en redelike medewerker in by sy aksie. Teonome wederkerigheid word bewerk en verskaf sodanig die kommunikatiewe ruimte (De Wet, 2000:21, 35-37, 57-58, 222; Pieterse, 1993:134-140; Pieterse, 2010:2-4; vgl. 3.8.3.1.1).

2.3.2.9 Eskatologie

Praktiese Teologie werk met ’n normatief-eskatologiese perspektief van die koninkryk en alle ondersoeke is gerig op verandering van praksis in die rigting van die waardes van God se koninkryk (Brouwer *et al,* 2007:38; De Wet, 2000:8, 56; De Wet, 2006:57-87; Pieterse, 1993:27).

2.3.2.10 Verbond

Na die sondeval kom God in ’n verbondsverhouding weer na die mens toe en herstel die verbond deur Jesus. Die Groot Opdrag is verbondsmatig teosentries deurdat Jesus, as Immanuel (God met ons), sélf die opdrag aan die mens gegee het. Hierdeur het die mens, aangaande die opdrag, sy verteenwoordiger op aarde geword. Deur die leiding van die Heilige Gees duur die herskeppingsproses voort tot voltooiing van die verbond met die wederkoms, intree (De Wet, 2000:21, 35-37, 57-58, 222; Pieterse, 1993:164-166; Pieterse, 2010:2-4; Pretorius, 2005:3395; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187).

2.3.2.11 Praksis

Heitink (1999:7) en Dingemans (Kruger & Venter, 2001:557-573) beskou praksis as alle aktiwiteite/handelinge van die kerklike geloofsgemeenskap as deel van die liggaam van

Christus (vgl. ook Erasmus & Hendriks, 2003:82). Dit behels God se aktiwiteit (praksis van God) deur die menslike aktiwiteit in die kerklike geloofsgemeenskap (praksis van die mens). Die praksis is baie wyd en kan baie gestaltes aanneem. Van der Ven, hierby aansluitend, beskou praksis as dit wat die werklikheid is, asook dit wat dit behoort te wees. Praksis behels dus ook getoetste kennis en toon deurgaans ’n hermeneuties-kommunikatiewe karakter. Die begrip (praksis) word wyd en deur bykans elke wetenskaplike belas met Praktiese Teologie, gedefinieer (Kruger & Venter, 2001:557-573; Pieterse, 1992:331; 1993:18, 142). Praksis as begrip word ook teruggevoer na Aristoteles, wat dit omskryf het as ’n “patroontekstuur waarin handeling en ’n voortgaande refleksie voortdurend in wisselwerking is” en dat daar ’n “fundamentele dialektiese eenheid tussen teorie en praksis bestaan” (Kloppers, 2001:457).

Om die plek wat kerkkrimping in die Praktiese Teologie inneem wetenskaplik te ondersoek, word van oorvleuelende aspekte van die modelle van Dingemans (Dingemans, 1993:130), Heitink (Heitink, 1999:122) en Zerfass (De Wet, 2006:57-87) gebruik gemaak. Vervolgens word die genoemde modelle kortliks bespreek.

2.4 Kombinering van basisteorieë

2.4.1 Voorstelling van die indeling van Praktiese Teologie volgens Dingemans

(Dingemans, 1993:130; Heitink, 1999:122).



Drie lyne/vleuels kom by ’n sentrale punt, naamlik die praksis, byeen. Die eerste lyn, naamlik die normatiewe besinning, verteenwoordig die verlede en die norm van die Christelike tradisie. Die tweede lyn, naamlik die kulturele situasie, verteenwoordig die hede en ’n analise, soos gedoen word deur die sosiale wetenskappe. Die derde lyn fokus op die toekoms en aan die hand van apologie, word ’n verbetering van die praksis voorgestel. Die drie lyne is in wisselwerking met mekaar.

2.4.2 Voorstelling van die indeling van die Praktiese Teologie volgens Heitink

(Heitink, 1999:165; Kloppers, 2001:460).

Die benadering is bipolêr ten opsigte van die teorie en die praksis wat in ’n wedersydse spanning te staan kom. Die teorie van aksie bestaan uit twee sirkels, naamlik die hermeneutiese sirkel (verstaan) en die empiriese sirkel (verduideliking). Die twee wisselwerkende sirkels verleen konvergerend toegang tot die regulatiewe sirkel (verandering).



2.4.3 Voorstelling van die indeling van die Praktiese Teologie volgens Zerfass



(De Wet, 2006:57-87; Heitink, 1999:114; Kloppers, 2001:460).

Die teorie se beginpunt is die huidige praksis (1) wat die konkrete situasie as ontoereikend skets; die soeke na verandering word op die wyse begin. As gevolg van die ontoereikende

gebeure, ontstaan spanning uit die geledere van die heersende teologiese tradisie, wat die norme as geldend voorhou (4). Om ’n situasie-analise van die konkrete gebeure (6) te bekom word ’n navorsingsprosedure in samewerking met die sosiale wetenskappe begin (3). Terselfdertyd vind wisselwerking (5) plaas tussen die heersende tradisie en die geanaliseerde situasie (6). Die situasie moet eers met kerklike tradisie getoets word. Deurdat die teologiese tradisie en die geanaliseerde situasie in spanning verkeer, word invloed uitgeoefen vanaf die tradisie (7), asook vanaf die geanaliseerde situasie (8) om verbetering daar te stel. Die verbeteringsteorie word dan in (9) uiteengesit. Die handelingsimpuls (10) ontwikkel uit konvergerende insette van die tradisie en situasie en beweeg deur na praksis 2. Deur ’n opvolgondersoek (12) word die nuwe situasie met die oue vergelyk en die verbeterende praksis help opnuut met interpretasie en toepassing van die teologiese tradisie. Wisselwerking kan die verbeteringsteorie (9) en die handelingsimplus (10) verder laat ontwikkel.

Deur ’n kombinasie van hierdie drie modelle word die fokus met ewewigtige balans op die norm/tradisie, op die mens/werklikheid, asook op die verbeterende uitkoms, geplaas. Die beginpunt bly primêr die normatiewe, aangesien *geloof*shandeling ondersoek word (teosentries). Terselfdertyd word die werklike situasie ook ondersoek, aangesien die geloofs*praktyk* ter sprake is (antroposentries) (Heyns & Pieterse, 1990:48). Die bipolêre spanningsverhouding van teorie en praksis word wel wetenskaplik onderskei, maar kan nie geskei word nie (Heyns & Pieterse, 1990:35). Die verbeterende uitkoms, as derde aspek, is ewe sterk gebalanseerd in fokus, aangesien verandering immers die grond van die werk van Praktiese Teologie is (De Wet, 2006:57; Kloppers, 2001:457, 458).

2.5 Basisteorie

2.5.1 Basisteorie vir die ondersoek rakende krimpende "susterkerke"

In aansluiting by die genoemde basisteorieë word die volgende model voorgestel vir die ondersoek van die verskynsel van kerkkrimping.

Kerkkrimping is nie 'n Christelike aktiwiteit wat enkelvoudig binne kerklike handelinge geïdentifiseer en bemiddel kan word nie. Die omvangrykheid van kerkkrimping as probleem word bemoeilik, deurdat niemeetbare aspekte, soos bv. denkstrome, die individu, die kerk en die samelewing op langtermyn, beïnvloeding ervaar (vgl. Hf. 4, 5). Die model vir hierdie ondersoek sluit, onder andere, aan by Dingemans se invalshoek van die *verlede, hede* en *toekoms* wat ruimte bied en minder situasiegebonde en beperkend is. Hieruit kan 'n hermeneuties-kommunikatiewe basisteorie daargestel word: die *verlede* omvat die norm, asook die tradisie tot en met die onlangse verlede wat die hede bepaal, terwyl die *hede* deur 'n empiriese teorie realiseer en die *toekoms* word aangepak met 'n strategie berustend op die basisteorie en empiriese teorie (Dingemans, 1996:130).

Die beginpunt van die model sluit aan by Dingemans, naamlik die *verlede*. Die verlede impliseer die neergelegde norm en tradisie. Die hermeneutiese perspektief/sirkel, volgens Heitink se model, word hierby integrerend gebruik om die spanning tussen die Woord en interpretasie van die Woord deur die individu/kerk/samelewing te ondersoek. Die norm as bepalend vir alle tye vorm die basis as hermeneutiese perspektief (vgl. 7.2.2.2.2; Pieterse, 2010:3, 4).

In tyd het die gereformeerde tradisie ontwikkel tot praksis 1 wat 'n spesifieke problematiese handelingsituasie in die *hede* vertoon (vgl. 2.4.1). Hierby aansluitend is die empiriese perspektief, soos deur Heitink neergelê. Hierdeur word insae rakende die werklikheid gekry, deurdat praksis 1 wetenskaplik, ook aan die hand van die sosiale wetenskappe, ondersoek

word. Deur voortgesette wisselwerking word ’n verbeterende strategie vir die *toekoms* voorgestel as praksis 2, die strategiese perspektief, aldus Heitink. Zerfass se model integreer met genoemde twee modelle, naamlik onderskeidelik deur die *norm, praksis 1 en praksis 2. Toekoms* word by praksis 2 betrek, aangesien beoordeling van die nuwe voorgestelde praksis ’n uitgerekte proses oor toekomstige dekades behels. Zerfass se 13-puntmodel, Heitink se model van *hermeneutiese, empiriese en strategiese perspektiewe*, asook Dingemans se model van *verlede, hede en toekoms*, bied ’n basisvorm wat alle aspekte binne die problematiek van Praktiese Teologie dien. Deur tyd as bepalende faktor vind evaluering en wisselwerking plaas tussen die drie perspektiewe ten einde die norm in ’n herstelende en verbeterend werklikheid (praksis 2) te laat funksioneer.

Praktiese Teologie as krisiswetenskap kry aan die hand van die basisvorm momentum, deurdat die verskillende perspektiewe deur die kommunikasieteorie/handelingsteorie realiseer (vgl. De Wet, 2000:21). Die normatiewe perspektief word histories-interpretatief en hermeneuties-krities benader, terwyl die empiriese perspektief deur empiriese interpretasie en aan die hand van die sosiale wetenskappe benader word, ten einde ’n metateorie daar te stel. Die interpretatiewe teorie (vgl. 2.3.2) dien as basis vir die prakties-teologiese teorie van aksie, deur by wyse van taal brugbouend op te tree tussen teksinterpreatasie en interpretasie van die sosiale werklikheid. Die strategiese perspektief word prakties-konstruktief aan die hand van die regulatiewe teorie benader, ten einde ontwikkeling in die veranderingsproses in praksis 2 op geëvalueerde basis te begelei.

Al drie modelle neig wel idealisties te wees met die gevolg dat die voorgestelde model in die idealisme deel. Idealisme in diens van die Gees is egter nie ’n negatief nie, aangesien die gereformeerde tradisie uitgaan van die *reeds/nog-nie-volmaakte-toestand* van die verloste sondaarmens (vgl. 3.8.2.8; Pieterse, 2010:3). Te midde van herinterpretasie en nuwe vergestaltinge bly praksis 2 steeds deurentyd onderhewig aan menslike tekortkominge en ontkom aan volmaaktheid (vgl. De Wet, 2000:7, 54). Die aktiwiteit van Praktiese Teologie is

egter om nie te stuit by moontlike tekortkominge nie, maar volmaaktheid van praksis 2, volgens Mat 5:48, "*wees volmaak omdat Ek volmaak is*", na te jaag. Verbetering, al dan nie, word in praksis 2 voortdurend ondersoek en beoordeel en sal eers volkomenheid bereik met die finale koms van die koninkryk. Met hierdie uitgangspunt word die wisselwerking tussen die norm en die praktyk nie ontkrag nie, maar versterk as die vernuwende werk van God. Praktiese Teologie as hermeneutiese handelingwetenskap is immers pneumatologies van aard (De Wet, 2000:3, 37, 57-58, 222; Heitink *et al*, 2000:60; Pieterse, 2010:1-4, 11).

Die positiewe aangaande die modelle is dat die pneumatologiese aard sigbaar in balans as teosentries én as antroposentries vertoon. Die Groot Opdrag is immers verbondsmatig: Jesus sélf, as God met ons (teosentries), het deur die Heilige Gees die opdrag aan die mens gegee (antroposentries).

Die mens, in sy spesifieke omstandighede van die 21e eeu, is die balanserende middelste deel van die ondersoek (praksis 1). Hier word aangesluit by Ricoeur, Tillich en Tracy, wat die korrelasionele uitgangspunt handhaaf. Dit behels dat daar wedersyds kritiese dialoog tussen die Christelike boodskap en die kulturele ervaring geskied. Deur openheid, korrelasie en wisselwerking word spanning en afstand tussen teorie en praksis teëgewerk, sodanig dat regstellende of balanserende transformasie van die praksis kan plaasvind (Heyns & Pieterse, 1990:33; Kloppers, 2001:462). Deur die feit dat die praksis van die "susterkerke" as verbondsmens/-volk om dringende regstelling roep, word eerstens op vernuwing en bekering van die problematiese kerklike praktyk gefokus (vgl. 7.1.1.4). Met tyd en voortdurende evaluering kan die verbeterende praksis vanaf die individu in die "susterkerke" na die samelewing uitkring (vgl. 7.2.4). Verandering by die verbondsvolk moet eers geskied, voordat beïnvloeding tot by die sekulêre wêreld uitkring (vgl. De Wet, 2006:57-87; Heitink *et al*, 2000:56).

2.5.2 Skematiese voorstelling van die basisteorie vir krimpende “susterkerke”



2.6 Die plek van krimpende kerke in Praktiese Teologie

Die probleem wat deur hierdie ondersoek aangespreek word, is die kwynende getalle binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", met die fokus spesifiek op die GKSA. Gesien vanuit die heersende teologiese tradisie is dié praktyk ontoereikend, aangesien die teendeel van die Groot Opdrag realiseer. Om vas te stel hoever die ontoereikendheid strek, word 'n wetenskaplike navorsingsprosedure binne Praktiese Teologie geloods.

Die Groot Opdrag as norm (Mat 28:18-20 en Hand 1:8) word aan die mens en ter wille van die mens gegee (teologies). Die mens as verteenwoordiger van God in die werklikheid (praktyk) kry hoë prioriteit. Ten spyte van hierdie gegewe, ontstaan 'n problematiese praksis, deurdat 'n tendens geïdentifiseer is wat toon dat van die norm afgewyk word (vgl. ook Heitink *et al*, 2000:54). Wanneer die ideale verhouding van teologiepraktyk in funksionering verengd en ontoereikend is, roep die problematiese praksis om verbetering aan die hand van 'n wetenskaplike ondersoek.

Kerkkrimping is geïdentifiseer as krisistendens binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke"; dít binne die verwikkelde samelewing van die 21e eeu. Die problematiese praksis sorteer derhalwe onder die wetenskaplike terrein van Praktiese Teologie as krisiswetenskap. Praktiese Teologie word aan die begin van die 21e eeu aktief by kerkkrimping betrek deur die brandpunt rondom geblokkeerde denke by "susterskerke" aan te spreek. Dit geskied deurdat die geïntegreerde werklikheid by die "susterkerk"-gelowige (praksis 1) ter sprake is, en dat leiding ter wille van restourasie en verbetering van die praksis deur 'n religieuse skopus op God se Woord (Gadamer, 1982:6), onbevange, wyd, eerlik en gehoorsaam nagejaag moet word. Deurdat die geïntegreerde werklikheid ter sprake is, kan beperkings, soos eensydige beklemtoning deur hermeneuse of deur die empiriese benadering, nie toegelaat word nie. Gevolglik word terreine/dissiplines buite die teologie met openheid ontgin met die doel om konkrete, positiewe leiding tot voordeel aan die sigbare kerk in die krisissituasie te gee in 'n poging tot die daarstel van 'n verbeterende praksis (Erasmus &

Hendriks, 2003:82; De Wet, 2000:107). Praktiese Teologie kan deur hierdie studie verder verryk word, aangesien aan die vryheid van die Gees deur die Woord normatief hoër erkenning gegee word as menslike "geslotenheid" deur "wet en metode" (vgl. De Wet, 2000:3, 7).

Die mens as skepsel neem 'n ondergeskikte plek in in wetenskapsbeoefening, aangesien die Skepper voortdurend lewewekkende herskepping daar wil stel. Alhoewel die mens ten dele arbei, moet ook erken word dat die mens tog ook weet (Walls, 2002:277). Deur Praktiese Teologie as menslike aktiwiteit word die gebroke en "oxygen-starved"-bestel (Walls, 2002:46) steeds waargeneem (praksis 1). Deur die aktiwiteit kom die mens tot verwondering deurdat die magdom herskeppingsmoontlikhede (vgl. Pieterse, 2010:13; Walls, 2002:25) in ooreenstemming met die norm soos "vars lug" ingeasem word; lug wat getuig van 'n geheel en al nuwe - selfs radikale - vloed van verrassende moontlikhede vir kerklike handelinge; kerklike handelinge wat deursuur na elke hoekie van die werklikheid. Weldra, ten spyte van voortdurende menslike tekortkominge, tree die nastreef van die ideaal na vore en in tyd ook 'n mate van 'n aanpassende en verbeterende praksis (praksis 2). Deur hierdie studie word gepoog om deur 'n vervlegtheid van geheel nuwe perspektiewe, 'n geheel nuwe denkwêreld te laat ontvou, sodat God se aanvanklike en steeds soewereine spreke deur sy Woord, asook sy teenswoordige, wonderwerkende teenwoordigheid, met verwondering in die tradisioneel, Afrikaanssprekende "susterskerke", én daarbuite in Suid-Afrika, waargeneem kan word.

Die Suid-Afrikaanse multikulturele samestelling wat skynbaar deur die "susterkerke" as "daarbuite" gereken word, vertoon 'n praktyk waar kruiskulturele diffusie, ten spyte van tradisionele afsondering, werksaam is. Suid-Afrika is volgens *Markinor 2000 World Values Survey* (Erasmus & Hendriks, 2003:80-96) 'n land wat baie sterk Christelik georiënteerd is, sodanig dat driekwart (77%) van die Suid-Afrikaanse bevolking daaronder tel. Volgens hierdie opname beskryf 'Christelik' alle Christelike strome en denominasies. Wat ook beklemtoon word, is die twee bestaande groepe Christene, naamlik eerstens, die arm,

landelike swart, en grootliks onopgeleide groep Christene, en tweedens, die welvarende, stedelike, wit en grootliks opgeleide groep Christene. Hierdie verskynsel maak kreatiewe teologiese aktiwiteit noodsaaklik. Siende dat Teologie kultureel gekleurd is (vgl. 2.2), moet in die lig van die onderlinge diffusie wat plaasvind, ook die Teologie voortdurend selfreflekterend optree en die nodige bekering ondergaan (Walls, 2002:80).

Met Afrosentrisme in Afrika-Christenskap as die verteenwoordigende Christelikheid van die 21e eeu (Erasmus & Hendriks, 2003:93; vgl. Hf. 4), is dit nodig dat Praktiese Teologie nuwe agendas vir ontginning van die Afrika-praktyk daarstel (Walls, 2002:85). Navorsing oor kerkopbou deur Europese teoloë, veral in Nederland as mekka van die Praktiese Teologie-stoel (vgl. Brouwer *et al*, 2007) kan derhalwe nagegaan word, maar binne die Afrika-konteks nie altyd direk oorgeplaas en toegepas word nie. Afrika-teoloë, wat "susterkerk-teoloë" insluit, kan deur Praktiese Teologie die krisissituasie in Suid-Afrika deur middel van die akademie, die kerk en die samelewing aanspreek. Bosch as hoofstroom missioloog (Walls, 2002:274) het in die jare tagtig van die vorige eeu reeds voorgestel dat Teologie op meer geïntegreerde wyse moet spreek. Afrosentriese teoloë is swyend en passief rakende teologiese leiding aan die staat - hoeveel te meer nie op die vlak van die akademie, en by name Praktiese Teologie, nie. Walls (2002:274, 275) haal Bosch aan wat dertig jaar gelede al van mening was dat Teologie 'n kwessie van lewe en dood is. Die passiwiteit wat steeds op hierdie vlak voortduur, roep derhalwe nie net swart teoloë tot daadwerklike vernuwende aksie nie, maar ook anderskleurige teoloë wat hulself as deel van Afrika beskou. Praktiese Teologie kan en moet 'n bydrae lewer deur te fokus om die enorme werk wat nog gedoen moet word op missionêre vlak; wetenskaplike werk wat spreek van waagmoed om die veeleisende taak van verandering in die steeds veranderende Suid-Afrika in die 21e eeu normatief aan te spreek (Walls, 2002:112, 113, 277).

Te midde van die huidige Suid-Afrikaanse konteks, is dit ook 'n gegewe dat die koninkryk van God ook hier steeds aan die kom is. Daarom moet gelowiges 'n verbeterende praksis bly

najaag. God se volmaakte koninkryk, alias droom (McLaren, 2006:140), is volgens McLaren (2006:182-190) nie die vernietiging en vervanging van hierdie skepping as werklikheid nie, maar wel die vernietiging van oorheersende magte wat die skepping ruïneer. Vir die Praktiese Teologie en die "susterkerk"-gelowige gee dit hoop, sodanig dat energieke medewerking sal bydra tot die koninkryk/droom wat reeds hier in beginsel is en in die toekoms tot volmaaktheid sal kom.

Aan die hand van die basisteorie vind wisselwerking op wetenskaplike wyse dan gelyklopend tussen die norm (Groot Opdrag) en die praksis (praksis 1 as ontoereikend, weens kerkkrimping wat realiseer as teendeel van die uitdra van die Groot Opdrag) plaas, ten einde tot verruiming en verbetering van die huidige praksis te kom (praksis 2). Die gelyklopende en ewewigtige balans en fokus wat teologiebeoefening (norm) en bewustelike praksisgerigtheid (praksis) toon, werk wisselwerkend en effektief mee om transformasie by individue en die samelewing te bewerkstellig (vgl. De Wet; 2000:3-7; Kloppers, 2001:463, 464; Pieterse, 2010:4).

2.7 Samevatting

Kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" is die problematies Christelik-kerklike geloofshandelinge as praksis wat deur Praktiese Teologie ondersoek kan word (Pieterse, 1992:48). Dit kan na behore binne hierdie wetenskap gedoen word, naamlik aan die hand van 'n vasgestelde basisteorie wat handelingswetenskaplik na 'n nuwe veranderende en verbeterende praksis beweeg. Die ondersoek van hierdie problematiese geloofshandeling geskied vanuit die gereformeerde tradisie wat ruimte bied vir die eskatologiese en pneumatologies verbondsmatige benadering.

Die ondersoek behels die hermeneutiese interpretasie van die Groot Opdrag (Mat 28:18-20; Hand 1:8), asook die empiriese interpretasie van die werklikheid binne tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", met die fokus op die GKSA. Die totale terrein waarbinne dié

geloofshandeling realiseer, sluit die individu binne die “susterkerke”, die “susterkerke” opsigself en die samelewing waarbinne geleef word, in.

Praksis 1 as die verwikkelde samelewing, die sosiopolitieke omstandighede, die ekklesiologiese opset en die identiteitskrisis van die tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowige, is skynbaar in die tendens van kerkkrimping sterker dominerende faktore as die norm aan die hand van die Groot Opdrag (vgl. Hf. 3). Alhoewel hierdie ondersoek erkenning gee aan die vryheid van die Gees se werking wat vooruit en bo wetenskaplike ingesteldheid, rigiditeit en beperkinge uitgaan, word die normatiewe perspektief terselfdertyd met dieselfde intensiteit as die dominerende faktore van praksis 1 ondersoek, aangesien die evangelie deur die Gees van God én deur die gees van die mens veranderend en balanserend te werk gaan (Heitink *et al*, 2000:63).

Verder vereis die multikulturele samestelling van die oorwegend Christelike Suid-Afrikaanse bevolking ook van Praktiese Teologie as steeds ontwikkelende wetenskaplike terrein, om ernstig te herbesin oor die kruiskulturele kontak wat deel uitmaak van die hedendaagse praksis. Teoloë word opgeroep om toenemend ’n konstruktiewe missionêre bydrae te maak met die oog op ’n verbeterende werklikheid in Suid-Afrika.

Hoofstuk 3

Hermeneutiese komponent: die Groot Opdrag en kerkkrimping

3.1. Inleiding

In hierdie afdeling word die verskynsel van kerkkrimping as teëpool van die Groot Opdrag (kerkgroei), in die lig van die Skrif binne die Praktiese Teologie ondersoek. Die doelstelling is om die verwikkelde praktyk rakende krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika, vanuit die gereformeerde tradisie hermeneuties te beoordeel. Om die hermeneutiese komponent vir beoordeling van die problematies Christelik-kerklike geloofshandelinge rondom krimping van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" daar te stel, word die Groot Opdrag (Mat 28:18-20; Hand 1:8) as Skrifgegewe aan die hand van die volgende werkswyse, ondersoek. Hierdeur word op 'n missionêre hermeneutiek in plaas van institusionele hermeutiek gefokus (vgl. Hendriks, 2003).

3.2 Werkswyse

Die werkswyse wat gevolg word om die hermeneutiese perspektief daar te stel, begin met die Groot Opdrag in Mat 28:18-20 en Hand 1:8 as tekskeuse. Die plek van die Groot Opdrag binne die Praktiese Teologie en die gestelde basisteorie (vgl. Hf. 2), word vervolgens verduidelik. Die basisteorie fokus op die Skrifgegronde norm (*teorie* aangaande God se aktiwiteit), maar terselfdertyd ook op die problematies Christelik-kerklike geloofshandelinge (*praktyk* aangaande die mens se aktiwiteit). Ten einde die praktyk van krimpende kerke in die huidige samelewings-opset te verduidelik, word die sosiohistoriese agtergrond, waartydens die Groot Opdrag in Matteus en Lukas se boeke ontstaan het, ondersoek. Dit geskied deur literatuurstudie van die sosiale en historiese samestelling en funksionering van dié spesifieke tydperk, asook van die mens se ingesteldheid na aanleiding daarvan (Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1354-1368).

Hierna volg die Skriftuurlike ondersoek van die perikoop, kernvers en kernwoorde van die Groot Opdrag deur eksegeties en semanties te werk te gaan en te bespreek. Die Skrifgedeeltes word vanuit die gereformeerde tradisie aan die hand van histories-grammatiese eksegese ondersoek (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:51, 52) en gevolgtrekkend op

krimpende kerke toegepas. Opvolgend en hierby aansluitend word die indikatiewe kernbegrippe, wat in beide kerntekste voorkom, aan die hand van meer resente bronne binne die tradisionele en charismatiese strome, ondersoek.

Verbondsgerigtheid wat gereformeerde hermeneuse kenmerk, word in die lig van die ondersoek as onontbeerlike aspek nagegaan. Aangesien *God* die motoriese moment in die verbondsaktiwiteit deur die werking van die Heilige Gees daarstel, is dit noodsaaklik om die Gees se wese, doel en werkswyse te ondersoek vir behoorlike verstaan van dié kernbegrip, soos vervat in die kernverse. In die *praktyk,* waar die gelowige *mens* deel is van die verbondsaktiwiteit, manifesteer verskillende interpretasies en benaderings op God se inisiatiewe.

Aangesien hierdie ondersoek vanuit die gereformeerde interpretasie geskied, is dit nodig om die belangrikste ooreenkomste en verskille met die ander sterk beïnvloedende interpretasiestroom, naamlik die charismatiese stroom, presies aan te dui. Na aanleiding hiervan kan die invloed daarvan op die teendeel van kerkgroei, naamlik kerkkrimping binne die tradisionele stroom, verstaan word.

Aan die hand van hierdie werkswyse word begronde konklusies rakende die Groot Opdrag en kerkkrimping getref en tot ’n finale gevolgtrekking rakende die hermeneutiese komponent gekom.

3.3 Die plek van Mat 28:18-20 en Hand 1:8 in Praktiese Teologie

Om ’n hermeneutiese ondersoek te loods met kerkgroei as teëpool van kerkkrimping, is die opdrag van Jesus, soos in die gekose Skrifgedeeltes, die voor die handliggende uitgangspunt en keuse. Volgens Kosmala (Bosch, 1991:57) is dié verse “the most important concern of the Gospel”. Mat 28:18-20 is die klimaks van die evangelie en maak deel uit van die laaste gesprekke van Jesus soos neergepen deur Matteus (Bosch, 1991:57). Hiermee gelyklopend beveel Lukas in Hand 1:8 die sendingbevel van Jesus as afskeidsdialoog met absolute gesag (Bosch, 1991:22; Ridderbos, 1974:257-261; Van der Walt, 2007:303). Die Groot Opdrag moet teen die agtergrond van die hele boek Matteus, ’n missionêre dokument, gesien word,

nie dat die ander drie evangelies die sendingopdrag uitlaat nie; inteendeel, die missionêre ingesteldheid spreek duidelik uit Mar 16:15, Luk 24:49 en Joh 20:21 (McLaren, 2006:72).

Die gekose teksgedeeltes in Matteus en Handelinge toon Jesus se selfbekendmaking en koninkrykgerigtheid, deurdat hy die goddelike indikatief stel wat die basis vorm vir die menslike imperatief. Matteus as skrywer wou die gemeenskap wat ontwortel en onderling verdeel was, in die identiteitskrisis leiding gee oor die verstaan van hul roeping en sending - hy verwys eksplisiet na hulle as *ekklesia*, die kerk van Christus (Bosch, 1991:57-59; De Wet, 2000:1; Van der Walt, 2007:168). Die indikatief, as die normatiewe gegewe (teorie) en die imperatief, as die opdrag aan die mens (praktyk), vind direk aansluiting by Praktiese Teologie in soverre gefokus word op *God* se aktiwiteit (teorie) déúr die aktiwiteit van *mens* (praktyk) (Heitink, 1999:6-9). Die voorgestelde basisteorie (vgl. Hf. 2) fokus derhalwe op die Skrifgegronde norm (*teorie* aangaande God se aktiwiteit); terselfdertyd fokus die voorgestelde basisteorie ook op die problematies Christelik-kerklike geloofshandelinge (*praktyk* aangaande die mens se aktiwiteit).

Teorie en praktyk as inherente dele van Praktiese Teologie, bied die ruimte en raamwerk vir hierdie ondersoek van die indikatiewe en imperatiewe kernbegrippe in die Groot Opdrag. Die indikatief in die Groot Opdrag stem ooreen met die *teorie* van die basisteorie (beloftes), terwyl die imperatief met die *praktyk*, soos gestel in die basisteorie (krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke"), ooreenstem. Die ondersoek na die wese van die verbond binne die Groot Opdrag is onvermydelik en noodsaaklik (Bosch, 1991:18), aangesien die wese van die verbond op dieselfde twee sake van die basisteorie fokus, naamlik *God* se aksie (*teorie*) en die *mens* se aksie (*praktyk*).

Praktiese Teologie as krisiswetenskap bied 'n geregverdigde plek vir die ondersoek en hermeneutiese beoordeling rakende die Groot Opdrag as Skrifgegewe, om sodoende leiding te bied in die identiteitskrisis (vgl. Bosch, 1991:57-59; De Wet, 2000:2, 21) en oorgangstyd wat deur kerkkrimping na vore kom as problematies verwikkelde, sosiohistoriese praktyk van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika.

3.4 Sosiohistoriese agtergrond

Die sosiohistoriese agtergrond, waartydens die Groot Opdrag in Matteus en Lukas se boeke ontstaan het, word ondersoek om ooreenkomste met die huidige verwikkelde samelewing, waarbinne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" realiseer, te bekom. Die ondersoek geskied deur literatuurstudie, soos vervat in Bosch (1991:57-120) en McLaren (2006:12-16) wat fokus op die sosiale, politieke, godsdienstige en historiese samestelling, onderlinge partyskappe, verspreidheid, soeke na identiteit, die funksionering van dié spesifieke oorgangstydperk, asook op die mens se ingesteldheid na aanleiding daarvan.

Vanaf ongeveer 200 vC het Palestina sosiohistoriese veranderinge begin ondergaan, aangesien godsdienstige vryheid nie meer soos in die voorafgaande regeringstyd van Ptolemeus I van Egipte, ervaar is nie. Palestina het 'n politieke speelbal geword en dit het voortgeduur tot 70 nC. In hierdie tydperk (200 vC tot 70 nC) was daar verskillende groeperinge. Die groeperinge wat hieronder genoem word, verduidelik die sosiale opset voor en tydens die lewe van Jesus op aarde, asook die sosiohistoriese agtergrond ten tye van die gee van die Groot Opdrag (Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1354-1368).

- Onder die Siriese oorheerser, Antiogus IV Epifanes (175-164 vC), het die *Samaritane* hul steun aan hom gegee. Hierdie houding het die verhouding tussen die Jode en die Samaritane benadeel, terwyl dit in die daaropvolgende jare toenemend versleg het.
- Teen 105 vC was die Hasmoniërs in Palestina aan bewind met Johannes Hirkanus die bewindhebber. Tydens hierdie tydperk het die *Fariseërs* en *Sadduseërs* ontstaan. Die Sadduseërs was bekend vir hul afkeer van die leer van die opstanding, asook die leer van bonatuurlike verskynsels, terwyl die Fariseërs hipergodsdienstig was.
- In die tydperk 37-4 vC is 'n Edomiet, Herodes, deur die Romeine oor Palestina aangestel. Hy was 'n suksesvolle heerser wat die Hellenistiese kultuur nagevolg en uitgebou het. Onmin tussen die Jode het vergroot, aangesien die Sadduseërs Herodes ondersteun het, terwyl die Fariseërs hom verwerp het. Herodes se afkeer jeens die Jode het die gesag van die *Sanhedrin* geminimaliseer. Wedersydse agterdog tussen die Jode en Herodus loop kort na die geboorte van Jesus uit op die kindermoord in Betlehem (Mat 2).

- ’n Verdere versplintering wat uit die Fariseërs ontstaan het, was die *Selote*, wat ’n aggressiewe patriotisties-nasionalistiese lewenssiening gehandhaaf het.
- Die oorsprong van Joodse *eksklusiwiteit* is geleë in hul gehoorsaamheid en onderwerping aan die Tora. Die eksklusiwiteit is deur die Griekse lewenstyl, wat ook in Palestina momentum gekry het, bedreig. Die Sadduseërs was godsdienstig uiters konserwatief, maar in lewenswyse liberaal. Die Sadduseërs het gevolglik ’n oop samelewing sonder eksklusiwisme voorgestaan.
- ’n Verdere groepering was die *Herodiane*, wat vír Herodus, en téén die Selote, Fariseërs en Essene te staan gekom het.
- Die groepering van die *Skrifgeleerdes* (Tora en regsgeleerdes) en die *tollenaars* het verdere versplintering veroorsaak. Die tollenaars was verteenwoordigend van ’n korrupte en gehate sosio-ekonomiese, bevoorregte klas mense. Jode mag nie met die mense geassosieer het nie.
- *Teologiese strome* het rondom die Tora, die leer oor engele, bose geeste, die opstanding uit die dood en apokaliptiek sentreer.

Ten spyte van al die strome was daar ’n groeiende *messiasverwagting* by al die Jode. Die verwagting het gesentreer op die koms van ’n koning wat die Jode van die Romeinse regeringstelsel kon bevry. In die tussentestamentêre tyd het hierdie verwagting toegeneem.

3.5 Kontekstueel

Binne die sosiohistoriese konteks het geleidelike *begripstoename* rakende Jesus se koninkryk, eers met én na die uitstorting van die Heilige Gees, by sekere mense plaasgevind (Bosch, 1991:41). Binne die konteks van Matteus floreer Farisiëstiese Judaïsme, verspreidheid en soeke na identiteit. Matteus streef om deur die sendinggerigtheid van sy skrywe aan die konserwatiewes (tradisioneel, wetties, Jode) en progressiewes (innoverend, oordrewe entoesiasties, bekeerde heidene) identiteit in die nuwe roeping te gee (Bosch, 1991: 80-90). Daar word verder gehandel oor Jesus se lewe, sy laaste dae, sy oorwinning oor die dood en die opdrag om sy werk oor die hele wêreld *voort te sit* (kerkgroei). Op hierdie wyse oorbrug Jesus die twee hoofgroepe. Die ortopraksis van Matteus lê die klem op die Groot Opdrag waardeur met nuwe identiteit uitgestyg kan word bo groeperinge, deurdat God se wil in dade

gehoorsaam word. Matteus dui dié missionêre praktyk aan (Bosch, 1991:81, 83). Tog kan geen universele missionêre teorie afgelei word nie en kan dit derhalwe bloot as rigtinggewend aanvaar word.

Deur toenemende begrip verwoord Lukas in Handelinge die sendingbevel volledig (Bosch, 1991:91-114). Lukas doen dit egter in die vorm van feite en beloftes. Die feit dat Jesus nie meer op aarde is nie, voorkom nie die voortgang van die evangelie nie. Die mens moet die Groot Opdrag *uitdra* (kerkgroei) te midde van die versplinterde samelewing. Deur die Gees is God steeds teenwoordig. Lukas herinterpreteer die gebeure na Christus en doen dit deur die Gees. Die dissipels as getuies is hierby direk betrokke, terwyl die Gees die dryfkrag is. Die uitstorting van die Gees is die motoriese moment vir sending. Deur die belofte word pneumatologies verseker dat die dissipels betrokke sal wees.

Hieronder volg die gedagteopbou, bespreking, semantiese aspek en samevattende konklusie van die onderskeie perikope en kerntekste (Mat 28:16-20 en Hand 1:6-8) (vgl. 3.5.1-3.5.5 en 3.6.1-3.6.4). Na formulering van die onderskeie konklusies word die bevindinge op kerkkrimping toegepas.

Die Skrifgedeeltes word vanuit die gereformeerde tradisie aan die hand van histories-grammatiese eksegese ondersoek (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:51, 52). Die dinamies-ekwivalente vertaling, soos die 1983-Afrikaanse vertaling dit stel, word as basis geneem. Die kontekstuele aspekte van die Groot Opdrag word aan die hand van hiérdie wyse van ondersoek, ten slotte gevolgtrekkend geformuleer en op kerkkrimping toegepas (vgl. 3.7).

3.5.1 Mat 28:16-20

Die struktuur van Matteus toon hoe Jesus as Immanuel (God met ons) in dié spesifieke tydsomstandighede, nuwe *beginpunte* in die koninkryk daarstel (Bosch, 1991:16; Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1114-1119, 1187). Matteus begin met die geslagsregister en geboorte-aankondiging van Jesus (Mat 1), wat die begin aantoon van ’n nuwe mensheid. Jesus as leermeester se gesagvolle optrede begin ‘n nuwe leer onderrig te midde van teenstand. Die dissipels as verteenwoordigers van die kerk in die kleine, vorm die *beginpunt* van ’n nuwe volk (Mat 5-25) Die derde deel van Matteus (Mat 26-28) toon die einde van Jesus se bediening en lyding, maar ook die *begin* van die wêreldwye dissipelmaakproses, wat

met die Groot Opdrag en verbondsbelofte in aanvang neem. Jesus tree op as die handelende God wat *alle nasies* altyd in gedagte (Bosch, 1991:18).

Alle nasies se heil het God met die roeping van Abraham reeds begin. Die verbond wat God met Abraham aangegaan het, behels dat alle nasies in Abraham geseën sal word. In die sendingopdrag is *alle nasies* weer ter sprake. Die Jode het hulself ekslusief as uitverkore volk van God beskou, terwyl hulle eerder instrumenteel tot voordeel van alle ander nasies bedoel was. Die koninkryk is sedert die Groot Opdrag egter nou inklusief. Alle nasies, rasse, klasse, gelowe en kulture het nou vrye toegang tot die dinamiese interaktiewe verhouding tussen mens en God. Wonder bo wonder vertrou God die goeie boodskap steeds aan die mens toe om verder te neem (McLaren, 2006:74, 94).

Die struktuur van Matteus begin dus met Immanuel te midde van die Jodendom, kring uit tot Immanuel te midde van die kerk en sluit af met Immanuel te midde van die wêreld. Die perikoop met die fokus op Jesus se Groot Opdrag as kernteks, Mat 28:18-20, volg hieronder:

Jesus se opdrag aan die dissipels

Die dissipels kom by die aangewese plek bymekaar

28:16 a: Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hul beveel het om te gaan.

Reaksies van die dissipels

28:17 Toe hulle hom sien, a: het hulle hom aanbid

b: hoewel party getwyfel het

Jesus se groot verklaring (Indikatief)

28:18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde

Aanhef van die groot opdrag (Imperatief)

28:19 Gaan na al die nasies toe

Kern van groot opdrag

28:19 a: Maak die mense my dissipels

Direkte gevolg van dissipelskap

28:19 b doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees

Lantermyn gevolge van dissipelskap

28:20 a: Leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het

Groot troos/belofte ter bevestiging van Jesus se verklaring (Indikatief)

28:20 b: En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld

3.5.2 Bespreking van die perikoop en kernvers

3.5.2.1 Die elf dissipels in Galilea

Mat 28:16-20 is die laaste perikoop in die Matteus-evangelie. Die perikoop begin met die byeenkoms van die elf dissipels. God se kommunikasie deur Christus vorm die basis van die herontmoeting (Mat 28:10) (Bosch, 1991:22). Die aantal dissipels word spesifiek genoem om pertinent te stel dat Judas nie meer deel van die dissipels was nie (Hendriksen, 1976:996). Die elf het na Galilea toe gegaan waar die herontmoeting sou plaasvind, soos Jesus voor sy dood reeds aangedui het (Mat 26:32). Die vroue het die dissipels, op bevel van die engel, ingelig om na Galilea toe te gaan (Mat 28:7), maar ook Jesus, wat self na sy opstanding, die elf beveel het om na Galilea toe te gaan.

3.5.2.2 Die berg

Jesus het ’n spesifieke berg in Galilea aangewys, moontlik weereens omdat Jesus ’n aantal kere in sy lewe ’n berg aangewys het as plek van besondere selfbekendmaking. Op Sinaïberg is die Groot Gebod gegee en so is ook die Groot Opdrag op ’n berg gegee. ’n Berg is derhalwe die plek waar Jesus sy wil en identiteit spesifiek bekendmaak: Met die bekendmaking van die Groot Opdrag inisieer Jesus wêreldwye gemeentevorming (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187).

3.5.2.3 Aanbidding en twyfel

’n Tweeledige reaksie spruit uit die teenwoordigheid van Jesus by die berg, naamlik aanbidding deur party, maar twyfel by ander. Ridderbos (1974:258) meen dat die twyfel van party toegeskryf kan word aan die ongelooflikheid van die gebeure. Deur hierdie interpretasie word verstaan dat die wat getwyfel het, nie getwyfel het as gevolg van ongeloof nie, maar slegs omdat hulle nog in die proses was om tot volle begrip van, en geloof in die opgestane Jesus te kom. Volgens Hendriksen (1976:997) het party getwyfel, omdat hul gewonder het of dit nie dalk iemand anders was nie. Moontlik het ook aanvanklike ruimtelike afstand tot hierdie twyfel bygedra. Vers 18 stel egter pertinent dat Jesus nader gestap het. Die gevolg was dat die wat getwyfel het, hom toe duidelik kon sien. Bosch (1991:76, 77) meen die aanbid-twyfel-toneel moet gelees word teen die doel waarom Matteus die boek skryf, naamlik om te toon dat Jesus nie blind is vir die dissipels se swakhede soos kleingelowigheid, vrees en twyfelmoedigheid en hipokritiese gedrag nie. Tog toon Matteus ook aan dat ongeag menslike

swakhede, die sending hoër prioriteit kry en die dissipels se nuwe identiteit in sendinggerigte dade lê. Ongeag die verloop van hierdie situasie, gaan Jesus dus doelgerig voort met wat gesê moet word. Die byeenkoms is deel van die baie belangrike veertig dae tussen die opstanding en hemelvaart, aangesien Jesus in hierdie periode die dissipels oplei en vir hul werk toerus. Toerusting het twyfel verminder en aanbidding laat toeneem deur hersiening, regstelling en die gee van perspektief op gebeure (Floor, 2007:19; Lotter 2005:490, 495; Van der Merwe, 2003:303; Van der Walt, 2007:303).

3.5.3 Verse 18-20

Hierdie verse bestaan uit die volmagsaankondiging, die opdrag en die belofte (Floor, 2007:19; Van der Merwe, 2003:316). Die basis van die perikoop is geleë in die indikatief en die imperatief (Van der Walt, 2007:168).

3.5.3.1 Aankondiging

Treffend is die omvattende indikatiewe term waarin die aankondiging gestel is, naamlik: *alle*, *alles* en *al* (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187). Ridderbos (1974:257-261), asook Pretorius & De Klerk (2005:165) stel dat Jesus self en openlik, die geheim van die omvangrykheid en absoluutheid van sy bevoegdheid tot onbeperkte mag op aarde en in die hemel, gestel het. Voor die kruisiging was Jesus nog onderworpe aan vernedering, maar nou is *alle* mag in hemel en op aarde syne: oor die engele, mense en die duiwel. Jesus eien hom alle mag toe, asook die reg om die mag ten uitvoer te bring (Floor, 2007:19; Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1145). Voor sy opstanding het Jesus wel ook met mag opgetree en die reg daartoe gehad, maar dit was nog versluierd, omdat hyself nog nie die dood oorwin het nie. Na sy opstanding is *alle* mag aan Hom gegee. Op grond hiervan besit Hy onbeperkte, universele soewereiniteit (Nürnberger, 2002:75, 76; Ridderbos, 1974:257-261). Hierdie mag sal eers met die wederkoms volkome en ten volle verwerklik word, aangesien alle gestorwenes eers dan sal opstaan. Die magsaanspraak word in Jesus se gesprek met sy dissipels heel eerste gestel, sodat al sy volgelinge te enige tyd en te enige plek, op hom kan steun en Hom as gesalfde en as koning van konings erken (Floor, 2007:19; Pretorius & De Klerk, 2005:165).

3.5.3.2 Sendingopdrag

Hierna volg dan die vierledige sendingopdrag, of in die woorde van Van Rooy (K., 2007a:39), ’n “marsbevel”, naamlik *gaan, maak dissipels, doop en leer hulle*. Barret *et al* (2001:9) maak melding van ’n seweledige mandaat, naamlik gaan, maak dissipels, doop, leer/onderrig, getuig, proklameer en ontvang die mag/krag. Van watter indeling ookal gebruik gemaak word, Jesus bly in hierdie proses van die begin tot die einde teenwoordig (Bosch, 1991:77). Volgens Vosloo & Janse van Rensburg (1999:1187) dui die opdrag op twee sake, naamlik evangelieverkondiging (uitbou) en gemeentevorming (opbou).

3.5.3.3 Gaan

Met die gaan-opdrag dui Jesus aan dat die partikularisme van voor die opstanding, vervang is met universalisme (Bosch, 1991:63-65). Alle nasies (panta ta ethne) sluit steeds die Jode in, maar dui verder op die ganse menslik bewoonde aarde, die hele mensdom sonder enige beperkings. Die missiologiese gaan-opdrag kom “boldly and unreservedly” (Bosch, 1991:64) tot die dissipels om na alle nasies, as die nuwe volk van God, te gaan. Bosch (1991:78) meen die gaan-opdrag is eerder ’n magstentoonstelling en ’n kreatiewe stelling soos in Gen 1:3, as ’n opdrag.

Gaan impliseer ook ’n vooraf-aksie. Tydens die vooraf-aksie het Jesus die brokstukke bymekaar gesit: hersiening, regstelling en perspektief op die opstanding is gegee. Toerusting vir die *gaan*-aksie vind dus plaas voordat die *gaan*-opdrag gekry word (Van der Walt, 2007:303, 304).

3.5.3.4 Maak dissipels

Die hoofopdrag is: *maak dissipels* (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187). Die opdrag is saaklik en spreek van imperatiewe krag (Bosch, 1991:73; Van der Walt, 2007:168). Die hoofwerkwoord *om dissipels te maak* (matheteuein), kom drie maal in Matteus voor en beteken om deur ’n proses van prediking aan mense oor alle grense heen, die genade en mag bekend te maak en daardeur die mens heeltemal vir Christus op te eis (Bosch, 1991:73; Pretorius & De Klerk, 2005:165-167). Dit is ’n holistiese bevel wat die mens se verstand, hart en wil in die proses aan God eis (Park, 2005:201). ’n Dissipel is die amptelike naam van enigeen wat ’n Jesus-volgeling is (Bosch, 1991:74). Die navolgers word direk met die dissipels van Jesus en met Jesus self verbind, maar toon ook die verbondenheid van alle

navolgers onderling. Deur hierdie laaste woorde van Jesus op aarde word opdrag gegee om die voorheen beperkende grense sistematies te deurbreek deur dissipels van mense te maak en die kerk op aarde te bou (Bosch, 1991:74; Ridderbos, 1974:258, 259; Van der Merwe, 2006:15, 16; Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1145). In die uitbreidingsproses volg dan onvermydelik dit wat van toepassing was op Jesus en die eerste dissipels en dus ook van toepassing is op die latere volgelinge. Dit sluit in onderlinge stryd (vgl. Mat 23:15) tussen mense, asook martelaarskap (Bosch, 1991:75) en word gereken as die grootste skending van menseregte; tog, as martelaarskap voorkom, versprei die nuus daaromtrent wyd en vinnig en het die effek dat ongelowiges, asook vervolgers, tot inkeer en tot bekering kom (Barret *et al*, (2001:11). Martelaarskap dui op die finale getuienis, die persoonlike geloofsdaad en die hoogste vlak van verkondiging van die evangelie. Die uitbreidingsproses wat deur stryd heen plaasvind, bring dus eerstens groter insig by die dissipels, maar ook by ander mense tot stand (Ridderbos, 1974:260). Martelaarskap en die kerk wat bid lei daartoe dat mense toegevoeg word en is die beste, dog mees ekstreme manier om ’n godsdiens te laat groei (Barret *et al*, 2001:5).

In die proses word gepoog om dieper te verstaan, verbeelding te gebruik en interaktief in verhouding met Jesus te staan sodat die openbaring suiwer kan geskied: om werklik te kommunikeer. In die proses moet nie net inligting oorgedra word nie; die kommunikasie moet geestelike transformasie bewerkstellig. Die mens moet sy status as sogenaamde allesweter verloor en waarlik die leerling, die afhanklike kind word. Teenoor die lerende kind staan die “too independent, too self-centred, stubbornly sticking to our own selfdetermined path, arrogant know-it-alls, closed-minded adults, overconfident non-thinkers, too grown up ...” (McLaren, 2006:47; 2006:139), gewoonlik diegene wat nie bereid is om grense te verskuif nie.

Dissipelskap kom slegs een maal in Matteus (28:19) voor en dan as imperatiewe werkwoord. Die stam dui op *leer* of *om onderrig te ontvang*. Daar is ’n onderrigte persoon, wat in ’n formele of informele situasie geleer word om dan mettertyd, onder andere, ook iemand anders ’n leerling/dissipel (mathetes) te maak (vgl. Louw & Nida) (Pretorius & De Klerk, 2005:159). Pretorius en De Klerk haal Vine in hierdie verband aan wat stel dat dissipels aanvanklik nie noodwendig reeds verloste mense hoef te wees nie. ’n Dissipel is dus bloot ’n gewillige leerling/volgeling. In die geval van rabbi Jesus was dit egter nie die blote volg van ’n gewone

aardse leermeester nie. Van ’n dissipel van Jesus word egter ’n holistiese oorgawe van hart, verstand en wil gevra. Daarmee gepaardgaande ook om die leer van Jesus lewenslank uit te leef en uit te dra (Pretorius & De Klerk, 2005:160-167; Van der Walt, 2007:159 ev.).

In die leerproses groei die dissipel geleidelik in die besef van sy verlore toestand, maar ook in die besef van God se verlossingsplan. Hierdie verstandelike betrokkenheid en bekwaammaking ontwikkel in opdrag van Jesus tot ware dissipelskap, deurdat die teoretiese waarhede lewenslank prakties uitgeleef word deur op radikale en innoverende wyse meer en meer soos die leermeester te word (Bosch, 1991:36-39; Pretorius & De Klerk, 2005:166, 167; Van der Merwe, 2003:317; Walls, 2002:14). Pretorius & De Klerk (2005:157) wys op die term *dissipelmaking* binne die charismatiese stroom, wat dui op lering, Bybelstudie en geestelike groei, wat binne ’n omgee-gesindheid onderling beoefen word.

Dissipelskap en *dissipelmaak* is ’n dus menslike taak (vgl. Mat 28:18-20), waardeur iemand anders tot dissipelskap gelei word deur ’n ander dissipel; iemand wat reeds verder in die leerproses is (Pretorius & De Klerk, 2005:165). Dissipelskap dui op geroepe en geheiligde mense, wat hulle hele lewe deur die Gees in diens laat neem vir diens/gebruik in die gemeente en in die koninkryk (Bosch, 1991:39; Burger, 1999:151).

Die opdrag is soms verkeerdelik deur westerlinge verstaan, naamlik dat daar party dissipels in elke nasie gemaak moet word. Die teendeel is egter waar, naamlik dat die nasies dissipels gemaak moet word. Volgens Walls (1996:49-51) lê die sleutel tot “nasies” dissipelskap. Dissipelskap is kreatief en soos ‘n stroom wat nuwe, veranderende omstandighede tegemoet gaan, maar dis ook soos ‘n gepleisterde houer waaruit niks verlore kan raak nie. Die Woord kom dus die denke binne (houer) en is dinamies, ontwikkelend, kreatief, vars en geneig om die nuwe dinge na vore te bring. Daar word nie in die verlede vasgehaak nie en is nie verkramp of oudmodies nie. Die Woord bly nie net in die geheue van die dissipel nie. Dit dring deur die mens se hele persoonlikheid en verseker nuwe aktiwiteite en situasies. Toegepas op die maak van dissipels van alles nasies, is die verkondiging van die Woord nie net ’n bekendmaking nie. Christus as die vleesgeworde Woord dring die denke in en gaan oor tot dade dat daar in die nasie koherensie/identiteit na vore kom. Bekering begin gevolglik by die enkeling en beweeg uit na die gemeenskap toe. Die dissipelmaakproses by ’n nasie is ’n lang proses en neem generasies. Terselfdertyd ontstaan unieke en eiesoortige verskeidenheid. Tog kan die Gees nie beperk word nie, want Haïti het na die verwoestende aardbewing as

nasie, onder leiding van die president, drie dae van gebed en vas ingestel om as nasie hul voor God te verootmoedig (Gaines, 2007). Hierby pas die woorde van Walls (1996:51):

> "The word of Christ is accordingly for ever meeting new situations, going into conditions that Christians have never experienced before."

3.5.3.5 Doop en leer/onderrig

Doop en leer/onderrig is subordinate van die hoofwerkwoord en beskryf hoe die dissipelmaakproses moet geskied (Bosch, 1991:73). Saam met die prediking kom die *doopbevel*. Die doopbevel is nie los van, of noodwendig voor die volgende bevel, naamlik die leerbevel, nie. Dit is egter gewoonlik die natuurlike volgorde in die proses om tot dissipelskap te groei. Die leerproses is lewenslank en daarom sal die doop deel uitmaak van vroeë gebeurtenisse in die proses. Doop en leer koördineer dus in die proses van groei tot dissipelskap (Bosch, 1991:79; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187). Die drieledige *doop, leer en onderrig-bevel* beweeg van klein na groter konsentriese sirkels in Matteus se sendingbevel. Die onderrigbevel word uitgebrei deurdat die toehoorders gelei word om verder te gaan as 'n blote kognitiewe (leer) besluit (Bosch, 1991:66-68).

3.5.3.6 Doop

Die opdrag gaan aan 'n eerste geslag volwassenes wat hulself gereed ag om gedoop te word vanweë sondebesef as deel van die proses van dissipelskap. Die bekeringsdoop op grond van sondebesef is 'n verstandsaktiwiteit wat wys dat 'n leerproses reeds gevolg is. Dit dui ook op gewilligheid om in 'n intieme verhouding met die God van die doop te leef (Bosch, 1991:79; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187). Wanneer die doop geskied, vind dit plaas in een naam, naamlik die naam van God die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die doop is eenmalig en nie algemeen nie. Terselfdertyd is die doop ook 'n lewenslange teken en seël van die mens se aanvaarding van God se verlossing deur geloof. Die dopeling word deur die sakrament van die doop verseker as die eiendom van die Drie-enige God. Verder versterk die doop die dopeling in sy verhouding met Christus om Sy wil te gaan doen, om God met oorgawe te dien en goedheid aan sy medemens te betoon (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187).

3.5.3.7 Leer en onderhou

Jesus gee opdrag dat die *leerproses* na afloop van die doop voortgesit/onderhou moet word. Die leerinhoud is breed en behels, onder andere, al Jesus se gelykenisse, reise, opdragte, lesse, gebede, genesings, lyding en opstanding, beloftes en die koninkryk van God (Floor, 2007:19). Maar uit Matteus is dit duidelik dat die woorde van Jesus, *onderrig hulle in alles wat ek julle bevel het*, ook direk dui op die eerste afdeling wat Jesus in die bergrede (Mat 5) gelewer het. Dit toon die etiek van die koninkryk van God; dit is "boundary-breaking" en styg uit bo menslike skeidingsmure. Deur die *onderrig*-bevel toon Lapide (Bosch, 1991:70) dat Jesus "a rebel of love" was, "much more radical than revolutionaries of our day" en dat sy woorde en dade deel moet wees van die nuwe dissipels wat onderrig word.

Die einddoel is die heelhartige toe-eiening van alles wat Jesus aan die mens bekend kom maak het (Floor, 2007:19, 20; Ridderbos, 1974:260). *Onderrig* dui derhalwe op die maak van 'n wilsbesluit om hom te volg. Die volg-aksie is meer as wetsonderhouding. Dit toon onderwerping aan die wil van God. Hierdie onderwerping kom na vore deur dade - ware dissipels word herken deur die vrug wat gedra word: die vrug wat spreek van die wil van God wat geleef word binne 'n verbondsverhouding (didaioi) (Bosch, 1991:66-68). Toerusting en vol word van die Heilige Gees maak daarom deel uit van die lewenslange leer- en onderhouproses (Pretorius & De Klerk, 2005:169). Die onderhouproses dui op die biddende, volgehoue werksaamheid van die mens in reaksie op die werk wat deur die Gees geïnisieer is (Floor, 2007:20; Van Rooy, 2007:14-16; Williams, 2000:185-189).

Lotter (2005:487-502) haal Venter aan wat stel dat die toepassing van die heilswerk van Jesus Christus, heilsordelik toegepas word in die lewe van elke gelowige. In die proses het die gelowige aandeel om, deur geleidelike verandering, in die eenheid met Christus toe te neem en geestelik te ontwikkel en toe te neem in perfeksie (Bosch, 1991:73). In die leer- en onderhouproses bewerk die Heilige Gees in die mens die gesindheid van onderlinge liefdesbediening (opbou deur gawes), asook die wil tot uitdra van die evangelie (uitbou) (Burger, 1999:88, 147, 194; Malphurs, 2004:25, 48; Meyer, 2002:46; Van Rooy, 2007:15). Nürnberger (2002:71) beskryf die verhouding van die nuwe, geestelike mens as 'n *goddelik-menslike verhouding*. In die dissipelskapproses van onderhouding/heiligmaking skep, aktiveer en bemagtig die Heilige Gees die volledige mens deur die Woord tot aktiewe deelname deur

dade in die "projek van God" (Bosch, 1991: 72, 73; Nürnberger, 2002:71; Van Rooy, 2007:15; Williams, 2005:570, 571).

3.5.3.8 Onthou

Jesus gebruik die enkele word, *onthou*, direk na die opdrag. Jesus wil dat hulle opnuut moet aandag gee aan wat Hy nou, direk na die bevel, op hulle harte wil lê. Jesus wil sonder omhaal hul troos en verseker van 'n vasstaande feit. Hy belowe dat niemand anders nie as Hyself, "Ek", elke dag by hulle sal wees. Deur die belofte stel Hy dat hy teenwoordig is, dat sy genade genoeg is en dat Hsy sy volgelinge nooit sal begewe of verlaat nie. Die vertroosting word drie maal in Matteus herhaal (1:23, 18:20 en 28:20). Die belofte is dus nie net vir die apostels bedoel nie, aangesien die belofte geldig is vir alle Christene tot aan die einde van die wêreld en tot in ewigheid (Bosch, 1991: 77; Pretorius & De Klerk, 2005:170; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187).

Pretorius & De Klerk (2005:165) wys daarop dat Jesus deur die Groot Opdrag te benadruk, dit sterk onder die dissipels se aandag wil vestig**.** Jesus benadruk die opdrag, omdat hulle (die dissipels) reeds bietjie verder gegroei het in die verstaanproses weens hul ervaring saam met Jesus. Hul voer die opdrag egter eers na Pinkster ten volle uit.

3.5.4 Semantiese aspekte van Mat 28:18-20

Louw & Nida (1993a; 1993b) word gebruik ten einde die semantiek van die kernwoorde in Mat 28:18-20 te ondersoek.

3.5.4.1 Kernwoord: *alle mag*

Louw en Nida (1993b:303) gee 'n aantal semantiese velde in 13 en 42 aan ter verklaring van *alle mag.* Tipering van 13 word soos volg aangegee: *wees, word, bestaan, gebeur* (1993a:149), terwyl *maak, skep* (1993a:514) as tipering vir 42 aangegee word en *maak* tipeer 90.

- Die fokus in semantiese velde 13.9 en 13.11 (1993a:150, 151) is geleë in *die vermoë van God om ('n) nuwe toestand(e) te bewerkstellig wat die mens gewillig maak om te dien.*

- Die fokus in semantiese velde 42.29, 42.34, 42.35 (1993a:514), asook 90:45-50 (1993a:804), is geleë in *die vermoë van God om met reeds bestaande materiaal 'n resultaat daar te stel wat nie voorheen bestaan het nie.*

3.5.4.2 Kernwoord: *maak dissipels*

Louw & Nida (1993b:155) gee 'n aantal semantiese velde in 36 aan ter verklaring van *maak dissipels.* Tipering is soos volg: *rig, dissiplineer, volg* (1993a:465). Die subdomeine wat hieruit voortvloei, is: A. *rig, lei;* B: *dissiplineer, oplei;* C: *(on)gehoorsaam;* D: *volg, wees 'n dissipel*.

- Semantiese veld 36.32 (1993a:470) sorteer onder subdomein D. Die begrip *maak dissipels* dui daarop *om aan die leer van 'n leier/iemand toe te gee en dit te volg.*
- Semantiese veld 36.37 (1993a:471) dui daarop dat op *geen geforseerde wyse eise gestel is tot navolging nie, maar dat deur oortuiging dit bewerkstellig is om 'n dissipel te word.* Semanties word dit duidelik dat dit eerstens die dissipels is met wie Jesus praat, maar die ander dissipels wat gemaak word deur die aksie van *maak dissipels,* is geslagloos. Alle mense word sodoende betrek.

3.5.4.3 Kernwoord: *doop hulle*

Louw & Nida (1993b:43) gee semantiese velde 53.31, 53.41 en 53.49 aan ter verklaring van hierdie kernbegrip. Tipering van hierdie begrip sorteer onder *godsdienstige rituele* (1993a:31).

- Semantiese veld 53.31 dui op *'n rituele was/reiniging deur middel van water* (1993a:535).
- Semantiese veld 53.41 dui op *doop/toewy* (1993a:538) *en 'n godsdienstige seremonie om reiniging/inisiasie te simboliseer op 'n basis van bekering en geloof in Jesus Christus* (1993a:538). Die hoeveelheid water of wyse van watergebruik word nie semanties gestel nie.
- Semantiese veld 53.49 (1993a:539) toon die figuurlike uitbreiding van die woord, naamlik *'n godsdienstige ervaring waartydens God se krag en teenwoordigheid getoon word.*

3.5.4.4 Kernwoord: *leer hulle*

Louw & Nida (1993b:62) gee 9 moontlike verklarings en verbuigings van die kernwoord: 33.233, 33.234, 33.236, 33.237, 33.224-227 en 33.243. Die subdomein waaronder dit sorteer, is: *verklaar, leer/onderrig* (1993a:413).

- 33.233 (1993a:415) dui op *om te leer/om te onderrig, bevoeg wees om te leer/onderrig.*
- 33.234 as semantiese veld beteken om *akkurate/reg/in waarheid te onderrig.*
- 33.236 dui op die *inhoud van wat geleer/onderrig word.*
- 33.237 dui op *tradisionele leer/onderrig wat oor 'n lang periode kan plaasvind.*
- 33.224 (1993a:413, 414) dui op die *moontlikhede van formele of informele leer/onderrig.*
- 33.225 dui op *enige wyse van leer/onderrig: mondelings, sistematies, gedetailleerd.*
- 33.226 dui op *leer/onderrig met die bedoeling om behoorlike gedragswyses te kweek.*
- 33.227 dui op *leer/onderrig deur menslike wyshede volvoer deur middel van woorde.*
- 33.243 (1993a:416) dui op die *persoon wat onderrig gee.*

3.5.4.5 Kernwoord: *onderhou*

Louw & Nida (1993b:244) dui die volgende semantiese velde aan ter verklaring van die kernwoord: 13.32 en 36.19. Tipering van die onderskeie semantiese velde is: *wees, word, bestaan en gebeur* (1993a:149) *rig, dissiplineer en volg* (1993a:465).

- Semantiese veld 13.32 (1993a:153) val in die subdomein wat dui op *'n toestand wat voortdurend bewerkstellig word* (1993a:149). Die semantiese veld fokus op *inisiëring en handhawing van die betrokke bewerkstelligde toestand* (1993a:153).
- Semantiese veld 36.19 val in die subdomein *gehoorsaam/ongehoorsaam* (1993a:467) en dui op die *voortdurende gehoorsaamheid aan God se gebooie* (1993a:468).

3.5.5 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Mat 28:16-20

Die sosiohistoriese konteks rondom die koms van Christus, toon ’n versplinterde samelewing. Ten spyte van die versplintering en die soeke na identiteit, het ’n messiasverwagting bly toeneem. Die verwagting was nie korrek ge*fokus* nie, aangesien ’n messias wat nie aan dié sosiopolitieke verwagtings voldoen nie, ondenkbaar was. Die *versplinterde samelewing, asook die misplaaste fokus en soeke na identiteit, stuit nie* die voortgang van koninkryksgebeure nie. Kontekstueel stel Matteus die nuwe fokus, naamlik ’n *missionêre* praktyk, terwyl Lukas die *pneumatologiese* verhouding stel wat ’n missionêre praktyk waarborg. Matteus toon in die evangelie hoe Jesus as Immanuel die *beginpunt* van die koninkryk vir alle nasies vestig. Ten spyte van menslike versplintering en eksklusiwiteit in godsdiens-uitlewing, gee Jesus die Groot Opdrag nogtans as *menslike* taak.

Jesus gaan ten spyte van menslike swakheid en ongeloof, *doelgerig* voort. Alle mag dui op die vermoë van God om *gewilligheid* en diens in die mens te bewerkstellig, waardeur *nuwe* toestande geskep word. Sy *indikatiewe* en *imperatiewe* spreke in die superlatiewe vorm, toon sy *onbeperkte, universele soewereiniteit.* Partikularisme word hiermee deur *universalisme* vervang. Die opdrag impliseer ’n *goddelik-menslike* verhouding waar die aktief-menslike aktiwiteit ’n reaksie op die geïnisieerde werk van die Heilige Gees is en op die kerk op aarde gerig is deur *opbou* (*gemeentevorming*) en *uitbou* (*evangelisasie*). Die maak van dissipels dui op die menslike aktiwiteit/proses, met die resultaat dat vrywillige navolging van Jesus Christus in die nuwe navolger/dissipel bewerkstellig word. Navolging word bewerkstellig deur op die *dissipelmaakproses* te fokus. *Stryd* is telkens deel hiervan. Die gevolg is dissipelskap wat *lewenslank* ’n *holistiese leer- en toerustingsproses* behels. Die *doop*-aktiwiteit dui op die simboliese reinigingsritueel in die teenwoordigheid van God en die mens. Dit geskied op grond van bekering en geloof in Jesus Christus as deel van die *dissipelmaakproses.* Die *leer*-aktiwiteit dui op hoëkwaliteit menslike aktiwiteit tydens die *dissipelmaakproses.* Dit geskied deur middel van *taal* en is gerig op leer aangaande Jesus Christus. Die tydsduur en wyse van leer is nie voorskriftelik nie, terwyl die resultaat behoorlike *gedragwyses* behels. Die *onderhou*-aktiwiteit dui op ’n toestand wat deur die mens geïnisieer en volhoubaar gehandhaaf word deur ’n gerigtheid aan die hand van God se gebooie en in ’n gehoorsame gesindheid as deel van die *dissipelmaakproses.* Jesus self gee by nadruk aan elkeen wat die opdrag ter harte neem, die vertroostende *belofte* van bystand. Die belofte is geldig tot en met die *voleinding* van die wêreld.

3.6 Kontekstueel - Hand 1:6-8

Die struktuur en inhoud van Handelinge fokus op die nuwe lewe wat God deur sy Gees in mense uitstort (Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1371, 1372). In hierdie lig verdeel Handelinge in twee hoofdele, naamlik die bediening van Petrus (Hand 1:1-12:24) en die bediening van Paulus (Hand 12:25-28:31). Veral die tweede hoofdeel konsentreer op menslike sendingarbeid en die uitbreiding en groei van die kerk deur die werk van die Heilige Gees. Die opdrag (Hand 1:8) direk voor die hemelvaart van Jesus is die kernvers van die perikoop en maak ook deel uit van die tema van die boek. Die dinamies-ekwivalente vertaling, soos die 1983-Afrikaanse vertaling dit stel, word as basis geneem.

3.6.1 Die gedagteopbou van die perikoop Hand 1:6-8

Die dissipels se vraag

Vers 6: Toe hulle ’n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?”

Jesus se antwoord

Vers 7 a: Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.”

Jesus se belofte (Indikatief)

Hand 1:8 a: Maar julle sal krag ontvang

Tydsaanduiding van beloftevervulling

Vers 8 b: wanneer die Heilige Gees oor julle kom

Opdrag (Imperatief)

Vers 8 c: en julle sal my getuies wees

Uitkringende verspreiding van die evangelie

Vers 8 d: in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld

3.6.2 Bespreking van die perikoop en kernvers

Hand 1:6 en 1:7 handel oor die misplaaste messiasverwagting en die hoop wat steeds onder Jesus se dissipels geleef het, naamlik die daarstel van ’n aardse en nasionale koninkryk. Jesus se antwoord daarenteen, is geleë in sy soewereine besluit (Vosloo & Janse van Rensburg, 1993:1360).

In Hand 1:8 begin Jesus sy “toerustingskursus” vir die nuwe koninkryk. Jesus rus die dissipels self toe deur die belofte en gawe van die Heilige Gees. Deur die Heilige Gees sal hulle krag ontvang. Dit handel oor dit wat hulle ontvang en nie oor wat die dissipels eerstens moet doen nie (Floor, 2007:19; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1375). Die doel van die ontvanggawe is om kragtige werking daar te stel. Deur middel van hierdie kragtige werking ontvang die dissipels die gawe van geloofsgehoorsaamheid (Floor, 2007:19, 20). Hierna is die dissipels in staat om die volgende stap te neem en iets te doen, naamlik om getuies te wees. Getuig dui nie primêr op die praat/vertel van ’n persoonlike ervaring nie, maar eerder op die objektiewe getuig (vgl. Hand 1:22) deur iemand wat persoonlik aanwesig was tydens ’n bepaalde gebeurtenis rakende Jesus Christus (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1375). Bosch (1991:59-63) meen dat Matteus die gelowiges sodanig wou opbou dat geleenthede raakgesien sou word om te getuig en van hulp/diens te wees. ’n Bipolêre orientasie is hierin geleë, naamlik binnetoe (opbou) en buitentoe (uitbou). Opbou is gerig op onderrig, samesyn, nagmaal en gebede, terwyl uitbou gerig is op die wat nog buite is: “inner life of the church is connected to its outer life” (Bosch, 1991:119, 120). Die kernvers behels die opdrag van Jesus om deur dié krag in eie omgewing te getuig en die getuienis dan verder oor die hele aarde te laat uitkring (Bosch, 1991:121; Floor, 2007:19).

3.6.3 Semantiese aspekte van Hand 1:8

Louw & Nida (1993a; 1993b) word gebruik ten einde die semantiek van die kernwoorde in Hand 1:8 te ondersoek.

3.6.3.1 Kernwoord: *krag*

Louw & Nida (1993b:67) gee verklarings van die kernwoord en verbuigings daarvan in 74.1-5, 76.1, 76.7, 37.61, 37.62 en 12.44. Tipering van die kernwoord dui op *bekwaamheid*

(1993a:676), *krag/mag* (1993a:680), *beheers/heers/regeer* (1993a:472, 478) en *bonatuurlike wesens en magte* (1993b:136, 147, 148).

Semantiese veld 74.1 dui op die *vermoë om 'n spesifieke aktiwiteit uit te voer of te beleef* (1993a:676).

- 74.2 dui op *die besit van die vermoë om iets uit te voer.*
- 74.3 dui op die *een wat die vermoë/bekwaamheid besit, naamlik God.*
- 74.4 dui op *spesiale en uitnemende bekwaamheid.*
- 74.5 dui op die *vermoë om 'n spesifieke aktiwiteit suksesvol uit te voer of te beleef.*
- 76.1 dui op *die moontlikheid/potensiaal om druk/mag/krag uit te oefen om 'n sekere funksie te verrig* (1993a:680). Die semantiese velde wat tussen 76.1 en 76.7 is en nie deur Louw & Nida (1993b) aangegee is nie, dui op *die manifestering van groot krag van 'n persoon,'n bonatuurlike wese of van iemand wat kragmanifestasie 'n moontlikheid maak.* Die kragmanifestasie kan ook figuurlik beskou word of as die gesag/mag om te heers.
- 76.7 dui op 'n *ontsaglike/kragtige/magtige daad wat van groot krag getuig en wat bonatuurlike wonderwerking insluit.*
- Semantiese veld 37.61 dui op *heerser/die een wat regeer* (1993a:479).
- 37.62 dui op *iemand wat ander kan beveel*.
- 12.44 as semantiese veld dui op *bonatuurlike magte/kragte wat 'n spesifieke rol speel in beheersing/bepaling van menslike wesens se aktiwiteite en eindbestemming.*

(Vgl. ook Bosch, 1991:114)

3.6.3.2 Kernwoord: *Heilige Gees*

Louw & Nida (1993b:200) gee die volgende semantiese velde aan ter verklaring van die kernwoord: 12.18, 12.20, 12.21, 12.33, 12.37-39, 12.42, 12.44, 14.4, 23.109, 23.110, 23.186, 25.73, 26.9, 26.10, 30.76, 33.17, 33.286, 41.40, 79.3, 79.6, 88.57. Tipering van die kernwoord is uitgebreid en oorvleueling vind plaas (1993a:460). Tipering dui op *bonatuurlike wesens en kragte* (1993a:136), *fisiologiese prosesse en toestande* (1993a:248), *gesindhede en emosies* (1993a:288), *fisiologiese vermoëns* (1993a:320), *dink* (1993a:349),

kommunikasie (1993a:388*), gedrag en verbandhoudende toestande* (1993a:504), *kenmerke van voorwerpe* (1993a:694), *asook morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (1993a:742).

- Semantiese velde 12.18 en 12.20 sorteer onder die subdomein *bonatuurlike wesens* (1993a:137-143). 12.18 verklaar die kernwoord as die *derde persoon van die Drie-eenheid, ook bekend as die Gees van God of Heilige Gees.* Om verwarring op semantiese vlak te beperk, word *gees* in vergelyking met Gees verklaar as die *onsigbare, asem, die niefisiese (ook van 'n mens), skadu of wind.* Verdere omskrywings van die Gees word gegee ter wille van duideliker verklaring: *heilige/verhewe,* asook die beskrywing van die natuur van die aktiwiteit: *Gees van God, Heilige Gees, Ewige Gees, Gees van Waarheid, Gees wat waarheid kommunikeer, Gees van heerlikheid, wonderbare Gees, Gees van lewe of wat lewe bring, Gees wat mense laat lewe, die Gees wat mens kind van God maak, Gees van genade, Gees wat goedheid uitdeel, Gees van wysheid en openbaring, Gees wat wysheid gee en wat God openbaar, Gees wat ons wys maak en wat ons wys hoe God is.*
- 12.19 (1993a:460) word nie in Louw & Nida (1993b) ter verklaring van die kernwoord aangegee nie, maar bied tog verklarende inligting, byvoorbeeld: die Gees help, vertroos, bemoedig, tree in. Volgens die beskrywing is dit egter 'n eienskap plus verdere/meerdere kwaliteite. Alle eienskappe is egter altyd slegs gedeeltelik beskrywend van die wese van die Heilige Gees.
- 12.20 dui op die *mens wat geestelik is en deur die Gees beheer word* (1993a:143).
- 12.21 as verboë vorm van die kernwoord dui op *die een wat geestelik is.* Dit hou verder ook verband met dit wat *voortspruit of uitgaan van die Gees, byvoorbeeld. gawes, voordele, leringe, seën, geestelike liedere.*
- 12.33 (1993a:145) dui bloot op die *niefisiese en bonatuurlike eienskappe van 'n gees.*
- 12.37-12.39 (1993a:146, 147) dui op die bestaan van *bose geeste.*
- 12.42 (1993a:147) dui gees aan as *spook.*
- 12.44 (1993a:148, 149) dui op bonatuurlike *magte/krag/gesag/heerserskap wat 'n spesifieke rol speel in die beheer van menslike aktiwiteite.*

- 14.4 (1993a:167) verklaar die begrip as *wind wat dui op lug wat relatief bewegend is,* maar sonder verduideliking oor die krag van die beweging.
- Tipering van die volgende semantiese veld sorteer onder *fisiologiese prosesse en toestande* (1993a:248). 23.109 en 23.110 (1993a:266) val onder die subdomein *lewe*/*dood* (1993a:261). Die begrip word idiomaties verklaar, naamlik dat die *gees oorgegee word met die betekenis dat sterwe intree.*
- 23.186 (1993a:248, 274) val onder die subdomein *asemhaal/asem* en lê die klem in die semantiese veld op die fisiese asem wat deur asemhaling van die longe af kom.
- 25.73 word getipeer deur *gesindhede en emosies* (1993a:288). Die subdomein (1993a:297) fokus op *ywer en toewyding*. Die semantiese veld dui die idiomatiese gebruik van die begrip aan, naamlik *om die gees te kook.* Die betekenis wat aangetoon word, is om met *heelhartige entoesiasme toegewy te wees ten opsigte van 'n saak.*
- Tipering van semantiese veld 26.9 (1993a:323) sorteer onder psigologiese prosesse (1993a:320) en dui op die *niemateriële,* asook op *sielkundige aspekte wat sensitief en responsief is teenoor God.* Die begrip kan ook dui op *die spirituele, geestelike natuur, innerlike wese of in die gees* (vgl. ook 26.10). In sommige gevalle verwys die begrip na *dit wat nie sterf nie of na die onsigbare persoon. Die onderskeid word ook gemaak tussen die gees tydens lewe op aarde en die gees na afsterwe.*
- Tipering van die semantiese veld 30.6 (1993a:350) sorteer onder *dink* (1993a:349). Semanties dui dit op *'n verband met die innerlike wese en die gesindheid van hoe die persoon dink,* byvoorbeeld in *sagmoedigheid.*
- 30.76 (1993a:358) sorteer onder die subdomein om te *besluit/konkludeer* (1993a:359). Die verklaring fokus op die *maak van 'n besluit.*
- Tipering van die semantiese veld 33.17 (1993a:391) sorteer onder *kommunikasie* (1993a:388). Die semantiese veld toon figuurlike of allegoriese gebruik aan.
- 33.286 (1993a:421) dui *met sekerheid/belofte aan wat gedoen moet word.*
- Tipering van semantiese veld 41.40 (1993a:509) sorteer onder *gedrag en verbandhoudende toestande* (1993a:507) en die subdomein (1993a:507) fokus op *spesifieke gedragspatron*e. Die semantiese veld toon die *lewenswyse, wat beheer word, of gerig word, deur God se Gees.*

- Tipering van semantiese velde 79.3 (1993a:694) en 79.6 (1993a:695) sorteer onder *kenmerke van voorwerpe* (1993a:694). Die onderskeie subdomeine fokus op die *fisiese en spirituele kenmerke* (1993a:694) en die *menslik natuurlike en spirituele* (1993a:659). 79.3 as semantiese veld fokus nie op *die fisiese of materiële nie, maar wel op die spirituele/geestelike.*
- 79.6 as semantiese veld fokus op *die bonatuurlike met God as die bron.*
- Tipering van semantiese veld 88.57 (1993a:749) sorteer onder *morele en etiese kwaliteite en verwante gedrag* (1993a:742). Die subdomein fokus op *nederigheid* (1993a:748). Die fokus van die semantiese veld val op *nederigheid en afhanklikheid van die mens rakende sy eie vermoë.*

3.6.3.2.1 Aanvullende begrippe: *ruag, pneuma en nous*

Vervolgens word aanvullende begrippe by die kernwoord *krag* en *Gees* ondersoek, by name *ruag, pneuma en nous,* asook *exousia* en *thronos.*

In die Ou Testament: Die Hebreeuse woord, *ruag,* kom in die Ou Testament 389 keer voor (Wentsel, 1995:78-84). ’n Verskeidenheid gebruike van die woord word beide deur Scheepers (Moule, 2000:8) en Harris, Archer & Waltke (1981:836, 837) gestel, naamlik as *wind,* as *kosmiese verskynsel,* as *lewensasem* van die mens en dier, as *bonatuurlike* onheil- of heilbewerkende *mag,* of as *wind/asem/gees van Jahweh.* As kosmiese verskynsel word *ruag* gelykgestel aan *wind, krag* of *gees. Ruag* word meesal gebruik as die *Gees/asem* van God, of word *Heilige Gees* genoem. God is die besitter van die Gees, maar ook die bewerker van die sending van die Gees. Verder dui dit ook op die aanwesigheid van Jahweh self wat sigbaar, transendent of soms plotseling in verskyning is, maar ook in werksaamheid bestendig is. Hierdie Gees is werksaam in elke persoon. Jahweh stuur sy Gees/asem na die geroepene toe, maar ook in die geroepene as dié se *gedagtes/denke (Engels: mind),* sodat kragdadig gewerk kan word. Die Gees is nie net ’n krag nie, dis Jahweh self: *ruag Jahweh* is die Heilige Gees.

In die Nuwe Testament: In die Nuwe Testament word tydens Pinkster dieselfde hoedanighede vertoon as waarvan die Ou Testament melding maak. Die Gees is ’n gawe, maar werk terselfdertyd ook selfstandig. Die Gees word middelik uitgedeel met die oog op die opbou van die gemeente, sodanig dat die gemeentelede toegerus word met *charismata*.

Ruag/*Gees* besit in albei testamente dieselfde identiteit, naamlik Jahweh/God met ons. Moule (2000:8, 9) gaan van die standpunt uit dat die gebruik van die woord, *Gees,* bloot as metafoor gesien kan word. Moule trek die interpretasie van *ruag*/*pneuma* (Hebreeus/Grieks) so ver deur te stel dat die mens se gees nie inherent syne is nie, maar dat dit in der waarheid God se Gees in hom is. Die Griekse woord, *nous,* wat in Engels as *mind* (Afrikaans: *rasionele*/*denke*/*gedagte*) aangegee word, sien Moule as 'n variasie vir *gees*. Die variasie dui, aldus Moule, op die mens wat die *mind* van Christus het. Die interpretasie kan Bybels verantwoord word deur Rom 8:16: "*Hierdie Gees getuig saam met die gelowige se gees dat hulle kinders van God is.*"

Deur die hele Woord gaan die Gees van die Vader en die Seun uit, maar as derde persoon van die Drie-eenheid, verrig die Gees spesifieke eiesoortighede (Wentsel, 1995: 129, 130, 133, 137). Al die begrippe dui op die feit dat ook die mens die Gees/asem van God in hom het. Derhalwe is die mens *geskik* om die boodskap van God uit te dra (Moule, 2000:11).

Pneuma: Louw en Nida (1993b:200) gee semantiese velde 12.18, 12.33, 12.38, 12.39, 12.42, 14.4, 23.109, 23.110, 23.186, 25.73, 26.9, 30.6, 30.76, 33.285 en 88.57 aan wat onderskeidelik getipeer word as *bonatuurlike wesens en kragte* (1993a:136), *fisiese gebeure en toestande* (1993a:166), *fisiologiese prosesse en toestande: lewe en dood, asem/asemhaal* (1993a:248), *gesindhede en emosies: toegewydheid* (1993a:288), *psigologiese prosesse* (1993a:320), *dink/oordeel* (1993a:349), *kommunikasie*: toekomsvoorspelling (1993a:389) en *morele en etiese eienskappe en verbandhoudende gedrag* (1993a:742).

- 12.18 dui op die Heilige Gees
- 12.33 dui op Gees
- 12.38 en 12.39 dui op 'n bose/onsuiwer gees
- 12.42 dui op 'n spook
- 14.4 dui op wind
- 23.109 en 23.110 dui op sterwe
- 23.186 dui op asem
- 25.73 dui op entoesiasme
- 26.9 dui op innerlike wese
- 30.6 dui op 'n wyse van dink
- 30.76 dui op 'n besluit

- 33.285 dui op ’n fortuinverteller
- 88.57 dui op nederigheid

Nous: Louw & Nida (1993b:170) gee semantiese velde 26.14, 27.49 en 30.5 aan wat onderskeidelik getipeer word as *psigologiese prosesse* (1993a:320), *leer* (1993a:325) en *dink* (1993a:349).

- 26.14 dui op gedagtes/denke
- 27.49 dui op die rede as ’n oop gesindheid
- 30.5 dui op hoe gedink word

Ruag en *pneuma* kan dui op ’n positiewe gees, naamlik die Heilige Gees, maar kan ook verwys na ’n negatiewe gees soos ’n bose gees, ’n spook of fortuinvertelling. Dit verwys na *wind*/*asem* wat lewe gee of neem (sterwe), of na innerlike wesenseienskappe, *soos denke, besluitneming, entoesiasme en nederigheid. Nous* verwys na ’n oop denkwyse.

3.6.3.2.2 Aanvullende begrip by kernwoord *Gees*: *outoriteit/gesag/mag (Exousia)*

Louw & Nida (1993b:92) gee semantiese velde 37.35-37.38, 37.13, 76.12, 12.44 en 30.122 aan wat onderskeidelik getipeer word as *die uitoefening van gesag* (1993a:476, 477), *beheer* (1993a:472), *mag* (1993a:681), *bonatuurlike magte* (1993a:147) en om te *dink/oordeel* (1993a:349).

- 37.35 dui op die *reg/gesag om te heers*
- 37.36 dui op die *gebied waaroor gesag uitgeoefen word*
- 37.37 dui op die *simbool van gesag*
- 37.38 dui op die *persoon wat die gesag het om te heers*
- 37.13 dui op ’n *toestand van beheer/gesag oor iets/iemand*
- 76.12 dui op die *mag wat iemand het om iets te doen*
- 12.44 dui op die uitgebreide figuurlike gebruik, naamlik ’n *bonatuurlike mag wat ’n spesifieke rol speel in die beheer van, asook in die aktiwiteite van die mens.* Die magte en kragte kan na God of na die bose verwys, dus enige soort bonatuurlike mag.

  30.122 dui op die *reg en die potensiaal om te evalueer/oordeel.*

  (vgl. Bosch, 1991:38)

3.6.3.2.3 Aanvullende begrip by kernwoord *Gees*: *Troon* (*Thronos*)

Louw & Nida (1993b:120) gee semantiese velde 6.112, 37.70-37.72 en 12.44 aan wat onderskeidelik getipeer word onder *meubels* (1993a:67), *heers* (1993a:481, 482) en *bonatuurlike magte* (1993a:147, 148).

- 6.112 dui letterlik op *'n fyn afgewerkte stoel waarop 'n heerser sit vir amptelike geleenthede*
- 37.70 dui op figuurlike gebruik, naamlik *koninklike mag wat kan dui op 'n aardse of bonatuurlike heerser*
- 37.71 dui op *'n magsposisie met gepaardgaande gesag*
- 37.72 dui op die *plek waarvandaan gesag uitgeoefen word*
- 12.44 dui op die uitgebreide figuurlike gebruik, naamlik *'n bonatuurlike mag wat 'n spesifieke rol speel in die beheer van, asook in die aktiwiteite van die mens.* Die magte en kragte kan na God of na die bose verwys, dus enige soort bonatuurlike mag.

3.6.3.3 Kernwoord: *getuies wees*

Louw & Nida (1993b:157) gee semantiese velde 33.223, 33.262-33.265, 33.270 en 33.319 aan onder die tipering *kommunikasie* (1993a:388), asook semantiese veld 20.67 wat getipeer word onder *geweld, skade, vernietig, doodmaak* (1993a:228).

- Die subdomein fokus op *getuig*/*getuie wees* (1993a:418). 33.223 dui op *verklaar*/*getuig* (1993a:413), sodanig dat *'n ernstige verklaring plaasvind op die basis van veronderstelde persoonlike kennis.*
- Semantiese veld 33.262 dui op *'n mens/spreker wat direkte kennis besit en dié inligting dan verskaf.*
- 33.263 dui op *woorde wat geuiter word op grond van persoonlike ervaring en die doel van die gesprek is om goed van iemand te praat, om goed te keur of om te beïndruk.*
- 33.264 dui op *getuienis*, met ander woorde die *inhoud waarvan getuig* word.
- 33.265 dui op *reputasie en wat ander persone sê oor 'n persoon op die basis van die persoon se gedrag.*

- Semantiese veld 33.270 (1993a: 419) is ’n afleiding van die kernwoord en dui *op ’n persoon wat getuig, moontlik in die teenwoordigheid van twee of drie ander persone sodat die getuienis vasstaan* (juridies).
- 33.319 dui op *aandring* (1993a:425) *op sodanige wyse dat die opinie/begeerte met nadruk/emfaties gestel word.*
- Semantiese veld 20.67 dui op *’n persoon wat die lewe ontneem is/martelaar is as gevolg van geloofsgetuienis* (1993a:236). (Vgl. ook Barret *et al*, 2001:11).

Getuie wees dui ook op die kerk as feilbare mense wat in hulself swak is en gedurig afhanklik is van bemagtiging deur die Gees (Bosch, 1991:50, 116).

3.6.3.4 Kernwoord: uithoeke van die wêreld

Louw en Nida (1993b:106) gee semantiese velde 61.13 en 87.66 aan wat onderskeidelik getipeer word onder *opvolging* (1993a:610) en *status* (1993a:734). 61.13 dui op die feit dat die *saak onder bespreking laaste is van ’n reeks opgenoemde sake.*

- Semantiese veld 87.66 stel dat die kernwoord dui op *die heel laagste status/mins belangrike* (1993a:740).

3.6.4 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Hand 1:8

Die *Heilige Gees*, as derde persoon van die Drie-eenheid, *bewerk aksie* in menslike aktiwiteite deur *bonatuurlike* beheer. Die gesindheid van dié in wie die Gees werk (geestelike mens), *fokus positief responsief* op die niefisiese by wyse van die *kommunikasieproses* en vertoon *Godgerigte uitlewingspatrone*. Uit hoofde van God se *oorgedraagde outoriteit aan die mens*, besit die geestelike mens die mag/gesag/outoriteit en dus regmatige *vryheid*, om sy denkgesindheid, aktiwiteite en uitlewingspatrone uit te oefen. *Getuie wees* dui op (’n) mens(e) wat op grond van persoonlike kennis op ernstige, positiewe wyse inligting gee rakende ’n ander saak/persoon (juridies). Hierdie inligting kan negatiewe gevolge meebring, soos stryd en martelaarskap. Hierdie optrede is *wêreldwyd* geldig ongeag *stand-* en *statusverskille*.

3.7 Samevattende konklusie: Kontekstueel - Mat 28:16-20 en Hand 1:8 en krimpende kerke

Mat 28:16-20, asook Hand 1:6-8, toon dat Jesus *doelgerig* voortgaan, ten spyte van die Jode se *eksklusiewe* godsdiensbeskouing, hul sosiohistories *versplinterde* opset en *soeke na identiteit*, hul sosiopolitieke en patrioties-nasionalistiese *lewensbeskouing*, die Joodse volk se *misplaaste* messiasverwagting, asook die misplaaste *fokus*, of oënskynlike *ongeloof* rakende Jesus se verlossingsplan. Die voortgang van die koninkryk word *nie deur menslike faktore gestuit nie*.

Die *goddelik-menslike* verhouding kom in albei die teksgedeeltes na vore deur die *indikatief* en *imperatief*. Die opdrag impliseer ’n *goddelik-menslike verhouding*, waar die *aktiewe, menslike aktiwiteit ’n reaksie* op die *geïnisieerde werk van die Heilige Gees* is en op die kerk op aarde gerig is deur *opbou* (*interne aktiwiteit: gemeentevorming) en uitbou (eksterne aktiwiteit: evangelisasie/sending*). Die *kom*- en *gaanbevel* (Mat 28:16-20) dui onderskeidelik op *interne en eksterne aktiwiteit.* Hand 1:8 toon dieselfde struktuur, deurdat die mens eers die *belofte* van die Gees *ontvang* (*kom*) en dat die aktiewe, menslike aktiwiteit daarna deur die *getuigbevel* (*gaan*) volg.

Alle mag en *krag ontvang* dui op die *ontsaglike vermoë* van God om *gewilligheid* en diens in die mens te bewerkstellig, waardeur *nuwe* toestande geskep word. Sy *indikatiewe en imperatiewe* spreke in die superlatiewe vorm toon sy *onbeperkte, universele soewereiniteit*. Partikularisme word hiermee deur *universalisme* vervang.

Mat 28:18-20: *Maak dissipels* dui op die menslike aktiwiteit/proses met die resultaat dat gehoorsaamheid, oorgegewenheid en vrywillige navolging van Jesus Christus in die nuwe navolger/dissipel bewerkstellig word. Navolging word bewerkstellig deur te fokus op die dissipelmaakproses. Stryd is telkens deel van die aktiwiteit/proses. Die gevolg is dissipelskap, wat ’n toegewyde, lewenslange, holistiese leer- en toerustingsproses begin. Dit lei tot nuwe gedragswyses. *Doop hulle* dui op die simboliese reinigingsritueel in die teenwoordigheid van God en die mens. Dit geskied op grond van bekering en geloof in Jesus Christus en maak deel uit van die dissipelmaakproses. *Leer hulle* dui op hoëkwaliteit, menslike aktiwiteit tydens die dissipelmaakproses. Leer is aangaande Jesus Christus en dit geskied deur middel van taal en bevoegde menslike aksie. Die tydsduur en wyse van leer is

nie voorskriftelik nie, terwyl die resultaat behoorlike gedragwyses behels. *Onderhou* dui op ’n toestand wat deur die mens geïnisieer en volhoubaar gehandhaaf word. Dit geskied deur ’n gerigtheid op God se gebooie en ’n gehoorsame gesindheid. Jesus self gee by nadruk aan elkeen wat die opdrag ter harte neem, die vertroostende *belofte* van bystand. Die belofte is geldig tot en met die voleinding van die wêreld.

Die *Heilige Gees*, as derde persoon van die Drie-eenheid, *bewerk aksie* in menslike aktiwiteite deur *bonatuurlike* beheer. Die gesindheid van dié in wie die Gees werk (geestelike mens), *fokus positief responsief* op die niefisiese by wyse van die *kommunikasieproses* en vertoon *Godgerigte uitlewingspatrone*. Uit hoofde van God se *oorgedraagde outoriteit aan die mens*, besit die geestelike mens die mag/gesag/outoriteit en dus regmatige *vryheid*, om sy denkgesindheid, aktiwiteite en uitlewingspatrone uit te oefen. *Getuie wees* dui op (’n) mens(e) wat op grond van persoonlike kennis op ernstige, positiewe wyse inligting gee rakende ’n ander saak/persoon (juridies). Hierdie inligting kan negatiewe gevolge meebring, soos stryd en martelaarskap. Hierdie optrede is *wêreldwyd* geldig ongeag *stand*- en *statusverskille*.

In die lig van die Groot Opdrag in Mat 28:18-20 is die volgende ter sprake rakende ***kerkkrimping***: Jesus se werk gaan *doelgerig* voort en sy onbeperkte, universele *soewereiniteit* word nie deur die volgende menslike *swakhede* gekniehalter nie: menslike *ongeloof* en *onwilligheid* in navolging, soeke na *identiteit*, *gebrek* aan diensvaardigheid, *passiwiteit* rakende die werk van die Heilige Gees, passiewe *goddelik-menslike* verhouding, passiewe menslike aktiwiteit rakende *gemeentebou* (opbou) en *evangelisasie* (uitbou), *misplaaste fokus* rakende die *dissipelmaakproses*, vermyding van *stryd*, *passiwiteit* in dissipelskap wat uitloop op beperkte/geen toerusting of beperkte/geen leer vir die res van sy/haar lewe nie, passief teenoor wêreldwye nood, vormgodsdiens, lae kwaliteit tydens die leerproses, voorskriftelikheid, onbehoorlike gedragwyses, *gebrek* aan ’n volhoubare geloofslewe, gebrek aan gerigtheid deur God se gebooie en ongehoorsaamheid. Jesus se *belofte* van bystand is egter steeds geldig. Die *goddelike indikatief* van die sendingopdrag is *aktief en geldig*, terwyl die *menslike imperatief* weens menslike swakhede, *passief* skyn te wees. Kerkkrimping as menslike tendens sorteer hieronder.

3.8 Indikatiewe kernbegrippe

Om ’n in-diepte hermeneutiese beoordeling van die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika daar te stel, is dit nodig om die kernbegrippe in die indikatief - wat in albei gegewe tekste kontekstueel nagegaan is (vgl. 3.7) - verder aan die hand van resente bronne te ondersoek. Aangesien God die inisiërende/motoriese moment in die aktiwiteit deur die werking van die Heilige Gees daarstel, is dit van belang om die Gees se wese, doel en werkswyse na te gaan, sodat tot behoorlike verstaan van dié kernbegrip gekom kan word. Ter wille van die volledigheid van ’n gereformeerde hermeneutiese ondersoek, word die verbond, as onontbeerlike interpretasiepatroon (vgl. Bosch, 1991:19; Pieterse, 2010:3, 4), by die ondersoek geïntegreer.

In die praktyk, waar die gelowige mens deel is van die verbondsaktiwiteit, manifesteer verskillende interpretasies en benaderings op God se inisiatiewe. Aangesien hierdie ondersoek vanuit die gereformeerde interpretasie/tradisie geskied, is dit nodig om ooreenkomste en verskille van die ander belangrikste beïnvloedende interpretasiestroom, naamlik die charismatiese stroom, aan te dui. Na aanleiding hiervan kan die invloed van dié stroom op die teendeel van kerkgroei, naamlik kerkkrimping binne die tradisionele stroom, verstaan word.

Ter afronding van hierdie afdeling (3.8) word samevattende konklusies rakende die indikatiewe kernbegrippe van die Groot Opdrag gemaak; beoordeling van kerkkrimping word dan aan die hand van dié konklusies gedoen. Ten slotte volg die finale konklusie in formulering van die hermeneutiese komponent rakende die Groot Opdrag en kerkkrimping.

Ten einde die indikatiewe kernbegrippe te ondersoek en in verband te bring met kerkkrimping, word op die volgende vrae gefokus:

3.8.1 Wat beteken die *krag van die Heilige Gees*?

3.8.2 Wat is die *doel van die Heilige Gees* se werk?

3.8.3 Wat is *die werkswyse van die Heilige Gees*?

3.8.1 Wat beteken die krag/mag van die Heilige Gees?

Met Pinkster het die oorgang van die ou aeon (bedeling) na die nuwe aeon aangebreek. Die nuwe aeon is die tydperk wanneer die koninkryk van God met krag kom, waar die Heilige Gees in en deur mense deur die Woord werk (Bosch, 1991: 32; Park, 2005:12, 19, 21) (vgl. 3.5.3-3.6.4, 3.7). Skematies kan die oorgang van die vorige bedeling na die nuwe bedeling, soos volg voorgestel word:



In die oorgangstyd tussen die twee bedelings realiseer die imperatief deurdat die Groot Opdrag uitgevoer word deur prediking van die Woord (kommunikatief).

3.8.1.1 Die krag van die Heilige Gees en menslike voorbereiding, prediking, die homiletiese proses en die prediker

Die *krag van die Heilige Gees* is voor Woordverkondiging aan die werk deur die homiletiese proses, waar voorbereiding vir die verkondiging deur die mens as prediker, plaasvind. Terselfdertyd vind voorbereiding in die prediker self ook plaas deur die Gees (Burger, 1999:17; Calvyn, 1984:160; Dijk, sa:238; Douma, 2000:313).

Die *krag van die Heilige Gees* kom tot verwerkliking deur die menslike aktiwiteit, naamlik die prediking van die Woord (kommunikatief). Die Heidelbergse Kategismus fokus in vraag/antwoord 21, 31, 54, 65, 67 en 123 (Psalmboek) op die verband tussen die Heilige Gees en die Woordverkondiging (vgl. Dijkstra, 2007:21). Woordverkondiging bewerk op verborge wyse, deur die werking van die Heilige Gees, 'n kreatiewe oomblik, wat kragtig, verrassend en vernuwend te werk gaan (Douma, 2000:316: Walls, 2002:277).

3.8.1.2 Voorbereiding deur vervul te wees met die Woord

Prediking word vooraf gegaan deur voorbereiding. Voorbereiding word in die Woord, asook in die Heidelbergse Kategismus, vraag/antwoord 116 (Psalmboek) genoem, naamlik dat God die Heilige Gees aan dié gee wat Hom daarom bid. Sodanige gebed is gegrond in die opdrag om vervul te word met die Gees en om Hom daarvoor te dank (vgl. Van Rooy, 2007:14, 15; Ef 5:18, Kol 3:16). 'n Prediker of gemeente wat vol van die Heilige Gees is en die boodskap wil uitdra, toon die voorbereidende werk van die *krag van die Gees.* As 'n prediker/gemeente nie in die uitdra van die evangelie belangstel nie, is en word die Gees teëgestaan en kan mettertyd uitgeblus word. In sodanige geval neig die Heilige Gees om nie meer kragtig in daardie prediker/gemeente te werk nie. Die Gees berei sodanige persone, weens gebrek aan belangstelling, ook nie meer so daadkragtig voor nie. Die resultaat is dat diegene kwyn of afvallig raak. Geeneen kan oorleef sonder die *krag van die Gees* nie. Die teendeel, naamlik om vol van die Gees te wees, dui op vol wees van die Woord, deur *"Daar staan geskrywe"* te kan aanhaal. Deur die Woord en die *krag van die Gees* word die mens voorberei en bemagtig om die Woord met krag, insig, oortuiging en vrymoedigheid te hanteer.

3.8.1.3 Die strome en die *krag van die Gees*

Die Woord word deur die tradisionele en charismatiese strome as primêre instrument beskou (vgl. 3.8.1.2; Green, 2004:54, 55, 85, 286, 288). Green, as charismaat, stel egter terselfdertyd dat die Gees steeds voortdurend direk tot die mens spreek. Charismatiese gelowiges is gevolglik uit op *meer* as net die gepredikte Woord. Hulle fokus op *krag as vertoning* en nie soseer op Jesus, as die krag deur die Heilige Gees nie. Sigbare tekens word gesien as die krag en deur hierdie kragervaring word sekerheid gebou. Die fokus word op hierdie wyse van Jesus af weggedraai. In die wetenskappe en in die kerklike lewe, sê dié stroom 'n groter plek toe aan die *krag van die Heilige Gees* as in die tradisionele stroom. Met hierdie uitgangspunt trek die charismatiese stroom 'n streep deur die streepteologie[1] wat oorwegend deur

hoofstroomkerke voorgestaan word. Die charismatiese stroom se uitgangspunt rakende die *krag van die Heilige Gees* word derhalwe op die sogenaamde lynteologie[2] begrond (Wentsel, 1995:55, 520).

Alhoewel etikettering van die strome, na aanleiding van die siening rakende gawes (charismata) van die Gees tussen die twee strome bestaan, behoort dié kragtige werking egter altyd met eerbiedige omsigtigheid bejeen te word - ook namate die wederkoms naderkom. Na aanleiding van ernstige vermaning deur, onder andere, Ridderbos, Versteeg, Coetzee en Calvyn wat aangehaal word (Floor, 1979:98-100), behoort die bewussyn onder hoofstroomkerke voortdurend opgeskerp te word dat God soewerein is. Dit beteken dat Hy op enige bepaalde tyd weer bepaalde gawes wil en kan gee.

3.8.1.4 Studie oor pneumatologiese werking

Die *krag van die Heilige Gees* as studie-onderwerp val blykbaar binne ’n relatiewe grys area. Dit verduidelik moontlik dié onderwerp se graad van moeilikheid, of die graad van belangstelling in die onderwerp. Park (2005:3) meen dat genoegsame studie, veral oor die verband tussen prediking en die kragtige werk van die Heilige Gees, nog nie gedoen is nie. ’n Aantal pneumatologiese studies uit die tradisionele stroom het wel die afgelope dekades die lig gesien waaronder, onder andere, die van Douma, Bohren, Van Ruler, Guttemanns, Grabe en McLaren. Laasgenoemde twee studies het op ’n ander aspek van krag gefokus, naamlik krag as swakheid.

3.8.1.4.1 Swakheid as krag

Dunamis word, onder andere, deur Grabe (1994:152-154) gesien as die allesoortreffende krag van God deur die Heilige Gees te midde van ’n gebroke aardse bestel. Hiermee weerspreek hy Guttemanns se uitgangspunt wat stel dat kragwerking as *swakheid* gesien moet word. Grabe verskuif die klem met reg deur te noem dat die krag van die Gees getoon word *te midde* van menslike swakheid. Die *swakheid* is dus nie identies sinoniem met *dunamis* nie, maar dui op die *werksplek* waar die *krag van God deur die Gees* getoon word (I Kor 1:25; II Kor 11:30; II Kor 12: 9, 10). Hy begrond sy uitgangspunt deur te verwys na Paulus wat in die Korintiërbriewe die spanning toon deur die *kruis* (swakheid) en die *opstanding* (kragtige triomf). Jenkins (2007:261) maak soos volg melding van dié kontrasterende kenmerk van die Christelike geloof:

"Christianity demonstrates a breathtaking ability to transform weakness into strength."

Wanneer Jesus se optredes nader beskou word, is dit duidelik dat hy met diegene meng met wie nie graag gemeng wil word nie. Die gesiene persone in die samelewing beskou dit as 'n swakheid rakende Jesus. Die bergprediking van Jesus neig selfs tot naïewiteit en 'n totaal onrealistiese benadering van die lewe. Die goeie boodskap vertoon uiters oneffektief en swak. Juis deur dié radikaal anderse manier om die lewe te benader, wil Jesus verandering bewerkstellig. Deur die paradoksale te beklemtoon word die koninkryk van God bekendgestel. Jesus is die voorbeeld van swakheid: sy bediening het misluk (kruisiging) sodat hy kon oorwin (opstanding). Die effek van die swakheid ontwikkel tot 'n krag. Die onaansienlike boodskap beweeg in stilte/swakheid, so onaansienlik soos suurdeeg of 'n plant in die grond (Mat 13). Dit rys en groei met 'n rewolusionêr anderse resultaat as waarmee begin is (McLaren, 2006:32, 69, 70). McLaren verwoord dit soos volg (2006:70):

> "What if our only hope lies in this impossible paradox: the only way the kingdom of God can be strong in a truly liberating way is through a scandalous, noncoercive kind of weakness; the only way it can be powerful is through astonishing vulnerability; the only way it can live is by dying; the only way it can succeed is by failing?"

Indien die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke" tekens van mislukking herken, is dit genoegsame rede om intensief ondersoek te doen, die hindernisse as van die bose teë te staan en sodoende mee te werk in die koms van die koninkryk (vgl. 1 Kor 1:18-25).

3.8.2 Doel van die Heilige Gees

Die tweede vraag wat beantwoord moet word in die lig van hierdie ondersoek is wat die doel van die Heilige Gees is soos Jesus dit in die Groot Opdrag stel (Hand 1:8). Die doel met die ontvang van *krag* is duidelik nie enkelvoudig of eenvoudig nie, alhoewel dit wel eksplisiet en definieerbaar is. Die doelstelling(s) van *krag* het 'n ontvang-/beginpunt, naamlik die uitstorting van die Heilige Gees, maar ook 'n eindpunt, naamlik die wederkoms wanneer die doelstelling(s) bereik word. Tussen hierdie twee punte is 'n agttal bakens, wat apart of op vervlegte wyse verwesenlik moet word, sodat die uiteindelike doel van die Heilige Gees bereik kan word.

3.8.2.1 Prediking

Die hoofdoel met die gee van die Groot Opdrag deur die gekruisigde en opgestane Christus, is intensionele prediking oor die gekruisigde en opgestane Christus. Dit is die uitgangspunt van beide die tradisionele- en charismatiese strome (Green, 2004:85; Park, 2005:21, 201 ev.; Venter, 2006:217-237; Warren, 2005:173). Deur prediking word die kragstroom vanaf Christus deur die Heilige Gees in werking gestel (vgl. 3.8.3; Pieterse, 2010:3). Deurdat identifikasie met Christus geskied, word Christosentriese prediking daargestel (De Klerk, 1999:167; Venter, 2006:226). Prediking betrek die prediker en luisteraar by ’n proses, waar die Gees die bedoeling het om verandering teweeg te bring deur volgens die beeld van Christus te herskep (Bosch, 1991:11; De Klerk, 1999:169; Douma, 2000:315; Meyer, 2002:45; Park, 2005:14; Pretorius, 2005:1345-1346). Green (2004:288) as charismaat, poog prediking ook hoog aan te slaan, maar voeg voortdurend by dat die element van Christus-plus in die stroom van toepassing is.

In die tradisionele stroom behels prediking as die doel van die Gees slegs verlossing uit verlorenheid, wat verder lei tot toe-eiening van die heil in Christus (De Klerk, 1999:165-186; Wentsel, 1995:151, 152, 198, 206). Die Groot Opdrag was die motoriese moment van die missionêre predikingproses en elke aspek moet herdefinieer word in hierdie terme (Bosch, 1991:9). Vir die predikingproses self is daar aan die mens geen vaste reëls of punt-vir-punt voorgestelde metodes gegee nie; slegs die opdrag om deur die gebruik van menslike taal, deur kommunikasie, die doel van Mat 28:19, 20 gehoorsaam na te streef (Bosch, 1991:9, 11). Die manier van prediking word soos volg deur Perkins (Park, 2005:202) verwoord:

> “Plain preaching, with rhetorical effectiveness, resembles the work of the Spirit, who speaks God’s grace plainly and who uses excellent rhetorical divices. The prime characteristic of plain preaching is practical and experimental preaching. It not only directs understanding, but it also speaks to the conscience and hearts of the hearers. Here the preacher’s experience is deeply involved in preaching. The goal of the preacher is that God’s message must be communicated plainly and powerfully in the Spirit”.

Effektiewe prediking word bewerkstellig deur die inwaartse werking na die hart van die mens deur die uitwaartse woordbediening (vgl. Fraker & Spears, 1996:48; Park, 2005:199, 567). Perkins, soos aangehaal deur Park (2005:200), beklemtoon ook die regte manier hoe na

prediking geluister moet word, naamlik aandagtig, eerbiedig en in onderwerping aan die Woord.

Die voorbereiding van die prediker (vgl. ook 3.8.1.1 en 3.8.1.2), hetsy deur teoretiese opleiding of praktiese ervaring, is vir hierdie doel van belang, aangesien die persoon ook onder die leiding van die Gees lewe. Hierby aansluitend word die prediking gedien deur die voorbereiding (wat die prediking vooraf gaan) en die prediking self, wat onder andere verryk is deur retoriese vaardighede, daaglikse ervarings, metafore en taalvaardighede. Hierdie aspekte is komplemeterend tot die eksegese, meditasie, verduideliking, toepassing en kreatiwiteit wat weer in die prediking na vore kom (Douma, 2000:Hf. 4-13; Park, 2005:202, 203; Williams, 2005:567-572). In die menslike aktiwiteit begin prediking altyd by Skriflesing, waar God regstreeks aan die Woord is. Die regstreekse spreke van God kom na vore in *theopneustos,* wat dui op die asem van, of inspirering deur God (De Klerk, 1999:167), geanker in die pneumatologiese geloofverbondenheid van Christus (De Wet, 2006:645; Pieterse, 2010:3, 4). Die Gees van God se doel is derhalwe om deur prediking die mens hier op aarde “de taak der communicatie” te gee (Verkuyl, 1980:21).

Greenleaf (Fraker & Spears, 1996:169, 170-198) stel dat die kwaliteit van opleiding van predikante ’n “leierskrisis” (1996:33) veroorsaak: “The root problem of our times, one that underlies all other social problems, is a failure of religious leadership” (1996:179). Hiervolgens word te veel op akademiese teologie gefokus, terwyl vaardighede, soos leierskap en administrasie, verwaarloos word.

3.8.2.2 Kommunikasie

In die lig van 3.8.2.1 word kommunikasie as die doel van die Groot Opdrag geïmpliseer. Dat die Gees die mens hiertoe bekragtig, benadruk die feit dat die Gees in wese kommunikatief is (Park, 2005:12; Wentsel, 1995:133-135). Op Pinksterdag het die Gees, deur middel van tonge (spraakapparatuur), die kommunikatiewe verhouding tussen die mens en God die Vader en die Seun, geskep en bevestig. Tonge van vuur het taalgrense deurbreek met die doel dat elkeen die Gees as spreekbuis kan verstaan. Die Gees verwyder die afstand tussen Christus en die mens deur as kommunikator self in die mens se hart woning te maak en ’n “heilseconomisch-verbondsmatige communicatieve rol te vervullen omdat Hij in die Triniteit

het verbindende Pneuma is" (parakleet) (vgl. Bosch, 1991:91, 113, 114; Wentsel, 1995:134, 145).

Die feit dat God van taal en kommunikasie ook tussen mense gebruik maak, is in die tweede helfte van die vorige eeu deur, onder andere, Firet (1968:165) en Verkuyl (1980:21) nagevors, terwyl meer resente werk deur Park, Runia, Bohren, Van Ruler, Douma, Forbes, Kinlas, Turner en Asurdia gedoen is (Park, 2005:3). Die yl navorsings-oeste getuig skynbaar van verwaarlosing op die gebied van Pneumatologie (Park, 2005:3).

Die kommunikatiewe-pneumatiese handeling, naamlik evangelieverkondiging deur Woordverkondiging (De Klerk, 1999:167; Park, 2005:12, 201), is die spesifieke doel van herders, predikante, sendelinge en evangeliste (Hierna slegs: prediker). Kommunikasie lê nie in taal opsigself nie, maar in die *mense* wat die taal gebruik (Gilbert & Brock, 1985:14, 15). Die doelwitte van kommunikasie is om vergewing, versoening, verlossing, skuldverwerking, bevryding en 'n ontmoeting binne 'n oop vertrouensverhouding, deur middel van taal, daar te stel (Bosch, 1991:11; Heitink, 1979:280; Lotter, 2005:501).

Alhoewel kommunikasie tussen mense geskied, inisieer God die beweging in kommunikasie deur die Skrif. Skriflesing is die selfkommunikasie van God wat na die mens toe kom. Woorde skep hierna die moontlikheid om daarop te reageer en in kommunikasie met God te verkeer (De Klerk, 1999:171). Dit lei tot beweging in kommunikasie. Lotter (2005:501) stel dat die Heilige Gees as brugbouer 'n dubbele beweging uitvoer. Eerstens is dit die vertikale beweging van God deur Jesus Christus na die gelowige toe. Die tweede beweging is horisontaal deurdat daar beweging tussen die mense is. Die derde beweging is weer vertikaal, deurdat kommunikasie van die mens af terugbeweeg na God toe.

Kommunikasie sonder woorde, naamlik *dade* as kommunikasie, sluit ten nouste hierby aan. Kommunikatiewe dade kan egter ook die krag van prediking verydel, deurdat *selfgesentreerde menslike doelstellings* vir die prediker van groter belang kan word as om die opdrag as doel na te streef (Green, 2004:286; Park, 2005:71-74). Selfgesentreerde doelstellings wat in dade na vore kom, soos onder andere die strewe na dominering, vertoon of selfgerigtheid, blus die *krag van die Gees* en voorkom geslaagde kommunikasie as doel. Dit is geldig in tradisionele en charismatiese kerke.

Genoegsame studie oor kommunikasie as deel van die Groot Opdrag ontbreek skynbaar binne die tradisionele stroom. In die lig van kwynende gemeentes, behoort ’n studie rakende kommunikasie en dade (na aanleiding van die persoonlike eienskappe van predikers), insiggewend te wees.

3.8.2.3 Heiligmaking

Nadat prediking deur middel van kommunikasie plaasgevind het, begin die heiligmakingsproses as doel van die Heilige Gees. Die heiligmakingsproses/ herskeppingsproses begin in die mens deur roeping, wedergeboorte en bekering (Green, 2004:317; Pretorius, 2005:1345; DLR 3, 4, 10, 11; NGB artikel 24 (Psalmboek)). Die nuwe skepsel vervul dan ’n nuwe en permanente geestelike posisie, met die verdere bedoeling om sekerheid van verlossing te ken en uit te leef as deel van die liggaam van Christus (vgl. 3.5.5 - opbou). Lotter (2005:493, 495), Pretorius & De Klerk (2005:166), asook Green (2004:110-118) stel dat die hoogste doel van die werk van die Heilige Gees is om die gelowige te herskep en soos Jesus Christus te laat lyk (vgl. Mat 10:25; Strong, 2007:129). God neem die inisiatief in bereiking van die doel, maar terselfdertyd neem die gelowige in reaksie die verantwoordelikheid op hom/haarself om verder te groei in die eenheid met Jesus Christus (DLR 3,4:12, 16 (Psalmboek); Lotter, 2005:490). In die terminologie van die charismatiese stroom by monde van Green (2004:110-114), word dieselfde ten doel gestel as by die tradisionele stroom, naamlik dat die heiligmaking die proses in *Christusgelykvormigheid* is.

Die menslike aktiwiteit/verantwoordelikheid tot verdieping en groei in heiligmaking is om bewustelik gehoor en uitvoering te gee aan die opdrag in Ef 5:18, naamlik om met die Heilige Gees vervul te word (Green, 2004:917; Van der Spuy, 1998:151, 156). Die *wil* om bewustelik gehoor te gee, word deur die Heilige Gees reeds in die onderbewyssyn gewek. Die wil word dan deur bewuste denke deurgevoer tot aksies/dade wat die verandering/bekering bevestig. Dit is ’n genadehandeling wat permanente verandering daarstel en ’n gevoel van behoort bewerkstellig. Die heiligmaking wat op die regverdigmaking deur Jesus Christus volg, duur tot die tydperk van verheerliking aanbreek (Ihde, 2004:Strong, 2007:445; 52, 59). Verandering deur heiligmaking dui op die dissipelskapproses.

Dissipelskap (vgl. 3.5.3.4 en 3.5.4.2) (Pretorius & De Klerk, 2005:166) behels bemagtiging deur *gawes,* asook die uitlewing daarvan (Green, 2004: Hf. 9/10; Lotter, 2005:497; Meyer, 2002:46; Van Rooy, 2007:16). Dit spruit voort uit die vervulling met die Heilige Gees. Volgens Joh 3:3-8 is dit duidelik dat elke gelowige permanent *gevul* is met die Gees, maar dat dit nie noodwendig beteken dat elke gelowige met die Heilige Gees *vervul* is nie. Om vol van die Gees te wees, is om vol van die Woord te wees. Terselfdertyd is die aktiwiteit daartoe 'n menslike keuse (Van Rooy, 2007:14-16).

Die verhouding tussen die Heilige Gees en die mens se gees is dus hier ter sprake. Die Heilige Gees in die mens is nooit in kompetisie met die menslike gees nie. Die mens is altyd *bewustelik in beheer* van sy gees en denke, terwyl die Heilige Gees terselfdertyd *in* die mens voortgaan om te skep, te aktiveer en te bemagtig. Op die manier kom die mens tot aktiewe deelname in die heiligmakingsproses (Nürnberger, 2002:71; Strong, 2007:107-109; Williams, 2005:570).

3.8.2.4 Gawes

Die doel van die Heilige Gees rakende toerusting deur gawes, kan as gevolg van woordgebruik lei tot verkeerde begrip indien nie vooraf uitsluitsel verkry word oor die semantiese aspekte daaromtrent nie. Burger (1999:191) gebruik *mense met gawes* en *begaafde mense* sinoniem. 'n *Begaafde mens* is in Afrikaans egter semanties gevestig as iemand wat *bedeel/toegerus is* en *talentvol*/*slim* is (Odendal, 1994:67). Binne die konteks van die Woord is *begaafde mense/talentvolle/slim persone* nie presies sinoniem met *mense wat toegerus is met gawes* nie (vgl. Rom 12:4-8; Ef 4:11, 12; I Kor 12:27-31). In hierdie ondersoek word gehou by die gebruik *mense met gawes.*

Die *krag* van die Heilige Gees het ten doel om die kerk as liggaam van Christus met *gawes toe te rus vir diens* van watter aard ookal. Die *krag* bewerk die uitdeel van gawes, die aanvuur van latente gawes en die toerusting van gelowiges vir dienswerk (Aucamp, 2007:18).

Die doel is dat elke lidmaat met sy gawes sy eie nuttigheid in diens kan uitleef om sodoende by te dra tot *opbou* binne die gemeente, soos die Gees dit nodig ag (Green, 2004:152-156; Lotter, 2005:502, 503; Meyer, 2002:46).

Alhoewel Green (2004:264) as charismaat, in baie opsigte saamstem met die doel van gawes, naamlik die opbou van die gemeente, strek sy uitgangspunt egter wyer. Green glo die gawes (charismata) moet onbeperk gebruik word as gawes van God se liefde. In die lig hiervan, word val-onder-die-Gees (Toronto Blessing)[3] óók as gawe van liefde gesien, alhoewel dit slegs dien tot opbou van die individuele gelowige. Volgens evangelis Finney (Van Rooy, 2007:16), is enige gawe wat nié tot opbou van die naaste is nie, 'n "skandvlek" op enige godsdiens. Die verskillende interpretasie oor die gawes beklemtoon die verskil tussen die tradisionele en charismatiese stroom wat onderskeidelik die streep- en lynteorie rondom gawes navolg (vgl. 3.8.1.3).

3.8.2.5 Daarstel van verantwoordelike kerklidmate

Die Heilige Gees se doel is om deur die herskepping, verantwoordelike lidmate in die kerk daar te stel. Volgens die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 (Psalmboek), asook in die belofte vir belydenisaflegging, word daar gehandel oor die aktiwiteit om gewillig en met vreugde jou gawes tot nut en saligheid van die ander lede (opbou), asook tot uitbreiding van die koninkryk (uitbou) van God, aan te wend (vgl. Aucamp, 2007:17). As gesalfdes is alle gelowiges toegerus tot diens (Lotter, 2005:491) en word hul in die heiligmakingsproses gedryf tot voortdurende hartsverandering (Meyer, 2002:45) (vgl. 3.8.2.5) met die doel om tot geestelike volwassenheid in Christus te groei (vgl. Kol 1:28) (Malphurs, 2004:148). Warren (2005:271) formuleer verantwoordelike kerklidmaatskap as doelbewuste, menslike aktiwiteit, met geestelike volwassenheid as resultaat van menslike aktiwiteit. Opsommenderwys is die stappe in die proses tot verantwoordelike kerklidmate soos volg:

Herskepte mens + gawes lei tot *menslike aktiwiteit* **Menslike aktiwiteit vind plaas in opbou/uitbou tydens**
die heiligmakingsproses **heiligmakingsproses lei tot**
geestelike volwassenheid **geestelike volwassenheid lei tot doelbereiking**
verantwoordelike kerklidmate

Verantwoordelike uitlewing deur kerklidmate geskied verder deur *oefening* (Van der Merwe, 2006:15, 16). Oefening behels dat, terwyl die gemeente *opgebou* word, uitbou terselfdertyd moet geskied, maar terwyl *uitgebou* word, ook opgebou moet word. Van der Merwe handhaaf die mening dat Jesus nie tussen opbou en uitbou onderskei het nie; en ook nie prioriteit aan een bo die ander gegee het nie. Opbou en uitbou is een aksie en die aksie berus op die verantwoordelikheid van die kerkgelowiges. Burger (1999:88, 111, 149, 150) maak wel meer pertinent onderskeid tussen opbou en uitbou, maar stel terselfdertyd dat een aktiwiteit nie nagelaat moet word as aan die ander een gewerk word nie. Verantwoordelike kerklidmate moet binne die eenheidsisteem aktief funksioneer.

Verantwoordelike kerklidmate as doel van die *krag* van die Gees word by die tradisionele en charismatiese stroom verskillend beklemtoon. Alhoewel die klem by die charismatiese stroom swaarder op die menslike aktiwiteit in die proses lê, is die tradisionele stroom se uitgangspunt egter ook dat verantwoordelike kerklidmaatskap belangrik is. Die doel van die Gees is om deur en na die wedergeboorte en bekering, die mens se wil so te rig dat die mens sélf die doel sal stel om die Gees se krag ten volle te benut. Verantwoordelike hanteerders van die *krag* van die Heilige Gees kan in enige stroom, asook deur enige metode/model wat biddend gebruik word, diensbaar wees. Deur hierdie standpunt te handhaaf, verlig Warren (2005:47) as gematigde charismaat, etikettering in sover charismatiese strome spesifieke modelle voorstaan en deurvoer, maar bevry ook tradisionele strome wat beskikbare metodes/modelle reaktief vermy.

3.8.2.6 Behoud en herlewing van randlidmate

Die verskynsel dat sommige Christene in die kerk die krag van die Gees in ’n mindere mate beleef, is volgens Botha (2006a:47) omdat, onder andere, “bande wat verlam” binne kerkwees bestaan. Binnekerklike *verlamming* skep dus afstand, maar afstand bestaan ook weens die innerlike gebrek aan *Godsbesef* (Botha, 2006b:14, 15). Godsbesef, wat deur *eredienste* behoort te groei, word gestrem deur gebrek aan, of aanwesigheid van oormatige eerbied/stigtelikheid, of uitbundigheid/vernuwing. Verder sorteer die bestaan van ernstige, kerklike *twispunte* of *kritiek* teen die kerk ook onder binnekerklike verlamming (Botes, 2006:48; Burger, 1999:2, 3; Jager, 2007:47; Schoeman, 2006:47; Vorster, 2007:48). Die gevolg is, onder andere, dat sommige individue in die kerk hulself van gemeentebetrokkenheid *onttrek* (Botha, 2007:48; Jackson, 2006b:5; Venter, 2006:49).

Sodanige *onaktiewe* lidmate laat die kerk stagneer en *kwyning*, as tendens, word opgemerk (Warren, 2005:131). Dit is waarskynlik hierdie lidmate wat telkens *herlewing* soek deur transdenominaliteit, waaronder ook die charismatiese stroom tel (Green, 2004:269, 303). Randlidmate toon dus reaktiewe kerklike gedrag.

Naisbitt & Aburdene (1990:298) huldig ’n sosiomaatskaplike uitgangspunt ter verduideliking van reaktiewe kerklike optrede:

> “In turbulent times, in times of great change, people head for two extremes: *fundamentalism* and personal, spiritual *experience*”.

Aansluitend hierby stel Hendriks (1999:17-19), Du Toit (2000:46, 166), Woodhead (2004:4), asoook Smit en Vorster (2000:515, 529) dat *denkverandering* as gevolg van paradigmaskuiwe, die nuwe *spiritualiteit* en *subjektivering*, as oorsake vir reaktiewe kerklike optrede genoem kan word. Verder word *sekularisasie* en *globalisasie* ook as aanleidende faktore tot kwynende kerke gereken (Gill, 2003:2; Van der Walt, 2004:263-290) (vgl. 5.4.1.4). Volgens Venter (2006:232), het daar in Suid-Afrika ná 1994, ’n “bepaalde psigologiese dinamika en ’n bepaalde psigologiese neerslag by mense” posgevat wat lidmate op spesifieke wyses beïnvloed het. ’n Vervlegtheid van moontlike faktore veroorsaak derhalwe dat randlidmate toeneem en mettertyd as lidmaat verdwyn (Botha, 2007:48). Dit is en bly egter die doel van die Gees om ook dié hedendaagse *moderne*/*postmoderne* mens te soek en te laat herleef (Niemandt, 2007:34; Van der Walt, 2006:30-32).

Die “susterkerke” toon aan die begin van die 21e eeu direkte simptome van bogenoemde faktore (vgl. Hf. 5). Volgens Botha (2006a:47; 2006b:15), Burger (1999:114) en Niemandt (2007:37, 53), bestaan daar in die tradisioneel gereformeerde kerke, twee sterk groepe. Die een groep beywer hulle vir *vernuwing*, terwyl die ander groep hul inspan vir die behoud van wat hulle as *tipies* gereformeerd beskou. Botha (2006a:47; 2006b:15) meen dat as albei groepe gewillig voor die Woord buig, *herlewing* bewerk kan word met die doel om ’n *nuwe manier van kerkwees* daar te stel waar *Christus* waarlik regeer. Niemandt (2007:48) ondersteun dié uitgangspunt en stel dat “nuwe situasies met nuwe uitdagings” in die lig van die Woord aangepak moet word, ten einde ontluikende herlewing in die 21e eeu te bewerkstellig. Die terugroep tot behoud en herlewing van dié lidmate word deur albei strome as taak gereken (Green, 2004:287, 318, 337; Venter, 2006:49).

Woordverkondiging/evangelisasie aan randlidmate binne die tradisionele gemeente het ten doel om die lidmaat in geestelike en fisiese nood hulp te verleen, heling, bystand, begeleiding en versoening te bewerkstellig (Bosch, 1991:33; Heitink, 1999:304; Meyer, 2002:43; Smit & Vorster, 2000:521). Die charismatiese stroom maak bykans nooit melding van die term *randlidmate* nie, moontlik aangesien dit die stroom se uitgangspunt is dat elke lidmaat begelei moet word op die pad van transformasiegroei, of dat sodanige lidmate as *afvalliges* gesien word en opnuut weer ’n tuiste in die kleiner sel-opset moet vind (Green, 2004:107-110, 318).

3.8.2.7 Uitbreiding van die kerk

Die uitbreiding van die kerk, deur te getuig as direkte doel na aanleiding van die Groot Opdrag, word deur die tradisionele stroom (o.a. Celliers, 1994:254; Floor, 2007:19; Moule, 2000:20, 37), asook die charismatiese stroom nagestreef (Green, 2004:72, 290, 300, 311, 338; Malphurs, 2001:23; Warren, 2005). Die charismatiese stroom is baie eksplisiet in dié doelstelling, naamlik dat mense en kerke moet vermeerder om in die doel te slaag (Malphurs, 2004:42; Patterson & Scoggins, 2001:2-8). Green (2004:71, 174) verwoord die doelstelling soos volg:

> “The comforter comes not in order to allow men to be comfortable, but to make them missionaries.”

Green (2004:335-337) poog aanvanklik om die twee strome se uitgangspunte ietwat te relativeer. Hy poog selfs om gelykstelling in doelnastrewing te vestig. Hy verval egter spoedig in oordrewe charismatiese oortuiging, deur te stel dat die hele wêreld by die doel en werkswyse van die charismatiese stroom kan baat (vgl. 3.8.4).

Sommige ander charismatiese leiers, waaronder Patterson & Scoggins (2001:8, 9), beklemtoon kerkplanting in so ’n mate dat andersdenkendes, waaronder die tradisionele kerke, die charismatiese leiers se goeie bedoeling reaktief miskyk en selfs vermy (vgl. Ten Brinke, 2006:38, 39). Floor (2007:19) beklemtoon dat die tradisionele stroom wél kerkplanting/sending ekstensief as die doel van die Heilige Gees beskou en nastreef. Hierby aansluitend, bewoord Ferreira (2006:26) die tradisionele doelstelling soos volg:

> “Die “voltooiwerk” van die kerk is die uitdra van die evangelie oor die hele aarde.”

Dit blyk egter of daar ’n tussenstroom as tendens neig te bestaan. Dit beteken dat daar diegene is wat die mening huldig om nie té charismaties, of té tradisioneel te dink oor die uitbreiding van die kerk nie. Hulle poog opreg om ’n middeweg te vind, waardeur die swakhede in beide strome gerelativeer word met die doel om aan die uitlewing van die sendingopdrag, gehoorsaam te wees. Die tussenstroom sou moontlik die tuiste wees van Moule (2000), Warren (2005) en Finney (Van Rooy, 2007:16).

Elke stroom beroep hom op die Groot Opdrag. Elkeen rig hulself in met ’n sekere metode/model/tegniek ten einde die doel te bereik. Gemeentes wat groei toon en as aktiewe werksterrein van die Gees herken word, toon wêreldwyd deurgaans die aktiewe nastreef van agt Skrifbeginsels, soos geformuleer deur Schwarz (1996; 1999:21) (vgl. 6.5.3; 6.7.2). Dié beginsels toon dat sodanige gemeentes kwalitatiefgewys opgebou word deur die Gees, maar ook kwantitatief uitbrei, deurdat buitegemeentelede aangetrokke voel en hul by die groep aansluit.

3.8.2.8 Nuwe bedeling

Die einddoel van die Gees is die daarstel van ’n nuwe bedeling/aeon (Bosch, 1991:32, 41; Lotter, 2005:497). Die nuwe bedeling begin egter nou reeds in die mens, wanneer die bonatuurlike en onsigbare *krag* die geestelik dooie mens innerlik herskep en lewend maak. Die geestelik dooie mens kan God nie vanself soek nie, terwyl die *krag* van die Heilige Gees wel ’n nuwe wil in die mens plaas om sodoende God te wil soek (Heidelbergse Kategismus vraag/antwoord 1 (Psalmboek)) (Strong, 2007:59, 107-109). Die doel van die nuwe, geestelike geboorte is om nou al in die huidige bedeling, ’n nuwe skepsel daar te stel en voortdurend vernuwend te werk, tot die nuwe bedeling volkome intree (Green, 2004:114-117; Lotter, 2005:496) (vgl. 3.8.2.3).

In hierdie proses is die Gees Christosentries eskatologies gerig en realiseer deur die *nog nie* en die *reeds* (Bosch, 1991:41; Lotter, 2005: 497; Pretorius, 2006:253-262). Nou, terwyl die nuwe bedeling nog nie aangebreek het nie, het die gelowiges reeds alle gawes wat nodig is om te lewe. Die Gees is die bewys en waarborg van die *toekoms*, maar ook vir *nou.*

Die nuwe bedeling word deur beide strome nagestreef, alhoewel die terminologie verskil (Green, 2004:90, 128, 162, 296). Die begin van bekering (nou) staan in die charismatiese stroom bekend as die “Christelike inisiasie”. Die “inisiasie” neem ’n aantal fases aan en groei

dan tot die nuwe bedeling aanbreek. Dit is opvallend dat die tradisionele stroom die teoretiese aangaande die eskatalogiese doel, pertinent en by herhaling stel, terwyl die charismatiese stroom dit meer implisiet benader en eerder menslike aktiwiteit - tot en met die wederkoms - as sigbare einddoel stel (Warren, 2005:85).

3.8.3 Werkswyse van die Heilige Gees

Die derde vraag wat beantwoord moet word in die lig van hierdie ondersoek, is wat die *werkskwyse* van die Heilige Gees is soos Jesus dit in die Groot Opdrag geïnisieer het. Die uitgangspunt is dat God die Gees, die derde persoon van die Drie-eenheid, in wese onbegryplik is, dat Hy in sy werkswyse vrymagtig is en soewerein optree (DLR Hf. 3, 4) (Psalmboek). Tog is daar ’n aantoonbare chronologie wat in die werkswyse van die Gees by hoofstroomkerke, asook by charismatiese kerke, voorkom. Die kenbare werkswyse van die Gees word derhalwe ondersoek en in verband gebring met die krimpende, tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”.

Die probleem wat ondersoek word is of daar in die gang van die Gees se werkswyse, belemmerende of negatiewe elemente is wat krimping aanvuur en sodoende die uitvoer van die Groot Opdrag, kortwiek. ’n Gereformeerde kerklidmaat, Botha (2006a:47), skryf in ’n brief aan die koerant, dat kerklike groeperinge binne kerkverband ’n moontlike faktor is wat bydra tot kwynende getalle. Hy bewoord die groepering as ’n “verlammende” element (vgl. 3.8.2.6). Tog gryp Botha vas aan die wete dat die Here die belemmering kan verwyder deur die kerk te lei tot “’n nuwe manier van kerk wees”, waarin Christus waarlik regeer. Volgens Botha sal die kerk dán weer gereformeerd wees. Dit is duidelik dat dié lidmaat die uitgangspunt huldig dat daar op menslike vlak doelbewus en doelgerig gepoog moet word om die belemmering/verlamming te verwyder en te reformeer, terwyl terselfdertyd ook vertrou moet word op die werking van die Gees ten einde verandering daar te stel. Volgens die DLR 3 en 4:11 (Psalmboek) word Botha se denke as Skrifgetrou bevestig. Die pneumatologiese benadering, naamlik God se betrokkenheid én die mens se betrokkenheid, kan begrond word deur die verbondsgerigtheid van die Gees.

3.8.3.1 Verbondsgerigtheid van die Gees

Vir hierdie ondersoek word die verbond as Bybelse interpretasiepatroon gebruik, waarvolgens ’n raamwerk vir die praktyk gevorm word (Bosch, 1991:18; Heitink, 1999:83, 198-200). Die

hermeneutiese hieromtrent is: *Wie* doen *wat* en *hoekom* binne die *verbond*. Met die kwynende "susterkerke" in Suid-Afrika as ekklesiologiese ruimte, is die volgende verbondsterminologie binne die Praktiese Teologie ter sprake:

> "The institutional church acquires a human face. The institution must 'participate in the covenant relationship,' and the secret of that participation is in pneumatology. Within the context of the covenant, the Spirit uses elements that serve as 'mediating activities' or conductors … When we mention the word *Spirit*, we also say *human*, and thus the entire covenant event opens itself to 'transmission' " (Heitink, 1999:83).

3.8.3.1.1 Verbond en Pneumatologie

Pneumatologie word kernagtig gedefinieer as die verband tussen God en die mens se aksies (Heitink, 1999:194). Berkhof (Bosch, 1991:40) stel dat die werk van God die Gees, veral vanaf Pinkster (wat ten tye van die daarstel van die Groot Opdrag belowe is) sterker op die voorgrond tree, maar die mens se betrokkenheid is steeds net so belangrik. Die mens is immers die een wat die opdrag moet uitvoer. Die werkswyse van die Gees in hierdie verhouding is en bly 'n geheimenis (Burger 1999:17, 157; Hendriks, 2003; Pieterse, 2010:3, 4) en in die woorde van Van Ruler, soos aangehaal deur Park (1995:20): 'n "onnaspeurlijke werk".

Die "onnaspeurlijke werk" van die Gees is tussen die tradisionele en charismatiese strome, maar ook onderling binne die strome, 'n terrein van geenkonsensus (Burger, 1999, 157) (vgl. 3.8.4). Bohren (Celliers, 1994:253-255) wys op die gevaar van 'n wanbalans in pneumatologie in soverre die Gees oorbeklemtoon word en menslike metodes onderbeklemtoon word. Bohren en Van Ruler staan in die pneumatologie nie net teenoor die charismatiese uitgangspunt nie, maar ook teenoor Karl Barth. Barth sien die werk van die Gees en dié van die mens in die praktyk, as teëpole (Celliers, 1994:251). Hierteenoor stel Meyer (2002:43) die teendeel deur te verwys na Miskotte (tradisionele stroom) se uitgangspunt. Dit behels dat die geestelike lewe nie eenkant en apart kan staan nie, dat die gewone lewe die gebied is waar die Gees die mens tot gehoorsaamheid lei en dat God daar is waar die mens is.

Van Ruler formuleer pneumatologie in die homiletiek en kommunikatiewe handeling deur die gebruik van die gereformeerde sleutelterm, naamlik *teonome resiprositeit.* Hiermee word

bedoel dat die verhouding tussen God en die mens, deur God geïniseer en in stand gehou word, maar dat dit ’n ware verhouding is waar die mens ’n onontbeerlike aandeel in het. Hierdie sleutel ontsluit alle spanning wat tussen die pole bestaan (vgl. Strong, 2007:107-109; Celliers, 1994:252-255). Ook Heitink beklemtoon die saak van *bipolariteit.* Hy sluit aan by Van Ruler, naamlik dat menslike moed nodig is en kritiese denke ingespan moet word, maar dan in die vertroue dat die Gees die mens in die waarheid lei (Heitink *et al*, 2000:60).

Burger (1999:156) verwoord *bipolariteit* in meer praktiese taal: Aangesien die Gees met Pinkster uitgestort is, moet ons as mense sensitief en moedig wees om die teenwoordigheid van die Gees se leiding na te speur en te volg. Die DLR 3 en 4:11 (Psalmboek) omvat bogenoemde deur te noem dat die mens binne die verbond gewillig optree, nie die gees van vrees ken nie (vgl. 7.2.3.2.4.2), aan die eise van gehoorsaamheid voldoen en bereid is om as nuwe mense te lewe met ’n verhelderde verstand, geopende hart en nuwe wil.

Volgens die gereformeerde tradisie, spesifiek rakende Woordverkondiging, word die onskeibaarheid van die werking tussen die menslike woord wat die Woord spreek en die werking van die Gees, beklemtoon (Park, 1995:19; Strong, 2007:108). Ook in die voorbereiding van die gepredikte Woord, is die pneumatologiese proses en -moment deur eksegese, deur verstaan (vgl. 2.3.2.1, 2.3.2.2) en deur plasing binne konteks, onontbeerlik (Douma, 2000:Hf. 10; Park, 2005:155). Die fokus val op die verhouding tussen die kreatiwiteit van die mens en die aktiwiteit van God, naamlik om as mens in en deur die Heilige Gees die onderwerp te word van God se aktiwiteit (Douma, 2000:313). Alle hermeneutiek, asook die kommunikatiewe handeling is implisiet en eksplisiet pneumatologies en verbondsmatig van aard (Douma, 2000:Hf 10; Heitink *et al*, 2000:60; Park, 2005:155).

3.8.3.1.2 Verbond deur die geskiedenis

Vanaf die Ou Testament tot vandag is die begrip, *verbond*, ’n speelveld vir verskillende interpretasies. Volgens die Woord was daar, ten spyte van verskillende interpretasies, nog altyd net een verbond, wat deur die koms van Jesus en sy belofte, naamlik *Ek is by julle*, hernu is (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1187). Pretorius (2005:1339, 1344) haal Fee aan, wat hierby aansluit, deur te stel dat die Gees die manier is hoe God die verbond in Christus vervul en deur die Gees op aarde, *by julle*, teenwoordig is. Die Gees as God se agent op aarde, kommunikeer die geloof van die nuwe verbond en bewerk ’n nuwe hart, wat die

mens bekwaam maak om Hom te volg. Lotter (2005:199), asook McGrath, Van Wyk en Strong onderskryf hierdie uitgangspunt.

Verskillende interpretasies en uitlewing van die verbond is egter ’n gegewe. Daar bestaan, onder andere, die teorie dat die Bybel van twee verbonde praat (Pretorius, 2005:1339-1344). Selfs ’n derde verbond word genoem, indien die Mosaïese verbond getel sou word. Binne gereformeerde kringe, waaronder Walvoord, Rynie en Pretorius, word dié derde verbondsteorie verwerp. Pretorius se uitgangspunt, naamlik dat daar nog altyd net een verbond was, begrond hy aan die hand van 2 Korintiërs 3.

Verskillende interpretasie rakende die verbond word deur Polderman (1996:368) gesien as een van die redes vir kerklike versplintering en gevolglike kerkkrimping in Nederland. In Suid-Afrika egter, het die gereformeerddenkendes sedert volksplanting ’n teokratiese teologie van gedoopte mense wat binne die verbond leef, aangehang (Hofmeyr & Pillay, 1994:96). Tog was daar in die praktyk ook verskillende interpretasies en uitlewingswyses van die verbondsmatige teologie, waarvan bloot die bestaan van die drie versplinterde gereformeerde “susterkerke” genoegsame bewys is (Hofmeyr & Pillay, 1994:111-116). Die ontstaan en bestaan van ander strome buite die tradisionele stroom, versterk die argument rondom verskillende interpretasies rakende die verbond verder. Volgens Pretorius (2006:17, 18) is die interpretasie van die praktiese verband tussen die verbond en evangelie-uitbreiding (Groot Opdrag) vir die huidige Gereformeerdes van die 21e eeu, van weinig belang.

3.8.3.1.3 Uitbreiding van die term *verbond*

Die term, *verbond*, kan gedefinieer word as ’n ooreenkoms tussen twee partye waar sekere sake teenoor mekaar onderneem word: “Bepaalde dinge word aan ons gegee en op sterkte daarvan word bepaalde dinge van ons gevra” (Burger, 1999:96). Burger meld dat wat gevra word, gewoonlik die mens se “beste energie” eis. Uitlewing van die *verbond* is om in ooreenkoms met God te leef, maar nie op gelyke voet nie. Die verbond, soos verwoord by Sinai, was bilateraal in verpligtinge teenoor mekaar: God sal hulle sy volk maak en hulle moet Hom gehoorsaam (Pretorius, 2005:1348, 1349; Meyer, 2002:42). Die nuwe verbond is presies dieselfde, met die verskuiwing dat die opdrag nie op klip geskryf staan nie, maar op menseharte. In die nuwe bedeling behartig God ook self die gehoorsaamheid in die

mensehart, deurdat bemagtiging tot gehoorsaamheid deur die Gees geskied (Pretorius, 2005:1349; Wentsel,1995:82).

Ter uitbreiding van die term, *verbond*, is dit nodig om aandag te skenk aan subordinate van die term. Die uitgebreide term, *verbond van genade*, word onder andere, deur Park (2005:199) daargestel. By implikasie word *genade* gebruik as kontekstuele uitbreiding of verduideliking vir *verbond*, soos dit ook gebruik is deur Pretorius en De Klerk (2005:169). Park gebruik ook ander selfstandige begrippe, soos *roeping*, *geloof*, *regverdigmaking*, *heiligmaking*, *verheerliking* en *uitverkiesing*, wat neerkom op hiponimie, dus subordinate van die term *verbond* (vgl. Carstens, 2003:115). Die ordo salutis word saamgevat in *verbond*.

3.8.3.1.4 Teken van die verbond

Die doop is die teken van die verbond, maar verseker nie vernuwing van die mens sonder die dissipelmakingsproses nie (Pretorius, 2006:17, 18) (vgl. 3.5.3.4). Die *wie* doen *wat* en *hoekom* van die verbond staan vas deurdat God die wedergeboorte inisieer en deurvoer, terwyl energieke gehoorsaamheid van die mens geëis word tot verlossing van die mens en tot eer van Sy Naam.

3.8.3.2 Werksterrein van die Heilige Gees

Gesien in die lig van die soewereine verbondsgerigtheid van die Gees, is die werksterrein van die Heilige Gees gefokus op die hele wêreld en op alle mense, hetsy gelowig of ongelowig. Uit alle aardse volke word die onsigbare kerk as werksterrein versamel (Heitink, 1999:293; Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1375, 1376).

Die algemene werksterrein van die Gees is die enkeling binne sy eie unieke kultuur. Die spreek in tale tydens die Pinkstergebeure dui die spesifieke werksterrein duidelik aan (vgl. Hand 2:8-11). Die Gees kondig dié werksterrein reeds voor Pinkster eksplisiet aan deur die Groot Opdrag. Daar word dan spesifiek na *alle volke, tale en nasies* verwys (vgl. Hand 1:8). Hierdeur word ook die 21e eeu se verwikkelde samelewing binne Suid-Afrika, asook die krimpende, tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” as spesifieke werksterrein, betrek (Malphurs, 2004:15; Naisbitt & Aburdene, 1990:321; Van Rooy, K., 2007a, 2007b). Na die uitstorting van die Heilige Gees is die gelowige die werksterrein, aangesien hulle as

permanente en volledige tempel van die Gees beskou word (Green, 2004:126; Joubert, 1994:40; Van Rooy, 2007:14) (vgl. I Kor 3:17, Ef 5:18 en Kol 3:16).

Tydens die erediens is die gelowige en die prediker spesifiek die werksterrein van die Gees (Heitink, 1979:320-328, 339, 340). Die kerk is verder ook die werksterrein van die Gees, aangesien die Gees in en deur die lidmate en hul gawes werk (Aucamp, 2007:17, 18; Green, 2004:151, 152, 209, 292; Heyns & Pieterse, 1990:65; Park, 2005:14; Van Rooy, 2007:16; Williams, 2005:571). Die kleingroep in die kerk maak ook deel uit van die werksterrein van die Gees binne die kerk, aangesien dit ’n geborge leerterrein bied (Burger, 1999: 198, 218, 374, 383; Heitink, 1979:320-328, 339, 340; Schalekamp, 2005b:298, 299; Schwarz, 1999:21; Warren, 2005:107). Die lewenspraktyk dien as werksterrein vir die Gees, aangesien gelowiges hul geloof in die lewenspraktyk uitleef ter wille van geloofsversterking, maar ook ter wille van die uitbreiding van die evangelie (Groot Opdrag) onder buitekerklikes (Warren, 2005:161, 276-293, 301).

3.8.3.3 Herkenbare elemente in werksaktiwiteite

Ter wille van duidelikheid rakende die werkswyse van die Gees, is dit nodig om die herkenbare elemente in die werksaktiwiteite van die Gees te ondersoek. Die herkenbare elemente in die aktiwiteite is die mens, kommunikasie, gebed, verandering en die vermoë om te glo. Die herkenbare elemente word deur die tradisonele, sowel as die charismatiese strome erken.

3.8.3.3.1 Die mens

Die mees herkenbare element in die Gees se werksaktiwiteit is die teenwoordigheid van die mens. Die Gees is op die mens uitgestort ten einde Jesus as deurgang van God se reddende krag, ’n werklikheid te maak in die nuwe bedeling - ’n bedeling waar die mens weereens betrokke is. Mense is in diens van die volledige opboutaak van die Gees (Burger, 1999:203, 204; Firet, 1968:84, 134, 150; Heitink, 1999:6-9; Patterson & Scoggins, 2001:11). Ten spyte van die mens se volledige aktiwiteit, bly die mens steeds instrument in diens van die Gees se werk (Heyns & Pieterse, 1990:1; Pieterse, 1992:331). Die Gees se werk is om tussen Jesus en die mens, maar ook tussen mense onderling as kommunikeerder op te tree (Nürnberger, 2002:74; Pretorius & De Klerk, 2005:165; Van der Merwe, 2003, 313-315).

3.8.3.3.2 Kommunikasie

Kommunikasie is saam met die aanwesigheid van die mens, die tweede onontbeerlike element in die Gees se werksaktiwiteit. Die erediens as taal-/gespreksituasie is 'n medewerkende menslike aktiwiteit. Terwyl die Woord tydens die erediens sentraal staan as kommunikasie-onderwerp en -medium, moet spasie gemaak word dat die werking van die Gees ongestoord kan plaasvind (Dingemans, 1996:140; Heyns & Pieterse, 1990:1, 60, 331) (vgl. 2.3.2). Die teendeel is net so waar, naamlik dat as die Gees nie werk nie, die mens se vermoëns nie ontsluit word nie en God vir die mensdom ongeopenbaard bly.

3.8.3.3.3 Gebed

Die derde element, wat deurgaans in albei strome genoem word, is *gebed.* Gebed is gerig op die verandering in die mens (Burger, 1999:120; Floor, 2007:20; Heidelbergse Kategismus vraag/antwoord 116 (Psalmboek); Green, 2004:119; Heitink, 1999:127; Malphurs, 2004:351; Park, 2005:200) (vgl. ook 3.8.3.3.3).

3.8.3.3.4 Verandering

Die Gees werk vooruit om *verandering* teweeg te bring. In die woorde van Green (2004:200) is die Gees die "go-between", terwyl Lotter (2005:493) van die "ink" van die Heilige Gees praat. Deur die werking tree die Gees op as openbaarmaker, maar ook as die openbaring (Meyer, 2002:39; Pretorius, 2006:253-262). Dié verborge werkswyse in die mens se hart is geleë in die vrymagtige aktiwiteit van die Gees. Hierdie lewensveranderende hergeboorte word lewenslank deur die Gees onderhou, deur die *toepassing* of *toebedeling* van die *heilswerk* van Jesus Christus (Dijk, sa:238; Meyer, 2002:45, 46; Park, 2005:3; Williams, 2005:567). Dit word *heilshistories* verwerf en *heilsordelik* toegepas in die lewens van die gelowiges (Lotter, 2005:489; Strong, 2007:52; vgl. 3.8.2.3, 3.8.3.1.1).

Die Gees, as brugbouer ter wille van verandering, maak die kanaal vir die mens na God toe oop (Lotter, 2005:496, 501) (vgl. 2.3.2.4 - interpretatiewe teorie). Meyer (2002:45) stel dat die Gees in sy werkswyse "gentle" is. Dit kom daarop neer dat die Gees hom, nadat die kanaal vir kommunikasie daargestel is, nie aan die mens opdring nie, maar wanneer die mens van sy kant af kommunikeer, die Gees toetree tot aksie/verhoring. Verandering hang dus ook af van hoe die mens teenoor die Gees optree. In die terminologie van Green, as charismaat,

word dit sodanig gestel, dat daar waar die Gees *verwelkom* word, daar lewe en groei en verandering is (2004:319)**.**

3.8.3.3.5 Vermoë om te glo

Die Gees se werkswyse ter wille van verandering is om die *basis* te lê, wat dan die *vermoë daarstel dat die mens self* deur gehoor tot geloof te kom (Floor, 2007:19). Die Gees rus die mens toe om anders te dink, te glo en te doen (Lotter, 2005:496). Die Gees gee die mens die vermoë om bewustelik self op te staan en dan in samewerking met die Gees, die nuwe lewe te leef (DLR 3, 4:11 (Psalmboek); Joubert, 1994:40; Van der Spuy, 1998:150). Bekering is die beginpunt van die veranderingsproses wat op aarde nie ’n eindpunt het nie. Bekering is om gebruik te maak van bestaande taalstrukture wat die mens se hele wese raak om om te draai tot ’n nuwe denksisteem en deur revisie gedrag voortdurend te laat vernuwe (Walls, 1996:28-32).

Uit bogenoemde paragrawe is die verbondsmatige verhouding duidelik waarneembaar, deurdat God die eerste en die laaste woord het, maar dat die mens daarbinne ’n verantwoordelikheid het. Van Rooy (K., 2007a:39) praat egter in bedenklike terme oor die verantwoordelikheidsin van die tradisioneel Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika:

> “’n Beduidende deel van ons kerke doen óf uiters min aan sending en evangelisasie, óf so goed as niks.”

Kontrasterend hiermee kry die mens se verantwoordelikheid binne die charismatiese stroom hoë prioriteit, veral in die toerustingstaak en biddende mobilisering met die oog op die verdere maak van dissipels, bekerings en kerkplanting (Malphurs, 2005:222).

3.8.3.4 Aksieprogram

Ter beligting van die indikatiewe begrippe van die Groot Opdrag, word die werkswyse van die Gees in die lig van die *verbond* benader, asook binne die spesifieke werksterrein, waar sekere herkenbare elemente vir die uitvoering van ’n aksieprogram, teenwoordig is. Die aksieprogram, waar die werking van die mens waarneembaar is, neem in aanvang deur ’n kommunikatiewe situasie. Ten slotte word die aksieprogram op krimpende kerke van toepassing gemaak.

3.8.3.4.1 Mens en kommunikasie

Kommunikasie berus op die mens se verantwoordelikheid om daadwerklik gehoorsaam te wees aan die Groot Opdrag. *Gehoorsaamheid* aan die universele Groot Opdrag word gevra, terwyl daar terselfdertyd geen spesifieke model/tegniek/manier/aktiwiteit voorgeskryf is nie. Dit beteken dat elke gelowige betrokke moet raak, ongeag die voorkeur van aksiemodel. Volgens Mat 9:37-39 het die Gees boonop ’n blywende personeeltekort. Om hierdie tekort te help verlig, maan die Gees die gelowiges om te bid, aangesien gebed kommunikatief inpas by God se onverstaanbare plan van menslike aksie. In die gehoorsame uitvoering van die opdrag, het die mens vryheid van aksie en onbeperkte moontlikhede (vgl. 3.5, 3.6). In die plan van aksie bly God vrymagtig, terwyl van enige middel/model/tegniek/instrument gebruik gemaak kan word (media salutis) om sy doel te bereik (Dijk sa:248: Walls, 2002:25).

In uitvoering van die opdrag stel die mens die Geesgedrewe heils-elemente in werking deur *taal*. Deur mensewoorde verdiep dié kanaal tussen God en die mens, deurdat gesprek ’n daad word. Die daad ontstaan wanneer die evangeliewoord ’n geloofsvonk laat ontspring en hartsverandering laat intree. Die hartsverandering lei tot verdere kommunikasie, wat spreek van vergewing, versoening, verlossing, vertroosting en bevryding (Ihde, 2004:455, 456).

Die hoofwerkplek van die aksieprogram is die *gemeente*, waar die *kleingroep* ook deel van uitmaak (Olivier, 2006:129). Wijnbeek (2007:33) stel dat gelowigheid/spiritualiteit in die 21e eeu binne die kleingroep “in” is. Donahue en Robinson (2003) van Willow Creek sluit ook aan by leer- en ontwikkelingprosesse van gelowiges binne die omgeegesindheid van kleiner selgroepe. Binne hierdie groepe vind opbouende kommunikasie en geestelike groei plaas deur lering en Bybelstudie. Die kleingroep is egter nie onkreukbaar nie en van swakhede binne kleingroepe moet kennis geneem word (Green, 2004:319; Patterson & Scoggings, 2001:7, 8; Pretorius & De Klerk, 2005:157; Schalekamp, 2005b:298-301; Schwarz, 2000; Smit & Vorster, 2000:527; Warren, 2005:107, 251-268) (vgl. 6.5.3.4.1).

Die aksieprogram vereis verder ’n Geesgerigte kommunikatiewe *gesindheid*. Die mens se oop gesindheid, ook teenoor nuwe inisiatiewe (vgl. 3.5), bring die Gees tot nuwe werkswyses (Lotter, 2004:496). Indien belemmeringe bestaan is dit egter vir die Gees geen struikelblok nie, aangesien die Gees waai waar hy wil. Die Gees vind altyd nuwe maniere om enige belemmeringe in die kommunikasie van die koninkryk te deurbreek. ’n Oop gesindheid fokus

op die balans in die werkswyse van die Gees, soos te vind is in Mat 13:52 (Van Wyk, 2006a:6, 7). Hier word gepraat van ou en nuwe dinge wat in die koninkryk funksioneer. Die koms van die koninkryk funksioneer volgens die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel (Mat 9:17) (vgl. Olivier, 2006:75; Ihde, 2004:383), wat behels dat die werking van die Gees in die koninkryk daagliks nuut is, sodanig dat die kruis en opstanding as onveranderlike altyd nuut spreek.

Die aksieprogram trek saam in *twee sake*: eerstens die inhoud/hart/kern wat berus op die ou en nuwe dinge in die koninkryk, met die gevolglike kommunikatiewe beginsels wat daaruit voortspruit. Tweedens realiseer die beginsels van die aksieprogram binne die huidige verwikkelde samelewing van die 21e eeu (Van der Walt, 2006:31) (vgl. Hf. 5). Die samelewing van die 21e eeu is tans die mens waarmee die Gees en die mens werk. Daarom moet die kerk op die hedendaagse mens gerig wees, bybly by die mens en hom met die verlossingswoord bedien (Naisbitt & Aburdeen, 1990:321; Olivier, 2006:79). Die hedendaagse mens en verwikkelde moderne/postmoderne denkrigtings moet as aanknopingspunt gebruik word om op relevante wyse die evangelie te verkondig (Niemandt, 2007:25, 47; Olivier, 2006:140). Terselfdertyd moet belemmerende faktore voortdurend gewysig word. Om ’n wysigende en gewysigde samelewing deur middel van aanpassings te bedien, beteken nie dat die kerngegewe, die “hart”, naamlik Jesus as verlosser, verander nie. Hierdie kern is onveranderlik en bly altyd dieselfde. Van der Walt (2006:32) formuleer die Gereformeerde tradisie (wat gebou is op dié kerngegewe), as “goud” wat in die hedendaagse mens se behoeftes kan voorsien. Dan is daar egter ’n voorwaarde: “Die goud sal egter weer gesmelt en op nuwe, eietydse wyse gemunt moet word.” Die ou geloofspraktyke moet bloot weer nuut beleef word en nuut geleef word (Niemandt, 2007:62). Niemandt, Oostenbrink en Lotter (Olivier, 2006:84) is van mening dat die tradisionele kerke voor ’n groot golf staan en indien nie totaal nuut gedink gaan word nie, sal hierdie golf alles wat nog in ’n mate bestaan, vernietig.

Die *hart* van die aksieprogram is dus die *ou en die nuwe* van die koninkryk. Die Gees is altyd relevant vernuwend, maar dit is die mens se taak om waaksaam die beweging van die Gees na te speur - die Gees waai immers waar Hy wil (Niemandt, 2007:34). Die oorgegewe gelowige word in Sy vernuwende kommunikatiewe werksaamhede ingeskakel, deurdat die Gees die mens deur gebed (terugbewegende kommunikasie) tot nuwe werksaamheid dring. Die Gees

maak dan van hierdie aktief-oorgegewe mens gebruik (Floor, 2002:20). Gevestigde menings oor die Gees se manier van doen, kan egter binne die gereformeerde tradisie lei tot beperkende geloofsmenings.

Hierby aansluitend konsentreer die aksieprogram op *beginsel*s, eerder as op metodes/modelle/tegnieke. Kommunikasie wat gerig is op vernuwende kommunikatiewe werksaamheid, is deur onder andere, Schwarz (1999) en Niemandt (2007), nagevors. Groei as waarneembare verskynsel word deur albei aan die hand van beginsels ten doel gestel. Schwarz het agt beginsels geformuleer (1996; 1999:21), terwyl Niemandt nege geloofspraktyke geformuleer het (Niemandt, 2007:62). Watter Skrifgefundeerde model ookal gebruik word om hierdie beginsels/geloofspraktyke ten uitvoer te bring, is nie werklik ter sake nie. Die fokus is om die kern aan die hand van die beginsels/geloofspraktyke te kommunikeer.

Die agt beginsels van Schwarz as kernbesigheid in die kommunikatiewe aksieprogram van die Gees, is (vgl. ook 6.7.2):

1) passievolle spiritualisme
2) gawe-georiënteerde bediening
3) inspirerende eredienste
4) holistiese kleingroepbediening
5) behoefte-georiënteerde evangelisasie
6) bemagtigende leierskap
7) funksionele strukture
8) liefdevolle verhoudings

Die nege *geloofspraktyke* van Niemandt as kernbesigheid in die kommunikatiewe aksieprogram van die Gees, is: 1) Identifiseer met die lewe van Jesus Christus en *fokus* sterk op die koninkryk van God. 2) Transformeer die sekulêre lewe deur *afstand* te doen van die skeiding tussen die geestelike en die fisiese. 3) Beklemtoon kerklike *gemeenskap.* 4) *Openheid* teenoor vreemdelinge. 5) Oorvloedige *diensbaarheid* sonder bymotiewe. 6) *Deelname* deur gemeentelede. 7) Klem op *kreatiwiteit.* 8) *Leierskap* deur netwerke en nie deur hiërargiese strukture nie. 9) Antieke *geloofswaarhede* in ’n byderwetse kleed.

Die aksieprogram van elke gemeente behoort in die lig van, onder andere, bogenoemde sake, geherevalueer te word. Aanpassings behoort te volg om die kerk binne die huidige samelewing effektief te bedien (vgl. Ihde, 2004:378).

Die aksieprogram in die huidige samelewing word grootliks gekniehalter deur allerlei blokkerende en belemmerende faktore. Uit hoofde van die Groot Opdrag moet aandag geskenk word aan die hedendaagse mens se behoeftes, maar nie onvoorwaardelik nie. Die voorwaarde is: "*Die goud sal egter weer gesmelt en op nuwe, eietydse wyse gemunt moet word*" (vgl. Niemandt, 2007:62; Mat 9:17). Dit impliseer dat ook blokkerende faktore ernstig aangespreek moet word. Dit kan gedoen word aan die hand van, onder andere, bovermelde beskikbare en nagevorste beginsels/geloofspraktyke.

'n Aantal blokkerende faktore is soos volg (Niemandt, 2007:38; Olivier, 2006: 120; Smit & Vorster, 2000:530; Van der Walt, 2006:31):

- Kerklike struktuur en manier van organisasie: As die kerklike struktuur kommunikasie en beweging in die gemeente belemmer, moet wysiging plaasvind. Gevestigde kerklike strukture is nie essensieel om die Here te dien nie. Enige struktuur is slegs funksioneel as die Gees daardeur tot werksaamheid kom.
- Kerklik-onvriendelike gedrag: Koue logika, dominerende gesag, formalisme/eenvormige gebruike, dogmatisme/verabsolutering/voorskriftelikheid, kerklike taal, ou kerksang, ampsbegrip, teologiese opleiding, verskillende denominasies en verknogtheid aan geboue. Die kerk kan aansluit by die basiese geestelike uitgangspunte wat die mens se doen en late bepaal, byvoorbeeld die soeke na geestelikheid, spiritualiteit, belewenis/ervaring, emosie/intuïsie, informele gebruike en verskeidenheid/variasie. Die fokus kan verskuif na die persoonlike en intieme. Die soeke na gemeenskap en geborgenheid kan aangespreek word. 'n Holistiese benadering kan die kerk terugbring na die basiese eenvoud, waar gesoek word na die waarheid, in plaas van die waarheid plus blokkerende sake.
- Generasiegaping: Die ouer geslag sal insig en toegeneëndheid moet openbaar om in die toenemende behoeftes van die jonger geslag te voorsien, ten einde hulle te behou.

Die kommunikatiewe aksieprogram word eiesoortig deur die tradisionele stroom, sowel as die charismatiese stroom, geformuleer. In die tradisionele stroom word kommunikasie ten diepste gesien as die praksis van God self, met die mens as medewerker deur die Heilige Gees (Dijk, sa:245, 246; Pieterse, 1992:331; vgl. Ihde, 2004:382). Na aanleiding hiervan is die Gees altyd die gespreksbemiddelaar ter wille van Christus, terwyl die mens bemiddelaar en kommunikeerder is. Green (2004:14-54), as charismaat, sien kommunikasie in dieselfde lig, maar gebruik ander terme: Christus en die Gees tree so te sê op in "tandem" (2004:52), byna of die Gees "another Jesus" (2004:54) is. Die Woord van God word dan tydens die kommunikasieproses vlees deurdat van 'n mens met sy woorde gebruik gemaak word. Warren (2005:181) as gematigde charismaat, konsentreer meer op die praktiese kant van mensewoorde, deur te stel hoe taal gebruik behoort te word, naamlik eenvoudige taalgebruik ter wille van effektiewe kommunikasie. Dat Warren (2005:161, 183) soeker-sensitiewe dienste, mensvriendelike strategieë en die invloed van die kommunikeerder (prediker/lidmaat) ten einde kommunikasie te bevoordeel, van belang ag, is binne menslike vryheid en binne 'n verwikkelde samelewing, heeltemal aanvaarbaar (vgl. 3.5; Olivier, 2006:120, 185).

3.8.3.4.2 Kommunikeerder: prediker

In die aksieprogram wat deel uitmaak van die werkswyse van die Heilige Gees, moet die prediker as kommunikeerder die *evangelie* van Jesus Christus helder bring (Green 2000:86; Park, 2005:202; Venter, 2006:222; Wijnbeek, 2007:45). Die prediking verander lewens en lei tot die proses van dissipelskap, terwyl die teendeel, volgens Wijnbeek en Pretorius (2006:18), tot irrelevante praatjies lei, wat verder bydra tot die verdwyning van lidmate. Die hedendaagse mens meet die prediking aan dit wat *relevant* is en tot voordeel is van die individu (Venter, 2006:230; Olivier, 2006:85). Smit en Vorster (2000:530, 524) stel op grond van Mat 9:17, dat die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel die enigste manier is om in 'n verwikkelde moderne/postmoderne samelewing, relevant te bly. Die prediker moet dus dit wat oud was, nuut aanwend.

Hendriks (2003) verwoord die situasie rondom die "susterkerk"-pastor raak:

> "Ons sit met 'n prop professionele dominees in die kerk wat nie gemeentes uit hulle institusionele gevangenskap kan begelei nie omdat hulle óf nie wil nie, óf nie weet hoe

nie, óf, in baie gevalle, nie toegelaat word nie. In sulke gemeentes vind die langtermyn afsterweprosesse plaas wat die statistiek aantoon."

Om 'n prediker in 'n groeiende *postmoderne* samelewing te wees, vereis *erkenning* van hedendaagse *realiteite,* asook kennis van hoe die Skrif binne hierdie realiteit funksioneer (Smit & Vorster, 2000:523-529; Olivier, 2006:23, 24, 42, 79). Dit eis

- handhawing/erkenning van die Christelike godsdiens as die *enigste ware godsdiens*. Handhawing vereis wel om godsdiensvryheid te erken, maar om terselfdertyd godsdiensgelykwaardigheid te ontken.
- erkenning en fokus op *elke* gelowige. Elke persoon wil 'n plek ervaar en wil die geleentheid kry om 'n bydrae te maak. Op die wyse word mede-eienaarskap ervaar. Kleingroepbediening kan grootliks voorsien in hierdie behoefte.
- bewuste erkenning en benutting van die *spiritualiteit* van die postmoderne individu. Spiritualiteit word omskryf as die wyse hoe die mens oor sy eie geestelikheid dink en dit tot uitlewing bring (vgl. ook 5.4.1.3.1).
- die wegbeweeg van die kerk as instituut, met verdere fokus op die individu en die gemeenskap. Venter (2006:230) brei hierop uit deur te stel dat prediking bevraagteken word indien dit voorskryf en nie *ruimte* laat vir die vryheid van 'n gemeentelid se eie denke nie.
- volgens Du Toit (2000:173), dat die prediker bewustelik kennis neem van die *tyd* waarin geleef word en daarby aanpas.

Verkondiging van die evangelie en die verwikkelde moderne/postmoderne samelewing, stel verder ook eise aan die prediker se *ingesteldheid*. Hieronder volg 'n aantal sake rakende die prediker se *vertrekpunte* en ingesteldhede.

- Die prediker se vertrekpunt oor die Bybel behoort te fokus op die erkenning wat die Bybel geïnspireer en gesaghebbend is. Daarby aansluitend ook dat die mens in sy verstaanwerk bewus is van menslike feilbaarheid (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3).
- Die prediker behoort slegs op Woordgesag te fokus en strukturele gesag/kerklike gesagspel as onvanpas te beskou. Die ingesteldheid rakende gesag is: "Kerklike

gesag bestaan slegs uit die bediening van Christus se gesag" (Smit & Vorster, 2000:522).

- Die prediker behoort só ingestel te wees dat op toewyding, as *dienaar*, gefokus word. Slegs in dié hoedanigheid kan die gemeente waarlik toegerus en opgebou word (Smit & Vorster, 2000:525).
- Die prediker se ingesteldheid behoort te getuig van fokusverskuiwing weg van die formele leer van die kerk. Die ingesteldheid verskuif dan om meer *missiologies*, op die spiritualiteit van die mens as individu, te fokus, ten einde sekerheid in 'n omgee-God (wat per slot van sake immers in die dogma uitgespel is) te bereik (Smit & Vorster, 2000:529).
- Die prediker behoort ingestel te wees om sake te erken wat weerstand wek. Na aanleiding daarvan word beginselbegronde *rigting* gebied - in ag genome die gees van die tyd. Hierdie sake moet dus onverswak aangepas/verander word, maar op so 'n wyse dat die evangelie steeds hoorbaar/"verkoopbaar" is. Ten einde weerstand teë te werk, behoort die prediker voortdurend selfondersoek te doen, bereid te wees tot verandering, buigbaar te wees teenoor verskillende gehore en omstandighede, asook so ingestel te wees dat oop denke en eerlike gesprekvoering oor middelmatige sake, realiseer (Green, 2000:86; Smit & Vorster, 2000:531).
- Die prediker behoort *selfondersoek* te doen oor die mate van vol word van die Gees (Runia, 1988:115).
- Die prediker behoort, aan die hand van die bevestigingsformulier vir predikante, so ingestel te wees dat *bemagtiging* van lidmate inderdaad geskied (vgl. ook Ef 4:12-14). Die ingesteldheid staan in kontras met ontmagtiging van lidmate waar die predikant as superleiersfiguur bykans alles (wil) doen (Schwarz, 1999:21; Williams, 2005:571).
- Die predikant behoort volgens sy *moontlikhede* en *beperkthede* sy ingesteldheid te toon, aangesien hy in die realiteit in die situasie kan kom waar funksies van, onder andere, terapeute, didaktici of sosiale werkers, vereis word (Heitink, 1999:248, 245).

Die prediker se *ingesteldheid* ten opsigte van *opleiding* is ook van belang:

- Die prediker in opleiding moet veral die proses van *preekmaakkunde* ernstig ter harte neem (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3). Die erkentlikheid behoort te bestaan dat die *Gees* óók deur die *kurrikulum* werk, sodat die prediker intellektueel en prakties effektiewe leiding kan gee (Williams, 2005:571, 572). Die opleiding moet die prediker werklik bewus maak van nuwe insigte en dit in die studiemateriaal integreer. Die kurrikulum behoort holisties van aard te wees wat die prediker intellektuele-, sowel as spirituele en onderskeidende bemagtiging bied (vgl. bv. kennis van, onder andere, uitsprake deur die nuwe hervormers) (Du Toit, 2000:173, 174).
- Die prediker behoort saam met kennistoename ook in selfkennis te *groei.* Selfkennis impliseer verder ook groei binne eietydse probleme, wat opsigself ook Bybellees kan beïnvloed. Dit impliseer ook ’n gebalanseerde openheid vir ander tekste en kennis aangaande God (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3), asook groei in toegepaste kennis, byvoorbeeld hoe om gawes in die kerk te hanteer en te fasiliteer (Nel, 2009:75, 76; Williams, 2005:571).
- Die prediker behoort ook so ingestel te wees, dat ’n voortdurende bewussyn en sensitiwiteit ervaar word vir die Gees se werk in die menslike *gees*, veral in die menslike gees wat op God gerig is (Williams, 2005:572).

Die *ingesteldheid* van die prediker kom verder ook na vore in die *preekmaakproses*, *prediking* en *liturgie*:

- Biddend en ernstig behoort moeite gemaak te word met die hele preekmaakproses, ten einde korrekte verklaring en sinvolle prediking daar te stel (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3; Schwarz, 1999:21). So ’n ingesteldheid sal onpersoonlike, ongeïnspireerde en pligplegende liturgie voorkom en ’n goeddeurdagte Christosentriese liturgie daarstel. Ware ootmoed wat deur die gemeente ervaar word, maak die erediens ’n belewenis (Smit & Vorster, 2000:526; Suidheuwels, 2002). Die prediker behoort op die bewustheid ingestel te wees dat *effektiewe* prediking proklamering én konfrontasie behels. Dit behoort die prediker persoonlik gereeld by die ervaring van die dwaasheid van die prediking te bring (Green, 2000:87). Die bewustheid van die moontlikhede van ’n nuwe

styl/alternatiewe uitlewing van aanbidding, kan plek maak vir *nuwe erediensbelewing* (Olivier, 2006:130), byvoorbeeld, onder andere, om die erediens te lei deur ’n span, of deur kore in te bring met selfgekomponeerde items, of groepe wat optree met drama as tema (Green, 2000:307).

- Die prediker behoort bewus te wees van die *waardigheid* van sy taak, aangesien hy die opdrag het om die Skrif te bestudeer, daarvolgens te preek, dit met sy lewe te bevestig en deur gebed te lewe (Park, 2005:198). Dit behels verder ook die bewustelike voorkoming van ’n minder *skoon lewe* deur die prediker gedurende die week, aangesien sodanige ingesteldheid deursuur en inspirerende prediking kortwiek. Bewustheid van sy eie *spiritualiteit* en diens deur passievolle spiritualiteit, toewyding, meditasie, entoesiasme en geloofservaring is hier ter sprake (Douma, 2000:Hf. 4, 5, 8; Park, 2005:3; Schwarz, 1999:21). Die prediker moet dus bewus wees dat prediking nie *oor* die ervaring van geloof gaan nie, maar wel *uit* die ervaring van geloof, op so ’n manier (deur die prediker georkestreer) dat die gemeente ervaar dat God self met hulle praat en hulle verander.
- Die ingesteldheid van die prediker behoort sonder *spanning* te wees oor die Gees se aandeel in die preekmaakproses, teenoor die prediker se aandeel daarin. Ontlonting daarvan geskied deur aanvaarding van homiletiek as teonome resiprositeit (vgl. 3.8.3.1.2). Die ontlonting lei tot vryheid in die keuse van metode, aangesien die Gees na Pinkster polifoon te werk gaan (Celliers, 1994:251, 252).
- Daadwerklike bewustheid van die implikasie van vryheid van metode behoort deel van die prediker se ingesteldheid te wees. Dit impliseer dat die prediker *kreatiwiteit* op alle vlakke aan die dag moet lê: die kreatiewe produk, die kreatiewe proses, die kreatiewe persoon, asook die kreatiewe omgewing. Kreatiwiteit en die besef van keuse tot kreatiwiteit, bevoordeel prediking (Douma, 2000:Hf. 5; Roxburgh, 1997:67). Kreatiwiteit behels, onder andere, ook om aandagtig/fyn/sensitief te wees. Iemand wat aandagtig/fyn/sensitief lewe en meditasie ’n kernsaak maak, kan die nuwe in die oue ontdek (vgl. nwns-beginsel: Mat 9:17). Volgens Celliers (1994:253) lei dié ingesteldheid tot die hermeneutiek van agterdog (vgl. 2.3.2.1, 2.3.2.2), aangesien ruimte vir selfkritiek en tradisiekritiek geskep word. Hierdeur kan geloofsgroei geskied.

- Die ingesteldheid rondom *meditasie* behoort die prediking as eindresultaat te dien. Volgens De Wit, soos aangehaal deur Douma (2000:Hf. 4), is meditasie ’n aandagtige dissipline met die doel om die egosentriese ervaring te transformeer tot ’n teokratiese ervaring. Dit behels ’n gesindheid van ontlediging, waaksaamheid en ontvanklikheid. Luther stel meditasie as ’n gedissiplineerde wisselwerking met die Woord, wat ’n dieper hoor/luister na God se Woord behels en om dan vir God gereed en beskikbaar te wees, deur te beweeg, te verander, te lei of gelei te word. Meditasie is dus ’n wisselwerking tussen luister na die Woord en ’n oordenkende onderriggesindheid. ’n Teonome verhouding ontwikkel waar die Woord en gebed die verwagting skep vir die daarstel van ’n bevrydende evangelieboodskap. Deur die prediking word dan iets nuuts met die gemeente bereik, omdat dit ’n kreatiefvernuwende en veranderende krag het. Indien hierdie proses, dus ook die ingesteldheid, afwesig is, word die Gees bedroef (Douma, 2000:Hf. 14). Die prediker moet hom egter nie altyd in die proses isoleer nie, maar saam met die gemeente en in vryheid, na toepassings bly soek (Celliers, 1994:254).
- Die besef dat God algehele gehoorsaamheid *eis*, het die implikasie, dat kerkgroei en vernuwing van die denke by gelowiges (Rom 12:1, 2; vgl. Strong, 2007:107-110), ook as gehoorsaamheid beskou word (Coetsee, 2007:50). Daarby moet die bewussyn bestaan dat *Satan* deurentyd werksaam is om die kerk tot ongehoorsaamheid te verlei (Pretorius, 2006:18).
- Die prediker se ingesteldheid rakende *taalgebruik* kan ’n negatiewe invloed uitoefen en selfs ’n blussende uitwerking hê, indien die prediker nie daarop let nie (Olivier, 2006:75, 140). ’n Positiewe instelling oor retoriek behoort die prediking te bevoordeel (bv. metafore, beelde, vergelykings, bywoorde, aanhalings). Dinamiese, affektiewe en praktiese taalgebruik bevoordeel prediking. Park (2005:71, 202) stel effektiewe prediking soos volg:

> “Plain preaching, with rhetorical effectiveness, resembles the work of the Spirit, who speaks God’s grace plainly and who uses excellent rhetorical divices. The prime characteristic of plain preaching is practical and experimental preaching. It not only directs understanding, but it also speaks to the conscience and hearts of the hearers. Here the preacher’s experience is

deeply involved in preaching. The goal of the preacher is that God's message must be communicated plainly and powerfully in the Spirit."

Die prediker behoort bewus te wees dat taalgebruik wat as statusbeheptheid, of as vleitaal geïnterpreteer kan word, eerder vermy moet word. Wantroue kan maklik onder die toehoorders gewek word deur 'n gemoduleerde stemtoon wat rys en daal, sedigheid, oordrewe belangstelling en kwinkslae, gemaakte vriendelikheid, asook 'n verhewe, begrypende houding (Smit & Vorster, 2000:523). Verder behoort die prediker te besef dat intellektuele taalgebruik eerder vermy moet word, alhoewel geletterde prediking aan die anderkant, wel onkunde en naïewiteit onder die gemeente voorkom (Green, 2000:383) (vgl. Niemandt, 2007:32). In die 2006-opname onder NG predikante is die volgende vraag gestel (Bischoff, 2008:4): 'n Verskeidenheid faktore beïnvloed 'n gemeente se aanvaarding van die predikant se leierskap. Hoe belangrik is elk van die volgende in u huidige gemeente se aanvaarding van u leierskap? Die respons toon dat die volgende vier elemente die belangrikste blyk te wees: bedieningsbevoegdheid, roeping, vertroue en die status (georden en bevestig) as predikant.

In die laaste helfte van die vorige eeu is navorsing oor die werkswyse van die prediker (tradisioneel en charismaties) deur, onder andere, Firet (1968), Heitink (1979) en Gilbert & Brock (1985) gedoen. Die prediker van die 21e eeu behoort, in 'n steeds veranderende samelewing, as baie belangrike leesstof beskou te word.

3.8.3.4.3 Kommunikeerder: gespreksgenoot

Na aanleiding van die Groot Opdrag staan die gespreksgenoot, as kommunikeerder, in die kommunikasiehandeling as individu/kerk/samelewing aan die een kant van die ontmoetingsbrug. Aan die ander kant is die prediker/Christelike tradisie, met die doel om deur die handeling verandering teweeg te bring (Heitink, 1999:246-251; Heitink, Pieterse & Vos, 2000:62).

Die *individu*, as eerste gespreksgenoot, word deur die kommunikatiewe handeling onderrig met die doel om tot 'n keuse te kom en om dan meer Christusgelykvormig te word (Mat 10:25). Die kommunikatiewe handeling geskied tweedens, in die *gemeente*, waar drie funksies ter sprake is, naamlik kerugma (verkondiging), koinonia (gemeenskap) waarby die

leiturgia (liturgie) ingesluit is en diakonia (diens) (Lotter, 2005:488). Elke lidmaat van die gemeente kry die geleentheid om deur die kommunikasiehandelinge tot geestelike volwassenheid te groei (Heitink *et al*, 2000:62, 63; Heyns & Pieterse, 1990:7, 65; Warren, 2005:271). Die *samelewing*, as derde gespreksgenoot, is diegene buite die kerk aan wie die evangelie verkondig moet word (Kerkblad, 2007:41; Olivier, 2006:143).

Al drie genoemde gespreksgenote is onderworpe aan die talle *invloede* van die 21e eeu (vgl. Hf. 5; Olivier, 2006:74-80). Die moderne/postmoderne gelowige en niegelowige as gespreksgenoot, moet derhalwe ernstig opgeneem word. Hulle is immers die enigste persone vir wie die evangelie in hierdie tyd van die wêreldgeskiedenis bedoel is. Saam met die beïnvloedende postmodernisme, sekularisme, skeptisisme en pluralisme, soek elkeen tog sy eie sekerheid binne ’n nuwesoortige spiritualiteit (Gill, 2003:218; Niemandt, 2007:49; Smit & Vorster, 2000:516-519). Hiermee moet rekening gehou word wanneer die gespreksgenoot benader word (Du Toit, 2000:47,138; Smit & Vorster, 2000:529).

Wanneer die gespreksgenoot benader word, hoor, verwerk en transformeer die persoon die gekommunikeerde inligting volgens sy eie persoonlikheid. Op ’n kontinuum kan die verwerkingsaksie van die gespreksgenoot aangetoon word, as absoluut geslote aan die een eindpunt en by die ander eindpunt, weer absolute openheid. Ook die gespreksgenoot in die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” toon hierdie psigologiese dinamika en optredes kan hiervolgens herken word (Venter, 2006:229, 231, 232).

Met krimpende lidmaatgetalle is die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” ’n aktuele gespreksgenoot (Botes, 2006:48; Botha, 2007:48; Coetsee, 2007:50). Binne die gemeentes is twee sterk groepe geïdentifiseer: die een groep, wat hul beywer vir die behoud van wat hulle as tipies gereformeerd beskou; die ander groep wat hul beywer vir vernuwing (vgl. 3.8.2.6) Laasgenoemde groep gespreksgenote is die wat ’n gereedheid toon om verantwoordelikheid vir die toekoms van die kerk te neem (Burger, 1999: 191). Binne hierdie spesifieke kommunikatiewe handeling en veral binne die verwikkelde samelewing, word *besondere* onderskeidingsvermoë benodig om die fokus binne die kerk op God gerig te hou en nie hoofsaaklik op die mens nie (Botha, 2006a:47; Burger, 1999:13, 14, 68, 69). Die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel is weer eens die riglyn.

3.8.3.4.4 Kommunikasieproses

Die aksieprogram kry momentum wanneer die kommunikasieproses plaasvind. Die proses geskied tussen Christus en die mens, deur middel van die werk van die Gees (Smit, 2004:883-885; Heyns & Pieterse, 1990:35). Die *bipolêre* verhouding handel oor ’n balans tussen Christusgesentreerde (Christelike tradisie/teorie) en mensgesentreerde pastoraat (situasie/praktyk) (vgl. 3.8.3.1; Jes 57:15, Heb 4:14) (Heitink *et al*, 2000:60,62; Heitink, 1999:200; Heyns & Pieterse, 1990:35). Kommunikasie van die evangelie (openbaring) is dus altyd verbonde aan interpersoonlike verhoudings (ervaring) (Pieterse, 1992:326; Ihde, 2004:380; Kearney, 2004:30).

Die verhouding in dié bipolêre proses staan onderskeidelik, volgens Habermas en Ricoeur, bekend as die teorie van kommunikatiewe aksie en die interpretatiewe teorie (Bosch, 1991: 23, 24; Dingemans, 1996:155; Heitink, 1999:141-147) (vgl. ook 2.3.2; 6.3.4). Deur die kommunikasieproses (proses van evangelieverkondiging) word ’n *brug* tussen die twee pole gebou deur middel van

- taal in geskrewe-, gesproke- en/of nieverbale vorm;
- taal wat in die teenwoordige tyd gebruik word;
- taal wat in liefde deur die spreker teenoor die gespreksgenoot gebruik word;
- taal wat ’n saak in die werklikheid aanspreek;
- die Heilige Gees wat luister, help en dekoderend te werk gaan;
- waarneming, interpretasie, verstaan, ervaring en bevryding/verandering by die gespreksgenoot (Burger, 1999:16; Heitink, 1999:111, 141, 203-205, 260; Ihde, 2004:385, 386; Smit & Vorster, 2000:523; Venter, 2006:229; Williams, 2005:769).

Inherent is die mens aktief in hierdie proses betrokke en is derhalwe deel van die Gees se werkswyse. Tog bly die *menslike handeling* beperk, aangesien die mens nie direk toegang het tot God se handeling nie. Iewers “stol” die mens se handeling (Kruger & Venter, 2001:557-573). Indien die proses nie “stolling” behels het nie, sou die mens kon aanspraak maak op eie interpretasie, eie verstaan en eie bekering. Bultmann (Ihde, 2004:386) maak ’n duidelike saak daarvan dat die mens dan sou kon beweer dat geloof uit menslike dade daargestel is en nie as gawe van God gereken word nie. Dit is in ooreenstemming met die gereformeerde

uitgangspunt dat die verlore mens slegs herskep kan word in Christus deur die Gees (DLR artikel 14, 17, 22, 24) (Psalmboek) (vgl. ook Bezuidenhout, 2005:35, 118, 121).

Kommunikasie is, volgens Stolberg (Heitink, 1979:277, 262), ’n oorkoepelende begrip wat alle vorme van hulp insluit. Dit behels dat alle geslaagde kommunikasie ten slotte ’n genesende/helende/sinvolle moment bevat. Die kommunikasieproses bevat dus ’n reeks *definitiewe momente*. Indien die aangesproke werklikheid psigies van aard is, kan verwysing plaasvind. Wanneer egter op die geestelike vlak beweeg word, gaan die evangeliese moment, die hermeneutiese- en agogiese moment vooraf. Die evangeliese moment bewerk aan die einde van die proses uiteindelik die helende moment. Die helende moment, ook bekend as die pneumatologiese moment, wat slegs deur die kommunikatiewe proses moontlik gemaak is, hou ten diepste verband met die genesingswerk van Jesus (Dingemans, 1996:155; Meyer, 2002:43).

Tussen *kerkstrominge* bestaan daar nie konsensus oor pneumatologiese uitgangspunte nie (vgl. 3.8.3.1.1). Slegs *gebed* word deur albei strominge eksplisiet gereken as die sleutel tot ’n geslaagde kommunikasieproses (Aucamp, 2007:17; Burger, 1999:157; Floor, 2007:20; Green, 2004:119). ’n Term, soos *verandering*, is ook by albei strome ter sprake, maar nie altyd as wetenskaplike terminologie soos deur kenners van die tradisionele stroom dit gebruik nie (vgl. o.a. De Klerk, 1999:170; Green, 2004:289, 305; Lotter, 2005:493). Waar skakeling op die vlak van psigoterapie en sosiologie geskied, word sodanige terminologie wel deur die charismatiese stroom gebruik (vgl. Gilbert & Brock, 1985:70-87; Green, 2000:305). Dis reeds lank bekend dat bronne wat die charismatiese stroom verteenwoordig, selde melding maak van wetenskaplike terminologie, soos *agogie* of *hermeneuse* (vgl. Heitink, 1999). Indien teorie wel neergestip word, word van oorvleuelende, of ander terminologie, gebruik gemaak. Die werkswyse van die Gees word inhoudelik deur die charismatiese stroom op dieselfde wyse (mét enkele toevoegings) as die tradisionele stroom waargeneem, (vgl. 3.8.4), maar word nie in soveel teoretiese besonderhede beskryf nie (vgl. Green, 2004:289; Heitink *et al*, 2000:62; Pieterse, 1992:332-335).

Volgens bronne binne die charismatiese stroming uit die laat 20e eeu, word meer spesifiek oor die verskillende besonderhede van die menslike aktiwiteit van die kommunikasieproses geskryf (vgl. o.a. Gilbert & Brock, 1985; Wagner, 1986). Binne die tradisionele stroom blyk dit dat pneumatologiese studies afgeskeep is (Vos, 1984:1; Prinsloo, 1984:15). Meer resente

uitsprake, soos die van Park (2005:3), stem steeds oorwegend saam met dié uitsprake. Ten spyte van die uitsprake, dui Park tog ’n aantal pneumatologiese studies aan wat die afgelope drie dekades wel die lig gesien het, waaronder die van Runia, Bohren, Van Ruler, Douma, Forbes, Kinlas, Turner, Asurdia, Buitelaar, asook artikels deur Kuyper, Lloyd-Jones, Ferguson, Maumann, Carson en Bout.

3.8.3.4.5 Stappe in die kommunikasieproses

Ter verduideliking van die stappe in die evangeliekommunikasieproses van die Heilige Gees, word Burger (1999:2578-88, 184, 107-119), Heitink (1979:276; 1999:6-9, 60, 61, 111, 164, 165, 205), Ricoeur (Ihde, 2004:385, 386) en Schalekamp (2005b:193-195, 202, 203, 124, 246) as uitgangspunt gebruik. Die proses begin met ’n “gemeenskap onder opdrag” (Burger, 1999). Tydens enige evangelie-oordrag is die proses deurentyd dieselfde. Die proses is met ander woorde tydens evangelisasie, prediking en onderrig (opbou en uitbou) aan gelowiges én ongelowiges, altyd dieselfde. Hierdie krag tussen die een persoon en die ander, gesentreerd om die Woord, is die geheimenisvolle krag van die Heilige Gees wat die mens in beweging sit (vgl. ook Bezuidenhout, 2005:35) (vgl. 2.3.2).

Die eerste stap in die proses is *kerugma*. Kerugma dui op die gebeure waardeur gelowiges begin om ander mense, deur middel van die evangelie, te help om tot helende verandering te kom. Die evangeliese proses en -moment is die begin van ’n reeks interpretatiewe aktiwiteite. Die eerste aksie is die verduideliking van die evangelie ten einde kennis te verkry. Deur hierdie aksie kom die boodskap op daardie oomblik, direk en onkondisioneel op die mens af. Die feite word dan geïnterpreteer en lei tot verstaan. Verstaan dui op die bereiking van die hermeneutiese moment. Hierdie moment bewerk God binne sy eie tydraamwerk. Hierna word kennisverwerwing uitgebrei deur die agogiese moment en agogiese denke. Die gevolg is belewing van vryheid en bewustelike verandering. Die helende moment van wedergeboorte bly geleë in die vrymagtige aktiwiteit van die Gees. Bekering wat hiermee saamgaan, wys weer op die aktiwiteit van die mens om self van die sonde af weg te draai. Die agogiese moment dryf die mens op kreatiewe wyse om bewustelik (metanoia) sy wil en dade te verander. Die vervlegte werksaamheid is die wortelbekering, wedergeboorte en bekering, wat in die bekeerling kreatiwiteit inisieer en die jong geloof laat groei (Dijk, sa:238,242; Green, 2004:91; Smit, 1995:26; Strong, 2007:107-109) (vgl. ook Bylaag J).

Die tweede stap is *didache.* Didache is ook bekend as kategese wat op langdurige onderrig, begeleiding en oordrag van die Woord dui. Verder word lewenslange aanvaarding van dissipelskap, toerusting vir diens en daaglikse bekering geïmpliseer. Dissipelskap word sodanig bevestig en word sigbaar in die goeie werke volgens God se wet (vgl. 3.5.3.4) (Burger, 1999:118, 119; Dijk, sa:242-248).

Die laaste stap is *paraklese.* Paraklese dui op versoening, vermaning en vertroosting. Ander terme wat met *paraklese* verbind word, is: *versoek, aandring, opwek, aanspoor, aanraai, vra, betuig, aanmoedig, bemoedig, opbeur, versterk, bevestig, teregwys, weerlê, bestraf, vermaan, troos, smeek, aandring, bid, dringend vra, aanroep, uitnooi, waarsku, beroep doen* en *aanraai*. Met hierdie terme moedig die Gees die mens aan om die vryheid wat God gee, daadwerklik uit te leef (vgl. ook Green, 2004:52; Williams, 2005:569).

Skematiese voorstelling van die kommunikasieproses:





3.8.4 Kommunikasie in die strome

Die indikatiewe begrippe van die Groot Opdrag is vanuit die gereformeerde interpretasie/tradisie ondersoek, terwyl ooreenkomste en verskille van die ander belangrikste beïnvloedende interpretasiestroom, naamlik die charismatiese stroom, ook nagegaan is. Na aanleiding hiervan kan die invloed van dié stroom op die teendeel van kerkgroei, naamlik kerkkrimping binne die tradisionele stroom en binne die huidige postmoderne samelewing, verstaan word (Du Toit *et al*, 2002:26).

'n Aantal bronne wat die charismatiese stroom verteenwoordig is, onder andere, Malphurs (2004), Green (2004) en Warren (2005). Van der Spuy (1998) gaan nie deur as deel van die charismatiese beweging nie, alhoewel baie tiperende charismatiese eienskappe in die megakerk Moreletapark, waar Van der Spuy in die bediening is, voorkom. Bronne uit die tradisionele stroom is, onder andere, Burger (1999), Park (2005), Williams (2005) en Van Rooy (2007). 'n Ondersoek gedoen deur die Departement Sosiologie aan die Hugenote Kollege op Wellington, het bevind dat die hoofoorsaak vir die verskuiwing vanaf die tradisionele stroom na die charismatiese stroom, die behoefte aan "direkte godsdienstige belewing" is (Du Toit *et al*, 2002:26). Volgens 'n ondersoek deur die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (BUVTON) op Stellenbosch, is dieselfde behoefte geïdentifiseer, alhoewel dit meer uitgebreid bewoord is: in 'n minder gestruktureerde liturgie behoort die aanbiddingswyse gemakliker, vriendeliker en spontaner te wees (Du Toit *et al*, 2002:27-29). McGrath (2005:195, 196) skryf die uitbreiding van die stroom óók toe weens die behoefte aan direkte godsdienstige belewing, maar ook weens dié stroom se vermoë om by bykans enige kultuur aan te pas. Uiteraard is die bevindings direkte beskuldiging teen die gevestigde kerklike praktyke van die tradisionele stroom.

Hier volg ’n bondige vergelyking tussen die charismatiese en tradisionele strome:

Charismatiese stroom	**Tradisionele stroom**
Ooreenkoms Om die ou *boodskap* nuut te verkondig (Malphurs, 2004:46).	1. Om die ou *boodskap* nuut te verkondig (Burger, 1999:159-163).
Verskille 2. Die *waarheid* is geleë in ervaring en manisfestering van die Gees, met ander woorde, die Woord plus iets *meer*: Christus plus nog iets. Die krag van Christus is nie die kern nie (vgl. 3.8.1), maar wel die *krag* van die sigbare teken. Sekerheid word deur die sigbare teken verkry (Green, 2004:289, 327).	2. Die *waarheid* is geleë in die gepredikte Woord en die belydenis. Korrekte interpretasie van die Woord kry voorkeur bo ervaring/belewing/toepassing (McGrath, 2005:214; Park, 2005:10). Die Woord word as afgesluit gesien en dit lei tot objektiewe prediking, ortodoksie, konserwatisme en “spirit-poor preaching” (Green, 2004:291; Park, 2005:3, 10, 22, 23), asook institusionalisering (Nürnberger, 2002:74).
3. *Gawes* word letterlik verstaan en geldig gehou vir enige tydperk. Wonders en tekens is ’n natuurlike verskynsel, elkeen is bekend met sy/haar gawes en vertolk daarvolgens ’n rol binne ’n “geordende beweging waar die verskeidenheid gawes in harmonie saamwerk” (Green, 2004:264-275, 289, 286; McGrath, 2005:193, 194; Williams, 2005:571).	3. Die formulier vir die aflegging van geloofsbelydenis (artikel 5) (Psalmboek) stel dat gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aangewend moet word. Heidelbergse Kategismus Sondag 21 vraag/antwoord 55 (Psalmboek) stel dieselfde. Tradisioneel word aanvaar dat spesifieke gawes na die apostoliese era afgesluit is (Green, 2004:270; Moule, 2000:87).
4. Die *mens* se rol: Malphurs haal Engel (2004:149) aan wat aansluit by die uitgangspunt van God se rol, asook die mens se rol in die bekeringsproses. Baie groot klem word op menslike gewilligheid gelê en dat mens bewustelik en biddend seker moet maak om aan die Woord gehoorsaam te wees (Joh 3:3-8; Ef 5:18,	4. Die *mens* se rol: In die bekeringsproses is daar ’n definitiewe skeiding tussen God se rol en die rol van die mens (Malphurs, 2004:149). Die uitgangspunt is die totale verlorenheid van die mens, asook die mens se onmag om nie uit eie krag, harte te kan verander nie. Dit kan slegs deur die Gees se werking verander. Tog aanvaar die mens

19). Die ernstige, eerlike en verantwoordelike keuse om God se standaard na te streef, ten einde van ’n kinderlike geloof tot geestelike volwassenheid te groei, word voorgestaan (Green, 2004:151; Van der Spuy, 1998:119, 156; Warren, 2004:51). Die vrye werking van die Gees, soos dit tot uiting kom in die erediens, is die uitgangspunt.	God se belofte en moet dan biddend medewerksaam optree (Floor, 2007:2). Die Woord alleen, soos dit uiting vind in die erediens, is die uitgangspunt. Formalisme en klerikalisme manifesteer onder hierdie omstandighede (Botha, 2006:22, 23; Williams, 2005:571).
5. *Akademie*: wantroue bestaan in verband met akademiese opleiding, omdat nie net die charismatiese groepe nie, maar ook die pentakostaliste en die “third wave” meen dat die Gees deur die rasionele uitgeblus kan word. Verder word geglo dat belewing nie dogma nodig het nie. “The lack of interest, even rejection of the intellectual study of Christianity … is not a new feature. On the other hand, their stress on the direct experience of the Spirit has often been derided as irrational” (McGrath, 2005:193-197; Williams, 2005:563-573).	5. *Akademie*: die stroom word beskuldig van die feit dat die student deur opleiding, kontak met die werklikheid kan verloor en op die wyse dan irrelevant word vir die hedendaagse wêreld. Die uitgangspunt is dat die irrasionele fanatisme en geestelike entoesiasme in ’n akademiese benadering, ongebalanseerd en onaanvaarbaar is. Empiriese studie, die gebruik van sekere terminologie en die beskrywing van die pastorale kommunikasiesituasie, word belangrik geag, terwyl navorsing en beskikbaarheid van werkbare, praktiese wenke vir evangelisasie, sending en kerkgroei, grootliks ontbreek (Dreyer, 2009:16; Williams, 2005:563-573).
Verskille weens prioritisering 6. *Postmoderne mens*: Die bestaan van, asook die bediening aan die postmoderne mens, word erken en deurgevoer. Die probleem van onkundigheid in hantering van nuut ontwikkelende situasies, word nie bloot gelaat, ontken of teëgewerk nie. As gevolg van die benadering word proaktiewe en kreatiewe optrede rakende die gemeenskap vereis. Dit sluit ook die gebruik van hedendaagse tegnologie in (Malphurs, 2004:9, 15, 19, 29, 396-409;	6. *Postmoderne mens*: Die besef neem toe dat veral die jonger geslag vanuit die gereformeerde “goud” (vgl. 3.8.3.4.1) bedien moet word en dat dit op ’n nuwe, eietydse wyse en op die regte manier, behoort te geskied. Bewustelike aansluiting by die postmoderne mens behoort derhalwe gesoek te word om relevansie, eenvoud, waarheid, belewing en onderlinge gemeenskap daar te stel. Die besef rakende bediening van die

Warren, 2004:74-87, 271).	postmoderne mens bestaan dus, terwyl die praktyk nog tekort skiet (Smit & Vorster, 2000:519-521; Van der Walt, 2006: 31, 32).
7. *Leierskap* dra hoë prioriteit. Die leiers moet soek om uit te vind wat God besig is om te doen en dan aktief daarby inval: "Terwyl ons vir God wag om vir ons te werk, wag God om deur ons te werk" (Warren, 2005:21, 33). Die gevolg is dat die mens sy eie planne laat vaar en besig raak met God se agenda. Die agenda word aan die mens deur gebed bekend gemaak, deurdat die mens God se denke op dié wyse naspeur. Die gevolg is dat die mens die agendapunt in sy administrasie en beplanning opneem en ten uitvoer bring. Die teendeel is ook teenwoordig, deurdat leierskap afwater, omdat die lidmate self aktief deel is aan erediensaktiwiteite en dat God ook direk deur hulle spreek. Dit kan lei tot arrogansie en gearriveerdheid en leierskap bemoeilik (Green, 2004:119-121, 286; Warren, 2004:33, 51-61, 85).	7. *Leierskap* dra nie hoë prioriteit nie (Malphurs, 2004:222). Die toedrag van geestelike stagnasie (De Bruyn, 2007:37, 38), skynbare bewuswording van gebrek aan geestelike entoesiasme en eie tekortkominge (Breytenbach, 2007:4-7), die-kalf-in-die-put-besef (Kerkblad, 2007:41), die skynbaar onoplosbaarheid van verskeurende verskille binne kerkverband (Turkstra, 2007:49) en krimpende getalle (Wijnbeek, 2007:43-45), beklemtoon die gebrek aan ware leierskap waar 'n een-man-leierskap-tendens hoogty vier (Green, 2004: 340).
8. *Doelbewuste aksie:* Die klem lê op die menslike aksie. Dissipelskap (opbou) en die maak van dissipels (uitbou) maak deel uit van groei. Groei kan slegs waargeneem word in dit wat mens *doen* (praktyk/belewing) en nie soseer net in wat mens bely (kennis) nie. Direkte en persoonlike belewing versterk egter dit wat bely (kennis) word (Malphurs 2004:23, 24; McGrath, 2005:215; Warren, 2005:85, 161, 181, 183, 199, 271-293, 301).	8. *Doelbewuste aksie:* Menslike aksie dra nie hoë prioriteit nie. Dit sluit, onder andere, sake in soos aktiewe beplanning, asook uitsprake ter wille daarvan, maar ook aksie rakende die maak van dissipels, toerusting van lidmate en die menslike aktiwiteit in die uitvoer van die Groot Opdrag, hetsy deur watter invalshoek, watter tipe evangelisasie of watter metode. Gebed as aksie is belangrik. Gebed is om God se beloftes te aanvaar en dan hoofsaaklik daarmee werksaam te wees deur God se aandag daarop te vestig en Hom te herinner

	aan wat Hy beloof het. Dit is God wat sy eie beloftes vervul, maar op pad na vervulling, skakel die Here die gebede van sy kinders in (Floor 2007:20; Malphurs, 2004:222; Van Rooy, 2007:39, 40).
9. *Kerkgroei*: Kerkgroei en kerkgroei-beginsels word gesien as die hedendaagse instrument in die werkswyse van die Gees. Kerkgroei is vinnig en effektief. Aktiewe mobilisasie en organisasie word vereis. Die mens se verantwoordelikheid en die proses om dissipels te maak deur lidmate toe te rus vir die taak, asook om klem te lê op leierskap binne kerkgroei, kry baie aandag (vgl. DAWN-strategie, CGM, WCC) (Malphurs, 2004:39, 222-306; McGrath, 2005:195; Schalekamp, 2005b:282, 289-291)	9. *Kerkgroei*: Aktiewe beplanning en die neem van aksie rakende die maak van dissipels, toerusting van lidmate, leierskap en die mens se verantwoordelikheid, dra nie hoë prioriteit nie (Malphurs, 2004:222; Van Rooy, 2006:21, 22; Van Rooy, K. 2007a:39).

3.8.5. Samevattende konklusie: indikatiewe kernbegrippe en strome

Die kernbegrippe in die indikatief, wat in albei gegewe tekste van die Groot Opdrag kontekstueel nagegaan is (*mag/krag* en *Heilige Gees*), is aan die hand van resente bronne verder ondersoek ten einde tot ’n in-diepte hermeneutiese beoordeling van die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika te kom. Aan die hand van drie vrae is die krag van die Gees, die Gees se doel en die Gees se werkswyse ondersoek, gesien teen die uitgangspunte van die tradisionele en charismatiese strome.

Krag van die Heilige Gees: Die *krag van die Heilige Gees* word deur die tradisionele, sowel as die charismatiese stroom erken, terwyl bonatuurlike tekens en wonders deur die charismatiese stroom as ’n vereiste saam met prediking gestel word. Die tradisionele stroom meen daarenteen, dat die tydperk van wonders en tekens na die apostoliese tydperk afgehandel is, en dat die aanwesigheid daarvan, soos in die charismatiese stroming, nie as ’n vereiste in die kerk gestel word nie. Die krag van die Heilige Gees se soewereiniteit moet altyd mee rekening gehou word. Studie oor die *krag van die Heilige Gees* dui aan dat

swakheid nie sinoniem met *dunamis* is nie, maar dat dit wel dui op die werksplek van die krag van die Heilige Gees.

Doel van die Heilige Gees: Die *doel van die Heilige Gees* begin by Skriflesing ter wille van verlossing van die mens, volg ná ’n Geesbegeleidende voorbereide/voorbereidende proses en kommunikeer effektief deur eenvoudige *prediking. Kommunikasie* hieruit voortspruitend, as doel ter wille van verlossing, word deur God bewerkstellig. Die Heilige Gees tree as inisieerder en as verbindende pneuma op. Beweging in die kommunikatiewe handeling, wat ook dade insluit, word sodoende bewerkstellig. By albei strome sluit die menslike dade selfgesentreerde, menslike doelstellings in (dade). Dié negatiewe kommunikasie blus die werking van die Gees. Die *heiligmakingsproses,* wat deur God geïnisieer word se doel is om Christusgelykvormigheid in die mens te bewerkstellig. Dié proses word deur menslike aktiwiteit verdiep, naamlik om die rasionele keuse tot vervulling met die Heilige Gees as doel te stel. Menslike aktiwiteit staan nie in kompetisie met die Gees se werking in die mens nie. Die Gees stel die mens in staat tot aktiwiteit deur toerustende bemagtiging. Die doel van die krag van die Heilige Gees is om gelowiges met *gawes* toe te rus ter wille van die opbou van die gemeente. Gebruik van gawes kan ook misbruik word deur eensydige toe-eiening ter wille van individuele opbou, of aan die anderkant, deur onbeperkte misbruik. Terselfdertyd is die doel van die Heilige Gees die daarstel van *verantwoordelike* kerklidmate, wat geestelike volwassenheid as resultaat van menslike aktiwiteit, behels. ’n Sin vir verantwoordelikheid groei deur oefening binne ’n eenheidsisteem van gemeentelike opbou en uitbou. ’n Verantwoordelike kerklidmaat kom biddend tot die besluit om die krag van die Heilige Gees se werk in hom/haar, ten volle te laat geskied, onder andere, ook deur die metode/model waarop besluit word. Rakende *randlidmate* is die doel van die Heilige Gees herlewing binne die koninkryk van God. Die doel is by albei strome aanwesig, alhoewel terminologie ten opsigte van dié lidmate verskil. Afstand by randlidmate binne kerklike-opset ontstaan as gevolg van ’n vervlegtheid van faktore, waaronder kerklike “verlamming”, ’n gebrek aan Godsbesef, onbevredigende eredienste, kerklike twispunte, groepering weens fundamentalisme/tipering of die strewe om vernuwing/geestelike ervaring, denkverandering, nuwe spiritualiteit, subjektivering, sekularisasie en globalisasie. Die ‘verlamming’ binne die kerklike opset veroorsaak onttrekking, die ontstaan van onaktiewe lidmate wat die kerk laat kwyn, asook die verdwyning van lidmate. Die randlidmaat besoek andersdenkende

strome/kerke en transdenominaliteit tree in. Die optrede is as gevolg van die lidmaat se soeke na herlewing.

Albei strome fokus op getuienis, kerkgroei en kerkplanting, ten einde *uitbreiding* van die kerk as doel van die Heilige Gees daar te stel. Die wyse hoe die doel nagestreef word, verskil egter tussen die twee strome. Schwarz se agt Skrifbeginsels veronderstel kwantitatiewe en kwalitatiewe groei in gemeentes, ongeag die metode. 'n Tussenstroom, wat swakhede uit die twee strome relativeer ten einde die sendingopdrag te gehoorsaam, blyk te bestaan. Die *nuwe bedeling*, as doel van die Heilige Gees, bewerk nou *reeds* herskepping, alhoewel *nog nie* ten volle nie. Die nuwe bedeling begin volledig met die wederkoms. Die uitlewing, asook die terminologie rakende die *reeds/nog-nie-herskepte-mens*, verskil by die twee strome. Die fokus val eendersyds, op teoretiese aspekte (tradisionele stroom) en andersyds, op die prakties-menslike aktiwiteit (charismatiese stroom).

Die doel van die Gees kan gereduseer word tot *herlewing* (opbou) en *kerkplanting* (uitbou).

Werkswyse van die Heilige Gees: Met die Groot Opdrag word die verband tussen God en die mens herbevestig. *Verbondsgerigtheid* en pneumatologie gaan hand aan hand, deurdat beide oor die verband tussen God se werk en die mens se werk handel. Verskillende uitgangspunte en interpretasies rakende die verbond lei tot verskillende uitlewingstrome (vgl. 3.8.4). Verbondsgerigheid word deur 'n verskeidenheid begrippe geïmpliseer. Verbondsaktiwiteit word nie vanselfsprekend deur die verbondsteken, naamlik die doop, verseker nie.

Die werkswyse omsluit die *werksterrein* van die Gees en omspan die hele aarde met al sy inwoners. In weerwil hiervan fokus die Gees egter spesifiek op die terrein van die gelowige in die kerk, wat veral deur die erediens toegerus word vir hul taak binne die kerk (opbou), asook vir hul taak buite die kerk (uitbou).

Die *herkenbare elemente* in die werksaktiwiteit van die Gees is die teenwoordigheid van die mens in 'n kommunikatiewe situasie, gedra deur gebed om verandering te bewerkstellig en tot geloof te kom. Hierdie elemente funksioneer binne die verbond waar God die inisiatief neem en die mens medeverantwoordelikheid opneem.

Die *aksieprogram* van die Heilige Gees maak gebruik van die *gehoorsame*, *gebedsgedrewe* gelowige *mens* binne die *kommunikatiewe* situasie. Hierin verleen die Gees die mens *vryheid* van aksie. Die kommunikatiewe aksie van die mens lei tot hartsveranderende *dade*. Kommunikasie geskied eerstens in die *gemeente*, waar die *kleingroep* 'n belangrike rol speel. Die gelowige openbaar 'n Geesgerigte kommunikatiewe *gesindheid* deur *oop* te wees vir *nuwe* inisiatiewe, wat nie noodwendig op een spesifieke *metode*/*model* berus nie, maar wel op die *balans* tussen Skrifgefundeerde waarhede en die nuwe uitlewing daarvan. Kommunikasie geskied tweedens binne die opset van die *hedendaagse samelewing.* Die hedendaagse mens het behoefte aan die *kern*/*hart* van die evangelie. Die kern/hart moet egter voortdurend *nuut* verkondig word deur van *beginsels/geloofspraktyke* gebruik te maak. Dit kan in die gegewe vryheid toegepas word ten einde *behoud* van die hedendaagse mens en ter wille van die *uitbreiding* van die koninkryk. Kerkgroei onder die hedendaagse mens word, onder andere, *belemmer* en *geblokkeer* deur die kerklike struktuur, kerklik-onvriendelike gedrag en die generasiegaping (vgl 3.8.2.6; 3.8.3). By albei *strome* is die siening dat die Gees, in samewerking met die mens as kommunikeerder, die aksieprogram ten uitvoer bring.

Gesien in die lig van die Groot Opdrag is die *kommunikeerder* (prediker) se taak om die evangelie aan die hedendaagse moderne/postmoderne mens, binne die verwikkelde samelewing, te bring. Die taak vereis 'n Godgerigte ingesteldheid ter wille van die lidmaat, asook die bewustheid van eie menslikheid. Die Godgerigte ingesteldheid is ook 'n vereiste tydens opleiding, tydens die preekmaakproses en beplanning van liturgie, asook tydens die prediking. Meditasie, kreatiwiteit, selfondersoek, spiritualiteit en taalgebruik is bepalend in die kommunikatiewe taak van die prediker met die gespreksgenoot. Die *gespreksgenoot* is die individu, die kerk en die samelewing van die 21e eeu. Al drie gespreksgenootgroepe is onderworpe aan invloede, waarmee rekening gehou moet word. Elke gespreksgenoot verwerk die gekommunikeerde aksie op eiesoortige wyse en kan daarvolgens geposisioneer word op 'n kontinuum wat wissel van geslotenheid tot openheid. Die twee pole is ook sigbaar binne die "susterkerke" in Suid-Afrika. Die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel behoort met onderskeidingsvermoë toegepas te word wanneer die gespreksgenoot benader word.

In die werkswyse van die Heilige Gees geskied die kommunikasieproses tussen teorie/tradisie/openbaring en die praktyk/situasie/ervaring deur middel van taal. Die funksie van taal is om 'n brug daar te stel, waardeur die evangelie, deur mens- en Geesgeaktiveerde

prosesse, verandering teweeg bring. Die kommunikatiewe proses (taalbrug) behels spesifieke momente, waardeur die interpretatiewe aksie en kommunikatiewe aksie, suksesvol deurgevoer word. Dit geskied deur drie stappe, naamlik *kerugma, didache* en *paraklese.*

Strome: Albei strome is gegrond op die Skrif (Groot Opdrag) en gedrewe om die boodskap nuut te verkondig. Daar is definitiewe *verskille* rakende die aanbiedingswyse van die waarheid, die uitlewing van gawes, die rol van die Gees en die mens tydens die bekeringsproses, asook in die benadering van akademiese opleiding. ’n Aantal aspekte word *verskillend geprioritiseer*, naamlik die siening en benadering van die postmoderne mens, die graad van leierskap en doelbewuste menslike aktiwiteit, wat kerkgroei insluit. By albei strome word verskille tussen strome oorbeklemtoon ten koste van sake waarby wedersyds gebaat kan word.

3.8.6 Samevattende konklusie: indikatiewe kernbegrippe, strome en krimpende kerke

Die hermeneutiese beoordeling van die verwikkelde praktyk rakende die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika, word aan die hand van die Groot Opdrag, soos volg saamgevat:

Krag: Die *krag van die Heilige Gees* dui op kragtige werking, veral deur die prediking. Alhoewel die krag van die Gees nie aangevuur word deur die mens in sy swakheid en as ongehoorsame teenstaander van die Gees nie, bly diégene wel binne die kragveld van die Gees - al vertoon die Gees gedoof.

Doel: Die doel van die Heilige Gees, naamlik herlewing en kerkplanting, oftewel opbou en uitbou, word deur krimpende kerke gemis. Hieronder volg besonderhede rakende die misplaaste doel van krimpende kerke.

Herlewing deur *prediking* geskied gebrekkig deur die skynbare oneffektiwiteit in die menslike, voorbereidende proses en deur oneffektiewe prediking. Terselfdertyd word skade gelei deur gebrekkige direkte en indirekte (deur dade) *kommunikasie*, asook deur selfgesentreerde menslike optrede. In die gelowige skyn daar ’n passiwiteit/gebrek in aktiwiteit tydens die heiligmakingsproses te wees. Dit kom ook na vore deur ’n gebrek in strewe na Christusgelykvormigheid, asook in die menslike keuse tot aktiwiteit. In die opbou van die gemeente skyn daar ’n gebrek aan benutting van *gawes* te wees. Verder skyn die

onverantwoordelike optrede van kerklidmate die doel te mis deur passiwiteit in/afwesigheid van menslike aktiwiteit, gebrek aan/afwesigheid van oefening in heiligmaking, gebrek aan/afwesigheid van geestelike volwassenheid, gebrek aan/afwesigheid van ’n funksionerende eenheidsisteem, passiwiteit in/afwesigheid van biddende besluitneming, passiwiteit teenoor/afwesigheid van ’n metode/model wat in diens van die Gees kan funksioneer, asook die uitblussing/afwesigheid van die krag van die Heilige Gees. Aansluitend hierby kom binnekerklike “verlamming” na vore, saam met ’n vervlegtheid van sosiomaatskaplike faktore. Hierdie faktore werk versterkend in op die verskynsel van *randlidmate*. Gesien binne die spektrum van krimpende kerke, bevestig randlidmate die skynbare gebrek aan herlewing, asook die kwantitatiewe en kwalitatiewe verskraling van die Groot Opdrag, naamlik kerkgroei.

Die tweede doel van die Heilige Gees, naamlik *uitbreiding* van die kerk (kerkplanting), word gemis weens passiwiteit teenoor/ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag, asook weens moontlike passiwiteit teenoor/verwarring vanweë die veelheid van metodes ter bereiking van die doel. Ten slotte vertoon krimpende kerke ’n misplaaste benadering rakende die *reeds/nog-nie-herskepte-mens*, asook rakende die *nuwe bedeling*, deur te veel op die teoretiese aspekte daarvan te fokus.

Werkswyse: Gesien in die lig van die Groot Opdrag, die werkswyse van die Heilige Gees en die gereformeerde benadering daaromtrent, is die *verbond*, pneumatologie en verbondsgerigtheid van belang ten einde ’n gegronde hermeneuse van die onderwerp te bereik. Die onderwerp, naamlik krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” beoordeel in die lig van die Groot Opdrag, behels dus die mate van teenwoordigheid of afwesigheid van God se aksie, asook die aanwesigheid of afwesigheid van die mens se aksie. In die werkswyse van die Gees maak krimpende kerke deel uit van die spesifieke verbondsgerigte *werksterrein* van die Gees, aangesien ook die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” uit individue, binne ’n spesifieke volks-/nasie-/taalverband, bestaan. ’n Beduidende deel van die *herkenbare elemente* in die werkswyse van die Gees rakende krimpende kerke, is gebrekkig, passief of afwesig. Die verantwoordelike mens in ’n gebedsgehulde, kommunikatiewe situasie, met die doel om verandering deur geloof te toon, asook bewustheid van die verbondsverhouding, is grootliks afwesig.

Na aanleiding van die hermeneutiese ondersoek, is krimpende kerke in die aksieprogram van die Heilige Gees skynbaar onderworpe aan die *ongehoorsame, gebrekkig-gebedsgedrewe* gelowige mens, binne ’n minder konstruktiewe *kommunikatiewe* situasie. Die *vryheid* van aksie wat die Gees verleen, kom bykans nie voor nie. Hartsveranderende *dade* na aanleiding van kommunikatiewe aksie, manifesteer selde en *kleingroepe* speel nie so ’n belangrike rol nie. Die gelowige openbaar in mindere mate ’n Geesgerigte, kommunikatiewe *gesindheid. Openheid* vir *nuwe* inisiatiewe volgens een of ander *metode*/*model*, word selde nagejaag. Nuwe uitlewing van Skrifgefundeerde waarhede kom selde voor. Verder word die mens van die *hedendaagse samelewing*, wat behoefte het aan die *kern*/*hart* van die evangelie, nie altyd erken en herken nie. Die evangelie word skynbaar volgens gewoonte op formalistiese wyse binne gevestigde, onbuigbare struktuur verkondig. Die kerklike struktuur, kerklik-onvriendelike gedrag en die generasiegaping dra by tot die verskynsel van kerkkrimping. Verder dra die *behoud* (tot herlewing) van die hedendaagse mens en *uitbreiding* van die koninkryk nie hoë prioriteit nie. Die aktiwiteit van die Gees in krimpende kerke word dus deur die passiwiteit van die mens geblus, terwyl die aktiwiteit van die Gees selfs as gevolg hiervan, uitgedoof word.

Gesien in die lig van die Groot Opdrag is die werkswyse van die Gees om deur middel van die taak van die *kommunikeerder* (prediker), die evangelie aan die hedendaagse moderne/postmoderne mens, te midde van ’n verwikkelde samelewing, te bring. In krimpende kerke bewerk skynbare passiwiteit by die kommunikeerder moontlik die teendeel. Ingesteldhede rakende God, die lidmaat, asook die prediker self, is ter sprake. Die Godgerigte ingesteldheid tydens opleiding, tydens die preekmaakproses en beplanning van liturgie, asook tydens die prediking, kom onder die vergrootglas. Onvoldoende meditasie, kreatiwiteit, spiritualiteit en taalgebruik, as bepalende aspekte in die kommunikatiewe taak van die prediker, kan die werkswyse van die Gees belemmer. Die *gespreksgenoot* is die individu, die kerk en die samelewing van die 21e eeu. Al drie gespreksgenote is aan invloede onderworpe en verwerk dit op eiesoortige wyse. Hiermee word skynbaar, binne krimpende kerke, nie mee rekening gehou nie. Aangesien elke gespreksgenoot die gekommunikeerde aksie op eiesoortige wyse verwerk, kan die gespreksgenoot daarvolgens op ’n kontimuum, wat wissel van geslotenheid tot openheid, geposisioneer word. Die kontinuum, met die twee pole, is ook teenwoordig binne die “susterkerke” in Suid-Afrika. Die mate van geslotenheid/openheid by die gespreksgenoot word skynbaar selde met onderskeidingsvermoë benader, aangesien die

kommunikatiewe aksie nie bydra tot ’n hartveranderende lewe, wat sigbaar word deur getalle wat groei nie.

Die werkswyse van die Gees word dus teëgestaan, bedroef en moontlik geblus (Ef 4:30; I Thes 5:19), deurdat die kommunikasieproses weens gebrekkige menslike aktiwiteit, nie volgens die groeibedoeling van die Gees, funksioneer nie.

Strome: Rakende krimpende, tradisionele kerke vind beïnvloeding deur die charismatiese stroom grootliks plaas, aangesien transdenominaliteit toeneem (vgl. 3.8.2.6). Toegeneëndheid jeens dié stroom kan verstaan word in die lig van die huidige postmoderne samelewing, aangesien juis die charismatiese stroom in die behoeftes van die veranderende samelewing voorsien. Die mens van die 21e eeu verwerp ortodoksie (3.8.4 nr. 2) en formalisme (3.8.4 nr. 4), maar ag persoonlike ervaring/belewing van groot belang (3.8.4 nr. 3-7). Blinde navolging van tradisionele leierskap (3.8.4 nr. 7), geskoei op ’n skynbaar ontoereikende en gestagneerde praktyk, vind nie meer aanklank by die hedendaagse mens nie. Weens die skynbare onaktiwiteit binne die tradisionele, kerklike praktyk (3.8.4 nr. 7 en 8), word daar weggewyk na waar herlewing skyn te wees en waar die mens van die postmoderne tydsgewrig, tuis voel (3.8.4 nr. 6). Die vergelyking toon dus dat die charismatiese stroom aantreklik vertoon en aan dié behoeftes voldoen waaraan die tradisionele stroom nie meer voldoen nie. By albei strome word verskille tussen strome oorbeklemtoon ten koste van sake waarby gebaat kan word.

3.9 Finale konklusie: Mat 28:16-20 en Hand 1:8

(vgl. ook 3.5.5, 3.6.4, 3.7, 3.8.5 en 3.8.6)

Hierdie afdeling het die Skrif vanuit die gereformeerde tradisie ondersoek om uit die grondteks, asook uit resente bronne, tot verstaan te kom wat die Groot Opdrag behels. Die Groot Opdrag in beide Mat 28:18-20 en Hand 1:8 is opgebou deur ’n indikatief en ’n imperatief. Die indikatief fokus op God, terwyl die imperatief op die mens fokus. Die imperatief is verder opgebou deur twee aspekte, naamlik uitbou en opbou.

Die ondersoek toon dat die goddelike *indikatief* van die Groot Opdrag altyd geldig en aktief is, terwyl die menslike *imperatief* rakende *opbou* (gemeentegroei) en *uitbou* (evangelisasie), weens menslike swakhede, passiwiteit toon. Kerkkrimping as problematies kerklike praktyk

maak in die verskynsel van die krimpende, tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, deel uit van die menslike passiwiteit as teëpool van die imperatief (soos gestel in die Groot Opdrag).

In die lig van die Groot Opdrag is die volgende ter sprake rakende kerkkrimping en die “susterkerke”: Ten spyte van krimping by die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, gaan die Gees se werk steeds *verbondsmatig*, *doelgerig* en *kragtig* voort. Menslike swakhede in die “susterkerke” vertraag die voortgang, maar voorkom nie die voortgang van die evangelie nie, aangesien die Gees nie van die “susterkerke” afhanklik is nie. Die belofte van die Gees se *bystand* staan ten spyte van menslike teëwerking, altyd vas. Voortgang van die evangelie beweeg voortdurend aan binne die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel. Die *doel* van die Heilige Gees, naamlik uitbreiding van die evangelie, word deur krimpende kerke *gemis.* Dit gebeur grotendeels deur menslike onwilligheid, passiwiteit, vermyding, gebrek aan kennis en moed/erns, soeke na identiteit, asook weens geslotenheid. *Herkenbare elemente* in die *werkswyse* van die Gees is derhalwe in krimpende kerke gebrekkig waarneembaar.

Die teendeel, naamlik *uitbreiding van die kerk (kerkgroei)* gaan ondanks die krimping van die Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika, steeds voort deur die Gees se *bonatuurlike* beheer in (ander) mense/strome se aktiwiteite, deur oop, positiewe, gehoorsame *respons* aan die hand van die *kommunikasieproses*, asook deur gehoorsame respons in die vestiging van Godgerigte *denk- en uitlewingspatrone*. Die krimpende, tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” is hermeneuties gesien, nie ’n sprekende gehoorsame uitvoerder van die Groot Opdrag nie.

Die hermeneutiese komponent het die teorie/abstraksie aangaande die Groot Opdrag gestel. Deur hierdie komponent is tot verstaan gekom rakende die normatiewe uitgangspunte wat geleë is in die Groot Opdrag. Tog is hierdie hoofstuk slegs die eerste deel van die basisteorie, aangesien die verskynsel van krimpende kerke ook in die lig van die Groot Opdrag deur die histories perspektief (vgl. Hf. 4 en 5) nagevors is.

VOETNOTAS

[1] Streepteologie: Die tradisionele stroom aanvaar die teologiese uitgangspunt dat die tydperk van wonders en tekens na die apostoliese tydperk afgehandel is en dat die aanwesigheid daarvan, soos in die charismatiese stroming, nie as ’n vereiste in die kerk gestel kan word nie (Wentsel, 1995:43-47).

[2] Lynteologie: Die charismatiese stroom aanvaar die teologiese uitgangspunt, dat die tydperk van wonders en tekens nie na die apostoliese tydperk afgehandel is nie. Die aanwesigheid daarvan is derhalwe ’n vereiste vir ’n kerk (Wentsel, 1995:43-47).

[3] Val-onder-die-Gees (Toronto Blessing). ’n Skynbare oorvloed en oorloop van die krag en teenwoordigheid van die Heilige Gees manifesteer in sekere aktiwiteite, soos om liggaamlik fisies om te val, duisligheid en ’n geruk van die liggaam te ervaar, profetiese woorde te uiter, ’n lag- of huiltoestand te ervaar, soms ’n staat van bewusteloosheid te beleef, asook om na afloop van die gebeure, ’n gevoel van oorvloedige blydskap en oorvloedige liefde vir Jesus en mense te ervaar (Green, 2004:320-338).

Hoofstuk 4

Historiese perspektief: tendense en getalle

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die historiese perspektief rakende die Groot Opdrag en kerkkrimping ondersoek om die tendense van kerkkrimping en kerkgroei (getalle) sedert die begin van die Christelike kerk te bepaal. Aan die hand van die historiese perspektief kan tendense in die voortgang van die Christelike kerk, waaronder ook die krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in 'n verwikkelde Suid-Afrika tel, beoordeel word. Die historiese perspektief word aan die hand van die volgende werkswyse ondersoek.

4.2 Werkswyse

Die werkswyse wat gevolg word om die historiese perspektief daar te stel, is om die afgelope 20 eeue aan die hand van literatuurstudie, te ondersoek. Die ondersoek fokus op die voortgang van die Christelike kerk en gepaardgaande tendense van kerkgroei en kerkkrimping aan die hand van gelyklopende magsbasisse. Die historiese perspektief ondersoek die tydperk wat in aanvang neem met die Jesus-beweging en wat strek tot en met die eerste dekade van die 21e eeu. Vanaf die 19e eeu word statistiese data tot die ondersoek bygevoeg.

Die plek van die historiese perspektief binne die terrein van die Praktiese Teologie en die gestelde basisteorie (Hf. 2), word eerstens verduidelik. Daarna word magsbasisse, die daarmee gepaardgaande groeiende/krimpende getalle binne die historiese ontwikkeling en funksionering van dié spesifieke tydperk, ondersoek**.** Vier verskuiwende magsbasisse word nagegaan. Die ondersoek neem in aanvang met die Jesus-beweging en raak stelselmatig, namate nader aan die huidige tydperk beweeg word, meer detailintensief. Vanaf die 19e eeu, wat relatief na aan die 21e eeu is, word meer direk op beïnvloedende tendense en groeiende/krimpende getalle gefokus. In die ondersoek rondom die 20e eeu, word getallegroei/-afname in Nederland en Engeland kursories nagegaan, aangesien dié lande toonaangewende Europees-Christelike indikators is en histories blywende verbintenisse met Suid-Afrika het. Na aanleiding van die beweging van die Christendom vanaf Europa, word in breë lyne ondersoek ingestel na die verskuiwings in die noordelike halfrond, asook na die

suidelike halfrond. Die fokus binne die suidelike halfrond val hierna op die groei/krimping van getalle binne die gereformeerde Christendom in Suid-Afrika sedert 1652.

Ten einde by die sentrale fokuspunt, naamlik die krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika te kom, word die verskuiwings binne die tradisioneel Afrikaanse kerke, vanaf 1652 tot en met eeuwending, nagegaan. Die eerste godsdienstige data ter vasstelling van groei/krimping van getalle binne die Afrikaanse kerke vanaf 1690 - 1991, word onder die loep geneem. Ter wille van volledigheid word die invloed van die charismatiese kerke (in watter wyse die stroom ookal voor en na 1908 manifesteer) op die tradisionele stroom aangetoon. Ter verfyning van dié wye spektrum van data, word daar vervolgens spesifiek gefokus op die "susterkerke" tydens die jare 1980 tot 2000. Hierna raak die ondersoek meer direk, deurdat op getalle van belydende lidmate van die GKSA, spesifiek binne die eerste dekade van die 21e eeu, naamlik 2005 tot 2008, gefokus word. Die metode wat met hierdie ondersoek gevolg word, is om eerstens aan die hand van statistiese gegewens en gepaardgaande grafiese voorstellings, die afname van belydende lidmaatgetalle binne verskillende groottes gemeentes binne die GKSA, gedurende genoemde jare, aan te toon. Hierna volg statistiese gegewens en gepaardgaande grafiese voorstellings van krimpende GKSA-gemeentes in die gegewe tydperk (2005-2008).

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk word konklusies getref rakende tendense en groeiende/krimpende getalle as direkte gevolg van die Groot Opdrag. Deur die historiese perspektief word die hermeneutiese komponent van hierdie ondersoek uitgebrei. Die uitgebreide hermeneuse kan bydra tot 'n normatief versterkte basisteorie. Sodoende kan, aan die hand van Praktiese Teologie, 'n bydra gelewer word tot die beter verstaan rakende die verwikkelde praktyk van die huidige 21e eeu se krimpende, tradisioneel Afrikaanse "susterkerke".

4.3 Die plek van die historiese perspektief in Praktiese Teologie

Na aanleiding van die basisteorie wat geformuleer is vir hierdie ondersoek (Hf. 2), het normatiewe besinning aan die hand van die Groot Opdrag in Hoofstuk 3 in aanvang geneem. Hierdeur is die eerste stap geneem om die bepalende norm, as basis van die hermeneutiese

grondslag, te ondersoek en te verwoord. Die bepalende norm/teorie/tradisie verteenwoordig die verlede (vgl. 2.4; 2.5). Die verlede (hermeneutiese perspektief) fokus op die *wie* en die *wat*. In hierdie hoofstuk (Hf. 4) word die teorie verder uitgebrei deur ’n histories-interpretatiewe ondersoek. Die ondersoek fokus op die groei/krimping van getalle van die Christelike kerk sedert die Groot Opdrag een en twintig eeue gelede gegee is. Deur die historiese perspektief rakende tendense en getalle in die Christelike kerk na te gaan, word die teoretiese aspek van die basisteorie uitgebrei en word gepoog om tot ’n vollediger teoretiese konklusie te kom rakende die problematies geloofshandelinge van die krimpende “susterkerke”.

Sodanige konklusie aangaande God se aktiwiteit in die geskiedenis aan die een kant en aan die ander kant, die tendense voortspruitend uit die mens se aktiwiteit, soos dit deur die eeue gerealiseer het, sorteer binne die navorsingsterrein van Praktiese Teologie. Binne hierdie veld kan die verskuiwende historiese aktiwiteite, soos deur God in die geskiedenis bestier en deur die mens verrig, ondersoek en geëvalueer word en daaruit geleer word met die oog op die toekoms (Hendriks, 2003). Sodoende kan ’n versterkte norm aan die hand van die hermeneutiese perspektief (Hf. 3) daargestel word en die verarmde denkparadigma waarbinne die “susterkerke” verkeer, verruim word. Daar word derhalwe gepoog om ’n “ware en onbegrensde blik” aan die taak en inhoud van Praktiese Teologie binne ’n “verengde”, gearriveerde denkwêreld as krisissituasie te verleen (De Wet, 2000:2-4; Hendriks, 1996:144). Die krisissituasie is sodanig dat die norm, naamlik Sola Scriptura, in die gearriveerde status quo-denkwêreld van die “susterkerke” in die praktyk van die 21e eeu uitgedien raak en om ’n totaal anderse en diepgaande verandering roep (Tickle, 2008:13-17).

4.4 Historiese verskuiwings

In hierdie afdeling word op stygende en dalende magsbasisse en denkstrukture gefokus. Hierna word uitgebrei op historiese beweeglikheid, die verskuiwing van die Christelike hartland, die opkomende herlewing en krimping in die Christendom. Dit word opgevolg deur die vier verskuiwende magsmodelle, asook die 500-jaarlikse gelykmakende golf, te bespreek.

4.4.1 Verskuiwende magsmodelle/magstelsels

Magsmodelle/-stelsels kan getipeer word as ’n magsbasis van bo en ’n magsbasis van benede. Die magsbasis van bo beteken dat beheer deurgevoer word deur diegene in ’n hoër posisie as dié wat beheer word. Die magsbasis van benede beteken dat beheer deurgevoer word deur dié in ’n laer posisie. Woodhead (2004:1, 2) bespreek dié wisseling tussen die magsbasisse objektief en in breë veralgemenende terme. Ten spyte van die breë veralgemening, is die groei en afname van die Christendom oor die eeue in verhouding met die magsbasisse betekenisvol, aangesien ’n magbasis/magstelsel gewoonlik deur ’n bepaalde denkstruktuur getipeer word. Dit is van belang vir hierdie ondersoek, aangesien die verstaan van krimping van getalle binne die “susterkerke” aan die begin van die 21e eeu ten nouste met magsbasisse en die gepaardgaande denkstruktuur verband hou.

4.4.1.1 Denkstruktuurverskuiwings

Groot denkstruktuurverskuiwings (makroparadigmaverskuiwings) is duidelik aantoonbaar (Bosch, 1991:184, 185; Smit & Vorster, 2000:515). Smit & Vorster (2000:517), asook Du Toit (2000:46-49) en Niemandt (2007:16-20,42) verduidelik sodanige verskuiwings deur tiperende kenmerke aan die hoofgroeperings van die denkstrukture te koppel. Die hoofgroeperings is die premodernisme, modernisme en postmodernisme. Oorvleueling van die hoofgroeperings kom voor, gevolglik kan die groeperings nie streng gekompartementeer word nie. Niemandt (2007:13-15) gaan verder en groepeer die afgelope 2000 jaar as ’n eenheid. Daardeur word al drie genoemde denkstrukture binne ’n enkele eenheid saamgevoeg, naamlik Christenheid. Daarmee word ’n “spesifieke bedeling en ’n spesifieke manier waarop die kerk in die samelewing gefunksioneer het” bedoel. Met die begin van die 21e eeu as die einde van die Christenheid, word ’n nuwe onbekende bedeling tegemoet gegaan, aldus Niemandt en Bosch (1991:185). Retrospektief toon die afgelope 2000 jaar se Christenheid duidelik wisselende magbasisse. Alhoewel kleiner indelings binne die groter magsbasisse aangetoon kan word, soos onder andere Walls (1996:16-25, 68-75), wat die afgelope 2 000 jaar in ses tydperke verdeel en Barret (2001:3) wat van nege bewegings melding maak, word binne die navorsingsveld van hierdie studie die prominentste politieke en kerklike magsbasisse van die verskillende samelewingsgroeperinge kursories aangetoon.

’n Spesifieke tydvak en ’n spesifieke denkstruktuur gaan hand aan hand. Niemandt stel dat diegene wat binne ’n spesifieke tydvak funksioneer, deeglik bewus is van wat die spesifieke

denkstruktuur behels. ’n Denkstruktuur of paradigma is “ …the entire constellation of beliefs, values, techniques and so on shared by the members of a given community” (Bosch, 1991: 185). Die “entire constellation” verwys na die heersende denkraamwerk wat in ’n gevestigde, stabiele kultuur/samelewing manifesteer (Walls, 1996:22, 23). Wanneer ’n verandering in die denkstruktuur/paradigma/magsbasis/kultuur intree, raak die integriteit van die heersende denkstruktuur verdag en ’n tendens van onsekerheid kom binne die kultuur na vore. Om stabiliteit te midde van die onsekerheid te probeer herstel, word streng teenmaatreëls in werking gestel. Dit lei tot die ontstaan van ’n nuwe konserwatisme/behoudendheid. Die veranderde denkstruktuur bring egter nie net konserwatisme na vore nie. Aan die anderkant ontstaan nuwe insigte, wat kreatiewe momente en progressie insluit. Die voortstuwing van die tendens, hetsy konserwatief of liberaal/progressief (vgl. 5.4.1.1.1; 5.4.1.1.2; 5.4.2.6), veroorsaak dat daar mettertyd ’n nuwe sisteem van vrae, antwoorde en waardes gevorm word. Herstrukturering van denke vind plaas. Die positiewe is dat nuwe geleenthede op hierdie wyse na vore kom (Bosch, 1991:3; Roxburgh, 1997:23-36; Walls, 1969:68, 69, 259). Die nuwe denksisteem lei tot kennis van die spesifieke nuwe, eens-onbekende denkstruktuur en mettertyd tree nuwe stabiliteit in. Wanneer ’n magstelsel gewysig word, is die denkstruktuur derhalwe daaraan onderworpe.

4.4.1.2 Skematiese voorstelling van verskuiwende magstelsels

A. Magstelsel + denkstruktuur = stabiele samelewing

B. Verandering > onstabiele samelewing > konserwatisme (K)

>pogressief/nuwe insigte/kreatiewe moment (P)

C. Voortgesette verandering > veranderende denkstruktuur

D Nuwe denkstruktuur + nuwe magstelsel = nuwe stabiele samelewing



4.4.1.3 Verskuiwende beweeglikheid

Die pad van verlossing is ’n historiese proses (Walls, 2002:73-80). Dit is moeilik om te bepaal of 2010 aan die begin of reeds teen die einde van die historiese verlossingsproses is. Die verlossingsproses is voortdurend werksaam deur die krag van die opgestane Christus (Ef 1:19-23): Christus, die hoof van die kerk, terwyl die kerk sy liggaam is. Hierdie lewende liggaam funksioneer op aarde binne die historiese tyd en ruimte.

Ruimtelik manifesteer die liggaam deur verskeidenheid van rasse, leefstyle, mense, gawes en funksies. Deur variasie kom die liggaam in beweging wanneer van een omstandigheid na ’n ander beweeg word. Die gevolg is dat die verskynsel van kerke op ’n spesifieke plek, ook tydelikheid vertoon. Redding word in tyd, totdat die wederkoms aanbreek, bewerkstellig. Ruimtelike beweging gaan onlosmaaklik hiermee saam en word ook nooit afgesluit nie. Die verskillende manifestasies van die kerk binne tyd en ruimte toon hoe vervolmaking van die liggaam binne die huidige gebroke bedeling op aarde realiseer. Walls (2002:74) stel dit soos volg:

> “The church has to be viewed across time ... the segments belong together.”

Wat kerkkrimping en kerkgroei histories beskou betref, is dit nodig om begrip te hê vir dié lewende ruimtelike en tydelike beweeglikheid van godsdiens, waaronder ook die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke” tel. Die Christelike godsdiens is nie ’n toonbeeld van stabiele triomferende progressie nie, maar wel ’n proses van groei en krimp as deel van ’n reeks lewenskragtige, immer-voortgaande magsmanifestasies. Kerke verdwyn waar dit eens was en waar kontak met ander kulture plaasvind, kan waar geen kerk was nie, ’n kerk ontstaan (Walls, 2002:12, 13, 66, 112).

Rakende kruiskulturele kontak is die lewende beweeglikheid weereens ter sprake. Geen enkele kultuur kan as ’n vaste norm bestaan, of as voluit volhoubaar funksioneer nie. Walls verwys na Latourette en Bunyan wat na die beweeglikheid van die Christelike godsdiens as “advance and recession” (Walls, 2002:26) gewys het. Die Christelike godsdienspatroon vertoon derhalwe ’n omkeerbare proses. God laat in sy soewereiniteit kerke verdwyn en verskyn en is nie gebonde deur tyd, ruimte of kultuur nie.

4.4.1.4 Verskuiwing van die Christelike hartland

Vir eeue was die Weste die Christelike sentrum en hartland (Walls, 2002:66-71, 95-107, 195, 214). Vanuit die hartland het sendingbewegings en kolonisasie kruiskulturele diffusie wêreldwyd laat plaasvind. Kontak met ander kulture is natuurlik en noodsaaklik om getrou te wees aan die beweeglikheidskarakter van die Christelike godsdiens. Die Weste se kontak met ander kulture, waaronder dié in Afrika, Suid-Amerika en Asië, toon die verskuiwing vanaf die noordelike halfrond na die suidelike halfrond waar veelrassigheid en multikulturele Christelikheid die hartland aan die begin van die 21e eeu vorm. 'n Wêreldwye kultuurverskuiwing vind plaas (vgl. Hendriks, 2003).

Deurdat beweging die Christelike sentrum binne tyd en plek verskuif, verloor die eens florerende sentrum sy funksie. Die gevolg is dat die derde millennium meer kultureel gedifferensieerd sal wees as die vorige millennium wat oorwegend blank was. Die verskuiwing na die niewesterse suidelike halfrond, wat plaasvind weens kruiskulturele diffusie, toon die opkoms van 'n nuwe hoofstroom wat vir die post-Christelike kultuur van die Weste en vir die verskuiwende Christendom as normneerleggend gaan funksioneer. Newbigin het hierdie tendens reeds in 1984 soos volg beskryf (Walls, 2002:69):

> "We need their witness to correct ours, as indeed they need ours to correct theirs. At this moment our need is greater, for they have been far more aware of the danger of syncretism, of an illegitimate alliance with false elements in their culture, than we have been. But we imperatively need one another if we are to be faithful witnesses to Christ."

Die verskuiwing fokus in die 21e eeu op onderlinge verbondenheid wat die Christendom meer ekumenies karakteriseer. Teologiese kernbesprekingspunte sentreer nie meer om die belydenis of denominasionele aspeke nie, maar wel hoe die verskillende lande/kulture, binne elkeen se eie werklikheid, die liggaam van Christus uitleef. Hierdie ontwikkeling binne die Christendom het, ten spyte van vernietigende optrede deur koloniseerders, deur die Protestantse sendingwerk vanuit die Protestantse imperiale moondhede, ontstaan. Deur die sendingwerk is veral in Afrika, en derhalwe ook Suid-Afrika, gearbei op die vlakke van onderwys, gesondheid, tegnologie en die godsdiens. Walls (2002:235) beskryf die sendingbewegings se bydrae soos volg:

> "A movement that arose in the heart of Christendom helped Christianity to survive the death of Christendom. A project that was soaked in the Enlightenment helped to produce a Christianity whose strength now lies in its independence of the Enlightenment."

4.4.1.5 Ontluikende herlewing

Aan die begin van die 21e eeu kan gestel word dat die westerse sendingbewegings van die vorige eeue wel as suksesvol gereken kan word. Dit het as historiese insident bygedra tot die ontkieming van 'n oorweldigende, dog totaal-anderse, herlewing. In Suid-Afrika gaan die herlewing hand aan hand met dekolonialisering van die kerk, die manifestering van onafhanklike kerke, die strewe na 'n kulturele renaissance en politieke selfregering (Walls, 2002:96-107, 45-65). Ten spyte van die westerse sendingbewegings se waardevolle bydrae tot die suidwaartse verskuiwing van die Christendom, het Afrika-bewegings egter vanuit eie geledere die grootste aandeel in die daarstel van die opkomende Christelike Afrika-godsdiens.

Teen 2000 het die wêreldbevolking bestaan uit 33% Christene, 19,6% Moslems, 13,4% Hindu's, 12,7% niereligieuse groepe en die res bestaande uit ander kleiner groepe (Barret *et al*, 2001:5-10). Die religieuse bevolking is geweldig kompleks en vertoon 'n immer-veranderende karakter. Die hoofoorsake van beweging is geleë in geboortes, afsterwes, bekerings, oorlopery/afvalligheid en evangelisering. Ses globale megablokke word onderskei naamlik die Ortodokses, die Rooms Katolieke, die Anglikane, die Protestante, die Onafhanklikes en die Marginale Christene. 'n Grysgebied wat hoofsaaklik die Protestante en die Onafhanklikes oorvleuel, word gevul deur die pentekostalistiese -, charismatiese- en neo-chrismatiese strome.

Herlewing as doel (vgl. 3.8.2.6, 3.8.2.7) is, sedert die Groot Opdrag gegee is (vgl. 3.5.3, 3.5.4), op verskillende wyses uitgeleef en deur verskillende motiveringsgronde genuanseerd. Vier megatipologieë vir herlewing word onderskei, alhoewel die verdeling soms oorvleuel.

1) Vanaf 33-2000 word gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag nagestreef deur die klem tydens uitreike te plaas op *die gaan en maak van dissipels.* Dit staan bekend as die Groot Opdrag Herlewing.

2) Terselfdertyd is die Ekklesiastiese Herlewing aktief werksaam deur te fokus op *doop en onderrig hulle* (Groot Gebod). Die klem lê in die aanpak op affiliasie met kerkplanting as belangrikste kenmerk.
3) Sedert 1739 tot 2000 het ’n klemverskuiwing na sending toe plaasgevind. Evangelies-gesindes fokus in hul aanpak op die *getuig en die proklamering* (Groot Opdrag) van die goeie nuus. Tydens hierdie periode sluit ander groepe, soos die Pentekostaliste, die Charismate en die Neo-charismate hulle by die evangeliese stroom aan.
4) Gedryf veral deur die Pentekostaliste en die Charismate, verskuif die klem van ongeveer 1783 af na *ontvang die mag/krag* (Groot Opdrag) wat gepaardgaan met tekens en wonders.

Vanaf ongeveer 1900 het die globale Onafhanklikes vanuit die globale denominisionalisme ontstaan. Die Pentekostaliste, Charismate en die Neo-charismate skaar hulle by die stroom van Onafhanklikes. Hierdie gedifferensieerde en massiewe stroom staan bekend as die Post-denominasionalistiese beweging. In die tydperk 1900-2000 was die tradisionele Christendom die mees uitbreidende godsdiens in die geskiedenis (Barret *et al*, 2001:3, 5, 19). Dié Post-denominasionalistiese beweging manifesteer tans grootliks en toenemend in die globale suide (Suid-Amerika, Afrika suid van die Sahara en Asië) waar lande steeds onderontwikkelend en arm is. Na beraming word ongeveer 24 500 Christene per 24 uur in Afrika tot die Christen-bevolking toegevoeg, hoofsaaklik weens die aantrekkingskrag van die evangelie wat spruit uit die geregtigheid en liefde van God vir armes en verdruktes.

Die massiewe beweging is die effek van drie hernuwingsgolwe wat onderskeidelik gepiek het in 1549 (pentekostalistiese golf), 1886 (charismatiese golf) en in 1907 (neo-charismatiese golf). In totaliteit is hierdie godsdienstige tsoenami-bewegings saambindend en verenig ’n magdom individue, gemeenskappe, kulture, tale, etnoreligieë, landelike en “primitiewe” (Barret *et al*, 2001:5) gelowe.

4.4.1.6 Krimping in die tradisionele Christendom (vgl. ook 4.4.5.2.2)

Gesien teen die groei (“advance”) van die globale godsdienstige beweging, beleef die tradisionele Christendom enorme krimping (“recession”). Die noordelike halfrond, voorheen getipeer as die Weste en die mekka van die Protestantisme, vertoon ’n drastiese krimpingstendens. Die verpreiding van welvaart skyn ook met die huidige globale

verskuiwing ooreen te stem in die sin dat die *baie ryk* (9%) en *ryk* lande (35%) in die noordelike halfrond voorkom, terwyl die arm en behoeftige lande grotendeels suid van die ewenaar is (Barret *et al*, 2001:3-6, 19).

Die blanke, tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige (Protestant) wat tans in Suid-Afrika woon, maak derhalwe nie deel uit van die tipering van Afrika nie, aangesien welvaart, ras en denkraamwerk eerder deel uitmaak van die krimpende Weste (vgl. 5.4.2.6-5.4.2.8). Tesame met dié tendens van krimping in die tradisionele Christendom, is daar die verskynsel van enorme numeriese groei in niereligieuse groepe/pseudo-godsdienste, weens die toename in sekularisme en nihilisme (vgl. Hendriks, 1993:545; vgl. Fellows, 2007?).

Die "revolving-door syndrome" (Barret *et al*, 2001:19) kan in die toekoms moontlik die niereligieuse groepe, wat getalle betref, bevoordeel. Die rede hiervoor is dat bekeerlinge uit die tradisionele hoofstroom van Protestante en Katolieke na die charismatiese stroom toe oorgaan en dan ná 'n tydperk van godsdienstige aktiwiteit, in godsdienstige onbestendigheid verval om mettertyd oor te gaan tot ongodsdienstigheid. Die moontlikheid van godsdienstige afvalligheid en die toename in "yl"-/ongodsdienstigheid (vgl. ook die "susterkerk"-Afrikaner 5.4.2.5, 5.4.2.8 en 5.4.3), is wat moontlik in die verloop van die 21^{e} eeu kan ontplooi.

Weens die beweeglikheid van godsdienstige bewegings, bly onvoorspelbaarheid deel van enige toekomsbeskouing. Van groei binne die charismatiese stroom kan geen vaste versekering gegee word nie, al word megaplanne van 'n wêreldsending ten doel gestel. Net so kan 'n toekomsbeskouing rakende ongodsdienstigheid nie met sekerheid gegee word nie. Aan die kant van krimpend Protestantisme kan slegs 'n wonderwerkende vernuwing die stroom, globaal beskou én in Afrika - dit sluit die "susterkerke" in - van uitsterwe red, aangesien die stroom in steeds onomkeerbare krimpende staat algaande as onbeduidend uit die sentrum van die Christendom verdwyn (Tickle, 2008:145-150).

4.4.2 Eerste verskuiwing

(vgl. Bylaag A: Wisselende magsbasisse: Christendom tot 21e eeu)

Die denkstruktuur voor en tydens die geboorte van Jesus is deur die Romeinse Ryk oorheers. Die inwoners was oor 'n groot gebied verspreid en verskeie kulture en godsdienste is beoefen. Veelgodendom, asook aanbidding van die keiser, was die algemeenste godsdiensuitlewing,

terwyl die reeds wydverspreide Jode ook húl godsdiens in vryheid kon beoefen (Needham, 1997:26, 29, 34, 36; Woodhead, 2004:1-58).

Die eerste magsbasisverskuiwing wat van belang is in hierdie ondersoek, begin met die opkoms van die Jesus-beweging onder Romeinse bewind (Bosch 1991:182; Stark, 1996:44, 79-81, 143). Veral na die gee van die Groot Opdrag het die opkomende en uitkringende magstelsel van benede, die magstelsel van bo stelselmatig begin wysig. Die opkoms van die Christendom het volgens getalle in die Bybel (Hand 1:14, 15, 4:4 en 21:20) direk na die uitstorting van die Heilige Gees, drasties toegeneem. Die ooglopendste oorsake hiervoor is omdat die omstandighede vir groei vergemaklik is weens die versplinterde Jodendom, die soeke na geloofwaardighed en identiteit, asook die diaspora. Teen ongeveer 70 AD was verwagtings rondom die wederkoms steeds hoog. Die feit dat dit vertraag is, het die geloofwaardigheid en identiteit van die godsdiens begin aantas. Op hierdie stadium was denke ’n kritieke faktor wat individuele gedrag, asook die groei van die Christendom, bepaal het. Om sinvolle groei te verseker, het herstrukturering van die denksisteem plaasgevind. Stark (1996:78-82, 145, 161, 167, 189) noem dat godsdiens rasioneel benader is en gelei het tot besliste dade wat sekerheid, troos en sinvolheid binne die nuwe kultuur gebied het. Die nuwe lewenswyse van die Christene het binne ’n wanordelike en onsekere heidendom daadwerklik gespreek.

Volgens Stark (1996:5-7) behoort hierdie getalle nie letterlik geneem te word nie, aangesien die Bybel nie dit as statistiese gegewens verskaf nie. Die wyse van weergawe van die gebeure is, volgens Stark, bloot “part of rhetorical exercices”. Sosiologiese studies het ook al by herhaling getoon dat getalle binne godsdiensgroepe versigtig en eerder konserwatief benader moet word (vgl. 5.4.2.2). Feit van getalle binne die vroeë Christendom is dat die ware toedrag nooit werklik presies bepaal kan word nie. Die veiligste uitweg is dus om aan die hand van ’n normale groeikurwe, die opkoms van die Christendom binne ’n beperkte tydperk (0 tot ongeveer 350 AD) poog te beraam. Veranderlikes, soos epidemies en hoë geboortesyfers, word nie in die onderstaande tabelle aangetoon nie. Stark (1996:7) bewerk die beraamde groei (binne normale bekeringsprosesse) op 40 persent per dekade indien die bevolking ongeveer 60 miljoen is.

Jaar	Aantal Christene	Persentasie bevolking
40	1 000	0,0017
50	1 400	0,0023
100	7 530	0,0126
150	40 496	0,07
200	217 795	0,36
250	1 171 356	1,9
300	6 299 832	10,5
350	33 882 008	56,5

Woodhead (2004:2), asook Bosch (1991:48) noem dat dié opkomende model rewolusionêr was in die sin dat dit op ’n mag-van-liefde-tussen-gelykes gegrond was; ’n mag wat aan die volgelinge van Jesus Christus gegee is deur die uitstorting van die Heilige Gees. Stark (1996:18, 69, 70, 82, 145, 162) voeg hierby dat die opkomende mag as ’n sosiale netwerk, gevorm deur interpersoonlike verbintenisse tussen bekeerlinge, gereken kan word. Dié bekeerlinge se denksisteem het op grond van die geleidelik vestigende Christelike kultuur in so ’n mate aangepas, dat die Christelike lewenswyse ’n troosvolle nuwe antwoord gebied het vir die voorheen kultureel-ontworteldes binne swak heidense bestuur. Tydens die 2e en 3e eeue het epidemies omstandighede sodanig beïnvloed dat Christene die geleentheid gekry het om deur hul oop benadering teenoor alle mense, die goeie boodskap te versprei (Stark, 1996:15-20, 93).

Die Joodse godsdiens, asook die Romeinse Ryk, het die Christene geleidelik egter as bedreiging begin sien (Needham, 1997:44-48). Teen AD 64 was die Christene ’n “distinct” groep, apart van die Jode (Needham, 1997:50). Ondanks die teenstand het die magsbasis van die Christene, berustend op die Groot Opdrag van Jesus as grondreël, bly uitbrei. Uitbreiding van dié Christelike magsbasis het op kruiskulturele basis bly voortduur , deur die tydperk van die apostoliese vaders (AD 95-140) en ook deur die tydperke van die vroeë kerkvaders (Needham, 1997:58; Walls, 1996:17-19).

Onder leiding van Ignatius van Antiochië (ongeveer AD 110) het die mag en getalle van benede die sigbare vorm van ’n hiërargiese leierskap aangeneem (Needham, 1997:62-65). Die Romeinse Staat het teen dié tyd die godsdienstige lewe van hierdie onderdane as ’n besliste en ernstige bedreiging vir publieke, morele en politieke stabiliteit beskou, sodanig dat vervolging al meer toegeneem het (Needham, 1997:76, 77). Die waarheidsuitsprake van die gelowiges (die mag van benede) teen die sinkretisme, die gelowiges se eksklusiwiteit, hul weiering om die keiser te aanbid, asook hul sendinggerigte lewenswyse na aanleiding van die Groot Opdrag, het bygedra tot verdere skeiding tussen die Romeinse Staat en die Christendom (Needham, 1997:77). Die opkomende mag van benede het teen dié tyd sterk, aantoonbare kenmerke vertoon, waaronder streng kerkorganisering, ortodoksie en hiërargiese opvolging van leierskap (Needham, 1997:102).

In hierdie tydperk het ’n alternatiewe naam vir die Christene ontstaan, naamlik die Katolieke Kerk. Dit het plaasgevind om ’n onderskeid te vestig teenoor ’n ander afwykende stroom vanuit die Christendom, naamlik die Montaniste (Needham, 1997:103-105). Deur afwykende strome binne die Christendom is getalle direk beïnvloed deur die verdeling (Needham, 1997:105). Sporadiese vervolging was ’n algemene verskynsel tydens hierdie periode. Ten spyte hiervan het getallegroei gedurende die eerste drie eeue bly toeneem (Needham, 1997:143).

4.4.3 Tweede verskuiwing

Deurdat Konstantyn godsdiensvryheid ingestel het, het die mag van die steeds opkomende en gevestigde Christendom amptelik na ’n magsbasis van bo verskuif. As Christenkeiser het hy ’n spesiale Christelike adviseur in die regeringstelsel aangestel, kerkvergaderings gereël en Konstantinopel as Christelike stad verklaar (Needham, 1997:154-165). Sodoende is die kerk as magsbasis van bo bevestig (Niemandt, 2007:13; Woodhead, 2004:1-58). Ten spyte van hierdie gelykstelling tussen kerk en staat, het die heidene ook steeds vryheid gehad om hul godsdienste te beoefen.

Volgens Needham (1997:166) het die verskuiwing van mag aanvanklik nie drastiese verskuiwing in getalle daargestel nie. Woodhead meen egter, dat die voordeel van ’n monoteïstiese godsdiens onder Konstantyn voordeliger was vir leiers en burgers en dat getalle in die Christendom, wel drasties toegeneem het (Woodhead, 2004:1-58). Wat ookal die ware

toedrag van getalle gedurende daardie tydperk, die feit bly staan dat die magsbasis gelowiges en ongelowiges ten volle ingesluit het (Woodhead, 2004:109).

Getalle in die Christendom het gedurende die 4e en 5e eeue bly toeneem, aangesien groot getalle Germaanse stamme tot bekering gekom het (Needham, 1997:201; Walls, 1996:19, 20), kerstening van suidelike Engeland plaasgevind het (Needham, 1997:304) en die Groot Opdrag deur aktiewe sending, hoë prioriteit gekry het (Needham, 1997:313: vgl. 4.4.1.5). Gedurende die verloop van die Middeleeue is kerkgeboue orals opgerig, aangesien verwag is dat elkeen in die staat deel van die kerk moet wees (Woodhead, 2004:109-139). Groei in getalle, ongeag 'n Christusgesentreerde lewe, was dus die uitgangspunt. In die kerk was tradisie, ortodoksie en dogma die reël van die dag (Bosch, 1991:212, 213, 237).

Teen die 14/15e eeu het Van Ockham 'n geskrif die lig laat sien, wat in kort daarop neerkom dat die mens die vryheid moet hê om homself te regeer. Dit is geskryf teen die geleidelike ekonomiese omwenteling wat in die samelewing aan die gang was (Woodhead, 2004:140). Van Ockham se geskrif was 'n teken dat 'n nuwe magsbasis van benede aan die opwel was.

4.4.4 Derde verskuiwing

In Europa lyf veral die Renaissance die nuwe tydperk van herlewing in (15/16e eeu), terwyl Erasmus, Luther en Calvyn, onder andere, in dieselfde tydperk die grondslag lê vir godsdienstige hervorming (vgl. Bosch, 1999:214, 238; Needham, 2004:37, 74, 75, 234-235). Die hervorming deur die Protestante het die gesag van bo (Rooms Katolieke pouslike instelling) afgewerp en die reformatoriese/presbiteriaanse kerkregeringstelsel ingestel. Hierdie kerkstelsel kon funksioneer ten spyte van staatsteenstand. Tydens hierdie verskuiwing manifesteer tekens van die moderne periode, soos pluralisme, individualisme en sekularisasie (Smit & Vorster, 2000:517; Walls, 1996:20, 21; Woodhead, 2004:2) (vgl. 5.4.1.1).

Weens die verskuiwing van denkstrukture word bloedige teenstand beleef. In Frankryk loop dit uit op die St. Bartholomeusnag, waarna talle Protestante uit dié Katolieke monargiese staat gevlug en hul elders gevestig het (Gray, 1992:241; Needham, 2004:347-349). Die fisiese verskuiwing het met verloop van tyd tot gevolg gehad dat 'n groep Franse Hugenote na Suid-Afrika verskuif het, waar die Christendom reeds deur die koms van Jan van Riebeeck (1652), gevestig is (Gray, 1992:244,245). Getalle van vlugtelinge slegs uit Frankryk is, volgens Gray,

’n raaisel. Hy stel dat uit Béarn alleen ongeveer 22 000 gevlug het en dat Hugenote in ander dorpe dieselfde gedoen het. Gray haal Salmon se gegewens aan wat stel dat tot ongeveer 200 000 vlugtelinge ontsnap het nadat die Franse grense gesluit is. Ander meen dis eerder so hoog as 800 000 (Gray, 1992:242, 245). In Nederland bevestig Polderman (1996:30) aan die hand van Knippenberg se gegewens, dat vasstelling van getalle in Nederland tot na die tagtigjarige oorlog onbekend is, aangesien volkstellings afwesig was. Die vasstel van getalle tydens hierdie tydperk was baie vaag, grotendeels weens die onstabiele omstandighede.

Wat ernstig in gedagte gehou moet word rakende getalle is dat die gewone gelowige in die (moderne) tyd van en na die Reformasie, deur die gedrukte Bybels direk toegang tot die Woord gekry het. Die verskuiwende denkparadigma onder leiding van die protesterende reformerendes het enorme samelewingsimplikasies tot gevolg gehad; implikasies wat gemotiveer is deur die vryheid wat verkry is, maar wat voorheen ingeperk is deur die mag van die Rooms Katolieke Kerk (Hendriks, 1999:17, 18). Kerklike mag en staatsmag was weereens geskei (Gray, 1992:25). Die enigste begrensing vir Christene gedurende hierdie periode, was dít wat deur God in die Skrif (Bybel) neergelê is (Gray, 1992:39). Die gelowige uitgangspunt was om, na aanleiding van hierdie begrensing, self gehoorsaam op ’n gedissiplineerde Christelike lewe te fokus. Die Reformasie het die individu sodoende bemagtig om self te besluit op grond van die Skrif as die sentrum van kerklike lewe (Bosch, 1991:243; Gray, 1992:50). Die mag van benede is egter soms aan leiers binne hierdie eie kring oorgedra. Dit het dus nie meer oor die mag van bo gehandel nie, maar oor die individu wat selfstandig in eie reg is. Terselfdertyd het sommige individue die vryheid aanvaar, maar nie die begrensing deur die Skrif daarby betrek nie. Elke individu kon dus in vryheid leef, maar dan sonder voorskrifte van iemand of deur die Skrif. Dit het ’n bekende lewenswyse geword en is getipeer as die proses van subjektivering (Heitink 1999:264; Woodhead, 2004:3, 4) (vgl. ook 5.4.1.3).

Die Rooms Katolieke Kerk wat die totale magsverskuiwing teëgestaan het, het ook gepaardgaande sekulêre strominge, soos modernisme, nasionalisme, humanisme, rewolusie en demokrasie, afgewys. Die gevolg was dat geen reformerende invloed, op grond van die Groot Opdrag, van die Rooms Katolieke Kerk uitgegaan het nie. Die gevolg was dat geen invloed teen hierdie strominge uitgeoefen is nie en dat hiérdie strominge gevolglik ’n nie-Christelike vorm aangeneem het, eerder as ’n gekerstende, religieuse vorm (Woodhead, 2004:4, 198).

Deurdat die protestantistiese/reformatoriese geloof internasionaal uitgebrei het deur kruiskulturele kontak en oordrag, het getalle vinnig toegeneem. Hierdie uitbreiding, gegrond op die Groot Opdrag, staan bekend as die sendingbeweging van die 16e eeu (Needham, 2004:229, 230: Walls, 1996:21, 22). Die siening aangaande sending was dat die Woord self die sendingwerk doen en in die proses word die mens betrek. Sending is dus nie afhanklik van menslike pogings nie, maar dit het nie geïmpliseer dat passiwiteit van die mens se kant kan heers nie. Tydens die Reformasietyd was die kerke besig om hulself te herposisioneer. Sterk eskatologiese verwagtings (opbou) het die gedagte om die kerk te laat groei (uitbou) oorheers. Die gevolg was dat aktiewe sendingaktiwiteit nie baie aandag gekry het nie. Met die Reformasie self was heidene ook nie werklik in sig om te evangeliseer nie (Bosch, 1999:241-245, 247).

Alhoewel die Reformasie Protestants was, het splintergroeperinge ook ontstaan. Hieronder was die Anabaptiste (Bosch, 1999:246), Spiritualiste en Rasionaliste as opflikkerende splintergroepe (vgl. Barret *et al*, 2001:11), wat in die breë gesien word as wat huidig as die charismatiese stroom bekend is en wat grootliks verteenwoordigend is van die huidige toename binne die suidelike Christendom (Needham, 2004:270, 295; Walls, 1996:111-118).

4.4.5 Vierde verskuiwing

Weens die komplekse vervlegtheid en talle veranderinge van verskeie nuwe sake, gebeure en prosesse op sosiale, politieke en godsdienstige vlakke, het geleidelike versplintering/verbrokkeling van die Christendom mettertyd ontstaan, met die aspek van subjektivering as uitstaande kenmerk - óók teenwoordig in die lewe van die Christen (Du Toit, 2000:167; Hendriks, 1999:18; Walls, 1996:21-23). Hieronder word die vierde verskuiwing, of eerder versplintering van mag binne die 19e en 20e eeue, kortliks bespreek.

4.4.5.1 19e eeu

In die verloop van die 19e eeu het drastiese en ingrypende ontwikkelinge op die gebied van die wetenskap, denke en opvoeding plaasgevind (Bosch, 1999:264-317; Gill, 2003:2). Du Toit (2000:14-29) stel dat die mens wat steeds naïewe, premoderne geloofsvastighede in die tydperk uitgeleef het, toenemend ontnugter is deur logiese wetenskaplike bewyse en verklarings, soos byvoorbeeld dié van Darwin, Nietzsche en Freud. Bonhoeffer stel dat die mens volwasse geword het “as if there were no God” (Bosch, 1999:270). Die gevolg was, dat

die gesag van die Christelike kerk, deur dié nuwe (moderne) denke, onder verdenking geplaas en gerelativeer is (Du Toit, 2000:33; Smit & Vorster, 2000:517, 518).

Om hierdie nuwe, veranderende kultuur en denkstruktuur te verwerk, het sommige vasgegryp aan ou, bekende weë, en fundamentalisme ten opsigte van die Bybel, ook bekend as biblisisme, het ontstaan (Du Toit, 2000:35, 36). Terselfdertyd het sosiale, ekonomiese en geografiese veranderinge steeds toegeneem en verstedeliking, as direkte gevolg hiervan, het gefloreer. Die voorheen vanselfsprekende en geborge ondersteuningstelsel is deur die verstedelikingsproses die mens ontneem (Gill, 2003:2, 3). ’n Verdere aspek aansluitend hierby was die ontwikkeling van tegnologie en die daarmee gepaardgaande beskikbaarheid van vryetyd (Gill, 2003:4). Binne hierdie verwarrende, pluralistiese, gesekulariseerde samelewing het elkeen sy eie sekerheid begin najaag (Gill, 2003:217; vgl. Giliomee, 2004:625). Dié aktiwiteit was sodanig dat by subjektivering aansluiting gevind is (Niemandt, 2007:22; Woodhead, 2004:4). Die Christelike kerk en getalle is direk hierdeur geraak, aldus Gill (2003).

4.4.5.1.1 Krimping as gevolg van niemeetbare veranderlikes

Gill (2003:2-4,135-137) maak na aanleiding van intensiewe navorsing in Engeland gedurende dié tydperk, ’n groot saak van sekularisasie as oorsaak van krimpende kerke deur die onderbeklemtoning daarvan. Hy voer aan dat sekularisasie as niemeetbare veranderlike nie die oorsaak van daling in getalle in die Christendom is nie. Jenkins (2007:108-110) meld ook dat sekularisasie nie as hoofoorsaak van krimping in Europa gereken kan word nie. Krimpende kerke is eerder ’n gevolg van ontkerstening en van ongeloof (Gill, 2003:5, 6, 17). Dit het geskied, omdat die kerk binne die veranderende omstandighede verdag begin voorkom het, nie by die veranderende omstandighede bygebly het nie en terselfdertyd nie meer as nuttig, of relevant, beskou is nie (Gill, 2003:5; Roxburgh, 1997:25). Binne die drasties veranderende omstandighede is die mag van die kerk (as mag van bo) deur die mag van benede, naamlik die denkstruktuur, soos beleef deur elke individu (subjektivering) (Bosch, 1999:313), uitgedaag (Woodhead, 2004:335). Rakende niemeetbare veranderlikes is subjektivering, volgens Gill en Jenkins, dus onderliggend aan sekularisasie.

4.4.5.1.2 Krimping as gevolg van meetbare veranderlikes

Gill (2003:14-24, 130, 131, 148, 160) beklemtoon verder dat die daling van getalle in kerke ook aan fisiese, meetbare faktore, gemeet kan word. Hiermee word die volgende bedoel: oorvoorsiening van kerkgeboue op die platteland en ondervoorsiening van kerkgeboue in die stede, menslike faktore soos dalende geboortesyfers (vgl. ook Jenkins, 2007:108) seisoenale- en klimaatsfaktore, die jaarkalender, menslike gewilligheid tot gehoorsame geloofsaktiwiteit en menslike ouderdom, die verlatingsyfer uit ’n gemeente, asook die afname in afstuderende predikante.

4.4.5.2 20e eeu

Die ontnugtering wat ervaar is, is deur gebeure in die 20e eeu soos, onder andere, die wêreldoorloë, geïntensiveer. Veral na 1960 is die rug duidelik op gesagsinstansies gekeer en is met felheid teen die ou orde gerebelleer. Die “self” as soewereine magsbasis het in elke individu verdere momentum begin kry (Smit & Vorster, 2000:518; Woodhead, 2004:335). Die mag van benede (die “self”/subjektivering) het intens toegeneem en tot ’n globale verbrokkeling/versplintering van bestaande gesagstrukture ontwikkel (Hendriks, 1999:18, 19; Woodhead, 2004:4).

Dit is volgens Woodhead (2004:5) opvallend dat die verskuiwing in magsmodelle binne kerkverband weereens ’n refleksbeweging terug na konserwatiewe vorms laat ontstaan het (vgl. Roxburgh, 1997:26-30; Hendriks, 1996:143). Die teëpool het uiteraard ook binne kerkverband gerealiseer deur liberalisme wat hoogty gevier het. Die mag van bo en benede is in die gesekulariseerde, postmoderne eeu verander na die mag van liberalisme en/of die mag van konserwatisme, asook in hoe ’n mate die individu geestelik bemagtig word (Hendriks, 1996:143; 1999:19; Niemandt, 2007:14; Woodhead, 2004:349-409). Die feit dat die Christendom op politieke, ekonomiese, militêre en selfs idiologiese gebiede mag verloor het, beteken egter nie dat die invloed oor individuele lewens ook verlore geraak het nie. Die kerk wat die subjektiewe individu, hetsy liberaal of konserwatief, persoonlike en sosiale bemagtiging bied, het volgens Woodhead (2004:404) en Smit & Vorster (2000:518), egter ’n kans om binne kerkverband getallegewys te oorleef. Gesien in die lig van bemagtiging, dui die krimpende tendens binne tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” sterk op die teendeel van oorlewing, soos waargeneem in veral Nederland en Engeland sedert 1960.

4.4.5.2.1 Getalle-afname in Nederland en Engeland

Afname in getalle binne die Europese Christendom, veral sedert 1960, is opvallend (Hendriks, 1999:18; Jenkins, 2007:108). Uit ’n volkstelling (1809-1971) in Nederland, het die Roomse Kerk 40% van die Christendom uitgemaak. Onkerklikes het in Nederland van 0% tot 23,6% gestyg. Die 60% Protestante het dus teen 1971 tot 36,4% teruggeval. Van hierdie 36,4% was 23,6% Nederlands Hervormd en 8,5% Gereformeerd. Dit blyk dat onkerklikheid na 1971 toegeneem het. Teen die daarstel van hierdie bron, sou die tendens reeds 50% bereik het (Polderman, 1996:30). In 1988 skryf Runia, *Waar blijft de kerk?*, wat in fyn besonderhede op die krimpende Protestantse Nederlandse Kerke fokus**.** In 1993 skryf Robin Gill in *The ‘Empty’ church revisited* oor die dalende getalle van die Christendom in Engeland en bevestig die tendens van kerkkrimping in Europa. Die krimpende getalle en gevolglike weinige invloed van die Christelike kerke in die bekende westerse lande, veral sedert 1960, toon die stand van Christelike kerke as ’n duidelike laagtepunt (Jenkins, 2007:115, 223); Niemandt, 2007:12).

4.4.5.2.2 Noordelike en suidelike halfrond

Die Europees-Westerse afname in die Christendom (Bosch, 1999:188), veral na 1960, word deur Jenkins (2007:10-14, 95, 96, 115) en Woodhead (2004:338-346) as ’n tendens beskryf wat grootliks in die noordelike halfrond manifesteer (vgl. 4.4.1.3). Woodhead meen, anders as Gill, dat die oorsaak van kerkkrimping van eerstewêreldburgers in die noordelike halfrond, wel voor die deur van sekularisme gelê moet word. Verder meen Woodhead, dat getalle in die Christendom in die suidelike halfrond toeneem, weens sakralisering as bepalende oorsaak.

Jenkins en Walls belig die oorsake van verskuiwing vanaf die noordelike halfrond na die globale suide (Suid-Amerika, Afrika en Asië) in juister besonderhede (Jenkins, 2007:3-7, 107; Walls, 1996:256, 257). In hierdie studie word slegs op Suid-Afrika gefokus en die gepaardgaande ontvanklikheid van die verlossingswoord van dié land se Afrosentriese denkers. Die verlossingswoord word deur reuse getalle opgroeiende jeugdiges (weens die ontploffende geboortesyfers) aangegryp. Die inheemse kerke van Afrika indentifiseer met die beeld van “have-nots” (Jenkins, 2007:14, 15, 107, 125) en is derhalwe soekend na die verlossing uit armoede en siektes, soos VIGS. As deel van die derdewêreld word die Woord binne hulle onmiddellike ruimte, tyd en kultuur (met onder andere voorvaderverering, bonatuurlikhede, toordery as deel van Afrika-kultuur) ”vertaal” (Walls, 1996:26, 27) en

geïnterpreteer (vgl.2.2). Die Woord spreek tot die Afrika-mens in wat vandag deur hulle as nodig geag word. Die belewing van veral Afrika-godsdienste as deel van die suidelike Christendom, hoewel hoogs simbioties, is "teologie in aksie" en deel van die nuwe teologie van die 21e eeu se Christendom (Walls, 1996:10-12, 111). Gevolglik heers heidense kultuurpraktyke sinkretisties in die naam van Christenskap, byvoorbeeld die beoefening van towery, bygelowigheid, voorouveraanbidding.

Met dié Afrosentriese godsdiensbenadering manifesteer die inheemse beginsel wat behels dat God die mens uit genade aanvaar vir wie hy/sy is binne sy/haar spesifieke kultuuromstandighede; teen dié agtergrond is godsdiensbelewing 'n tuiste. Die tuiste wat gebied word, is hoofsaaklik in die evangeliese kerke wat grootliks charismaties georiënteerd is (vgl. 4.4.1.5, 4.4.1.6). Binne die kerke is profesie, openbarings, ekstatiese uiteringe en gesondmakings aan die orde van die dag. Teen die agtergrond tree die pelgrimbeginsel en die universele beginsel na vore. Eersgenoemde behels dat die bekeerling/dissipel deur die jare verandering van lewenswyse toon, en laasgenoemde dui daarop dat alle gelowiges in Abraham gemeenskaplike geskiedenis het (Jackson, 2007:9; Jenkins, 2007:125, 140, 141; Jenkins, 2006:180-190; Niemandt, 2007:39; Walls, 1996:7, 8, 84, 85, 131, 132). Dié suidelike nuwe Christenskap verskil in geheel radikaal van die noordelike halfrond en kan verduidelik word teen die huidige enkulturasieproses, ook bekend as die resessieproses (vgl. 4.4.1.3).

Die noordelike Christenskap wat die Christendom die afgelope 2 000 grotendeels oorheers het en aarvan die "susterkerke" histories afstam, is aan die taan. Die eerstewêreldse Christenskap het 'n geskiedenis wat gebou is op teorie en akademie, en weens rasionalisering, privatisering van geloof, godsdienstige pluralisme en individualisme, word basiese alledaagse menslike ervarings nie godsdienstig geag nie. Westerlinge se agenda en denkpatroon verskil radikaal van die Afrosentriese suidelike Christenskap en die Afrosentriese godsdiensbelewing sal westerse teologie doodeenvoudig ignoreer en aandag skenk aan hoe die Woord, tradisies en die omstandighede van die dag binne hul eie kultuur spreek (Walls, 1996:11, 83, 119).

Ten spyte van die verskuiwing na die suide, word egter ook van groei in die noordelike halfrond melding gemaak, by name die VSA en die Skandinawiese lande (Burger, 2007:12; McCrath, 2005:216). Die groei stem egter ooreen met die groei in die suidelike halfrond deurdat dit hoofsaaklik ook binne die charismatiese stroom geskied (Hendriks, 1999:18). Vir

Suid-Afrika is kennisname van hierdie verskuiwing van belang, aangesien Suid-Afrika die tuiste is van ’n meerderheid derdewêreldburgers, en ’n minderheid eerstewêreldburgers. Tussen hierdie twee tipes wêreldburgers wissel denkraamwerke drasties (van premodern tot postmodern) (Niemandt: 2007:25). Die charismatiese sukses en groei in Suid-Afrika is veral van toepassing op die derdewêreldburger, terwyl die eerstewêreldburgers se getalle in die hoofstroomkerke in Suid-Afrika aan die afneem is, soos in Europa as eerstewêreldlande, veral sedert 1960 (vgl. Niemandt, 2007:12, 39).

4.4.5.2.3 Groei en krimping in Suid-Afrika

Du Toit (2000:58 ev.) is van mening dat die dubbele waarneming van groei en krimping in Suid-Afrika, te doen het met die onstabiele revolusionêre fase waarin Suid-Afrika tans verkeer. Die burgers van Suid-Afrika groepeer duidelik as diegene met ’n denkraamwerk uit eerstewêreldlande aan die een kant. Aan die ander kant groepeer diegene met ’n derdewêreldse denkraamwerk. Laasgenoemde dra sterk tekens van ’n premoderne denkstruktuur (Jenkins, 2007:161) te midde van intens voortstuwende veranderings, soos die 21e eeu se tegnologiese ontploffing en globalisering (Hendriks, 1999:17, 18). Die denkraamwerk van die eerstewêreldburger toon op sy beurt sterker tekens van die moderne en postmoderne denkstruktuur, terwyl ontnugterings (soos die apartheidsjare wat deur die kerk op outoritêre wyse tot in wetgewing ondersteun is) steeds in ’n verwerkingsproses is (Hendriks, 1996:143; vgl. 4.5.3.1).

Herwaardering en interpretasie van die nuwe denkstruktuur geskied dus teen die agtergrond van ’n vervlegtheid van premoderne, moderne en postmoderne denkraamwerke (Niemandt, 2007:25). Elke individu, sonder voorbehoud, is betrokke in die vervlegte samelewing en is dus kind van die tyd (Du Toit, 2000:58 ev.; Smit & Vorster, 2000:518). Ook geloofsake word geherevalueer om nuwe integriteit poog te bekom. Walls (1996:12) se veelseggende uitgangspunt is dat godsdiens vir elke mens binne plek en tyd kultureel gekleur is. Ten einde antwoorde daar te stel, is transformerende en kulturele hermeneutiek ’n vereiste (Bosch, 1999:189; Nel, 2009).

Twee sake is opvallend in hierdie herevaluerende tydperk: eerstens, dat daar ’n sterk toename in verbrokkeling/versplintering van alle strukture, is; tweedens, dat daar ’n sterk soeke na spiritualiteit is binne gemeenskaplike uitdrukking van geloof (Du Toit, 2000:58 ev.; Hendriks,

1996:142, 143; Niemandt, 2007:23; Smit & Vorster, 2000:520). In die versplinterde wêreld fokus die individu op homself (Hendriks, 1999:18, 19), maar besef ook dat sy subjektiewe oortuigings moontlik bloot net nog ’n alternatief is op ’n ander persoon se subjektiewe belewing. Die versplinterde samelewingstrukture lewer egter individue met ’n soekgees na gemeenskaplike/eenders spirituele behoeftes (vgl. Walls, 1996:48, 49; Hendriks, 1996:142, 143).

4.4.5.2.4 Twee strome

Volgens navorsing (Du Toit *et al*, 2002:26) vind Suid-Afrikaanse spiritueelsoekende individue (eerstewêrelds en derdewêrelds) grootliks aanklank by die charismatiese stroom, aangesien dié beweging doelgerig voorsiening maak vir subjektiewe bemagtiging (vgl. 3.8.4) (Hendriks, 1999:18, 19). Terselfdertyd word skynbaar steeds onverbiddelik aan die premoderne interpretasiewyse van die Woord vasgehou (vgl. 4.4.5.2.2). Hierdie refleksbeweging wat in die stroom opgemerk word, kan aldus Du Toit (2000:180) en Barret (2001:19), lei tot die teendeel van groei, of selfs tot die afname van die stroom, aangesien relevansie moontlik op die lang duur nie by die interpretasiewyse inpas nie (vgl. 4.4.1.6). Die toename in getalle getuig egter dat bemagtiging tans swaarder weeg en meer bepalend is.

Du Toit spreek hom egter nie uit oor die tradisioneel gereformeerde stroom in Suid-Afrika nie. Wat wel telkens genoem word in die grotendeels eerstewêreldse leefwyse van “susterkerke” binne die tradisionele stroom, is die moontlikheid van fundamentalisme, oordrewe klem op outoritêre strukture, ’n vervlegting van denkwyses en die skynbare afwesigheid van bemagtiging van die individu (Du Toit *et al*, 2002; Hendriks, 1996:142, 243; Smit & Vorster, 2000:515-531, vgl. 6.5.3.7). Aansluitend hierby noem Niemandt (2007:38), onder andere, ’n aantal tradisionele heilige koeie, soos geboue, die manier van organisasie, ampsbegrip, teologiese opleiding en die metastruktuur van denominasies, as moontlike faktore by krimpende kerke. Volgens ’n ondersoek (vgl. 3.8.4) is bevind, dat die afwesigheid van “direkte godsdiensbelewing” (die “self” wat wil ervaar deur bemagtiging) binne die tradisionele stroom, die grootste faktor is in die oorbeweeg van eerstewêreldse lidmate na die charismatiese stroom toe (Du Toit *et al*, 2002:26; Hendriks, 1999:18, 19).

Die magsbasis van benede is dus in ’n ontwikkelings- en evalueringsproses ten einde nuwe selfgeïnterpreteerde en self-opgestelde vrae en antwoorde te formuleer, met die doel om

subjektiewe stabiliteit by die individu - te midde van sekularisasie, pluralisme en versplintering te bewerkstellig (Bosch, 1991:3; Niemandt, 2007:14, 20; Walls, 1996:83, 84). Ten diepste is die veranderingsproses ’n herstrukturering van identiteit. Opvallend is die enorme herstruktureringsaktiwiteit wat by die Afrosentries-georiënteerdes, maar ook by die westerlinge in Afrika, manifesteer. Beide die Afrosentriese mens, sowel as die Eurosentriese mens is in ’n identiteitskrisis gewikkel weens die onstuitbare oorgangsproses waarby albei betrokke is. Alhoewel geskiedenis, gebruike, blyplek en ’n gevoel van behoort in die verlede grootliks verskil het, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse swart en wit bevolking een saak in die huidige omstandighede deel, naamlik ’n identiteitskrisis (Walls, 1996:13, 14; 2000:123; vgl. 5.4.2.3).

4.4.5.3 Die 500-jaarlikse gelykmakende golf

Die verskuiwende magsbasisse, hoe groot of hoe klein ookal, manifesteer ongeveer elke 500-jaar binne ’n enorme golf wat die gevestigde godsdiensuitlewing geheel en al wysig. Dit is belangrik om die klem op wysiging te plaas en nie op vernietiging nie, aangesien die Christelike godsdiens nie verdwyn nie, maar bloot in ’n totaal nuwe uitlewing verskyn. Die Anglikaanse biskop, Mark Dyer stel die golfbeweging in terme van ’n massiewe en tydsame rommelverkoping waartydens van alle hindernisse en blokkasies ontslae geraak word (Tickle, 2008:13-17). Die gevolg van hierdie golfbeweging is dat ’n meer vitale Christendom na vore kom, dat ’n nuwe Christelike praktyk ontstaan en dat die verspreiding van die Woord geografies en demografies uitbrei.

Nadat die eerste Christene in Antiochië die Christelike godsdiens as stroom begin het, is die eerste golfbeweging teen ongeveer 500 nC te bespeur, hoofsaaklik deur die doen en late van Gregorius die Grote wat afspeel teen die verdwyning van die Romeinse Ryk en die Donker Eeue in aanvang neem. Die tweede golfbeweging bereik teen 1054 ’n hoogtepunt met die Groot Skeiding tussen die kulture van Rome (Katolisisme) en Konstantinopel (Griekse Ortodoksie). Die derde golfbeweging piek teen 1517 met die 95 stellings wat Luther in Wittenberg vasspyker, terwyl die vierde groot golfbeweging, met die eerste dekade van die 21e eeu steeds momentum kry om die volgende radikale groot ontluikende verskuiwing daar te stel (Tickle, 2008:19-28).

Dit is opvallend dat die golfbeweging gelykloop met die manifestering van pandemies, toename in bloedvergieting, die teenwoordigheid van Islam en die drastiese verspreiding van die evangelie (Tickle, 2008:47, 59-61). Dit is nodig om die patroonmatige, dog allesveranderende golfbeweging binne die Christendom op te merk en noukeurig daaraan aandag te skenk, ten einde die plek en doel van die Afrikaanse Protestantse "susterkerke" aan die begin van die eeu geloofwaardig te interpreteer.

Tekens van die verskuiwing wat 'n krisis vir die kerk en samelewing gaan veroorsaak, is reeds in die vorige eeu deur Rauschenbusch en Tillich uitgewys en deur sosioloë voorspel (Tickle, 2008:123-150). Die verskuiwing word deur Tickle aan die hand van 'n kwadrantlaterale kruisdiagram verduidelik. Die fokusgroepe in die Protestantse Christendom word breedweg aangegee as die wat liturgies-geneigd is (links bo), die wat vernuwend is (links onder), die wat staan vir sosiale geregtigheid (regs bo) en die wat konserwatief is (regs onder). Omdat godsdiens nooit in isolasie geskied nie en gereken word as "a social construct" (Tickle, 2008:33), is beweging en oorvleueling van die horisontale en vertikale asse 'n gegewe. 'n Verdere gegewe is die vorming van 'n nuwe, ontluikende godsdienstige kern waar die asse kruis.



Namate die kern uitrys, neem weerstand binne die vier hooffokusgroepe ook toe weens 'n gevoel van bedreiging en verlies, met die gevolg dat 'n teruggrype na die gevestigde status quo-toedrag van sake manifesteer. Weerstand dien as 'n balanserende en remmende stabiliseerder, ten einde 'n meer geleidelike oorgang tot die nuwe, ontluikende godsdienstige uitlewing daar te stel. Ten spyte van weerstand (aangedui deur die ovaal gebroke kringe), groei die ontluikende kerkbeweging meedoënloos voort.



Wanneer die tussentoestand uitloop en die uitspoelfase van die ontluikende golf bereik word, is die vier hooffokusgroepe van Protestantisme uitgedien. Die ovaal gebroke lyne wat weerstand toon, het verdwyn en die kern stu steeds voort om die totaal nuwe uitlewing te vestig.



Die posisie wat die “susterkerke” tans in die lig van die geskiedenis inneem, word gesien teen die mag van bo (oneffektiewe kerkstrukture) wat toenemend verdwyn en wat deur die mag van benede (subjektiewe leefwyse), as totaal anderse godsdiensuitlewing, oorgeneem word. Die 500-jaarlikse golfbeweging bevestig dat die oorgangsfase aan die begin van die 21e eeu ’n realiteit is.

4.4.5.4 Samevattende konklusie: verskuiwende magstelsels

'n Magstelsel van bo en 'n magstelsel van benede staan in kompeterende hoedanigheid teenoor mekaar. 'n Magstelsel plus die gepaardgaande denkstruktuur, verseker 'n stabiele samelewing. Verandering veroorsaak 'n onstabiele samelewing wat hoofsaaklik op twee maniere reageer, naamlik konserwatief of liberaal/progressief. Voortsetting van veranderinge lei tot 'n nuwe denkstruktuur wat tot uiting kom in die nuwe magstelsel, wat mettertyd tot nuwe stabiliteit in die samelewing lei. Historiese verskuiwings binne die Christendom is 'n onomkeerbare gegewe en vind plaas weens ruimtelike en tydelike beweeglikheid binne kruiskulturele kontak; kontak wat lei tot die verskillende manifestasies van die kerk. Die sentrum van die Christelike hartland is in die proses om van die noordelike halfrond wat westers, ryk, blank en tradisioneel Christelik (Protestants) is/was, na die suidelike halfrond wat niewesters, arm, veelrassig, multikultureel en post-denominasionalisties is, te verskuif. Die totaal anderse herlewingstroom in Afrika (ook Suid-Amerika en Asië) bestaan uit die samevloei van Pentekostaliste, Charismate, Neo-charismate en Onafhanklikes: die resultaat van drie historiese hernuwingsgolwe, van westerse sendingbewegings en Afrika-bewegings vanuit eie bodem. Die benadering van die stroom is ekumenies en kultureel gerig op die God vir armes en verdruktes. 'n Ander stroom wat getalsgewys grootliks toeneem, is nihilisme (heidendom). Die stroom kan moontlik in die toekoms ongekend toeneem weens die onbestendigheid binne die huidige charismatiese stroom en uiteindelike oorgawe aan ongodsdienstigheid. Die "susterkerke" sorteer nie onder een van die genoemde groeiende strome nie, en ervaar 'n konstante krimping wat ooreenstem met die tendens in die noordelike halfrond. In Suid-Afrika ervaar die groeiende opkomende Afrogesentreerde charismatiese stroom, sowel as die krimpende Eurosentriese tradisionele stroom egter 'n identiteitskrisis weens die herstrukturering van denke.

Die afgelope 2000 jaar het vier verskuiwende magsbasisse gemanifesteer. Die eerste verskuiwing het met die Jesus-beweging begin as mag van benede, te midde van die mag van bo, wat deur die Romeinse Ryk gehandhaaf is. Die tweede verskuiwing tree na vore teen ongeveer 300 nC met die opkomende mag van die kerkstaat as mag van bo. Dit duur tot ongeveer die 15e eeu, toe dié magsbasis deur die mag van benede, naamlik die Reformasie as derde verskuiwing, vervang is. Daarna het twee vlakke as mag van bo bestaan, naamlik 'n politieke magsbasis en 'n godsdienstige magsbasis. Die mag van bo binne die Protestantse Christendom het na die godsdienstige magsbasisse verskuif. Sedert die 19e eeu het die

magsbasisse van bo stelselmatig begin versplinter deur subjektiwisme as opkomende mag van benede (vierde verskuiwing).

Ook in die “susterkerke” is die mag van bo (gevestigde strukture) stadig maar seker besig om vervang te word met die mag van benede (subjektiewe leefwyse). Die subjektiewe hedendaagse mens is egter siprituеel geneigd en het behoefte aan bemagtiging en samehorigheid. Bemagtiging geskied deur individuele spirituele bediening, wat ten diepste teruggevoer kan word na die mag van die Heilige Gees. Die mag van die Heilige Gees, op grond van Jesus se werke, word as mag van benede in die 21e eeu se subjektiewe gelowige gesien. Die 500-jaarlikse vernuwende golf versterk die verskynsel dat ’n subjektiewe magsbasis van benede die gevestigde denkpatroon vervang. Krimpende getalle in die tradisionele stroom bevestig die werklikheid van die verskuiwing.

4.5 Verskuiwing binne Afrikaanse kerke - 1652 tot die 20/21e eeu

(vgl. Bylaag B: Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1652 - 20/21e eeu)

Tydens die golfbeweging van die derde magsbasisverskuiwing (1500 tot 1900) het die geskiedenis van die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika begin. In Suid-Afrika is verskuiwende magsbasisse as tendens ook duidelik waarneembaar, alhoewel dit nie op so ’n groot skaal geskied as die verskuiwende magsbasisse van die Christenheid nie. Die basis van veranderende denkwyses wat stabiliteit ontwrig, herevaluering motiveer en reaksiestrome laat ontwikkel, is weer hier ter sprake. Die uiteinde, naamlik die daarstel van ’n herstelde, aangepaste samelewing, kom ook vanaf die 17e eeu tot en met die huidige eeu voor binne die verskuiwings van die tradisioneel Afrikaanse kerke.

4.5.1 17e en 18e eeu

Die gereformeerde leer het in 1652 met die koms van Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom (Giliomee, 2004:6, 16; Hofmeyr & Pillay, 1994:32). Kort daarna, in 1658, word die eerste slawe, wat nie Protestante was nie, ingevoer. Die heerskappy van die VOC as Europese moondheid het waardes vanuit die noordelike halfrond aan die Kaap kom vestig. Mettertyd was die politieke, maatskaplike en ekonomiese terreine sodanig aangepas dat ’n nuwe Westers-georiënteerde blanke opperheerskappy die Wes-Kaap gevoer is. Die VOC as heersende politieke mag het die heerskappy gevestig deur ’n stelsel van groepe; dié met

regstatus, en dié sonder regstatus. Twee prominente groepe het hierdeur gemanifesteer. Die een groep was die blanke, Christelike Kompanjie-amptenare en Vryburgers, teenoor die ander groep, die anderskleurige Khoisan en slawe, wat hoofsaaklik dwangarbeiders was. Eersgenoemde groep het grond besit, kon slawe bekostig en was polities betrokke, terwyl die tweede groep die teëpool, dié sonder regte, gevorm het. Die ras- en klas-orde is sodanig gevestig (vgl. Giliomee, 2004:415). Europese waardes, gegrond op vaste, ortodoks-Christelike oortuigings is deurgevoer en mense buite hierdie groep is aanvanklik bykans nooit gedoop nie. Die wit bevolkingsgroep het op vasberade, geharde, individualistiese en onderskeidende wyse voortgegaan om hul (Europese) historiese erfenis te handhaaf. Op paternalistiese wyse is slawe deur gesamentlike huisgodsdiens blootgestel aan die gereformeerde leer en in die NG Kerk opgeneem. Die ras- en klasverskil het gemeenskap van die gelowiges en vordering binne die georganiseerde godsdiens bemoeilik. Hierdie omstandighede het bygedra dat baie slawe hul tot Islam gewend het (Giliomee, 2004:28, 29, 32-38, 79; Giliomee en Elphick, 1982:104, 576-578).

Teen 1688 het 150 Franse Hugenote gearriveer wat getalle van lidmate in die gereformeerde leer opgeskuif het (Giliomee, 2004:11, 12; Hofmeyr & Pillay, 1994:32) en teen ongeveer 1700 het groepe Trekboere stelselmatig die Kaap verlaat op soek na beter weiveld. Opvoeding, met die Bybel as enigste handboek, het verwildering voorkom, asook die kerk se vereiste dat die wat “aangeneem” wou word in staat moet wees om te lees, te skryf en die Heidelbergse Kategismus te ken (Giliomee, 2004:25-27). Op hierdie wyse is die verbondsteologie binne eerstewêrelddenkers deur die gereformeerde leefwyse dieper die binneland ingedra tot so ver as die Transgariep (Giliomee, 2004:34; Hofmeyr & Pillay, 1994:97; Spoelstra, 1963:2, 3). ’n Ander beïnvloedende Christelike stroom, naamlik die Morawiese sending, onder leiding van G. Schmidt, het die land in 1737 betree (Hofmeyr & Pillay, 1994:32). Met die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795, is die pad verder gebaan vir ’n groter verskeidenheid kerkverbande en sendinggenootskappe in Suid-Afrika (Giliomee, 2004:61, 63; Hofmey & Pillay, 1994:49). Die Engelse kerkverbande het nie net Engelse Woordverkondiging die land ingebring nie, maar ook liberalisme as lewensbeskouing (Spoelstra, 1963:244).

Die Kaapse bevolking het in die tydperk vanaf 1730 tot 1820 toegeneem, en die term “Afrikaner”, was gereeld in gebruik (Giliomee, 2004:23, 40):

	Vryburgers	Burgerslawe	Vryswartes	Khoi-Khois
1730	2 540	4 037	221	Nie beskikbaar nie
1770	7 736	8 200	349	Nie beskikbaar nie
1820	42 975	31 779	1 932	26 975

Bosch (1991:6, 7) meen dat sending wat in die vorm van imperialisme en kolonisasie vanaf die Weste uitgegaan het, grootliks misluk het en dat dit ’n “terrible failure” was. Reeds in die tydperk van ongeveer 1795 tot 1814 het omstandighede sodanig verander dat gepraat kan word van “oorgangsjare” (Giliomee & Elphick, 1982:361). Ook hierdie oorgangstydperk is gekenmerk deur grootskaalse veranderinge wat die bestaande kultuur- en denkstrukture sodanig beïnvloed het sodat onstabiliteit in die samelewing geheers het (vgl. ook 5.4.1.2.1, 5.4.2.6, 6.3, 6.5.1.1, 7.1).

4.5.2 19e eeu

Die Koloniste is in die jare voor en na die eeuwenteling (1770 tot 1815) stelselmatig gekonfronteer deur nieblanke teenkanting, en in toenemende mate, veral na 1795, deur die liberale ideologieë/denkwyses en regstelsel van die nuwe Britse regering. ’n NG-sinodebesluit in 1829 het bepaal dat geen kleurskeiding in die kerk meer mag voorkom nie. Hierdie gelykstelling het sterk beswaar uitgelok en word ook as een van die oorsake van die Groot Trek gereken. Verdere oorsake was die gebrek aan grond, arbeid en veiligheid. ’n Magsbasis van benede het vanuit rebellerende Koloniste teen die ander denkstruktuur en mag van bo, begin ontwikkel (Giliomee, 2004:45-54, 65, 80, 108; Giliomee & Elphick, 1982: 577, 578).

4.5.2.1 Trek van die Koloniste

Met die koms van die ongeveer 4 000 1820-Setlaars het die Christendom in Suid-Afrika getallegewys verder gegroei, alhoewel toevoeging deur NG-sendingaktiwiteite nie deel daarvan uitgemaak het nie (Giliomee, 2004:80, 81, 155; Hofmeyr & Pillay, 1994:49). Die koms van die Britte, met die gepaardgaande liberale en imperiale regeringstyl, waaronder ook die verengelsingsbeleid, het die bestaande orde, waaronder ook slawerny, drasties gewysig, alhoewel ras en klas in praktyk bly voorbestaan het (Giliomee, 2004:55, 56, 69, 110, 156-158; Giliomee & Elphick, 1982:578). ’n Gevoel van vervreemding het ontwikkel weens die

veranderende omstandighede en ’n soeke na ’n nuwe identiteit het posgevat. Vanaf 1835 tot 1840 het ongeveer 15 000 gereformeerddenkende Afrikaner-koloniste, die Kaap verlaat om vryheid buite Britse oorheersing te bekom. Die groepe is grootliks gedryf deur ’n strewe na vryheid en selfregering. Waar die groepe hulle gevestig het, is die aanvanklike stelsel waaronder hulle in die Kaap geleef het, voortgesit, naamlik deur onderskeid tussen persone, arbeidsonderdrukking en blanke oorheersing verder te voer (Giliomee, 2004:112, 129; Giliomee & Elphick, 1982: 578).

Tussen 10-15% van die Kaapse bevolking is hierdeur geraak (Hofmeyr & Pillay, 1994:93). Ook is gestel dat omtrent 5 000 van die trekgeselskappe gekleurdes was. Teen 1834 het die Trekkers, die sowat 1 120 reeds voorheen gevestigde veeboere (vgl. 4.5.1), die Transgariep begin bereik (Hofmeyr & Pillay, 1994:97). Hulle was lidmate van die NG Kerk, terwyl veral dié in die noordoostelike distrikte van die Kaapkolonie, hulself onderskei het deur ’n vromer en meer konserwatiewe leefwyse as enige ander gemeenskap in die Kolonie (Giliomee, 2004:126). Daar was egter nog geen lidmaatregister teen die tyd dat Smit homself as leraar van die groot aantal rondtrekkende lidmate gevestig het nie. Later word genoem dat Lindley, Smit se opvolger, omtrent 20 000 mense van Natal tot Potchefstroom-Winburg bedien het (Hofmeyr & Pillay, 1994:110).

Die Groot Trek was sprekend van ’n magsbasis van benede, wat teen die denkstruktuur en mag van bo, gerebelleer het. Ook Pont (Hofmeyr & Pillay, 1994:96) beskou die Groot Trek as direkte optrede teen die politieke mag van bo, voortgedryf deur die teokratiese teologie van die Calvinisme:

> “… every congregation where the gospel, sacraments and church discipline are administered, is Church in the complete sense of the Word … The Church is not a department of the state” (Hofmeyr & Pillay, 1994:111).

4.5.2.2 Verdeling in drie Afrikaanse kerkverbande

Vir 204 jaar was die gereformeerde/reformatoriese kerke ’n eenheid. Teen 1853 het die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk, as gevolg van onversoenlikhede in hul geledere, ontstaan (Hofmeyr & Pillay, 1994:114). ’n Derde groep, waarvan party bekend gestaan het as die Doppers, wou hul nie by een van die twee genoemde groepe skaar nie. Die denksisteem van dié derde groep was uiters streng gereformeerd,

konserwatief, formeel en ortodoks en ’n buitengewoon hoë sedelike standaard is gehandhaaf. Hulle was hoofsaaklik teen die liberale stroom wat by die ander kerkverbande bespeur is en talle het hulself as die uitverkore verbondsvolk beskou (Giliomee, 2004:126, 127, 167; Hofmeyr & Pillay, 1994:115; Spoelstra, 1963:140, 189). Die groep was verder ook ontevrede oor die verpligte sing van Evangeliese Gesange, asook oor die verbintenis tussen kerk en staat soos dit gemanifesteer het in die staatskerkbeleid van die Nederduitsch Hervormde Kerk (Hofmeyr & Pillay, 1994:114, 115).

4.5.2.3 Stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Onder leiding van ds. Dirk Postma is die Gereformeerde Kerk deur dié derde groep gelowiges op 11 Februarie 1859 in Rustenburg met ongeveer 300 volwassenes gestig (Hofmeyr & Pillay, 1994:115; Spoelstra, 1963:170). Jooste (Hofmeyr & Pillay, 1994:115) toon deur die volgende aanhaling dat dié groep ’n mag van benede was wat ontwikkel het teenoor die staatkerklike mag (Nederduitsch Hervormde Kerk) van bo:

> “This church had to be constructed according to the dogma, service and discipline stipulated by the National Synod of Dordrecht in 1618-1619. They also wished to use the church order of this Dutch synod as adapted to their own circumstances instead of the existing ecclesiastic ‘laws’.”

Hiermee wou dié kerk terugkeer na die “suiwere leer” (Du Plooy, 2003:489, 490; Spoelstra, 1963:170) (vgl. Bosch, 1999:241) (vgl. 4.4.4), asook na die Skrifbegronde kerkbeheer van die 16e en 17e eeu (Hofmeyr & Pillay, 1994:115).

4.5.2.4 Gereformeerde sendinggerigtheid

Die Gereformeerdes (1859) se uitlewing was dié van eenvoud. As voorbeeld word genoem nie die uiterlike strewe van “kerkgebouwen met hoge torens” nie; ook nie die nastreef van groot lidmatetalle nie (Spoelstra, 1963:183). Laasgenoemde dui egter nie daarop dat die Gereformeerdes teen die uitdra van die Groot Opdrag was nie. Hulle was wel teen die liberale sending en sendingmetodes van veral die Engelssprekende kerkverbande (Spoelstra, 1963:241, 244).

Tog was daar voorbehoude rakende die uitdra van die Groot Opdrag. Hofmeyr & Pillay (1994:93) haal De Jongh se uitlatings deur Sarel Cilliers aan. Die uitlatings handel oor die sogenaamde sinloosheid van Woordverkondiging aan swartmense, soos hy dit gesien het:

> "heathens who lived a godless life in any case."

Daar was ook die enkelinge wat van mening was dat gekleurdes nasate van Kain was en uiteraard nie die Woord sou aanvaar nie (Hofmeyr & Pillay, 1994:118; Spoelstra, 1963:243). Die teenwoordigheid van hierdie ultra-konserwatiewe denkstruktuur was dus ook teenwoordig in die Gereformeerde Kerk (Giliomee, 2004:126, 127; Spoelstra, 1963:249).

Uitlatings soos hierbo genoem, was skynbaar die uitsondering. Die daaglikse huisgodsdienste het getoon dat die Trekkers nie negatief was teenoor die Groot Opdrag nie, aangesien almal, nieblankes ingesluit, teenwoordig moes wees tydens godsdienstige verrigtinge (Hofmeyr & Pillay, 1994:118). Weens die pioniersleefwyse het die Trekkers egter geen sistematiese sendingaksie geloods nie, alhoewel maandelikse sendinggebedsbyeenkoms wel gereël is (Du Plooy, 2003:495; Spoelstra, 1963:242). Sending is "niet als eene bijzaak" gesien nie, maar wel "als haar eigen werk", bedoelende die uitdra van die evangelie daar waar hulle werksaam was (Spoelstra, 1963:242: vgl. 4.4.2). Getallegroei, weens doelgerigte uitvoering van die Groot Opdrag, was daarom gering.

4.5.2.5 Gesindheid teenoor Engelse sendinggenootskappe

Teen die tweede helfte van die 19e eeu het die drie Afrikaanse kerke die Sendinggenootskappe vanuit die Britse imperialistiese stroom met groeiende wantroue bejeën (Hofmeyr & Pillay, 1994:153, 157, 165). Die gesindheid van wantroue is verder versterk deur die Britse houding tydens die ontdekking van diamante en goud, asook die Britse imperialistiese en kapitalistiese regeringstyl en immorele propaganda teen die Boere (Giliomee, 2004:335). Aanvanklik was daar by die sendinggenootskappe 'n tendens om die inheemse volke aan te moedig tot "self-supporting, self-propagating and self-governing" (Giliomee, 2004:406). Na die jare twintig (20e eeu) het die NG Kerk hom aan Engelse liberale en gekleurdes op veelrassige kerkkonferensies onttrek, grootliks omdat dié kerkinstansies geleidelik in die rigting van 'n "open society" (2004:406) begin beweeg het en teen die aanvanklike segregasie-uitgangspunt begin standpunt inneem het. Die NG Kerk het

egter volgehou om “dogterkerke” binne die NG Sendingkerk daar te stel met die bedoeling dat eie gebruike deur hulself deurgevoer kan word (Giliomee, 2004:364, 406, 407).

4.5.2.6 Oproepe tot eenwording van die Afrikaanse kerke

Ten spyte van oproepe ter wille van eenwording tussen die drie Afrikaanse kerke, het pres. Paul Kruger by sy standpunt gehou dat eenwording sonder dwang moet geskied. Hy was ook van mening dat, indien die land in moeilike omstandighede sou verkeer, die Afrikaners tóg, ten spyte van aparte kerke, saam sou kon staan (Du Plooy, 2003:492-494; Spoelstra,1963:278). Die NG Kerk het in 1905 ’n besluit aanvaar om ’n “federale band” tussen Afrikaners te probeer smee ten einde vereniging op nasionale grondslag te bewerkstellig, maar selfs na die 1914/15-rebellie het eenheid nie gemanifesteer nie (Giliomee, 2004:335, 336, 412).

Giliomee (2004:407) stel dat veral in die Transvaal sendingwerk in al drie gereformeerde kerkverbande met teenstand bejeen is. Die Hervormde Kerk het geen sendingwerk verrig nie, die NG Kerk se pogings is deur onderlinge geskille verhinder en die GKSA het “baie min” sendingwerk gedoen. Getalle op kerklike gebied het daarom verdeeld gebly.

4.5.2.7 Getalle

Teen 1860 was daar ongeveer 200 000 Afrikaners in Suid-Afrika. Giliomee (2004:162) stel dat die Afrikaners soos volg versprei was: Kaapkolonie 75%, OVS 86%, Transvaal 90% en Natal 20%. ’n Herlewing het in die jare sestig plaasgevind deurdat die Afrikaners die begeerte ontwikkel het om die evangelie uit te dra, veral onder die gekleurde bevolking. Ook het Christelik-nasionale onderwys rakende moedertaalonderrig opgevlam en getalle het toegeneem. Deur middel van die taal, Afrikaans, is hierdie doele, veral deur Pannevis, Hoogenhout en Du Toit nagestreef (Giliomee, 2004:162, 177).

Getalle het toegeneem juis weens die herlewing en moedertaalonderrig. In 1887 was daar in die Gereformeerde Kerk in die destydse Transvaal 1 968 belydende lidmate, in die Vrystaat 1 243 en 2 844 in die Kaapkolonie. In 1899 was daar 17 kerke met 4 586 lidmate in Transvaal, 3 852 in die Vrystaat en 3 852 in die Kaapkolonie. Geleidelike toename in getalle het al drie kerkverbande laat voortgaan om elkeen vir die betrokke kerkverband, aparte kerkgeboue in byna elke groot dorp fisies op te rig (Spoelstra, 1963:280, 281). Teen 1895 het

getalle ietwat gestyg deurdat Nederlandse immigrante die land ingekom het. ’n Sekere aantal immigrante wat nie “uit die vrysinnige kringe” afkomstig was nie, het hul by die Gereformeerde Kerk gevoeg (Spoelstra, 1963:81).

4.5.2.8 Die Anglo-Boereoorlog

Vir die Afrikaner was die Anglo-Boereoorlog ’n vergeefse stryd vir ‘vryheid en bestaan” (Giliomee, 2004:205, 211). Die sterfsyfer van 344 per duisend is teen 1901 aangeteken en kinders onder vyf se kans tot oorlewing was bykans nul. Vrouesterftes is bereken op 4 177 en kinders op 22 074. In die Boeremag het getalle in 1902 gekrimp tot minder as 20 000. Na aanleiding van die Engelse taalbeleid is in 1905 kort na die oorlog, in *The Pretoria News*, die volgende geskryf (Giliomee, 2004:223):

> “This church is dying out . . . and the language of this church will in a short time disappear.”

Met die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner Christendom, soos verteenwoordig in die drie verskillende kerkverbande, hul politieke magsbasis deur die oorlog, as postkoloniale verset teenoor die sterker Britse oormag, verloor (Niemand, 2007:23).

4.5.3 20e eeu

(vgl. Bylaag C: Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1902 - 21e eeu)

Aan die begin van dié eeu het Kitchener se verskroeide-aardebeleid tydens die Anglo-Boereoorlog getalle binne die totale Afrikaner Christendom verminder. Die fisiese uitwissing van persone het ook die “susterkerke”, as deel van die Afrikaner Christendom, geraak. Weens die geheelontwrigting van die Afrikaner se bestaan, het aktiewe sendingwerk steeds nie hoë prioriteit gekry nie (vgl. 4.6) (Hofmeyr & Pillay, 1994:173). Die NG-leiers het teen die vernietiging van die land, waaronder ook kerkgeboue, sterk kritiek geopper. Taal en geloof was steeds die elemente wat eenheid kon bewerkstellig. Aanhang vir Christelik-nasionale skole het steeds toegeneem. Daarmee saam het die Dopperse lewensbeskouing van godsdiens, taal, wetenskap en nasieskap as verweefde eenheid die toenemende Neo-Calvinistiese Afrikaner-nasionalisme geweldig laat opbou. Teen 1910 was die verbintenis tussen kerk en staat, grootliks deur die toedoen van Smuts se besoek aan Campbell-Bannerman in Engeland, op ’n vaster gondslag; ’n verbintenis wat as verskynsel gereeld in

gekoloniseerde lande voorkom (Du Plooy, 2003:498; Giliomee, 2004:224-231, 335; Hofmeyr & Pillay, 1994:166, 167; Jenkins, 2007:162). Tweetaligheid as taalbeleid, asook die bevestiging dat Boere as grondbesitters kon voortgaan, is deur die Britte deurgevoer. Die gevolg hiervan was dat anderskleuriges polities benadeel is en die grondslag van segregasie gevestig het. Eenheid onder blankegeledere is wel nagestreef, deur byvoorbeeld die stigting van die Broederbond, die FAK en die ATKV. Ten spyte hiervan was die Afrikaners polities steeds nie verenig nie (Giliomee, 2004:354). Teen die laat twintigerjare het segregasie (binne sendingwerk) egter sterker begin spreek (Giliomee, 204:409). Teen 1935 is die sendingbeleid in *Die NG Kerk en apartheid* geboekstaaf, terwyl dieselfde gesprek in die GKSA gevoer is (Giliomee, 2004:410, 411). In teorie het dit op die volgende neergekom:

> "God het al hierdie kulture verorden en dit is die Christelike plig van blankes om swart mense te help om hul eie rasse- en kulturele identiteit te bewaar, en hulle te help om op hierdie grondslag te vorder."

In die praktyk van die alledaagse lewe het die sendingbeleid van die NG Kerk se federale sendingraad mettertyd tot maatskaplike segregasie ontwikkel. Die kerk het die beginsel neergelê en die staat het gevolg, byvoorbeeld in die onderwys waar volwaardige onderrig van gekleurdes ontneem is met die gevolg dat gelykwaardige mededinging met blankes verhinder is (Giliomee, 204:407- 411, 428, 449).

Die eerste vier dekades van die 20e eeu was in Suid-Afrika 'n toonbeeld van sosiale, ekonomiese en politieke veranderinge met verreikende gevolge (Hofmeyr & Pillay, 1994:229, 230). Die veranderinge het tot 'n hoogtepunt ontwikkel deur die opkomende mag van benede wat 'n nasionalistiesgedrewe oorwinning in 1948, teweeggebring het. Die Nasionale Party het die verkiesing gewen en die jare van apartheid het begin (Giliomee, 2004:379).

Die gevolg was dat die Afrikaner se positiewe denkwyse in groeiende blanke geboortesyfers na vore gekom het. Op talle gebiede het die Afrikaner gefloreer - ekonomies, opvoedkundig, ondernemings, kerkbywoning, selfvertroue en eiewaarde (Giliomee, 2004:438. 439). 'n Studie deur Erasmus in 1954 het getoon dat dit wat eiewaarde daarstel uit Suid-Afrika self gespruit het; taal, tradisies, geskiedenis, ideale, kultuur en roepingsbesef. Die Afrikaner het die Engelssprekendes op alle gebiede oortref en sodoende die pyn wat in die verlede deur die Britte hulle aangedoen is, versag (Giliomee, 2004:435, 442).

Wat die megatendense in die 20e eeu betref, is dit interessant om van die volgende patroon in Suid-Afrika as rigtinggewend vir verdere afname, kennis te neem: In 1911 was 45,7% van die land se bevolking Christene. Teen 1980 het die Christen-bevolking 77,0%. beloop, terwyl die 1996-sensus die Christen-bevolking as 74,1% aangegee het. Migrasie tussen denominasies het ook vanaf 1970 veroorsaak dat ’n kwyntendens binne Gereformeerde Kerke (uit alle bevolkingsgroepe) gemanifesteer het (Hendriks, 1999:18):

1970	20,8%
1996	13,0%

Teen 1996 (Hendriks, 1996:142) was die Christendom in Suid-Afrika soos volg: persentasie en getallegewys was die Swartmense die meerderheid. Die Blankes was 14%, en die Kleurlinge 7.6%. Die Afrikaanse Gereformeerde Kerke was die grootste denominasie met die Blankes 50,6% en die Kleurlinge 26,9%. Gereformeerde Swartmense het 8,7% beloop.

4.5.3.1 Segregasiebeleid

Gedurende die begintydperk was segregasie vir die Suid-Afrikaanse bevolking tot en met ongeveer 1927, grootliks pragmaties ten opsigte van taal, kultuur en gedrag (Hofmeyr & Pillay, 1994:225). Du Plooy (2003:497), asook Giliomee (2004:231), is van mening dat die Britse beleid van segregasie met Suid-Afrika as “’n witmansland” (2004:249-259) reeds aktief was voor en tydens Uniewording en in die later jare bloot uitgebou is. Die beleid is wetlik voortgesit, soos in al die ander Britse kolonies.

Te midde hiervan moes die land aanpas by die nuwe regeringstelsel, die depressie, industrialisasie, ontvolking van die platteland en die armblankevraagstuk. Aanpassing ten opsigte van die opkomende swart groepe, wat met blankes in die verstedelikingsproses om werk gekompeteer het, was verder ontwrigtend (Giliomee, 2004:249, 265, 274; Hofmeyr & Pillay, 1994:230).

Teen 1930 het die siening ten opsigte van segregasie binne Afrikaner-geledere ’n definitiewe wending geneem, deurdat die NG Kerk segregasie binne die kerk en daarbuite, op teologiese basis regverdig het (Giliomee, 2004:405; Hofmeyr & Pillay, 1994:225). Hierdie optrede en die ontwikkeling in denke rondom segregasie, was ’n voorbeeld van hermeneutiek wat deur

herinterpretasie, by ’n nuwe tydsgewrig moes aanpas. Die ontwikkeling het plaasgevind sonder om die oorspronklike en aanvanklike bedoelings agter die saak van segregasie in ag te neem (Hofmeyr & Pillay, 1994:225, 226). Teen 1940 was die verstedelikte blanke Afrikaanssprekendes besig om stadig uit die armblanketoestand op te staan, nasionalisme het toegeneem en die kenmerkendste eienskappe was dat die kerk, die onderwys en taal as sentrale ankers gereken is. Opheffing het sodanig geskied dat mededinging met swart werknemers nie meer teen 1950 voorgekom het nie en dat die armblankeverskynsel voor die apartheidsjare begin verdwyn het (Giliomee, 2004:276, 304).

Boesak (2007:33) werp ’n nuwe lig op segregasie, deurdat hy meen die NG Kerk reeds so vroeg as 6 November 1857 in beginsel op rasseskeiding besluit. Giliomee (2004:430) maak ook melding van hierdie datum, maar sy interpretasie is eerder dat segregasie in die kerk “vrywillig en met wedersydse toestemming gebeur het” en dat dit nie as regverdiging van apartheid beskou kan word nie.

Wanneer en deur watter instansie(s) segregasie presies gevestig en deur die jare moontlik gemaak is, blyk ’n vervlegte sameloop van gebeure en magte te wees.

4.5.3.2 Omvattende aard van die opkomende polities-godsdienstige beleid

Die oortuigings rondom segregasie het ’n ideologiese teologie en ’n nuwe denkstruktuur onder Afrikaanssprekendes geword. Die opkoms van nasionalisme is deur Afrikaans versterk deurdat die taal as simbool van Afrikaner-identiteit gesien is. Die fundamentalistiese en ononderhandelbare denkstruktuur het die kiem van ’n verrysende mag van benede geherberg (Giliomee, 2004:315, 323; Hofmeyr & Pillay, 1994:227). Getalle in die kerk het onder hierdie ontwikkelende denkstruktuur van Afrikaner-nasionalisme drasties uitgebrei.

Hofmeyr & Pillay (1994:228-234) wys daarop dat dit vir die Afrikaner onmoontlik was om die sekulêre en godsdienstige dimensie te skei. Die rede hiervoor was geleë in die geheelomsluitende wese van die ideologie, soos dit ook ten tye van die Bybelse volk Israel, na vore gekom het. Die Afrikaner se lewe was gelyk aan godsdiens en godsdiens was gelyk aan die lewe. Dit is ook in ’n *Kerkbode* soos volg geformuleer (Giliomee, 2004:336):

> “God is in ons geskiedenis, ons kerk is nasionaal.”

Ook Merriman het gestel dat, ten spyte van baie gebreke by die Afrikaner, geloof die enkele saak is wat hul sterk hou (Giliomee, 2004:335). Die lewe met die toenemende nasionalisme en die vestiging van identiteit aan die hand van Afrikaans, het weer hoop onder blankes in die land laat opvlam (Giliomee, 2004:326; 340).

'n Verdere deel van die opkomende teologie of denkstruktuur was die Corpus Christianum-idee. Dit het behels dat die liggaam van Christus deur die segregasiebeleid "verduidelik" word, dus ook die sekulêre sosiale ordening van mense. 'n Kulturele chauvinisme het op grond van die siening van Corpus Christianum onder die Calvinistiese kerke ontstaan. Teen 1940 was Afrikaner-kerke, as gevolg van hierdie polities-godsdienstige beleid, van ander kerkverbande en konferensies geïsoleer (Du Plooy, 2003:498; Giliomee, 2004:415). Giliomee (204:413) stel dat 'n kerkkonferensie in 1944 gehou is wat deurslaggewende Bybelse gronde vir die kerk en staat verskaf het. Dit het berus op die verwarring by Babel en dat God daardeur toon dat hy verskillende nasies in verskillende streke wil vestig. Hierdie Europese denkstroom is in 1778 in Edinburg en in 1812 in Philadelphia deur Abraham Kuyper, asook deur Totius gestel en as teologies korrek verkondig. Akaemici van veral Stellenbosch en Potchefstroom, asook suidelike en noordelike joernaliste het ook hierdie denkrigting gevolg (Giliomee, 2004:415, 416, 428). 'n Sober en eerlike strewe van gun-jou-naaste-wat-jy-jouself-gun, kom in die veertigerjare in aanraking met rassuiwerheid na aanleiding van Duitsland se doelwitte onder leiding van Hitler (Giliomee, 2004:418-420). Wat ookal die agendas, in die praktyk het apartheid nie die gewenste uitwerking gehad nie. Die rasio ter verduideliking van die Afrikaner is veral deur redakteurs se kaalkopfeite geformuleer. Eerstens word die getalletekort van die Afrikaner as 'n bedreiging vir voortbestaan gestel. Tweedens word gestel dat weens die getalletekort, oorlewing die "nasionale instinkte" (2004:419, xv, xvi) of grondmotief is van Afrikaner-beleid. Samevattend tree die Afrikaner dan op gedrewe deur 'n krag om oorlewing en wat derhalwe spruit uit 'n vrees- en meerderwaardigheidskompleks.

Die swaai in politieke mag met die verkiesing van 1948 het die politieke mag van bo, wetlik gemaak. Smuts (Giliomee, 2004:440) het in 1949 'n stelling gemaak wat steeds nie werklikheidstatus bereik het nie:

> " … die finale toets vir die Afrikaners as Westerlinge en Christene" is geleë in "naturelleverhoudings."

Teen 1966, die jaar van die Verwoerd-moord, het die Afrikaner-mag sy hoogtepunt bereik met slegs 4 miljoen blankes teenoor ’n swart bevolking van 14 miljoen (Giliomee, 2004:487, 490, 493). Vanaf 1948 tot 1981 het die apartheidsregering ekonomiese groei en stabiliteit ervaar, maar die groei was tot geen voordeel vir die grootste deel van die bevolking nie. Druk vanaf die swart bevolking het toegeneem en teen 1978, is by monde van Vorster gestel dat hervorming en opofferings gemaak moet word. Leierskap deur Vorster was sodanig dat die wens van die wit burgers in werklikheid gestel is, naamlik aanvaarding van die witman deur die mense van Afrika (Giliomee, 2004:519-522). Die moontlikhede wat hierdie houding kon inhou is egter gekortwiek deur die grensoorlog. Die wit regering se tegnologiese prestasies, waaronder die bou van kernwapens en ’n hartoorplanting, het nie die erkenning van die Weste uitgelok soos wat verwag is nie; dít weens die politieke rigting. Suid-Afrika was afhanklik van die Weste, maar die Weste het nie die geneëndheid simpatiek beskou nie (Giliomee, 2004:528, 529).

Sending is ook in die veertigerjare teen die gevorderde stadium van segregasie gesien en benader. Die steeds opkomende polities-godsdienstige beleid het ook die GKSA sodanig benewel, dat in 1970 ’n sinodale besluit aanvaar is, wat neergekom het op gebiedskeiding (Du Plooy, 2003:498). Die mag van die Broederbond was so sterk dat dit selfs sterker was as die invloed van die NG Kerk (Giliomee, 2004:533, 534). Met die aandrang tot veranderende politiek vanuit die buiteland en van die swart bevolking, het verdeeldheid onder Afrkaners begin toeneem en die Broederbond, veral na die Inligtingskandaal, se mag ook begin taan. Uitsprake soos die van Louis Luyt, naamlik “Ek het ’n leuen geleef”, het ontnugtering in die Afrikaner-leierskap teweeg gebring (Giliomee, 2004:536). Teen 1982 was die Afrikaner polities onderling versplinter en skerp verdeel (Giliomee, 2004:536, 561).

4.5.3.3 Teëstand

Teen 1977 het die swart kerke die apartheidsbeleid van die regering openlik as kettery begin teëstaan (Hofmeyr & Pillay, 1994:284). In 1985 het een van die drie “susterkerke”, naamlik die GKSA-sinode, ’n rapport behandel waarin besluite uit die verlede, wat oor rasse- en volkereverhoudings in die kerk en samelewing gehandel het, heroorweeg is. Die besluit van 1970 oor gebiedskeiding is herroep en Christene is aangemoedig om skuld oor die rassistiese beleid te bely (Du Plooy, 2003:498, 499).

Die eise van die steeds opkomende swart mag het die NG Kerk genoop om op die Sinode van 1990 die indruk te laat, dat die apartheidsbeleid deur hulle verwerp is én dat ook die twee ander "susterkerke" saam na 'n nuwe toekoms sou streef (Hofmeyr & Pillay, 1994:290). In 1991 het die GKSA-sinode egter verder gegaan en nie bloot net 'n indruk gewek nie, maar by herhaling gestel dat "die ideologie van apartheid 'n sonde is en die Bybelse regverdiging daarvan 'n dwaling is" (Du Plooy, 2003:499). 'n Referendum in 1992 lei die land tot die oorgang na die volgende opkomende magsbasis, naamlik die nuwe ANC-mag van benede wat in 1994 oorneem (Giliomee, 2004:596, 597, 608). Die apartheidsregering as politieke mag van bo is in 1994 vervang deur die opkomende politieke ANC-mag van benede.

4.5.4 Pentekostalisme in Suid-Afrika

Die geboorte van Pentekostalisme in S.A. het teen 1908 onder leiding van P.L. le Roux plaasgevind. Le Roux het uit die NG Kerk bedank en die Sionistebeweging begin (Hofmeyr & Pillay, 1994:189):

> "It was a multiracial church where English, Afrikaners, Zulus and Sotho worshipped together" en "Many Afrikaners from the Dutch Reformed Church also attended" (Hofmeyr & Pillay, 1994:189, 191).

Die ontstaan van die Pentekostaliste in Suid-Afrika moet gesien word teen die ontstaan daarvan ook in ander lande, waaronder Noord-Amerika. In 1906 het Parham en Seymour daar met die doop met die Heilige Gees en die spreek in tale begin preek. Die stroom het so toegeneem dat daar binne 'n eeu ongeveer 500 miljoen wêreldwyd getel word - tans die grootste Christelike stroom (Tickle, 2008:83; vgl. 4.4.1.5, 4.4.1.6). Die stroom se uitgangspunt is dat outoriteit geleë is in die Heilige Gees. Dit pas presies in by die subjektiewe mens wat die Heilige Gees binne hom-/haarself as gesagvol ervaar (vgl. 5.4.1.3.2).

Die ontstaan en opkoms van die Apostoliese Geloofsending en die Volle Evangelie Kerk van God het die charismatiese stroom verder versterk (Hofmeyr & Pillay, 1994:190, 191). Hierdie gebeure was ook 'n eerste waardeur getalle van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" geraak is, naamlik die oorgaan na 'n Pentekostalistiese kerkverband. Al was getalle aanvanklik nie noemenswaardig nie, het die stroming vertak en bly steeds uitbrei (Hofmeyr & Pillay, 1994:265).

Rondom 1960 het hoofstroomkerke al hoe meer lidmate ten koste van die charismatiese groepe verloor. Dertig jaar later, gerugsteun deur die 1980- en 1991-bevolkingsensus, is dalende getalle by die "susterkerke" 'n voldonge feit. Hendriks (1996:183-142) meen dat sekularisasie in hierdie tydperk 'n belangrike faktor was wat meegewerk het tot die tendens. Terselfdertyd het die charismatiese stroom orals geweldig momentum begin kry. Soortgelyke charismatiese herlewingsbewegings het hierby aansluiting gevind en 'n permanente deel van die Suid-Arikaanse samelewing geword – 'n tendens wat in alle kontinente manifesteer (Hendriks, 1996:142, 143; 1999:18; Hofmeyr & Pillay, 1994:266).

4.5.5 Eeuwenteling

Te midde van die drastiese politieke veranderinge en onstabiliteit het die mens veral na 1994, stelselmatig al meer bewus geword van onsekerhede en versplintering op talle vlakke; óók op godsdienstige vlak (Hendriks, 1996:142; Smit & Vorster, 2000:516). Versplintering en onsekerheid het nie net onder die blanke "susterkerke" voorgekom nie, maar ook onder die swart bevolking (Walls, 1996:9-15). Die mens het alternatiewe sieninge binne die Christelike paradigma verkry, terwyl die tegnologiese ontploffing en globalisering, aanpasbaarheid vir alle Suid-Afrikaners verder bemoeilik het (Niemandt, 2007:10, 11).

Aanpasbaarheid weens verandering is sedert die vroeë Christendom 'n werklikheid. Hendriks (1999:18) maak 'n bondige samevatting van die veranderende magsbasisse op teologies-kerklike terrein vanaf die vroeë Christendom tot vandag met eeuwenteling. Die eerste terrein wat as teologies-kerklike sentrum gefunksioneer het, was Rome-Vatikaan. Die tweede is waar meer gefokus is op universiteite-sinodes, en tans rondom eeuwenteling het die terrein verskuif na die mag van die mens in sy/haar gemeente. Volgens Hendriks is die verskuiwings omdat daar op die vlak van 'inligting en informasie … afgerat word na grondvlak."

4.5.5.1 Globalisering en die gelowige

Globalisering word, aldus Van der Walt (2004:284, 285), gedefinieer as die (abstrakte) ruimtelike uitbreiding oor die hele wêreld van dít wat geldig is binne die spektrum vanaf die numeriese ruimte tot die geloofsruimte. Ook volgens Van der Walt (2004:236-290) dring die veranderende en versplinterde tydsgees gelowiges tot by die punt van herevaluering van hul Christelike denkwyse en rentmeesterskap. Dit behels die positiewe ontsluiting van die

ruimtelike potensiaal in God se skepping. Hierdie uitgangspunt hou onder meer in, dat Christene en kerke hul missie wyer sien as slegs dié van die eie kerk, volk, land of kontinent. Globalisering hou die moontlikheid in, dat die hedendaagse moderne/postmoderne Christen se aandag sodanig gerig kan word, dat die mag van benede, naamlik die innerlike, subjektiewe krag binne die individuele gelowige, uitgebrei en waar-ookal aangewend kan word - volgens die riglyne van Christus se Groot Opdrag in Matt 28:18-20 (vgl. ook Niemand, 2007: 54).

4.5.5.2 Postmodernisme en die gelowige

Die huidige lidmaat is voluit deel van die 21e eeu se vervlegte moderne/postmoderne samelewing. Die oorvloei van die modernisme na die postmodernisme is nog nie afgehandel nie, maar ontwikkel teen ’n geweldige spoed (Bosch, 1999:349; Olivier, 2006:74, 75). Aldus Hendriks (1996:143) kom heroriëntering en aanpassing binne die “susterkerke” in “vertraag(de)” vorm in tradisionele strukture na vore. Dit is weens die modernisme wat deur individualisme ’n verhoudingsvakuum geskep het. Die kerke het so sterk op die kognitiewe en dogmatiese (rasionele) gefokus, dat dit wat werklik ’n behoefte is, oorgesien is. Die beweging na onafhanklike kerke of meer intieme bedieningstruktuur toon dat vanuit dié modernistiese denkwyse ’n “bottoms-up” teologiese regstelling binne die reeds sterk teenwoordige postmodernisme, besig is om te realiseer.

Soms word na modernisme verwys as *soliede* modernisme, terwyl na postmodernisme as *vloeibare* modernisme verwys word. Die rede is omdat laasgenoemde inhou, dat mens nóg meer oor alles in die lewe sal kan sê as wat reeds gestel is (Niemandt, 2007:20). Hierdie uitgangspunt staan reg teenoor tradisionele institusionalisme en formalisme.

Aldus Venter (2006:229), Smit & Vorster (2000:519-526), Niemandt (2007:30, 32) en Olivier (2006:82, 120), lê die postmoderne mens klem op persoonlike spiritualiteit, asook op die beoefening van godsdiens binne ’n ruimte waar persoonlike *ervaring* kan geskied. Egte gemeenskaps*belewing* deur die individu word hedendaags hoog geprioritiseer (Hendriks, 1996:143; Niemandt, 2007:22, 23). By hierdie lewenskultuur van die steeds ontwikkelende postmoderne mens kan egter kreatief aangesluit word. Die ingesteldheid kan tot voordeel vir die kerk aangewend word ten einde ook getalle te laat groei. Dit is veral van belang namate die onstabiliteit van die huidige samelewing ook in die afname van lidmaatgetalle gemerk word.

Ten spyte van die onstabiliteit en veranderinge skyn talle hoofstroomkerke nie bedag te wees op die impak van die verskuiwing wat aan die gang is nie (Hendriks, 1996:143). Niemandt (2007:14, 15) meen dat die waarneembare veranderinge/versplintering so omvangryk is en in die toekoms nog so gaan toeneem, dat die oorgangstydperk in der waarheid die einde van die Christenheid aandui (vgl. Bylaag A) (vgl. 4.4.1.1). Die 21e eeu is, aldus Niemandt, die geleidelike afsluiting van die Christenheid wat sedert die Jesus-beweging en vestiging in die Konstantynse Christendom geheers het (vgl. 4.4.2; 4.4.3). Die begin van die volgende bedeling sluit egter aan by die *begin* van die Christenheid, naamlik by Jesus se boodskap van die waarheid. In aansluiting by die begin van die Christenheid, lê die verskil egter daarin dat die boodskap van Jesus, "vars" aan die hedendaagse moderne/postmoderne gelowige gebring moet word (Niemandt, 2007:19; Olivier, 2006:75; vgl. 2.6; 7.1.1.3). Die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel is derhalwe in die huidige tydperk na eeuwenteling die aanname (vgl. 3.8.3.4; 3.8.5).

4.5.5.3 Individuele/subjektiewe magsbasis

Die godsdienstig mag in die postmoderne Afrikaanse "susterkerk"-gelowige van Suid-Afrika is tans geleë in die individuele/subjektiewe gelowige en berus "slegs uit die bediening van Christus se gesag" (Smit & Vorster, 2000:522). Met absolute waarhede is gebreek (Niemand, 2007:22; Venter, 2006:223). Die "kerk", bedoelende sinodes en selfs soms die kerkraad as instansie, staan telkemale buite die individu (Hendriks, 1999:19). Sommige beskou dit skynbaar ook as magsbasis (Heitink, 1999:284; Niemandt, 2007:22; Smit & Vorster, 2000:522). Die postmoderne individuele gelowige met sy nuwe hergestruktureerde, of soms steeds herstrukturerende denkstruktuur (Hendriks, 1996:143), is geneig om sekere magbasisse, volgens die individu se subjektiewe denkwyse, nie as geldend te erken nie (Olivier, 2006:84). Soms word ooreenkomste, veral op ekumeniese gebied, in die breë as belangriker beskou as leerverskille (Niemand, 2007:23; vgl. 4.4.1.5; 4.5.5.3). Outoritêre gesag word al hoe meer krities beskou en die uniekheid van die Skrif word gereeld bevraagteken. As gevolg hiervan word die plaaslike kerk en plaaslike gemeente, soms "hoër" geag as sogenaamde "hoër" kerklike vergaderings (Smit & Vorster: 2000:520, 522; Venter, 2006:229).

Binne die plaaslike gemeente is die subjektiewe mens ook evaluerend aktief. Bediening en prediking wat voorskryf en nie ruimte laat vir die vryheid van 'n gemeentelid se eie denke

nie, word ernstig bevraagteken (Hendriks, 1996:142, 143). Prediking om vernuwing van denke kan wel aansluiting vind by die postmoderne mens, maar slegs as dit geskied in ’n dienskneggesindheid sprekend van empatiese en sensitiewe kommunikasievaardighede (Greenleaf, 1996; Smit & Vorster, 2000:523-526; Venter, 2006:233). Waarheid word dus gemeet aan dit wat relevant en tot voordeel van die individu is (Niemand, 2007:22; Smit & Vorster, 2000:529; Venter, 2006:229).

Die magstelsel is met die eeuwenteling, volgens die eeu-oue magswisselingsproses, weereens besig om gewysig te word, ten einde noodwendig die nuwe ontluikende denkstruktuur te weerspieël (Du Toit, 2000:46-49; Olivier, 2006:74, 75; Tickle, 2008). Giliomee en Schlemmer (1991:233-247) het voor regeringsoorname die teoretiese aanbeveling gemaak dat die demokrasie ’n buffertydperk nodig het waartydens herstrukturering van politieke denke by die meerderheids- en die minderheidbevolkingsgroep kan geskied. By nabaat was dit ’n goeie ideaal, maar in die euforie van magsoorname, het die minderheidsbelange egter verdof en het ’n gesamentlike politieke herstruktureringsperiode nie gerealiseer nie. Dit het bygedra tot verdere vervreemding van die Afrikaner (vgl. 5.4.2). Die subjektiewe magsbasis van die vervreemde Afrikaner-individu (Hendriks, 1996:143), moes in die versplinterde samelewing as herstruktureringsterrein dien - ’n terrein waar die tendens van krimpende reformatoriese kerke sterk toegeneem het; dít teen die soekendspiritueel-geneigde samelewing. Statistiese gegewens rakende die groei en krimping van getalle, staan veroordelend as teendeel van denke gefokus op gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag - ook te midde van die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” aan die begin van die 21e eeu (vgl. Hendriks, 1996, 1999; Barret *et al*, 2001).

4.5.5.4 Samevattende konklusie: verskuiwing binne Afrikaanse kerke tot die 20/21e eeu

(Bylaag A, B en C)

Waardes van die noordelike halfrond is vanaf 1652 in Suid-Afrika gevestig en die westerse historiese erfenis is sodanig gehandhaaf. Die gevestigde ras- en klasstelsel het evangelieverkondiging onder nieblankes gestrem. Met die Trekboere se beweging in ongeveer 1700, is die eerstewêreldse denkwyse, verbondsteologie en gereformeerde leefwyse die binneland ingedra (vgl. 4.4.5.3). Teen ongeveer 1737 neem verskillende kerkverbande en sendinggenootskappe toe, asook gepaardgaande liberalisme. Die Britse regering (1795) as

magsbasis van bo, het die bestande orde aan die Kaap teëgestaan. Dit kan as oorsaak gesien word as die ontstaan van die magsbasis van benede vanuit die rebellerende Koloniste. Vervreemding en soeke na ’n nuwe identiteit het posgevat en die Groot Trek het plaasgevind. Waar die Trekkers hulle gevestig het, is die oorspronklike leefwyse voortgesit. Die staatskerklike mag het teen 1859 as godsdienstige mag van bo teenstand gekry en het in drie verskillende gereformeerde kerkverbande verdeel (NG, NH en GKSA). Die GKSA was die kleinste en het ’n ultra-konserwatiewe denkwyse verteenwoordig. Die kerkverband was ook teen die liberale Britse invloede gekant. Tog was hul nie teen die Groot Opdrag nie en het almal binne hul eie netwerk blootgestel aan die evangelie. Geen sistematiese sendingaksie het egter plaasgevind nie. Teen 1860-1895 het vernuwing gemanifesteer deur die strewe om die evangelie aan Kleurlinge uit te dra. Vernuwing en toename in getalle het ook plaasgevind deur Chrstelik-nasionale onderwys na te streef en ook deur die toevoeging van ’n groep Nederlandse immigrante. Afrikaans as taal is gebruik in die nastreef van godsdienstige en politieke doeleindes. Met die ABO was die drie Afrikaanse gereformeerde kerkverbande steeds verdeel, alhoewel eenheid as postkoloniale verset (mag van benede) gemanifesteer het, maar teen die Britse oormag as magsbasis van bo, nie opgewasse was nie.

Met die geheelontwrigting van die Afrikaner het aktiewe sendingwerk steeds nie prioriteit gekry nie. Sosiaal, polities en godsdienstig was die kerk en staat weer verbind waardeur die Neo-Calvinisme die Afrikaner-nasionalisme sodanig beïnvloed het om die grondslag vir godsdienstige en later maatskaplike en politieke segregasie te vestig. Die direkte oorsprong van die segregasiebeleid is onseker en kan gesoek word in die Britse koloniale regeringstelsel, of in die NG-besluit geneem in 1857 ter wille van rasseskeiding of die aanpassende hermeneutiek gebaseer op die Corpus Christianum-idee versterk deur die Babelgebeure. Dit het ’n mag van benede gevorm wat in 1948 die begin van apartheid beteken het. Die Afrikaner het in getalle toegeneem, ’n sterk nasionalistiese identiteit, onwrikbare geloof en hoop getoon en op ekonomiese en tegnologiese gebiede presteer. Die drie “susterkerke” was ook in die denkstroom vasgevang, alhoewel die GKSA in 1985 hom daarteen begin uitspreek het. Teen 1980 het ’n krimpende tendens, rakende Afrikaner-aanwas en groei op kerklike terrein, na vore begin kom. Weereens is die identiteitskrisis ter sprake wat grootliks spruit uit die klein getalle wat die vrees om uitwissing aanwakker en volksminderwaardigheid na vore laat kom. Die opkomende magsbasis van benede, bestaande uit die multikulturele Suid-

Afrikaanse bevolking wat in oorweldigende getalle vir die daarstel van ’n veelrassige ANC-regering gestem het, het die apartheidsregering as magsbasis van bo in 1994 vervang.

Pentekostalisme ontstaan in 1907 in Noord-Amerika en vloei in 1908 Suid-Afrika binne. Die charismatiese stroom wat fokus op ervaring en bemagtiging neem deur verskillende substrome steeds wêreldwyd toe in getalle en realiseer as ’n permanente deel van die samelewing.

Teen eeuwenteling (2000) dring die onstabiliteit, maar ook globalisering, gelowiges tot herevaluering van christenskap. Die oorgangstydperk dring egter ook die hele Suid-Afrikaanse bevolking, veral die nieblankes ook tot aanpassing. Vandag is die gemeente, bestaande uit die hedendaagse moderne/postmoderne Christen met sy/haar individuele subjektiewe belewing onder direkte gesag van Christus deur die Heilige Gees as bemagtiger, die magsbasis van benede wat verskuif as magsbasis van bo. Alle ander magsbasissse, selfs die Skrif, is steeds onder verdenking en word as niegeldende magsbasisse gereken. Die gelowige aan die begin van die 21e eeu reken Christus uitsluitlik as gesags- en magsbasis, soos in die eerste jare van die Jesus-beweging (vgl. 4.4.2; Bylae A, B en C).

Die “susterkerk”-gelowige pas baie geleidelik aan, maar in “vertraagde vorm”, deurdat steeds hoofsaaklik op die rasionele van die godsdiens gefokus word en die behoeftes van die hedendaagse mens - ervaring, denkruimte en gemeenskapsbelewing - nie gereken word nie. Die vertraging, vervreemding en soeke na identiteit is só ernstig dat talle “susterkerke” steeds nie bewus is van die nuwe onomkeerbare ontluikende denkstruktuur en die veranderinge wat dit meebring nie: dat slegs die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel binne ’n dienskneggesindheid “vars” lug aan die westersgeoriënteerde krimpende hoofstroomkerke kan gee nie.

4.6 Statistiek: Getalle van Afrikaanse Kerke vanaf 1690 - 2001

(Erasmus & Hendriks, 2003; Hendriks, 1993, 1999, 2000, 2004; Hofmeyr & Pillay, 1994:305-311)

Statistiese gegewens word ondersoek om tendense van krimping en styging van getalle binne die Afrikaanse Kerke vanaf 1690 - 2001 te bepaal. Toename van getalle binne die kerk geskied gewoonlik op twee maniere, naamlik deur natuurlike aanwas en deur toevoeging deur evangelisasie/sending (Groot Opdrag). Hieronder volg ’n beknopte statistiese samevatting

van die sensus van die gereformeerddenkende bevolking vanaf 1690 tot en met die sensus van 2001. Dit behels die verdeling in die drie tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in die vyftigerjare van die 19e eeu, asook die toevoeging van gereformeerddenkendes uit ander bevolkingsgroepe. Ten laaste word gefokus op getalle as gevolg van die opkoms van die charismatiese stroom en die beïnvloeding daarvan op die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke".

4.6.1 Statistiek van Europese Vryburgers aan die Kaap vanaf 1690 – 1820

1670	125
1750	4 511
1798	20 000
1820	42 975

Voordat die Britse Setlaars die getalle van die Christendom in Suid-Afrika deur immigrasie laat groei het, het die Europese Vryburgers grootliks deur aanwas in getalle toegeneem. Rakende die sendingaktiwiteite vanaf 1737 tot en met 1904, word melding gemaak van 1824 as die aanvangsjaar van amptelike sending deur die NG Kerk. Die aanvangsgetal was 225 blanke werkers. Vanaf die skeiding in die drie "susterkerke" word daar geen melding gemaak van die ander twee "susterkerke" rakende amptelike sending nie.

4.6.2 Die eerste sensus: 1904 en 1911

Die eerste sensusse waarby al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika betrokke was, het in 1904 en 1911 plaasgevind. Gedurende dié sewe jaar word groei deur natuurlike aanwas getoon.

	1904	**1911**
Swartes	3 491 000	4 019 000
Blankes	1 117 000	1 276 000
Kleurlinge	445 000	526 000
Indiërs	122 200	152 100
TOTAAL	5 175 200	5 973 100

4.6.3 1960-sensus

Kerk	Blankes	%	Kleurlinge	%	Swartes	%	TOTAAL	%
NG	1 324 000	43	440 000	29	524 000	4,8	2 288 000	14
NH	192 000	6,2	3 000	0,2	21 000	0,2	216 000	1,3
GKSA	99 000	3,2	7 000	0,5	18 000	0,17	124 000	0,8
							2 628 000	

Hierdie godsdienstige data toon die groot verskil in getalle by die drie tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" as stroom met dieselfde belydenis. Die charismatiese stroom, wat ook onderling uit verskillende kerke bestaan, het teen 1960 reeds in getalle sterker gestaan as die NH Kerk en GKSA saam.

Die totale bevolking in die charismatiese groepe was in die 1960-sensus soos volg:

AGS	206 000	(1,3%)
Volle evangelie Kerk	66 000	(0,4%)
Pentekostaliste	298 000	(1,9%)
TOTAAL	570 000	

4.6.4 1970-sensus

Binne 'n dekade het groei binne die "susterkerk"-geledere met 877 000 toegeneem, terwyl die charismatiese stroom met 431 000 gegroei het. Nuwe kerke het ook binne die stroom ontstaan. Binne die tradisionele, sowel as die charismatiese stroom was geen gegewens rakende getalle wat toeneem onder Indiërs nie.

Kerk	Blankes	%	Kleurlinge	%	Swartes	%	Totaal	%
NG	1 512 000	40	583 000	28	1 000 000	5,9	3 095 000	14,2
NH	225 000	6	2 600	0,1	30 000	0,2	257 000	1,2
GKSA	110 200	3	4 500	0,2	39 000	0,26	153 000	0,07
							3 505 000	

Die totale bevolking binne die charismatiese stroom:

AGS	219 000 (1%)
Volle evangelie Kerk	102 000 (0,5%)
Pentekostaliste en Apostoliese Kerke	711 000 (3%)
Assemblies of God	69 000 (0,3%)
TOTAAL	1 101 000

4.6.5 1980-sensus

Gedurende die volgende tien jaar het die tradisionele stroom binne alle bevolkingsgroepe met 479 400 toegeneem. Die toename sluit vir die eerste keer Indiërbekeerlinge in - na aanleiding van sending verrig deur die NG en NH Kerke.

Kerk	Blankes	%	Kleurlinge	%	Swartes	%	TOTAAL	%
NG	1 700 000	37,3	675 000	25	1 120 000	6,5	3 497 000	13,9
NH	258 000	5,7	2 528	0,1	26 000	1,5	287 000	1
GKSA	127 000	2,8	7 000	1,7	63 000	0,58	197 000	0,07
							3 981 000	

Statistiek ten opsigte van Christen-Indiërs:

NG	2 400	1,2%
NH	1 000	0.1%
GKSA	Geen	

Die totale aantal gelowiges binne die charismatiese stroom sluit tydens hierdie sensus ook Indiërbekeerlinge in. In die afgelope tien jaar het die stroom met 44 000 lidmate gegroei.

AGS	282 000	1,1%
Volle evangelie Kerk	186 000	0,7%
Pentekostaliste & Apostoliese Kerke	534 000	2,1%
Assemblies of God	143 000	0,5%
TOTAAL	1 145 000	

Groei deur sending onder die Indiërs is ’n kenmerk van hierdie dekade. Die enigste kerkverband wat nie hierdeur gegroei het nie, was die GKSA.

4.6.6 1991-, 1996- en 2001-sensusse

Wanneer die verskillende bevolkingsensusse onder oë geneem word, is dit opvallend dat foute en onbetroubare inligting telkens by die religie-afdeling ter sprake is (vgl. Hendriks, 1993:542, 544; 1996:141). Waarop wel gereken word, is die grootskaalse tendense wat ten spyte van onbetroubaarhede en foute, konstant na vore kom. Die bevindings van hoe die tradisioneel gereformeerde groep se markaandeel onder Christene vanaf 1911 (33%) tot 1991 (16%) gedaal het, toon ’n tendens wat as waar en juis gereken word en wat teen die laat tagtigerjare intensiveer het. Die oorsaak van dié krimping word hoofsaaklik toegeskryf aan die massiewe groei onder swart mense, spesifiek onder die Onafhanklike Kerke (Hendriks, 1993:545).

Die godsdienstige data, soos verkry deur die 1991-sensus vir die aantal kerke binne die kerkverband, toon dat die tradisionele stroom se getalle, al is dit minimaal, verdere verdeling ervaar het deur die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk - hoofsaaklik blank en as ‘n

vierde Afrikaanse tradisioneel gereformeerde kerkverband (vgl. Giliomee, 2004:625; Hendriks, 1993:543).

Aantal kerke	**%**	**Swartes**	**%**	**Blankes**	**%**	**Kleurlinge**	**%**	**Indiërs**	**%**
NG	2 832 15	900	7,1	1 428	39,4	503	24,6	1	0,1
NH	236 1,3	16	1,1	218	6	1	0,1		
GKSA	142 0,8	32	0,3	107	3	3	0,2		
APK	28 0,2			28	0,8				

Die *aantal kerke* vir die totale bevolking binne die charismatiese stroom maak 38% uit van die aantal kerke binne die tradisionele en charismatiese strome. Sedert die amptelike ontstaan van die charismatiese stroom aan die begin van die 20e eeu, dui dit op ’n tendens van sterk groei in getalle.

AGS	351	1,9%
Volle evangelie Kerk	178	0,9%
Pentekostaliste & Apostoliese Kerke	81	0,4%
Assemblies of God	132	0,7%
Ander	490	2,6%
TOTAAL	1 232	

Die 1996-sensus het getoon dat krimping by die tradisionele stroom by alle bevolkingsgroepe voorgekom het en dat die charismatiese stroom, maar veral die Onafhanklike kerke, drasties gegroei het. Die gevestigde kerke se lidmaattal het van 13 405 020 in 1980 gedaal tot 12 085 735 in 1991. Dit is ’n daling van 9,84%, terwyl die onafhanklike (charismatiese kerke daarby ingesluit) kleingroepgeneigde kerke ’n groei van 49,86% getoon het. Hierdie tendens van groei onder die charismatiese stroom kom egter wêreldwyd voor (Hendriks, 1999:18; 2000:79, 95; 1993:545, 547).

	1970			1996		
	Blank	**Kleurling**	**Swart**	**Wit**	**Kleurling**	**Swart**
Gereformeerd	52,2	31,9	8,9	48,2	23,1	6,7
Ander gevestigdes	36,8	49,3	53,2	29,6	38,7	36,0
Pentekostaliste	5,4	8,8	7,1	11,4	16,6	7,4
Onafhanklik	5,6	10,0	30,7	10,8	21,6	49,9

Hendriks (2000:76, 80-83, 94) toon verder in fyn besonderhede dat onbetroubaarhede, asook foute, by spesifiek die 1996-sensus ingesluip het. Dit het hoofsaaklik plaasgevind weens die metodologie van die sensus. Die statistiek wat deur die sensus verskaf is, word derhalwe met versigtigheid benader, maar terselfdertyd kan die breë tendens rakende konstante krimping binne die "susterkerke" as deel van die gereformeerde familie, wel as rigtinggewend beskou word (vgl. ook Bylae D, E en F). Hieronder is 'n tabel wat die krimping binne die gereformeerde familie vanaf 1980 aantoon.

	1980	**1991**	**1996**
NG Kerk/VGKSA	3 675 260	3 894 286	3 527 070
GKSA	220 800	256 696	188 791
NH Kerk	279 160	275 724	173 022
APK		32 175	24 640
TOTAAL	4 175 220	4 458 881	3 913 523

Volgens Hendriks (2003) is die opvallendste kenmerk rakende Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe in die 2001-sensus, die afname van die persentasie blankes van 21,4% in 1911 tot 9,6% in 2001 (vgl. ook Erasmus & Hendriks, 2003). Die swart bevolkingsgroep beïnvloed die statistiek grootliks, deurdat konstante groei plaasgevind het tot 79,8% in 2001. Die belangrikste faktore wat hierby betrokke is, is die drastiese afname in geboortes onder blankes, asook 'n uittog van gekwalifiseerde Suid-Afrikaners wat oorsee werk. Die belangrikste faktor wat betrokke is by die drastiese toename is die Onafhanklike Kerke wat uit ongeveer 4 000 groepe bestaan.

Die Onafhanklike Kerke en die Pentekostalistiese groepe groei ten koste van die gereformeerde stroom en Anglikaanse kerke. Hulle verteenwoordig 40,8% van die Christelike marksektor en bestaan uit ongeveer 4 000 groepe. Die Zion Christian Church (ZCC) vorm die grootste groep met ongeveer 5 miljoen lidmate en maak 14% uit van die totale Suid-Afrikaanse Christendom. Dit is duidelik dat die Christelike kerk deur die charismatiese stroom verteenwoordig word (vgl. 4.4.1.5).

Verder toon die statistiek ’n konstant-dalende patroon by Blankes en Bruines, net soos die patroon by Westerse kerke met hul Europese identiteit en teologie ook vertoon (vgl. ook Erasmus & Hendriks, 2003:93-96). Wanneer persentasies met die werklike getalle vergelyk word, toon die blanke groep die merkbaarste daling in getalle.

Agnostici word as 16,4% aangedui, terwyl ander gelowe slegs 3,8% van die bevolking uitmaak. Die gevestigde kerke het aan die begin van die 21e eeu hul markaandeel verloor, terwyl die Onafhanklike Kerke, die Inheemse Kerke en die Pinksterkerke daarby gebaat het: bykans ’n halfmiljoen lidmate is aan hierdie kerke in die afgelope 20 jaar verloor.

Die patroon wat die afgelope dekades deur die gegewens van die bevolkingsensusse waargeneem is, is met Markinor se ondersoek vergelyk. Markinor (*World Values Survey*) se ondersoek is aan die hand van ’n ander metodologie gerig. Die bevinding van hierdie ondersoek toon dieselfde patroon en tendense aan as wat die voorafgaande dekade se bevolkingsensusse aandui. Hierdeur is krimping van die Christendom, soos uitgeleef deur die westersgeneigde blanke, weereens bevestig as ’n voldonge feit (Erasmus & Hendriks, 2003:80-96).

4.7 Statistiek: “Susterkerke” vanaf 1980 - 2000

Tot dusver is ondersoek ingestel na die wye spektrum van godsdienstige data binne die tradisionele en charismatiese strome in Suid-Afrika. Ter verfyning van die onderwerp en ten einde die tendens binne tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” rakende kerkkrimping/-groei te bepaal, fokus die ondersoek vervolgens in fyner besonderhede op die “susterkerke” tydens die jare 1980 tot 2000. Data rakende die belydende lidmaat, asook die dooplidmate, word hieronder verskaf.

	NG Kerk	NH Kerk	GKSA
1980			
belydendes	895 715	126 661	72 840
gedoop	28 260	4 818	2 646
1990:			
belydendes	958 736	131 697	78 629
gedoop	25 024	4 363	2 184
2000:			
Belydendes	918 790	120 937	74 952
gedoop	16 135	1 958	1 282

(NG Jaarboek, 1980:250; 1990:300; 2000:365; NH Almanak, 1981:208; 1990:252; 2001:111; GKSA, 1979:25; 1989:49; 2000:266) (Giliomee, 2004:625)

	NEDERDUITS GEREF KERK LIDMAATTAL		**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK LIDMAATTAL**		**GEREFORMEERDE KERKE IN SA LIDMAATTAL**	
	Doop	**Belydend**	**Doop**	**Belydend**	**Doop**	**Belydend**
% Afname 1988-1998	24%	5,5%	25%	6%	23%	3%
% Afname 1999-2008	20%	4,5%	20%	12%	23%	9%
AFNAME	**199 083**	**98 943**	**27 610**	**23 446**	**16 953**	**9 128**

(Dreyer, 2009:6)

Binne die drie “susterkerke” het daar binne die twee dekades vanaf 1980 tot 2000 ’n bewustheid rondom dalende kindertalle ontstaan (Hendriks, 2000:75). In 1985 word in die NG Jaarboek (:v) pertinent melding gemaak van dalende kindertal. Ook in die voorwoord van die 2000-NG Jaarboek word gestel, dat alhoewel die berekening van die kindertal nie heeltemal betroubaar is nie, daar beslis ’n terugsakking in die lidmatetal was (1985:v; 2000:v). Die tendens van krimpende getalle word ook in die 1990-NG Jaarboek (1990:v)

genoem. Aan die begin van die eeuwenteling is daling van getalle 'n aanvaarde tendens (vgl. o.a. ook Schoeman, 2008:6).

Bewustheid het binne die twee dekades ook binne die NH Kerk rakende dalende kindertalle ter sprake gekom, veral as dit met 'n dekade gelede se doopgetalle vergelyk word (1971:216). Volgens die kerkverband is 'n tydperk ingegaan waar getalle van dopelinge daal en dat die kerk ernstig daaraan aandag moet gee (1981:6). Alhoewel die getalle aanvanklik binne die eerste dekade na 1980 redelik konstant was, het 'n daling teen die einde van die tagtigerjare sterk gemanifesteer. Die tendens het bly voortduur (1981:208; 1986:243; 1990:252).

Bewustheid rakende dalende kindertalle was ook binne die GKSA ter sprake. So vroeg as in die vyftigerjare is die volgende al gestel: "toestande het nou so verander dat ons wel deeglik rekening moet hou met die katkisasie van ons kinders as ons naderhand nie vir leë banke wil preek nie" (Venter, 1950:116, 117). Dit was egter eers teen die laat tagtigerjare dat kindergetalle drasties afgeneem het (De Bruyn, 1986:14; 1989:49).

Die tendens van bewuswording van dalende getalle, veral by gedooptes, is as 'n konstante gegewe gedurende hierdie tydperk by al drie "susterkerke" teenwoordig. Onder Christene in die algmeen is dalende geboortesyfers egter aan die begin van die 21e eeu ook wêreldwyd kommerwekkend, veral gesien teen die drasties stygende geboortesyfers onder Moslems (Erasmus & Hendriks, 2003:80). Volgens 'n insetsel op UTUBE (2009) is 'n volk sterwend, indien die groeipersentasie 1,9 is. Dit is reeds die geval in Europa (wissel vanaf 1,8 tot 1,3) en Amerika, maar dit is ook die tendens in Suid-Afrika (CIA World Factbook, 2008a; 2008b). Om aanwas en voortbestaan te verseker behoort elke gesin 2,11 kinders voort te bring. Die aantal geboortes per 1 000 in Suid-Afrika het vanaf 2000 tot 2008 van 2,47 tot 2,11 afgeneem. Hierby aansluitend getuig statistiek verskaf deur Doctors for Life (2009), dat gerapporteerde aborsies in Suid-Afrika sedert wetgewing in 1997, 'n totaal van 703 315 beloop. 'n Groei in die toekoms deur natuurlike aanwas, is volgens hierdie bronne, reeds onomkeerbaar. Dit is duidelik dat die persentasie geboortes per tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige as meetbare faktor, deel uitmaak van die tendens van dalende kindergetalle (Hendriks, 1993:548).

4.8 Die eerste dekade in 21e eeu: belydende lidmate

Met die tendens van dalende getalle deeglik onder die besef van al drie "susterkerke", is dit nodig om die data rakende die belydende lidmate in die "susterkerke" tydens die eerste dekade van die 21e eeu te ondersoek, ten einde vas te stel of die tendens toeneem, stabiliseer of afneem. Hieronder volg die godsdienstige data van die belydende lidmate in die "susterkerke" gedurende die tydperk 2005 en 2007.

4.8.1 "Susterkerke" en belydende lidmate: 2005 en 2007

By al drie die "susterkerke" is die dalende getalle van belydende lidmate in die jare vanaf 2005 tot 2007 opvallend. Dit is 'n voortsetting van 'n konstante tendens, soos waargeneem in die data verskaf veral vanaf 1990 (vgl. 4.7).

NG Kerk		NH Kerk	GKSA
2005: Belydendes	894 429	112 756	70 660
2007: Belydendes	889 777	111 799	70 225

(NG Jaarboek, 2005:379; 2007:376; NH Almanak, 2005:132; 2007:135, 138; GKSA, 2005c:244; 2007:429)

4.8.2 GKSA-gemeentes en belydende lidmate: 2005 tot 2008

As deel van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" word vervolgens op die GKSA, as kleinste "susterkerk", gefokus. Aan die hand van hiérdie kerkverband word slegs data ingewin, met die bedoeling om krimpende getalle binne die eerste dekade van die 21e eeu, maar spesifiek vanaf 2005 tot 2008 binne Suid-Afrika en Namibië, statisties te bepaal. Moontlike tendense binne die "susterkerke" word dan daarvolgens geformuleer. Aan die hand van hierdie invalshoek binne die historiese perspektief van die ondersoek, word gepoog om die tendens rakende krimpende getalle in perspektief te stel, namate sosio-politieke en ekklesiologiese faktore verder daarby betrek word (vgl. Hf. 5, Hf. 6).

Die metode wat gevolg word is om eerstens data rakende die belydende lidmate binne die betrokke klassisse en gemeentes te bekom. Aan die hand hiervan word grafiese voorstellings daargestel om die afname binne groot gemeentes (G), tussen-in gemeentes (T) en klein

gemeentes (K) binne die GKSA in die gegewe tydperk, naamlik vanaf 2005 tot 2008, aan te toon**.**

4.8.2.1 Metode ter vasstelling van data

Die respondente is GKSA-gemeentes in klassisverband binne die RSA en Namibië. Binne elke klassis word 'n gemeente met 'n groot belydende lidmaattal (G), 'n klein belydende lidmaattal(K), asook 'n gemeente met 'n belydende lidmaattal tussen die grootste en kleinste gemeente (T), as respondentgemeentes geneem.

Gemeentes wat as respondente dien, moet 'n afname in lidmaattal toon, of 'n konstante lidmaattal toon, of met nie meer as 5 lidmate volgens die Almanak 2007/2008 per jaar groei nie, nie vakant wees volgens Almanak-2007,2008 nie, nie slegs uit studente bestaan nie en Afrikaans as moedertaal besig.

Herindeling van klassisse: Weens die herindeling van klassisse het die volgende verskuiwing van GKSA-gemeentes (2007, 2008) plaasgevind (Die gemeente, ongeag van die klassisverband, word egter steeds as respondent geneem):

In Klassis Waterberg is 'n aantal gemeentes uit Namibië bygevoeg.

Klassis Germiston verdwyn: Alberton-Wes en Edenvale is in Klassis Johannesburg opgeneem.

Klassis Germiston verdwyn: Germiston en Kempton Park-Mooifontein is in Klassis Brakpan opgeneem.

Bultfontein verskuif van Klassis Ventersburg na Klassis Suid-Vrystaat (vanaf 2009 in Klassis Noord-Vrystaat).

4.8.2.2 Data van Klassisse en (G)-, (T)- en (K)-gemeentes

(vgl. Bylaag D)

Die data toon 26 klassisse binne Suid-Afrika en Namibië. Binne elke klassis is die metode gevolg om die grootste-, tussen-in- en kleinste gemeente te bepaal (vgl. 4.8.2.1). Hierdie

betrokke gemeentes se data is tabelgewys aangeteken, asook die vier jare, naamlik 2005, 2006, 2007 en 2008 wat gebruik is ter inwinning van data. Die bronne waaruit hierdie data verkry is, is by die betrokke bylaag gevoeg.

4.8.2.3 Grafieke van gemeentes

(vgl. Bylaag E)

Die tendens van krimpende getalle binne die GKSA word aan die hand van die data van die 26 klassisse grafies voorgestel. Hiervolgens is dit duidelik dat waar groei in gemeentes voorkom, dit nie ’n konstante gegewe is nie, aangesien krimping in getalle binne dié vier jaar, deurlopend as tendens waargeneem word.

4.8.2.4 Gemiddeldes van krimpende (G)-, (T)- en (K)-gemeentes: 2005-2008

(vgl. Bylaag F)

Die tendens van krimpende getalle binne die GKSA word grafies aan die hand van die data van die 26 klassisse voorgestel, deurdat die (G)-gemeentes se gemiddeld oor die gegewe tydperk aangetoon word. Dit word opgevolg met die grafiese voorstelling van die (T)- en (K)-gemeentes se gemiddeldes gedurende die gegewe tydperk. Dit is duidelik dat die tendens op krimpende getalle by (G)-, (T)- en (K)-gemeentes dui.

Hierdie tendens word voortgesit in 2009 (vgl. Bylaag D) deur ’n totale afname van 462 lidmate. Die groei in die gegewe gemeentes in die betrokke klassisse is 160. Die ware verlies van lidmate beloop dus 302 lidmate. Die verlies binne die gegewe gemeentes in die betrokke klassisse is, op 18 belydende lidmate na, drie maal die wins.

4.8.2.5 Samevattende konklusie: Statistiek - getalle van Afrikaanse Kerke vanaf 1690 - 2001 en die “susterkerke” vanaf 1980-2008

(Bylaag D, E en F)

Die Vryburgers aan die Kaap het vanaf 1690 tot 1820 grootliks in getalle toegeneem deur aanwas. Met die koms van die Britse Setlaars (1820), en ook sedert 1824 toe die NG Kerk amptelik met sending begin het, het getalle toegeneem. Aanwas was ook die hooffaktor in getallegroei soos bevind deur die 1904-1911-sensusse. Die charismatiese stroom wat in 1907

in Suid-Afrika gevestig is, het teen 1960, wat getalle betref, reeds sterker gestaan as die drie "susterkerke". Die sewentigerjare toon groei onder die Indiërs in beide strome. In die negentigerjare het die "susterkerke" verdere verdeling en gevolglike getalleverlies ervaar deur die afskeiding van die APK. In hierdie dekade toon die tradisionele stroom krimping onder alle bevolkingsgroepe, terwyl groei in die charismatiese stroom onder alle bevolkingsgroepe toeneem. Veral die Onafhanklike Kerke toon in dié stroom drastiese groei. Die eerste dekade van die 21e eeu toon die grootste getalle-afname by Blankes, weens afname in aanwas en emigrasie.

In die tydperk vanaf 1980-2008 het die tendens van dalende dooplidmate, soos wêreldwyd ook in die tradisionele stroom opgemerk is, toenemend by al drie kerkverbande gemanifesteer. Die aanwaspersentasie wat voortbestaan van 'n volk verseker, is onder Christene ernstig in gedrang, veral in die lig van die drasties stygende aanwassyfers onder Moslems. Drastiese afname van lidmaatgetalle manifesteer veral vanaf 1990. Die tendens word in die eerste dekade van die 21e eeu voortgesit. Data van die GKSA as kleinste tradisioneel Afrikaanse "susterkerk" in die tydperk 2005-2008 bevestig die tendens van krimpende kerke.

4.9 Finale konklusie

Die historiese perspektief fokus op *tendense* en *getalle* rakende kerkkrimping/kerkgroei sedert die begin van die Christelike kerk tot en met die eerste dekade van die 21e eeu (vgl. Bylae A - F), asook hoe tendense en getalle in die lig van die Groot Opdrag in hierdie tydperk gerealiseer het en steeds realiseer (vgl. ook 4.4.5.4, 4.5.5.4 en 4.8.2.5).

Die ondersoek rakende die historiese perspektief toon dat sedert die begin van die Christelike kerk tot en met die eerste dekade van die 21e eeu, vier betekenisvolle verskuiwings rakende magsbasisse (tendense en getalle) gerealiseer het. Elke verskuiwing toon 'n beweging na bo met gepaardgaande toename in getalle. Tydens so 'n periode was daar egter altyd onderlinge verdelings veroorsaak deur strome wat die hoofstroomgetalle laat afneem het. Sodanige strome was onder andere die Montaniste, Anabaptiste en Charismate.

Sedert 1652 was die toename in Christen-getalle in Suid-Afrika hoofsaaklik weens natuurlike aanwas, terwyl die toetrede van Engelse kerkverbande Christengetalle ook mettertyd laat toeneem het. Teen 1859 vind verdeling binne die Afrikaanse kerke plaas, grootliks weens die konserwatiewe reaksie teenoor meer liberaalgeneigde Afrikaanse kerkverbande. Die verdeling veroorsaak dat getalle binne elke kerkverband apart bereken word en derhalwe kleiner vertoon. Na 1859 was daar sporadies wel toename in getalle as gevolg van bepaalde faktore binne bepaalde periodes. Tydens die Anglo-Boereoorlog neem getalle weer af weens sterftes. Vanaf 1908 verswak die getalle van die reeds uitgedunde en verdeelde tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" verder, weens die ontstaan en gevolglike invloed van die charismatiese stroom. Ten spyte van die onderlinge verdeeldheid van die "susterkerke" en invloed van die charismatiese stroom, was daar in die loop van die 20e eeu wel toename in getalle tot en met ongeveer 1980. Teen 1990 was dit 'n vasstaande en meetbare feit dat getalle binne die tradisionele stroom hoofsaaklik weens afname in aanwas en grootskaalse emigrasie onder blanke "susterkerk"-gelowiges, konstant afneem. Histories gesien toon die krimpende lidmaatgetalle van die "susterkerke" na 150 jaar van bestaan (1859-2009) steeds 'n kwynende tendens.

Na aanleiding van die hermeneuse rakende die Groot Opdrag (vgl. Hf. 3), word die basisteorie deur die historiese perspektief soos volg uitgebrei: In die Groot Opdrag staan die *goddelik-menslike* verhouding deur die *indikatief-imperatief* sentraal. God bestier tendense soos waargeneem word in die geskiedenis. Ook is waargeneem dat sedert die gee van die Groot Opdrag, God telkens radikaal vernuwende omstandighede bewerk waardeur die evangelie opnuut verkondig is. Vernuwende omstandighede binne die geskiedenis geskied deur die onstuitbaare beweging wat God bewerk. Deur die eeue het uitbreiding deur verskillende bewegings plaasgevind: eerstens was dit die beweging vanaf Judea en Samaria en daarna na Europa. Dit is opgevolg deur uitbreiding na die ooste. Die blanke, westersgeoriënteerde, tradisionele noordelike halfrond as hartland van die Christelike godsdiens beleef in die huidige tydvak dat die Christendom na die globale suidelike halfrond beweeg waar geweldige getalletoename onder die charismatiese stroom ervaar word. In Suid-Afrika is die nieblanke, Afrosentriese mens in hierdie terme ter sprake. Die gevolg is dat die voortstuwende beweging gepaard gaan met drasties vernuwende omstandighede waarteen kruiskulturele diffusie afspeel en waardeur die evangelieboodskap binne kultuurverband gekommunikeer word. Op hierdie wyse word 'n nuwe godsdienstige praktyk binne die

gevestigde kulture daargestel. Hierdie beweging word voortgestu en geïntensiveer deur die 500-jaarlikse golfbeweging wat ’n algemeen erkende en aanvaarde gegewe binne die geskiedenis van die Christelike godsdiens is. Die werksaamheid van die Gees geskied deur beweging en voortstuwende tendense, terwyl die werksaamheid van die mens is om ongeag tendense en omstandighede, die evangelie tydig en ontydig uit te dra - ’n menslike aksie wat God op sy tyd die vrug laat dra.

Die blanke westerse tradisioneel Afrikaanse hoofstroomkerke in Suid-Afrika is in die proses van kwyning. Krimpende getalle wat deur aanwas- en emigrasiesyfers as meetbare faktore bereken word, kan beter verstaan word as dit gesien word teen die globale en ander bewegings wat plaasvind. Krimpende “susterkerke” is sedert 1990 ’n vasstaande realiteit. Teen globale groei-, kwyn- en golfbewegings kan die individuele gelowige nie weerstand bied nie, alhoewel aanwasbeperking en emigrasie wel by individuele besluite begin. Dié meetbare faktore sluit egter ten nouste aan by niemeetbare faktore wat betrokke is by *denke*: denke wat besluitneming bepaal. Die menslike denke sluit direk aan by menslik misplaaste verwagtings/fokus en swakhede. Die goddelike *indikatief* van die Groot Opdrag bly egter aktief en geldig. Beweging, golfbewegings en onstuitbare/onomkeerbare voortgang vind plaas ten spyte van en in weerwil van menslike gehoorsaamheid én swakhede. Hermeneuties benader in die lig van Mat 28:18-20 en Hand 1:8 (vgl. 3.7), kan menslike aktiwiteit en gehoorsaamheid die voortgang van die evangelie bevorder, veral wanneer ’n golfbeweging nuwe omstandighede en nuwe geleenthede daarstel. Terselfdertyd kan menslike passiwiteit lei tot verdere afname van getalle en afname in evangelieverkondiging, veral wanneer ’n golfbeweging daling toon. Dan word die heidendom (nihilisme) gedien en bevorder. In breë veralgemening opgesom dui menslike passiwiteit op onwilligheid, vermyding van martelaarskap, vormgodsdiens/niegeestelikheid, gebrekkige kennis aangaande aspekte rakende die evangelie, asook geslote denkwyses. Kerkkrimping as huidige tendens binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, vertoon derhalwe teen die onderste deel van ’n dalende golf, terwyl kerkgroei in die charismatiese stroom ’n sterk lyn van ’n groeiende golf vertoon. Dit is die resultaat van aktiewe evangelieverkondiging wat op kultureel ontvanklike grond val.

Deur die geskiedenis van die afgelope 2000 jaar, het die gedeelte van die indikatief, naamlik *alle mag* en *krag ontvang* (Mat 28:18) (vgl. 3.5.4.1, 3.6.3, 3.8.1) die ontsaglike vermoë van

God getoon, deurdat God telkens totaal nuwe toestande deur krimp-, groei- en golfbewegings geskep het. God het by herhaling gewilligheid en diens in die mens bewerkstellig en die evangelie het onstuitbaar en onomkeerbaar voortgestu. Deur sy indikatiewe en imperatiewe spreke toon God sy onbeperkte, universele soewereiniteit. Deur die soewereiniteit word partikularisme, wat op gereelde basis in die geskiedenis manifesteer, telkens deur universalisme vervang. Dit is in die huidige oorgangstyd weereens sigbaar deur die verskuiwing van die oorwegend blanke globale noordelike halfrond na die veelrassige globale suidelike halfrond. Die vermoë van God om deur ’n nuwe golfbeweging nuwe toestande buite die gees van partikularisme daar te stel, maar ook om die tans krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” tot gewilligheid om te buig, behoort Skriftuurlik as rigtinggewend gereken te word. Die radikaal anderse omstandighede/toestande wat met die huidige oorgangstyd reeds besig is om te manifesteer, sal dié universalisme in Suid-Afrika voordelig aanwend deur ’n meer ekumeniesgerigte, multikulturele en totaal anderse godsdiensbelewing: ’n belewing waarvan die Afrikaanssprekende “susterkerke”, dán as getransformeerde en waarlik Christusgesentreerde Gideonsbende, wél deel van uitmaak.

Na aanleiding van die hermeneuse (Hf. 3) spreek die *indikatief* volgens Mat 28:18-20 histories soos volg: Jesus gee by nadruk sy belofte van bystand, en dié bystand is in die verloop van die afgelope 20 eeue, as seker, werklik en geldig gereken en beleef. In die lig hiervan is dié belofte van bystand ook deel van die 21e eeu se werklikheid: die evangelie het gedurende die eeue sedert Pinkster immers nooit verdwyn nie. Die belofte is ’n staande voortbewegende geldigheid, ook vir die toekoms tot en met die voleinding van die wêreld. Dit is derhalwe ook geldig binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” ten tye van die voortbewegende oorgangstyd.

Rakende die *imperatief* is die *dissipelmaakproses* histories deur hoë en lae potensiaal-areas en -tye beïnvloed en gekenmerk. Die menslike aktiwiteit in die dissipelmaakproses is in die verloop van die geskiedenis waarneembaar, sodanig dat navolging van Jesus Christus in elke nuwe geslag by die nuwe/volgende navolger/gelowige, bewerkstellig word. Deur die geskiedenis het die mens deur hoë en lae bewegings volgehou om dié proses te inisieer en te handhaaf.

Na aanleiding van die hermeneuse (Hf. 3) spreek die *indikatief* volgens Hand 1:8 histories soos volg: In die verloop van die geskiedenis bewerk die Heilige Gees voortdurend menslike

aktiwiteit en optrede deur bonatuurlike beheer en voorstuwende beweging. Telkens kry verandering momentum, deurdat die kommunikasieproses responsief tot uiting kom en tot Godgerigte uitlewingspatrone lei (vgl. 4.4.2-4.4.5). Martelaarskap ter wille van die evangelie kom, onder andere, in die geskiedenis baie prominent na vore (vgl. 4.4.2-4.4.4). Uit hoofde van God se oorgedraagde outoriteit aan die mens *(indikatief)* besit die mens die regmatige vryheid tot menslike aktiwiteit (*imperatief*). Vandaar ook die verskillende uitlewingswyses van, onder andere, die sendingbewegings, tradisionele en charismatiese strome, asook die subjektiewe geloofspatrone van die postmoderne mens.

Verskillende interpretasies rakende die indikatiewe begrip, *krag*, is deel van die wisselende magsbasisse (vgl. 4.4.4 Montaniste, Anabaptiste, charismatiese stroom, tradisionele stroom; 6.4.2). Ten spyte van verskillende interpretasies en uitlewingspatrone (vgl. 3.8.4), word die onstuitbare voortgang van die evangelie deur die geskiedenis, toegeskryf aan die *krag* van die Heilige Gees, ongeag die menslike interpretasie. Aangesien die mens op aarde die Groot Opdrag ontvang het en dit in swakheid uitvoer, is die mens inderdaad die werksplek van die krag van die Heilige Gees. Die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” kan binne die besef van die oorgedraagde outoriteit van God aan die mens en ten spyte van menslike swakheid, die kommunikasieproses deur ’n nuwe aanpak binne die subjektiewe lewenswyses van die postmoderne mens as werksplek, nuut benader en momentum laat kry. Gesien teen die onstuitbare onomkeerbaarheid van die groei-, krimp- en golfbewegings van die geskiedenis, is vernuwing die aangewese saak (vgl. 4.4.5.3). Vernuwing/herlewing aan die hand van die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel van die Skrif, lei onstuitbaar tot ’n volgende opwaartse golfbeweging.

Die *doel van die Heilige Gees* (vgl. 3.8.2) was om sedert die uitstorting van die Heilige Gees tot en met die eerste dekade van die 21e eeu, voortdurend herlewing daar te stel (vgl. 4.4.2-4.4.5, 4.5). Waar getalle afneem weens menslike onaktiwiteit, word die Gees teëgestaan en bedroef, en in sulke lae potensiaalareas en -tye, selfs moontlik uitgeblus (Ef 4:30, I Thes 5:19) (vgl. 4.4.5.2.2). Die Gees in sy doelnastrewing word egter nie deur menslikheid gepaal nie, omdat herlewing op vernuwing berus. Die Gees vernuwe voortdurend en onstuitbaar deur wisselende en vernuwende magsbasisse (vgl. 4.4) en strome (4.5.4) en deur gepaardgaande groei-, krimp- en golfbewegings (vgl. 4.4.5.2.2-4.4.5.2.4, 4.4.5.3) daar te stel. Die Heilige Gees as herlewingswese bewerk beweging. *Prediking, die heiligmakingsproses* en die

verantwoordelike toerustingsproses deur middel van kommunikasie as doel van die Heilige Gees, is deur die eeue toegepas en verwesenlik, terwyl ondoelmatige kommunikasie, waaronder selfgesentreerde menslike doelstellings, die werking van die Gees blus, soos dit ook sigbaar word deur die krimping van getalle in die westersgeoriënteerde globale noordelike halfrond (vgl. 4.4.5.2.2) en westersgeoriënteerde "susterkerk"-gelowiges in Suid-Afrika (vgl. 4.5.2.2; 4.5.2.8; 4.7, 4.8). Krimpende "susterkerke" wat konserwatiewe, asook liberale/progressiewe groeperinge as reaksiegroepe in hul midde het (vgl. 5.4.1.1.3; Hf. 6), behoort *herlewing* as doel van die Gees hoër te prioritiseer as tradisionele denkwyses met selfgesentreerde menslike doelstellings wat daaruit voortspruit (vgl. 7.1.1.4). Die doel van die Heilige Gees is om *herlewing* as teendeel van kerklike "verlamming" (vgl. 4.4.5) daar te stel. "Verlamming" binne die kerklike opset vestig 'n teelaarde vir die ontstaan van onaktiewe lidmate. Voortspruitend manifesteer ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag wat weer meewerkend lei tot die krimping van kerke. Die doel van die Heilige Gees is tweedens om *uitbreiding* van die kerk te bewerkstellig. Deur die geskiedenis is dit duidelik dat die Heilige Gees die doel deurvoer. Deur die geleidelike opkoms van die charismatiese stroom sedert 1908, skyn interpretasie- en uitlewingsverskille vir dié doel van die Heilige Gees van sekondêre belang te wees (vgl. 4.4.5.2). Die primêre belang is die verkondiging van die kernwaarheid van die evangelie, met uitbreiding van die kerk wat daarna volg. Die verdere doel van die Heilige Gees is om daardeur die *nuwe bedeling* te bewerkstellig. In die verloop van die geskiedenis, met wisselende magsbasisse en denkstrukture, asook die groei-, krimp- en golfbewegings, is dit duidelik dat *nou reeds* voortdurende herskepping plaasvind. Herskeppping is uiteraard *nog nie* afgehandel nie, vandaar die voortdurende beweging binne die Christelike godsdiens. Die versplinterde magsbasis van die 21e eeu is toonbeeld van die huidig onafgehandelde werksterrein van die Gees. Na analogie van die afgelope 20 eeue se voortstuwende beweging, staan die verbondsbelofte vas dat herskepping/verandering ook in die toekomstige eeue op dieselfde wyse sal geskied. Die wisselende magsbasisse/denkstrukture, asook die groei-, krimp- en golfbewegings is deel van die herlewingsproses en elke nuwe tydperk/omstandigheid, sal op hierdie wyse manifesteer en intensiveer tot die voleinding aanbreek. Krimpende lidmaatgetalle as "verlamming", keer derhalwe nie die Gees in sy doelnastrewing nie. Die "susterkerke" kan egter deel wees van die doelnastrewingsaktiwiteit deur die Gees teë te staan of te bevoordeel. Teëstand/stremming vind plaas deur toe te gee aan "verlamming" en sodoende by te dra tot die krimptendens (vgl. 6.7.5). Bevoordeling vind plaas deur bewustelik en dringend te streef

na die daarstel van ’n totaal nuwe aanpak ter wille van die evangelie deur nuwe geleenthede aan te gryp en ’n geheel nuwe benadering daar te stel (7.2.4).

Na aanleiding van die Groot Opdrag geskied die *werkswyse* (vgl. 3.8.3) van die Gees binne die wêreldgeskiedenis *verbondsmatig*. Deur die historiese perspektief is dit duidelik dat God die *Gees* werksaam is deur die daarstel van onstuitbare bewegings om voortdurend nuwe omstandighede/toestande te bewerkstellig, maar dis ook ’n bewys dat die *mens* werksaam is deur aktiewe kommunikasie en uitlewing van die evangelie. Alhoewel verskillende interpretasies rakende die verbond tussen mense bestaan en tot verskillende uitlewingsvorme lei, is die betekenis van die verbond primêr ter sprake (2.3.2.10; 3.8.3.1). Die verbond hou verband met die *indikatief* en die *imperatief* van die Groot Opdrag, aangesien God se verbondenheid deur Sy belofte vas en seker is. Die reeds afgelope geskiedenis getuig daarvan en dit sal ook nooit verdwyn nie. Aansluitend hierby is die hele aarde met al sy inwoners die *werksterrein* (vgl. 3.8.3.2) van die Heilige Gees: alles word derhalwe omsluit, ook wisselende magsbasisse, verskuiwende hartlande en krimpende kerkverbande (Bylae A, B, C). Deur die geskiedenis is die *herkenbare elemente* (vgl. 3.8.3.3) in die Gees se werkswyse konstant waargeneem, naamlik die werksaktiwiteit van die Gees in en deur die betrokkenheid van die mens: dít, binne ’n kommunikatiewe situasie. Dié *aksieprogram* (vgl. 3.8.3.4) van die Gees fokus op verandering, gevolglik geskied verandering met die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel as kern/primêre saak van die evangelie (vgl. 4.4.2-4.4.5). Die kommunikeerder as deel van die aksieprogram het deur die eeue die taak gehad om die evangelie nuut aan die gespreksgenoot te bring, aangesien die gespreksgenoot altyd kind van die betrokke tyd is. Ongeag die reaksievlak van die “susterskerke”, behoort daar nie onbewus in onkunde voortgeleef te word sonder kennis van die historiese verband met die Groot Opdrag nie. Die “susterkerke” behoort bestekopname te doen rakende die verbond as realiteit, asook rakende die enorme werksterrein en die wese van die Gees se aksieprogram (vgl. 3.8.31-3.8.3.5). Dit, in die besef dat beperkende en blokkerende aspekte in die tradisionele Afrikaanse aanpak, plek moet maak vir die nuwe aanpak in die postmoderne hede van die 21e eeu (vgl. 7.2.4).

Aan die hand van die historiese perspektief is die teoretiese aspek van die basisteorie versterk en die hermeneuse rondom die Groot Opdrag uitgebrei. Aanleidende faktore, soos denkstrome en die sosiopolitieke omstandighede waarbinne die “susterkerke” tot op hede gemanifesteer het, word binne die historiese perspektief in Hf. 5 verder uitgebrei.

Hoofstuk 5

Historiese perspektief: denkstrome en landsomstandighede

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aanleidende faktore tot kerkkrimping ondersoek. Die doel is om die belangrikste beïnvloedende denkstrome en landsomstandighede na te gaan. Daarom word dit in die lig van die Groot Opdrag en kerkkrimping/kerkgroei beoordeel. Die ondersoek na denkstrome en landsomstandighede geskied deur literatuur- en statistiekstudie. Dit geskied ook gedeeltelik aan die hand van ’n empiriese komponent, veral rondom landsomstandighede. Die ondersoek na die aanleidende faktore rakende krimping binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, word aan die hand van die volgende werkswyse ondersoek.

5.2 Werkswyse

Die werkswyse wat gevolg word, is om aan die hand van literatuurstudie vas te stel wat die belangrikste faktore is wat sedert die Verligting tot en met die eerste dekade van die 21e eeu, die huidige mens se denkwyse sodanig beïnvloed dat die uitlewing (na aanleiding daarvan) in die praktyk tot kerkkrimping lei.

Eerstens word die plek van die faktore rakende kerkkrimping binne die terrein van die Praktiese Teologie en die gestelde basisteorie (Hf. 2) verduidelik. Daarna fokus die ondersoek op denkstrome vanaf die Verligting tot en met die eerste dekade van die 21e eeu, asook hoe dié niemeetbare faktore die denkwyse van die huidige gelowige beïnvloed, dat dit tot kerkkrimping lei. Die modernisme en postmodernisme as belangrikste denkstrome, asook die invloed daarvan op kerkkrimping word nagegaan. Dit behels die twee uitstaande reaksiesstrome onder gelowiges, naamlik fundamentalisme en liberalisme. Die realiteit van subjektiwisme, soos dit binne die nuwe spiritualiteit realiseer, word vervolgens ondersoek. Ondersteunende -ismes, waaronder pluralisme en globalisme, asook die grootste gemene deler as denkstroom vanuit die verlede tot en met die hede, naamlik sekularisme, word nagegaan, ten einde die volledige spektrum van niemeetbare faktore daar te stel.

Hierna word die meer meetbare faktore van die Suid-Afrikaanse landsomstandighede aan die hand van literatuur, statistiek, mediadekking en vraelyste ondersoek. Die ondersoek is van toepassing op die meer onlangse verlede tot op hede. Die fokus val op die vervlegte invloed van faktore op die "susterkerke". Die faktore wat ondersoek word, is onder andere, aspekte rondom die tradisionele "susterkerk"-geboue, ontvolking en verstedeliking, kerkbesoek, ekonomiese, politieke- en sosiale faktore, tegnologie, menslike verhoudings, die wese van die Afrikaner, die multikulturele en postkoloniale tydperk, asook Afrika as derdewêreldland.

Ten slotte word tot 'n finale konklusie gekom oor die aanleidende faktore rakende krimping van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", beoordeel in die lig van die Groot Opdrag.

5.3 Die plek van die aanleidende faktore in Praktiese Teologie

Na aanleiding van die basisteorie wat geformuleer is vir hierdie ondersoek (Hf 2), het normatiewe besinning aan die hand van die Groot Opdrag in Hoofstuk 3 in aanvang geneem. Die eerste stap is geneem om die bepalende norm as basis van die hermeneutiese grondslag te formuleer. In hierdie hoofstuk (Hf. 5) word die teorie verder uitgebrei deur 'n histories-filosofies-interpretatiewe ondersoek aangaande die denkstrome en die invloed daarvan op die groei/krimping van die Christelike kerk. Deur die aanleidende faktore, aan die hand van bepalende denkstrome en die invloed daarvan op die Christelike kerk na te gaan, word die teoretiese aspek van die basisteorie uitgebou ten einde tot 'n uitgebreider teoretiese konklusie te kom rakende die problematies Christelik-kerklike geloofshandelinge van die "susterkerke". Die aanleidende fisiese, ekonomiese, politieke en sosiale faktore, asook bepalende landsomstandighede, word aan die hand van sosiologiese, psigologiese, kommunikatiewe en kwantitatiewe navorsing, as deel van die onlangse verlede, maar ook as deel van die huidige krisispraktyk, ondersoek. Vervreemding, verenging of afskaling van die werklikheid word deur hierdie werkswyse voorkom, terwyl die geïntegreerde werklikheid, óók deur die interafhanklikheid van wetenskaplike dissiplines, deur die werkswyse bydra tot die uitbou van die vryheid wat inherent geleë is binne Praktiese Teologie (De Wet, 2000:3, 59, 103, 107).

Op hierdie wyse kan tot 'n konklusie gekom word aangaande God se aktiwiteit in die histories *veranderende* denkwyses, antropologies gesien. Aan die ander kant kan tot 'n konklusie gekom word rakende die *moderniserende* praktyk, voortspruitend uit die mens se aktiwiteit,

soos dit deur die verlede en ook in die verwikkelde, *kritiese* hede beïnvloed word. Hierdie ondersoek benadruk die drie denklyne wat in die Praktiese Teologie na vore kom as navorsingsterrein van die Praktiese Teologie (vgl. Heitink, 1999:85, 86). Binne hierdie veld kan die verskillende beïnvloedende denkstrome, soos deur God in die geskiedenis toegelaat en bestier, ondersoek en evalueer word. Ook kan die mens se aktiwiteite, wat voorspruitend realiseer na aanleiding van die denkstrome, maar ook weens ekonomiese, politieke en sosiale faktore en ander bepalende landsomstandighede, ondersoek en geëvalueer word. Hierdeur word integrasie, as een van die beginsels van Praktiese Teologie aan die hand van hierdie ondersoek, stelselmatig toegepas deur die hermeneutiese norm filosofies en histories te versterk, maar ook deur die toevoeging van ’n empiriese benadering binne die beginsel van differensiasie (vgl. Heitink, 1999:67).

5.4 Faktore wat kerkkrimping beïnvloed

Die afname in die Christendom en waarvan die krimping van tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” net maar nóg ’n manifestasie daarvan is, is ’n baie lang en uitgerekte proses. Die redes daarvoor is baie en gevarieerd (vgl. McLeod & Ustorf, 2003:5, 13-17). Die bekendste niemeetbare faktor, wat as die oorheersende oorsaak vir kerkkrimping gestel word, is die teorie van sekularisasie (vgl. 5.4.1.4) (Erasmus & Hendriks, 2003:89; Hendriks, 1996:142). Dit word beskou as ’n geveg met sosiale magte buite menslike beheer. ’n Verdere moontlikheid ter verduideliking van kerkkrimping en wat deur historici voorgestaan word, is dat ’n sekere fase en/of sekere gebeure/strome in die chronologie van gebeure, as die oorsaak van huidige gebeure beskou moet word. Baie ander moontlikhede, soos onder andere, demografiese verskuiwings, industrialisasie en sosio-politieke veranderinge, tel ook onder die gevarieerde redes vir kerkkrimping.

Onderliggend aan dié gevarieerde moontlike redes, stel Du Toit (2000:1-14, 57-62), Niemand (2007: 25-27) en Smit & Vorster (2000:517, 518), dat die drie tydperke wat die afgelope 2000 jaar afgespeel het, sáám met elke tydperk se eiesoortige denkpatroon, grootliks ter sprake is. Die premoderne (voorwetenskaplik), moderne en postmoderne (nawetenskaplik) tyd, mét die onderskeie denkstrome daaraan verbonde, maak onwillekeurig deel uit van die hedendaagse mens se denke. Elke verskuiwing (vgl. 4.4.1 ev.) het skoksgewys, geleidelik of in

gekombineerde mate plaasgevind, sodanig dat elke nuwe tydperk ’n nuwe stelsel met antwoorde op die vrae daar moes stel en stabiliteit sodoende verseker (vgl. 4.4.1.2) (Du Toit, 2000:47, 48; McGrath, 2005:217, 218; Roxburgh, 1997:24). Volgens die drie-tydperkteorie, is die laaste paradigmaverskuiwing aan die begin van die 21e eeu, nog nie voltooi nie (Burger, 1999:127-131; Du Toit, 2000:57-62; Smit & Vorster, 2000:517, 518).

Daar is dus soveel faktore wat kerkkrimping gelyktydig beïnvloed, dat onderskeid eerstens gemaak moet word tussen die verlede en die hede. Rakende die verlede is die verre historiese denkstrome ter sprake en rakende die hede, is die onmiddellike verlede, van ongeveer die afgelope dertig jaar, ter sprake. Rakende die meer resente verlede en hede, word ondersoek ingestel na die meer meetbare ekonomies-politieke en sosiaal-kulturele opset, sekere fisiese faktore, asook bepalende landsomstandighede. Rakende die niemeetbare verre verlede, word aanleidende denkstrome ondersoek.

5.4.1 Denkstrome

Die ontstaan van die huidige denkpatroon, wat die denkpatroon van die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” insluit, kan teruggevoer word na die ontstaan van rasionalisme, wat gelei het tot die Industriële Rewolusie en gepaardgaande verstedeliking en vervreemding. Die tydperk van die Verligting, met materialisme, kapitalisme en liberalisme wat gelyktydig daaruit ontwikkel het, lê ten grondslag van die huidige totaal versplinterde postmoderne denkstroom (vgl. 4.4.4, 4.4.5) (Heitink 1999:53-55; Tickle, 2008:64-66, 131; Smit & Vorster, 2000:517, 518). Vervolgens word hoofsaaklik gekonsentreer op die twee hoofdenkstrome, naamlik die moderne en postmoderne denkstrome.

5.4.1.1 Moderne denkwyse

Sedert die ontstaan van die rasionalisme in die 16e eeu het die moderne tyd momentum begin kry, aangesien die mens geleidelik mondig begin word het. In die premoderne tydperk was dit immers onmoontlik om kennis te hê van wat eers in latere tydperke ontdek is (Du Toit, 2000:14, 15 , 24). Uitvindsels vanaf ongeveer 1514 tot 1900, waartydens Kopernikus, Galilei, Newton, Kant, Darwin, Faraday, Pasteur, Flemming, Rontgen, Marx, Nietzsche, Freud, Jung en Descartes se insette gelewer is, het nuwe kennis tot menslike denke toegevoeg. Einstein se Annus Mirabilis het sedert 1905 die kwantumfisika, die bestaan van atome en die relatiwiteitsteorie as algemene kennis onder die samelewing gevestig. Heisenberg se

Onsekerheidsbeginsels, asook Reimanus en Schweitzer se uitlatings oor die historiese Jesus het bygedra tot krake in die gevestigde tradisionele Sola Scriptura-benadering (Tickle, 2008:77-82). Die rede het geseëvier en logiese verklarings vir gebeure en toestande is nagevolg. Bybelse gegewens is oor herbesin en die gesag van die Bybel en die kerk het onder verdenking gekom. Dit het spanning tussen die kerk en die wetenskap laat ontstaan en herinterpretasie van die mens se lewens- en wêreldbeskouing het in die onseker tyd begin plaasvind (Cameron *et al*, 2005:77, 78; Du Toit, 2000:15-30, 34; Heitink, 1999;85; Ihde, 2004:437-439; Smit & Vorster, 2000:517, 518: Tickle, 2008:53-58, 64-66, 82, 98-101).

Dit is ’n algemeen aanvaarde feit dat tye van verandering ’n gevoel van onsekerheid by die mens daarstel. Hantering van onsekerhede is herkenbaar aan die hand van ’n spesifieke siklus. Dit word beskryf volgens die harmoniemodel wat stel dat ’n gedragspatroon ontwikkel, wat deur middel van oorleg of samewerking, na oplossings streef. Die siklus toon ’n patroon waar mense na regs en na links wegbreek, terwyl ander ’n middeweg probeer behou (Stilma, 1988:78; vgl. Roxburgh, 1997:23-30). Teen die eeuwenteling karakteriseer Schwarz (1999:14-48) dié twee reaksiestrome en gebruik die term, monisme, met die institusionalistiese paradigma as samevattende wanopvatting aan die regterkant. Aan die linkerkant word die term, dualisme, gestel, met die spiritualistiese paradigma as samevattende wanopvatting (vgl. 6.5.1.6.1).

Die twee reaksiestrome het ook in die modernistiese tydperk na vore gekom. Die oorwegende faktor was dat die rasionele mens, God nie meer binne die premoderne paradigma kon verduidelik nie. Dan is daar, óf humanisties/liberaal, óf fundamentalisties/konserwatisties begin dink (Du Toit, 2000:35, 36).

5.4.1.1.1 Fundamentalisme

Volgens die fundamentalistiese reaksiestroom en interpretasieraamwerk word gestel dat die absolute waarhede van die Woord die enigste vastigheid en sekerheid bied waarvolgens denke bepaal kan word (Du Toit, 2000:36; Woodhead, 2004:199-201). Hiervolgens word die Woord letterlik as korrek aanvaar en verstaan, aangesien die Woord deur God die Gees geïnspireer is en aangesien die Woord in dié spesifieke vorm dan die resultaat is van die inspirasie. Denke, volgens die interpretasiewyse, word as ononderhandelbaar beskou en alle ander waarhede word aan hierdie interpretasiewyse getoets.

Die verskuiwing wat die denkraamwerk daargestel het, het binne die godsdienstige spektrum ’n dualisme veroorsaak. Die dualisme behels dat sekere sake van die nuwe denkwyse aanvaar word, maar ander nie. Die onsekerhede wek dan wantroue en dan word daar sodanig gereageer dat enige kritiek wat van die letterlike weergawe verskil, as ’n aanslag van die duiwel self gesien word en met dieselfde intensiteit teëgestaan word (Du Toit, 2000:39). Die fundamentalis verkies absolute sekerhede, aangesien dit help om ’n greep op die werklikheid te kry. Die lewe, vol onsekerhede, is hiervolgens makliker hanteer- en interpreteerbaar. Elkeen reken dat hy/sy hiervolgens weet wat reg en wat verkeerd is (Niemandt, 2007:27; Roxburgh, 1997:24; Schwarz, 1999:25, 26).

Fundamentaliste is geneig om die nuwe ontwikkelende paradigma nie te verstaan nie. Die intense verset daarteen verskerp die fundamentalistiese denkwyse, met die gevolg dat eksklusiwiteit binne hierdie denkgroep ontstaan (Du Toit, 2000:49). Du Toit (2000:180, 181) meen dat charismate, onder andere, ook in ’n mate fundamentalisties is, aangesien aan sekere premoderne denkwyses vasgehou word, terwyl dié denkwyse totaal verskil van die huidige lewenspraktyk. Du Toit meen verder, dat die charismatiese stroom op die lang duur nie volhoubaar kan wees nie, omdat relevansie rakende die huidige samelewing, nie volgens so ‘n denkwyse kan geskied nie. Dit is egter ook van toepassing op fundamentalisme wat by die tradisionele stroom voorkom. Uitsprake teen bestaande fundamentalistiese tendense binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, meld dat dié gedragspatroon meewerk tot krimpende getalle (vgl. Hf. 6).

Die konserwatiewe denk- en gedragspatroon van fundamentaliste toon gewoonlik vurige en aktiewe kerkbesoek. Die reël “Zo is het, zó moet jy doen’ (Stilma, 1988:42), voorkom die vra van vrae en as anders as die reël geglo word, word dit as sonde gereken. Volgens Stilma (1988:40-42) gaan die fundamentalis gebuk onder vrees vir sy eie “boze neigingen”, vrees vir die wêreld en vrees vir die eindoordeel (vgl. 7.2.3.2.4.2). Altemeyer (2004:88) wys verder, dat fundamentalisme troos bied teen die gevoel van onsekerheid en dat dit ook help om persoonlike probleme, soos vrees, eensaamheid en depressie, teë te werk.

Volgens Baumann (Ward, 2004:11) floreer fundamentalisme weereens sterk gedurende die onsekere tye van postmodernisme, aangesien die sekerheid wat fundamentalisme bied, alle ander outoriteite binne ’n pluralistiese samelewing vervang. ’n Fundamentalis leef dus nie binne die frustrasie van die maak van keuses nie. Fundamentalisme bied spasie om in alle

omstandighede altyd “reg” op te tree. Risiko’s word sodanig grootliks uitgeskakel. Fundamentalisme is verder ’n radikale voorsorgmaatreël teen postmodernistiese tendense, teen ’n markgeoriënteerde- en ‘n verbruikers-georiënteerde samelewing. Fundamentalisme is teen verandering.

Groei in fundamentalisme is wel aantreklik vir sommige dele van die samelewing. Dié stroom kom gereeld onder minder geleerde en konserwatiewe sektore van die samelewing voor. Dit is derhalwe nie vreemd dat veral jong intellektueles deur hierdie denk- en gedragspatroon verwilder word nie. Dit is verder ook te betwyfel of die meerderheid in ’n moderne, liberale, demokratiese samelewing, hiervoor te vinde is (Altemeyer, 2004:77; Ward, 2004:10, 11). Herlewing van fundamentalisme is egter ’n aktuele realiteit. Fundamentalisme word gereken as een van die vyf belangwekkende hedendaagse gebeure. Die ander belangwekkende hedendaagse gebeure is die sekulêre proses, godsdienstige afname, herlewing van die Christendom en die skep van nuwe vorms van godsdienstige geloofpraktyke (McLeod & Ustorf, 2003:63). Die voorkoms van fundamentalisme binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, is derhalwe nie ’n uitsonderlike tendens nie.

5.4.1.1.2 Liberalisme/humanisme

Die ander groep, wat binne die modernisme ontstaan het, is diegene wat aanvaar dat nuwe kennis deel is van die moderne denk- en leefwyse. Diegene aanvaar verder dat die moderne lewenspatroon tans anders is as toe die Bybel geskryf is (Du Toit, 2000:40). Die reaksiestroom, bekend as die liberalisme/humanisme, het veral ná 1960 sterk momentum gekry. Die uitgangspunt van hierdie stroom verskuif die klem om, op grond van humanistiese uitgangspunte, op die etiese te fokus. Die fokus op die dogma word derhalwe vervang deur te fokus op die mens. Die fokus behels ’n sogenaamde onselfsugtige, liefdevolle omgeelewe en terselfdertyd word al hoe meer plek gemaak vir menslike persoonlikheid en deelname (Woodhead, 2004:347-349). Die eindproduk van hierdie stroom staan bekend as subjektiwisme (vgl. 5.4.1.3.2) (Woodhead, 2006:349). Die toename in mensgerigte veranderinge, veral in die kerkpraktyk en dus ook by “susterkerke”, het aanleiding gegee dat die reaksiestroom aandadig is vir afname in getalle (vgl. Hf. 6).

5.4.1.1.3 Verband tussen fundamentalisme en liberalisme

Die twee strome, fundamentalisme/konserwatisme en liberalisme/humanisme, het ’n verdelende invloed op die tradisionele stroom (vgl. Tickle, 2008:58). Op grond van die Woord oorbeklemtoon fundamentaliste hiërargie ten koste van die gelykheid van die mens. Die mens as individu word in sy wese deur hierdie beperkinge ondermyn. Tog het die tradisionele kerke oor die jare geleidelik aangepas by die individu se aansprake. Volgens Woodhead (2004:349), word die mens egter steeds nie volkome bemagtig tot die uitkoms van innerlike vryheid, selfontwikkeling en geestelike groei van elke unieke individu nie. Woodhead (2004:349) stel die dilemma binne die tradisionele stroom soos volg:

> “Thus mainline Chrisianity may have suffered so greatly because it has fallen between two stools. On the one hand, it has remained to allied with power from on high to attract those subjectivised selves who came to maturity during or after the 1960’s, while on the other hand it has alienated a potentially sympathetic socially and morally conservative constituency by becoming too liberal in its teachings.”

5.4.1.2 Postmoderne denkwyse

Die Tweede Wêreldoorlog was een van die belangrikste invloede om postmodernisme as paradigmaverskuiwing te begin. Die mens is ontnugter deur die onvermoë van die mens om die wêreld te verbeter onder modernisme as denkwyse. Die skok het gelei tot hernude wantroue en herwaardering van kennis (rasionele) en waarheid op alle vlakke. Spengler en Sorokin (Bosch, 1991:350), onder andere, het dié Westerse erosie nagegaan en bevind dat die modernisme inderdaad ineengestort het. Habermas het in hierdie tydperk aangetoon dat herstrukturering inderdaad aan die gang was rakende kennis en die rede in tradisionele vorm. Hy stel dat in die plek van rede, nou spasie gemaak word vir kommunikatiewe rede. Terselfdertyd toon Ricoeur, Thompson en Taylor dat kommunikasie en interpretasie grootliks deur die individu en sy ervaringswêreld bepaal word. Schleiermacher bevestig hierdie stellings deur te meld dat ware rede ervaring insluit. Hierby het Palnyi weer gevoeg dat alles wat deel is van die mens, nie noodwendig waar is nie. Die verskuiwings toon duidelik dat relativisme en subjektivisme toegeneem het (Bosch, 1991:351-362).

Die lewe na aanleiding van die postmoderne denkwyse word sederdien holisties benader (Du Toit, 2000:50-56; Olivier, 2006:140; Smit & Vorster, 2000:517, 518), terwyl verskeidenheid

en pluralisme, veral binne stedelike gebied, asook hibridisering van kulture deur hierdie leefwyse beklemtoon word (Cameron *et al*, 2005:79). Die menslike bestaan is derhalwe opgebou deur intersubjektiewe ervarings (Bosch, 1991:362).

Die oorgang in denkwyse skep onstabiliteit/onsekerhede en lei dan tot wantroue teenoor enige outoritêre strukture (Bosch, 1991:349; Olivier, 2006:81, 140). Dié magstelsel is vervang met die reg van die individu; ’n reg wat lei tot blote pragmatiese handelinge (vgl. ook Bosch, 1991:317). Die subjektiewe ervaring wat hieruit voortvloei sluit aan by die bewuswording van die mens as spirituele wese (vgl. 5.4.1.3.1). Ward haal Ostwalt (2004:8) aan wat stel, dat as die moderne era die verdwyning van godsdiens behels het, dan is die postmoderne era ’n aanmoediging om terug te keer tot die godsdiens van die gewone lewe:

> “… we might even view the age of secularization as the age of religious saturation”.

Die modernistiese en postmodernistiese denkwyses verskil dus grootliks. Die modernisme is sprekend na aanleiding van die Industriële Rewolusie, terwyl die postmodernisme sprekend is na aanleiding van die Informasie Rewolusie. Onderskeidelik word gefokus op nasionalisme teenoor globalisme, die gesag van die rede wat gesag verleen teenoor gesag wat geleë is in ervaring, optimisme teenoor pessimisme, die siening dat die mens goed is teenoor die siening dat die mens sleg is, die natuurlike wêreld teenoor die supernatuurlike wêreld, ’n skeptiese benadering teenoor ’n spirituele benadering en beperkte teenstrydighede teenoor ’n spirituele benadering en die aanvaarbaarheid van teenstrydighede (relatiwiteit) (Malphurs, 2004:396-409; Olivier, 2006:78; Tickle, 2008:160; Van der Walt, 2006:30; Venter, 2006: 226-228). Niemandt (2006:33) maak melding van die Bell-kurwe, wat tiperend van die modernisme is, maar wat vervang word deur die Well-kurwe, wat tiperend van die postmodernisme is. Die Bell-kurwe dui op massafikasie, op die middelgrond en op die gemiddelde mens. Die Well-kurwe dui daarenteen op die teenoorgestelde, naamlik dat die middelgrond weg is en dat die teenpole in die lewe krag dra. Skematies word dit soos volg voorgestel:

Bell-kurwe



Well-kurwe



Aangesien postmodernisme as denkwyse deur en uit die modernisme vloei, kan dit nie los gesien word daarvan nie (Ward, 2004:7). Postmodernisme is, aldus Van der Walt (2006:30), 'n "heeltemal nuwe manier van dink" en "die gevolg en die voltooiing van die sekulariseringsproses of verwêreldliking, wat drie eeue gelede met die rasionalisme begin het".

Deur hierdie breë bespreking van postmodernisme kan samevattend gestel word dat dié mens geen absolute waarheid daarstel of aanvaar nie, dat die werklikheid vir die mens in die mens sélf is, dat intuïsie en gevoelens nagejaag word, dat wetenskap en opvoeding niks bewys nie, dat marginale sake aanvaarbaar is en dat verdraagsaamheid die aanvaarbare norm is (Malphurs, 2004:396–409; McGrath, 2005:236; Naisbitt & Aburdene, 1990:294-296). Hierdie tydperk kan verder verfyn word deur slegs twee sake daar te stel, naamlik eerstens die verbrokkeling van alle eens toonaangewende strukture, en tweedens, die toename in spiritualiteit (Du Toit, 2000:96).

Postmodernisme, soos al die denkwyses in die verlede, vloei saam in een groot stroom wat, volgens Fellows (2007), nog baie lank as aanvaarbare denkwyse vir die 21e eeu se burger gaan bly. Fellows meen die logiese en langtermynverskuiwing vanaf modernisme is nie in die postmodernisme voltooi nie. Dit beweeg verder en word volgens hom anders benoem,

naamlik die heidendom. Postmodernisme is, aldus Fellows, reeds uitgedien soos al die vorige strome. Die heidendom as huidige eind- en somtotaal van alle strome bied die mens totale bevrediging in die wonder van die lewe wat in die gewone, eenvoudige en natuurlike dinge geleë is.

Fellows wys op die volgende sake wat die heidendom vir die 21e eeu se burger aantreklik maak. Dit is: eenheid in verskeidenheid, toekomsgerigtheid in integriteit, eksperimentering en die pragmatiese, beliggaming van liggaam en gees deur ervaring, gelykheid en hernude betowering van dit wat die lewe op aarde bied.

Gesien vanuit die Christelike perspektief is die postmoderne denkwyse ’n bedekte seën, aangesien die mens in die proses is om hom los te maak van rasionalisme, sekularisme, liberalisme/humanisme en skeptisisme (Niemandt, 2006:49; vgl. Roxburgh, 1997:27; Tickle (2008:148-160). Aan die ander kant, in die terme van Fellows, is die denkwyse in die proses om oor te gaan in totale verheidensing. Dit is dus duidelik dat postmodernisme aan die een kant, die heidendom deur sekularisasie dien, terwyl aan die ander kant, spiritualisme bevorder word. Die Christendom toon derhalwe ’n gemengde prentjie (vgl. Barret *et al*, 2001:3-5). Tog is oorweldigende groei opmerklik onder charismatiese strome in die suidelike globale halfrond (vgl. 4.4.1.3; 4.4.5.2.2; Barret *et al*, 2001:12).

Vir die Christelike lewe is sekere aspekte van die postmodernisme derhalwe ’n uitdaging, aangesien denkwyses so verander het dat die mens deur sy spiritualiteit sy medemens werklik hoog ag - ’n uitgangspunt wat as ‘naasteliefde’ omskryf kan word. Olivier (2006:79, 80) maak melding van die huidige mens se “spirituele honger” en Bosch (1991:367, 368) hierby aansluitend, meen dat die spirituele mens die kerk as liggaam van Christus, wat saam ’n gemeenskaplike bestemming het, herontdek. Dit toon elemente van ’n opkomende ekumeniese sendingparadigma: kerk saam met ander, asook kerk vir ander (Barret *et al*, 2001:3; Tickle, 2008:104). Inderwaarheid is dit missio Dei wat missiones ecclisiae daarstel (Bosch, 1991:368, 375). Davies (Ward, 2004:2) stel die verskuiwing in godsdiens soos volg:

> “... the dispute can be summarised as being between those who argue that with increasing modernisation religious belief has become implausible for increasing numbers ... and those who claim that while people have stopped belonging, they have still continued to believe.”

Van der Walt (2006:30) sluit in ietwat gewysigde terme aan by Fellows, deurdat hy meen dat postmodernisme in sy ontwikkelingsgang die sekulariseringsproses bevorder en dat sekularisasie die grootste hedendaagse vyand van die Christendom is. Van der Walt (2006:31) dui aan dat die vroeëre ateïsme van geen god nie (modernisme), nou vervang word met die spirituele standpunt dat enige god aanvaarbaar is (vgl. ook McGrath, 2005:189-192). Niemandt en Van der Walt is skynbaar nie in konflik met mekaar nie, aangesien dieselfde saak deur die teenoorgesteldes bedoel word, naamlik omdat verwêreldliking toeneem, is die soeke na verlossing daaruit soveel groter. Weens hierdie versplinterde en steeds-ontwikkelende denkstelsel, meen Woodhead (2004:404), dat die kerk met ’n aantal alternatiewe op godsdienstige gebied, kompeteer. Die kerk kan slégs oorleef as die effektiefste vorm van persoonlike of sosiale bemagtiging gebied kan word. Die kerk behoort derhalwe die postmoderne mens baie ernstig op te neem en te bedien (Hendriks, 1999:19; Olivier, 2006:79; Van der Walt, 2006:31).

5.4.1.2.1 Huidige Suid-Afrika

Die toedrag van sake in Suid-Afrika, gesien in die lig van die drie tydperke en verskuiwende denkwyses, toon ’n gekompliseerde vermenging van al drie denkstrukture, onstabiliteit/onsekerhede, wantroue en ’n proses van herwaardering te midde van tegnologiese ontploffing en die daarstel van ’n internasionale inligtingsisteem. Dit is te betwyfel of die tradisionele stroom die postmoderne denkwyse al volkome erken of bedien, aangesien sekere tendense eerder toon dat verknogtheid aan modernisme die aanvaarbare norm is. Hierby aanvullend is in talle gevalle al drie denkwyses boonop nog gelyktydig in die tradisionele stroom teenwoordig en dien as remmende faktor in die gelykmakende golf, waarin die Christendom, en spesifiek die Protestantse Christendom, tans verkeer (vgl. 4.4.5.2, 4.4.5.3; Niemandt, 2007:50: Olivier, 2006:74, 79, 81, 141; Tickle, 2008:136, 137). Dit is derhalwe ook ’n bydraende faktor tot die tendens van kerkkrimping (vgl. Hf. 6).

Verder het die land deur middel van Europese blankes deel aan die westerse beskawing as deel van die eerstewêreld. Die westerse denkraamwerk kan verduidelik word aan die hand van ’n horlosie wat God opgewen het en nou loop afloop aan die hand van sekere wetmatighede. Westerse denke is in hierdie ratwerk vasgevang, met die gevolg dat ’n oop denkwyse die uitsondering is. Wonderwerke word beskou dat God van buite af by hierdie ratwerk kan inmeng. Dit word dan as supernaturalisme bestempel (McLaren, 2006:52).

Terselfdertyd word die land regeer deur persone met denkstrukture hoofsaaklik uit die derdewêreld. Die ontnugtering rakende die vorige regering, naamlik die Nasionale Party en sy gruweldade, wat in skynbare onwetenheid deur die kerk op outoritêre wyse en deur wetgewing ondersteun is (Giliomee, 2004:615; Hendriks, 2000a:292), blyk nog nie volkome deur die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige verwerk te wees nie.

Die oorgangstydperk na 1994 vertoon in Suid-Afrika steeds as 'n intens onstabiele rewolusionêre fase (skokfase). In hierdie oorgangstydperk moet 'n nuwe denkstruktuur ontwikkel wat tot hernude stabiliteit en vrede lei. Dié stabiliteit is tans nog nie in Suid-Afrika bereik nie, soos dit ook geblyk het uit die aktualiteitsprogram, *Fokus* op SABC2, wat gehandel het oor opvlammende rassisme in Suid-Afrika (Robinson, 2009). Die gesprek is onder leiding van Freek Robinson gevoer en die gesprekvoerders was ds. Nico Smit, Flip Buys (Uitvoerende hoof van Solidariteit) en dr. Fanie du Toit (Instituut vir Geregtigheid en Versoening). Elke Suid-Afrikaner in die eerste dekade van die 21e eeu, is duidelik kind van hierdie oorgangsfase en het onwillekeurige deel van die beïnvloedende denkwyses (Du Toit, 2000:57-62).

Ook die krimpende "susterkerke" is toonbeeld van onstabiliteit. Die kerk is nog in die proses van die stel van nuwe vrae en antwoorde is nog nie finaal geherformuleer of geïmplimenteer nie. Die praktyk bly dus dualisties in die sin dat ses dae van die week in 'n postmoderne leefwêreld deurgebring word en op een dag, Sondag, word die mens dan weer gekonfronteer met interpretasies uit vorige denk- en leefwyses. Hierdie dualisme lei tot gebrek aan geloofwaardigheid, integriteit en relevansie. Dit versterk die wegbreek vanaf die kerk en reflekteer die wantroue oor God se betrokkenheid in die praktyk van elke dag (Du Toit, 2000:61, 182, 183). Die onstabiliteit, waarvan kerkkrimping 'n simptoom is, is egter 'n wêreldwye verskynsel, aangesien alle institusionele instellings, nie net kerke nie, krimping toon (Ward, 2004:3).

By Afrosentriese denkwyse kom die toename in sakralisering grootliks voor (vgl. Barret *et al*, 2001:12). Dié denkwyse se verwerking van vrae en antwoorde geskied teen 'n ander verlede (wat nie westers is nie). Dié reaksie, wat grootliks nog binne 'n premoderne/moderne denkwyse gesentreerd is, fokus op diegene se kultuur van armoede, oorlog en behoeftes van die onmiddellike omgewing (McLeod & Ustorf, 2003:218-224; Walls, 1996:12, 13). Vanweë die kommunale gerigtheid van die Afrosentriese denkwyse is 'n ekumeniese gemeenskp 'n

natuurlike aanknopingpunt in godsdiensuitlewing. Ook toon die belangrikheid van kultuur en nasionalisme teenoor globalisme, dat die modernistiese denkstroom, sáám met die premoderne denkstroom, steeds sterk teenwoordig is in Afrika (vgl. 5.4.1.2).

Elke individuele gelowige, binne sy eie kultuur en binne sy eie ontwikkelingstadium van denkwyse, is dus betrokke by die hedendaagse veranderinge wat op alle gebiede aan die gang is. Die subjektiewe aard van oortuigings, toon daarby ook groot variasie vanweë die hedendaagse versplintering van die Christendom (Du Toit, 2000:167).

5.4.1.3 Hedendaagse spiritualiteit en subjektiwiteit

Gesien teen die ontwikkeling van die tydperke en denkwyses, is die besef dat kennis altyd ten dele is, van groot belang. Dat kennis relatief is en die hele waarheid nooit in volledigheid geformuleer kan word nie, het die spesifieke uitwerking op die hedendaagse mens, dat elkeen sy eie subjektiewe oortuigings vorm en dat dit vir hom-/haarself geldig is (Tickel, 2008:133). Hierdie hedendaagse denkwyse spreek van en spruit voort uit erkenning en beskeidenheid teenoor ander hedendaagse oortuigings. Dit lei daartoe dat ’n geneigdheid tot vergifnis, versoening en aanvaarding ervaar word. Dié liefdevolle uitlewingswyses tussen mense is, Christelik gesien, dan ’n toonbeeld van die liefde van God onder die mense. In hierdie denkwyse val die klem gevolglik op die mens self en sy belangstelling in die bestaan van God en die mens. Binne hierdie nuwe oortuiging, verskuif die term, godsdienstigheid, na die breër term, naamlik spiritualiteit.

5.4.1.3.1 Spiritualiteit

Spiritualiteit dui op die wyse hoe die mens oor sy eie geestelikheid dink en dit tot uitlewing bring (Du Toit, 2000:114-116, 159; Smit & Vorster, 2000:519, 529). Die uitlewing toon ’n verdeling in die sin dat die behoefte om aan ’n kerk te behoort afneem, maar dat gelowigwees nie afneem nie. Om gelowig te wees word dus ánders uitgeleef, nie meer godsdienstig en institusioneel nie, maar wel spiritueel (Brouwer *et al*, 2007:183). Sosiologiese navorsing in Kanada, Nieu-Zeeland, Australië, Brittanje en Amerika getuig geruime tyd reeds van hierdie verskuiwing (Hadaway (a.o), 2005:307-322; Smietana, 2006:85-88; Ward, 2004:3). Die hedendaagse mens verwerp dus godsdienstige etiket, maar beskou hulself tog as spiritueel. Die verhouding tussen die ‘behoort’ van ’n Christen deur onderlinge gemeenskap en

persoonlike geloof/spiritualiteit het gaandeweg geskei. Die geloofs-aspek is derhalwe minder ortodoks (Ward, 2004:7):

> "In short, the critical feature of most such people is not their beliefs, or personal piety, but their enstrangement from organised religion" (Ward, 2004:4).

Ward haal Ostwalt (2004:8) aan wat stel, dat as modernistiese sekularisme sou lei tot die verdwyning van godsdiens, dan sal postmodernisme toenemend lei tot relevansie in godsdiens, aangebied deur populêre kulturele vorme (vgl. ook McGrath, 2005:278).

Binne die Christendom is daar verskillende vorme van Christusgesentreerde spiritualiteit (Wakefield, 2001:5). Spiritualiteit word as 'n sambreelterm gesien, waaronder baie godsdienstige ervarings gereken kan word, byvoorbeeld 'n gevarieerdheid in gebede, aanbiddingswyses, praksis, tugtoepassing, asook die fases in die godsdienstige lewe. Spiritualiteit word ook beïnvloed deur ontnugterende sake, soos oorloë, peste en epidemies. Spiritualiteit is die totaal van magte, invloede, gelowe en dissiplines, wat bewustelik en onbewustelik die mens beheer en bepalend is by die mens se motiewe, sy gedrag en in die vorming van die mens se persoonlikheid.

Tog dui spiritualiteit nie in totaal op 'gees' nie, aangesien hierby méér kom as die rasionele. By spiritualiteit is die onbewuste, irrasionele, instinktiewe en mistieke ook ter sprake. In die spiritualiteit van die Christen is daar identifiseerbare stadiums in die ontwikkeling van die individu se naderbeweeg na eenheid met God toe (vgl. 3.8.3.4.5). Die mens kan in die ontwikkelingsgang egter nie die hedendaagse wêreld deur spiritualiteit ontsnap nie, aangesien spiritualiteit deel bly van elke deel van die lewe (Wakefield, 2001:1-7; Tickle, 2008:91-93). Peterson (1994:6, 7) omskryf spiritualiteit soos volg:

> "Spirituality is the attention we give to our souls, to the invisible interior of our lives that is the core of our identity, these image-of-God souls that compromise our uniqueness and glory."

Tog word spiritualiteit gereeld met suspisie bejeën. Dit gebeur wanneer buite die evangelieteks om geleef word en die méns as uitgangspunt gestel word. Ware Christelike spiritualiteit verskuif altyd die klem weg van die mens af en fokus op Christus, is gegrond in

die Woord en is gewortel in ’n gesonde tradisie (Peterson, 1994:8, 37). In die tagtigerjare is reeds deur Runia (1988:74) geïdentifiseer, dat ’n nuwe spiritualiteit binne die verwikkelde versplintering, oplewing terug na Christus toe laat ontstaan (vgl. Olivier, 2006:79, 84). Burger (2007:12) voeg hiertoe by dat Europa die laagtepuntdraaipunt as Christelike lae groeipotensiaalarea reeds beleef (het) (vgl. 4.4.1.3-4.4.15; 4.4.5.2.2). Verder ook, dat in die ontkerstende Europa (Bosch, 1991:3; Jenkins, 2006:186), by name Skandinawië (Burger, 2007:12), maar ook wêreldwyd (vgl. 4.5.4), ’n groeitendens binne die charismatiese stroom opmerklik is (Jenkins, 2006:188; Barret *et al*, 2001:19).

Oplewing in spiritualiteit is nou verbonde aan ondoeltreffendhede in die kultuur van die samelewing (Heitink, 1999:271). Verskillende soorte spiritualiteite kan derhalwe onderskei word. Die evangeliese spiritualiteit hou op wettiese wyse vas aan die Woord en begeer intens om by God te wees. Die charismatiese spiritualiteit fokus op die Heilige Gees, terwyl die sakramentele spiritualiteit die gevestigde ou tradisies, die saamdoen van rituele en deurvoer van simboliese handelinge belangrik ag. Die aktivistiese spiritualiteit konsentreer fanaties op optrede ter wille van ’n saak van nood of van sosiale onreg, terwyl die intellektuele spiritualiteit op die integriteit van die kerk fokus. Laastens manifesteer asketiese spiritualiteit in nadenking, dissipline, stilte, afsondering en eenvoud (Du Toit, 2000:168-170).

Tog is spiritualiteit nie net Christelik nie. Spiritualiteit strek so wyd dat dit ook op bose geeste kan dui, asook op strome, soos sosialisme, kommunisme, fundamentalisme en onheilighede wat tot geweld kan lei. Heidene besit dus ook spiritualiteit. Aangesien definitiewe strominge, veral sedert 1960/1970 ontwikkel het, moet die geeste binne spiritualiteit voortdurend ondersoek word (Wakefield, 2001:4, 103-107). Hieronder kan Christo-fasisme en swart spiritualiteit genoem word, asook spiritualiteit in gewysigde vorm, byvoorbeeld feminisme, die vryheidsteologie, New Age, asook die nuwe hervormers.

5.4.1.3.2 Subjektiwisme

Die versplintering van die Christendom toon ’n subjektiewe karakter (Du Toit, 2000:167; Tickle, 2008:150-160), derhalwe fokus die proses van subjektivering op individue as soewereine subjek wat hul lewens op hul eie manier leef en wat nie gerig wil word volgens reëls, gesagstrukture of wat ander hul voorsê om te dink nie. Die voorkeur is om spiritueel te wees en nie spesifiek godsdienstig (post-denominasionalisme) nie (Tickle, 2008:64-66, 91-93,

131, 133, 149; vgl. 4.5.4). Dit behels, onder andere, dat die individu bemagtig word deur die Gees om dan vanuit hierdie bemagtiging, ’n sinvolle lewe voer (Woodhead, 2004:335; Brouwer *et al*, 2007:40, 58, 183). Heitink (1979:331, 335) stel in die sewentigerjare al dat subjektivering op ’n ander manier van glo dui, naamlik dat

> “een privatisering van de godsdiens plaatsgevonden, waarmee bedoeld word dat de godsdienst zich heeft teruggetrokken op de privé-wereld van de mense.”

Elkeen se eie emosies en eie ervaring is dus in tel (Heitink, 1999:28). Sekularisasie (vgl. 5.4.1.4) is ten nouste betrokke in die lewenswêreld van die gesubjektiveerde, individualistiese en losgeslane individu in ’n pluralistiese en migrerende samelewing (Bosch, 1991:3; Hendriks, 1996:142). Van der Walt (2008:24, 25) stel subjektiwisme en relatiwisme as koersloosheid. Kerklike deelname, indien wel, is slegs ’n deel, indien enigsins, van die versplinterde wêreld van die individu. Maar ondanks en danksy die situasie, is daar baie ruimte vir godsdiens in die gesubjektiveerde samelewing - grootliks omdat die mens se vrae eerlik is.

Selfs al wil kerklike instellings nie toegee aan subjektiwisme nie, word die instellings tog ten einde te oorleef, geforseer om hul mettertyd wel daaraan te steur (vgl. 4.4.5.3; Tickle, 2008:150-160). Daar is binne die tradisionele stroom groot wantroue teenoor die sterkerwordende eise van subjektiwisme. Diegene wat nie by die subjektiwistiese eise kan aanpas nie, gewoonlik die ouer geslag, vind gewoonlik ’n tuiste in konserwatiewe waardes in tye van verandering en ontwrigting (vgl. 5.4.1.1; Hendriks, 2003). Die charismatiese stroom se sukses lê daarin, dat subjektivering wel binne spesifieke grense geakkommodeer word. Sodoende is verskuif na persoonlike bemagtiging deur ’n kombinasie van ’n sterk gemeenskap, duidelike moraliteit. ’n Volledige aanvaarding van subjektiwisme, as mag van benede binne die Christendom, is steeds nie ’n aanvaarde gegewe binne die tradisionele stroom nie. Ondanks hierdie feit ten spyt, gaan die ontplooiing van subjektiwisme op geestelike én sekulêre vlak steeds voort (vgl. 4.4.5.3; Tickle, 2008:64-66; Woodhead, 2004:347, 410 ev.).

Die meeste tradisionele Afrikaanse “susterkerke” is steeds (ultra)konserwatief, alhoewel geleidelike aanpassing en bemagtiging op grond van subjektiwisme en ’n meer mensgerigte uitgangspunt, tog geleidelik manifesteer. Vanuit ’n konserwatiewe perspektief word kerke,

wat oorgaan tot erkenning en aanpassing by die subjektiwistiese denkwyse, telkens as liberaal getipeer (Woodhead, 2004:347-349; (vgl. 4.4.5.3; 5.4.1.1.1-5.4.1.1.3).

5.4.1.4 Sekularisme en ander bepalende -ismes

Volgens ’n sosiologiese analise deur Dekker (1996:246-258), behels die sekularisasieproses as bydraende faktor tot kerkkrimping, drie verskillende vlakke. Die eerste vlak fokus op die afname in godsdienstigheid onder die individuele mens (individu). Tweedens word gefokus op die vlak waar die invloedsfeer van godsdiens beperk word (kerk) en derdens word gefokus op die vlak van aanpassing van die godsdiens by die waardes van die gemeenskap (samelewing). Sekularisering is die gevolg én volhoubaarheid van die afname van konvensionele Christenskap en godsdienstigheid. Die krisis en die aktiewe hantering van die veranderinge staan bekend as die sekularisasieproses. Die sekularisasieproses is uiters gekompliseerd en dié term word gebruik as grootste gemene deler vir enige sodanige prosesse binne die tydperke van modernisme en postmodernisme.

Breedweg kan die sekularisasieproses chronologies soos volg beskryf word (Cameron *et al*, 2005:55; Gill, 2003:2, 3, 153; Heitink, 1979:334; Heitink, 1999:43; Van Wyk, 2006b:5-7; Woodhead, 2004:338):

> Die mens besit geloof, wat in die tye van sekerheid en vrede, nie diepsinnig groeiend is nie;
>
> Sosiale veranderinge tree in, waardeur dié (yl)gelowige ontnugter word;
>
> ’n Krisis in die geloofslewe ontwikkel;
>
> Geloof opsigself kom onder verdenking en ’n geloofwaardigheidskrisis ontstaan;
>
> Kerkgang as menslik-sosiale aktiwiteit raak onbelangrik;
>
> Kerkgang en geloofsinstansies word negatief hierdeur beïnvloed;
>
> Onkerklikheid/buitekerklikheid neem toe, deurdat onder andere, ander instansies vir die geprivatiseerde individu se vryetydsbesteding voorsiening maak.

Tydens die sekularisasieproses ontwikkel terselfdertyd gepaardgaande -ismes, waaronder ook pluralisme en globalisme. Hierdie -ismes manifesteer op makrovlak, deurdat die gelowiges met ander gelowe en met eksklusiewe godsdienstige bewegings op wye vlak, in kontak kom (vgl. Bosch, 1991:3). Dit manifesteer deurdat ’n groot aantal mense uit ’n land, byvoorbeeld Suid-Afrika, op ’n ander plek soos Wes-Europa, gaan werk. Ook in Suid-Afrika is die instroming van buitelanders en die daaropvolgende verwikkelde sosiale en globale vervlegtheid, ’n aktuele beïnvloedende faktor op die huidige Suid-Afrikaanse denkwyse (Boesak, 2008:12) (vgl. 5.4.2.3).

5.4.1.4.1 Pluralisme, globalisme en ander -ismes

Binne die hedendaagse nuut-ontwikkelende sosiale opset het elke indvidu sy eie denkwyse en wêreldbeskouing, wat van nature binne ’n sosiale opset konflikterende denke ontlok (Burger, 2007:12; Gill, 2003:217; Heitink, 1999:282,283; Niemandt, 2007:12; Tickle, 2008:50, 51, 104-107; Van der Walt, 2004:263-290; Woodhead, 2004:338). Weens die godsdienstige verskeidenheid van die hedendaagse samelewing en pluralistiese denke, het die gelowige dus ’n groot keuse om sy gewysigde godsdienssin, nou bekend as spiritualiteit (vgl. 5.4.1.3.1), te bevredig. Roxburgh (1997) stel dat die huidige godsdienstige geslag in die liminale fase verkeer. Dit kan verduidelik word aan die hand van puberteit met die nog-vis-nog-vlees-manifestasies. Tog kom almal deur dié fase en tree daarna totaal anders op as voor/tydens puberteit. Die geslag van die toekoms gaan derhalwe wel godsdienstig wees, maar ’n geheel anderse godsdiensuitlewing daarstel.

Die gewysigde godsdienssin toon ’n totaal anderse lewenswyse waaronder ook tekens van ’n verbruikersmentaliteit, globale beweegbaarheid en derhalwe ook die ervaring van baie lokaliteite wat na vore kom. Die relevansie van ’n lokale, stadig-aanpasbare kerk as instelling, neem hierdeur af (Cameron *et al*, 2005:51, 84; Heitink, 1979:331; Olivier, 2006:79, 82). Die gevolg is dat die plaaslike gemeente nie meer opgesoek word nie, die gemeente ervaar krimping en kerkgeboue raak mettertyd in onbruik. Statistiek aangaande kerklike betrokkenheid, afname in kerkbesoek en afname in lidmaatskap is in westerse geledere tans ’n bevestigde tendens – so ook in die “susterkerke” (vgl. Hf. 4) (Altemeyer, 2004:77-89; Hadaway *et al*, 2005:307-322; Iannaccone & Everton, 2004:191-207; Smietana, 2006:85-88; Wilhelm *et al*, 2007:217-232; Ward, 2004:2-12).

Globalisering dui op ’n netwerk van ruimtelikheid op aarde. Die negatiewe van globalisme en ander -ismes, soos individualisme, subjektiwisme, kapitalisme, asook die tegnologiese ontploffing en postmodernisme, grens, aldus Goosen (Duvenage, 2007:10), aan nihilisme. Volgens Fellows (2007?) (vgl. 5.4.1.2) is -ismes bloot subtendense binne sekularisme wat uiteindelik uitloop op die heidendom as die uiteindelike gemene deler vir al die strome (Burger, 1999:132, 133: De Klerk, 2000:451-468; vgl. Ihde, 2004:439; Van Wyk, 2006b:5-7). McGrath (2005:279) maak melding van Oswald Spengler se boek, *The Decline of the West*, wat verduidelik dat die geskiedenis bewys dat kulture tot stand kom ter wille van godsdienstige redes. Wanneer die spirituele daaromtrent volledig ontgin is, word plek gelaat vir die oorname van ateïsme/heidendom (Barret *et al*, 2001:19), wat net eenvoudig weer oorgeneem word deur ’n fase van godsdienstige vernuwing. Die finale golfbeweging kan beskryf word as die tweepolige wisseling tussen Christelike herlewing en heidendom.

Rev. Isaac Maleke (2010), vise-rektor van Mukanyo Theological College en bekeerling uit die CZZ, stel dit baie sterk dat die swart sinkretistiese kerke nie Christelike kerke is nie, alhoewel meeste bronne die tipering wel gebruik en sodanig ’n geweldige Christelike groei in die charismatiese stroom konstateer. Indien Christus nie die sentrale plek in die spesifieke Christelike godsdiens inneem nie, is dit volgens Maleke, nie ’n Christelike kerk nie. Indien die Suid-Afrikaanse konteks deur hierdie gereformeerde uitgangspunt benader word, is die meerderheid swart “Christene” onchristelik. Deur die intense verwewing van voorouveraanbidding en derglike sinkretistiese manifestasies, kan die groot persentasie kwasi-Christelike swart kerke, wel as deel van die heidendom beskou word. In die lig hiervan het die krimpende reformatoriese kerke ’n nog groter roeping en taak tot transformasie ter wille van die Groot Opdrag in Suid-Afrika.

Die huidige positiewe rol van globalisme is dat die netwerke globaal en positief in diens van die opdrag in Mat 28:18-20, aangewend kan word deur die ruimtelike potensiaal in God se skepping so te ontsluit en dit so aan te bied dat die hele aarde daarby kan baat (Van der Walt, 2004:263-290). Die nadeel is egter dat vanuit Suid-Afrika hierdie bydrae slegs kan geskied vanuit dié wat finansieel daartoe instaat is, naamlik die blanke westerling wat in vergelyking met die land se bevolking nie noemenswaardig in getalle is nie (vgl. 5.4.2.7).

Omdat al die denkstrome in hul vervlegte wyse elke mens raak, toon die gelowige in die kerk ook tipiese hedendaagse -isme-simptome. Een van die opmerklikste simptome is, dat die

gelowiges aan die een kant “kerk net vir hulself” toe-eien, ’n introverte laervorming daarstel en daardeur gebrek aan aanpassingsvermoë, dinamiese leierskap en visionering toon. Op die wyse word gebrek aan die missie van die kerk getoon (Hendriks, 1996:143). Die uitspraak “’n minderheidskerk staan … in die realiteit van die Gees” toon weer ’n ander mening. Hierdeur word terugverwys na Christelike subjektiwisme (vgl. 5.4.1.3.2) (Heitink 1999:282; Niemandt, 2007:37, 38; Van der Walt, 2008:24).

5.4.1.4.2 Diachroniese benadering van sekularisme

Gill, Woodhead en Van der Walt bekyk sekularisasie vanuit verskillende tydgleuwe. Binne ’n bestek van 20 jaar het Gill self besef dat sy mening rakende sekularisasie, moontlik nie korrek is nie. Sy uitgangspunt was dieselfde as Woodhead, naamlik dat sekularisasie as verwêreldliking die hooffaktor is rakende krimpende kerke. Namate verdere ondersoek gedoen is, het Gill tot ander insigte gekom, naamlik dat sekularisasie nie die begin-oorsaak kan wees nie. Gill het die oorsaak dieper gaan soek. Die stand van die individu se geloof in Christus het hy as begin- en kern-oorsaak uitgewys. Björk (2006:321) sluit by Gill aan deur te stel, dat die individu en sy verbondsverhouding met God die bepalende faktor is. Gill bestry dus die feit dat kerkgang afgeneem het, omdat sekularisasie geleidelik toegeneem het weens die ingrypende denkveranderinge in die 19e en 20e eeu. Hy bestry sekularisasie as enigste oorsaak van krimpende kerke. Daarby meen Gill dat fisiese, sosiale en meer meetbare redes ook bydraend is tot die verwikkelde verskynsel van krimpende kerke. Volgens Gill, kan denkstrome nie alleen aanspreeklik gehou word vir die krimpende tendens nie, alhoewel dit wel grootliks aandadig is.

Van der Walt meen sekularisasie of verwêreldliking is nie bloot ’n vermindering van godsdiensgtigheid nie, aangesien hy meen dat sekularisme self ’n alternatiewe godsdiens/lewensvisie is wat al die ander op die “openbare” terrein wil vervang (2008:24, 25). In die lig van Fellows se navorsing, kan heidendom sinoniem gereken word met wat Van der Walt as sekularisme beskou, met die verskil dat nie een, sekularisme of die heidendom, ’n godsdiens is nie, maar wel ’n spesifiek gerigte denkwyse.

Deur die ondersoek aan die hand van Gill, Woodhead en Van der Walt kan die ontwikkeling van sekularisme en hul verskillende menings daaromtrent duidelik gesien word. Gill dui op

die kern-oorsaak van sekularisme, Woodhead dui op die verloop daarvan en Van der Walt en Fellows toon die natuurlike gevolg/uiteinde van sekularisme.

5.4.1.4.3 Teorieë

Ward (2004:1-3) verbreek die spekulasie oor sekularisme deur drie teorieë oor kerkkrimping te stel:

1) Die teorie van sekularisme: Wilson en Bergen beskou hierdie teorie, asook postmodernisme as meelopend daarmee, as uitgedien en postsekulêre. Hulle reken dat godsdiens, ten spyte van intense beïnvloeding deur die uitgerekte sekulariseringsproses, behoue gebly het.

2) Die teorie dat godsdiens voortdurend is. Hiermee word bedoel dat godsdiens onlosmaaklik deel is van die sosiale samestelling van die mens. Hierdie teorie word, veral deur Martin en Greeley, voorgestaan. Hiervolgens sal en kan godsdiens nooit verdwyn nie. Ook Casanova meen:

> "Religious resurgence … is as much a feature of modern societies as is religious decline" (Ward, 2004:1).

3) Die teorie van verdelende wegbreek van die godsdiens. Verdeling geskied binne die samelewing as gevolg van pluralisme en versplintering. Kerke krimp onder die faktore, maar verdeling ten spyt, bly godsdienstigheid steeds bestaan, alhoewel op gewysigde manier (vgl. 4.4.5.3). Hierdeur word bevestig dat sekularisme iets van die verlede is. Die wegbeweeg van godsdienstigheid word soos volg gestel (Ward, 2004:3):

> "Secularization of belief is not the end of belief but the movement by which the elements of belief break free of the structures prescribed by religious institutions."

Hiervolgens is daar 'n duidelike breuk tussen "belonging" (om te behoort, byvoorbeeld om aan 'n gemeente te behoort) en "believing" (om te glo). Volgens hierdie teorie verkeer die hedendaagse mens in 'n kerklose geloof. Die ontwortelende veranderinge in 'n samelewing

skep ’n drumpel-toestand wat lei tot “outsiderhood” (Roxburgh, 1997:24, 25). In dié soeke na identiteit en rigting onttrek die mens hom heeltemal en word dan deel van die “revolving-door syndrome” (Barret *et al*, 2001:19) en van “advance and recession” (vgl. 4.4.1.3) en wat kan lei tot ’n kerklose samelewing. Die sindroom stem ooreen met die verskynsel van seisoene wat gemeenskappe op kleiner skaal kan ervaar wanneer verandering intree. Die tydperk van voorspoed (societastyd) word afgewissel met ’n onseker oorgangstyd (communitastyd) wat weer oorgaan in ‘n tyd van voorspoed (vgl. 5.4.2.6).

Die kerk as vrywillige organisasie met vrywillige betrokkenheid sorteer onder sosiale instellings. Dit is ’n bewese feit dat ook ander sosiale instellings melding maak van getalle wat kwyn. Binne sosiologiese opset, is die kerk as krimpende fenomeen, dus nie ’n uitsondering nie (vgl. Ward, 2004:3).

Skematiese voorstelling van denkstrome as aanleidende faktore by kerkkrimping



Die premoderne denkstroom het grootliks tot ’n einde gekom deur die rasionaliserende verwikkelinge tydens en na die Verligting. Tog het die bestaan van premoderne denke nie summier verdwyn nie, vandaar die spasies op die skematiese voorstelling om te toon dat die denkstroom in verminderde mate voortvloei en met die toenemende modernistiese denkstroom versmelt.

Tydens die groei- en bloeitydperk van die modernisme het sekularisme tegelykertyd gefloreer. Met die ontnugtering in die mens, veral rondom die Tweede Wêreldoorlog, het postmodernisme, as nuwe denkstroom, geleidelik momentum begin kry. Die modernisme het steeds invloed uitgeoefen, maar geleidelik het dié stroom, asook die óorblyfsels van premoderne denkwyses, begin oorgaan in die volgende denkstroom (postmodernisme). Oorblyfsels van die modernisme ten tye van die daaropvolgende denkstroom, word deur die spasies op die skematiese voorstelling, as behoudende deurgang getoon.

Sekularisme, as grootste gemene deler van beïnvloedende denkstrome, floreer steeds tydens die era van postmodernisme, maar neem skynbaar in intensiteit af namate postmodernisme en talle ander bepalende -ismes oorgaan in subjektiwisme binne ’n versplinterde heidendom. Die Christendom en ook die “susterkerke” ontkom nie aan een van dié beïnvloedende denkstrome nie - maar bly in ’n totaal gewysigde vorm deur Christusgesentreerdheid behoue.

5.4.1.5 Samevattende konklusie: denkstrome

Die invloed van denkstrome begin by die premoderne tydperk, beweeg deur die moderne en postmoderne tydperke om in die eerste dekade van die 21e eeu by ’n punt te staan te kom, waar al drie tydperke, met elkeen se tiperende kenmerke, intens versmelt is, maar ook byna uitgedien is. ’n Nuwe Christenheid met unieke, nuwe kenmerke en eise word sodoende betree. Waar en wanneer ookal ontnugterende omstandighede manifesteer, word die mens se denkwyse direk geraak. Tydens die moderne era met sy tiperende kenmerke het reaksiestrome, naamlik die fundamentalisme/konserwatisme en humanisme/liberalisme gegroepeer om die nuwe onstabiele omstandighede te probeer verwerk. Aangesien tegelykertyd ander sosiaal ontwrigtende gebeure plaasgevind het, het ontnugtering in die modernisme as denkstroom ontstaan. Die daaropvolgende denkstroom, naamlik die postmodernisme, het sodoende momentum begin kry. Net soos die mens onwillekeurig deur die modernisme beïnvloed is, word die volgende geslagte onwillekeurig deur die

postmodernisme beïnvloed. Reaksiestome is weereens ter sprake. Die reaksiestrome kan op ’n kontinuum van prominensie geposisioneer word. Vanuit die liberale denkstroom probeer die mens, met sy subjektiewe ervarings, sin maak van die postmoderne denkstroom; ’n denkstroom sprekend van die versplinterde samelewing wat manifesteer deur ’n vervlegtheid van pluralisme, globalisme, individualisme en materialisme. Sekularisasie, as versamelnaam vir die totale proses in godsdienstige afname en toename in verwêreldliking, is steeds teenwoordig in die huidige era, maar neem ook af namate alle vorme van outoriteit afneem, terwyl spiritualiteit en subjektiwiteit die plek daarvan inneem.

Gesien teen die tempo wat denkstrome verander, word gemeen dat die postmoderne denkstroom en die sekularisasieproses in die huidige bestel so te sê uitgedien is. Die versplinterde, gesekulariseerde samelewing is reeds oorgegee aan die volgende stroom, naamlik die heidendom. Weens die meer behoudende ruimte van die Christendom, is die voortbeweeg van die gesekulariseerde denkstroom-invloede steeds binne die godsdienstige strome prominent teenwoordig. Derhalwe is dit nog nie uitgedien nie. Deur die remmende aard van die tradisionele “susterkerke”, kom verknogtheid aan die modernistiese denkstroom steeds voor en sodanige denkwyses manifesteer steeds in die gereformeerde tradisie. Dié agterstand en dualisme van die kerk wek wantroue in relevansie, die geloofwaardigheid van die tradisionele stroom word aangetas en distansiëring van die kerk geskied.

Die mens van die eerste dekade van die 21e eeu se denkstroom is ingebed in subjektiewe oortuigings. Twee groepe binne die subjektiwistiese denkstroom van die hedendaagse mens bestaan, naamlik die heidendom en die Christelik-spirituele gelowige. Laasgenoemde fokus op Christus, maar die geloof word ánders uitgeleef as in die tydperk toe godsdienstige instellings met outoriteit geag is. Binne die spirituele stroom bestaan die behoefte van die gelowige om binne hul subjektiewe denkwyse, bemagtig te word om self tot teologiese denke te kom. Die reaksiestrome is in hierdie tydperk weereens prominent teenwoordig.

Die Afrosentriese mens in Suid-Afrika ervaar dieselfde krisis as die Eurosentriese mens in die hedendaagse oorgangstydperk, naamlik die soeke na identiteit te midde van vervlegte denkstrome. Die Afrosentriese mens verskil egter omdat hul huidige denke vanuit ’n ander geskiedenis beleef word. Hulle denkraamwerk is sodanig dat dit ontvanklikheid vir die charismatiese stroom se benadering meebring. Hul kulturele erfenis dra verder by dat ’n sinkretistiese Christendom beoefen word. Die swakhede in hierdie Afro-Christelikheid kan

met verloop van tyd veroorsaak dat die charismatiese benadering uitgedien raak en dat oorweldigende massas oorgaan tot die heidendom.

In elke eeu waartydens die sekulariseringsproses aktief gemanifesteer het, is elke mens ook onwillekeurig betrokke. Die mens, nie die sterk- óf ylgelowige, is in staat om die invloed van die verwikkelde onomkeerbare denkstroombewegings binne 'n versplinterde samelewing teë te staan nie. Ongeag onwillekeurige beïnvloeding, sal godsdiens nooit verdwyn nie, aangesien vernuwende beweeglikheid van die godsdiens altyd ter sprake is. Die manier van godsdiensuitlewing sal egter gedurig verander - ook weens die aktiewe voortstuwende beweeglikheid. By hiérdie punt het die "susterkerke" nog nie gekom nie. Die kerke is derhalwe onwillekeurig onderworpe aan die beïnvloedende uitwerking van denkstrome met die gevolglike uitrafeling van die bestaande identiteit wat sprekend is van krimpende kerklidmate.

5.4.2 Landsomstandighede

Volgens Gill moet eers na die meetbare of eksterne faktore, waaronder die fisiese, sosiale, ekonomiese en politieke faktore sorteer, gekyk word, voor na die niemeetbare faktore (vgl. 5.4.1) gekyk word. Volgens hierdie ondersoek word gemeen, dat dit sinvol is om die studie andersom aan te pak, sodat die meetbare faktore binne die groter raamwerk van niemeetbare faktore gesien en beoordeel kan word. Die grootste faktor is immers die onmeetbare faktore wat (yl)gelowiges maklik ontwrig (vgl. 5.4.1.4). Daarby is die vervlegte meetbare faktore, wat onder *landsomstandighede* bespreek word, net so talryk en verwikkeld.

5.4.2.1 Kerkgeboue, ontvolking en verstedeliking

Wanneer na kerkkrimping gekyk word, is fisiese sake, soos die besit van 'n *kerkgebou*, die *hoeveelheid* kerke binne 'n sekere dorp/streek en die *grootte* van die kerk van belang (Gill, 2003:2-4). Alle denominasies moedig immers kerkbesoek aan en voorsien gevolglik geboue om die *bevolkingsgroei* te akkommodeer. Gill (2003:3, 4) en Cameron *et al* (2005:85) meen, dat *ontvolking* van die platteland en *verstedeliking*, ook sterk bydraende faktore tot kerkkrimping is (vgl. Erasmus & Hendriks, 2003:89; Hendriks, 1993:549).

Weens *ontvolking* in Suid-Afrika (Laubscher, 2006), is baie meer kerke op die platteland gebou as wat tans nodig is, terwyl stedelike gebiede weer nie tred gehou het met die

instromende getalle van alle bevolkingsgroepe en die veranderende sosiale omstandighede weens *verstedeliking* nie. Volgens die Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRR) (Kane-Berman, 2007:21) woon 89,9% blankes tans in stedelike gebiede in Suid-Afrika. Talle krimpende plattelandse "susterkerk"-gemeentes getuig van krimpende getalle weens ontvolking. Die stedelike kerke daarenteen, is ook nie ingestel om die soort ondersteuningstelsel te bied wat geloofsgemeenskappe behou nie. Hierdie proses is statisties ook in Engeland deur Currie, Gilbert & Horsley nagevors en is in *Churches and churchgoers* weergegee (Gill, 2003:3).

Wanneer gedink word aan die "susterkerke" is drie kerkgeboue (vgl. Hf. 6 C1 1-3) telkens binne dieselfde streek/dorp gebou. Vir hierdie kerke as institutionele modelle speel die fisiese gebou 'n groot rol, veral waar groot veranderinge in die sosiale lewe plaasvind (Cameron *et al*, 2005:84, 85; Niemandt, 2007:38, 39). Die fisiese gebou se rol is die byeenkomplek in 'n verwarrende wêreld. Dit bied kohesie vir onderlinge plaaslike verhoudings in die onsigbare netwerk van die gemeenskap (vgl. Hf. 6 C3 5-8). Geboue en tradisie is nou verbonde aan identiteit. Verknogtheid hieraan bemoeilik telkens die eis om veranderinge, veral waar die gemeente sterwend/krimpend is (Olivier; 2006:80, 128, 129). As geboue, weens ekonomiese nood afgestaan moet word, is die verskynsel telkens dat die gemeente ook uitmekaar spat. Kerk en kerkgebou is dus vir baie "susterkerke" nog sinoniem. Kerkgeboue staan vir permanensie en vastigheid in 'n veranderende wêreld 'n soort laer. Lewenskragtige kerke kom egter op enige plek byeen, is nie staties nie, is aanpasbaar en beweeglik en word deur Van der Spuy gesien as die "lanseerplek" van projekte en uitreike na die wêreld toe (Jackson, 2006:7) (vgl. teenstrydigheid tussen C3 9 en G).

Wijnbeek (2007:43-45) stel dat 75% van die Nederlandse jeug die Christelike godsdiens waardevol ag vir die behoud van norme en waardes. Volgens die oortuiging word geboue in stand gehou en nie summier afgebreek of mee weggedoen nie. Tog ag hulle die kerk as instelling nie geloofwaardig nie en kerkgang is nie deel van hul lewe nie (Brouwer *et al*, 2007:28). Jansen (2008:14) meen die Nederlandse jeug is a-religieus en a-kerklik as direkte gevolg van hul ouers se ongeërgdheid jeens die Bybel. Die jeug weet "letterlik niks van God en die Bybel nie" en is uitermate materieel gesind. Wijnbeek en Jansen meen dat kerkbesoek en kerkverlating hier in Suid-Afrika weens dieselfde redes plaasvind.

5.4.2.2 Kerkbesoek

Kerkbesoeksyfers is wêreldwyd deur sosioloë ondersoek en bevind dat kerk-/katkisasiebesoek dan ook wêreldwyd afneem, maar dat godsdienstigheid nie noodwendig verdwyn nie. Sosioloë beskou kerkstatistieke egter as onbetroubaar en oordrewe. Die rede hiervoor is dat nie op die integriteit van die mens gereken kan word nie. Die mening word gehuldig dat slegs ongeveer die helfte van die ingewinde statistiek as ware feite beskou kan word (Gill, 2003:11-21; Hadaway *et al*, 2005:217-232; Wilhelm *et al*, 2007:1; Ward, 2004:2-12; Iannaccone, 2004:1; RNS, 206:15; Smietana, 206:85-88; Malphurs, 2004:35). Die betroubaarste gegewens is diachroniese data wat binne dieselfde geografiese area oor ten minste twee punte oor ’n lang tyd nagevors is. Statistiek met kerkbesoek as onderafdeling van kerklidmaatskap is volgens diachroniese data dus meer akkuraat. Kerkbesoekdata vertoon egter afname namate kerke krimp (vgl. Bylae D, E en F).

Die *bevolkingsafname aan die hand van dalende geboortesyfers* binne die “susterkerke”, is reeds in 4,7 aangetoon. Volgens die SAIRR is die bevolkingspiramides in ’n verslag wat saamgestel is deur Macfarlane, ’n SAIRR-demograaf (Van Aardt, 2006b:4), sodanig dat die piramide rakende blankes heeltemal onstabiel vertoon. Die normale getalle behels groot getalle jongmense en minder ouer persone. Die grootste deel van die wit bevolking is tans persone tussen 40 en 59. Die jong geslag, wat geboortesyfers daar moet stel, is dus afwesig. Die grafieke bevestig die aanname deurdat daar ’n afname is van wit kinders, veral onder tien. Hierdie statistieke voorspel ’n dodelik-ernstige gevaar vir die wit bevolking se toekoms (Giliomee, 2004:540; Hendriks, 1993:548, 549), wat implisiet ook gevaar vir die kerk se toekoms voorspel. Die vrees vir uitsterwe was nog altyd ’n sterk dryfveer in die oorlewingsstryd wat die Afrikaner deur die eeue getoon het (Giliomee, 2004:xv, xvi, 419). Die invloed van die keuse rakende voorbehoedmiddels, beroepslewe vir die vrou, asook materiële voorspoed wat ’n beroepslewe bring ten koste van kindertoevoeging, dra by tot die afname in geboortesyfers (Tickle, 2008:112-115). Die vinnige swart bevolkingsaanwas, beter lewensverwagting by swart vroue, asook daling in suigelingsterftes, veral in die tweede helfte van die vorige eeu, het die uitlating van Comte, naamlik “Demografie is lotsbestemming” vir die Afrikaner met sy getalswakte, ’n onaangename werklikheid gemaak - die HIV-pandemie ten spyt (Giliomee, 2004:539).

Wat die ouer geslag betref, neem getalle op natuurlike wyse af, alhoewel afsterwe skynbaar later plaasvind as ’n paar dekades gelede, aldus die statistiek van Nielsen, wat aantoon dat bejaarde mense geneig is om ouer te word as in die verlede (Gill, 2003:49; Lamprecht, 2006:14). Die SAIRR-statistiek (Kane-Berman, 2007:12) rakende blanke bevolkingsgroei voorspel ’n negatiewe bevolkingsgroei onder blanke Suid-Afrikaners as die tendens van -8,08 % vanaf 2001 tot 2021 volgehou word:

2001	4 634 659
2011	4 457 804
2021	4 260 232

5.4.2.3 Ekonomiese, politieke en sosiale faktore

Sosiale en menslike faktore is altyd deel van enige vervlegte wysigingsaktiwiteit (Brouwer *et al*, 2007:47). Davie (2006:257) stel, volgens sosiologiese navorsing, dat ook die *ekonomie* van ’n land ’n uitwerking op kerkbesoek het. In Europa is daar ’n invloei van buitelanders wat die werkskrag van die land versterk. Dit stel op godsdienstige vlak ’n toename in verskillende godsdienstige moontlikhede. Dit dra by tot pluralisme. Die keuses rondom godsdienstige betrokkenheid is ook hierdeur uitgebrei (vgl. 5.4.1.4). Migrerendes kies egter nie die institusionele kerke nie, omdat die kerke nie vir hulle behoeftes geskik geag word nie, en omdat die meeste gevestigde kerke nie voorbereid is om die verskeidenheid te akkommodeer nie (Brouwer *et al*, 2007:40). Indien die gelowiges van ’n land in die buiteland gaan werk soek weens ekonomiese redes in die vaderland, is kerkbesoek in die vaderland uiteraard direk in gedrang. Indien die ekonomiese redes ook *politieke* raakpunte het, soos in Suid-Afrika waar misdaad en regstellende aksie ter sprake is (Kane-Berman, 2007:12, 491, 492), is die afwesige persoon se plek in die kerk derhalwe leeg. Die uitspraak van Altemeyer hieromtrent is ’n vasstaande gegewe (2004:77-89):

> “... persons who rarely come to services remain largely beyond the influence of their home religion.”

Dat die persoon se leë plek weer gevul sal word wanneer teruggekeer word, indien ooit, is dus sterk te betwyfel. Leë plekke binne “susterkerke” bly hiervolgens leeg.

Volgens Van Aardt (2006a; 2006b:4) het ’n hele geslag blankes die land verlaat en in die buiteland werksgeleenthede gaan soek. Die verskuiwing is hoofsaaklik weens *misdaad* en rasgedrewe *regstellende aksie* tydens die huidige oorgangstydperk (vgl. Giliomee, 2004:619, 620; Heimweë, 2007:12; vgl. Dreyer, 2009:13; Kane-Berman, 2007:11, 251; Van der Westhuizen, 2007). Misdaad het in die onlangse verlede kommerwekkende vlakke bereik, alhoewel die statistiek toon dat misdaad sedert 1994 en Maart 2006 met 11,3% afgeneem het, uitsluitend moord, verkragting, onsedelike aanranding en roof. Die SAIRR toon die stand van misdaad teen 2006/2007 soos volg (Kane-Berman, 2007:437, 447, 489, 490):

Moorde per 100 000 mense: 39.5
Plaasaanvalle 1991-2006: 8718. Hoogste aantal aanvalle in 2001.
Plaasmoorde 1991-2006: 1564. Hoogste aantal moorde in tydperk 1998-2001.
Verkragting per 100 000 mense: 39.5
Roof per 100 000 mense: 255.3
Moord op kinders onder 18 jaar: 1075 (tydperk 2004/2005)
Kriminele aktiwiteit binne besigheids-opset: 16 169
Inbrake by besigheidspersele per 100 000 mense: 116
Aanvalle op polisiebeamptes: 1 274
Gevangenisbevolking: 157 402

Volgens ’n onderhoud wat Robinson (2008) met die woordvoerder van die Instituut van Sekerheidstudies, Johan Burger, oor misdaadstatistiek gevoer het soos bekendgemaak deur minister Nqakula in Julie 2008, toon dat moord afgeneem het, maar dat roof, kapings en diefstalle, veral by besigheidspersele, toegeneem het. Moord in Suid-Afrika is steeds 38 per 100 000 mense, wat vyf maal meer is as die wêreldgemiddeld van 5 per 100 000 mense. Volgens Burger het ’n studie in Engeland, asook ’n meningsopname in Suid-Afrika, bevestig dat al vertoon statistiek ’n afname in misdaad, die vrees onder mense nie afneem nie.

Die gesindheid van die ANC-regering, by monde van minister Nqakula, het telkens negatiewe reaksie uitgelok. ’n Sprekende voorbeeld was die volgende uitlating:

> "Why don't we hear complaints from township folks? The government you were part of left these people to their own devices when it came to crime. Now that you're also on the receiving end of crime, you start complaining. That's disgusting! There are two options. You can complain until you are blue in the face or leave the country so that the rest can get on with our work."

Gebrek aan behoorlike ANC-leierskap verskerp rassespanning. Die plofbare landsomstandighede vertoon weinig vordering in die daarstel van 'n nierassige reënboognasie, die tydelike skynbare eenheid tydens die Fifa-wêreldbeker in 2010 ten spyt. Die teleurstellende besef het weereens na vore gekom deurdat geen openlike teregwysing deur die ANC geskied het toe die ANC-Jeugleier, Julius Malema, by herhaling deur die vryheidsliedjie, *Skiet die Boer*, rassehaatspraak ten spyte van 'n hofbevel, herhaaldelik gedemonstreer het nie. Binne dae hierna het verdere polarisasie tussen wit en swart plaasgevind deur die moord op die AWB-leier, Eugene Terreblanche . Vrees en gebrek aan sekuriteit het hierdeur weer landwyd opgevlam (Ncube, 2010).

Sielkundig beskou is die teenwoordigheid van vrees 'n rede vir die mens om na bonatuurlike uitkoms te soek, sodat die vrees besweer kan word. Vrees kan derhalwe die soeke na God laat toeneem (vgl. 7.2.3.2.4.2; Ihde, 2004:440, 455). Die teendeel is ook ter sprake, aangesien wantroue in die kerk, die Woord en in God, sterk ervaar word tydens die oorgangstydperk. Die menslike wilsbesluit ter wille van selfbehoud kom in sulke tye sterk op die voorgrond (vgl. Ihde, 2004:454, 455). Vrees en gebrek aan sekuriteit, maar ook regstellende aksie, dien as motiverende faktor vir grootskaalse blanke emigrasie (Hendriks, 2000:75; 2000a:293; Giliomee, 2004:622). De Beer (2007:109-132) meen emigrasie behoort teen 2012 gewysig te word, aangesien die eerste groep kinders wat in Suid-Afrika gebore is sedert 1994, die arbeidsmark dan betree. Die Afrikaprobleem van armoede, gesien teen die intensivering daarvan gedurende die apartheidsjare, bly egter deur rasgedrewe regstellende aksie gemotiveer. Volgens statistiek verskaf deur SAIRR (Kane-Berman, 2007:202, 248, 256) het 4 228 787 persone minder as 1 dollar per dag om van te leef. Proporsioneel bereken behels dit 8,8% van die bevolking (2005). Dit het in 2002 gepiek met 9,7%. Die armoedegaping is 'n ongenaakbare realiteit in Suid-Afrika (Erasmus & Hendriks, 2003:93, 96). Die ANC-regering benader die armoedeprobleem derhalwe in 'n ernstige lig en het swartbemagtiging, bekamping van werkloosheid en regstellende aksie ingestel om die probleem aan te spreek.

Die voorsitter van die Employment Equity Commission, mnr. Manyi, verduidelik regstellende aksie soos volg (Kane-Berman, 2007:251):

> "Employment equity is deliberately a race-based act intended to achieve a race-blind end."

Onder die ANC-regering het die ekonomie sterk groei getoon (Kane-Berman, 2007:59) en 'n positiewe beeld uitgestuur vir werkverskaffing en beleggings, aangesien 'n groot tekort aan basiese vaardighede gerealiseer het, grotendeels ook te wyte aan die deurvoer van regstellende aksie. Hierdie probleem is in 2006 aangespreek deur 'n raamwerk daar te stel waardeur buitelanders met dié vaardighede in Suid-Afrika kan kom werk. Hierdie optrede om burgers met vaardighede, waaronder Afrikaners, binne sy land op rassegronde werk te ontsê en dan weer wetlik geleenthede daar te stel dat buitelanders mag kom om die werk te doen, het weereens 'n negatiewe reaksie by die betrokke Afrikaners ontlok. Die emigrasiesyfers vanaf 1999-2006 beloop soos volg (Kane-Berman, 2007:44, 47):

1999 - 8 487
2000 - 10 262
2001 - 12 260
2002 - 10 890
2003 - 16 165

Van die drie "susterkerke" word van slegs die NG Kerk in die SAIRR-statistiek melding gemaak: In die tydperk 1980-2001 toon dié kerkverband -13,6% afname. Sedert 1996 het getalle soos volg afgeneem (Kane-Berman, 2007:39):

1996 - 3 527 075
2001 - 3 005 697

Die instroming van buitelanders het sedert 2006 ook die woede van die ander Suid-Afrikaanse landburgers in xenofobiese aanvalle laat ontvlam (Jeffreys, 2008:10; Kane-Berman, 2007:538). Die toestand van onveiligheid en geen sekuriteit vir landsburgers is telkens deur

die opposisie aan die regering gestel. Die regering het aan die begin van xenofobiese optrede dit afgemaak deur tekort aan inligting en tekort aan mannekrag as genoegsame redes te stel om nie verder aandag aan die saak te skenk nie. Die onvermoë van die regering om die verwikkelde sosiale samelewing met integriteit te regeer, motiveer die tradisionele Afrikaner verder om emigrasie, ter wille van sekuriteit en veiligheid, te oorweeg (Wijnbeek, 2008:32-43) (vgl. Hf. 6 I 1-2).

Dit is duidelik dat die Afrikaanse "susterkerke" sedert 1994 ekonomies en polities 'n geweldige skok en ontnugtering beleef het (Hendriks, 2000:80; 2000a:292, 293). Die skok is ook sosiaal ervaar deurdat die Afrikaner-gelowige van dominante heerserposisie afgeskaal is tot sondebok (vgl. Nqakula se uitspraak hierbo). Op politieke en sosiale vlak is die Afrikaanse "susterkerke" na die *periferie* verskuif waar geen stem hoorbaar is nie (Du Toit *et al*, 2002:45; Giliomee, 2004:611, 619; Oliver, 2007:32) (vgl. Hf. 6 I2 6). Die siklus van wantroue en gebrek aan geloofwaardigheid, asook verlies aan identiteit, syfer na afloop van dié skok onder Afrikaner-gelowiges deur om 'n geloofskrisis daar te stel (vgl. 5.4.1.2; 5.4.1.4; Hendriks, 2000a:292, 293). Die reaksie affekteer assosiasie met die kerk negatief, kerkbesoek neem af en kerkkrimping neem toe. Dit geskied ten spyte van pogings van die TKR om as verenigde front 'n stem daar te stel en gereelde beriggewing van gepoogde, dog steeds onsuksesvolle gesprekke binne NG-geledere rakende nierassige kerkeenheid (Die Kerkblad, 2008:39, 41; Jackson, 2008a:10) (vgl. Hf. 6 I2 7).

Die skok het wantroue in die kerk versterk, omdat die geloofsuitgangspunt van die Afrikaner voor en tydens die apartheids-era met 'n analogie-skematisme gewerk het en soos volg op die Skrif gebaseer was (Hendriks, 2000a:294): Soos vir die volk Israel, was dit ook vir die Afrikaner onmoontlik om die sekulêre en godsdienstige dimensie te skei, omdat dit in die denksisteem geheelomvattend was. Die Corpus Christianum-idee was deel van die teologie, met ander woorde dat kultuur deur Christus se heerskappy as 'n vasgestelde gegewe daargestel is. Die liggaam van Christus is derhalwe deur die taal van segregasie verduidelik ter wille van die sekulêre sosiale ordening van mense. 'n Kulturele chauvinisme het op grond van die siening van Corpus Christianum onder die Calvinistiese kerke ontstaan (Hofmeyer & Pillay, 1994:228, 229). In die lig van die politieke omwentelinge rondom 1994 kon die kerk nie antwoorde op vrae hieruit voortspruitend, bied nie. Terselfdertyd het die verlaagde en stemlose sosiale status wat die kerk na apartheid beleef het, 'n negatiewe ingesteldheid

ontlok, onbetrokkendheid, of in die term van Hendriks (2000a:292), ’n “lamsakkige ingesteldheid”, laat toeneem en die oorloop na ander kerke aangemoedig - ook weens ekklesiologiese faktore (vgl. Hf. 6) (vgl. Barret *et al*, 2001:8; Erasmus & Hendriks, 2003:81; Hendriks, 1993:548, 550; 1996:143; 2000:80; 2000a:293; Oliver, 2007:23-40).

Hiermee gepaardgaande volg die probleem van *morele onsekerheid* by Afrikaners**.** Dit het ontstaan aangesien die kerk en die staat in die apartheidsjare moreel ooreengestem het. Sedert 1994 het liberalisering deur openbare sedelikheidswetgewing geskied. Dit het veroorsaak dat lidmate wat nie persoonlik verantwoordelikheid vir hul waardes wou aanvaar nie, morele onsekerheid begin ervaar het sedert Suid-Afrika ’n sekulêre staat geword het (Erasmus & Hendriks, 2003:81; Hendriks, 2000a:292). Die kerkprentjie van die tradisionele Afrikaanse “susterkerk” het verander. Dit het gelei tot vervreemding, maar ook tot groter bewuswording van die individu opsigself weens die ekonomiese en politieke magteloosheid, maar ook grotendeels omdat die kerk niks anders was (is) as ’n toeskouer by ontwikkelende gebeure en weinig tot geen invloed meer kan uitoefen nie. (Du Toit *et al*, 2002:3, 4, 44; 48; Oliver, 2007:28, 29; Stilma, 1988:80). Die WVK se bedoeling was om versoening te bevorder, maar het slegs gedeeltelik daarin geslaag in soverre dat versoening bloot onder die Christen se aandag gebring is (Barry, 2006:691-714). Die gedragswyse van die Afrikaner om te onttrek, terug te trek in privaatheid en selfs in verregse oortuiging te hergroepeer, getuig dat die proses verrig deur die WVK, nie suksesvol was nie (vgl. Hf. 6 I1 3) (Giliomee, 2004:612, 613; Hendriks, 2000a:292, 293). Die oorlewingsywer van die Afrikaner het ’n geweldige knou gekry, omdat politieke mag - ten diepste die uitingsvorm van ’n “geroepe” (2004:626) volk in diens van God - die Afrikaner ontneem is. Verder is die krisis verdiep deurdat Afrikaans, as draer van identiteit, beskerming verloor het, bykans op alle openbare terreine afgeskaal is en nie meer ’n nasionalisties, etnies-saambindende (slegs 40%) doel dien nie. Afrikaners groepeer egter steeds rondom taal soos dit in die eerste dekade van die 21e eeu tot uiting kom, maar dan wel deur die letterkunde en kunstefeeste (Giliomee, 2004:562, 622-626, 630).

5.4.2.4 Tegnologie

Tegnologiese toerusting en gepaardgaande vaardighede binne die privaatheid van die gesinsopset getuig van ekonomiese voorspoed. Die tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowige val binne hierdie groep (vgl. Hf. 6 I3 16). Die invloed van tegnologie, gesien teen globalisasie (vgl. 5.4.1.4.1; Erasmus & Hendriks, 2003:81) en die onttrekking van die

Afrikaner op die ekonomiese, politieke en sosiale vlak, moet nie onderskat word nie (vgl. Tickle, 2008:51, 104-108). Die rekenaar, elektroniese vermaak en die televisie neem in baie huishoudings die plek van die Bybel in (Cameron *et al*, 2005:85;. Oliver, 2007:24; 28; Rall, 2007:12). Die opkomende geslag is Bybels ongeletterd, ook omdat die ouers afwesig is en die gesinskultuur radikaal verander het (vgl. Hendriks, 2003; Tickel, 20080: 112-115). Indien die godsdienstige ervaring in die huisgesin ontbreek, word kerkbesoek geraak en kerke krimp (vgl. 5.4.2.5). Indien die kerk die hedendaagse mens tegnologies nie effektief bedien nie, lei bediening daaronder aangesien lidmate nie met die ruimte identifiseer nie (vgl. Hf. 6 I3 14) (Olivier, 2006:120, 152). Vanuit Nederland berig Wijnbeek (2007:44) dat Sondag-aande se religieuse televisieprogram groot aftrek kry. As gevolg hiervan poog kerkrade daar om vermaak in die eredienste in te bring en ook om kerklike feesdae te beklemtoon. Die gevolg is dat veral die ouer lidmate nie hiervan hou nie en dat kerkbywoning as gevolg van hierdie ouderdomsgroep se reaksie verder afneem. Aldus Jansen (2008:14) is vrysinnige (liberale) kerke dolleeg.

Die spasie wat die kuberruimte aan die huidig vervreemde Afrikaner-jeug bied, verleen egter ’n gevoel van erkenning. Dit verleen ook die ruimte om sy/haar identiteit binne ’n geïsoleerde private ruimte, maar tog ook wêreldwyd as wêreldburger, waar die kerk as instansie irrelevant gereken word, uit te leef (Dreyer, 2009:13) (vgl. 5.4.2.6). Die ondersoek gedoen deur Markinor (*World Value Survey*) (Erasmus & Hendriks, 2003:87) toon, ten spyte van die groei in Christendom onder die swart bevolking, dat daar op godsdienstige vlak ’n effense afname by die jonger generasies onder alle bevolkingsgroepe is.

5.4.2.5 Menslike verhoudings

Menslike verhoudings binne huishoudings het van die voorheen algemeen aanvaarde monokultuur, verskuif na ’n multikultuur, aldus Marais van die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (BUVTON) op Stellenbosch. Dit behels dat mense in een huishouding as gevolg van vervlegte invloede in verskillende rigtings ontwikkel en verskillende gedragspatrone openbaar (Du Toit *et al*, 2002:27). Die verbrokkeling van die gesin as algemene hedendaagse verskynsel, word deur Putman (Cameron *et al*, 2005:85) gesien as krimping van die kerk, aangesien gesinne geneig is om saam kerk toe te gaan. By verbrokkelde gesinne gebeur die teendeel (vgl. Tickle, 2008: 114, 115; Hf. 6 I3 14, 15).

Godsdiens by die opkomende geslag kan ook nét leef as dit van harte van geslag tot geslag oorgelewer word. Die tradisiestroom wat by voorgeslagte geleer is, het oorleef juis omdat dit effektief by veranderde omstandighede kon aanpas en met alle erns deur die volgende geslag geleef is (Du Plooy, 2006:18-20; Du Toit *et al*, 2002:6). Die gesin as primêre sosialiserings-instansie staan egter nie sterk nie. Ouers binne die gereformeerde tradisie het, onder andere in Nederland, nie die gereformeerde werklikheid uitgeleef nie. Vervreemding van die kerk se oorsprong lê dus in die gesin. Dié probleem is al in die tagtigerjare soos volg geformuleer (Runia, 1988:45):

> "Het eigenlijke probleem is de afnemende inhoud van de gereformeerdheid onder de gereformeerden."

Die probleem lê dus nie primêr by die jeug nie, maar by die ouers. Die kwaliteit van die godsdienstige sosialisering en waardevorming in die gesin, saam met kerkbesoek en gesamentlike gebede is van belang, want daarsonder sit die kinders met onsekerhede, soos dat hul ouers niks meer het waarin regtig geglo kan word nie (Hendriks, 1996:143; vgl. Jansen, 2008:14; Tickle, 2008:101, 108, 114, 115). As geloofsvaslegging nie tydens die primêre sosialiseringsproses (in die huis) plaasvind nie, is godsdiens bloot uiterlik en word dit maklik vervang deur sekondêre sosiolisering (buite die huis). Dit lei tot vervreemding van die kerk met verheidensing as gevolg (Hendriks, 1993:548, 550:550).

Terselfdertyd beïnvloed faktore, soos of kerk toe gegaan wil word of nie, of toegegee gaan word aan seisoenale faktore, byvoorbeeld die weer en die tyd van die jaarkalender, die menslike *keuse* (Gill, 2003:18) (vgl. Hf. 6 I3 17). Keuses, ook wat kerke betref, is soveel groter en veral die jeug as opkomende geslag onder die huidige (ylgelowige) ouerkorps, word hierdeur geraak (Davie, 2006:257). Dit staan bekend as afkoelteologie (Tickle, 2008:131, 132).

Sedert die tagtigerjare van die vorige eeu, het sosioloë al die belang van godsdienstige oorlewering deur die ouers aan die opkomende geslag as uiters belangrik gereken ter wille van voorkoming van kerkkrimping (Stilma, 1988:25, 27, 76, 96). Latere sosioloë, soos Crockett en Voas, asook Altemeyer as psigoloog, stel onomwonde dat kerkkrimping direk geraak word deur laksheid in oordrag deur die ouer geslag na die jonger geslag - in so 'n mate dat godsdiens deur die jeug as irrelevant en vervelig beskou word (Altemeyer, 2004:77-89:

Crockett & Voas, 2006:567-584). Die afname tussen opeenvolgende generasies, toon dus ’n duidelik oordragspatroon tussen die ouers se godsdienstige karakter en die van hul kinders. Weens die verwikkelde veranderinge moet die kerke bewus wees van die generasiegaping wat op hierdie gebied bestaan (Crockett & Voas, 2006: 567-584; Runia, 1988:45-47; Van der Walt, 2006:32) (vgl. Hf. 6 I3 15).

’n Volgende aspek binne die gesin, is die ouers se gedrag en kritiek-uitsprake as toonbeeld van waardes of afwesigheid van *waardes*. Die oorlewering van materialistiese waardes as vervanging van godsdienstige waardes, is deur die Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek aan US en Markinor ondersoek. Die ondersoek het, onder andere, aangetoon dat 47% Suid-Afrikaanse ouers meen dat binne die materialistiese voorspoed wat beleef word, geloof wel as wáárde vir kinders geleer moet word. Die ander 53% meen dus nie so nie. Die implikasie is dat ’n groot aantal huidige ouers van mening is dat sonder godsdienstige waardes geleef kan word, aangesien materialistiese voorspoed van groter waarde is. Materialisme kry dus voorrang. Die kerk ervaar egter meesal op verskillende terreine finansiële druk ten spyte van oorwegend materiële voorspoed by gemeentelede (Acta, 2006:305-341; Buchner, 2002:12). Dit is duidelik, dat die kerk as instansie, nie gewig dra in die maak van godsdienstige keuses en in die stel van ’n waardesisteem nie.

5.4.2.6 Wese van die Afrikaner

Die *wese* van die hedendaagse Afrikaner is ook ’n faktor wat aanleiding gee tot kerkkrimping. Die Afrikaner van die eerste dekade van hierdie eeu sit in homself vas weens verskeie faktore, waaronder die uitwerking van die sosiaal-ekonomies-politieke omstandighede op elke individu én die subjektiewe verwerking daarvan. Jordaan beweer (2008:8, 9) dat Afrikaanse Christene sterk individualisties en beterweterig is en weinig sin vir eenvormigheid besit (vgl. Hf. 6 I2 10). Eenvormigheid in die sin van nasionalisme het veral na die 1992-referendum getaan, hoofsaaklik omdat roepingsbewustheid ’n doodskoot gegee is deur die destyds-ontwikkelende politieke realtiteit en omdat eenvormigheid teenoor die Britse Ryk en Engelse kultuur nie meer ter sprake was nie (Giliomee, 2004:626; Hendriks, 2000a:295).

Weens die gebrek aan eenvormigheid, asook terughoudendheid vanweë die politieke geskiedenis van die Afrikaner, is van ’n gesamentlike stem wat van die Afrikaanssprekende uitgaan teen faktore soos misdaad, regstellende aksie, swak landsadministrasie, korrupsie en

rassisme, nie werklik sprake nie (Hendriks, 2000a:293, 295). Die herbou van strukture, die heropbou van menslike waardigheid te midde van die huidige landsomstandighede, asook ’n Afrika-dienswilligheid, dra baie lae prioriteit by die Afrikaner. ’n Afrika-dienswilligheid ontbreek bykans, in kontras met onverskrokkenheid van Afrikaanse voorvaders; onverskrokkenheid wat ernstig verlang word in die “turbulant situation in which the Afrikaans-speaking Christians currently find themselves” (Du Toit *et al*, 2002:48; Oliver, 2004:36, 37; 48) (vgl. Hf. 6 I4 21).

Die “turbulant” landsomstandighede dui tans steeds op ’n oorgangstydperk (vgl. Hf. 6 I2 12). Dit is egter ’n gegewe dat groepe en gemeenskappe seisoene ervaar (vgl. Roxburgh, 1997:26; 4.4.1.1). Burger (1995:23-25) bewoord die tydperke/seisoene soos volg: Die *societastyd* van ’n groep dui op die voorspoedfase. Alles is dan goed gestruktureer, almal voel goed oor hulself, veiligheid, rustigheid en vertroue in die toekoms bestaan. Weens die beheer wat ervaar word, vind die institusionaliseringsproses maklik plaas en orde en strukture is in plek. Die volgende fase is die *communitassituasie*, wat onsekerheid en oorgang kenmerk. Die vorige fase se reëls word gewysig, denke, emosies en ervarings verskuif uit die gemaksone tot herformulering afgehandel is. Dit is vanselfsprekend dat die twee situasies, wat sekerheid en onsekerheid betref, grootliks verskil en ’n direkte invloed op die wese van die huidige Afrikaner, asook sy godsdiensbelewing, uitoefen. Op kleiner skaal stem die patroon ooreen met “advance and recession” (vgl. 4.4.1.3).

In tye van onsekerheid is *leierskap* van groot belang. Die filosoof, Johan Roussouw, meen leierskap is om mense sover te kry om nuut te verstaan en die onbekende nuut te betree (Niemandt, 2007:160) (vgl. Hf. 6 I2 13). Die Afrikaner-volk het skynbaar ’n groot behoefte aan leierskap, veral Christelike leierskap, derhalwe ook die behoefte aan leidinggewende instellings, soos universiteite en teologiese skole (Fraker & Spears, 1996:179; Oliver, 2007:27-30; Scholtz, 2006:4). Oëverblindende beriggewing geskied sporadies deur middel van die geskrewe media, waar skynbaar gepoog word om lesers te oortuig dat leiding onder die laergetrekte Afrikaners deur “denkendes” geskied (Malan, 2007:15). Dit is weereens ’n bewys dat die Afrikaner nie besef in watter toestand hy verkeer nie (Oliver, 2007:23-40) (Hf. 6 I4 19, I4 20).

In die oorgangstydperk waarin die Afrikaanssprekende Christene nou verkeer, is party positief en ander negatief. Die meeste maak egter deel uit van ’n swygende middelgroep (Giliomee,

2004:625; Oliver, 2004:36, 37). Hierdie groep se grootste *vrees* is dat daar vir hulle persoonlik en vir hulle kinders nie ’n toekoms in Suid-Afrika gaan wees nie (vgl. 5.4.2.2; 7.2.3.2.4.2). Die negatiewes trek hul terug in ’n tipe laer, ’n soort innerlike immigrasie of ’n eie sfeer van suiwer persoonlike verhoudings, belangstellings en selfs godsdiensbeoefening. Sommige maak hul heeltemal los en gebruik *emigrasie* as ontvlugtingsmiddel (Hendriks, 2000a:294). Volgens die SAIRR-verslag is daar weens emigrasie, ’n beduidende gaping in die blanke ekonomies-produktiewe bevolking tussen 20 en 39. Die tendens neig ook nie af te neem nie. Die afgelope 10 jaar het 1 uit 5 blankes die land verlaat. Dit dui op ’n verlies van ’n geslag van jongmense en kinders. Die 2005-syfers toon dat blanke Suid-Afrikaners in die land 4,3 miljoen beloop. Dit beteken dat daar 841 000 minder is as die 5,2 miljoen van 1995. Die dekade tot 2005 word op 16,1% geraam. Vooruitsigte met dieselfde intensiteit sal teen 2015 net 3,3 miljoen wees terwyl dit teen 2045 reeds 300 000 sal beloop (Robinson, 2009; Van Aardt, 2006a; 2006b:4).

Volgens ’n spesiale verslag na aanleiding van wáár die jongmens se toekoms lê, word aan die hand van gegewens verskaf deur die SAIRR, gestel dat emigrasie afhang van wat die individu soek en waarmee die persoon bereid is om haar/hom mee te identifiseer (Labuschagne, 2007:138-142; Wijnbeek, 2008:32-34). Aan die ander kant bestaan daar egter ook nog die wat wél betrokke wil raak by die Suid-Afrikaanse situasie en ook vir die regte van die Afrikaanssprekende wil stry, byvoorbeeld deur aksies soos die van die vakbond Solidariteit, ATKV, FAK en die Vrye Afrikaan (ATKV, 2008a, 2008b; Du Toit, 2002:43; FAK; vgl. Kane-Berman, 2007:251; Van der Walt, 2008:11). Lewenskragtigheid is ’n eienskap wat telkens tydens oorgangstye in die verlede al onder die Afrikaner opgevlam het. Aangesien die huidige oorgangstydperk by die Afrikaner nog nie afgehandel is nie, kan positiewe optrede in die toekoms by Afrikaners wat in Suid-Afrika aangebly het, wel verwag word. Dit sal, volgens Giliomee (2004:610), veral vanuit die jonger geslag na vore kom deur hul trots op die nuwe demokrasie en die nuwe simbole wat hul as hul eie toe-eien.

Uit drie briewe deur M.J. Lourens (Edleen), Pieter van der Merwe (Constantia Park) en E. de Klerk (Ontario), gepubliseer in die briewekolom van *Beeld* (2008:18), word gemeen dat dit elke individu se eie keuse is om te besluit of hy/sy na ’n ander land toe wil verhuis/emigreer (vgl. ook Olivier, 2006:83 en Wijnbeek, 2008:32-34). Volgens die briefskrywers kan dáár ook vir die Here gewerk word, soos hulle voorouers ook gemeen het toe omstandighede in hul

eie vaderland moeilik was. Lourens meen selfs, dat al die baie kerkgeboue, heel moontlik getuig van "oorversadiging". Gesien in hierdie lig, is Van Rooy (2007a:39-41) se standpunt van onverskilligheid teenoor evangelieriglyne heel moontlik in die kol, veral as die godsdiens-uitgehonderde multikulturele konteks van Suid-Afrika mee rekening gehou word.

Van Rooy meen die eintlike rede vir krimping is nie primêr geleë in dalende kindertal en emigrasie nie, maar in die wese van die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige wat oppervlakkig en halfhartig is in hul geloofslewe en dit tot uiting laat kom in *onverskilligheid* teenoor die evangelieriglyne (vgl. ook Schoeman, 2008:2). Hierin sluit Van Rooy aan by Gill, wat tot dieselfde gevolgtrekking gekom het rakende krimping in Engeland, asook by Runia rakende krimping in Nederland (Gill, 2003:3; Runia, 1988:45). Onkunde oor kerklike werkswyses wanneer verhuis word, word in besonderhede deur Jackson (2006a:17) in *Beeld* bespreek. Dit is sprekend van godsdienstige onverskilligheid. Geen melding word gemaak van attestate nie, maar wel of die kerk binne ry-afstand van die nuwe tuiste is. Talle moontlikhede word gestel oor die keuse van 'n kerk, waaronder die voordele en nadele van makrogemeentes, die preeklengte, die kerkatmosfeer en die bestaan van verskillende spiritualiteite se voorkeure en afkeure. Die feit dat die kenmerke van die ware kerk nie ter sprake is by die keuse-uitoefening nie (vgl. 6.4.1), beklemtoon die mate van onkunde en onverskilligheid wat onder die hedendaagse Afrikaanssprekende (yl) "susterkerk"-gelowiges heers rakende kerklike betrokkenheid (vgl. ook Botha, 2007:48).

5.4.2.7 Die multikulturele en postkoloniale tydperk

Die hedendaagse tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige leef onder die besef van sy posisie binne 'n *multikulturele en postkoloniale* Suid-Afrika. Die Afrikaner is nasate van die koloniseerder (Nederland 1652), maar is ook nasate van 'n volk wat gekoloniseer was (deur Engeland na die Anglo-Boereoorlog). In hierdie lig is die Afrikaner as postkoloniale burger in Suid-Afrika 'n westerling, maar as gekoloniseerde ook 'n Afrika-boorling. Afrikaans as blanke Afrikaner-besit het deur die apartheidsregering ook in die slag gekom, deurdat ander sprekers van Afrikaans deur Afrikaner-nasionalisme met Afrikaans as instrument, "gekoloniseer" is (Giliomee, 2004:633; Hendriks, 1993:548, 550:550; Van Coller, 2007:55-59; Viljoen, 1996:162-164).

Die dubbele historiese identiteit versterk die isolering/vervreemding van die Afrikaner na 1994. Deur die isolering vind onttrekking plaas aan die samelewing, die politiek en maatskaplike sake. Die skynbare verdwyning van jongmense uit die gemeentlike lewe versterk die onttrekking ook aan godsdienstige instellings (vgl. Hf. 6 I2 6; Erasmus & Hendriks, 2003:87; Fraker & Spears, 1996:179). Intensivering van die vervreemding vind verder plaas deur die oorheersende Afro-nasionalisme (vgl. 4.4.5.2.2). Die gebrek aan selfvertroue by die Afrikaner kom na vore deur die afwesigheid van lewende simbole, asook die afwesigheid van lewende, groeiende taal- en kultuurgemeenskappe. Die afwesighede beklemtoon die identiteitskrisis waardeur tans beweeg word. Die terugtrek in die private lewe en gevolglike vereensaming/isolering, asook ’n intenser fokus op die eie persoonlike ekonomiese en materiële vooruitgang, kom voor. Hendriks (2000:79), asook Barret *et al* (2001:3, 6), toon aan hoe hoër die lewenstandaard, hoe groter die daling in getalle. Die enorme daling onder Blankes vanaf 1980 (4,154 miljoen) tot 1996 (3,435 miljoen) word hieraan toegeskryf. Verder werk die materiële en geïsoleerde toedrag van sake daartoe dat die huidige geslag hul onwetend in ’n “materiële paradys” bevind (Giliomee, 2004:633; Jackson, 2006b:5; Olivier, 2006:83; Rossouw, 2007a:10).

Die armoedegaping tussen swart en blanke inkomste per miljoenrande het in 2005, volgens die SAIRR, soos volg beloop (Kane-Berman, 2007:205): Swart bevolking: 35 726; Blankes: 489. As die armoedegaping tussen swart en wit en die huidige fokuspunt (van die tradisioneel Afrikaner “susterkerk”-gelowige as deel van die blanke bevolking), naamlik materiële voorspoed, vergelyk word, is dit duidelik dat die Afrikaner inderdaad in geweldige isolasie en onkunde verkeer en dat selfbehoud intens beleef word. Jenkins (2007:223) haal Desmond Tutu aan om die geweldige afstand tussen die derdewêreldse gelowige en die eerstewêreldse gelowige aan te toon:

> “Be nice to whites, they need you to rediscover their humanity.”

Godsdienstige instellings wat die gelowige in die steek gelaat het, asook die moontlik aanspreek rakende die gelowige se skuldbesef (Giliomee, 2004:633), word vermy, met die gevolg dat kerkbesoek afneem en krimping plaasvind. Huidige landsomstandighede speel in kontras met die Groot Opdrag en die eise daaraan verbonde, in die wese van die huidige Afrikaanssprekende “susterkerk”-gelowige nie ’n wesentlike rol nie.

Rudi Buys, Jeugkommissaris van die Wes-Kaap (2008:19), meen dat die rede vir steeds heersende rassistiese neigings onder die Afrikaanse jeug, moontlik bestaan weens "sosialisering van jongmense volgens uitgediende norme binne *geïsoleerde* gemeenskappe." Histories beskou was die besit van grond en die daarstel van 'n nageslag vir die Afrikaner van uiterse belang. Hierdie strewe is deur die verloop van die tyd gewysig, maar geen alternatief het inherent ontstaan om dié vakuum te vul nie. Vir die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige het die Groot Opdrag skynbaar nog nie werklikheid geword nie, naamlik dat na 'n permanente vaderland (grond) vir alle nasies (nageslag) gestreef moet word en dat daarvoor binne die huidige omstandighede gewerk moet word (Buys, 2007)(vgl. ook Olivier, 2006:37, 38; Walls, 1996:9-15).

Wat wel as opkomende alternatief beskou kan word ter vulling van die onttrekking/vervreemding/isolering, is die uitkoms wat die tegnologiese ontwikkeling, byvoorbeeld die kuberruimte, bied. Die aktiwiteit as kuberruimtebesoeker, byvoorbeeld op LitNet, kan deur middel van die tegnologie 'n uitreik en 'n tuiste wees vir die nuwe geslag. Slegs 8,3% van die Suid-Afrikaanse bevolking het toegang tot internet. Indien die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige in die kuberruimte 'n tuiste vind, word bloot weereens die ekonomiese/materiële voorspoed wat binne die geledere bestaan beklemtoon.

Ekonomiese voorspoed word deur die volgende SAIRR-statistiek as 'n gegewe gestel: 71% blankes bo 18 jaar besit 'n motor. Hierteenoor toon statistiek dat 18% swartes, 18% kleurlinge en 35% Indiërs in besit is van een voertuig (Kane-Berman, 2008:417). Die leefwêreld van die blanke getuig dus weereens van ekonomiese voorspoed, as 'n "materiële paradys" en van isolasie, vervreemding en soeke na, asook die uitleef van 'n nuwe identiteit. Die identiteit wat die huidige geslag Afrikaanssprekendes openbaar, tipeer hom/haar as globale burger (Van Coller, 2007:59). Op die webruimte (ATKV, 2008b) word wêreldwyd kubervriende gemaak. Hierdie vriendskappe bied die Afrikaanssprekende binne die gevestigde vlak van voorspoed 'n tuiste en binne die veilige geïsoleerdheid van die internetruimte, kan 'n nuwe identiteit uitgeleef word. Sodoende beleef die huidige geslag 'n ander werklikheid as wat die sosio-polities-ekonomiese omstandighede van Suid-Afrika in der waarheid is en herstrukturering van denke geskied binne hierdie raamwerk.

’n Aantal steekproewe is gemaak om die veranderende denkwyse van die Afrikaanse jeug te ondersoek. Op *Kletskerk* stel St. Clair (2007) sy saak soos volg (Taalgebruik is onveranderd weergegee - SvH):

> “Vroeër jare was dit 'n sosiale verleentheid om nie aan een van die susterkerke te behoort nie en 'n absolute skande as ’n Afrikaner 'n ateïs was - iets wat die gemeenskap sou sien as iemand wat sy trou aan die volk verloën het. Maar nou met die vryer denke van die Afrikaner, losgemaak van die NP, kerk, ens., begin ons nou ons Afrikanerheid verder te verloor?”

St. Clair van Helderberg (2007) klets soos volg

> “MAAR ahsurwhateveryournameis, die kwessie van wat 'n Afrikaner is, is in ons huidige sameleweing 'n groot aktuele saak wat baie bespreek word, en dus ook 'n respons van ons KK ateïste en kristinne vra, hoofsaaklik ten opsigte van die invloed van Calvinistiese Kristenskap op ons volk vandag en die mate van hoe Afrikaners dag vir dag losgemaak word van daardie "bondage".”

Dit is duidelik dat hierdie voorbeelde van hedendaagse blanke, Afrikaanssprekende Christen jongmense, drasties verskil van die tradisionele beeld rakende die kerk, volk, politiek, taal of waardes (vgl. ook Alant, 2007). Die behoefte en wese van die nuwe ontluikende *Afrikaner-identiteit* kom ook sterk na vore wanneer na Swarts se blogging (2007) gekyk word. Swarts meen, onder andere, dat blogging die hedendaagse gemarginaliseerde Afrikaner ’n kans gee om binne die veilige ruimte van die internet, weer ’n stem te ontwikkel en onderdrukking teë te staan. Hy meen dat almal deur middel van die internet immers gelyk is. Die nuwe ontwikkelende denksisteem toon ’n totaal anderse Afrikaner: ’n Afrikaner by wie ’n teologiese paradigma van reformasie terug na die kernwaarhede van die Woord, bykans nie sprake nie (vgl. Schwarz, 1999:11, 12). Walls (1996:7) verduidelik hoe belangrik ’n geestelike tuiste is vir die vorming en uitbou van identiteit (vgl. ook Hendriks 1996:143). Hy bring dit egter direk in konteks van godsdiens. Die verband wat hierdeur met die ontwikkelende Afrikaner-identiteit getrek kan word, is dat die internet as kultuurmekka die plek van godsdiens inneem.

5.4.2.8 Afrika as derdewêreld

Binne die verskuiwende oorgangstadium waarin die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" hulself bevind, is daar weinig sprake van 'n Afrika-dienswilligheid in die "susterkerk"-spiritualiteit (Du Toit *et al*, 2002;48; Olivier, 2006:74) (vgl. Hf. 6 I4 21). Afrika, by name die inheemse Afrika-mens, het die Christendom egter op so 'n wyse aanvaar dat dit deel van hul Afrika-kultuur geword het (vgl. ook Jenkins, 2007:140, 141, 223; Walls, 1996:11, 79-101; 5.4.1.4.1; 2.2). Afrika-Christendom en hul interpretasie van die evangelie verskil van die westerse interpretasie; 'n interpretasie wat nie meer universeel in die Christendom toegepas word, of deur die voorheen gekoloniseerdes geag word nie. Die waarheid van die Woord word deur 'n kulturele *bril* gelees (McLeod & Ustorf, 2003:223):

> "Each variation of Christian identity has its own centre, and every sphere its own centre of gravity."

Ustorf verwys na Sanneh se studie oor Afrika en die Christelike geskiedenis, waarin aangetoon word dat die Christendom nie 'n spesifieke kultuur of taal benodig nie (vgl. ook Jenkins, 2007:162; Murahashi, 2001). Hierdie studies fokus op die gevorderde vlak van dissipelskap, naamlik die universele krag wat die kultureel-spesifieke oorspan. In die *reeds-maar-nog-nie-bedeling* staan dit in spanning met die kultureel-spesifieke krag. Kultureel-spesifiek krag dui op die eie kultuur wat 'n tuiste bied vir godsdiensbelewing en verskeidenheid daarstel (Walls, 1996:53, 54). Dit bring die "susterskerke" en Afrikaner-kultuur, wat 'n *eerstewêreldse, Europees-westerse sekulêrbeïnvloede* interpretasie van die Christendom behels, binne *'n derdewêreldse Afrosentriese sinkretistiese* interpretasie van die Christendom onder die loep (vgl. 4.4.5.2.2).

In Afrika het die Christendom sonder die pad van die Verligting en gepaardgaande invloede ontwikkel. Afrika se pad behels armoede, oorlog en die onmiddellike omgewingsomstandighede, byvoorbeeld die HIV-pandemie. Die huidige oorgangstydperk met die aangepaste taak rakende die Groot Opdrag, waarvan die tradisioneel Afrikaanse "susterskerke" skynbaar nie bewus is nie (Oliver, 2007:23-40), hang ten diepste nie af of dit Europees- of Afrikagerig is nie. Die enigste denkwyse wat rigtinggewend is en kan wees, is 'n Christusgerigte denkwyse (Walls, 1996:24, 25; vgl. 7.2.3.6). Of hierdie (nuwe) rigting en sprong as taak/roeping deur die huidige geslag Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges

aanvaar sal word, is ’n onsekere saak (Burger, 2008:8; McLeod & Ustorf, 2003:Hf 13). Die oortuiging dat die Afrikaner deur God geroepe is tot ’n Godgerigte lewenswyse en identiteit, is deur herstrukturering binne die verweefde omstandighede van die oorgangstydperk, skynbaar reeds verwerp (Giliomee, 2004:626).

Van der Watt (Lategan & Muller, 1990:110) skryf reeds voor 1994 al, dat ’n besluit geneem moet word oor wat die nuwe Suid-Afrika nodig het, asook wat die Afrikaner hierdie land kan bied. Die evangelieboodskap kan immers in die eerste dekade van die 21e eeu nie deur Afrikaners, en spesifiek nie deur tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowiges aan hierdie land op geloofwaardige wyse gebied word nie, aangesien aanpassing eers by die nuwe ontluikende Christendom, asook die opkomende suidelike Christendom, moet plaasvind: albei wat totaal vreemd en anders is (Jenkins, 2007:254). Die aanpassing vereis drastiese harts- en denkverandering. Gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag is immers onmoontlik as die mens se wil en gedagtes en dade nie daarop gerig is nie (vgl. 3.8.2.3).

Die hartsverandering behels ’n kultuurverandering (vgl. Roxburgh, 1997:25, 31; Walls, 1996:12). Uit die bespreking van hierdie hoofstuk (Hf. 5) tot dusver is dit duidelik dat ’n sekulêre kultuurverandering egter besig is om plaas te vind (vgl. Hf. 6 I2 12; Barret *et al*, 2001:3, 19). ’n Groot deel van die Afrikaners is skynbaar nie bewus of bereid om die hartsverandering wat op die Groot Opdrag berus, globaal, nasionaal en plaaslik in die gesig te staar nie (Cameron *et al*, 2005:54, 62; Niemandt, 2007:53). Tog, gesien teen die geskiedenis van die Afrikaner, is dit duidelik dat die Afrikaner ’n dialektiek vertoon (Giliomee, 2004:633) (vgl. 5.4.2.6):

> “… aan die een kant ’n fatalistiese afwagting van ’n gewisse kollektiewe nederlaag en finale ondergang, maar aan die ander kant is daar ook ’n misterieuse lewenskragtigheid.”

In die woorde van P.W.Botha wat reeds in 1978 opslae gemaak het, is dit vandag steeds die keuse waarvoor die Afrikaner staan: “adapt or die” (Giliomee, 2004:544). Die geskiedenis het al telkemale getoon dat teenstellende gebeure die Afrikaner kenmerk, dat die seisoene kom en gaan en dat die *sterk*-wees die *swak*-wees klokslag afwissel. Die Afrikaner kan met hierdie insig die uitdagings van die transformerende Suid-Afrika versigtig dog hoopvol aanvaar; uitdagings wat toon dat, op ’n unieke wyse en teen al die negatiewe realiteite in, die

nuwe Suid-Afrikaanse omstandighede weldra deur blanke, Afrikaanssprekendes met ’n “misterieuse” skeppingskrag gedien word (vgl. Giliomee, 2004:xvi, 631-635).

McGrath (2005:206, 219) se gevolgtrekking na aanleiding van ’n konferensie waar godsdienstige- en staatkundige leiers byeen was oor die oplewing van godsdienstigheid en sakralisering as merkbare afsluiting van die modernistiese era van “God is dood”, staan egter as ’n sterk teenstrydige moontlikheid en lui soos volg:

> “… the only part of Africa in which atheism had secured any meaningful presence was the highly Westernized (and largely Protestant) nation of South Africa … the movement seems to be limited to the white population.” (Vgl. ook Barret *et al*, 2001:3, 5).

5.4.2.9 Samevattende konklusie: Landsomstandighede

(vgl. ook 5.4.1.5 en 5.4.2.9)

Die faktore wat binne die landsomstandighede betrokke is by kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, is talryk, verwikkeld, onderling verweef en in voortdurende ontwikkeling. Die drastiese daling in geboortesyfers versterk die Afrikaner se vrees vir uitsterwe.

Die groot aantal kerkgeboue met groot aantal sitplekke is in kontras met getalle rakende kerkbesoek. Ontvolking van die platteland dra by tot krimpende gemeentes. Ontoereikende voorsorg en ondersteuning tydens die verstedelikingsproses dra by tot swak kerkbesoek en gevolglike kerkkrimping.

Ekonomiese en politieke faktore beïnvloed werksgeleenthede in die vorm van regstellende aksie en emigrasie neem hierdeur regstreek toe. Die ANC-regering se onvermoë om sekuriteit en veiligheid te waarborg, asook die gevolglike misdaadtendens, moedig emigrasie aan. Verdere negatiewe uitlatings van die regering rakende die blankes se reaksie op regstellende aksie en misdaad, moedig emigrasie verder aan. Emigrante se plek in die “susterkerke” is en bly leeg en die krimpende kerke getuig daarvan.

Die skok en die impak van die regeringsverandering het die blanke sosiaal, polities en ekonomies na die periferie verskuif. Die vervlegte invloede het wantroue teenoor die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk"-gelowige in die kerk as instansie laat ontstaan, wat weer die geloofwaardigheid van die kerk aangetas het. Die kerk het nie antwoorde op die vrae gehad nie, 'n geloofs- en identiteitskrisis het ontwikkel, kerkbesoek is geaffekteer deur die oorloop na ander kerke of deur 'n gevoel van afsydigheid teenoor die kerk, met die gevolg dat kerke krimping ervaar.

Die sosiale verlaagde status, die gevoel van magteloosheid op politieke, ekonomiese en sosiale gebied, morele onsekerheid, asook die onsuksesvolle pogings van die WVK lei tot vervreemding en gebrek aan selfvertroue. Weens die godsdienstige vervlegtheid tydens verwerking van die skokgebeure vind onttrekking van die kerk plaas.

Tegnologie vervang die plek van die Bybel in die huisgesin. Die gesin ontwikkel nie meer in monokultuur nie, wel in multikultuur. Die kwaliteit van godsdienstige oordrag van die ouers na die jonger geslag is bepalend vir die behoud van die jonger geslag. Indien godsdienstige sosialisering en Godgerigte keuse-uitoefening in die gesin, die stel en uitleef van godsdienstige waardes, asook 'n gereformeerde leefwyse van die ouers, nié deur die kinders as eg beleef word nie, het die kind nie inhoud en kennis om in te glo nie. Godsdienstige vervreemding begin sodoende reeds in die gesin. Weens die multikultuur binne 'n gesin, ontstaan verdere vervreemding. Dit dra by tot die verbrokkeling van die gesin. 'n Verbrokkelde gesin se kerkbesoek neem af en kerkkrimping vind plaas.

Die wese van die hedendaagse Afrikaner toon 'n onvermoë tot eenvormigheid en gevolglike onderlinge verdeeldheid. Dit werk 'n gesamentlike front inherent teë. Die gemarginaliseerde, dog individualistiese en subjektiwistiese leefwyse toon dat positiewe bydraes op alle gebiede buiten die privaatlewe, lae prioriteit vertoon. Die tekort aan leierskap versterk die skynbaar onbewuste rigtingloosheid en die soeke na identiteit. Die wese van die Afrikaner vertoon tekens van onverskilligheid, oppervlakkigheid, halfhartigheid, vreesagtigheid, onttrekking en onkundigheid. Die Afrikaner vertoon in wese sterk tekens van die afkoelteologie wat manifesteer deur ylgelowigheid. Die kerk word as irrelevante instansie in hierdie oorgangsfase beskou en kerkbesoek neem af. Gevolglik krimp die kerk.

In Suid-Afrika is taal kultuur-spesifiek, alhoewel die Christendom in werklikheid kultuur universeel oorspan. Die multikulturele opset van die land, asook die postkoloniale fase waarin die Afrikaner tans verkeer, versterk op alle gebiede die onttrekking/vervreemding/isolasie terug na die private lewe met ’n intensivering op die materiële. Dit dra by tot die onkunde van die Suid-Afrikaanse werklikheid en die agterlaat van die verlede. Kulturele eenheid word slegs nog deur die taal, Afrikaans, daargestel. Godsdienstige instellings, die Groot Opdrag en die maatskaplike werklikheid wat die gevoel van skuld kan aanraak, word vermy. Die internet en kuberruimtes vul die vakuum wat ontstaan het as gevolg van die vervreemding. Deur die internet word ’n nuwe identiteit en die reg tot ’n stem gesoek. As globale burger betree die hedendaagse Afrikaner ’n ander werklikheid buite Suid-Afrika. Die leefwyse dra nie by tot kerkbesoek nie en versterk kerkkrimping.

Alhoewel ’n nuwe Afrikaner-identiteit binne ’n globale ruimte ontwikkel, bly die Afrikaner-denke westers, eerstewêrelds, Europees en sekulêrbeïnvloed te midde van ’n Afro-nasionalistiese, derdewêreldse denkraamwerk. Die Afrikaner en sy geskiedenis getuig van teenstrydige uiterstes, naamlik ondergang of oorlewing. Telkens het so ’n krisisfase oorgegaan in hoopvolle lewenskragtigheid ter wille van oorlewing. Die Afrikaner toon nie Afrika-dienswilligheid nie, is skynbaar nie bewus van ’n aangepaste taak/roeping in die land nie, wil nie daarvan hoor nie, besit nie kennis van sy geskiedenis wat sprekend is van patroonmatige herlewingstendense na skynbare ondergangstydperke nie, en leef daarom ook nie Godgerig nie. Die kerk en kerkbesoek word as onnodig gereken. Die gevolg is kerkkrimping.

5.4.3 Finale konklusie: denkstrome en landsomstandighede as aanleidende faktore by krimpende “susterkerke” in die lig van die Groot Opdrag

(vgl. 5.4.1.5; 5.4.2.9)

Na aanleiding van die hermeneuse rakende die Groot Opdrag word die basisteorie deur die historiese perspektief aan die hand van *denkstrome* soos volg uitgebrei: Denkstrome wat ontwikkel, uitgedien raak en oorgaan in ’n volgende denkstroom, is immer teenwoordig. Net so is die *krag* van die Heilige Gees immer werkend (vgl. 3.6.3, 3.8.1), ongeag die denkstoom wat heers. Onder denkstroombeïnvloeding toon die mens ’n geneigdheid tot toename in

ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag en toon ’n neiging tot misplaaste fokus/verwagtinge. Die geneigdheid beklemtoon die menslike swakheid. Die gevolg is dat die kragveld van die Heilige Gees kwyn. Desondanks is die mens altyd die werksterrein van die Heilige Gees (vgl. 3.8.3.2) en met die voortgang van tyd, bewerk God op soewereine, bonatuurlike en aktiewe wyse (indikatief) weer nuwe omstandighede en nuwe gewilligheid in die mens tot aktiewe diens ter wille van nuwe verkondiging van die evangelie (imperatief) (vgl. 3.7). Die krag van die Heilige Gees word herken deur die patroonmatige golfbewegings van denkstrome binne die voortgang van die Christendom (vgl. 5.4.1.5).

Aan die begin van die 21e eeu word die Heilige Gees as mag in die subjektiewe gelowige self gereken. Hiervolgens is die Skrif op subjektiewe wyse die uitgangspunt van die gelowige. In die praktyk bewerk hierdie mag ’n bemagtigende liefdesmag tussen gelykes. Die krag bewerk dus, ten spyte van steeds teenwoordige modernistiese denkwyses en verskillende reaksiegroepe (vgl. 3.5.2.3; 4.9), ten spyte van verskillende uitlewingspatrone (vgl. 3.8) en beïnvloedende -ismes, waaronder ook die subjektiewe geloofspatroon van die 21e eeu se gelowige, nuwe werksplek. Vernuwing is altyd die aangewese saak wat deur die oorgedraagde outoriteit, die mens tot vryheid en aktiwiteit rig binne die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel van die Skrif (vgl. 3.7.). Indien passiewe en vertragende werksaamheid by die mens voorkom (communitasfase), werk die Gees na aanleiding van die Groot Opdrag steeds verbondsmatig doelgerig en kragtig voort. Deur patroonmatige golfbewegings stel God altyd die moontlikheid tot herlewing weer daar en bied die gelowige mens, waaronder ook die “susterkerke”, die geleentheid om belemmeringe teë te werk en die nuwe geleenthede op nuut-aangepaste wyse te gebruik. Verknogtheid aan sekere denkpatrone dra by tot vertraging van die voortgang van die evangelie, maar nie tot voorkoming van evangelievoortgang nie. God se bystand is en bly altyd ’n realiteit (indikatief) te midde van ’n lae potensiaaltyd, soos tans tydens die krimping van die “susterkerke”.

Die subjektiwistiese geloofsdenkstroom binne ’n vervlegting van denkstrome en manifesterend in reaksiestrome op ’n wye aanpassingskontinuum, is toonbeeld van die spiritueel gelowige mens van die 21e eeu. Die “susterkerke” as deel van die konserwatiewe reaksiegroep is egter nie tot verandering en aanpassing geneig nie en vertoon daardeur verknogtheid aan die uitgediende modernisme. Hierdie verknogtheid, saam met die intensiteit van reaktiewe konserwatisme, versterk die oortuiging dat die “susterkerke” of nie bewus is, of

afwysend staan teenoor verandering en teenoor die denkstroom van die huidige samelewing (postmodernisme met gepaardgaande subjektiwisme en spiritualiteit omgewe deur sekularisme). Binne variërende graad erken, bedien en bemagtig die "susterkerke" nog nie die hedendaagse mens met sy denkwyse nie. Derhalwe is ook nog nie daadwerklike aanpassings aangebring ter wille van gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag nie.

Die liberale reaksiestroom is skynbaar meer geneë tot akkommodering en bemagtiging van die gesubjektiveerde mens, maar juis hierdeur word diegene wat nog nie tot dieselfde geneigdheid gegroei het nie, as konserwatief geëtiketteer en geïsoleer. Die gevolg is dat die tradisionele kerk nie geborgenheid bied nie en dat kerkbesoek afneem, of dat diegene met eenderse geneigdheid in 'n *laermentaliteit* groepeer. 'n Laermentaliteit gee egter hoër prominensie aan selfgerigte behoeftes soos tradisionele geborgenheid, as aan gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag.

Die hantering van konserwatisme is 'n krisissaak in die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke". Die remmende invloed hiervan strem die kerk in die bewuswordings- en aanpassingsproses. Die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" manifesteer as kerkverbande wat nie werklik bewus is van die intensiteit van die onvermydelike beïnvloedende denkstrome binne die immer veranderende oorgangstyd, binne die versplinterde samelewing en binne die sneltoenemende heidendom nie. Bewustheid dat sekularisme en postmodernisme in der waarheid reeds aan die verbygaan is, manifesteer nie in die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk"-denkstroom nie. Die 'agtergeblewe' houding versterk die mening dat die kerk as instansie nie *geloofwaardig* of *relevant* geag kan word nie. Die hedendaagse gelowige distansieer hom/haar weens dié dualisme en neem toe in skeptisisme rakende die kerk as instelling. Dit word gevolg deur onbetrokkenheid wat daartoe lei dat kerkbesoek afneem. Deur dié subjektiewe keuse word die gelowiges deel van die 21e eeu se nuwe ontluikende Christenheid wat nie meer wil "behoort" nie, maar tog wel nog glo (spiritualiteit) (vgl. 4.4.5.3). Weens verdere gebreke op ekklesiologiese gebied intensiveer skeptisisme en krimp die kerk (vgl. Hf. 6).

Die *doel* van die krag van die Gees is om herlewing voortdurend te bewerkstellig (vgl. 3.8.2). Die Gees bewerk daarom wisseling (golfbewegings) deur die opkoms van nuwe denkstrome ter wille van *vernuwingsmoontlikhede* (vgl.4.4.5.4). Herlewing word egter deur die mens, gerig deur sy *denke*, teëgewerk en dit vind uiting deurdat die Gees teëgestaan/geblus word deur prediking en bedieningswyses wat spreek van verknogtheid aan uitgediende denkstrome.

Die primêre doel wat bewerkstellig word deur die *werkswyse* en *aksieprogram* van die Gees fokus egter nou in die hede nie op die erkenning, bediening en bemagtiging van die huidig versplinterde mens ter wille van herlewing nie. Wat wel manifesteer is selfgesentreerde gesindhede, verlammende houdings, ongehoorsame passiwiteit en gestagneerde praktyke wat die koninkryk nie bevorder nie. Krimping in die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" getuig dat die doel van die Gees, die werkswyse en die aksieprogram, nie nagestreef word nie.

Die verskynsel dat die "susterkerke" nog nie uit die Woord en *deur die geskiedenis geleer* het om nuwe denkstrome en nuwe toestande aan te gryp ter wille van die Groot Opdrag nie, toon dat selfgerigte, kortsigtige en tydgebonde denkwyses bo die koninkryk gestel word. Indien "susterkerke" met 'n oop, gehoorsame respons op die Groot Opdrag binne die oorgangstyd as werksterrein van die Gees aan die hand van 'n gebedsgedrewe kommunikatiewe aksieprogram, moedig en aktief-ondersteunend optree, kan dit bydra tot die helende werkswyse van die Gees. Sodoende kan totaal nuut-aangepaste en Godgerigte uitlewingspatrone daargestel word wat reddend spreek tot die mens van vandag (vgl. 3.8.3.4.1, 3.8.5 en 3.8.6).

Die "susterkerke" in 'agtergeblewe' staat, toon 'n *onvermoë tot aanpassing* en om die belofte (indikatief) van die Groot Opdrag gelowig tot dade te laat oorgaan (imperatief) (vgl. 3.7). Die gebrek aan erkenning van die immer teenwoordige en immer variërende en bewegende denkstrome, met die mens onlosmaaklik deel daarvan, voorkom moedige Christusgesentreerde *geloofsdade*. Onaanpasbaarheid verswak geloofwaardigheid en ontneem die kerk van *geloofsmoed* (vgl. 3.8.3.1.1) om die Groot Opdrag in die verheidense wêreld daadwerklik uit te voer. Die "susterkerke" se oningeligtheid rakende hul posisie binne die huidige laepotensiaalgeloofsperiode (vgl. 4.9; 4.4.5.2.4) versterk die gestagneerde passiwiteit en voorkom teëwerking van die krimpende effek in die kerk. *Bemagtiging* (vgl. 4.4.5.2) tot 'n Christusbevrydende en -gefokuste bediening (gehoorsaam aan die Groot Opdrag), is nie primêr aktief in die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk"-denkstroom teenwoordig nie. Vernuwing van denke (nwns-beginsel) soos deur die Skrif beveel (vgl. 7.2.1.1), figureer selde in die krimpende "susterkerke". Die moontlikheid om tans in sy Naam met vernuwende denke bo menslike denkstrome uit te styg, is derhalwe steeds 'n krimpende verskynsel.

Na aanleiding van die hermeneuse rakende die Groot Opdrag word die basisterorie deur die historiese perspektief aan die hand van *landsomstandighede* soos volg uitgebrei. In die lig van die Groot Opdrag en krimpende kerke is die *krag* van die Heilige Gees deur die vervlegte landsomstandighede verdoof (vgl. 3.8.6). Alhoewel die Afrikaner-individu, Afrikaner-gesin en Afrikaner-gemeenskap altyd in die *kragveld* van die Gees is en die Gees se kragtige werkin altyd geldig is, is die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk" in menslike gewilligheid en aktiwiteit tans verswak en geneig tot passiwiteit/verlamming. Verswak deur die ontnugterende en ontwrigtende landsomstandighede word die *doel* van herlewing nie aktief deur die "susterkerk"-gelowiges nagestreef nie en gaan die kerk mank daaraan, veral weens die toenemende verskynsel van *randlidmate*; randlidmate wat weens hul afwesigheid tydens godsdienstige aktiwiteite, kerkbesoek laat afneem en kerkkrimping bevorder. Die doel van *kerkgroei*, voortvloeiend uit gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag, realiseer nie binne die ylgelowige lidmate van die "susterkerke" nie.

Die Gees werk, ten spyte van krimping binne "susterkerk'-geledere, *verbondsmatig* doelgerig en kragtig voort. Vertraging van die voortgang van die evangelie vind inderdaad plaas deur die denkwyse wat die landomstandighede bewerkstellig, maar dit voorkom nie die voortgang van die evangelie nie. Buiten die "susterkerke" om geskied geweldige uitbreiding onder Afrosentriese burgers binne die charismatiese stroom (vgl. 4.4.1.4). Voortgang van die evangelie vind tans op hierdie wyse plaas en toon dat die voortgaan van die evangelie nie gebonde is aan die steeds westersgeoriënteerde "susterkerke" wat nie 'n Afrika-gerigte hart besit nie. Die Gees werk in die oorgangstyd derhalwe kragtig in Suid-Afrika, ten spyte van verskillende interpretasies en uitlewingspatrone. Bewus van die lewenskragtigheid wat histories deel uitmaak van die Afrikaner, veral waar 'n sterwenssituasie ter sprake is, en bewus van die feit dat die Gees gewilligheid in tye van swakheid kan bewerkstellig, is vernuwing binne "susterskerk"-geledere nie uitgesluit nie. Dit kan geskied op grond van die oorgedraagde outoriteit tot vryheid, ten spyte van swakheid, misplaaste fokus en passiwiteit, asook ten spyte van die afwesigheid van herkenbare kommunikatiewe elemente (vgl. 3.8.6). 'n Totaal gewysigde aanpak aan die hand van die nwns-beginsel ter wille van vernuwende herlewing, is derhalwe nie uitgesluit nie, gesien teen die moontlikheid dat die onderste deel van die dalende golfbeweging (communitasfase) reeds moontlik bereik is en die stygende lyn in die golfbeweging in vooruitsig gestel kan word (societasfase). Die toename in verheidensing, isolasie, versplintering en subjektiwisme beklemtoon die feit dat verkondiging

van die evangelie reeds nóú binne die huidige landsomstandighede wéér opnuut aan die tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowige gebring moet word, aangesien herlewing as afgehandelde taak nog nie realiseer nie. Met dieselfde intensiteit moet die evangelie ook nóú in die huidige landsomstandighede aan die sinkretistiese Afrosentriese Christendom en diegene in die heidendom, gebring word.

Die Heilige Gees is aan die begin van die 21e eeu binne die gereformeerde tradisie, grootliks geblus deur beïnvloedende denkstrome en deur die huidig vervlegte Suid-Afrikaanse landsomstandighede. Die kerk, of eerder in huidige terme, die Christelike spiritualiteit, sal volgens die onthou-belofte (Groot Opdrag) (vgl. 3.5.3.8) nooit voor die voleinding van die wêreld verdwyn nie. Die huidige “susterkerk”-gelowige, hetsy spiritueel afsydig in Suid-Afrika, of globaal aktief, val steeds binne die werksterrein van die Heilige Gees. Die aksieprogram van die Gees is altyd geldig oor die hele aarde en is daarom ook juis gerig op die kind van die huidige denkstroom binne die huidige landsomstandighede in Suid-Afrika.

Die hermeneutiese en historiese perspektiewe stel die basisteorie en toon die groot aantal beïnvloedende en vervlegte faktore rakende krimping by die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke”. Die empiriese perspektief, wat fokus op die huidige problematiese ekklesiologiese praktyk (praksis 1), volg hierna ten einde te kom tot ’n gereformeerde voorstel om die geblokkeerde krisispraktyk dringend en diep volgens die Groot Opdrag verbeterend te wysig.

Hoofstuk 6

Ekklesiologiese faktore

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans wat kerkgroei beïnvloed, ondersoek. Die doel is om die ekklesiologiese oorsake in die lig van die Groot Opdrag en kerkkrimping/kerkgroei te beoordeel. Die ondersoek na die oorsake binne die problematiese kerkpraktyk geskied deur literatuurstudie, asook deur die daarstel van ’n empiriese komponent. Die ondersoek rakende kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, met die hooffokus op die GKSA, word aan die hand van die volgende werkswyse ondersoek.

6.2 Werkswyse

Die eerste deel van die hoofstuk plaas die ekklesiologiese wanbalans binne die Praktiese Teologie. Daarna word die begrippe gereformeerdheid, ekklesiologie en wanbalans van nader beskou om in die volgende deel die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans aan die hand van literatuurstudie aan te toon. Die oorsake word aan die hand van die institusionalistiese denkparadigma (voortaan: I-paradigma) ondersoek volgens die indeling van Schwarz (1999). Aangesien op die wanbalans in die ekklesiologie van die GKSA gefokus word, word die statiese kenmerke ondersoek in sover dit skynbaar bydra tot kerkkrimping. Dié kenmerke is spiritualiteit, bediening, aanbidding/eredienste, kleingroepe, evangelisasie, strukture, leierskap en verhoudings. Die wanbalanse wat aangetoon word, word in die volgende deel empiries ondersoek, ten einde tot ’n gevolgtrekking te kom rakende die krimpende GKSA-gemeentes, gesien in die lig van die Groot Opdrag.

6.3 Plek van die ekklesiologiese faktore binne Praktiese Teologie

Gesien teen die voorafgaande hoofstuk met denkstrome en landsomstandighede as aanleidende faktore tot kerkkrimping, is die uitgangspunt dat Suid-Afrika, veral die afgelope 20 jaar grootliks in ’n oorgangsproses met gepaardgaande onstabiliteit, verkeer. Dié

onstabiliteit deurtrek die volle Suid-Afrikaanse werklikheid en die “susterkerk”-praktyk word derhalwe ook nie oorgesien nie (De Wet, 2000:1-4; Du Toit *et al*, 2002:3, 4; Pieterse, 1992:328; Janse van Rensburg, 2000:82, 83). Kraemer noem dat die kerk eintlik altyd in ’n krisistoestand verkeer, deurdat die gebrek bestaan dat die kerk slegs nou en dan van die krisis bewus is (Bosch, 1991:2). Hendriks (1996:142; 1999:19) stel by herhaling dat kritiese selfondersoek en grondige reformasie nodig is om die tendens van krimping teë te werk. In hierdie lig kan die “susterkerke” as ekklesiologiese krisisterrein, waar groei en ontwikkel moet plaasvind, geformuleer word (vgl. 3.3; 4.3; 5.3; Walls, 2002:45). Die feit dat die “susterkerke” krimp, beklemtoon die dringendheid om tot die besef van die intensiteit van die krisissituasie binne die kerke te kom.

Binne die krisisterrein manifesteer krisis-elemente, waaronder die volgende:

- Die huidige oorgangstyd veroorsaak ontwrigting, aangesien die voortsnel van die tydsgewrig die mens in sy aanpassende denke voortdurend een voor is. Verder ook dat die veranderende tydsgewrig nie werklik van belang is vir die tradisionele gemeente en die leierskap in hul gevestigde opset nie (vgl. 6.5.1.1; 6.5.3.7; Hendriks, 1996:142, 143; Maxwell, 2005:48; vgl. Roxburgh, 1997:29-36).
- Menslike denke is nie gefokus op die Groot Opdrag nie en God is nie werklik ter sprake nie, gevolglik is die mens vasgevang in sy eie geloofstraagheid, bekrompenheid, gearriveerdheid en gebrek aan Godskennis (vgl. 6.5.1.2; Hendriks, 1996:142, 143).
- ’n Krisis van denke bestaan, aangesien teologiese blokkasies die grootste rede is vir die manifestering van ekklesiologiese wanbalanse (vgl. 6.5.1.1).
- Onkunde bestaan rakende die ekklesiologiese wanbalans, grootliks aangesien nie tussen metode en die doel onderskei kan word nie (vgl. 6.4.6).
- Onaangepaste denke manifesteer in die afwesigheid van verbondsdenke, gebrek aan ’n missie, visie en identiteit (vgl. 6.5.1.3).
- Die afwesigheid van ’n roepingsbesef, wat spruit uit ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag, is ter sprake. Dit behels die wanbalans in die opbou/uitbou as eenheidsisteem (vgl. 3.5.5; 6.5.1.4), die sendingopdrag wat vergete is, die instromende sendingveld - wat nie raakgesien word nie - in so ’n mate dat dit in werklikheid beteken dat die “susterkerke” nie werklik bestaansreg verdien nie (6.5.1.5).

- Aanpassingsprobleme met die Gees se kreatiwiteit op alle vlakke van die ekklesiologie (vgl. 6.5.1.5).
- Die illusie bestaan dat die "susterkerke" die Woord suiwer navolg, terwyl 'n institusionele denkparadigma intussen alle dade bepaal en sprekend is van wanbalans. Denke en dade weerspreek mekaar en die gemeentes se sterk punt word die swak punt (vgl. 6.5.1.6.1; Hendriks, 1993:548, 550:549: vgl. Tickle, 2008:13-17).
- God word skynbaar nie in die ekklesiologie ervaar nie (vgl. 6.4.5).
- Die feit dat institusionele bewegings drasties krimp en dat spirituele bewegings groei (vgl. 6.5.1.6; Brouwer *et al*, 2007:38; Hendriks, 1996:142, 143).
- Die illusie dat die institusionele bewegings die soeke na sekerheid bevredig, (6.5.1.6.1) en dat gestagneerde denkpatrone (teologiese blokkasies) deel uitmaak van die GKSA-werklikheid (vgl. 6.5.2).
- Reformasie geskied nie (vgl. 5.4.3).

Die huidige krisisterrein weerspieël die "susterkerk"-gelowiges se denkwyse in dié oorgangstydperk - hetsy denke in verstarde óf aanpassende vorm (Burger, 1999:8; Roxburgh, 1997:26, 27; vgl. Tickle, 2008:150-160). Verstarde denke, sowel as aanpassende denke, affekteer dade. 'n Ondersoek na leierskap is gedurende die laaste dekade van die vorige eeu in die NG Kerk gedoen, waardeur tendense ter wille van vernuwende aanpassende denke vir die krimpende kerk, bevestig is (Smit, 1995:113-126). In die lig van krimpende getalle, gereken teen die Groot Opdrag, vertoon die "susterkerke" tendense wat krisis-afmetings aanneem (vgl. ook Walls, 2002:274). Binne die Praktiese Teologie word hierdie krisispraktyk ondersoek met die doel om verdere perspektiefverruiming en -verskerping binne die wetenskap daar te stel (vgl. De Wet, 2000:3-7; Hendriks, 1999:17-19).

6.3.1 Menslike betrokkenheid

Die empiriese ondersoek poog 'n bemiddelende rol te speel binne die krisispraktyk deur verandering daar te stel (De Wet, 2006:57; Heitink *et al*, 2000:54-62; Pieterse, 1993:27). Om *verandering* binne hierdie krisispraktyk daar te stel word die geloofshandelinge van spesifiek dié mense binne die krimpende GKSA-gemeentes, aan die hand van 'n empiriese ondersoek nagegaan (Heitink, 1999:45-48; Heyns & Pieterse, 1990:7, 48). Die empiriese perspektief bou voort op die hermeneutiese perspektief (vgl. Hf. 3) en met verandering van die

krisispraktyk ten doel, ook die daarstel van ’n strategiese perspektief (vgl. Hf. 7; vgl. ook Heitink *et al*, 2000:56).

6.3.2 Plek van die empiriese ondersoek

Die *praktyk* speel ’n sekondêre rol, aangesien die Skrifgefundeerde teorieë die primêre plek inneem. Tog is die Skrif geïnspireer ter wille van die mens. Die rol wat die mens en sy praktyk hieruit voortspruitende speel, is neweskikkend dus net so belangrik. Deur ’n spiraalbeweging kan die onderlinge verbondenheid tussen God in aksie en die mens in aksie, verstaan word. Die verbondenheid tussen God as Skepper en die mens as skepsel is sedert Genesis 1 onafskeidbaar en in duidelike balans. Met die Groot Opdrag word menslike handelinge in diens van God beveel. Op die bevel volg menslike optrede, terwyl die Heilige Gees terselfdertyd werk deur die dryf en bewerking van aktiwiteite. God is altyd die inisiërende faktor ter wille van die mens, terwyl die mens as meewerkende faktor optree ter wille van God se doel met sy skepping (vgl. ook Heyns & Pieterse, 1990:48). Hierdie verbondenheid word deur die verbond en die pneumatologie gerugsteun (vgl. 3.8.3.1.1).

Die verband tussen die Woord en die praktyk maak deel uit van ’n voortdurende debat. Dit is weens die mate van klem wat die twee genoemde sake onderskeidelik by die onderskeie voorstaanders daarvan, stel. Drie denkparadigmas benader die Woord-praktyk-onderwerp, by name die voorstaanders van die diakoniologieparadigma, voorstaanders van die Praktiese Teologieparadigma en voorstaanders van die Postmoderne paradigma (Janse van Rensburg, 2000:82-95). Hierdie ondersoek geskied vanuit die Praktiese Teologieparadigma binne die gereformeerde tradisie soos gegrond op die gestelde basisteorie (vgl. Hf. 2). Binne dié basisteorie van verlede (God gee die opdrag), die hede (ekklesiologie binne die huidige omstandighede) en die toekoms (menslike poging om in die lig van die verlede en hede ’n verbeterende strategie daar te stel) fokus die empiriese perspektief in hierdie ondersoek op die menslike aktiwiteite binne die ekklesiologie van krimpende GKSA-gemeentes. Die aanpak binne die Praktiese Teologie fokus derhalwe op die praktiese aspekte na aanleiding van die Groot Opdrag as teoretiese saak (vgl. Heitink, 1999:xv, xvi).

6.3.3 Ondersoek: kerkpraktyk as menslike terrein

Die menslike aktiwiteite binne die huidige GKSA-kerkpraktyk dien as terrein van hierdie ondersoek. Die gegewens wat deur die empiriese ondersoek ingewin word, help om met

groter presiesheid praktykteorieë te verstel of te ontwerp. Sodoende kan teorieë daargestel word wat ooreenstem met die werklikheid en wat begrond is op beginsels vir die bedieningspraktyk volgens die eise van die Skrif (Pieterse, 1992:329-331). Die huidige werklikheid word beskrywend, empiries, kwalitatief, kwantitatief en deur Aksie Navorsing benader, terwyl kennis deur interdissiplinêre kontak geïntegreer word met die doel om die handelingsondersoek tot volle reg te laat kom (Burger, 1999:19; Heitink, 1979:331; Heitink, 1999:45-58).

McGrath (1994:12) maak die beskuldiging dat die mens in die kerklike praktyk nie voldoende ondersteuning vir groei kry nie en dat die menslike kant verwaarloos word, omdat die "Godward side of the Christian life" meer aandag kry. In hierdie ondersoek word gepoog om op gebalanseerde wyse die fokus op die menslike praktyk te plaas ten einde optimale menslike moontlikhede ter wille van kerkgroei te formuleer, asook om die beskuldiging in terme van hierdie ondersoek as ongegrond te bewys.

Teen hierdie agtergrond word binne die empiriese perspektief op die menslik verwikkelde en problematiese kerkpraktyk gefokus. Soveel moontlik toepaslike kennis, verkry deur nieteologiese wetenskappe, is geïntegreer ter wille van beoordeling binne die volle werklikheidsfeer. Sosiale wetenskappe, menslike wetenskappe, soos Sielkunde, asook ander dissiplines, is by die ondersoek betrek (vgl. ook Hf. 5). Van belang vir hierdie ondersoek is onder andere, die angs-/vrees-/sekerheid-, vervreemding- en ego-aspekte, soos dit deur sosioloë en psigoloë beskryf is (vgl. 5.4.1.1; 5.4.2.2; 6.3.4; 7.2.3.4.2) (Burger, 2007:12; Heitink, 1999:31; Ihde, 2004:454, 455; Runia, 1988:111-113; Janse van Rensburg, 2000:86-88). Die interdissiplinêre aanpak word sodanig gerig, dat die epistomologie met die teologiese as primêre uitgangspunt, gehandhaaf word. Hierdie ondersoek sluit derhalwe aan by die epistologiese benadering van, onder andere, Firet, Heiting, Zerfass, Pieterse en Nel (Burger, 1999:145; Janse van Rensburg, 2000:80, 89; vgl. Hf. 2; Hf. 3; Hf. 4).

6.3.4 Aspekte waarby die ondersoek aansluit

Oorgangstye bly unieke geleenthede waartydens God vernuwing bewerkstellig (vgl. 4.4). In dié langsame en skynbaar onbewustelike proses, vind sifting van die ou waarhede plaas, insig word stelselmatig bekom en 'n wisselwerkende proses van refleksie en interpretasie kom na vore. Deur die proses van refleksie, openbaar die Bybel grondbeginsels vir nuwe situasies en

omstandighede. Die Woord bly immers dieselfde, terwyl die omstandighede waarin die Woord prakties funksioneer, veranderlik is. Die "susterkerke", dus ook die GKSA-gemeentes, is tans in sodanige omstandighede. Die Skrif voorsien die basiese beginsels aan die hand van die basisteorie (Botha, 2006a:47; Burger, 1999:3-5, 13-15, 94; Janse van Rensburg, 2000:77-82).

Metateorieë word hierby ingeskakel om die praktyk in voller mate te benader en tot 'n juister konklusie te kom. In die empiriese aanpak word uitgegaan van Habermas en Heitink se teorie van kommunikatiewe aksie, wat aansluit by die sosiale wetenskappe waar die mens ook as belanghebbende punt bestudeer word (vgl. 2.3.2). Habermas onderskei op sosiologiese gronde tussen leefwêreld en sisteme. Eersgenoemde verwys na gedrag wat ontstaan as gevolg van gedeelde geloof en waardes. Hier is die gemeentes en hul aktiwiteite dus ter sprake. 'n Sisteem verwys na die instrumente om die sosiale strukture te laat funksioneer, dus die kerkpraktyk. Hierdie ekklesiologiese opset realiseer verder deur 'n proses van kommunikatiewe handelinge.

By hierdie uitgangspunt word aangesluit met die benadering van Ricoeur (Ihde, 2004:385-389), ondersteun deur Pieterse (De Wet, 2006:617-647), naamlik dat taal, simbole en interpretasie deel is van die mens se kreatiwiteit ten einde die evangelie relevant te laat spreek binne die huidige werklikheid (vgl. 2.3.2; 3.8.3.5). Hier word by Freud as psigo-analis aangesluit, wat die *ek* (subjektiewe mens) as die bepalende subjek aantoon in die dinamiese en vrywillige aksie by die interpretasieproses (Janse van Rensburg, 2000:85). Volgens Freud is dit ook nie net die *ek* wat bepalend handel nie, maar dat die wil van die *ek* ook gerig is op mag (vgl. 7.1.1.4 j). Die bedoeling van kommunikatiewe handeling is egter om deur die mag van taal, effektiewe kommunikasie binne die leefwêreld en sisteme daar te stel en blokkasies te verwyder, sodat die wanbalans/problematiese faktore/hindernisse geminimaliseer of geëlimineer kan word (vgl. Schwarz, 1999) en die koninkryk op positiewe wyse ook binne die konteks kan manifesteer (vgl. Ihde, 2004:434). Op hierdie wyse word teorie en praktyk gedien, deurdat gepoog word om universele beginsels te ontdek wat gebaseer is op "die menslike natuur, rede, God en etiese beredenering om die sosiale kritiek rakende morele en politieke sake te fasiliteer" (Van Rensbrug, 2000:82).

Binne die taalkunde as dissipline, sluit die terminologie ook aan by die ondersoek binne Praktiese Teologie. Praktiese Teologie bestaan uit twee dele: die selfstandigenaamwoord as

kern en die adjektief as bepaler. *Teologie* is dus die kern (snw.) en *Praktiese* is die bepaler (adj.). Hierdie chronologie ondersteun die basisteorie in terme van die hermeneutiese en empiriese perspektiewe. Die bepalende, of spesifieke van dié teologiese terrein, is in die praktyk geleë, terwyl die kern op die normatiewe fokus.

Oorsake wat ’n ekklesiologiese wanbalans veroorsaak, is reeds deur verskillende voorstaanders van kerkgroeibewegings binne Praktiese Teologie nagevors. Deur die bank word die kerkpraktyk, in mindere of meerdere mate, aan die hand van verskillende en oorvleuelende terminologie uiteengesit (vgl. Malphurs, 2003; Patterson & Scoggings, 2001:2-8; Warren, 2005; Warren, 1989:242, 243; Schwarz, 1999; Niemandt, 2007:61). Vanweë verskillende menslike interpretasies, verskillende verwysingsraamwerke, verskillende omstandighede en verskillende godsdienstige tradisies, is dit nie vreemd dat variasie binne denominasies, in mindere of meerdere mate, op tydelike of op permanente basis, voorkom nie. Binne die gereformeerde tradisie manifesteer ook variërende kerkpraktyke weens verskillende denkwyses en verskillende omstandighede. Hierdie ondersoek na die oorsake van die wanbalans binne GKSA-geledere volg die terminologie en indeling van die kerkpraktyk soos geformuleer deur Schalekamp (2005a:23-28) en Schwarz (1999) (vgl. 6.7.2).

6.4 Gereformeerde ekklesiologiese wanbalans

Voordat oorgegaan word tot die ondersoek na die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans, is dit nodig om te stel wat verstaan word met elk van die volgende drie terme: *gereformeerdheid, ekklesiologie en wanbalans.*

6.4.1 Gereformeerdheid

Gereformeerdheid dui op die tradisiestroom wat ontstaan het uit ’n kombinasie van Switsers-Frans-Nederlandse Protestantisme in Europa en wat hoofsaaklik, in navolging van Calvyn se interpretasie, ontwikkel het (Calvinisties). Gereformeerdheid beteken om op die Woord en belydenisskrifte te staan met die verbond as grondwet. Dit behels voortdurende reformasie/hervorming binne die wesenskenmerke van eenheid, katolisiteit, apostolisiteit en heiligheid (Apostolikum) (vgl. Burger, 1999:287). Hierdie bepaalde manier van godsdiens vorm die gereformeerde tradisiestroom. Dit toon hoe sodanige volgelinge lewe, hoe

godsdiens ervaar word en aan volgende geslagte oorgedra word. ’n Tradisiestroom is ’n lewende beweging en kan nie maklik verander nie (Burger, 1999:125, 126, 287; Du Toit *et al*, 2002:4, 5; Niemandt, 2006:47, 154, 155; Smit, 2006:89-114). Die wesenskenmerke en merktekens is die uitgangspunt waarbinne die kerk se bedienings funksioneer, naamlik die prediking, evangelisering en onderrig (kerugma), die erediens (leitourgia), die gemeenskap en sorg (koinonia) en diens (diakonia).

6.4.2 Gereformeerde “susterkerke”

Die drie gereformeerde “susterkerke” ervaar eenheid as problematies (Van Wyk, 2008:45; vgl. ook 5.4.2.3). Sedert die skeiding en ontstaan van die drie kerkverbande 150 jaar gelede, bestaan die wete en selfs die mondelingse strewe om fisiese eenheid daar te stel. Die NG kerk se interne geprekke weens nie-aanvaarding van die Belharbelydenis, loop teen Oktober 2008 uit op opskorting van gesprekvoering deur die VGK (Jackson, 2008:4). Eenheid binne die NH kerkverband is ook teen 2008 nog nie bewerkstellig nie, terwyl die GKSA wel interne verdeeldheid op grond van ras in 2007/8 struktureel oorbrug het (Jackson, 2007d:6). Eenheid tussen die drie “susterkerke” het die stadium bereik waar formulerings gedoen is vir, onder andere, gesamentlike optrede. Verder is ooreengekom dat eenheid binne “susterkerke” nie bewerkstellig kan word nie. Hierdie besluit is geneem ten spyte van eenheid in belydenis, roeping, kultuur, taal en landsomstandighede.

Binne die GKSA as kleinste “susterkerk”-verband is eenheid ook ’n verwikkelde en sensitiewe saak. Elke gemeente beroep hom op grond van die Woord van God, alhoewel interpretasie uit verskillende denkparadigmas spruit (Boesak, 2007:33; Du Toit *et al*, 2002:133, 137; Jackson, 2007b:4, vgl. Schwarz, 1999:7, 8; Van Wyk, 2008:45). Ten spyte van die krisis van ’n krimpende GKSA, word kerkskeuring weens onversoenbaarhede gereeld as moontlikheid gestel in teenstelling met soeke na eenheid (Jackson, 2007b:4) (vgl. NGB 29). Die najaag van skeuring as krisispraktyk op sigself, kom neer op ononderhandelbare verheerliking van eie insigte, die projektering van menslike wanhoop en vrees, asook die onbereidwilligheid tot hervorming (Botha, 2006:22; Van Niekerk, 2007:14; vgl. 7.2.3.2.4.2). Verskeidenheid binne eenheid word skynbaar nie mee rekening gehou nie (Hendriks, 1996:143).

Verskeidenheid binne katolisiteit is egter ’n erkende werklikheid (Firet, 1968:77). Die verskynsel kan verskillende verklarings hê, waaronder die volgende: die gebrokenheid van die aardse bestel; as gevolg van die mens se sondigheid, openbaar Jesus hom aan die mens op verskillende wyses (Runia, 1988;109); verskillende denkwyses (vgl. 5.4.1; Schwarz, 1999); verskillende menslike reaksies op sosiale omstandighede en die verskillende identifiserings in die aanpassingsproses (Cameron *et al*, 2005:76); verskillende dekoderings en interpretasies - ook na aanleiding van verskillende kontekste (Gilbert & Brock, 1985:16), kulture en tradisies (Walls, 2002:12, 13, 66, 112); die Gees wat verskillend te werk gaan deur die daarstel van verskillende gemeentevisies; geestelike gawes wat varieer en tot uiting kom in ’n verskeidenheid manifestasies (Burger, 1999:48; Floor, 1979:86-88).

Teen hierdie verskeidenheid binne eenheid, word die identiteit van gereformeerde ekklesiologie gestel, naamlik dat die Gees in sy werk die mens as onmisbaar gebruik (Verbum efficax) (vgl. 3.8.3.1; Heidelbergse Kategismus vraag/antwoord 53) (Burger, 1999:16-19, 63, 115; Heitink, 1999:169, 194; Schalekamp, 2005b:Hf. 3). Die gedifferensieerde vryheid (wat die Gees verleen) verseker dat daar verskeidenheid kerkverbande en ook verskeidenheid binne kerkverbande mag/kan wees. Die verskeidenheid vertoon God se genade en behoort nie ’n probleem op identiteitsvlak te wees nie (Burger, 1999:70). Gereformeerde identiteit is dus die manier waarop gereformeerde gelowiges deur hul gereformeerde belydenis en Skrifbeskouing, hul kerkbegrip, kerklike etos en lewenstyl, in gehoorsaamheid aan die Woord, uitkenbaar maak (Smit & Vorster, 2000:517).

6.4.3 Ekklesiologie

Ekklesiologie beteken kerkpraktyk. Dit dui op hoe die kerk op sigself, maar ook binne die samelewing, funksioneer. Binne die huidige dekade funksioneer alle kerke te midde van verskuiwende omstandighede, verskuiwende kultuur en verskuiwende paradigmas (vgl. 4.4.5.1; 4.4.5.2). Die kerkpraktyk verkeer derhalwe ook in ’n bewegende staat van wysigende realiteite. Deur die indikatief van die Groot Opdrag is die kerk verseker, dat God ook in hierdie oorgangstydperk, teenwoordig is (vgl. 3.5.3.8; 3.5.5). Die aanpassende kerkpraktyk behoort derhalwe op grond van die Woord, maar ook ter wille van Missio Dei, te reformeer/hervorm. Die teendeel is egter ook binne die kerkpraktyk waar, naamlik dat aanpassing by die nuwe omstandighede nie ten volle realiseer nie en dat reformasie nie plaasvind nie (Burger, 1999:14-16; Heitink 1999:265, 274, 280).

6.4.4 Gereformeerde ekklesiologie

Binne die gereformeerde ekklesiologie is prediking van die Woord, met God as eerste fokuspunt, die uitgangspunt. God is die beginpunt en nie die kerk nie. Die rede hiervoor is omdat die kerk onder God, die Skepper, staan en nooit sinoniem met God gereken kan word nie. Tog is die kerk vir die gereformeerde mens ook wesensbelangrik, aangesien die metafoor, die kerk is die moeder van die gelowiges, as neweskikkende uitgangspunt geneem word. Burger sê (1999:16, 87) dat die kerk "onbelangrik" raak wanneer dit in verband gebring word met die eerste fokuspunt, naamlik God. Dié skynbaar oordrewe stelling kan die ingesteldheid van die kerkmens aantas en onbewustelik tot passiwiteit rig. Tog is die doel van God met die uitdeel van genade nie om tot kwyning te lei, weens die mens se selfonderskatte posisie en sogenaamde onbelangrikheid binne die ekklesiologiese opset nie. Die regte verhouding, rakende die uitgangspunt rondom God en die mens, is geleë in die verbond. Dit getuig van balans. Die Woord van God én nuwe menslike omstandighede behoort altyd by mekaar uit te kom (Niemandt, 2007:47, 48). Dit is van belang ten einde te motiveer tot gehoorsame menslike aktiwiteit. Tog getuig die "susterkerke" van kwyning, 'n wanbalans is te bespeur en die wanbalans lei tot onaktiwiteit.

Ten Brinke (2006:36, 37) kritiseer Warren oor die uitgangspunt rondom God en die mens na aanleiding van sy boek, *Die Doelgerigte Lewe.* Ten Brinke fokus op God en Warren op die mens. Binne die Praktiese Teologie is daar egter plek vir albei, aangesien ten tye van fokus immers slegs op een van die twee gefokus kan word. Gesien teen die huidig veranderende en verlammende oorgangstyd, is dit raadsaam om eerlik te wees oor die bedoelings van die onderskeie skrywers, om elkeen in oënskou te neem en op gebalanseerde wyse daaruit te put tot voordeel van die evangelie. Vermorsing van tyd deur sinlose haarklowery, getuig van onkunde rakende die erns van die Groot Opdrag, asook die dringende nood binne die huidige ekklesiologiese praktyk.

6.4.5 Wanbalans

Die HAT beskryf *balans* en *wanbalans* baie eenvoudig: *balans* word as *ewewig/weegskaal* verduidelik, terwyl *wanbalans* as *gebrek aan balans/ewewig* gestel word (Odendal *et al*, 1994:59, 1260). Hiervolgens is dit duidelik dat die problematiek geleë is rondom die negatiewe funksie van die premorfeme, naamlik *wan-/on-* in *wanbalans* en *onewewig(tigheid).* Die positiewe funksie weens weglating van die premorfeme, bied die

korrektief, naamlik *balans*/*ewewig(tigheid)*. *Balans* impliseer ’n weegskaalkonteks met afwykings na regs of na links, sou die balans/ewewig versteur word. Die afwyking na regs en na links dui op die teendeel of negatiewe betekenis van balans, naamlik ’n wanbalans/onewewigtigheid/wanstaltigheid. Verder stel die positiewe betekenis (balans), dat ’n haalbare toestand moontlik is en wel bestaan, alhoewel die toestand uiters sensitief is vir afwykings na links en regs.

Die ondersoek fokus op toestande binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” wat spreek van onewewigtigheid en afwykings na links of na regs van die balansgewende uitgangspunt. Die wanbalans na links en na regs kan, binne die weegskaalbeeld, met ’n afwyking van 1º tot en met 89º manifesteer. Die balansgewende uitgangspunt is egter net binne een enkele graad geleë, naamlik 90º. Dié balansgewende punt dui op die universele Skrifbeginsels. Die blote bestaan van die begrip, *balans*, impliseer die werklikheid van sodanige toestand en die moeilikhaalbaarheid daarvan. Balans binne die Groot Opdrag is dus die idealistiese en gehoorsame strewe en soeke van dié sensitiewe, dog haalbare werklikheid, terwyl terselfdertyd bewustelik gewaak word teen die talle oorsake wat die balans maklik versteur. Die Groot Opdrag stel kerkgroei ten doel, terwyl kerkkrimping die teendeel van die Groot Opdrag daarstel. In die ondersoek na oorsake wat die ekklesiologiese wanbalans veroorsaak, word van universele balansgewende beginsels uitgegaan om die oorsake van die wanbalans binne die gereformeerde ekklesiologie, aan die lig te bring (vgl. 6.7.2).

6.4.6 Die Groot Opdrag binne die gereformeerde ekklesiologie

Die kerk bestaan omdat die spesifieke opdrag ontvang is, waardeur Christus wêreldwyd “ge-eggo” moet word (Burger, 1999:80; Heitink, 1999:277; Malphurs, 2004:29). Op die manier is die gelowige mens deel van die Missio Dei. Die mens het nie ’n keuse rakende hierdie opdrag (ideaal) nie, alhoewel vryheid van keuse-uitoefening wel bestaan rakende die uitvoering van die opdrag (werklikheid/praktyk). Hierin kan moed, kreatiwiteit en oorspronklikheid vrylik toegepas word (vgl. 3.7; Roxburgh, 1997:67). Energieke, kwalitatiewe en kwantitatiewe aktiwiteit binne die gemeente, versterk gemeentelike vrymoedigheid in die wete dat die tweede bede van die Onse Vadergebed deel is van hul kerkpraktyk, en dat hul kerkpraktyk ooreenstem met die Groot Opdrag (Hf. 3). Wanneer die essensie van die Groot Opdrag egter by die kerke verbygaan en kwalitatiewe aktiwiteite taan, is ’n wanbalans binne ekklesiologiese opset ter sprake (Turkstra, 2007:49).

Deur die belofte in die Groot Opdrag is God teenwoordig deur die genade van God (Coram Deo). Deur die uitdrukking, *om voor die aangesig van God te lewe* (Heb 4:13) (Coram Dei) (vgl. 7.2.3.3), behoort die teenwoordigheid van God vir die mens ’n realiteit te wees. Die interpretasiepatroon van hierdie studie wat uitgaan van die verbond, sluit dus vanselfsprekend aan by die koninkryk van God, wat reeds, maar ook nog nie volkome nie, in die ekklesiologiese praktyk bestaan (Burger, 1999:139, 140; Heitink, 1999:169-200). Die *teenwoordigheid* van God binne die gereformeerde kerkpraktyk is tans, binne die huidige tydvak, egter nie ’n klinkklaar uitgemaakte saak nie. Sommige gelowiges is skynbaar nie seker of hulle God in die kerk vind nie, met ander woorde, dat God in der waarheid eintlik afwesig is. Aldus Burger, vind Katolieke en charismatiese groepe God makliker in die kerk as Protestante. Die redes hiervoor is hoe God se teenwoordigheid in die kerk beleef word, asook die bediening en praktyke in dié gemeentes (*ekklesiologie*) (Burger, 1999:136; Heitink, 1999:272). Hiermee word die ekklesiologiese wanbalans as krisis pront-uit gestel.

Die beginpunt om wanbalans te identifiseer is om die Bybelse paradigma, waarvolgens die wanbalanse geweeg word, te formuleer. Hierdie beginsels staan vas, terwyl ekklesiologiese planne/metodes wat hieruit voorspruitende voorkom, voortdurend by die samelewing en omstandighede moet aanpas. Om die probleem van *onkunde* rakende die hantering van die ekklesiologiese wanbalans te ondervang, is die aanbeveling om vanaf die staanspoor *bewustelik tussen metode en doel* te onderskei (Malphurs, 2004:24, 42, 61; Schwarz, 1999:7; Warren, 2005:34, 44-510).

6.4.7 Moontlike belemmeringe na aanleiding van die terme gereformeerdheid, ekklesiologie en wanbalans

Na aanleiding van die bespreekte terme (6.4.1-6.4.5) word ’n aantal vraagstukke hieronder gestel wat as moontlike wanbalanse in die gereformeerde-ekklesiologie empiries ondersoek kan word as aanleidende oorsake tot kerkkrimping binne die “susterkerk”:

Dra die Apostolikum nog gewig onder lidmate? Waarom veroorsaak verskeidenheid binne eenheid ekklesiologiese probleme? Waarom word skeuring weens verskille oorweeg? Waarom is eenheidsoeke vir sekere groepe ononderhandelbaar? Waarom word eie insigte verheerlik? Waarom bestaan wanhoop en vrees? Waarom word nie gereformeer nie? Waarom word gereformeerdheid geloën? Weet gereformeerdes waarop hul identiteit gebou

is? Waarom wil gereformeerdes nie by nuwe omstandighede aanpas en reformeer nie? Beskou die gereformeerde homself as onbelangrik in die koninkryk en is dit die rede van onaktiwiteit? Besef die gereformeerde die essensie van die Groot Opdrag? Waarom taan kwalitatiewe aktiwiteite? Is onkunde onder gereformeerde-lidmate rakende evangelieverkondiging so groot dat nie tussen metode en doel onderskei kan word nie? Word God werklik as teenwoordig in die kerk beleef?

6.5 Oorsake van ekklesiologiese wanbalans

6.5.1 'n Krisis van denke

Die suiwer verkondiging, die dogmatiese en teologiese skat en die "goud" van die gereformeerde tradisie word in die "susterkerk"-kringe as die tradisionele stroom se sterk punt gereken (Burger, 1999:116; Van der Walt, 2006:31; Van Rooy, 2006:22; Van Rooy, 2007b:32). Die GKSA as konserwatiewe kerkverband, is skynbaar "beyond question" (Schwarz, 1999:7).

6.5.1.1 Denke tydens die oorgangstyd

Burger (1999:8) stem in duidelike terme saam met Schwarz (1999:7), dat die ekklesiologiese krisis, 'n krisis van denke is. Optrede, ook dié binne die kerkpraktyk, spruit direk voort uit menslike denke (vgl. 5.4.1; Olivier, 2006:141). Gedurende die uitgerekte en verlammende oorgangstyd waarin Suid-Afrika tans verkeer, word baie gevra van die menslike denke. Skynbaar weet die "susterkerke" nie, of is dit bloot vergete, dat onstabiele tye die voortgang van die evangelie bevorder, dat die eb en vloei van groeitendense algemene kennis is en dat gelowiges dienooreenskomstig denk-aanpassings behoort te maak (Burger, 2007:12; Hendriks, 1996:143; vgl. 4.4.1.3-4.4.5.3; 5.4.2.6; Roxburgh, 1997:26-36). Omdat die kerke die tekens van veranderinge nie kan lees nie, word die huidige oorgangstydperk as baie ontwrigtend beleef. Onderlinge verskeurdheid, onverskilligheid, krimpende getalle en grootskaalse verandering oorval die gevestigde "susterkerke" (Olivier, 2006:75). Die "susterkerke" leer skynbaar van vooraf, dat veranderende tye in die lig van die Bybel nuut verstaan moet word en dat aanpassing, deur oop denke, gevra word (vgl. 3.7). Menslike denke verander immers nie die waarheid van die Bybel nie, maar wel die nuut lees en nuwe toepassing daarvan ten einde sinvolle optrede te verseker (Burger, 1999:8; Olivier, 2006:75).

Die manier, waarop die "susterkerke" die oorgangstyd en nuwe omstandighede verwerk, het 'n uitwerking op hoe wanbalanse benader word en in hoe 'n mate die gereformeerde identiteit behoue bly (Smit & Vorster, 2000:518). Die "veilige" en "heilige" gereformeerde tradisies en 'n dogma "beyond question" waarbinne die "susterkerke" "knus gekluister" (Hendriks, 2003) voortleef, word met hierdie oorgangsproses aan die begin van die eerste dekade van die 21e eeu, onder die vergrootglas geplaas (Joubert, 2007:12).

6.5.1.2 Ingekeerdheid na aanleiding van die "oorlewingstryd"

Ten spyte hiervan is die tradisionele kerke skynbaar steeds onverpoosd toegewyd aan die vorige eeu se ekklesiologiese "oorlewingstryd" en werklik onbewus van die omvang van veranderinge (Hendriks, 2003; 1996:142-144; 1999:17-19; Oliver, 2007:23-40; Van Rooy, 2006:22). Omstandighede bly die kerk skynbaar een voor. Die eise ten opsigte van die oorgangstydperk, manifesteer verder in grootskaalse ekklesiologiese wanbalanse, wat oorbluffend op die kerk inwerk, aangesien die denke nie spesifiek gefokus is op Bybelse beginsels rakende die kerkpraktyk nie. Derhalwe werk ontoereikende kerklike praktyke verlammend in op gemeentes (Botha, 2006a:47; Burger, 1999:150). Die gevolg is dat ingekeerdheid, ter wille van oorlewing, ontstaan. Selfgerigtheid, die opbou na binne en die gemeentelike voorspoed word nagestreef. Waar die gemeente so op hulself fokus, word in werklikheid gestel dat God en die Groot Opdrag nie meer ter sprake is nie. Hierdie selfgerigtheid loop uit op institusionalisme, met verfynde spore van formalisme, onaanpasbaarheid, selfsug/mag, fundamentalisme/rigiditeit, dogmatisme, wettisisme, tradisionalisme, sakramentalisme en konserwatisme (Burger, 1999:278; Schwarz, 1999:99). Die oorsaak van gebrek aan geestelike goedere en vitaliteit lê dus nie by God nie, maar by die mens se geloofstraagheid, bekrompenheid (Joh 7:38), gearriveerdheid en gebrek aan Godskennis (De Wet, 2000:2; Floor: 1979:99; Lotter & Thompson, 2005: 695-714; Olivier, 2005:84; Van Rooy, 2007a:39). Jones (2008:13) sluit hierby aan deur Edmund Burke aan te haal:

> "... die grootste fout wat 'n mens kan maak, is om niks te doen nie, omdat jy gedink het jy kan te min doen."

Die kernsaak van gemeentewees is veronderstel om in alles deur Christus bepaal te word. 'n Gemeente wat egter na binne leef, toon eensydige verstaan van die evangelie en mors energie

bloot om die menslike instansie in stand te hou. Weens sodanige eensydigheid van denke, is die Groot Opdrag nie ter sprake nie en word dit ook nie uitgevoer nie. Gemeentes wat besluit watter opdragte van belang is en die res vergeet, bevestig die bestaan van ’n enorme ekklesiologiese wanbalans (Burger, 1999:71-74, 77, 92, 93). Die identiteit van die gemeente is dan in die weegskaal.

6.5.1.3 Verbondsdenke

Gemeentes waarin hierdie mate van wanbalans manifesteer, is nie bý by die huidige tydsgewrig, of by God se herlewingsdoel vir die huidige mensdom nie. Verbondsdenke is skynbaar ook afwesig, aangesien spanning tussen die mens se behoeftes en God se planne bestaan. Burger (1999:95, 96) stel dat die meeste gemeentes se siening van hul taak neerkom op ’n kompromis tussen wat hulle dink die Here van hulle verwag en waarvoor hulle as gemeente kanssien. Verbondsdenke en ’n verbondslewe impliseer egter, dat in ooreenkoms met God geleef word, alhoewel nie binne gelyke speelvelde nie (vgl. 3.8.3.1.1-3.8.3.1.4) (Burger, 1999:95, 98, 149, 160):

> “Bepaalde dinge word aan ons gegee en op sterkte daarvan word bepaalde dinge van ons gevra.”

Binne ekklesiologiese opset gee die Gees, maar vra dan ook. Hierdie verbondsdenke, verbondsverpligtinge en verbondsaktiwiteite behoort voortdurend deur die leierskap onder die gemeente se aandag gebring te word.

6.5.1.4 Denke na aanleiding van die Groot Opdrag

Volgens Burger (1999:201) en McGrath (1994:10) is wat gevra word, geleë in die roeping om kerk te wees soos wat die Woord eis. Roeping gaan oor ’n Bybelse visie van dit wat die kerk veronderstel is om te wees (identiteit), asook dit wat die kerk veronderstel is om te doen (taak of missie). Roeping gaan dus daaroor, dat die gemeente sal weet dat hulle nie maar met hulle lewe kan maak wat hulle wil nie (HK Sondag 1). In die vorige eeu was die roepingbesef van die “susterkerke” geformuleer rondom evangelieverkondiging aan nieblankes (Coetsee, 2007:50; vgl. 4.5.2.7). Hiervan het weinig gekom. Van die bestaan van ’n nuwe 21e eeu se roepingsbesef, is ook nog nie sprake nie, omdat denke rondom veranderende omstandighede, asook Bybelse verwagtings rakende die huidige omstandighede, nog nie aangepas is nie (Hendriks, 1999:17-19; vgl. 5.4.2). Dit geld hoofsaaklik vir *denke oor die Groot Opdrag,* wat

neerkom op die *opbou* na binne en die *uitreik* na buite (vgl. 3.5.5). Indien die kerkpraktyk nie binne hiérdie *eenheidsisteem* kreatief opgebou word nie (Schalekamp, 2005b:31, 34), ontstaan ’n wanbalans wat verlammend en versplinterend op die gemeente inwerk (vgl. 3.8.5).

6.5.1.5 Gebrek aan kreatiewe denke

’n Benadering van blote instandhouding, oorlewingstruuks en die vasklem aan institusionalisering rem aanpassing en groei (vgl. Tickle, 2008:150-160). Dit is skynbaar die geval in die tradisionele “susterkerke”, aangesien grootliks gesukkel word met aanpassing en met die Gees se kreatiwiteit. Gebrek aan reformasie, gebrek aan beantwoording van kritieke vrae, gebrek aan besluitneming oor aktuele ekklesiologiese sake, asook vermyding van die geestelike nood van lidmate, dra daartoe by dat die kerk as ongeloofwaardig, irrelevant, oneffektief en onbetroubaar beskou word. Respek teenoor predikante neem af, aangesien gereken word dat hulle ontoereikend toegerus/opgelei is. Gemeentelike opbou kwyn, aangesien die prediking nie waarlik lei tot die maak van dissipels nie. Belydenisafleggings blyk bloot formaliteit te wees en kritiek rakende, onder andere, voorskriftelikheid, taal, kerksang en ampswerk, neem algaande toe (Burger, 1999:147, 148, 160; Jager, 2007:47; Ligthelm, 2007:47; Malphurs, 2004:27; McGrath, 1994:11, 12; Pretorius, 2006:17, 18; Smit & Vorster, 2000:530; Venter, 2006:49; Warren, 2005:31, 40, 175).

6.5.1.6 Institusionalisme (I-paradigma)

Dit is duidelik dat wanbalans in denke alle handelinge binne die ekklesiologie raak. Burger (1999:121, 122) stel dat dit in die gereformeerde tradisie nie gaan oor “oorfunksionering” van die Woord en prediking nie, maar wel oor die “onderfunksionering” van die diakonia, koinonia en leitourgia. Die wanbalans wat ontstaan weens oordrewe fokus op *institusionalisering*, word as een van die motiverende oorsake van kerkkrimping by die tradisioneel westersgeoriënteerde kerkverbande gereken. Dit geskied, terwyl geglo word dat die Woord suiwer nagevolg word. Dit is egter bloot oëverblindery, aangesien wanbalans aan die orde van die dag is, die geskiedenis nie as leerskool geneem word nie en Christus buite fokus is.

Burger (1999: 91, 92, 278) ondersteun Schwarz (1999) se uitgangspunt, dat “institusionele gevangenisskap” (Jones, 2088:13) en die ondraaglike lading daaromtrent (Tickle, 2008:13-17) een van die grootste probleme van kerke en gemeentes is. Institusionalisering as

denkparadigma demp die buite/uitbou-aktiwiteite van die Groot Opdrag, aangesien die fokus algaande na die binne/opbou-aktiwiteite verskuif. Institusionalisering wat oorwegend by die tradisionele stroom waarneembaar is, is die teëpool van die spiritualistiese denkparadigma wat meer by die charismatiese stroom waarneembaar is. Die wêreldtendens is egter toename in die spiritualistiese paradigma, terwyl die institusionalistiese paradigma afneem (vgl. 4.4.1.4, 4.4.1.5, 4.4.5.2.3). Dit is duidelik dat wanbalans binne die ekklesiologiese opset wêreldwyd eerder die reël as die uitsondering is. Ten spyte daarvan, kry die mens in sy swakheid die Groot Opdrag om dit met vernuwende denke gehoorsaam uit te voer (vgl. Olivier, 2006:99).

6.5.1.6.1 Institusionalisme (I-paradigma) as teendeel van spiritualisme (S-paradigma)

Binne ’n denkparadigma is daar altyd twee pole, naamlik die dinamiese en die statiese pole (vgl. ook 6.5.2). Aldus Schwarz (1999:20, 21), moet die dinamiese en statiese pole in balans én ter wille van die mekaar funksioneer (vgl. Brouwer *et al*, 2007:176). Indien nie, is daar ’n wanbalans wat roep tot reformasie. Die uitgangspunt in die “susterkerke” is institusionalisme gegrond op die Woord. Ordelikheid en die suiwer Woord is die “susterkerke” se sterk punt - die stroom is “beyond question” (Schwarz, 1999:7). Hierdie sterk punt dra soveel fokus dat balans versteur word en derhalwe word die sterk punt die “susterkerk” se swak punt. Volgens Ef 4, Rom 12 en 1 Kor 12, word die kerk as lewende organisme gesien. Kuyper het reeds daarop gewys, dat indien die kerk nie as organisme funksioneer nie, verval in die kerk toeneem en dat tekens van institusialisme vertoon word (Dreyer, 2009:27). Malphurs (2004:9) en Warren (2005:25) sluit hierby aan deur te stel dat groei sal toeneem as die kerk Bybels ingelig, kultureel relevant en as lewende organisme, gesond is. Kerkkrimping skyn die resultaat te wees van dié ekklesiologiese wanbalans/ongesondheid.

Institusionalisme behels die daarstel van ’n “formule” en dat die godsdienstige praktyk daarvolgens outomaties plaasvind. Dié verskynsel spruit uit die soeke na sekerheid (vgl. o.a. Schwarz, 1999:191-194). In dié soeke word die organisasie van die kerkpraktyk en die kerk as organisme nie onderskei nie, maar sinoniem hanteer. Die fout wat hierdeur gemaak word, is dat die stimulerende balanserende invloed tussen die organisering/funksionering van die instansie, nie met die organiese kant van die kerk in berekening gebring word nie (Schwarz, 1999:24-32, 42). Die tipe institusionele wanbalans staan bekend as *objektiwisme*.

Verder vooruitspruitend uit die soeke na sekerheid, word wetlike en ortodokse gesag aan die Woord toegesê en die lewende verhouding van die mens tot die Woord, word sodoende ondermyn. Deur die gesag van die Woord word geloof outomaties veronderstel en "verseker" (Schwarz, 1999:27). Die tipe institusionele wanbalans staan bekend as *heteronomisme*.

'n Derde verlammende institusionele oorsaak van wanbalans is dat ortodoksie tot *formalisme* lei. Formalisme is sigbaar in rituele, vaste vorme en vaste uitdrukkings. Die inhoud van die Woord word deur die 'n blote herhalende vorm, ondermyn. *Rasionalisme* sluit vierdens hierby aan as institusionele oorsaak van wanbalans en neig tot die verwerping van godsdienstige ervaring. Die institusionalistiese denkraamwerk fokus dan op sekere patrone en dominerende tradisies, met die denke dat geloof vanself sodanig bewerkstellig word. Die kerk word *ex opere operato* gewaarborg. Hierdie denke wys na die *magiese* karakter van die institusionalistiese paradigma. Binne "susterkerk"-gebruik kan frases/formules, soos *tot eer van God, alles is net genade, ons vra dit in U naam,* in magiese terme aangewend word om verhoring te "verseker".

Binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" is die oormaat van institusionalisme en die tekort aan spiritualiteit, skynbaar 'n bepalende oorsaak van die ekklesiologiese wanbalans, wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

6.5.2 Aanpak van die ondersoek rakende die wanbalans na aanleiding van geblokkeerde denkpatrone

Die aanpak van die ondersoek binne die tradisioneel Afrikaanse GKSA-"susterskerk" rakende die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans, neem in aanvang deur die teologiese blokkasies (gestagneerde denkpatrone) te identifiseer. Deurdat reformasie deur 'n verstelde strategie deur die ondersoek ten doel gestel word, moet eers empiries vasgestel word in hoe 'n mate die gestagneerde/geblokkeerde denkpatrone in die werklikheid bestaan. Wanbalans op ekklesiologiese vlak manifesteer by die tradisionele "susterkerke" binne die I-paradigma. Dié paradigma blokkeer 'n gebalanseerde kerkpraktyk, wat op sy beurt natuurlike kerkgroei belemmer en kerkkrimping bevorder.

Die twee balanserende elemente binne enige gesonde kerkpraktyk is die voorkoms van 'n statiese en 'n dinamiese element wat deel uitmaak van die bipolêre Skrifgefundeerde paradigma (vgl. 6.5.1.6; Schwarz, 1999:6-18). Deur die navorsing is reeds vasgestel dat agt

meetbare, kwalitatiewe, Skrifbegronde kenmerke voorkom by alle kerke wat gebalanseerd ontwikkel en gesonde groei toon. By elkeen van die agt kenmerke verbind die organisatoriese (statiese) element met die organiese (dinamiese) element. Wanneer een van die twee in mindere mate funksioneer, ontstaan ’n wanbalans in die ekklesiologie. Aangesien kerkkrimping die teendeel van groei is, is dit ’n duidelike teken van wanbalans in die ekklesiologie. Verder is dit ook bekend dat die tradisionele kerke prominent binne die I-paradigma funksioneer. Dit is duidelik dat die organisatoriese (statiese) in die ekklesiologie die botoon voer.

In die aanpak van hierdie ondersoek ter bevestiging van die bestaan van die I-paradigma as denkwyse van die “susterkerke”, waaronder die GKSA sorteer, word dus uitgegaan van die organisatoriese (statiese) elemente in die kerkpraktyk. Die leemtes, wat deur die afwesigheid van die organiese (dinamiese) element gelaat word, sal as balanserende korrektief vir ’n gesonde ekklesiologie gestel word. Die agt statiese elemente/kenmerke, wat empiries ondersoek word, is: spiritualiteit, bediening, aanbidding/eredienste, kleingroepbediening, evangelisasie, strukture, leierskap en verhoudings.

Voordat die ondersoek geloods word, is dit nodig om presies te weet wat elke kenmerk behels en wat die skynbare leemtes in die praktyk is rakende dié spesifieke kenmerk. Vanselfsprekend is hierdie elemente/kenmerke onderling vervleg en kan dit nie in die praktyk maklik van mekaar geskei word nie. Ter wille van die ondersoek en volledige beskrywing, word die elemente wel van mekaar geskei.

6.5.3 Die agt statiese elemente binne die I-paradigma

(vgl. Bylaag L)

6.5.3.1 Spiritualiteit

Spiritualiteit is die primêre grondbeginsel van die kerk en die teologie en word grootliks gevorm deur die kulturele situasie/tydsgees (Heitink, 1999:271, 272; Olivier, 2006:24-25, 79, 85, 129). Dit is reeds gestel dat die tradisioneel Afrikaansprekende “susterkerk”-gelowige in ’n oorgangstyd/-proses/-fase verkeer: ’n oorgangsfase wat kultureel begrond is en dit rig gewone lewensingesteldhede (vgl. 5.4.2). Spiritualiteit gaan oor die verstaan en vertolking van die teenwoordigheid en aktiwiteit van God in die mens en die wêreld (Smit, 1995:24).

Spiritualiteit, of die vroomheid van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk"-gelowige, is gedurende vorige dekades deur die term, *godsdienstigheid*, beskryf. Die persepsie bestaan steeds, aldus Du Toit *et al* (2002:8-12), dat gereformeerddenkendes eintlik nie vroom/spirituele mense is nie, omdat hoofsaaklik op die dogma gefokus word en evangelievreugde derhalwe nie op die voorgrond is nie. Hierdie persepsie word deur Du Toit *et al* sélf gekorrigeer, deurdat gestel word dat gereformeerdes nie minder vroom as ander gelowige is nie, maar dat vroomheid/spiritualiteit/godsdienstigheid bloot anders beleef word. Die tradisioneel gereformeerddenkende het "diep eksistensiële betrokkenheid" (Du Toit *et al*, 2002:8-12) in hul geloof wat tot uiting kom deur nederige dankbaarheid en erkenning van God se goedheid. Ervaring en belewing kry derhalwe nie soveel klem nie. Hierdie bespreking vind ook plaas teen die agtergrond van 5.4.1.3.

In die oorgangstydperk wat tans beleef word, ervaar talle tradisioneel gereformeerddenkendes skynbaar ook 'n verskuiwing wat die gevestigde vroomheid/spiritualiteit/godsdienstigheid intens aanraak en tot wysiging noop. Indien gereformeerde denke voorheen as "anders" getipeer is, kan enige suiwerende en herdefiniërende verskuiwing ten goede meewerk in die daarstel van 'n opnuut aangepaste, opnuut 'anderse' gereformeerde vroomheid/spiritualiteit (Du Toit, 2000:55, 56, 114, 115; Du Toit *et al*, 2002:48). Tickle (2008:135) stel dit duidelik dat die kerkverlaters terug sal keer na die Woord, maar dan in 'n geheel anderse uitlewing aangesien die kulturele verskuiwing heraanpassing vereis het en die samelewing ook aangeskuif het na 'n geheel nuwe lewenswyse wat spreek van na-postmodernisme, postdenominalisme, postradisionalisme en post-Christendom (vgl. 4.4.5.3).

Twee duidelik, steeds ontwikkelende strome rakende spiritualiteit, word in die eerste dekade van die 21e eeu by die "susterkerk'-gelowiges waargeneem. Die eerste stroom toon 'n verminderde vorm van godsdienstigheid/spiritualiteit as gevolg van die vervreemdingsproses wat toeneem. Die tweede stroom vertoon vaag deur die ontluiking van 'n anderse spiritualiteit (vgl. 4.4.1.5; 4.4.5.3; 5.4.1.2). Alhoewel hierdie spiritualiteit nog nie ten volle geformuleer is nie, is een saak wel ondubbelsinnig en duidelik geteiken, naamlik om slegs op die kern van die evangelieboodskap, naamlik die opgestane Jesus en die Gees wat 'n lewende verhouding bewerk, te fokus. Vanuit hierdie lewende verhouding kom *belewing* primêr na vore (Olivier, 2006:141; Tickle, 2008:123).

Die gevestigde, tradisoneel Afrikaanse ‘susterkerk’-gelowige soek sekerheid in absolutisme en in die *leer/dogma.* Godsdiens as deel van ’n tyd van dogmas en reëls en “onderdrukkende ‘groot verhale’, is (egter) verby” (Van der Walt, 2006:30). Weens die verskuiwing word dié soort godsdienstigheid al meer as uitgediende tradisionele praktyk gesien (Du Toit *et al*, 2002:12; Runia, 1988:74, 91, 95, 115, 116; Wijnbeek, 2006:33). In hierdie oorgangstyd sal uiteraard wisselende grade van verskuiwing en verset wees; sommige se spiritualiteit/godsdienstigheid kom immers na vore deur “uitbundigheid”, terwyl ander ’n eerbiedige houding verkies (Vorster, 2007:48).

Teenoor ortodoksie, dogmatisme, formalisme, absolutisme, logika en oordrewe fokus op die kerkorde, is daar stemme wat spreek van oorgawe in Coram Deo, intensiteit, Geesvervuldheid, geestelikheid, emosie, ervaring, intuïsie, entoesiasme, “deurdronge ywer” (Van Rooy, 2007a:41; Brouwer *et al*, 2007:38) en diepgaande omgang met die Here en die Woord (Breytenbach, 2007:6; Du Toit *et al*, 2002:244; Smit & Vorster, 2000:519; Van der Spuy, 1998:156; Van der Walt, 2008:24, 25; Warren, 2005:7). Jackson (2007c:8) berig vanuit kerkgeledere dat die krag van die Gees deur belewing gesoek word, in teenstelling met waar die Gees skynbaar uitgeblus, weerstaan, bedroef of ver weg is (Olivier, 2006:141). Individuele spiritualiteit word derhalwe nagestreef, maar is onvolkome omdat die onderskraging van ’n medegelowige die belewing meer volledig daar kan stel. Kommunale spiritualiteit is wat die hedendaagse mens se behoefte is (Smit, 1995:49).

Herdefiniëring na aanleiding van die Groot Opdrag kan nuwe balans bring waar die geblokkeerde tradisionele dogma van die kerk ’n ekklesiologiese wanbalans binne gereformeerde spiritualiteit bewerk het (Smit & Vorster, 2000:529, 530).

6.5.3.2 Bediening

Die gereformeerde bedieningsmodel berus op suiwer Woordverkondiging as primêre heilsmiddel. Die bedieningsmodel dui op die totaliteit van aktiwiteite waardeur die gemeente poog om uitvoering te gee aan hul opdrag. Deur die bediening is die mens die primêre instrument waardeur die Gees kommunikasie bewerkstellig (Burger, 1999:104-115; 3.8.3.3). Die vier bedieningsdienste/velde wat gelyktydig en gebalanseerd teenwoordig behoort te wees, is: *koinonia* dui op dit wat die gemeente is (onderlinge menslike versorging); *kerugma* dui op wat die gemeente sê (Woordverkondiging); *diakonia* dui op wat die gemeente doen

(diens aan ander na aanleiding van die voorbeeld van Christus); *leitourgia* dui op hoe en wanneer aanbid word (gemeenskap met God).

Dulles (Burger, 1999:116) vul bogenoemde verduideliking aan deur te stel dat *koinonia* realiseer as die kerk as gemeenskap byeen is, dat *kerugma* realiseer wanneer die kerk die evangelie verkondig, dat *diakonia* realiseer wanneer die kerk as dienskneg optree en dat *leitourgia* realiseer as die kerk rondom die liturgie versamel. Dis dus duidelik dat die vier bedieningsvelde, ten spyte van verskillende verduidelikings, semanties ooreenstem en saam funksioneer as die bediening en as wesenskenmerke binne die kerk (vgl. ook Schalekamp, 2005b:260-270).

Die ideaal is dat die bediening as eenheid funksioneer. Op grond van die Groot Opdrag (vgl. Hf. 3) funksioneer die bediening deur *opbou* na binne en deur *uitbou* na buite. Wanbalans ontstaan indien een van die twee fasette nagelaat word. Burger (1999:12) verduidelik die balans binne die bediening soos volg:

Opbou na binne	***Dienste***	***Uitbou na buite***
Lering en prediking	Kerugma (vertel)	Evangelisasie
Diens na binne (gemeente)	Diakonie (doen)	Diens na buite (sosiaal)
Gedeelde lewe:binne/buite	Koinonia (is)	Gedeelde lewe
Erediens	Leitourgia (viering)	Feeste

Vir hierdie ondersoek word hiérdie indeling van die bediening met opbou en uitbou as balanserende faktore gebruik. Schalekamp maak ook van hierdie indeling gebruik (2005b:23-28). Schwarz (1999) toon aansluiting by hierdie indeling, alhoewel gewysigde terminologie gebruik word. Schwarz (1999:99) se uitgangspunt is *samesyn, geloof* en *diens*. Dit stem ooreen met die indeling van Burger en Schalekamp in die sin dat *samesyn*, vir Schwarz ooreenstem met die *opbou na binne* van Burger en Schalekamp, dat *geloof,* soos beskryf deur Schwarz, ooreenstem met *dienste* van Burger en Schalekamp en dat *diens* by Schwarz, ooreenstem met *opbou na buite* van Burger en Schalekamp.

Deur die navorsing gedoen deur Schwarz word getoon dat binne enige gesonde christelike ekklesiologie, die reeds genoemde agt kenmerke op geïntegreerde wyse (vgl. 6.5.2), groei

daarstel. Uiteraard is dit ’n gegewe dat geen vaste manier/wyse as die enigste aangetoon kan word nie. Verbetering van die ekklesiologiese kerkpraktyk wat deur Schwarz waargeneem is, moet gesien word teen die mens se beste pogings binne ’n gebroke bestel. Die enigste vereiste wat binne hierdie komplekse opset gestel kan word, is dat die bedieningswyse optimaal effektief/funksioneel/sinvol bestuur moet word deur die mens (Burger, 1999:113; Schwarz, 1999:223, 225): die mens wat in gebrokenheid voortdurende vernuwing van eie denke binne die bipolêre denkparadigma gelowig nastreef.

Effektiwiteit by “susterkerke” word tradisioneel hoofsaaklik nagestreef deur ampte in diens van die gemeente. Dit getuig van ’n ongebalanseerde en eng verstaan van die bedieningsbegrip. Die verskraalde verstaan rondom die amp van die gelowige is derhalwe ook onder bespreking. So ook begeleiding, toerusting en bemagtiging van gemeentelede. Warren (2005:301-305), Burger (1999:189, 194-196) en Venter (1996:80) meen dat elke lidmaat ’n bedienaar is, dat elkeen belangrik is, dat die gemeente interafhanklik is, mekaar moet bedien en dat elke gemeentelid (’n) unieke bedieningsgawe(s) het met die oog op gemeentelike opbou. Dit word begrond uit Rom 12:4-8, Ef 4:11-16 en I Kor 12:27-31. Floor (1979:86, 87) en later ook Warren (1989:90), stel dat die bedoeling van gawes, wat deur die Gees gegee word, gerig is om gemeentelede aktiewe diens in die gemeente en in die wêreld te kan laat verrig. Dit beteken derhalwe doeltreffende/effektiewe/sinvolle bedieningswerk vir opbou (intensief-bevestigend), asook vir uitbou (ekstensief-missionêr). Die bestaande menslike potensiaal moet saam met die werk van die Heilige Gees in die totale bediening realiseer (Burger, 1999:189, 194-196; Venter, 1996:80).

Gesien in die lig van die Groot Opdrag, kan die eenheidsisteem van opbou na binne en uitbou na buite, nie deur menslike keuses losgemaak word van mekaar nie. Die bediening verval dan in ongebalanseerdheid. Ongebalanseerde bediening rakende gawes manifesteer deur die gebrek aan die bestaan van eie gawes, die gebrek aan bemagtiging in die uitleef van die gawes of deur oneffektiwiteit in dienste (Runia, 1988:116). Malphurs (2004:68, 69, 73), asook Smit en Vorster (2000:525), dui op die probleem van gemaksones, middelmatigheid en gebrek aan moed en toewyding, ten koste van die bediening (vgl. Lev 22:20-22, Num 18:29-30). ’n Newegevolg van wanbalans binne gawes is dat die predikant homself oorwerk en selfs die bediening verlaat (Burger, 1999:109, 110; Niemandt, 2007:40; Van Rooy, 2007b:31, 32). Die kritieke saak in die gereformeerde bediening is skynbaar die onderfunksionering van een of

meer van die bedieningsvelde (Burger, 1999:108-110, 121, 291). ’n Opvolgkrisisvraag hieruit voortspruitend is of die gemeente werklik kerk wil wees, of gemeentebou werklik nagestreef wil word en of die gemeente regtig hul kragte ter wille van die evangelie wil inspan. Die vraag is verder of gemeentebou, wat opbou en uitbou voor oë het, sonder voorwaardes, soos die kleurgrens, ten doel gestel kan word (Breytenbach, 2007:4-7; Schalekamp, 2005a:24-28).

’n Ongebalanseerde bediening vertoon ingekeerdheid, ongebalanseerde/valse vroomheid, lidmate wat onkundig/oorversigtig is rakende gawes, vrees vir dwaling, gebrek aan erkenning van verskeidenheid, gebrek aan ’n dienskneggestalte, gebrek aan reformasie, verknogtheid aan kontrole en oordrewe beheer deur die kerkorde (Du Toit *et al*, 2002:47, 49; Niemandt, 2007:40; Van der Spuy, 1998:41; Van der Walt, 2006:31). Hiermee gelyklopend is ook die gebrek om uitdagings/probleme rondom die bediening te sien. Weens geblokkeerde denke is die bediening skynbaar ’n gevestigde takie, waar ou waarhede bloot volgens die ou maniere gedoen word (Burger, 1999:103, 114).

Binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, waaronder die GKSA sorteer, is die bedieningskenmerke moontlik deel van die ekklesiologiese wanbalans wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

6.5.3.3 Aanbidding (eredienste)

Aanbidding verwys na enige samekoms waar twee of meer mense van die gemeente byeen is (Burger, 1999:196). Samekomste dui dus nie net op eredienste nie, maar sluit ook Bybelstudiegroepe, jeugbyeenkomste, kerkraadsvergaderings en ander groepsbyeenkomste in die gemeente in (Suidheuwels, 2002). Burger (1999:195) onderskryf wat Berkof en Firet gestel het en waarby Van Rooy (2007a:39) ook aansluit, naamlik dat samekomste ’n charismata, ’n bedieningsgawe van Christus deur die Heilige Gees is. Die aanbiddingsgeleenthede is op die Groot Opdrag gegrond deurdat die gemeente intern geestelik groei (opbou) en ekstern uitreik na kerkloses (uitbou) (Venter, 2006:4). ’n Spesifieke manier/model van aanbidding word nie in die Bybel voorgeskryf nie. Wat wel bestaan is dat aanbidding, onder andere, spruit uit suiwer Woordbediening, intense lofprysing (sang en gebed), verootmoediging, vergifnis, offervaardigheid, asook dat die gemeente aangemoedig word tot ’n godvrugtige verbondslewe. Eredienste en aanbidding as

ekklesiologiese kenmerk is die terrein waar groei of krimping van getalle maklik waargeneem kan word.

Onder aanbidding sorteer die vier bedienings (vgl. 6.5.3.2) (Burger, 1999:204 ev.). Aanbidding deur die bedienings, veronderstel die teenwoordigheid van die Gees (Olivier, 2006:120). Die veronderstelling is gegrond op die belofte in die Groot Opdrag, waardeur die mens aanvaar dat die Gees altyd teenwoordig is, veral waar Woordverkondiging plaasvind. Die werking van die Gees is egter nie outomaties nie. Die Woord het alleenlik uitwerking wanneer God deur sy Gees wil werk (Floor, 1979:124; Schwarz, 1999:9). ’n Kerk vol mense, maar sonder die Gees, is in wese nie meer kerk nie (Van Rooy, 2007a:39).

Aangesien die mens deel is van die ekklesiologiese opset, is dit nie vreemd om wanbalanse in elke gebied van aanbidding waar te neem nie. Vrees en onsekerheid is diep menslike eienskappe en manifesteer intens in tye van verandering (Olivier, 2006:81; vgl. 5.4.2.3; 7.2.3.2.4.2). Ongebalanseerde aanpassings by oorgangstye kan verkeerde veranderinge laat posvat, byvoorbeeld om te verander bloot ter wille van verandering (Anoniem, 2006:47), of aan die ander kant, om ’n laertrekmentaliteit/eksklusiwiteit te toon, die “wêreld as vyand af te maak” of in hierdie klein wêreldjie “botstil te staan en dood te gaan” (Hendriks, 1993:548, 550:549; Niemandt, 2007:37).

Sosiale en kulturele verskuiwings beïnvloed die mens onwillekeurig en eis derhalwe aanpassings. Christus, as sekerheid, is egter in elke nuwe ontwikkeling/verskuiwing teenwoordig; derhalwe word van die mens geëis om by elke krisistyd, oorgangsfase of ontwortelende ontwikkeling/verandering in die lig van die Skrif aan te pas, ook wat identiteit betref (De Klerk, 2000:451-468; Hendriks, 1999:19; Runia, 1988:82). In die huidige oorgangstyd is die “susterkerke” voor ’n uitdaging om daadkragtig met moed, geloof en hoop op die stem van die Here te reageer, alhoewel skynbaar gesukkel word daarmee (Du Toit *et al*, 2002:243; Niemandt, 2007:37). In aanbidding/eredienste spreek die tradisionele kerk van sterk institusionalisering, wat herken word aan formalisme, rigiditeit, onaanpasbaarheid, selfsug, mag, biblisisme, voorskriftelikheid en tradisionalisme (Burger, 1999:278; Du Toit *et al*, 2002:244; Schwarz, 1999:99; Wijnbeek, 2006:33, 34; 2007:40; 2009).

By aanbidding is die predikant van groot belang. Uit die aard van sy beroep is hy afgesonder om die ekklesiologiese opset so te rig dat die kerklike speelveld gereed is vir groei.

Wanbalanse wat deur die toedoen van die predikant ontstaan, is (vgl. ook 3.8.3.4.2) onder andere, die volgende:

- *Prediking*. Met die prediking as instrument van die Heilige Gees, moet die prediker moeite doen om ’n sinvolle preek te lewer en moet die prediker, as persoon in homself, ook geestelik voorbereid wees (Floor, 1979:124; Suidheuwels, 2002). Omdat God deur die Woord in die prediking sentraal staan, maar deur gebroke mense gebring word, is die gevaar dat wanmanifestasies “reggepreek” (Burger 1999:145, 146) word. Prediking stel hoë eise, derhalwe moet elke liturgiese element waarde en betekenis hê en van omgang met God getuig. Indien nie, spreek dit van verveling en “moet-preke” (Warren, 2005:176), van verstoktheid in ’n vaste gestruktureerde liturgie (Du Toit *et al*, 2002:27) en om bloot as die “frozen chosen” (Moes, 2007:4) “vasgevries” (Botha, 2006:23) voort te leef. Dit spreek verder van gebrek aan hervorming of ontwikkeling, maar ook van teleurstelling onder gemeentelede (Venter, 2006:49). Waardelose liturgie word versterk indien die prediker die enigste deelnemende lidmaat is (Du Toit *et al*, 2002:244; Van Helden, 2002:1-30). Dit kan self so ver gaan dat ’n paar tekste gebruik word om die standpunt van die prediker onwrikbaar te stel. “Skrifkorrektheid as afgod” kan so beklemtoon word dat selfs vir God nie meer ’n kans gebied word om sigbaar te word nie, aldus Botes (2006:48). Die feit dat die Woord sentraal moet staan, lei telkens tot swaar en vervelige, lang, uitgebreide voordragte in gelade taalgebruik dat geen vryheid moontlik is nie. Prediking getuig dan van tradisionalisme, wettisisme en intellektualisme (Wijnbeek, 2007:40; Warren, 2005:183). Gebrek aan relevante prediking (Du Plooy, 2006:20; Olivier, 2006:120; Warren, 2005:146, 147) en gebrek aan geestelike entoesiasme beklemtoon ook wanbalans in aanbidding (Breytenbach, 2007:4-7).
- *Menseverhoudinge*. Die predikant kan wanbalans in sy menseverhoudinge ervaar, deurdat hy as predikant besef dat die predikantsamp nie meer so hoog geag word nie (Du Toit *et al*, 2002:245). Die predikant se verhoudings met familielede, gemeentelede en kerkraadslede kom ook onder die vergrootglas. Die predikant se roepingsbesef kan ook moontlik aangetas word deur kritiek en deur die eise om aan te pas.

- *Opleiding van predikante*. Talle predikante toon twyfel oor hul predikantstaak. Predikante moet oortuigde getuies wees, soos deur die Here gevorm en nie ’n blote produk gevorm deur “powere teologie” van mense wat bloot kennis aanbied en nie ywer in die hart kan lê nie. Die gevolg is dat die gemeentes waar sodanige predikante werk, benadeel word deurdat ’n “geestelike baba” en ’n “teologiese analfabeet” met weinig “Gees-geïnspireerde onderskeidingsvermoë” geestelike versorging moet bied (Van Rooy, 2007a:39; vgl. Greenleaf, 1996:169-175, 191-305). Insig rakende die 500-jaarliks golfbeweging (vgl. 4.4.5.3), die societas/communitasfases (vgl. 5.4.2.6), asook die lewenssiklus van ’n gemeente behoort waardevol te wees (vgl. 7.1.1.4) en behoort ook die opleiding van predikante in die praktyk van waarde te wees.

Ander ekklesiologiese wanbalanse wat ontstaan, is die siening dat erediens-bywoning ’n blote plig is (Suidheuwels, 2002), die verskillende uitgangspunte oor die musiek tydens die erediens wat die verskillende omdigtings en melodieë insluit (Jackson, 2006a:17; Venter, 2006:49) en ’n kerkatmosfeer wat afstoot (Jackson, 2006a:17; Olivier, 2006:140; Warren, 2005:146, 147). Dit sluit in onvriendelikheid onder lidmate, belangstelling in geld in plaas van in die lidmaat, onbevredigende bedienings, byvoorbeeld vir kinders/jeug/seniors, asook beperkte deelname deur die gemeentelede (Venter, 2006:49; Van Helden, 2002:1-30). Verder ontstaan wanbalans weens ’n lewensvreemde liturgie wat hoofsaaklik nie balans hou tussen die ontwikkelende tydsgewrig en kerklike tradisie nie en wat getuig van oordrewe stigtelikheid, ongemaklikheid en min spontaniëteit (Anoniem, 2006:47; Du Toit *et al*, 2002:27; Venter, 2006:49).

Wanbalans word herken deurdat onbetrokkenheid van lidmate bloot aanvaar word as ’n gegewe (Botha, 2006:22, 23), deur die gebrek aan die evangelie vir die gemeente wat in die huidige oorgangsfase lewe en dat hul vrese en behoeftes nie aangespreek word nie (Du Toit *et al*, 2002:39, 40). Gemeentelede se kritiese denke, asook ’n hiper-individualistiese en hiper-pragmatiese houding is ook sprekend van die huidige oorgangsfase (Du Toit *et al*, 2002:244).

Wanbalans is duidelik sigbaar deur die gebrek aan naasteliefde en gebrek aan erkenning van verskeidenheid, veral waar meningsverskille voorkom, byvoorbeeld die mate van stigtelikheid of uitbundigheid in die liturgie, en uitgerekte besluitneming, byvoorbeeld oor die vrou in die amp, kelkies en omdigtings (Schoeman, 2006:47; Venter, 2006:49; Van Wyk, 2006a:6, 7).

Verdere wanbalans ontstaan deur probleme rondom kinderkommunie, ampte, homofilie, Skrifgesag, die gesag van die belydenisskrifte en die kerkorde (Du Toit *et al*, 2002:240, 242; 244; Schoeman, 2006:47), die gebrek aan sinvolle simbole, asook die tekort aan metafore, rituele en verbeeldingryke prikkelende taalgebruik (Niemandt, 2007:32). Hierteenoor staan die skynbare gebruik van tradisionele woorde wat sogenaamde Woordsuiwerheid vir sekere groepe verseker (Schwarz, 1999:107). Wanbalans word ook geraak deur die rasionele en onpersoonlike wat eredienste oorheers en wat spreek van gebrek aan inspirasie, emosie, betrokkenheid en spiritualiteit (Niemandt, 2007:30; Olivier, 2006:23-25; Smit & Vorster, 2000:525). Volgehoue onsuksesvolle pogings tot kerkeenheid vertoon ook wanbalans (Du Toit *et al*, 2002:242).

Die talle ongebalanseerdhede binne die aanbiddingsruimte van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", lei heel moontlik grootliks tot die verskynsel van kerkkrimping.

6.5.3.4 Kleingroep

Die verskynsel van kleingroepe binne die ekklesiologiese opset is nie 'n nuwe verskynsel nie, veral as in gedagte gehou word dat in die Nuwe Testamentiese tyd al van huis tot huis bymekaar gekom is (Hand 2:46, I Kor 16:19, Fil 2) (Suidheuwels, 2002). *Kleingroep* as term, kom egter nie eksplisiet in die Bybel voor nie en die Bybel bied ook geen struktuur vir hierdie bedieningstyl nie, aldus Du Toit *et al* (2002:30). Die klein, sosiale byeenkomste bied egter sterk opbouende positiewes vir die gemeentelike lewe en word, onder andere, deur Donahue en Robinson (2003), as integrale Bybelse uitgangspunt en bedieningswyse gestel. Die voorkoms van kleingroepe, asook die nut en gewildheid daarvan, stem ooreen met die sterk sosiale skuif in die samelewing na kleiner, intiemer groepe waar holistiese bediening kan geskied (Brouwer *et al*, 2007:154; Burger, 1999:198; Olivier, 2006:140; Strong, 2007:128; Wijnbeek, 2007:33).

Om die balans in die gemeente rakende opbou en uitbou na te streef deur kleingroepbediening, is dit belangrik dat die leierskap die gemeente voortdurend tot gehoorsaamheid aan die missie, soos dit geleë is binne die Groot Opdrag en die verbond, aanmoedig. Deur kleingroepbediening aanvaar lidmate mede-eienaarskap van 'n gemeente wat in totaliteit opgebou word (Schwarz, 1999: 171, 172; Smit & Vorster, 2000:527). Waar twee of meer byeenkom met die doel om geestelike groei te beleef, slaag die kleingroep. Die

gespreksgenote is op ’n informele, spontane vriendskapsvlak en deur leer- en ontwikkelingprosesse kommunikatief betrokke. Sodoende word geestelike en fisiese/persoonlike nood gedeel en aangespreek. Op hierdie wyse word bemagtiging en geborgenheid ervaar, terwyl elkeen sy/haar gawes geredeliker (as binne die groter gemeente) ontdek, ontwikkel en aanwend. Hoe groter die gemeente, hoe belangriker is die rol wat kleingroepe speel (Burger, 1999:97, 98, 198; Hendriks, 1993:548-550; Runia, 1988:97; Suidheuwels, 2002; Schwarz, 1999:171, 172; Van der Walt, 2006:31).

Groei binne die kleingroep geskied deur kennisuitbreiding (Bybelstudie), deur eie gawes te ontdek, deur onderlinge bediening en uitlewing van gawes, deur beoefening van godsvrug en deur evangelisasie. Uitbou van die gemeente word deur kleingroepe gerugsteun, spesifiek deurdat die gemeenskap gedien word deur evangelieverkondiging (Du Toit *et al*, 2002:39, 40; Hendriks, 2003). Groepering van sodanige groepe lei tot ’n netwerk van kleingroepe waardeur die gemeente opgebou word (kwalitatief) en die buitewêreld verder hierdeur ingetrek word (kwantitatief). Kleingroepbediening dien die balanserende lewe van ’n gemeente, deurdat opbou en uitbou/vermeerdering daarmee verband hou. Kleingroepbediening moet sodanig wees dat vermeerdering kan geskied. Indien vermeerdering binne die kleingroep geskied, moet die struktuur daarvan ook beeïndig kan word/afsterwe, aangesien nuwe ontwikkeling en nuwe groei op hierdie wyse geskied (vgl. 3.5.1; 3.8.3.2; 3.8.3.4) (Schwarz, 1999:172).

6.5.3.4.1 Belemmeringe

Onderstaande belemmeringe manifesteer wanneer wanbalans binne die kerkpraktyk voorkom:

- Die moontlikheid van wanbalans binne die ekklesiologiese opset is wanneer kleingroepe, òf afwesig is, òf tot sekere ‘uitwasse’ lei, soos ekslusiwiteit en kliekvorming wat uitloop op stagnasie (Du Toit *et al*, 2002:30; Schwarz, 1999:171, 172).
- Leierskap wat die gemeente nie aanmoedig tot gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag binne die verbond nie. Indien die gemeente nie ekklesiologies mede-eienaarskap aanvaar nie, sal kleingroepbediening nie slaag nie. Leierskap wat nie vir kleingroepe voorsiening maak nie, wat die statiese najaag, of wat die wese van die kleingroep, naamlik ontwikkeling, groei en afsterwe, nie wil erken nie.

- Wanbalans kom voor indien samekomste geskied, maar die mens nie holisties benader word nie (vgl. Strong, 2007:73). Dit is ook belemmerend indien geestelike groei nie plaasvind nie, omdat te veel op elkeen se eie persoonlike nood gefokus word.
- Die afwesigheid van kleingroepbediening wat opbou en uitbou (balans) van die gemeente positief kan dien.

Die afwesigheid van kleingroepe, asook die belemmerende voortgang van groepe dui op ongebalanseerdheid binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke". Hierdie toedrag van sake dra skynbaar by tot die verskynsel van kerkkrimping.

6.5.3.5 Evangelisasie

Evangelisasie en sending is inhoudelik identies (Bosch, 1991:9-11, 409-411) en spruit voort uit die Groot Opdrag, soos self deur Jesus aan die mens gegee is. Deur die "marsbevel" (Van Rooy, 2007a:39) uit te voer, groei die kerk en sonder evangelisering is groei onmoontlik (Suidheuwels, 2002). Evangelisasie/sending is die verkondiging van verlossing in Christus en die uitreik na ander in onvoorwaardelike liefdesdiens: om met diegene te identifiseer deur 'n omgeegesindheid, om niks terug te verwag nie en om jou geloof op so 'n manier te deel dat daar by hulle vrywillige reaksie ontstaan om hulself as dissipel van Christus aan die gemeente toe te wy (vgl. Olivier, 2006:120). Evangelisasie is die taak/missie van die kerk. Die missie van die kerk geskied binne die eenheidsisteem van opbou en uitbou, maar aangesien die mens in sy swakheid deel uitmaak van die proses, is wanbalans telkens teenwoordig (Burger, 1999:88-91).

6.5.3.5.1 Doel

Die doel van die evangelisasietaak is om die nood van die mens aan te spreek. Nood behels 'n behoefte op 'n spesifieke gebied en wat primêr geestelik is, maar wat ook fisiese nood insluit (Bosch, 1991:10; Hendriks, 2003). Evangelisasie het ook ten doel om bestaande lidmate te heraktiveer en hoe die doel bereik kan word, word kortliks deur Hendriks (1999:285) saamgevat, naamlik dat die doel deel moet wees van die gemeente se identiteit. Dit moet dus die belang van die gemeente wees en in die struktuur ingebed wees waardeur die proses tot verwerkliking kom. Die kerk se doel moet die missionêre uitgangspunt binne die ekklesiologiese opset wees (Brouwer *et al*, 2007:58). Die uitvoerders van die doel is die gemeente. Die denkfout dat sending ver en evangelisasie naby is, is 'n tradisionele

wanopvatting en moet as ongebalanseerdheid uit die weg geruim word, deurdat gesinkroniseerde evangelieverkondiging die fokus van die gemeente word (Bosch, 1991:5, 10; Heitink, 1979:351; 1999:285). Bosch, as missioloog en as skynbare uitsondering onder die tradisionele "susterkerk"-gelowiges, het hom ten spyte van die geblokkeerde tradisionele "susterkerk"-denke, lewenslank beywer ter wille van bewusmaking en hersiening van dié stereotipe denke rakende sending. Die ideale prentjie om die Groot Opdrag uitgevoer te kry, lyk soos volg: die individu (antropologiese ontwikkeling) is betrokke by die gemeente (ekklesiologiese ontwikkeling) en sodoende word weer deur diens uitgereik na buite die kerk (samelewing).

6.5.3.5.2 Eenheidsisteem

Binne die ekklesiologiese opset geskied die opbouproses voortdurend deur gemeentelike toerusting, soos onder andere, Bybelstudies, Bybelskoolonderrig, opbou-, toerustings- en evangeliseringprogramme (Breytenbach, 2007:4-7). Die gemeente as getuigende dissipels is dan in woord en daad toegerus om 'n sendende/missionêre gemeenskap te wees (missiones ecclesiae). Die uitreik na diegene buite die gemeente, wys na die uitbou/missionêre diens en dade van die gemeente en kom na vore in alle vorme van kommunikasie (Heitink, 1979:351; Heitink, 1999:286). Die kommunikasie kan enige betrokkenheid behels, maar ook sosiale aangeleenthede buite die gemeente, byvoorbeeld armoede, sosiale ongeregtighede, die vigs-epidemie en deur 'n Afrika-dienswilligheid ten toon te stel (vgl. Bosch, 1991:10, 11; Du Toit *et al*, 2002:41-48).

Burger (2007:12) wys daarop dat verspreiding van die evangelie telkens bevoordeel word wanneer sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede moeilik, veranderend of onstabiel vertoon, met ander woorde soos die oorgangsfase wat tans in Suid-Afrika beleef word. Die kleingroep binne die gemeente is 'n goeie beginpunt om met ongelowiges in die samelewing in aanraking te kom, hul na die byeenkomste te nooi waar die Woord gepreek word en waar die ongelowige blootgestel word aan die werking van die Heilige Gees. Die ongelowige word derhalwe van buite na binne getrek, sodat opbou kan geskied en behoeftes aangespreek kan word (Suidheuwels, 2002).

6.5.3.5.3 Belemmeringe

- Aangesien die mens betrokke is by die ekklesiologiese opset, kan verwag word dat belemmeringe ontstaan en in wanbalans manifesteer. Opbou en uitbou, wat as eenheidsbeweging behoort te funksioneer, manifesteer telkens deur mank te gaan, veral aan die uitbouproses. Dit geskied wanneer die ywer afneem en institusionalisering oorneem. Dis ’n missiedempende proses wat met verloop van tyd hoofsaaklik net na binne en hoofsaaklik op instandhouding van die instituut fokus. Die opbou van die gemeente kry alle aandag, terwyl die uitbou verlore gaan. So ’n gemeente besluit self watter opdragte vir hulle van belang is, hulle vergeet van die Groot Opdrag en dat lewensomstandighede voortdurend verander. Verder word ook vergeet dat die kerk altyd gereed moet wees om met oop denke en nuwe inisiatiewe aan te pas (Burger, 1999:91-93; Runia, 1988:117).

- By talle Afrikaanssprekende “susterkerk”-gemeentes is sending (uitbou) tradisioneel beskou as iets wat ver plaasvind en dat die plaaslike kerk uitsluitlik verantwoordelik is vir die onmiddellike gemeentelede. Evangelisasie vir die direkte gemeenskap, met die kerk derhalwe as ’n gemeenskapskerk, is ongekend (vgl. Brouwer *et al*, 2007:21-28). Van hierdie ontwikkelinge is sekere “susterkerke” steeds nie bewus nie, aangesien só gefokus word op krimpende lidmaatgetalle, dat die duisende mense rondom die kerk as multikulturele sendingsbedieningsveld, nog nie tot hul deurgedring het nie (Kerkblad, 2007:41; Walls, 2002:274, 277). Indien wel, is die “susterkerk”-tradisies so gevestig, dat dit vir kerkloses en kerklosses grootliks onvriendelik en lewensvreemd is (Venter, 2006:49).

  Dis abnormaal as ’n kerk nie groei nie (Runia, 1988:100). Dié teendeel, naamlik wanneer die missionêre ontbreek, vertoon krimpende tendense, gebrek aan gebede en gebrek aan moed. Kommers (2006:667) stel dat dit wys dat die Gees van God bedroef is, omdat kragdadige werking nie kan geskied nie. Volgens Keller (Kommers, 2006:668) is die hoofstroomkerke effektief om nuwe kerkontwikkeling in hul onmiddellike omgewing te verhinder. Hoofstroomkerke weerstaan kerkplanting, aangesien nuwe kerke as kompetisie gereken word. Aan die ander kant bedien nuwe kerke die jonger geslag en nuwe intrekkers met groter openheid

as die gevestigde kerke. Die gevolg is dat die tradisonele kerke, veral na ’n bestaanstydperk van ongeveer 15 jaar, neig te krimp.

6.5.3.5.4 Krisisafmetings

Die wanbalans rakende evangelisasie is duidelik en neig waarskynlik om krisisafmetings aan te neem deur die totale platval van die suster-‘kerklike koek’ (Kerkblad, 2007:41; Oliver, 2007:23-40; Van Rooy, 2007a:39-41; Wijnbeek, 2007:43-45) (vgl. 6.3). Die wanbalans ontbloot die ware toedrag van sake in die ekklesiologiese opset van die “susterkerke” aan die begin van die 21e eeu. Die pad van krimpende kerke getuig dat gemeentes nie by die omstandighede kan aanpas nie; “kulturele ingenieurs” (Niemandt, 2007:34) ontbreek wesentlik. Groei kan nie plaasvind nie (dus vind krimping plaas), omdat die Gees die “susterkerke” nie as goed voorbereide grond beskou vir die missionêre, multikulturele bediening in Sy koninkryk nie (Jackson, 2007e:7; vgl. Walls, 2002:274) (vgl. ook 3.5.5; 3.7; 3.8.3.4; 6.5.2).

Die krisisafmetings wat binne die ekklesiologiese opset bestaan, weens die skynbare afwesigheid van uitreik ter wille van die evangelie, toon die wanfunksionering en afwesigheid van die balanserende eenheidsisteem binne die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”. Hierdie toedrag van sake toon skynbaar die fokuspunt rakende die verskynsel van kerkkrimping.

6.5.3.6 Strukture

Jesus het sy volgelinge ’n opdrag gegee, maar geensins uitgebrei op die struktuur ter wille van effektiewe bewerkstelliging van die opdrag nie. Jesus impliseer wel die aanwesigheid van struktuur en instituut, aangesien mense volgens die opdrag *gedoop* en *geleer* moet word. Die instituut, as struktuur, staan altyd in die konteks van die apostolaat en nie andersom nie (Runia, 1988:115-117; vgl. Olivier, 2006:133). Die daarstel van die struktuur na binne en na buite (vgl. Schalekamp, 2005b:23-28) is derhalwe mensewerk op grond van mensedenke, direk na aanleiding van die Groot Opdrag (Suidheuwels, 2002).

Strukture is menslik daargestelde ekklesiologiese skeppings waarbinne die menslike spiritualiteit beliggaam word. Deeglik moet rekening gehou word met God wat hoër waarde heg aan die mens wat die tempel en die draer (struktuur) van sy teenwoordigheid is, as fisiese geboue/strukture (Olivier, 2006:38). Strukture is meetbaar, daarom is die verskil tussen groeiende en krimpende kerke die maklikste waarneembaar by strukture as ekklesiologiese

kenmerk (Schwarz, 1999:93). Strukture word daargestel om in diens van die evangelie te staan en tred te hou met die tydsgewrig (Olivier, 2006:75, 85). Aangesien strukture nie beginsels is nie en by veranderende omstandighede aangepas kan word, behoort oneffektiewe strukture uit die weg geruim te word en met meer effektiewe strukture vervang te word. Strukture hang af van die bediening, die gemeente, die styl en daargestelde kerkriglyne. Strukture is derhalwe slegs funksioneel indien dit effektief bydra tot die gemeentelike missie en visie. Strukture kan oud, nuut, min of baie wees, solank dit nuttig, sinvol en effektief in diens van die Gees funksioneer en geen remming/struikelblok vir die uitbreiding van die koninkryk veroorsaak nie (Runia, 1988:95-97; Schwarz, 1999:159-160; Van der Walt, 2006:31). Dit moet die tuiskomruimte wees waar iets gekry word wat op geen ander plek in die wêreld gekry kan word nie. In die veranderende tydsgewrig is dit nodig om strukture reg te hanteer, sodat relevante betekenis aan die kerk toegevoeg kan word. Die postmoderne mens wat die teikengroep is van die Heilige Gees, kan meer effektief bereik word deur aanpassings in die fisiese kerk aan te bring en waardetoevoegend tot die spiritualiteit van die kerkganger spreek, byvoorbeeld die argitektuur, estetika, simboliek en tegnologie. Tradisies mag nie hoër geag word as die ware bereiking van die hedendaagse mens nie (Olivier, 2006:80, 84, 90, 120, 147, 152).

Weens blokkasies binne die “susterkerk”-ekklesiologie, word strukture gereeld deur die mens tot beginsels verhef. Strukture, wat ter sprake is by die kerklike wanbalans, is onder andere: geboue, die manier van organisasie waaronder streng gestruktureerde liturgie en vaste vorme van aanbidding, bedieningstrukture en opleiding van leiers en bedienaars, ampsbeskouings, teologiese opleiding, die struktuur van denominasies, ortodoksie, ’n verwikkelde kerkstruktuur en ’n groot en lomp bestuurspan (Du Toit *et al*, 2002:27, 47; Niemandt, 2007:38-41; Olivier, 2006:140; Van der Spuy, 1998:119; Warren, 2005: 301, 313, 325).

Strukture, in die vorm van finansies, tradisies, persoonlikhede of programme (Warren, 2005:49-51, 211), kan ook ’n wandryfkrag in die kerk word. Fisiese strukture, soos geboue, dien gewoonlik as die plek van samekoms. Wijnbeek (2007:34) wys daarop dat geboue wel ’n groot rol speel as simbool van waardes en tradisie, alhoewel krimpende lidmaatgetalle die leë geboue, as getuie teen hul het. Kerkgeboue moet egter meer wees as bloot ’n byeenkompunt of simboliese waarde hê. Van der Spuy (Jackson, 2006:7; vgl. ook Heitink,

1999:305) noem dat die kerkgebou die “lanseerplek van projekte en uitreike na die wêreld toe” in diens van evangelisasie behoort te wees.

Histories het daar na die ontstaan van die drie “susterkerke”, drie kerkgeboue vir elke kerkverband in talle Suid-Afrikaanse dorpe ontstaan. Daar is dus meer kerkgeboue as wat werklik benodig word. Tans word talle, weens ontvolking en die huidige kerkkrimpingtendens, nie volgens potensiaal gebruik nie (vgl. 5.4.2.1; Laubscher, 2006). Ten spyte hiervan word skynbaar aan die fisiese gebou vasgehou weens historiese en emosionele redes, of die kerkgebou word as gevolg van finansiële oorwegings uitgehuur vir sekulêre doeleindes (vgl. ook Gill, 2003:26-31, 54, 81, 82). Veral waar die institusionele model sterk is, speel die kerkgebou ’n groot rol. Soveel te meer in tye van verandering, aangesien die fisiese gebou ’n byeenkomplek is binne ’n verwarrende en onseker wêreld. Hierdie anker werk verdere vertraging van buigbaarheid en aanpassing in die hand. Geboue, getalle en geld word gesien as die “drie goor G’s” wat funksionaliteit in die bediening kan benadeel (Jackson, 2007a:13).

Onregmatige gewig wat aan fisiese en niefisiese strukture verleen word, dui waarskynlik op ’n wanbalans binne die ekklesiologiese opset

6.5.3.7 Leierskap

Leierskap spruit uit die Here se besluit om mense, deur middel van ander mense, te help. Die hulp verleen deur leierskap kom neer op dienswerk. Deur verskillende modelle in die sosiale wetenskappe is die belang van leierskap binne die gemeentelike praktyk, asook die benutting van bestaande leiers ter wille van verandering en vernuwing, ondersoek. Leierskap en aansluitende terminologie, waaronder *diens* en *amp,* onderskei twee funksies. Spesifieke leierskapsfunksies dui op spesifieke dienste in die kerklike opset, terwyl algemene leierskapsfunksies bemagtiging behels. Dit beteken dat die diens/taak/funksie uitgevoer word deur middel van mense rondom die leier. Die werkspan in die ekklesiologiese opset is derhalwe die leiers én die bemagtigde gemeentelede in en deur die werking van die Heilige Gees (Burger, 1999:182-189).

6.5.3.7.1 Diens deur bemagtiging

Die Bybelse opdrag volgens Ef 4:12 is duidelik, naamlik dat gelowiges bemagtig/toegerus moet word vir hulle diens. In die bevestigingsformulier vir ampsdraers word dit ewe duidelik gestel, naamlik "mense is tot besondere dienste geroep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus" (Psalmboek: 146). Dié diens/taak kan slegs suksesvol deurgevoer word, indien die leierskap bemagtiging/opleiding/toerusting daarstel (Roxburgh, 1997:62, 63; Suidheuwels, 2002). Leierskap word ook deur Schwarz as die eerste bepalende kenmerk vir groei gereken (De Kloe, 2007). Dit is belangrik om die mens se gevoel van behoort, die gevoel van bemagtiging, asook die behoefte aan die doen van betekenisvolle dade, sensitief in ag te neem (Burger, 1999:97; Olivier, 2006:116; vgl. ook Cloete, 2008; De Kloe, 2007). Roxburgh (1997:57-63) stel dat die prediker op 'n dieper vlak na die lidmate se versugtinge/stories moet luister, dit dan rasioneel en met passie verwoord dat die lidmate dit bevestigend herken. Deur hierdie leierskapskenmerk word die lidmate in die huidige tyd van "outsiderskap" gelei na 'n dieper vlak van "behoort" wat deur God deur sy Woord daargestel is. Op hierdie wyse bewerk die leier societas as grondslag vir missionêre aanpak en rig die leier die gemeente in die proses van dissipelskap tot vaster identiteit en tot groter bemagtiging tot die uitdra van die goeie boodskap (vgl. 5.4.2.6; vgl. Greenleaf, 1996:14, 40, 108-110).

In die proses staan die Groot Opdrag weereens sentraal. Dis die leier se taak om in die lig van die opdrag elke gedoopte in die proses van dissipelskap leidinggewend aan te moedig om sy/haar eie gawes te ontdek en om die ekklesiologie, gesien in die lig van die verbond, missionêr te gehoorsaam en binne die huidige kultuur na te streef (Burger, 1999:189; Roxburgh, 1997:61, 66; Schwarz, 1999:184-186; Suidheuwels, 2002).

Die ekklesiologiese aktiwiteite van opbou en uitbou, wat as geïntegreerde eenheid funksioneer, sentreer op geestelike groei binne die gemeente (opbou) en op die intensionele aktiwiteit om groei by mense buite die gemeente te bewerkstellig (uitbou). Opbou versterk uitbou en uitbou versterk opbou. 'n Wanbalans op die gebiede van opbou en uitbou, affekteer die ekklesiologiese effektiwiteit en openbaar 'n tendens van ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag, wat teruggevoer kan word na gebreke by leierskap.

6.5.3.7.2 Wese van leiers

Leierskap dui op ’n dienaarsposisie. Suksesvolle dienaarskap/leierskap getuig van volgehoue uitmuntende sterk leiding, maar getuig ook van gedeelde leierskap (Malphurs, 2004: 96, 101, 111; Roxburgh, 1997:62). Leierskap is geleë in die veranderende effek wat bewerkstellig word. Dit behels om medeleiers en volgelinge so ver te kry om nuut te verstaan, om nuut te wil doen en om die mens te beweeg om die onbekende te betree (Warren, 2005:xvi). Leierskap van die 21e eeu vereis dat die kerklike speelveld sodanig voorberei word dat groei bewerkstellig kan word, aldus Hart van die Christian Reformed Church (Niemandt, 2007:157, 159). Die ontwikkelende leierskap vereis eers dissipelskap met die missionêre opdrag voor oë. Daarna ontwikkel die proses en gaan oor in ware dienskneggerigte leierskap. Die wese van leierskap vertoon ’n soeke na geestelike wysheid, sensitiewe hantering van lidmate in die bemagtigingsproses, warmte, opregtheid, die bewustelike neem van leiding, volharding en verdieping in die Woord. Hierby aansluitend behels die wese van leierskap ’n bewuste kennisname van wat in die wêreld aangaan, hoe lidmate daardeur beïnvloed word en hoe lidmate in die kontekstuele hede missionêr ingelei en betrokke kan raak (De Bruyn, 2007:37, 38; Roxburgh, 1997:62, 63). Die wese van leierskap behels steeds volkome betrokkenheid van predikante, veral in die begeleidingsproses van gemeentelike bemagtiging. Studies gedoen deur Schwarz (1999:27, 187, 188) het getoon dat groeiende kerke predikante het wat effektief aandag gee aan hul leierskapsverantwoordelikhede en bestuurstake.

6.5.3.7.3 Doel van leiers

Die doel van leiers is om aan die wese van leierskap te voldoen, naamlik om te lei ten einde die wil van God te laat realiseer. Die wil van God is, gesien in die lig van die Groot Opdrag, dat geen bekeerde of onbekeerde uit die plan van God mag val om watter menslike rede ookal nie. Die doel van missionêre leierskap is om apostelsweë te betree (Roxburgh, 1997:62, 63). Dan word op dissipelskap van bekeerdes, asook onbekeerdes, gefokus. Daarby aansluitend óók om probleemareas te identifiseer en die ekklesiologiese speelveld menslik so goed moontlik voor te berei dat die doel van die Gees, naamlik groei, kan plaasvind (Botha, 2006:22, 23; Niemandt, 2007:34-36, 157).

6.5.3.7.4 Werksprosedure

Gemeentes ervaar skynbaar spanning om te onderskei tussen hul behoeftes en God se plan. Burger (1999:95, 96) stel dat die meeste gemeentes se verstaan en formulering van hul taak

neerkom op ’n kompromis tussen wat hulle dink die Here van hulle verwag en waarvoor hulle as gemeente kans sien, of lus het om te doen. Gesprek hieroor binne gemeentes en tussen die leierskap vind skynbaar nie plaas nie, aangesien geglo word dat ’n ooreenkoms nie met God getref kan word nie. Aktiwiteite in die kerklike opset verloop derhalwe ook ongekontroleerd. Teen hierdie verstaan van hul taak neem die leierskorps skynbaar bloot ’n besluit en gaan dan blindelings voort. Burger wys egter op die verbond en wat dit in wese inhou, naamlik om in ooreenkoms met God te leef, alhoewel dit nie binne gelyke speelvelde geskied nie. Die verbond impliseer ’n ooreenkoms tussen twee partye waar sekere sake teenoor mekaar onderneem word. Die beginpunt is om te bepaal wat deur die Gees aan die gemeente gegee is. Op grond daarvan word bepaalde dinge dan van die gemeente gevra. Dit wat gevra word, behoort saam oor gedink en saam oor gepraat te word. Dit behoort verdere aktiwiteit dan aan te spoor. Warren (1989:34) bewoord dieselfde benadering sodanig, dat die leierskap moet soek om uit te vind wat God doen en dan daarby inval. Die gevolg is dat menslike planne dan laat vaar word om oor te gaan na dit wat God wil moet gebeur.

6.5.3.7.5 Belemmeringe

- Die grootste belemmering in leierskap is die mens en sy denke (vgl. Olivier, 2005:141). ’n Belangrike aspek by die mens en vernuwing in denke in leierskap, is die mate van vervul wees met die Gees (Botha, 2006:23; Runia, 1988:115, 116). Die afwesigheid van vervul wees met die Gees realiseer in “wankelmoedige leierskap” (Warren, 2005:xvi), wat weer lei tot allerlei gebreke in die bediening, selfs stagnasie by die predikant en in die gemeente (Botha, 2006:23; Warren, 2005:21). Stagnasie is nou verweef met menslike selfgerigtheid en harde analitiese leierskap wat die werking van die Gees bemoeilik (Niemandt, 2007:160, 161). Verder is formalisme, missionêre traagheid, aanvaarding van onbetrokkenheid as “harde werklikheid”, asook min gebede wat insig en die werking van die Heilige Gees afsmeek, verdere belemmerende faktore (Botha, 2006:22, 23).
- ’n Skynbaar groot belemmering is die dringende toerusting van bestaande leiers, predikante en ouderlinge (Van Rooy, 2007b:31, 32).
- Die gereformeerde “susterkerke” lei skynbaar aan ontmagtiging rakende gawes. Weens die tekort aan bemagtigde gawe-gerigte lidmate vind oneffektiewe opbou in die gemeente plaas. Indien die opbou oneffektief is, word uitbou ook negatief geraak

(Suidheuwels, 2000). Lidmate word skynbaar deur die leierskorps ontmagtig, aangesien die predikant en die kerkraad alles doen. Schwarz (1999:177-181) sluit hierby aan deur te stel dat wanopvattings oor die predikant in gevestigde denke geleë is, byvoorbeeld dat hy insae in alles en oor almal moet hê (’n goeroe moet wees), dat hy op ’n verhogie geplaas word, dat die predikant darem nie “alles” kan doen nie en ’n paar “helpers” moet hê en dat die uitspraak “die kerk is die predikant en die predikant is die kerk” van toepassing is. Superleierfigure, ook bekend as die sola pastora-leiersmodel (Roxburgh, 1997:64) in die gestalte van die pastors, is nêrens in die Bybel ter sprake nie en waar sodanige doelwit deur veral predikante of gemeentes gestel word, bewys wetenskaplike navorsing dat weinig kerkgroei in sulke gemeentes plaasvind (Suidheuwels, 2002).

- Leierskap wat belemmerend inwerk op ekklesiologiese effektiwiteit, is streng eksterne, diktatoriale en hiërargiese mag, ’n gesagsmag met analitiese benadering, asook ’n neiging tot stagnasie en die deurdruk van eie dryfvere (De Bruyn, 2007:37, 38; Runia, 1988: 113-115; Roxburgh, 1997:64; Schwarz, 1999:27, 187, 188; Warren, 2005:139).
- Finansies en leierskap daarrondom, kan in hierdie oorgangstydperk met krimpende getalle, lei tot finansiële druk en die (on)verantwoordelike bestuur daarvan (Burger, 1995:14). Binne ’n kerklike wanbalans is die moontlikheid derhalwe groot dat die kerk bloot deur finansies gedryf word (Acta, 2006:305-341; Anoniem; Buchner, 2002:12; Dreyer, 2009:40; Du Toit *et al*, 2002:3; Malphurs, 2003:47-60; Warren, 2005:49-51).

Leierskap is die fondament van menslike aktiwiteite en indien oneffektiwiteit en wanbalans by die leierskap bestaan, is dit ’n gegewe dat die hele ekklesiologiese opset daaronder sal ly.

6.5.3.8 Verhoudings

Volgens Schwarz (1999:134, 135; Suidheuwels, 2002) toon groeiende kerke ’n groter kwosiënt van liefde wat beoefen word, as niegroeiende kerke. Dit beteken dat die effek van liefde in dade, soos onderlinge belangstelling en die vrug van goeie verhoudings, sigbaar is en nagegaan kan word. Gebalanseerde verhoudings vertoon die kuns om liefde doelbewus deur liefdesdade te soek. In ’n studie wat in ses verskillende soorte gemeentes geloods is, het die noodsaak van liefdevolle verhoudings as bepalende aspek vir ’n tuiste-vriendelike kerk, baie

sterk na vore gekom (Olivier, 2006:84-116). By kerke waar wettiese óf liberalistiese aspekte die botoon voer, word probleme in vrugbetoon ervaar. Die gevolg is dat ander probleme ook bestaan, byvoorbeeld die gebrek aan evangelisasie en kleingroepervarings, asook ’n skynbare gebrek aan identiteit.

6.5.3.8.1 Identiteit

Wanneer ekklesiologies na verhoudings verwys word, is identiteit ter sprake (Burger, 1999:52, 74, 88, 93, 141, 142). Die eerste verhouding ter sprake is eksklusief, aangesien dit verwys na die gemeentelede wat aan God behoort. God het reg op hierdie eksklusiewe verhouding, omdat Hy sy kinders gered het vanweë die gegewe dat Hy ons liefhet. Die verhouding impliseer dat die mens hom terug moet liefhê. Die gemeente bewys dan hul liefde deur sy wil te doen en aan Hom gehoorsaam te wees. Die hoeveelheid energie wat ’n gemeente ekklesiologies insit, toon die mate van gemeentelike identiteit.

Identiteit, as ekklesiologiese kernsaak, behels die vier aspekte, naamlik eenheid, heiligheid, algemeenheid (katolisiteit) en apostolisiteit (Christelikheid) (vgl. Schalekamp, 2005b:Hf.3; 2005a:24-27) (vgl. 6.4.1) en word gekanaliseer deur leitourgia, koinonia, kerugma en diakonia. In hierdie verhouding moet die gemeente hul bereid verklaar om dié identiteit hul eie te maak, sodat aangesluit kan word by die gemeente se opdrag/missie, gegrond op die Groot Opdrag (opbou en uitbou). Geloofwaardigheid word verkry deur ’n gebalanseerde uitleef van identiteit en missie. Indien dit nagelaat word, vertoon die gemeente ’n eensydige verstaan van die evangelie. Die verhouding moet horisontaal en vertikaal gebalanseerd vertoon. As die Groot Opdrag binne verhoudings op God fokus, bepaal dit ook die gemeente se fokus. Dit behels die communio-begrip, naamlik om in liefde, aanvaarding, respek, gelykheid, differensiasie en vryheid voor die aangesig van God te leef (Coram Deo) en missionêr gerig te wees. In hierdie verhouding is gevoel, belewing, begrip, omgee, lief en leed binne die huidige tydsgewrig/kultuur die sake waarop dit aankom om kerk in die wêreld te wees (Ehlers, 2006:48; Hendriks, 1996:143; Roxburgh, 1997:63; Olivier, 2006:84; Venter, 1996:122; Wijnbeek, 2006:34).

6.5.3.8.2 Groepe

Verhoudings word in groepsverband uitgeleef. Die primêre groep is die gesin (vgl. ook Heitink, 1999:260), daarna volg kerklike vergaderings, spontane vriendskapsgroepe en

byeenkomste waar die gemeente mense van buite die gemeente kan ontmoet; mense wat nie noodwendig Christene is nie (Jackson, 2007:6). Informele kerkbyeenkomste lê die klem sterk op onderlinge verhoudinge en diens aan die gemeenskap met die bedoeling om ’n seën vir die wêreld te wees (Olivier, 2006:103). Die kuierkerk, ’n uitspruitsel van hedendaagse ontluikende kerke, is postdenominasioneel, is nie gebonde aan ’n kerkgebou nie en fokus op ’n informele aanpak.

Verhoudings binne die meer tradisionele opset van die erediens reflekteer die styl, die mate van formalisme en die klimaat van die erediens, asook die mate van vriendelikheid, gasvryheid en vreugde wat bestaan. Liefdevolle dade, soos om na afloop van die erediens tyd met mekaar te verwyl, mekaar uit te nooi vir koffie/ete, teenwoordigheid op ’n wyksbyeenkoms en betrokkenheid by mekaar se nood, is ’n sterk aantrekkingskrag vir mense buite die gemeente. Verhoudings dui ook op die gemeentelike atmosfeer, geduld maar ook negatiewe belewinge, soos onderlinge venyn (Suidheuwels, 2002).

Gemeentes waar daar onderlinge twiste of verdeeldheid is, toon skynbaar ’n neiging tot stagnasie. Meningsverskille oor, onder andere, die kerklied, die vrou in die amp en homoseksualisme, kan op die spits gedryf word en tot aparte eredienste vir eensgesindes lei (konserwatiewes of progressiewes). Meningsverskille, in plaas van onderlinge liefde (I Kor I:10-17), verdraagsaamheid (Spr 15:18; Ef 4:2; Kol 3:12), vergewensgesindheid (Ef 4:32) en versoening (Ef 2:16) laat die kerk kwyn. NGB 29 stel dat die kerk net in uiterste gevalle verlaat mag word, wanneer die kerk werklik ’n valse kerk is. Indien ernstige meningsverskille wel bestaan, behoort die kerk egter ruimte vir verskille te bied, aangesien slegs een manier van doen die verskynsel van verskeidenheid nie ag nie. Te midde van onderlinge twis, behoort ’n Christus-gesindheid van versoenende nederigheid en verdraagsaamheid altyd gesoek te word. Hoogmoed en selftevredenheid voortspruitend uit individualisme voer skynbaar egter die botoon waar meningsverskille nie opgelos kan word nie. Wat voor oë gehou moet word, is dat die samebindende saak in die kerk rakende verhoudinge egter die koninkryk van God is. Indien die koninkryk van God, dus die aktiewe teenwoordigheid van God (spiritualiteit), nie voor oë gehou word nie, word in kerkisme en voorskriftelikheid verval (Botha, 2006:22; Olivier, 2006:23-25; Wijnbeek, 2006:34). In die lig van die gelykmakende golfbeweging is die sake wat onderlinge twis veroorsaak bloot die laaste dispuutpunte binne uitgediende Protestantisme (Tickle, 2008:98-101; 4.4.5.3).

Verhoudings tussen mense omvat elke aspek van die kerkprakyk (vgl. 7.2.4). Die eenheidsisteem voortspruitend uit die Groot Opdrag benadruk die verhoudingsopbou na binne en verhoudingsuitbou na buite. Die Goot Gebod, met die liefdesbeginsel in die praktyk, het ook betrekking op diegene met ander tale, in ander rasse en met ander gelowe. Olivier (2006:120, 135, 136) beklemtoon die feit dat die kerk 'n uiters belangrike taak het om ruimte te skep, sodat in die noodsaaklike behoefte aan verhoudings - met God en met die medemens - voorsien kan word (vgl. Hendriks 1996:143). Burger (2006:14) neem dit nog verder deur te noem dat groei werklik eers plaasvind waar nuwe grense oorgesteek word. Verhoudings in sodanige gevalle vra opofferings, selfverloëning en geloof. Die Groot Opdrag vra om in Christus liefdevolle eenheid oor alle menslike grense na te streef.

Wijnbeek (2006:34) som die situasie op: "Die warm kop en koue hart van gereformeerdes gaan verander na koel kop en warm hart". Die kwynende "susterkerke" getuig skynbaar nie ywerig van laasgenoemde ingesteldheid rakende verhoudings nie.

6.6 Samevattende konklusie: gereformeerde ekklesiologiese wanbalans

Die bespreking van die terme gereformeerdheid, ekklesiologie en wanbalans openbaar moontlike oorsake van die ekklesiologiese wanbalans binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke". Onkunde oor die ekklesiologiese krisisituasie lei daartoe dat die "susterkerke" nie die dringendheid van die toestand besef nie.

Geblokkeerde denke is die grootste enkele rede vir die ekklesiologiese wanbalans. As gevolg van die "*oorlewingstryd"* waarin die "susterkerke" gewikkel is, kom *ingekeerdheid* as *verlammende* reaktiewe faktor na vore. Daardeur word die *I-paradigma* as oorheersende denkwyse getoon. *Verbondsdenke*, uitgaande vanaf die *Groot Opdrag*, impliseer die gebalanseerde ekklesiologiese *eenheidsisteem* van *opbou* (kwalitatief) en *uitbou* (kwantitatief). In die ingekeerde en geblokkeerde denkwyse kom die wanbalans hieromtrent na vore, deurdat hoofsaaklik én slegs op die interne opbou van die ekklesiologiese eenheidsisteem gefokus word. Gebalanseerde *roepingbesef, missie- en identiteits*-uitlewing, asook *kreatiewe* denke, soos begrond in die Groot Opdrag, lei daaronder. Ongebalanseerde ekklesiologiese praktyke manifesteer vanweë die denkwanbalans waar *Christus as sentrum*, nie figureer nie. Kerkpraktyke wat spreek van objektiwisme, heteronomisme, ortodoksie,

formalisme, rasionalisme, asook tekens van magiese verwagtings wat realiseer, toon die wanbalans binne die “susterkerke”, wat gevolglik kerkgroei benadeel.

Die aanpak van die ondersoek neem in aanvang deur die blokkasies binne die raamwerk van *agt* kwantitatiewe kenmerke te identifiseer as moontlike oorsake van wanbalans binne die GKSA. Die ondersoek fokus op die *statiese* kenmerke, soos dit in die I-paradigma manifesteer, ten einde die moontlike wanbalanse aan te dui.

Spiritualiteit: Die I-paradigma fokus op ongebalanseerde wyse op dogma. Ervaring/belewing is nie deel van dié paradigma nie. Deur die verskuiwing wat gepaard gaan met die huidige oorgangstyd, word twee strome waargeneem, naamlik toename in wanbalans deur 1) die toename in *vervreemding*, maar ook vermindering van die wanbalans, deur 2) die toename in ’n meer *Christus-spiritueel* geneigdheid.

Bediening: Die bediening behels die vier bedieningsvelde, waar die eenheidsisteem van opbou en uitbou, ’n wanbalans toon deur die eng beskouing van die *ampte*.

Aanbidding/*eredienste*: As gevolg van die I-paradigma manifesteer wanbalanse sterk binne dié ekklesiologiese kenmerk. Wanbalans bestaan veral rondom die aanname rakende die *teenwoordigheid* van God, rondom die rol van die *predikant* en *predikante-opleiding*, asook rondom *blokkasies*/*belemmeringe* tydens die erediens.

Kleingroep: Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei word belemmer/geblokkeer deur die wanbalans in die *afwesigheid, daarstel* en *deurvoer* van die kenmerk.

Evangelisasie: Wanbalans rakende evangelisasie manifesteer op krisisvlak binne die ekklesiologie, deurdat *begrip* oor wat die Groot Opdrag behels, grootliks ontbreek. Dit behels selfs die totale *afwesigheid* van evangelisasie-aktiwiteite.

Strukture: Deur fisiese en niefisiese strukture tot *beginsels* te verhef, manifesteer wanbalans binne die kerkpraktyk.

Leierskap: Leierskapfunksies openbaar belemmeringe, waarvan *gebrek aan Geesvervuldheid,* uitstaan. Dit lei tot wanbalans op die gebied van *bemagtiging*, veral aan die hand van *gawes*.

Verhoudings: Binne die "susterkerke" manifesteer 'n wanbalans binne dié kenmerk, aangesien die veronderstelde *liefdesbeginsel*, gereformeerde identiteit en Christelike geloofwaardigheid as gevolg van *verdeeldheid*, nie realiseer nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ekklesiologiese opset ten nouste verweef is met die balans wat die Groot Opdrag stel. Gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag geskied binne die eenheidsisteem met opbou en uitbou as fokuspunte. Wanbalans tussen opbou en uitbou is tiperend van I-paradigmadenke. As gevolg van hierdie wanbalans, gaan die ekklesiologie mank aan die potensiaal vir natuurlike kerkgroei en word kerkkrimping in die hand gewerk. Die agt kenmerke word in die hieropvolgende empiriese studie aangewend as raamwerk ten einde vas te stel in hoe 'n mate die wanbalans, veroorsaak deur die blokkerende I-paradigmadenke binne die ekklesiologie van die GKSA aan die begin van die eerste dekade van die 21e eeu, teenwoordig is.

6.7 Empiriese perspektief

Die empiriese perspektief volg op die hermeneutiese perspektief, wat in Hf. 3 geformuleer is en in Hf. 4 en 5 deur die historiese perspektief, verder uitgebrei is. Die hermeneutiese perspektief het gefokus op *wie doen wat.* Hierdeur is basisteoretiese stellings geformuleer wat as norm/grondslag dien vir hierdie ondersoek en basisteoreties vanuit die *verlede* spreek. Die empiriese perspektief fokus op die onlangse verlede as deel van die huidige *hede.* Met kerkkrimping as krisisprobleem (praksis 1), word die *waar en wanneer* nou deur die empiriese perspektief ondersoek (vgl. 2.5.1; 2.5.2). Die *tyd* en *terrein* van praksis 1 wat ondersoek word, is geformuleer as die huidige tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" in Suid-Afrika.

Die GKSA, as een van die "susterkerke", word as teikenpopulasie geneem om 'n steekproef van praksis 1 te loods. Hf. 5 wat op landsomstandighede en aanleidende faktore tot kerkkrimping fokus, verduidelik praksis 1 inleidend. Dit behels ook gegewens wat ander wetenskappe rakende die praksis bied. Dié praksis, asook die ekklesiologiese praktyk (Hf. 6), verduidelik die *waar (terrein) en wanneer (tyd)* van die deduktiewe/kwantitatiewe ondersoek. Die konseptualisering/beplanning en operasionalisering/uitvoering van die ondersoek lei tot die maak van afleidings, ten einde bepalend te wees wanneer tot die strategiese perspektief

oorgegaan word. In die operasionaliseringsfase word van nominale meting, prioretiseringsmeting, geslote vrae en oop-eindevrae gebruik gemaak (vgl. Janse van Rensburg, 2007).

6.7.1 Empiriese teorie en die Groot Opdrag

Die indikatief en imperatief, wat geleë is in die Groot Opdrag, vorm die missie van die kerk. Die missie stel die groei van die kerk ten doel: meer spesifiek dui die missie op die *opbou* en *uitbou* as *eenheidsproses* van die gemeente. Dit behels dat, terwyl die gemeente voortdurend kommunikatief opgebou word, die gemeente só toegerus word dat terselfdertyd kommunikatief-missionêr buite die gemeente opgetree kan word. Die gevolg is dat toevoeging van getalle tot die gemeente geskied (uitbou). Die toegevoegde gemeentelede word dan weer kommunikatief binne die gemeente opgebou, sodat uitbou kan geskied. Die twee beginsels, wat uit die Groot Opdrag spruit, manisfesteer binne gesonde omstandighede nie apart nie, maar wel as ’n gebalanseerde eenheid.

Die Groot Opdrag bied deur middel van die basisteorie die opbou- en uitboubeginsel/norm vir kerkgroei as teëpool van kerkkrimping. Die interaksie tussen teorie en praktyk is in ooreenstemming met die basisteorie, soos geformuleer in 2.5. Dit (vgl. 3.5.5) impliseer ’n goddelik-menslike verhouding, waar die aktiefmenslike handeling ’n reaksie op die geïnisieerde werk van die Heilige Gees is. Dit is gerig op die kerk op aarde, wat deur opbou (gemeentevorming) en uitbou (evangelisasie) as eenheidbeginsel en -sisteem funksioneer. Die funksionering geskied deur kerugma, leitourgia, diakonia en koinonia.

Die goddelik-menslike eenheidsisteem word nie alleenlik en slegs deur die indikatief en imperatief van die Groot Opdrag in die Skrif as beginsels daargestel nie. In I Kor 3:6, onder andere, word ook eksplisiet van natuurlike groei-omstandighede melding gemaak. Hierdie omstandighede verwesenlik kerkgroei: *“Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei*” (vgl. Walls, 2002:14). Wanneer wanbalans dus in die ekklesiologiese eenheidsisteem ervaar word, word die moontlikhede vir groei belemmer en word krimping in die hand gewerk.

6.7.2 Empiriese teorie en die agt kenmerke van natuurlike gemeentegroei

6.7.2.1 Agtergrond

Natuurlike kerk-/gemeentegroei spruit voort uit die *Church Growth Movement* (CGM) wat deur McGravan, en later ook Gibbs en Wagner, in die VSA begin is. Dit het sodanige stimulasie veroorsaak, dat Te Velde, Wichern en Kraemer-Gravemeijer-Banning in Nederland, asook Moller, Zerfass en veral Schwarz in Duitsland (1987), dieselfde rigting begin inslaan het. Die *Natural Church Development* (NCD/NGO) het hieruit ontwikkel. In Suid-Afrika het Erasmus van die NG Kerk dit eerste ondersoek. Hierna sluit Nel en Hendriks, asook Burger, Louw, Pieterse, Lategan en Van der Merwe hul aan by hierdie benadering. In die NH Kerk ondersoek Van der Merwe (1999:127-138) verskillende gemeenteboumodelle. In 1988 en 1996 verskyn artikels, onderskeidelik van Venter en Du Plooy vanuit die GKSA, wat gemeenteopbou in die lig van NGO aanraak. Sederdien is navorsing uit hierdie kerkverband gedoen deur Leuschner, Erasmus, Fanoy, De Klerk, Tiemensma, Combrink, De Kock en Schalekamp. Warren (2005) as verteenwoordiger van die charismatiese stroom volg dieselfde benadering. Die benadering wat aanvanklik deur die CGM gestel is, word steeds gevolg, naamlik die effektiewe kommunikasie van die evangelie binne natuurlike verhoudings as dryfveer tot roepingsvervulling volgens die Skrif (De Kock, 2003:10-14,16).

6.7.2.2 Skriftuurlike benadering

Die benadering by natuurlike gemeentegroei is dat God, op organiese/natuurlike wyse, groei bewerk. Die groei word bewerk waar die regte omstandighede, deur menslike aksie, daargestel is. Ten einde dié Bybelse spreke in die benadering te formuleer, is sedert 1978 veral deur Schwarz, diepgaande navorsing gedoen. Met die verskyning van verdere van sy publikasies oor natuurlike gemeentegroei, is die teosentriese en antropologiese aspekte uitgebou, gekritiseer, verfyn en geformuleer tot ’n duidelike teologiese paradigma (Schwarz, 1999). ’n Beoordeling van Schwarz se benadering volg in 6.7.2.3.6.

Die paradigma staan bekend as die bipolêre paradigma en berus op agt Bybelbegronde kenmerke. Hierdie kenmerke is by alle groeiende gemeentes geïdentifiseer. Die Skriftuurlike begronding van hierdie benadering is deur talle nagegaan, waaronder ook teoloë binne die “susterkerke” (vgl. 6.7.2.1). In die lig van die belangstelling in dié benadering, is studies ook

deur teoloë binne GKSA gedoen, waaronder De Kock (2003). De Kock het die kerkbou-inisiatiewe van Callahan, Warren en Schwarz ondersoek en bevind dat Callahan se benadering aan die hand van twaalf sleutels vir ’n effektiewe kerk, asook Warren se benadering aan die hand van vyf doelwitte vir ’n doelgedrewe kerk, by die bipolêre teologiese paradigma met die agt essensiële kenmerke vir groeiende kerke, soos geformuleer deur Schwarz, aansluiting vind. De Kock se bevindinge oor die kerkbou-inisiatiewe van Schwarz, is dat die agt kenmerke uit die Woord van God kom. Op grond hiervan word Schwarz se benadering as rigtinggewende norm vir hiérdie ondersoek aanvaar (De Kock, 2003:85-110, 166).

6.7.2.3 Agt essensiële kwaliteitskaraktertrekke/kenmerke

Hieronder volg ’n bespreking van die bipolêre teologiese denkparadigma, asook die agt essensiele kwaliteitskaraktertrekke daaruit voortspruitend, soos geformuleer deur Schwarz (1999:20, 21) (vgl. 6.5.3).

6.7.2.3.1 Bipolêre teologiese denkparadigma

Die bipolêre teologiese denkparadigma is die sentrale/balanserende paradigma tussen die I- en S-paradigma. Die bipolêre denkparadigma toon inherent ook weer twee pole, naamlik die statiese en die dinamiese pole. By elkeen van die agt kenmerke is dus ’n statiese en dinamiese pool teenwoordig. Indien op egter slegs een van die pole gekonsentreer word, ontstaan ’n wanbalans. Die wanbalans bemoeilik organiese/natuurlike ontwikkeling en werk kerkkrimping in die hand. Die statiese pool verwys na die *menslike denke en dade, veral rakende die organisatoriese kant* van die kenmerk (vgl. 6.5.3), terwyl die dinamiese pool na die *menslike denke en dade, veral rakende die organiese kant*, verwys.

6.7.2.3.2 Bybelse begronding van dinamiese en statiese pole

Die dinamiese pool as organies word in die Nuwe Testament aangetoon deur na Jesus se liggaam te verwys (Rom 12:3-8 en I Kor 12:12-31). Die statiese element word in die Woord deur tegniese terme beskryf, byvoorbeeld *argitek* en die *fondasie waarop ander bou* (I Kor 3:10). In I Pet 2:4-8 kom die twee elemente sáám voor deur die vergelyking van die gelowiges met *lewende stene. Lewende* verwys na die organiese elemente en *stene* na die statiese pool. In Ef 2:19-22 word verwys na die statiese *gebou* wat tot eer van God sal *verrys*. In I Kor 3:9 skryf Paulus oor die *saailand* en die *gebou* van God. Hierin is die organiese en

die statiese pole onderskeibaar. Volgens die Woord is daar volkome harmonie tussen die organiese element en die organisatoriese element. Die harmonie toon derhalwe aan hoe ’n gesonde kerk daar uitsien (De Kock, 2003:17).

6.7.2.3.3 Plasing van die bipolêre teologiese denkparadigma

Plasing van die bipolêre teologiese denkparadigma is, volgens die weegskaalbeeld, *tussen* die twee uiterste denkparadigmas; tussen die S-denkparadigma aan die linkerkant en die I-denkparadigma aan die regterkant. Die charismatiese stroom vertoon ongebalanseerdheid deur oorwegend S-paradigma-kenmerke, terwyl die tradisionele stroom oorwegend kenmerke van die I-paradigma vertoon. Dié uiteenlopende twee pole is ’n sterk aanduiding dat wanbalans binne albei strome bestaan.

6.7.2.3.4 Die drie denkparadigmas

(Schwarz, 1999:71, 218-220)

S-paradigma	**Bipolêre teologiese paradigma**			**I-paradigma**
Dualisme	Dinamiese pool	→	Statiese pool	*Monisme*
(organies, sag, animaties, biologies, intuïtief, hart, vroulik, holisties, induktief)	(produseer die statiese pool)	←	(stimuleer die dinamiese pool)	(organisatories, hard, nie-animaties, tegnologies, rasioneel, kop, manlik, analities, deduktief)
	Organies		Organisatories	

6.7.2.3.5 Bybelse begronding

Die Bybelse begronding van die bipolêre benadering aan die hand van die dinamiese en statiese pole by elk van die agt kenmerke, is soos volg (De Kock, 2003:28-82; Schwarz, 1996; 1999; Suidheuwels, 2002):

1) Passievolle spiritualiteit: I Kor 12:31 (lê jou toe met ywer), Openb. 2:4 en 3:15, 16.
2) Gawe-georiënteerde bediening: 1 Kor 12, Rom 12, Ef 4, 1 Pet 4, ook Heidelbergse Kategismus Sondag 21, vraag en antwoord 55, asook die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof (5).

3) Inspirerende aanbidding: "God moet in Gees en in waarheid aanbid word" (Joh 4:24), sing onder die invloed van die Gees (Ef 5:18-21), asook Ps 95:1-6 (lof en prys in aanbidding).
4) Holistiese kleingroep: groot groep (tempel) en kleingroep (van huis tot huis) (Hand 2:46) en 1 Kor 16:19.
5) Behoeftegeoriënteerde evangelisasie: Mat 28:19 (Groot Opdrag), Filip 2:15, 16 (ligdraers), Mat 9:35 (Jesus verkondig en genees) en Mar 6:11, 12 (evangelie verkondig en in behoeftes voorsien).
6) Funksionele strukture: Mat 7:24-27 (bou jou huis op die rots), waardeur die opdrag vryheid van aksie verleen tot die daarstel van die beste funksionaliteit van strukture.
7) Bemagtigende leierskap: Ef 4:12 (toerus vir hulle diens) en 4:13-16 as die gevolg van toerusting, ook die bevestigingsformulier.
8) Liefdevolle verhoudings: I Kor 13

6.7.2.3.6 'n Beoordeling van Schwarz se teorie

(vgl. Bylaag L)

Die beoordeling van Schwarz se teorie neem as uitgangpunt die aansluiting wat gevind word in die goddelik-menslike betrokkenheid soos geopenbaar word in die Groot Opdrag (vgl. Hf. 3). Daarna word aan die hand van resente bronne die positiewes gestel, waarna die negatiewe aspekte aangedui word as deel van die ontwikkelingsproses waarin die model verkeer. Ten slotte volg 'n beoordeling van die model in die lig van krimpende "susterkerke".

6.7.3 Werksprosedure

Alle aanduidings van die huidige tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" is sodanig dat beweer kan word dat denke binne die I-paradigma funksioneer en derhalwe oormatig op die statiese pool (organisatoriese) gefokus word (vgl. 6.7.2.3.4) (vgl. ook Schwarz, 1999:23, 152-159). Ten einde vas te stel in watter mate die I-denkparadigma in GKSA-ekklesiologie teenwoordig is, word aan die hand van kwantitatiewe navorsing 'n steekproef gedoen met 'n gedeelte van die GKSA as teikenpopulasie.

6.7.3.1 Inhoudelike van vraelys

Die inhoud van die vraelys is gebaseer op die agt statiese kenmerke (vgl. 6.7.2.3.5), asook aan die hand van die inhoudelike en ondersteunende literatuurstudie wat hierdie empiriese studie voorafgaan (vgl. 6.4-6.6). Na afloop van die vrae op die vraelys, wat gerig is op die agt kenmerke (Bylaag G A-H), word die denkwyse verder ondersoek deur sekere stellings wat in Hoofstukke 4 en 5 gemaak is, na te gaan (Bylaag G I). By Bylaag G en J word die geleentheid gegee om enige saak in die kerkpraktyk vanuit die lidmaat se belewing te stel, indien die behoefte daartoe is.

6.7.3.2 Teikenpopulasie en werkswyse

6.7.3.2.1 GKSA

Die steekproef vind plaas binne die GKSA as die kleinste en mees behoudende kerkverband van die drie "susterkerke" (Jackson, 2009a:5; Van Helden, 2003:45; Nienaber, 1934:57). Met die ontstaan van die GKSA in 1859 is die benadering neergelê om terug te beweeg en op die spore van die Dordrechtse Sinode van 1618/1619 voort te gaan (vgl. 4.5.2.3). Teen 1934 was dit steeds 'n aanvaarde gegewe dat dié kerkverband as die mees behoudende en remmende kerkverband beskou is (Nienaber, 1934:57). Die gegewe kan in die eerste dekade van die 21e eeu steeds as waar aanvaar word wanneer die terughoudende ingesteldheid van die GKSA-sinode rakende dogmatiese kwessies, soos onder andere, die vrou in die amp vergelyk word met die ander twee "susterkerke" (vgl. Jackson, 2009a:5; 2009b; Jackson, 2009c:3; Van Helden, 2002).

6.7.3.2.2 (K)-gemeentes binne Gauteng en Limpopo

In Bylaag D is (G)-, (T)- en (K)-gemeentes geïdentifiseer wat krimping in die tydperk 2005-2008 ervaar het (vgl. 4.8.2). Met die ekklesiologiese oorsake van kerkkrimping voor oë, word die (K)-gemeentes binne die klassisse, wat deur die twee provinsies Gauteng en Limpopo betrek word as verteenwoordigende en geloofwaardige teikenpopulasie geneem. Gauteng word gekies, omdat die streek die digste bevolking en 'n "sterk stedelike karakter" toon en ook beskou word as Suid-Afrika se "ekonomiese kragsentrale" (Dugeot, 2008). Limpopo word gekies, omdat die denkwyse rakende die ekklesiologie van dié GKSA-gemeentes in die provinsie teen die agtergrond van 'n sterk plattelandse en landboukarakter afspeel. Die provinsie word op sy beurt ook as die armste in die land beskou (Schwabe, 2004). Die

ondersoek rakende die I-paradigma binne die GKSA-ekklesiologie van krimpende gemeentes, word dus ondersoek binne die veranderlikes van stedelike en plattelandse gebiede, rykdom en armoede, asook manlike en vroulike geslag.

6.7.3.2.3 Gemeentes en respondente

Ter bevestiging van die krimpende tendens binne die GKSA, is van die 2009-statistiek van onderstaande (K)-gemeentes binne Gauteng en Limpopo gebruik gemaak (vgl. ook Bylaag D). Die aantal respondente is bepaal deur gebruik te maak van die NWU-Statistiekdienste se aanbeveling om met die getal *sewentig* (70), binne die ewekansigheidssisteem te werk. Die aantal respondente per gemeente word bereken deur die 2009-lidmaattal van die betrokke gemeente deur 40 te deel. Die berekende aantal respondente word dan verdubbel ten einde mans en vroue te akkommodeer.

Gauteng

A. Klassis Brakpan	Noordoosrand	111	2x2 (4)
B. Klassis Pretoria Moot	Eloffsdal	134	3x2 (6)
C. Noordelike Pretoria	Rooiwal	160	4x2 (8) *
D. Klassis Pretoria Suidwes	Pretoria-Wes	193	4x2 (8)
E. Klassis Krugersdorp	Roodepoort	204	5x2 (10)
F. Klassis Germiston/	Germiston	204	5x2 (10)
G. Klassis Johannesburg	Brackenhof	239	5x2 (10)
H. Klassis Vaalrivier	Sasolburg	259	6x2 (12)
I. Klassis Oostelike Pretoria	Waterkloofrand	337	8x2 (16)

Limpopo

J. Klassis Waterberg	Koedoesrand	56	1x2 (2) *
K. Klassis Soutpansberg	Messina	118	2x2 (4)

* Die kerkraad wou nie toestemming verleen dat die gemeente as respondentgemeente deelneem aan die invul van die vraelys nie.

6.7.3.2.4 Werkswyse

Die werkswyse verloop soos volg: Die navorser kontak self die kerkkantoor/attes skriba/predikant en volg self die gesprek op met ’n verduidelikende skrywe om toestemming te kry dat ’n gemeentelys - waarop die manlike lidmate, vroulike lidmate en kontaknommers aangedui is - beskikbaar gestel word om die steekproef deur te voer. Indien die kerkraad nie tot hierdie versoek instem nie, word die gemeente nie verder as respondentgemeente gereken nie, alhoewel die afwesigheid van statistiek uit hierdie gemeentes wel in die gevolgtrekking genoem word. In die gemeentes wat die versoek toestaan, word elke aangewese lidmaat (soos vasgestel volgens die metode wat in 6.7.3.2.3 beskryf is) deur die navorser gekontak. ’n Afspraak word gemaak deurdat ’n besoek aan die gemeente op ’n spesifieke Sondag gereël word. Die vraelys word by met uitsondering ge-epos aan dié lidmate wat nie teenwoordig kan wees tydens die navorser se besoek aan die gemeente nie. Die navorser neem verantwoordelikheid vir die volledige prosedure tot en met die inhandiging van die vraeslyste. Alhoewel die gemeentes almal (K)-gemeentes is, wissel getalle nogtans tussen 56 en 337. Dit beteken dat die hoeveelheid respondente van 2 tot 16, na gelang van die grootte van die gemeente, wissel. Die somtotaal vraelyste wat ingevul word (dus sonder die twee afwesige gemeentes), is 80 (vgl. Bylaag G).

6.7.4 Verwerking van vraelys

Hieronder volg die verwerking van die vraelys. Afdeling A-H en J handel oor die statiese kenmerke wat in gemeentes voorkom (vgl. 6.5.3). Afdeling I handel oor aspekte wat in vorige hoofstukke (Hf. 4 en 5) genoem is en aan die hand van dié respondente verder getoets word.

6.7.4.1 Interpretasie van statistiese gegewens n.a.v. die vraelys

(Afdeling A-H)

Dit is belangrik om by nadruk te beklemtoon dat navorsing wêreldwyd vasgestel het, dat respondente binne geloofsgemeenskappe geneig is om gebrek aan integriteit te toon. Derhalwe word rekening gehou met die implisiete speling wat met bevindings gepaard gaan

(vgl. 5.4.2.2). Interpretasie van die vraelys verbonde aan hierdie navorsing, geskied aan die hand van die volgende interpretasieskaal:

- 49% en laer: die betrokke saak onder bespreking word as onbeduidend beskou.
- 50% - 59%: die betrokke saak onder bespreking word as relatief gesien.
- 60% - 69%: die betrokke saak onder bespreking is wel ter sprake.
- 70% - 79%: die betrokke saak onder bespreking word erken as ’n bestaande realiteit.
- 80% - 89%: die betrokke saak onder bespreking manifesteer grootliks.
- 90% - 99%: die betrokke saak onder bespreking manifesteer uitermate baie.
- 100% - die betrokke saak onder bespreking manifesteer as uitgangspunt.

Interpretasie van die respondente se oortuigings geskied verder deur ’n bevestigende of ontkennende respons. Derdes/kwarte/halwes word verder as beskrywingsterme gebruik.

Afdeling A

Afdeling A fokus op *spiritualiteit* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

A1 nr. 1: Die gereformeerde manier van kerkwees gee *sekerheid* van geloof.

Bevestigende respons: 92,50%
Gevolgtrekking: Die gereformeerde manier van kerkwees verleen op ’n uitermate sterk wyse sekerheid in die uitlewing van geloof.

A1 nr. 2: Die gemeente se manier van kerkwees *verander*, omdat die huidige *tydsgees* verander.

Bevestigende respons: 64,56
Gevolgtrekking: Die gemeente se manier van kerkwees verander omdat die huidige tydsgees verander. Die veranderende tydsgees wat die manier van kerkwees raak, is by bykans tweederdes binne die kerkverband ter sprake.

A1 nr. 3: Die woord *spiritueel* is ’n bekende gereformeerde term.

Ontkennende respons: 76,25
Gevolgtrekking: *Spiritueel* as term is onbekend.

A2 nr. 4: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: emosie.

Ontkennende respons: 60,76
Gevolgtrekking: Emosie is nie in die gereformeerde manier van kerkwees opsigtelik ter sprake nie.

A2 nr. 5: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: belewing en ervaring.

Bevestigende respons: 62,82
Gevolgtrekking: Belewing en ervaring is ter sprake in die gereformeerde manier van kerkwees.

A2 nr. 6: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: intuïsie.

Bevestigende respons: 53,25
Gevolgtrekking: *intuïsie* manifesteer relatief in die gereformeerde manier van kerkwees.

A2 nr. 7: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: entoesiasme/passie.

Bevestigende respons: 59.74

Gevolgtrekking: *entoesiasme/passie* manifesteer relatief in die gereformeerde manier van kerkwees.

A2 nr. 8: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: ’n soeke na die sigbare krag van die Heilige Gees.

Bevestigende respons: 74,36
Gevolgtrekking: ’n Soeke na die sigbare krag van die Heilige Gees kom voor in die gereformeerde manier van kerkwees.

A2 nr. 9: Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit *opsigtelik* die volgende in: omgang met die Woord.

Bevestigende respons: 100,00
Gevolgtrekking: Omgang met die Woord is die uitgangspunt van gereformeerde manier van kerkwees.

SPIRITUALITEIT: Omgang met die Woord is die uitgangspunt vir gereformeerde spiritualiteit soos dit manifesteer binne die GKSA-gemeentes. Dié manier van godsdienstigheid/vroomheid/spiritualiteit binne kerkwees, verleen sekerheid van geloof. Binne hierdie godsdienstigheid/vroomheid/spiritualiteit is daar ’n soeke na die sigbare krag van die Heilige Gees. Die oortuiging bestaan dat namate die tydsgees verander, verandering ook in die kerkpraktyk ter sprake is (vgl. ook B2 nr. 4/5; C4 nr. 12). Die verandering het die gevestigde kerktaal nog nie geraak nie, aangesien die term, spiritualiteit, nog nie binne die kerkverband as kerktaal funksioneer nie. Belewing en ervaring kom voor en word as verstandelike aktiwteite gereken, aangesien emosie, entoesiasme/passie en intuïsie bloot as relatiewe sake gereken word. Hierdeur word die rasionele, as deel van die GKSA-godsdienstigheid/vroomheid/spiritualiteit, aangetoon.

I-PARADIGMA: Die gereformeerde spiritualiteit is gebou op die uitgangspunt dat die Woord as gesagsbasis suiwer nagevolg word as sterk punt van die kerkverband. Die GKSA se spiritualiteit word as "beyond question" (vgl. 6.5.1.1) beskou - 'n uitgangspunt wat direk ooreenstem met institusionalisme. Dié uitgangspunt, met die kerkpraktyk daaruit voortvloeiend, verleen sterk sekerheid aan gelowiges. Waar die soeke na sekerheid in die kerkpraktyk gevind word, word nie onderskeid tussen die organisasie van die kerkpraktyk en die kerk as organisme, gemaak nie. Institusionalisme hanteer organisasie en organisme as sinoniem. Die gevolg is dat grootliks op dogma as rasionele saak gefokus word, ten koste van evangelievreugde, emosie, belewing, intuïsie, entoesiasme en passie. Formalisme en rasionalisme manifesteer as voortspruitend uit institusionalisme. Verdere wanbalans wat hiermee gepaardgaan is die manifestering van objektiwisme en heteronomisme. Die oormaat institusionalisme en die afwesigheid van gebalanseerde spiritualiteit beklemtoon die ekklesiologiese wanbalans binne die GKSA en dra by tot die verskynsel van kerkkrimping (vgl. 6.5.1.6; 6.5.3.1).

Afdeling B

Afdeling B fokus op die *bediening* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

B1 nr. 1: Ouderlinge en diakens behartig die dienste in die gereformeerde manier van kerkwees.

Bevestigende respons: 88,61
Gevolgtrekking: Ouderlinge en diakens behartig grootliks die dienste in die gereformeerde manier van kerkwees.

B2 nr. 1: In hierdie gemeente is *ouderlinge* effektief in hul diens.

Bevestigende respons: 61,25 Soms: 35,00
Gevolgtrekking: Effektiewe diens soos verrig deur die ouderlinge is wel ter sprake, terwyl ongeveer ’n derde die diens soms as oneffektief beskou.

B2 nr. 2: In hierdie gemeente is *diakens* effektief in hul diens.

Bevestigende respons: 48,10 Soms as respons: 37,97 Ontkennende respons: 13,92
Gevolgtrekking: Effektiewe diens deur die diakens vertoon ondergemiddeld en verkeer onder verdenking.

B2 nr. 3: In hierdie gemeente *getuig* die ouderlinge en diakens se dienste van oneffektiwiteit en gebrek aan toewyding.

Bevestigende respons: 46,15 Soms as respons: 36,15 Ontkennende respons: 7,69
Gevolgtrekking: Effektiwiteit en toewyding in die dienste van ouderlinge en diakens staan sterk onder verdenking.

B2 nr. 4: In hierdie gemeente *getuig* die ouderlinge en diakens se dienste van ’n getrouheid aan gevestigde gewoontes.

Bevestigende respons: 75,00
Gevolgtrekking: Die ouderlinge en diakens se dienste getuig van gevestigde gewoontes.

B2 nr. 5: In hierdie gemeente *getuig* die ouderlinge en diakens se dienste van *vernuwende* denke.

Respons: Bevestigende respons: 30,77 Soms as respons: 43,59 Ontkennende

respons 25,64
Gevolgtrekking: By al drie moontlikheid word gerapporteer dat vernuwende denke onder verdenking staan. Minder as ’n derde is van oortuiging dat vernuwende denke aanwesig is, terwyl ’n soortgelyke persentasie van die teendeel oortuig is. Die middelgroep wat getuig van onsekerheid, is ook onbeduidend.

B2 nr. 6: Die term *gawes* beteken die natuurlike vermoëns in elke mens waarby die medemens kan baat, bv. diensvaardigheid, voorbidding, gasvryheid, leierskap, ens.

Bevestigende respons: 100,00
Gevolgtrekking: Die uitgangspunt in die GKSA is dat die betekenis van die term *gawes* op die natuurlike vermoëns in elke mens dui en waarby die medemens kan baat, byvoorbeeld diensvaardigheid, voorbidding, gasvryheid, leierskap, ens.

B3 nr. 7: Die gelowige word doelbewus deur die kerkraad *gelei* dat elkeen sy/haar eie gawes kan *ontdek en ken***.**

Bevestigende respons: 59,49	Ontkennende respons: 40,51
Gevolgtrekking: Die oortuiging dat gelowiges doelbewus deur die kerkraad gelei word dat elkeen sy/haar eie gawes kan ontdek en ken, is ’n relatiewe saak**.** Die ontkennende persentasie toon dat meer as ’n derde nie hierdie oortuiging deel nie en bevestig dié aspek van die kerkpraktyk as relatiewe saak.	

B3 nr. 8: Die gelowige word doelbewus deur die kerkraad *gehelp/bemagtig* om sy/haar eie gawes te *ontwikkel***.**

Bevestigende respons: 63,29
Gevolgtrekking: Die oortuiging is ter sprake dat gelowiges doelbewus deur die kerkraad gehelp/bemagtig word om sy/haar gawes te ontwikkel.

B3 nr. 9: Die diens/amp van die *gelowige* is net so aktief soos die diens/amp van die diaken en die ouderling.

Bevestigende respons: 65,00
Gevolgtrekking: Bykans tweederdes meen dat die diens/amp van die gelowige ter sprake is op dieselfde wyse as die diens/amp van die diaken en die ouderling.

B3 nr. 10: Die diens/amp van die gelowige is net so aktief volgens elkeen se eie uitlewing in sy/haar *persoonlike* lewe.

Bevestigende respons: 81,25
Gevolgtrekking: Die oortuiging is grootliks dat die diens/amp van die gelowige net so aktief is in elkeen se eie uitlewing in sy/haar persoonlike lewe.

B3 nr. 11: Geestelike gawes by elke gelowige word *versigtig* hanteer omdat dit nie gereformeerd is nie.

Bevestigende respons: 66,67	Ontkennende respons: 33,33
Gevolgtrekking: Tweederdes is oortuig dat geestelike gawes as gereformeerd-gelowig hanteer word in plaas van “versigtig”.	

B3 nr. 12: Gee**s**telike gawes by elke gelowige word *versigtig* hanteer, omdat dit dwaling in die kerk kan inbring.

Bevestigende respons: 58,44	Ontkennende respons: 41,56
Gevolgtrekking: Die *versigtige* hantering van geestelike gawes met die moontlikheid van die inbring van dwaling, is ’n relatiewe saak.	

B3 nr. 13: Geestelike gawes by elke gelowige word *versigtig* hanteer omdat dit moeilik is om elkeen met sy eie gawes in die kerk te laat optree.

Bevestigende respons: 53,16	Ontkennende respons: 46,84
Gevolgtrekking: 'n Relatiewe benadering heers by die hantering van geestelike gawes, omdat dit moeilik is om elkeen met sy eie gawes in die kerk te laat optree.	

B3 nr. 14: In die gemeente word elke lidmaat deur die bediening geestelik *opgebou***.**

Bevestigende respons: 92,50
Gevolgtrekking: In die gemeente word elke lidmaat geestelik uitermate deur die bediening opgebou.

B3 nr. 15: In die gemeente word elke lidmaat opgebou sodat hy/sy ander mense buite die gemeente maklik kan evangeliseer.

Bevestigende respons: 57,50	Ontkennende respons: 42,50
Gevolgtrekking: Die opbouproses in die gemeente met die doel om ander mense buite die gemeente maklik te evangeliseer, manifesteer as relatiewe saak.	

B3 nr. 16: In die gemeente word elke lidmaat bemagtig, sodat hy/sy ander mense oor die *kleurgrens* maklik kan evangeliseer.

Bevestigende respons: 59,40	Ontkennende respons: 40,51
Gevolgtrekking: Bemagtiging in die gemeente met die doel om oor die kleurgrens te evangeliseer, manifesteer as relatiewe saak.	

BEDIENING: Binne die GKSA word die dienste/ampte deur die ouderlinge en diakens verrig, alhoewel effektiwiteit en die mate van toewyding onder verdenking

staan. Gevestigde gewoontes word gehandhaaf (vgl. ook C4 nr. 12), met die gevolg dat vernuwende denke rakende dienste/ampte, as relatiewe saak, nie manifesteer nie. Dit geskied teen die oortuiging in dat namate die tydsgees verander, verandering in die kerkpraktyk ter sprake is (vgl. A1 nr. 2). Die uitgangspunt in die bediening is dat die term, *gawes,* Skriftuurlik dui op die natuurlike vermoëns in elke mens waarby die medemens kan baat, byvoorbeeld diensvaardigheid, voorbidding, gasvryheid, leierskap, ens. Die kerkraad se leiding, sodat gawes by gemeentelede ontdek word, asook die bemagtiging van lidmate en die ontwikkeling daarvan, is relatiewe sake, terwyl die amp van die gelowige as aktiewe diens/amp wel ter sprake is. Dié amp/diens binne die individu se persoonlike uitlewing geniet uitermate hoë prioriteit. Die diskrepansie tussen die formele diens/amp van die ouderlinge/diakens en die informele diens/amp van die gelowige, toon die rasionele verwerking van die wanbalans rakende die dienste/ampte. Binne die bestaande bedieningstruktuur streef die individuele gelowige na aktiewe diens-uitlewing, begrond dit op individualistiese wyse (vgl. I2 nr. 10) op die Woord (vgl. A2 nr. 9) en leef die godsdienstigheid/spiritualiteit uit na eie goeddunke in die persoonlike lewe (subjektiwisme) (vgl. 5.4.1.3.2). Binne dié gevestigde bedieningstruktuur is geestelike gawes as bedreiging, of as kanaal vir moontlike dwalings, of spesifieke taaktoedeling volgens elkeen se eie gawe, bloot relatiewe sake. Die gereformeerde bedieningstruktuur, gegrond op Woordverkondiging, fokus in die bediening uitermate sterk op geestelike opbou as kollektiewe saak, terwyl die fokus op uitbou (missionêr) - kollektief en individueel - as relatiewe saak beskou word. Die eenheidsisteem (opbou en uitbou) binne die GKSA-bediening vertoon ’n ingekeerdheid en ’n wanbalans tussen opbou en uitbou. Die ongebalanseerde bediening rakende gawes, gebrek aan bemagtiging, asook die oneffektiewe uitlewing van gawes, spruit uit die verskraalde verstaan (denke) van dienste/ampte.

I-PARADIGMA: Waar die I-paradigma funksioneer, vertoon dienste/ampte oneffektief. Dit manifesteer weens eng/verskraalde/geblokkeerde denke rakende gawes binne ’n bediening waar gevestigde patrone weinig spasie bied vir vernuwing. Binne ’n ongebalanseerde bedieningsmodel manifesteer opbou en uitbou, soos vervat in die Groot Opdrag, nie as ’n eenheidsisteem nie. Die oormaat institusionalisme en die gebrek aan ’n gebalanseerde bedieningsmodel, beklemtoon die ekklesiologiese

wanbalans wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping (vgl. 6.5.3.2).

Afdeling C

Afdeling C fokus op *strukture* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

C1 nr. 1-3: Is daar in die dorp/stad waar jou gemeente is, ’n kerkgebou vir die NG Kerk, (nr. 2) vir die Nederduitsch Hervormde Kerk en (nr. 3) vir die Gereformeerde Kerk.

Bevestigende respons: 100,00
Gevolgtrekking: Die fisiese kerkstruktuur, naamlik ’n kerkgebou vir elk van die “susterkerke” kom in die spesifieke dorpe voor.

C2 nr. 4a en 4b: Volgens jou beste wete - het die NG Kerk en die NH Kerk in jou dorp/voorstad in getalle gekrimp?

Onseker as respons: 56,25 (NG) 72,00 (NH) Bevestigende respons: 36,25 (NG) en 26,25 (NH).
Gevolgtrekking: GKSA-lidmate verkeer in onsekerheid oor die mate van krimping wat by die “susterkerke” plaasgevind het.

C2 nr. 4c: Jou eie GKSA-gemeente het ook as gevolg van verskillende redes gekrimp.

Bevestigende respons: 76,25
Gevolgtrekking: GKSA-lidmate is deeglik bewus van krimpende getalle.

C3 nr. 5: Die fisiese kerkgebou is vir jou as gelowige ’n anker in veranderende tye.

Bevestigende respons: 68,75
Gevolgtrekking: Die fisiese kerkgebou is ter sprake as anker in veranderende tye.

C3 nr. 6: Die fisiese kerkgebou is vir die gelowige ’n simbool van waardes en norme.

Bevestigende respons: 82,28
Gevolgtrekking: Die fisiese kerkgebou is grootliks vir die gelowige ’n simbool van waardes en norme.

C3 nr. 7: Die fisiese kerkgebou is vir die gelowige ’n emosionele saak, veral as die gebou moontlik verkoop moet word weens krimpende getalle.

Bevestigende respons: 58,75
Gevolgtrekking: Meer as die helfte is oortuig dat die fisiese kerkgebou ’n emosionele saak is, veral as die gebou verkoop moet word weens krimpende getalle. Dit is egter ’n relatiewe saak.

C3 nr. 8: Die fisiese kerkgebou is vir die gelowige van so ’n aard dat as die kerkgebou verkoop word, die gemeente ook eintlik ten gronde gaan.

Ontkennende respons: 51,90	Bevestigende respons: 48,10
Gevolgtrekking: Die verlies aan ’n kerkgebou weens die verkoop daarvan is ’n relatiewe saak.	

C3 nr. 9: Die fisiese kerkgebou is vir die gelowige ’n “lanseerplek” van projekte na die wêreld toe in diens van evangelisasie.

Bevestigende respons: 63,29
Gevolgtrekking: Die fisiese kerkgebou is ter sprake as “lanseerplek” van projekte na

die wêreld toe in diens van evangelisasie.

C4 nr. 10: In jou gemeente is die gemeentestrukture deur die jare gevestig.

Bevestigende respons: 98,75
Gevolgtrekking: Die gemeentestrukture wat deur die jare daargestel is en sodanig gebruik word, word uitermate geag.

C4 nr. 11: Gemeentestrukture is die vaste vorm wat sekerheid gee aan gemeentelede

Bevestigende respons: 90,00
Gevolgtrekking: Gemeentestrukture word uitermate geag, aangesien die vaste vorm sekerheid gee aan die gemeentelede.

C4 nr. 12: Strukture binne die gemeente word gedurig verander en aangepas.

Ontkennende respons: 52,50	Bevestigende respons: 47,50
Gevolgtrekking: Ietwat meer as die helfte is van oortuiging dat strukture binne die gemeente nie gedurig verander en aangepas word nie. Gedurige verandering en aanpassing is ’n relatiewe saak.	

C4 nr. 13: Strukture word as vaste sekerhede beskou wat deur die jare al suksesvol bewys is, al is dit soms lomp in funksionering.

Bevestigende respons: 62,50
Gevolgtrekking: Strukture as vaste sekerheid is ter sprake as jarelange patroon, al is dit soms lomp in funksionering.

STRUKTURE: Daar bestaan vir elkeen van die onderskeie “susterkerk”-verbande

kerkgeboue in die betrokke dorp/voorstad. Daar is dus meer kerkgeboue as wat die potensiaal rakende getalle binne ’n dorp/voorstad behels. Die GKSA-lidmaat is bewus dat getalle binne die “susterskerk”-verband krimp. Binne die gevestigde denkraamwerk dryf die bewussyn van krimpende getalle die lidmaat egter nie tot aktiewe aanpassing en verandering nie. As anker in veranderende tye is die fisiese kerkgebou ter sprake, terwyl die kerkgebou grootliks beskou word as simbool vir waardes en norme. Die verkoop van die fisiese kerkgebou en gevolglike verlies aan ’n kerkstruktuur, word as relatiewe saak benader. Binne die denkraamwerk van die GKSA-lidmaat funksioneer die kerkgebou wel as “lanseerplek” vir projekte, maar nie met die missionêre in gedagte nie (vgl. B3 nr. 15/16).

Bedieningsstrukture het met verloop van jare gevestig geraak en hierdie vaste vorm gee die gemeentelede sekerheid. Verandering en aanpassing van strukture om aan die eise van die huidige tydsgewrig te voldoen, is derhalwe nie die uitgangspunt nie (vgl. A1 nr. 2; B2 nr. 4/5). Binne die GKSA-bedieningstruktuur word eerder by die gevestigde sekerhede gehou, al is dit nie altyd funksioneel nie (vgl. 6.5.3.6).

I-PARADIGMA: Die instituut as struktuur is mensewerk op grond van mensedenke en binne die GKSA-denkwyse manifesteer ongebalanseerdhede en blokkasies weens fisiese en niefisiese kerklike strukture, daargestel deur denkendes van dié paradigma. Die fisiese kerkgebou voldoen aan die menslike behoefte en soeke aan vastigheid/sekerheid, aan ’n waardesisteem en aan emosionele verbintenis.

Niefisiese strukture bied ook sekerheid, aangesien die gang van jarelange tradisies as suksesvol beleef word, al bestaan blokkasies/oneffektiewe funksionering van strukture. Die krag van institusionalisme aan die hand van strukture en sekerhede daarrondom, belemmer denkwysiging/-aanpassing/-verandering wat moontlik na vore kan kom. Die keuse tot verbondenheid aan gevestigde sekerhede werk derhalwe die moontlikheid van verdere vertraging van buigbaarheid en aanpassing in die hand. Sekerhede, gebou rondom strukture, oorheers oorwegend ten koste van funksionaliteit binne die bediening; dus ook ten koste van die missionêre opdrag. Dit ontstaan deurdat strukture binne die denkraamwerk tot beginsels verhef word. Die hoë frekwensie tradisionele gemeentestrukture bevestig die bestaan van die

institusionalistiese denkraamwerk binne gemeenteverband. Die denkwyse toon dat die fokus op opbou val, met ingekeerdheid/blokkasie wat manifesteer ten koste van uitbou. Die ongebalanseerde kerkpraktyk binne die GKSA-gemeentes word hierdeur beklemtoon. Onregmatige gewig wat aan fisiese en niefisiese strukture verleen word, lei tot leë kerke en geykte strukture. Dié denkwyse wat spreek van onaanpasbaarheid en onfunksionaliteit rakende strukture, beklemtoon institusionalisme in die GKSA. Dit verduidelik die ekklesiologiese wanbalans binne die eenheidsisteem wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

Afdeling D

Afdeling D fokus op *leierskap* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I -paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

D1 nr. 1: ’n Leier in die gemeente is die predikant.

Bevestigende respons: 78,75	Soms: 18,75
Gevolgtrekking: Die predikant word as ’n leier in die gemeente gereken.	

D1 nr. 2: ’n Leier in die gemeente is persone in ampte (ouderlinge/diakens).

Ontkennende respons: 62,50	Bevestigende respons: 37,50
Gevolgtekking: Die feit dat persone in dienste/ampte nie noodwendig as leiers beskou word nie, is ter sprake. Dit sluit aan by die respons oor die effektiwiteit van diegene in die dienste/ampte (vgl. B2 nr. 3).	

D1 nr. 3: Noem ander leiers in jou gemeente.

Respons:

Noordoosrand	-	dames	(1)
	-	die opset laat dit nie toe nie	(1)
Eloffsdal	-	seniors	(2)
	-	sameroepers van kommissies, bv. die gemeenteblad	(1)
	-	Susters	(4)
Pretoria-Wes	-	persone met sterk persoonlikhede wat die voortou neem en ander lei	(1)
	-	Susters/dames (bestuur)	(3)
	-	predikantsvrou	(1)
	-	orreliste	(1)
	-	kategete	(1)
	-	jeug	(1)
Roodepoort	-	persone wat hulle gawes/talente uitleef in diens van God	(1)
	-	Susters	(1)
Germiston	-	Susters	(2)
	-	gemeentelede: jeugleiers	(2)

	-	iemand wat kan en wil lei	(1)
	-	gebedsameroeper	(1)
	-	kommissies	(1)
	-	predikantsvrou	(1)
	-	koster	(1)
	-	Bybelstudiegroepleiers	(1)
Brackenhof	-	verskeie lidmate met die gawes en liefde vir hul werk om te lei	(2)
	-	Sustersaksie	(2)
	-	Jeugaksie	(1)
	-	Bybelstudiegroepleiers	(1)
	-	sangleiers	(2)
Sasolburg	-	Predikantsvrou	(1)
	-	Sekere gemeentelede wat leiding neem en nie in die amp is nie, as diensgroepleiers (berading, depressiegroepe, gebedsgroepe, hospitaal-besoekers	(5)
	-	mense wat sterk in die geloof staan ten spyte van enige spesifieke kerk/denominasie se oortuigings	(1)

Waterkloofrand	-	Ek is nie bekend met ander leiers in die gemeente nie	(1)
	-	Susters	(3)
	-	kommissies	(4)
	-	aksiegroepe	(2)
	-	kategete	(1)
	-	elke gelowige	(1)
Messina	-	Kersprogramleidster	(1)
	-	leiers is nie werklik beskikbaar nie, want die gemeente is te klein	(1)

Gevolgtrekking: Ander leiers, buiten die leiers in die ampte, sentreer sterk rondom die Susters (14) en lidmate wat die gawes het om te lei (8). Jeugleiers (4), die predikantsvrou (3) en kommissie-sameroepers (3) tree ook na vore. Ander leiers is leierskap onder die seniors, as kategete, as Bybelstudiegroepleiers, asook sangleiers. Verder word ook leiers genoem, soos die orreliste, gebedsleiers, die kersprogramleier en die koster. By sommige klein gemeentes manifesteer leierskap skaars vanweë gebrek aan mense.

Die bevinding is dat leierskap buiten die ampte grootliks binne die gevestigde tradisionele bedieningstruktuur manisfesteer met die vrouelidmaat, veral die predikantsvrou as prominente figuur rakende organisatoriese sake. Verdere taakuitvoering geskied volgens die

behoeftes daargestel deur die tradisionele kerkpraktyk, byvoorbeeld vir katkisasie, vir sang, asook volgens ouderdomsbehoeftes, byvoorbeeld vir die jeug en vir die seniors.

D2 nr. 4: Die geestelike leiers in die gemeente se taak is om die gemeente aan te moedig dat die kerklike program slaag.

Bevestigende respons: 83,75
Gevolgtrekking: Dit is grootliks die geestelike leiers se taak om die gemeente aan te moedig dat die kerklik program slaag.

D2 nr. 5: Die geestelike leiers in die gemeente se taak is om die gemeente doelbewus aan te moedig om hul gawes te ontdek en te ontwikkel.

Bevestigende respons: 88,75
Gevolgtrekking: Dit is grootliks die geestelike leiers se taak om die gemeente aan te moedig om hul gawes te ontdek en te ontwikkel.

D2 nr. 6: Die geestelike leiers in die gemeente se taak is om die gemeente doelbewus geestelik op te bou.

Bevestigende respons: 95,00
Gevolgtrekking: Dit is uitermate die geestelike leiers se taak om die gemeente geestelik op te bou.

D2 nr. 7: Die geestelike leiers in die gemeente se taak is om die gemeente doelbewus toe te rus om buite die gemeente te kan evangeliseer.

Bevestigende respons: 78,48

Gevolgtrekking: Dit is die geestelike leiers se taak om die gemeente toe te rus om buite die gemeente te kan evangeliseer.

D3 nr. 8: Die leiers in die gemeente se ingesteldheid kan beskryf word as diegene wat die "gereformeerde skoppelmaai" laat swaai.

Bevestigende respons: 59,21
Gevolgtrekking: Die oortuiging toon 'n mate van relatiwiteit aangesien leiers in die gemeente se ingesteldheid beskryf word as diegene wat die "gereformeerde skoppelmaai" laat swaai.

D3 nr. 9: Die leiers in jou gemeente se ingesteldheid kan beskryf word as identifiseerders van probleemareas binne die gemeente.

Bevestigende respons: 77,33
Gevolgtrekking: Die oortuiging toon dat dit die leiers se ingesteldheid is om probleemareas binne die gemeente te identifiseer.

D3 nr. 10: Die leiers in jou gemeente se ingesteldheid kan beskryf word as Woordgesentreerd.

Bevestigende respons: 89,61
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat Woordgesentreerdheid die leiers se ingesteldheid is.

D3 nr. 11: Die leiers in jou gemeente se ingesteldheid kan beskryf word as missionêr.

Ontkennende respons: 58,23	Bevestigende respons: 41,77

Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat die leiers se ingesteldheid nie as missionêr beskryf kan word nie. Die missionêre ingesteldheid is ’n relatiewe saak.

D3 nr. 12: Die leiers en hul ingesteldheid kan beskryf word as voorlopers met vernuwende perspektiewe.

Bevestigende respons: 52,50	Ontkennende respons: 47,50
Gevolgtrekking: Die oortuiging dat die leiers voorlopers is, met ’n ingesteldheid van vernuwende perspektiewe, word as ’n relatiewe saak beskou.	

D3 nr. 13: Die leiers se ingesteldheid kan beskryf word as interpreteerders van die huidige tydsgewrig.

Bevestigende respons: 64,10
Gevolgtrekking: Die oortuiging dat die leiers se ingesteldheid beskryf kan word as interpreteerders van die huidige tydsgewrig, is ter sprake.

D4 nr. 14: Is die volgende ’n bekende siening in jou gemeente: die leiers is bewus van God se plan in die gemeente en spoor die gemeente aan om saam daaroor te dink.

Bevestigende respons: 80,00
Gevolgtrekking: Die siening bestaan grootliks dat leiers bewus is van God se plan in die gemeente en dat die gemeente aangespoor word om saam daaroor te dink.

D5 nr. 15: Jou siening van die predikant as leier is dat hy vervul is met die Heilige Gees.

Bevestigende respons: 88,46
Gevolgtrekking: Die oortuiging bestaan dat die predikant, as leier, grootliks vervul is

met die Heilige Gees.

D5 nr. 16: Jou siening van die predikant as leier is dat hy formalisties is.

Ontkennende respons: 52,56 Soms as respons: 33,33 Bevestigende respons: 14,10
Gevolgtrekking: Die oortuiging bestaan dat ietwat meer as die helfte van die repondente die predikant nie as formalisties sien nie, terwyl ’n derde die moontlikheid tot formalisme wel stel. ’n Onbeduidende persentasie ervaar die predikant wel as formalisties. Die moontlikheid tot hierdie neiging bestaan dus ongeveer in dieselfde mate as wat dit afwesig is. Die aspek word as relatief beskou.

D5 nr. 17: Jou siening van die predikant as leier is dat hy onbetrokke lidmate onvermydelik as deel van die sisteem aanvaar.

Soms as respons: 48,05 Bevestigende respons: 37,66
Gevolgtrekking: Die oortuiging bestaan dat onbetrokke lidmate bloot as deel van die sisteem aanvaar word. Ietwat meer as ’n derde is oortuig dat dit wel die geval is. Die saak word as onbeduidend beskou.

D5 nr. 18: Jou siening van die predikant as leier is dat hy ’n missionêre bediening bevorder.

Bevestigende respons: 46,05 Soms as respons: 42,11 Ontkennende respons: 11,84
Gevolgtrekking: Die oortuiging bestaan dat die predikant nie ’n missionêre bediening bevorder nie, terwyl ongeveer dieselfde hoeveelheid van oortuiging is dat bevordering van ’n missionêre bediening soms geskied. ’n Missionêre bediening word as relatiewe saak beskou.

D5 nr. 19: Jou siening van die predikant as leier is dat hy lidmate bemagtig.

Bevestigende respons: 74,36
Gevolgtrekking: Die oortuiging bestaan dat die predikant as leier lidmate bemagtig.

D5 nr. 20: Jou siening van die predikant as leier is dat hy in sy werksprogram bygestaan/gehelp word deur sommige gemeentelede.

Bevestigende respons: 60,26
Gevolgtrekking: Die oortuiging dat die predikant in sy werksprogram bygestaan word deur sommige gemeentelede, is ter sprake.

D5 nr. 21: Jou siening van die predikant as leier is dat die gemeente meen die predikant behoort van alles op hoogte te wees.

Bevestigende respons: 62,03	Soms as respons: 35,44
Gevolgtrekking: Die siening dat die predikant op hoogte moet wees van alles binne die gemeente, is ter sprake. Die uitgangspunt word versterk, deurdat ietwat meer as ’n derde die siening soms huldig.	

D5 nr. 22: Jou siening van die predikant as leier is dat hy sy eie mening deurdruk.

Soms as respons: 45,57	Ontkennende respons: 31,65	Bevestigende respons: 22,78
Gevolgtrekking: Die siening dat die predikant sy eie mening deurdruk kom soms voor, maar dan by minder as die helfte, terwyl bykans ’n derde hierdie siening nie as geldig beskou nie. Die moontlikheid dat hierdie outokratiese verskynsel manifesteer, is wel ter sprake.		

D5 nr. 23: Jou siening van die predikant as leier is dat hy streng, formalisties en selfs diktatoriaal is.

Ontkennende respons: 51,90 Soms as respons: 27,85 Bevestigende respons: 20,25
Gevolgtrekking: Ietwat meer as die helfte is oortuig dat die predikant nie streng, formalisties of diktotoriaal optree nie. Onderskeidelik is daar twee groepe heelwat minder as ’n derde elk, wat meen dat hierdie gedrag soms, maar in ander gevalle, wel voorkom. Dit word as relatiewe saak beskou.

LEIERSKAP: (vgl. 6.5.3.7) Die predikant word as leier beskou, terwyl die veronderstelde leiers in die dienste/ampte, nie vanself as die leiers gesien word nie (vgl. ook B2 nr. 3). Binne die tradisionele kerkstruktuur tree die vrouelidmaat as organisatoriese leier op die voorgrond, asook diegene wat die gawes het om te lei.

Dit geestelike leiers se taak is om die gemeente geestelik op te bou, aan te moedig om ’n sukses van die jaarprogram te maak, om lidmate aan te moedig om hul gawes te ontdek en te ontwikkel, asook om toerusting te verskaf met die oog op evangelisasie. Verder is die leierskap ingestel op identifisering van probleemareas binne die bediening en in ’n mindere mate gefokus op die interpretering van die huidige tydsgewrig. Die leierskap meen die maak van die kerklike “skoppelmaai”, ’n missionêre ingesteldheid, asook om daadwerklik as voorlopers met vernuwende perspektiewe op te tree, is relatiewe sake.

Die leierskap in die GKSA-gemeentes kan beskryf word as uitermate Woordgesentreerd. Die siening bestaan dat die leiers grootliks bewus is van God se plan met die gemeente. Binne die gevestigde, tradisionele Woordgebruik word die gemeente aangespoor om daaroor te dink.

Die siening oor die predikant is dat hy grootliks vervul is met die Heilige Gees en dat outokratiese optrede nie prominent na vore kom nie, maar soms tog teenwoordig is. Hy bemagtig die gemeente, maar reken dat onbetrokke lidmate bloot deel uitmaak van die gevestigde kerksisteem. Hy word in sy werksprogram bygestaan deur helpers, terwyl dit in die gemeente ter sprake is dat hy veronderstel is om op hoogte te wees van “alles” wat in die gemeente aangaan. Die nastreef van ’n missionêre bediening word as relatiewe saak beskou. Die deurdruk van die predikant se eie mening,

formalistiese, streng of diktatoriale optrede word ook as relatiewe sake gereken.

I-PARADIGMA: Binne die institusionalistiese denkraamwerk word op die predikant as leier gefokus. Hy word derhalwe op ’n verhogie as superleiersfiguur geplaas. Dit beteken dat aanvaar word dat die predikant insae en ervaring van “alles” binne die bediening het en dat hy weens sy werkslas, helpers moet hê ter verligting van sy werkslading. Die denkwyse bevestig die uitspraak “die kerk is die predikant en die predikant is die kerk”.

Binne die paradigma word ampsdraers as leiers in die gemeente geag volgens die mate wat hul hul werk doen, aldan nie. Geestelike leiers is egter binne die gevestigde tradisies en gevestigde leierskapsoptrede vasgevang, sodanig dat opbou en gawes-ontdekking/-ontwikkelling van die gemeente, die identifisering van probleemareas, asook ’n evangelisasie-gesindheid, ook by die predikant vanselfsprekend veronderstel word. In die tradisionele kerkpraktyk realiseer dit egter nie en bly dit derhalwe bloot ’n teoretiese aanname (vgl. ook B3 nr. 15, 16; D3 nr. 11; D5 nr. 18).

’n Wanbalans word aan die hand van leierskap ontbloot, wat toon dat ware bemagtiging en toerustende leierskap nie geskied nie, omdat die gevestigde tradisie en denkwyses leierskap dikteer en vernuwende en aanpassende denke blokkeer (vgl. ook C4 nr. 12).

By die institusionalistiese paradigma is die uitgangspunt dat die Woord sentraal is en deur die leierskorps onkreukbaar nagevolg word. Geestelike opbou deur die Woord is derhalwe die hooftaak van die leierskorps en dat God se plan in samewerking met die gemeente deurgevoer word, is ’n vanselfsprekendheid. Die denkraamwerk hou in dat die predikant per se vervul is met die Heilige Gees, per se die gemeente bemagtig en per se missionêr gerig is. Die GKSA kan op grond hiervan as “beyond question” gereken word. In werklikheid manifesteer ’n missionêre bediening nie. Institusionele blindheid blokkeer derhalwe kennisname van die ware toedrag van sake.

Die verskynsel van die superleiersfiguur, omring deur ontmagtigdes, manifesteer in dié paradigma en skep ’n platform vir formalistiese en outokratiese optrede. Sodanige denkwyses en optrede lei tot selfgerigtheid, “wankelmoedige leierskap” en stagnasie,

deurdat die werking van die Gees bemoeilik/geblus word. Die gevolg is dat die predikant as leier (in homself) faal, omdat die opleiding rondom prediking sentreer het en verdere bemagtiging rakende die totaliteit van ekklesiologiese eise, tekort skiet. Ter wille van oorlewing van die beroep, word agter die I-paradigma geskuil en só word die predikant se optrede én die voortgang van die teologiese "skoppelmaai", geregverdig. Die I-paradigma, waardeur opleiding ontvang is, word op institusionalistiese wyse in die kerkpraktyk voortgesit. Die ongebalanseerdheid wat ekklesiologies binne die tradisionele leierskap bestaan, dra grootliks by tot die verskynsel van kerkkrimping.

Afdeling E

Afdeling E fokus op *aanbidding* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen of, nie voldoen nie.

E1 nr. 1: Die siening van die predikant as prediker, soos waargeneem deur jou, is dat hy moeite doen met preekvoorbereiding.

Bevestigende respons: 96,20
Gevolgtrekking: Die predikant doen uitermate moeite met preekvoorbereiding.

E1 nr. 2: Die siening van die predikant as prediker, soos waargeneem deur jou, is dat die prediking relevant is.

Bevestigende respons: 80,77
Gevolgtrekking: Die prediking is grootliks relevant.

E1 nr. 3: Die siening van die predikant as prediker, soos waargeneem deur jou, is dat die prediking vervelig is en minimum groei in die hand werk.

Ontkennende respons: 67,53 Soms as respons: 20,78 Bevestigende respons: 11,69
Gevolgtrekking: Dat die prediking nie vervelig is nie en groei in die hand werk, is ter sprake.

E1 nr. 4: Die siening dat die predikant die vaste liturgie volg, bewerkstellig sekerheid in die erediens.

Bevestigende respons: 81,01
Gevolgtrekking: Die siening word grootliks gestel dat die predikant wat ’n vaste liturgie volg, sekerheid in die erediens bewerkstellig.

E1 nr. 5: Die oortuiging is dat die predikant by tradisie en gebruike hou.

Bevestigende respons: 57,69 Soms as respons: 41,03 Ontkennende respons: 1,28
Gevolgtrekking: Meer as die helfte is oortuig dat die predikant by tradisie en gebruike hou, terwyl meer as ’n derde oortuig is dat dit wel soms gebeur. Tradisie en gebruike is derhalwe deel van die predikant se benadering van ’n erediens.

E1 nr. 6: Die oortuiging is dat die predikant toegerus is om die huidige veranderende tydsgewrig te verwerk.

Bevestigende respons: 71,79
Gevolgtrekking: Die uitgangspunt is dat die predikant toegerus is om die huidige veranderende tydsgewrig te verwerk.

E1 nr. 7: Die oortuiging is dat prediking entoesiasties geskied.

Bevestigende respons: 93,67

Gevolgtrekking: Binne die GKSA-kerkpraktyk is dit grootliks die oortuiging dat die prediking suiwer en entoesiasties geskied. A2 nr. 7 rapporteer egter teenstellend, soos volg: *entoesiasme/passie* manifesteer relatief in die gereformeerde manier van kerkwees. Die gevolgtrekking, volgens hierdie twee bevindings, is dat die predikant entoesiastiese prediking lewer, maar dat die lidmate deur die manier van kerkwees nie entoesiasme ervaar nie.

E2 nr. 8: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van ’n vriendelike, spontane atmosfeer.

Bevestigende respons: 75,64
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat ’n vreemdeling die gemeente se eredienste as ’n byeenkoms met ’n vriendelike, spontane atmosfeer sou waarneem.

E2 nr. 9: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van deelname/aktiwiteit deur hoofsaaklike die predikant.

Bevestigende respons: 75,32
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat vreemdelinge in die byeenkoms sou waarneem dat deelname/aktiwiteit hoofsaaklik deur die predikant geskied.

E2 nr. 10: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van gevestigde tradisie en stigtelikheid.

Bevestigende respons: 93,67
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat ’n vreemdeling in ’n byeenkoms sou waarneem dat die byeenkoms uitermate getuig van gevestigde tradisie en stigtelikheid.

E2 nr. 11a: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat fokus op die Woord.

Bevestigende respons: 100,00
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat ’n vreemdeling in ’n byeenkoms sou waarneem dat die fokus geheel en al op die Woord is.

E2 nr. 11b: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van geestelike inspirasie.

Bevestigende respons: 87,18
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat ’n vreemdeling sou waarneem dat ’n byeenkoms grootliks van geestelike inspirasie getuig.

E2 nr. 12: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van byderwetse gebruikstaal.

Bevestigende respons: 55,64	Ontkennende respons: 44.16
Gevolgtrekking: By ietwat meer as die helfte is die oortuiging dat ’n byeenkoms van byderwetse gebruikstaal getuig. Ietwat minder as die helfte meen egter die teendeel. Gebruiktaal is derhalwe ’n relatiewe saak.	

E2 nr. 13: Jou gemeente se eredienste, soos wat ’n vreemdeling dit sou waarneem, is ’n byeenkoms wat getuig van onderlinge stramheid weens verdeeldheid (bv. as gevolg van kwessies oor psalmberymings/omdigtings, vrou in die amp, kelkiegebruik, ens.).

Ontkennende respons: 29,11
Gevolgtrekking: Die oortuiging is dat onderlinge stramheid weens verdeeldheid nie by ’n byeenkoms deur vreemdeling waargeneem sou word nie.

AANBIDDING/EREDIENSTE: (vgl. 6.5.3.3) Rakende die GKSA-predikant as prediker, word getuig dat uitermate moeite met preekvoorbereiding gedoen word en dat prediking entoesiasties geskied. Die vaste liturgie wat gevolg word verleen grootliks sekerheid aan die gemeente (vgl. ook A1 nr. 1; C4 nr. 11). Die prediking word ook grootliks relevant en nie vervelig aangebied nie, maar ten spyte hiervan kom groei nie voor nie en beleef die lidmaat nie dieselfde mate van entoesiasme as die predikant nie (vgl. A2 nr. 4). Die oortuiging is dat predikante toegerus is vir die veranderende tydsgewrig. Die eredienste is tradisioneel en van gevestigde gebruike word gebruik gemaak.

Rakende ’n vreemdeling se waarneming van die GKSA-eredienste, staan die Woord absoluut sentraal en manifesteer tradisie en stigtelikheid uitermate. Geestelike inspirasie word grootliks uit die byeenkoms geput. Die sentrale persoon tydens die erediens is die predikant (vgl. ook D5), terwyl die atmosfeer in die gemeente as vriendelik en spontaan beskryf word, ten spyte van die rasionele wat oorheers (vgl. A2 4-7). Byderwetse gebruikstaal word as ’n relatiewe saak beleef. Onderlinge verdeeldheid word nie binne byeenkomste waargeneem nie.

I-PARADIGMA: Binne die paradigma is die Woord die absolute fokuspunt binne ’n gevestigde tradisie. Die gevestigde taal en erediensgebruike word hoofsaaklik deur die predikant deurgevoer en verskaf ’n gevoel van sekerheid by die lidmate. Binne die I-paradigma word die predikant, met sy besondere persoonlikheid binne die amp hoog geag (vgl. D5 en I-paradigma) wat kan lei tot verhoging tot superleiersfiguur (vgl. D I-paradigma). Binne dié denkparadigma is dit vir die lidmaat ’n gegewe dat die predikant dan ook wel toegerus is om die veranderende tydsgewrig te verwerk. Die predikant se oordeel word derhalwe skynbaar blindelings nagevolg. Die predikant se opleiding het ook binne die gevestigde tradisionele denkwyse (I-paradigma) plaasgevind, waar spesifieke gebruike en ’n bepaalde liturgie as norm geleer is. Die erediens word daarvolgens op institusionele wyse ingerig. Deurdat by die gevestigde liturgie gehou word, word die gevoel van sekerheid by lidmate versterk - ’n bewys van institusionalisme en formalisme wat in die erediens heers. In dieselfde denkraamwerk word relevansie ervaar. Die fokus op die predikant, as aktiewe

erediensbestuurder binne die gevestigde liturgiese patroon, tesame met die gerusgestelde toehoorders, toon die beeld van ’n gestagneerde/ingekeerde/ gearriveerde gemeente. Die gearriveerdheid (opbou) manifesteer in wanbalans, deurdat die erediens, na afloop van die erediens-ure nie oorvloei na buite en ander inspireer om hul tot die gemeente toe te voeg nie. Die oormaat institusionalisme en die oordrewe fokus op die geykte en die tradisionele rondom die erediens (opbou), asook die gebrek aan missionêre groei (uitbou), beklemtoon die ekklesiologiese wanbalans binne die erediens - ’n wanbalans wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

Afdeling F

Afdeling F fokus op *kleingroepe* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

F2 nr. 1: In die gemeente waar jy lidmaat is, is die term *kleingroepe* bekend as deel van die bedieningsplan.

Bevestigende respons: 54,43	Ontkennende respons: 45,57
Gevolgtrekking: Die term toon ’n relatiewe bekendheid as deel van die bedieningsplan, deurdat ietwat meer as die helfte sodanig van oortuiging is, terwyl ietwat minder as die helfte meen die term is onbekend as deel van die bedieningsplan.	

F2 nr. 2: In die gemeente waar jy is, word kleingroepe gebruik om die individuele lidmaat as volle mens makliker te bereik.

Bevestigende respons: 60,00
Gevolgtrekking: Kleingroepe is ter sprake en word gebruik om elke lidmaat as volle mens makliker te bereik.

F2 nr. 3: In die gemeente waar jy is, word kleingroepe gebruik om te help om gawes by elke individu te ontdek.

Ontkennende respons: 50,67	Bevestigende respons: 49,33
Gevolgtrekking: Die helfte is oortuig dat kleingroepe nie help om gawes by elke individu te ontdek nie, terwyl die helfte wel daarvan oortuig is. Die ontdek van gawes binne die kleingroep is ’n relatiewe saak.	

F2 nr. 4: In die gemeente waar jy is, word kleingroepe verkeerd gebruik, want dit fokus oormatig net op die mens se behoeftes.

Ontkennende respons: 78,38
Gevolgtrekking: Kleingroepe word nie verkeerd gebruik nie want dit fokus nie oormatig op die mens se behoeftes nie.

F2 nr. 5: In die gemeente waar jy is, word kleingroepe gebruik om bemagtiging en opbou in die gemeente te vergemaklik.

Bevestigende respons: 61,33
Gevolgtrekking: Bemagtiging en opbou in die gemeente deur kleingroepe is ter sprake.

F2 nr. 6: In die gemeente waar jy is, word kleingroepe gebruik om die idividu te bemagtig om na buite uit te reik.

Bevestigende respons: 50,00
Gevolgtrekking: Kleingroepe se fokus is relatief rakende bemagtiging om na buite uit te reik. Helfte is oortuig dat opbou en uitbou wel plaasvind, terwyl die helfte nie dieselfde oortuiging huldig nie.

F2 nr. 7: In die gemeente waar jy is, dien kleingroepe die doel om die individu binne ’n intieme groep geborge/veilig te laat voel.

Bevestigende respons: 61,33
Gevolgtrekking: Geborgenheid/veilige gevoel binne ’n kleingroep is ter sprake.

F3: In jou gemeente is die volgende groepe deel van die (kleingroep) bediening.

No 8: Bybelstudiegroepe:	Bevestigende respons: 92,21
No 9: Enkellopendes:	Ontkennende respons: 45,33
No 10: Geskeides	Ontkennende respons: 18,67
No 11: Enkelouers	Ontkennende respons: 17,81
No 12: Tieners	Bevestigende respons: 68,42
No 13: Jong werkendes/studente	Bevestigende respons: 64,47
No 14: Seniors	Bevestigende respons: 77,03

F3 nr. 15: Noem enige ander (klein)groep(e) wat in jou gemeente funksioneer.

Respons:

Noordoosrand	-	geen kommentaar	
Eloffsdal	-	ons het geen mense om groepe te vorm nie	(1)
	-	Susters	(2)
Pretoria-Wes	-	diakonie	(1)
	-	geen kleingroepe tans in die gemeente nie	(1)
Roodepoort	-	geen kommentaar	
Germiston	-	slegs kommissies (bv. finansieel, sending, ens.)	(1)

Brackenhof	-	gebedsgroep	(1)
Sasolburg	-	geen kommentaar	
Waterkloofrand	-	voorskoolse kinders	(1)
	-	laerskooljeug	(1)
	-	katkisasiegroepe	(1)
	-	aksiegroepe vir bv. nuwe intrekkers, versorging van seniors	(1)
Messina	-	geen kommentaar	

Gevolgtrekking: ’n Aantal gemeentes kon nie verder op kleingroepe uitbrei nie (4), terwyl die afwesigheid van mense as gevolg van klein gemeentes ook aangevoer word as afwesigheid van groepe (2). Die Susters word as prominente groep genoem, terwyl ook groepe, soos die diakonie, kommissies en aksiegroepe moontlik weens onkunde van wat die term *kleingroep* behels, wel as kleingroep getipeer word. Die voorkoms van voorskoolse groepe, laerskoolgroepe en katkisasieklasse as *kleingroep* bevestig die tradisionele funksionering van die tradisionele kerkpraktyk.

KLEINGROEPE (vgl. 6.5.3.4): Die term *kleingroepe,* die ontdekking van die individu se gawes, asook uitreik na buite manifesteer as relatiewe sake in die bediening. Die oortuiging bestaan binne die GKSA dat (klein)groepe binne die bediening funksioneer en dat die groepe tot bereiking, opbou en bemagtiging van lidmate tot ’n veilige en intieme omgewing bydra.

Die inhoudelike wat die term verder behels, naamlik holistiese versorging deur mede-eienaarskap rakende mekaar, realiseer nie in die praktyk nie. Derhalwe manifesteer holistiese versorging, met opbou en uitbou as doel, nie binne die GKSA-bediening nie. Groepe wat in die bediening funksioneer is hoofsaaklik ter wille van opbou, naamlik Bybelstudiegroepe, en ook binne ouderdomsbelangegroepe, soos die tieners/studente/jong werkendes/seniors en Susters. Die afwesigheid van hierdie

tradisionele groepe binne klein gemeentes is nie ’n ongewone verskynsel nie.

I-PARADIGMA: Groepe wat binne die institusionalistiese paradigma funksioneer, fokus op Bybelstudie met die Woord as bepalend vir die groep se byeenkoms. Hierdie doelstelling as statiese gegewe, verleen sekerheid aan die groep. Verdere doelstellings van gebalanseerde kleingroepe, soos die bereiking van individuele lidmate, die ontdekking van gawes, holistiese versorging van die lidmaat en gesamentlike uitreik na buite, manifesteer nie weens die gebrek aan gebalanseerde leierskap (vgl. Bylaag G D). Die term *kleingroep*, word as sinoniem vir die tradisionele groep gebruik, naamlik opbou rondom die Woord waar twee of meer lidmate byeenkom. Die oormaat fokus op opbou van kennis (rasionalisme) binne die tradisionele praktyk, die tekort aan aandag, waar fisiese-/sosiale-/persoonlike behoeftes binne die groep voorkom (holistiese benadering), asook die afwesigheid van uitbou/uitreik na buite in gemeentes, waar groepe wel bestaan, beklemtoon die ekklesiologiese wanbalans wat sprekend is van institusionalisme en wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

Afdeling G

Afdeling G fokus op *evangelisasie* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

G1 nr. 1: Die term *dissipelskap* is tradisionele kerktaal binne jou gemeente.

Bevestigende respons: 69,62
Gevolgtrekking: Die term *dissipelskap* as tradisionele kerktaal is ter sprake binne die gemeentes.

G2 nr. 2: Die term *evangelisasie* is eintlik onbekend want ek weet nie wat die alles behels nie.

Ontkennende respons: 79,49

Gevolgtrekking: Die term, *evangelisasie*, is bekend, asook wat dit alles behels.

G2 nr. 3: Die term *evangelisasie* is nie deel van die gereformeerde identiteit nie.

Ontkennende respons: 68,35
Gevolgtrekking: Die term, *evangelisasie*, as deel van die gereformeerde identiteit, is ter sprake.

G2 nr. 4: Evangelisasie is ’n kerksaak wat gewoonlik deur ’n kommissie behartig word.

Bevestigende respons: 81,08
Gevolgtrekking: Deurdat die Woord sentraal is, bestaan die bewussyn van die belang van evangelisasie, maar aangesien die eenheidsisteem ’n wanbalans vertoon, word evangelisasie grootliks na ’n kommissie gekanaliseer om te behartig.

G3 nr. 5: Evangelisasie beteken om die mense wat kerklos is in hul geestelike nood tegemoet te kom en terug te bring kerk toe.

Bevestigende respons: 81,08
Gevolgtrekking: Onder evangelisasie word grootliks verstaan dat mense wat kerklos en in geestelike nood verkeer, tegemoet gekom moet word en sodoende kerk toe teruggebring word.

G3 nr. 6: Evangelisasie beteken om mense in hulle sosiale omstandighede en fisiese nood tegemoet te kom.

Bevestigende respons: 71,05
Gevolgtrekking: Onder evangelisasie word verstaan dat mense in hulle sosiale

omstandighede en fisies nood tegemoet gekom moet word.

G2 nr. 7: *Sending* is evangelisasie wat ver, weg van die gemeente af, plaasvind.

Bevestigende respons: 55,84	Ontkennende respons: 44,16
Gevolgtrekking: Onder *sending* word, deur ietwat meer as die helfte, verstaan dat dit evangelisasie is wat ver, weg van die gemeente af plaasvind. Ietwat minder as die helfte is oortuig van die teendeel. Sending word as ’n relatiewe saak gereken.	

G3 nr. 8: Die Groot Opdrag word deur doelbewuste pogings in my gemeente deur die predikant, die kerkleiers en die gemeente gehoorsaam en uitgevoer.

Bevestigende respons: 64,56	Ontkennende respons: 35,44
Gevolgtrekking: By ietwat minder as tweederdes leef die oortuiging dat die Groot Opdrag doelbewus gehoorsaam en uitgevoer word, terwyl ietwat meer as ’n derde van die teendeel oortuig is.	

EVANGELISASIE (vgl. 6.5.3.5): Die uitgangspunt wat grootliks binne GKSA-gemeentes gehandhaaf word, is dat evangelisasie deur ’n kerklike kommissie hanteer word. Die term *evangelisasie*, is bekend. Daaronder word verstaan dat kerklos lidmate opgesoek word en dat fisiese en sosiale nood ook aangespreek word. Verder is die Groot Opdrag as opdrag ook binne gemeentes ter sprake en bestaan die oortuiging dat die opdrag gehoorsaam word (vgl. ook I4 nr. 19). Die term *dissipelskap*, is binne gemeentes ter sprake en maak deel uit van die gereformeerde identiteit. Dié oortuiging sluit aan by die sienswyse dat die Woord sentraal staan en dat die Groot Opdrag derhalwe ook vanselfsprekend sentraal staan (vgl. ook Afdelings A, B, D en E). Die manifestering van die Groot Opdrag binne die GKSA toon egter ’n wanbalans, aangesien sending as relatiewe saak gereken word (vgl. ook Afdelings B en D). Die sending-aktiwiteit word ook beskou as ’n aktiwiteit verrig ver

van die gemeente af.

I-PARADIGMA: Die Woord as basis met evangelisasie as begrip hieruit voortspruitend, word binne die tradisionele denkraamwerk aan die hand van die kerkstruktuur, naamlik deur middel van ’n kommissie, tot aktiwiteit gerig. Die wanbalans in die manifestering van evangelisasie, sending en dissipelskap toon dat die kerkpraktyk vanuit ’n tradisie opereer wat nie van balans in die ekklesiologiese eenheidsisteem getuig nie. Die Groot Opdrag met evangelisasie, dissipelskap, die aanspreek van fisiese en sosiale nood, asook sending, word volgens institusionalistiese denke as vanselfsprekend geag. Heteronomisme, formalisme en rasionalisme manifesteer grootliks binne die institusionalistiese denkraamwerk. Die oormaat fokus op opbou en die gebrek aan fokus by uitbou/uitvoering van die Groot Opdrag, beklemtoon die wanbalans en dominante realisering van institusionalisme binne die tradisionele ekklesiologie - aspekte wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

Afdeling H

Afdeling H fokus op *verhoudings* en hoe die respondente persentasiegewys aan die I-paradigma voldoen, of nie voldoen nie.

H1 nr. 1: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: die onderlinge atmosfeer word as liefdevol en vriendelik ervaar.

Bevestigende respons: 58,75	Ontkennende respons: 41,25
Gevolgtrekking: ’n Vreemdeling sal heel moontlik die atmosfeer ervaar as relatief liefdevol en vriendelik.	

H1 nr. 2: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: die onderlinge verhoudings spreek van aanvaarding, respek en geduld.

Bevestigende respons: 65,00	Ontkennende respons: 35,00
Gevolgtrekking: Bykans tweederdes is oortuig dat aanvaarding, respek en geduld ter sprake is, indien ’n vreemdeling die onderlinge samesyn ervaar. Ietwat meer as ’n derde is van die teendeel oortuig.	

H1 nr. 3: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: belewing van die liefdesbeginsel wat opsigtelik oor die kleurgrens strek.

Soms as respons: 51,00	Altyd as respons: 25,00	Nooit as respons: 23,75
Gevolgtrekking: ’n Vreemdeling sal die liefdesbeginsel wat oor die kleurgrens strek, as ’n relatiewe saak ervaar, aangesien die liefdesbeginsel slegs soms by ietwat meer as die helfte manifesteer.		

H1 nr. 4: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: ’n gevoel van liefde wat ervaar word deurdat die gemeentelede eerste kontak maak deur belangstelling, bekendstelling, uitnodigings vir tuisbesoeke, of ander sosiale geleenthede.

Soms as respons: 52,50	Altyd as respons: 42,50	Nooit as respons: 5,00
Gevolgtrekking: ’n Vreemdeling sal ’n gevoel van liefde vanaf gemeentelede, wat eerste kontak maak, soms ervaar, aangesien die liefdesbeginsel soms by ietwat meer as die helfte manifesteer, maar die gevoel sal ook beslis by minder as die helfte manifesteer. Die kwosiënt vir spontane liefde teenoor vreemdelinge is wisselend binne gemeentes deurdat liefdesbetoning by meer as die helfte realiseer, terwyl ’n mate van relatiwiteit altyd by ietwat minder as die helfte realiseer. Alhoewel		

wisselende optrede realiseer rakende liefde wat ervaar word, is dit opvallend dat die bewussyn daarvan wel uitermate hoog is.

H1 nr. 5: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: ’n afsydigheid wat aangevoel word en wat spreek van geloofsindividualisme/ingekeerdheid.

Soms as respons: 52,50 Nooit as respons: 35,00 Altyd as respons: 12,50
Gevolgtrekking: ’n Vreemdeling sal soms ’n afsydigheid ervaar as die gevolg van geloofsindividualisme/ingekeerdheid en dan by ietwat meer as die helfte, terwyl meer as ’n derde oortuig is dat afsydigheid as gevolg van geloofsindividualisme/ingekeerdheid nie ’n gevoel van afsydigheid sal bewerkstellig nie. Afsydigheid/geloofsindividualisme/ingekeerdheid is derhalwe ’n relatiewe saak (vgl. ook I2 nr. 10).

H1 nr. 6: Dui aan hoe ’n vreemdeling, volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die onderlinge samesyn in jou gemeente ervaar: ’n afsydigheid wat aangevoel word en wat spreek van onderlinge verdeeldheid, venyn en onvergewensgesindheid.

Ontkennende respons: 61,25 Soms as respons: 32,50 Altyd as respons: 6,25
Gevolgtrekking: Afsydigheid weens onderlinge verdeeldheid, venyn en onvergewensgesindheid is nie ter sprake wanneer ’n vreemdeling onderlinge samesyn ervaar nie. Minder as ’n derde is oortuig dat onenighede soms ter sprake is. Twee gemeentes was ongeneë om deel van hierdie ondersoek te wees; die afsydigheid kan moontlik voortspruit weens wantroue/verdeeldheid binne die kerkverband.

VERHOUDINGS (vgl. 6.5.3.8): Verhoudings binne die GKSA-gemeentes getuig dat onderlinge aanvaarding, respek en geduld ter sprake is, terwyl onderlinge verdeeldheid binne die gemeente nie ter sprake is nie. Geloofsindividualisme/ afsydigheid/ingekeerdheid, wisselende vriendelike kontak voorspruitend uit spontane

liefde, asook kontak oor die kleurgrens, skyn relatiewe sake te wees.

I-PARADIGMA: Doelbewuste liefdesdade getuig van verhoudings voortspruitende uit horisontale liefde (tot die mens) in balans met vertikale liefdesdade (tot God). Liefdevolle verhoudings manifesteer nie waar gebrek is aan evangelisasie, gebrek aan kleingroepbediening of gebrek aan identiteit bestaan nie. Liefdevolle verhoudings manifesteer nie waar institusionalisme in die vorm van wettisisme, kerkisme en formalisme of geslotenheid hoogty vier nie. Identiteit en verhoudings gaan hand aan hand, deurdat gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag die stukrag vorm. Indien eensydige verstaan van die Groot Opdrag manifesteer, is daar wanbalans in die opbou en uitbou. Opbou met ’n lae kwosiënt doelbewuste vrugbetoon ten koste van uitbou, toon die warm-kop-koue-hart-gesindheid. Die wanbalans dui op gebrek aan ware en egte verhoudings en is kenmerkend van niegroeiende kerke. Onsekerheid in verhoudings dui op ongebalanseerdheid en ’n tekort aan liefdesdade. Uitbou deur doelgerigte verhoudings ontbreek, aangesien institusionalisme binne die denkraamwerk, wat oorwegend blank en Afrikaanssprekend is, domineer. Deur die gevestigde tradisionele ekklesiologie binne ’n I-paradigma neig opregte liefdevolle verhoudings om nie kragdadig te manifesteer nie en kan onderlinge verdeeldheid deur afsydigheid ervaar word. Die oormaat institusionalisme en die tekort aan ’n hoë kwosiënt liefdevolle verhoudings beklemtoon die ekklesiologiese wanbalans, wat bydra tot die verskynsel van kerkkrimping.

6.7.4.2 Interpretasie van statistiese gegewens na aanleiding van hoofstukke (I-J)

Afdeling I

Afdeling I fokus op *landsomstandighede* en hoe die respondente persentasiegewys daaroor dink.

I1 nr. 1: Die volgende landsomstandighede het ’n invloed op jou denkwyse as gereformeerde gelowige: *misdaad en vrees.*

Bevestigende respons: 65,00

Waar: 40,00 Waarskynlik: 25,00 Onwaarskynlik: 8,75 Onwaar: 26,25
Gevolgtrekking: *Misdaad en vrees* is by ongeveer tweederdes gereformeerde gelowiges ter sprake as beïnvloedend op hul denkwyse.

I1 nr. 2: Die volgende landsomstandighede het ’n invloed op jou denkwyse as gereformeerde gelowige: *regstellende aksie en rassisme*

Bevestigende respons: 58,75 Waar: 31,25 Waarskynlik: 27,50 Onwaarskynlik: 15,00 Onwaar 26,25
Gevolgtrekking: *Regstellende aksie en rassisme* word deur ietwat meer as die helfte as beïnvloedend op die denkwyse van gereformeerde gelowiges gereken. Regstellende aksie en rassisme word derhalwe as relatiewe saak gereken.

I1 nr. 3: Die volgende landsomstandighede het ’n invloed op jou denkwyse as gereformeerde gelowige: *waarheids- en versoeningskommissie se optrede.*

Ontkennende respons: 52,50 Onwaarskynlik: 17,50 Onwaar: 35,00 Waarskynlik: 21,25 Waar: 26,25
Gevolgtrekking: Die *waarheids- en versoeningskommissie se optrede* word deur ietwat meer as die helfte as beïnvloedend op die denkwyse van gereformeerde gelowiges gereken. Die waarheids- en versoeningskommissie se optrede word derhalwe as relatiewe saak gereken.

I1 nr. 4: Die volgende landsomstandighede het ’n invloed op jou denkwyse as gereformeerde gelowige: *materiële voorspoed wat emigrasie moontlik maak.*

Ontkennende respons: 52,50 Onwaarskynlik: 23,75 Onwaar: 28,75 Waarskynlik: 27,50 Waar: 20,00
Gevolgtrekking: *Materiële voorspoed wat emigrasie moontlik maak,* word deur

ietwat meer as die helfte as beïnvloedend op die denkwyse van gereformeerde gelowiges gereken. Materiële voorspoed wat emigrasie moontlik maak word derhalwe as relatiewe saak gereken.

I2 nr. 5: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die "susterkerk"-gelowige onttrek van die openbare terrein, onder andere, omdat die apartheidsgeskiedenis teen hom tel.*

Ontkennende respons: 67,09 Onwaarskynlik: 26,58 Onwaar: 40,51 Waarskynlik: 25,32 Waar: 7,59
Gevolgtrekking: Die "susterkerk"-gelowige wat van die *openbare terrein onttrek*, onder andere, omdat die apartheidsgeskiedenis teen hom tel, word deur ietwat meer as tweederdes as nie geldig gereken nie.

I2 nr. 6: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die "susterkerk"-gelowiges se invloed in die land verskuif na die kant/periferie.*

Relatiewe respons: 50,00 Waar: 26,25 Waarskynlik: 23,75 Onwaarskynlik: 25,00 Onwaar: 25,00
Gevolgtrekking: Die "susterskerk"-gelowiges se invloed in die land *verskuif na die kant/periferie* en word deur die helfte as geldig gereken en derhalwe ook as ongeldig gereken. Die verskuiwing van die gelowiges se invloed word as relatiewe saak gereken.

I2 nr. 7: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die "susterskerk"-gelowige is volgens taal, geskiedenis en belydenis een en behoort as eenvormige kerkverband te funksioneer.*

Bevestigende respons: 70,89 Waar: 39,24 Waarskynlik: 31,65 Onwaarskynlik: 15,19 Waar: 13,92
Gevolgtrekking: Meer as tweederdes meen dat die "susterskerk"-gelowige volgens taal, geskiedenis en belydenis een is en behoort as *eenvormige kerkverband* te funksioneer.

I2 nr. 8: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die gereformeerde kerke is te klein om betekenisvol in die land op te tree.*

Ontkennende respons: 73,08 Onwaarskynlik: 17,95 Onwaar: 55,13 Waarskynlik: 15,38 Waar: 11,54
Gevolgtrekking: Ietwat minder as driekwart reken dat die gereformeerde kerke nie *te klein is om betekenisvol in die land op te tree* nie.

I2 nr. 9: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die gereformeerdes se huidige instelling is om die land te help opbou.*

Bevestigende respons: 75,95 Waar: 51,90 Waarskynlik: 24,05 Onwaarskynlik: 11,39 Onwaar: 12,66
Gevolgtrekking: Driekwart reken dat die gereformeerdes se huidige instelling wel so gesteld is *om die land te help opbou.*

I2 nr. 10: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges is sterk individualisties.*

Bevestigende respons: 84,62 Waar: 50,00 Waarskynlik: 34,62 Onwaarskynlik: 11,39 Onwaar: 12,66

Gevolgtrekking: Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges word grootliks gesien as *sterk individualisties.*

I2 nr. 11: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges se geloofsuitlewing is geloofwaardig in die oë van andertaliges en onder ander gelowe.*

Bevestigende respons: 70,13 Waar: 24,68 Waarskynlik: 45,45 Onwaarskynlik: 20,78 Onwaar: 9,09
Gevolgtrekking: Die denkwyse bestaan dat die huidige Afrikaanssprekende gelowiges se *geloofsuitlewing in die oë van andertaliges en onder ander gelowe,* geloofwaardig is.

I2 nr. 12: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges is besig om 'n kultuurverandering te ondergaan.*

Bevestigende respons: 83,75 Waar: 31,25 Waarskynlik: 52,50 Onwaarskynlik: 8,75 Onwaar: 7,50
Gevolgtrekking: Die denkwyse bestaan grootliks dat die huidige *Afrikaanssprekende* gelowiges besig is om 'n kultuurverandering te ondergaan.

I2 nr. 13: Die volgende is volgens jou denkwyse by die Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges ter sprake: *Die huidige Afrikaanssprekende is leierloos.*

Bevestigende respons: 56,41 Waar: 38,46 Waarskynlik: 17,95 Onwaarskynlik: 8,97 Onwaar: 34,62
Gevolgtrekking: Die denkwyse dat die huidige Afrikaanssprekende leierloos is, word

as geldig gereken deur ietwat meer as die helfte. Die *huidige Afrikaanssprekende as leierloos*, word as relatief gereken.

I3 nr. 14: Die volgende denkwyse rakende gesinsake is ter sprake: *Ouers se lewenswyse is belangrik om die kinders vir die kerk te behou.*

Bevestigende respons: 93,75
Gevolgtrekking: Die ouers se *lewenswyse* word as uitermate belangrik gereken om die kinders vir die *kerk te behou.*

I3 nr. 15: Die volgende denkwyse rakende gesinsake is ter sprake: *Die generasiegaping is 'n werklikheid in gereformeerde gesinne.*

Bevestigende respons: 82,28 Waar: 36,71 Waarskynlik: 45,57 Onwaarskynlik: 11,39 Onwaar: 6,33
Gevolgtrekking: Die *generasiegaping* is grootliks 'n werklikheid in gereformeerde gesinne.

I3 nr. 16: Die volgende denkwyse rakende gesinsake is ter sprake: *Internet/kuberruimtes vervul 'n behoefte by die opgroeiende gereformeerde geslag.*

Bevestigende respons: 73,08 Waar: 34,62 Waarskynlik: 38,46 Onwaarskynlik: 17,95 Onwaar: 8,97
Gevolgtrekking: Ietwat minder as driekwart meen dat *internet/kuberruimtes* 'n behoefte by die *opgroeiende gereformeerde geslag* vervul.

I3 nr. 17: Die volgende denkwyse rakende gesinsake is ter sprake: *Kerkbesoek deur die gesin word ook deur seisoenale faktore, soos koue, reën, hittegolwe, ens. beïnvloed.*

Bevestigende respons: 72,50 Waar: 38,75 Waarskynlik: 33,75 Onwaarskynlik: 17,50 Onwaar: 10,00
Gevolgtrekking: Ietwat minder as driekwart meen dat kerkbesoek deur die gesin ook deur *seisoenale faktore*, soos koue, reën, hittegolwe, ens. beïnvloed word.

I4 nr. 18: Gereformeerdes se oortuiging oor prinsipiële sake: *Gereformeerdes is as gevolg van landsomstandighede ontnugter en voel onverskillig teenoor godsdiens.*

Ontkennende respons: 69,62 Onwaar: 43,04 Onwaarskynlik: 26,58 Waarskynlik: 20,25 Waar: 10,13
Gevolgtrekking: Die oortuiging is ter sprake dat gereformeerdes nie *ontnugter is weens landsomstandighede nie en nie onverskillig teenoor godsdiens* staan nie.

I4 nr. 19: Gereformeerdes se oortuiging oor prinsipiële sake*: Gereformeerdes beleef die Groot Opdrag as 'n lewende realiteit.*

Bevestigende respons: 75,95 Waar: 56,96 Waarskynlik: 18,99 Onwaarskynlik: 21,52 Onwaar: 2,53
Gevolgtrekking: Die oortuiging word deur driekwart gehuldig dat gereformeerdes die *Groot Opdrag as lewende realiteit* beleef.

I4 nr. 20: Gereformeerdes se oortuiging oor prinsipiële sake: *Gereformeerdes reformeer daadwerklik.*

Bevestigende respons: 73,42 Waar: 36,71 Waarskynlik: 36,71 Onwaarskynlik: 22,78 Onwaar: 3,80
Gevolgtrekking: Die oortuiging word deur ietwat minder as driekwart gehuldig dat gereformeerdes *daadwerklik reformeer.*

I4 nr. 21: Gereformeerdes se oortuiging oor prinsipiële sake: *Gereformeerdes toon 'n Afrika-gerigtheid en 'n Afrika-dienswilligheid.*

Ontkennende respons: 50,64 Onwaar: 18,99 Onwaarskynlik: 34,65 Waarskynlik: 30,38 Waar: 18,99
Gevolgtrekking: Die oortuiging word deur die helfte gehuldig dat gereformeerdes nie *'n Afrika-gerigtheid en 'n Afrika-dienswilligheid* toon nie. 'n Afrika-gerigtheid en 'n Afrika-dienswilligheid word as relatiewe saak beskou.

LANDSOMSTANDIGHEDE: Misdaad en vrees is ter sprake as beïnvloedende landsomstandighede, terwyl regstellende aksie, rassisme, die invloed van die WVK, asook materiële voorspoed wat die moontlikheid vir emigrasie vergemaklik, as relatiewe sake gereken word.

AFRIKAANSSPREKENDE "SUSTERKERKE": Sterk individualisme onder Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges, asook die besef dat 'n kultuur-veranderingsproses aan die gang is, word grootliks erken. Die oortuiging bestaan dat gereformeerdes ingestel is om die land op te bou en nie te klein in getalle is om betekenisvol op te tree nie. Die oortuiging bestaan ook dat die "susterkerke" as een kerkverband behoort te funksioneer. Gereformeerdes is oortuig dat hul geloofsuitings voor ander gelowe en andertaliges, wel geloofwaardig is. Die oortuiging is verder dat onttrekking van die openbare terrein, met die apartheidsgeskiedenis steeds in die geheue, nie ter sprake is nie. Die oortuiging is relatief rakende die volgende: dat Afrikaanssprekendes leierloos is, dat materiële voorspoed tot emigrasie lei en dat die invloed wat van "susterkerk"-gelowiges uitgaan, na die kant geskuif word.

GESINSLEWE: Die oortuiging dat ouers se lewenswyse belangrik is om kinders vir die kerk te behou, word uitermate ondersteun. Die generasiegaping as werklikheid in gereformeerde gesinne word ook grootliks erken. Die oortuiging is verder dat die interne-/kuberruimtes 'n behoefte by die opgroeiende gereformeerde geslag vervul en

dat die gesin se kerkbesoek ook deur seisoenale faktore beïnvloed word.

PRINSIPIËLE SAKE: Die huidige gereformeerdes binne die kleinste gemeentes binne klassisverband in Gauteng en Limpopo se denkwyse word deur die I-paradigma gerig (vgl. Afdelings A-H). Binne hierdie raamwerk is die mening dat ontnugtering na aanleiding van landsomstandighede nie gelei het tot onverskilligheid teenoor godsdiens nie. In die lig hiervan is dit betekenisvol dat gereformeerdes meen die Groot Opdrag is ’n lewende realiteit, alhoewel Afdelings B, D en G die teendeel aantoon, naamlik afwesigheid van uitreik. So word ook gemeen dat reformering daadwerklik voorkom, terwyl Afdeling D duidelik die teendeel toon. ’n Groter mate van eerlikheid word bereik deurdat Afrika-gerigtheid en Afrika-dienswilligheid, as relatiewe saak, gereken word. Inherente teenstrydighede kom duidelik na vore en beklemtoon die geïsoleerdheid en onbewustheid van dié gelowiges rakende die ware toedrag van die GKSA-ekklesiologie. Die teenstrydighede vertoon verder die houvas van institusionalisme en die daaruit voortspruitende geblokkeerde denkwyses wat tot kerkkrimping bydra.

Afdeling J

Afdeling J fokus op enige saak in die kerkpraktyk wat deur die respondente genoem word.

Respons van J: *Neem vrymoedigheid om enige saak in die kerkpraktyk van jou gemeente hieronder te noem.*

Noordoosrand:	Ek is 50 en in die Gereformeerde kerk. Ek is lief vir die mense en ’n suiwer uitleg van God se Woord, maar daar is te veel klem op <u>reëls</u> en <u>tradisies</u> en die ware verhouding met God word afgeskeep. Kinders word “aangeneem” - hul ken die reëls, maar min het God al ontmoet. Baie twyfel of hul kinders van God is. (1)

Eloffsdal:	’n Groot probleem hier is dat ons leiers nie kan/wil leiding neem nie, weens ’n gebrek aan kennis/valse beskeidenheid. Ons is ’n koek-en-tee-organisasie - geestelike “kos” is iets wat slegs van die preekstoel af kom. Selfs Bybelstudie is een ou se opinie. (1)
	Finansies - gedurige tekort en die feit dat ’n eie predikant nie weens finansiële redes kan realiseer nie. (1)
Pretoria-Wes:	Finansies (1)
	Daar is geen saak wat my tans ter harte lê nie. Is gelukkig in die gemeente. (1)
	Tevrede en blymoedig om in die GKSA te wees. (1)
Roodepoort:	Sal in geen ander kerk as die Gereformeerde kerk wil wees nie. (1)
	Lidmate/kerkrade moet hulself in denke/dade en geloof meer toespits op die “God” wat ons dien en minder aandag geen aan “klein” onbenullighede en ’n gemeente waar gemeentelede verskil oor sekere dinge, veral waar veranderinge plaasvind. Groei en aanbidsaam en glo saam - *ook met ander gelowiges van ander gemeentes/kerke* - Só kan ons sterker staan en meer beteken in die uitbouing van die evangelie. *Begin deur jouself te verander*!! (1)
	Insameling van kos vir kinders in vakansietye. (1)
	Veranderings is nie altyd die oplossing nie. (1)

	Ons kerk is nie meer gereformeerd soos behoort te wees nie. Sing van Gesange wat ek nie goedkeur nie. Ons werk nie soos Gereformeerde kerke in omtrek nie, maar werk soos NG Kerke. (1)
Germiston:	Susterkerke behoort saam te smelt (kragte saam te snoer) (1)
	Jeug behoort geraadpleeg te word (1)
	Gereformeerdes moet meer meelewend wees (vervul met die Heilige Gees?) (1)
	Evangelisasie behoort meer daadwerklik ’n rol te speel in ons kerke. (1)
Brackenhof:	Die boodskap van verlossing dring nie deur tot die jeug nie, weens die kerk se teologiese benadering tot preke en dienste. (1)
	My oortuiging is dat sekere gemeentelede so beïnvloed word deur die buitewêreld dat die gemakkerke later vir hulle aanvaarbaar word tot hulle eie voordeel. (1)
	Seën uitgespreek oor die werk van die vraelys. (1)
	Ek hou nie van die nuwe psalms nie. (1)
	Die kerk verwyder die jongmense van die kerk deur almal predikant te wil maak, in plaas van ’n aantrekkingskrag te ontwikkel en gemakliker te maak. Moet verander en die lewe verander en ons moet aanpasbaar wees. (1)

Sasolburg:	Vir die ouer generasie moet daar ’n ouer dominee wees en vir die jonger geslag ’n jonger dominee. (1)
	Ek dink die kerk behoort minder in hulself te wees. Meer uiting gee vir hul geloof. (1)
	Deur die Here se genade hoop ons die jaar se dienste sal beter bygewoon word en ons kerk weer vol word. Ons predikant lei ons goed op. Spreek ’n seën uit oor die predikant, asook oor die werk wat gedoen word met die vraelys. (1)
	Ek voel ware geloof en groei ly onder tradisie, veral in die Gereformeerde Kerke. (1)
Waterkloofrand:	Die ouderlinge in die gemeente onderdruk soms omstandighede wat verandering in sekere prosessse te weeg kan bring, omdat hulle nog steeds te “konserwatiewe” denkwyses uitvoer. Hulle is *baie* streng met betrekking tot sekere besluite wat nie invloed op mens se geloofslewe sal hê nie. Hulle sal moet aanpas by die nuwe moderne samelewing indien hulle die Gereformeerde Kerke staande wil hou. (1)
	Fokus op die behoeftes van die jeug. (1)
Messina:	Kan verander as dit nie met Gereformeerdheid bots nie. (1)

Gevolgtrekking: Sake wat genoem is deurdat vrymoedig gepraat is, sorteer onder die volgende aspekte:

Spiritualiteit: ’n soeke na geestelike vaste kos en strewe om sterker vervulling met die Heilige Gees, meer vrymoedige uiting aan geloof en om nie as

ingekeerde Christene te leef nie. Die tydsomstandighede waarin gelewe word vergemaklik beïnvloeding weg van die geestelike lewe af. Dit verduidelik swak kerkbywoning.

Bediening: Die predikante doen hul bes om hul roeping deur te voer te midde van ’n kerkpraktyk deurspek met streng reëls en tradisies. Weens die heersende uitwerking van tradisie, word groei gekortwiek en ervaar die lidmate gebrek aan kennis en diensvaardigheid.

Aanbidding: Die versugting word uitgespreek om met die ander susterkerke saam te smelt, saam te aanbid en sodoende waarlik ’n invloed uit te oefen. Tydens aanbidding is daar egter diegene wat werklik gelukkig en tevrede is. Ander meen dat meer op God gefokus moet word en nie op sake wat onderlinge verskille beklemtoon nie. Die teëpool van die kontinuum toon daar is lidmate wat baie sterk en ongelukkig is oor die verandering binne die gevestigde aanbiddingswyses, byvoorbeeld die verandering van die kerklied. Dat Gesange en die nuwe Psalms gesing word, veroorsaak sporadiese ongelukkigheid. Prediking skep soms ook ongemak weens die te teologiese benadering. Daar word gemeen dat die ouderdom van lidmate, asook die ouderdom van die predikant, die wyse van aanbidding moet bepaal, naamlik vir ouer lidmate moet daar ’n ouer predikant wees en vir die jeug weer ’n jonger predikant.

Groepe: Die enigste groep wat sterk figureer is die jeug en dat voorsiening gemaak moet word vir hulle behoeftes.

Evangelisasie: Daar moet meer gewerk word om evangeliserend te funksioneer.

Strukture: Die konserwatiewe denkwyse en onbereidwilligheid om by die moderne samelewing aan te pas, benadeel die voortbestaan van die GKSA. Finasies is ’n verdere probleem.

Leierskap: Een-man-leierskap, soos byvoorbeeld by Bybelstudies, is

onbevredigend. Leierskap wat die jeug afskrik deur “almal predikante te wil maak”, is teenproduktief. Leierskap en die vermoë om te kan verander en aan te pas begin by die individu. Verandering moet wel deurgevoer word, solank dit nie met die gereformeerde beginsels bots nie. Wat presies met gereformeerde beginsels bedoel word, is nie verduidelik nie. Dit kan as behoudend geïnterpreteer word, indien die Skrif die norm is, maar dit kan ook as konserwatief geïnterpreteer word, indien die Gereformeerde tradisies ter wille van die tradisie bedoel word. Konserwatisme en onbereidwilligheid om by veranderende omstandighede aan te pas, benadeel leierskap.

Verhoudings: Die strewe bestaan om meer met die Gees vervul te wees, God te soek en werklik aan te pas by die huidige omstandighede waarin ’n diensvaardige lewe by elke individu na vore kom. Sodoende kan die “susterkerke” saam leef as Christene in Suid-Afrika. Die gevestigde tradisionele denkwyse roep om bekering en daadwerklike uitvoering van liefdevolle verhoudings.

Bogenoemde sake bevestig die bestaan van die I-paradigma, soos ook in Afdelings A-H aangetoon is.

6.7.5 Samevattende konklusie: Empiriese perspektief

Die Bybelsbegronde bipolêre teologiese denkparadigma, waarvolgens Schwarz die model vir organiese kerkgroei ontwikkel het, is krities bekyk en as geskikte uitgangspunt geneem vir die empiriese ondersoek wat geloods is om vas te stel of die I-paradigma, as dominerende denkwyse binne een van die krimpende “susterkerke”, naamlik die GKSA-ekklesiologie, manifesteer. Die steekproef is aan die hand van ’n vraelys gedoen, ten einde die oorsake van die ekklesiologiese wanbalans te bepaal. Die bevinding na aanleiding van die agt kenmerke (Afdelings A-H, asook J), is soos volg:

Die gevestigde ekklesiologie binne die GKSA manifesteer op ongebalanseerde wyse weens die heersende I-paradigma, soos ondersoek is aan die hand van gereformeerde spiritualiteit, bediening, strukture, leierskap, aanbidding, kleingroepe, evangelisasie en verhoudings (vgl.

gevolgtrekkings 6.7.4.1 en 6.7.4.2). Die ongebalanseerde manifestasie aan die begin van die eerste dekade van hierdie eeu, weerspieël ’n ekklesiologiese wanbalans in plaas van die balansgewende en bipolêre eenheidsisteem soos bepaal word deur die Groot Opdrag (Hf. 3).

6.7.6 Finale konklusie

Denke word as die diepste oorsaak van kerkkrimping beskou. ’n Geblokkeerde denkpatroon voorkom onberispelike verbondsmatige uitlewing van die Groot Opdrag; die Groot Opdrg wat deur uitbou en opbou missionêr Christusgefokus is en die Apostolikum as meetsnoer najaag. Denke by die “susterkerke”, en ook by die GKSA wat as respondente gedien het binne die empiriese navorsing, funksioneer sterk binne die I-paradigma/denkwyse. Teenoor die I-paradigma staan die S-paradigma/denkwyse (charismatiese stroom). Albei paradigmas toon ongebalanseerdheid/wanbalans deurdat op ongebalanseerde wyse by I-denkers op organisasie gefokus word, en op ongebalanseerde wyse by S-denkers op organiese aspekte gefokus word. ’n Christusgesentreerde paradigma bring balans. Die bipolêr Christusgesentreerde Skrifgefundeerde paradigma toon binne enige gesonde kerkpraktyk balans tussen statiese (organisatoriese) en dinamiese (organiese) elemente. Gebalanseerde en gesonde groei is slegs teenwoordig wanneer die statiese element in harmonie met die dinamiese element effektief funksioneer. Funksionering hiervan geskied binne die agt kenmerke soos geformuleer deur Schwarz. Die genoemde agt kenmerke kom voor by alle kerke, maar nie alle kerke toon gebalanseerde ontwikkeling en gesonde groei nie. ’n Ongesonde ekklesiologie kom op die lang duur aan die orde van die dag deur die prominente verskynsel van kerkkrimping as teendeel van kerkgroei. Binne die I-paradigma fokus die ekklesiologiese wanbalans op die statiese/organisatoriese elemente (vgl. 6.7.2.3.1-6.7.2.3.5). Die empiriese studie bewys dat die GKSA-ekklesiologie volkome binne die I-paradigma funksioneer en dat die balans (missionêrgerigte uitbou en opbou volgens die Groot Opdrag) binne die agt kenmerke afwesig is (vgl. 6.7.4.1; 6.7.4.2). Die bevinding is derhalwe dat die GKSA se kerkpraktyk, gerugsteun deur die I-denkwyse, ongesond en ongebalanseerd is.

Hierdie hoofstuk bring die ondersoek by die punt dat gestel kan word dat die hedendaagse GKSA-gelowige die Groot Opdrag hermeneuties in *verskraalde* vorm begryp, en dat die gevolglike ongebalanseerde ekklesiologie ’n kritiese oorsaak is binne die krimpingsproses. Deur die geskiedenis is dit duidelik dat waar wisselende denkwyses en magsbasisse voorgekom het, God voortdurend vernuwende omstandighede daargestel het (Hf. 4). Die

voortgang van die evangelie deur eeue heen bevestig die onverpoosde en onomkeerbare voortgang in die werk van die Heilige Gees. Watter faktore, omstandighede of denkwyses (Hf. 5 en 6) ookal aan die orde van die dag was, is dit onteenseglik en onafwendbaar deur die onstuitbare beweging van die Heilige Gees gerig ten einde nuwe denke, nuwe omstandighede en nuwe geleenthede daar te stel ter wille van die uitdra van die evangelie.

Kerkkrimping aan die begin van die 21e eeu, met al die oorsake in ag geneem (Hf. 3-6), kan derhalwe as die begin van ’n nuwe voortstuwing van die Heilige Gees herken word. Dit is binne die goddelik-menslike verbondsverhouding moontlik, indien die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” reageer op die dringende oproep tot diep en daadwerklike vernuwende en verskuiwende denke: denke gefokus op die gebalanseerde hermeneuse van die Groot Opdrag (Hf. 3) en denke met ’n verwagting van lewenskragtige, daadwerklike en totaal anderse Christusgesentreerde nuwe-wyn-nuwe-sak-reformasie. Met die Drie-enige God aan bestuur, kan sódanige gereformeerde menslike denke deur die Gees aangevuur word tot kragtige Christus-in-ons-midde-dade. Die kléin, swak groepie krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowiges kan sodoende, volgens die vasstaande belofte in die Groot Opdrag, gebruik word as lewenskragtige medewerkers in die verkondiging van die evangelie. Met die missionêre evangelie as allesoorheersende roeping en dryfkrag van die veranderende tradisioneel Afrikaanse “susterkerk”-gelowiges te midde van ’n onomkeerbare oorgangstyd, en derhalwe ook ’n bewustheid van ’n opwaartse groeikurwe, lê Suid-Afrika met sy ryke verskeidenheid mense oop as uithoek van die wêreld.

In die volgende hoofstuk word gefokus op die begin van die daarstel van ’n gereformeerde strategie wat kan bydra tot die dringende missionêre taak binne Suid-Afrika. Dit beteken terselfdertyd dat die strategie, gegrond op die Groot Opdrag, dringend tot die “susterkerke” as gestuurdes en as geroepenes spreek om kerkgroei op nuwe en aangepaste wyse binne die ekklesiologie daar te stel en sodoende bydra tot ’n nuwe kerkgroei binne en vanuit die klein groepie, bekend as die“susterkerke”.

Hoofstuk 7

Strategiese perspektief

7.1 Inleiding, werkswyse en agtergrond rakende ’n vernuwende strategie

Uit die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat die oorsake van kerkkrimping as sentrale probleem by die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, veelvuldig en kompleks is. Ter verswaring hiervan manifesteer dié sake tydens ’n kulturele oorgangstydperk. Hierdie voortsnellende onomkeerbare beweging huisves eksterne faktore, soos landsomstandighede voortspruitend uit eerste- en derdewêreldse optrede, stoomrollende tegnologiese voortuitgang en verskillende en verwarrende denkparadigmas, asook die opkoms van die suidelike Christendom binne ’n 500-jaarlikse golfbeweging. Die hoofoorsaak van kerkkrimping by die tradisioneel Afrikaanse “susterkerke”, is egter geblokkeerde denke as interne faktor: mense wat deur hul denke die 21e eeu se problematiese en krimpende kerkpraktyk, te midde van die verwikkelde en komplekse konteks, moet verwerk (vgl. ook Dreyer, 2009:7; vgl. Brouwer *et al*, 2007:49, 50). Die toekoms van die gevestigde hoofstroomkerke is duidelik onder druk (Hendriks, 2003). Fokus op God se kommunikatiewe spreke deur die Groot Opdrag is duidelik nie die hooffokus van die Afrikaanssprekende “susterkerk”-gelowige nie. In die terme van Roxburgh (1997:62, 63) kom dit neer op die vind van nuwe paaie waar ou kaarte nie meer werk nie (vgl. 5.4.2.6; Smit, 1995;16) - “a total paradigm shift and a total re-orientation of ministry” (Nel, 2009:76).

Die doel met hierdie hoofstuk is om op sistematiese wyse ’n werkbare én meetbare gereformeerde strategie daar te stel. In die proses tot die daarstel van ’n strategie, word op gebalanseerde wyse op gemeentelike opbou en gemeentelike uitbou, volgens die Groot Opdrag, gefokus. Die voorstel tot ’n gereformeerde strategie het die verdere doel om tot die gestuurdes en geroepenes as goeie bestuurders van die gemeente binne die verbond te spreek, sodat op verantwoordelike en volhoubare wyse tot ’n verbeterende kerkpraktyk gekom kan word wat tot kerkgroei kan lei. Die ordening en interpretasie geskied saam met verdere integrering van uitgebreide resente literatuurstudie, asook deur gegewens voortspruitend uit vernuwingservarings binne drie “susterkerke”.

Die werkswyse wat gevolg word om tot ’n gereformeerde strategie te kom, is soos volg: *Eerstens* word die agtergrond geskets waarteen positiewe verandering by “susterkerk”-

gelowiges plaasvind. *Tweedens* word die positiewe verandering bespreek. Die veranderingsproses wat in aanvang neem deurdat menslike denke aangeraak word, asook die metode hoe die proses menslikerwys aangepak word, word daarna uiteengesit. *Derdens* word ’n strategie vir die daarstel van ’n verbeterende kerkpraktyk, na aanleiding van dié veranderde denke, voorgestel. *Ten slotte* word skematiese voorstellings van die verbeterende kerkpraktyk (praksis 2) gegee.

Ter uitbreiding van bogenoemde werkwyse word die volgende sake onder die onderskeie hoofpunte bespreek. By die *eerste hoofpunt* word gefokus op die agtergrond waaruit positiewe verandering by “susterkerk”-gelowiges plaasvind, naamlik op die mens, op God en op die toedrag binne die kerkprakyk. Ten spyte van onvermydelike negatiewes rondom kerkkrimping, word die pad van hoop, as onvermydelike positief, aangetoon.

Tweedens word die positiewe veranderinge bespreek deur Christus as beginpunt te neem. Hierdie beginpunt, saam met die menslike krag, word beskryf waar praktyk, teorie en metodologie verweef is, ten einde denke Skrifgetrou te wysig. Die verweefde aanpak word uiteengesit deur aansluiting te vind by Waarderende Ondersoek, as uitloper van Aksie Navorsing.

Ter bereiking van die strategie as *derde hoofpunt* in die proses, is die geblokkeerde denke, per implikasie, aangeraak, gewysig en ontset. Derhalwe word oorgegaan tot die volledige bespreking van die strategie vir die daarstel van ’n verbeterende gereformeerde praksis. Die bespreking fokus op aktiewe gemeenteontwikkeling. Vier allesomvattende aspekte wat gemeentontwikkeling te alle tye omvou, word aangetoon. Met die vier aspekte as gevestigde praktyk, word oorgegaan na die aanpak van die strategie/bedieningsplan. Die aanpak, beplanning en bestuur word eers teologiese begrond en daarna word uitgebrei rakende kontekstuele begronding (gemeenskap en gemeente). Na afloop van hierdie stappe word die ondersoek en analise rakende die gemeentelike praktyk (ekklesiologiese begronding) bespreek. Die gemeenteprofiel, met ’n minimumfaktor as rigtingwyser vir die daarstel van ’n werkbare en meetbare strategie, met die doel om kerkgroei op die langtermyn te bewerkstellig, word uiteengesit. As deel van dié strategie word gelyklopende strategieë uitgewys, naamlik dié van kommunikasie, leierskap en revisionering. Met die daarstel van dié verweefde biotiese strategie, word getoon dat ’n veranderende, verbeterende en uitnemender praksis 2 voor die aangesig van God daargestel kan word.

Alhoewel bogenoemde strategie die terrein van hierdie ondersoek is, is die strategie nog nie afgesluit nie. Daarom word in die daaropvolgende punt aangetoon dat die gewysigde denke binne die "susterkerke" ook vernuwend uitkring en die strewe na een Afrikaanse reformatoriese kerkverband aanraak. 'n Laaste stap in die vernuwingstrategie, naamlik 'n strewe om een reformatoriese kerkverband binne Suid-Afrika te verwesenlik, word as onafwendbaar aangetoon. Ten slotte word bespreek dat die organiese veranderingsproses, wat Christus daargestel het, tot kerkgroei lei; kerkgroei waar Christus as begin en einde van dié menslik-ontdekte strategie erken word (vgl. McLaren, 2006:52, 80).

7.1.1 Agtergrond rakende 'n vernuwende strategie

7.1.1.1 Die mens as fokuspunt

Denke, as menslike eienskap, lei binne ekklesiologiese opset tot organiserende dade, sodat die praktyk van die kerk mettertyd tot stand kom (Schwarz, 1999:20, 21). Aangesien die kerkpraktyk binne die "susterkerke" krimping ervaar en dus problematies vertoon, is dit logies om die denke van die mens as bepalende oorsaak onder die vergrootglas te plaas (vgl. 6.7; Maxwell, 2005:48). Die oorspronklike bedoeling van die Groot Opdrag was immers om die menslike denke op Christus en sy opdragte te fokus (vgl. Hf. 3). Die Groot Opdrag, wat die teendeel van kerkkrimping beveel, dring die hedendaagse gelowige mens om radikale selfondersoek in te stel, ten einde te bepaal of die oorspronklike bedoeling steeds nagestreef word (Hendriks, 1996:142; McLaren, 2006:17; vgl. Tickle, 2008:13-21).

Die oorspronklike bedoeling van die Skrif is, noudat die kerke krimp, weer sterk onder die vergrootglas. Die vraag wat na vore kom, is hoekom het niemand binne die gereformeerde tradisie tot op hede die oorspronklike bedoeling en betekenis van Jesus se woorde, soos dit in verstaanbare taal in die Skrif opgeteken is, begin uitleef nie. Met ander woorde, wat is verkeerd met die hedendaagse "susterkerk"-gelowige se verstaan van die Groot Opdrag? McLaren (2006:225) stel dat

> "Pride goes before a fall, and perhaps proud organizations need to fall before they are open to repentance or rethinking."

Gesien teen die krimpende tendens in tradisionele godsdiensuitlewing, is die skokbesef dat die "susterkerke" as deel van die kwynende golfbeweging, ten diepste eintlik teëstaanders van

Jesus en sy goeie boodskap geword het nie. Kierkegaard (McLaren, 2006:226) omskryf die mens en die verhouding tot Skrifopdragte soos volg:

> "We pretend to be unable to understand it because we know very well that the minute we understand, we are obliged to act accordingly ... Christian scholarship is the Church's prodigious invention to defend itself against the Bible, to ensure that we can continue to be good Christians without the Bible coming too close. Dreadful it is to fall into the hands of the living God. Yes, it is even dreadful to be alone with the New Testament."

Ware gehoorsaamheid wat lei tot die lewe, lei ook tot lewensveranderende optrede en kan die wêreldgeskiedenis op 'n heel ander koers plaas (McLaren, 2006:226). Bewus van die radikale eis van Skrifgehoorsaamheid (Hf. 3), maar ook bewus van Bybelse insigte deur historiese golfbewegings en die afwisseling van societas- en communitasfases in die lewenssiklus/fases van 'n gemeente (vgl. Hf. 4; 7.1.1.4), beskaam die hoop nie, aangesien oorgangstye, soos wat tans beleef word, as unieke geleenthede vir die kerk kan dien om inderdaad ernstig en radikaal te herbesin, rigting te wysig (bekeer) en te herstruktureer. Indién die mens op dringende en radikale wyse deur sy denke met nuwe oë na die werklikheid kyk, die moed tot regte keuses uitoefen en reformerend aanpas, kan die afwaartse siklus gewysig word en herlewing daarstel (Haggai 2; Burger, 1995:13, 23-26; De Wet, 2000:7; Hendriks, 1996:143; 1999:19; 2000a:294, 295; Jenkins, 2006:179; Roxburgh, 1997:27-29; Saarinen, 1992:23; Tickle, 2008:121, 122).

Teenoor reformerende transformasie is ander opsies ook ter sprake, naamlik om terug te keer na ou drome en die ou identiteit en sodoende te retireer. Nog 'n opsie teenoor transformasie is om te disassosieer met Afrikaners en die verlede en dan 'n nuwe identiteit te soek. 'n Derde opsie is om te onttrek deur 'n neutrale posisie in te neem en van verantwoordelikhede vry te kom. Al drie die keusemoontlikhede vermy konstruktiewe heroriëntering rakende die huidige Suid-Afrikaanse "susterkerklike" konteks (Hendriks, 2000a:294).

Keuses word uitgeoefen deurdat menslike denke aktief toegespits word op 'n spesifieke saak. Omdat dit gelowige mense is wat deur denke en dade organiseer, ontstaan 'n menslik georganiseerde ekklesiologie (Burger, 1999:151; Schwarz, 1999:20, 21). Met toenemende krimpende getalle binne die tradisionele kerke, skyn die mening van Burger (1999:191),

uitgespreek in die negentigerjare van die vorige eeu, dat daar ’n “gereedheid is by baie lidmate om verantwoordelikheid vir die toekoms van die kerk te neem”, tans (teen die einde van die eerste dekade van die 21e eeu) ongemotiveerd te gewees het. Tog sal daar altyd gelowige mense wees wat, ten spyte van die drastiese krimping van die tradisionele “susterkerke”, deur die gereformeerde benadering ’n tuiste vind. Al is hiérdie mense dan ’n onnoemenswaardige en verspreidwonende klein aantal persone, kan hul geherstruktureerde Christusgesentreerde benadering ’n antwoord bied vir die losgeslane mens wat tydens die oorgangsfase lewe (Smit & Vorster, 2000:531). Die benadering kan egter slegs relevant wees, indien die menslike denke onderskeidend (Filip 1:10) gerig word om die ter sprake Skrifbeginsels *ónverswak* volgens die oorspronklike bedoeling te laat spreek (vgl. Hf 3). Die mens van die oorgangstydperk moet wérklik onverswak aangespreek word (Smit & Vorster, 2000:530, 531). Indien die mens wel aangespreek voel, sy denke reformeer en gehoorsaam beplan volgens die Groot Opdrag, kan ’n opwaartse tendens weldra voorspel word. Dit is juis Godgefokusde verlossende kommunikasie wat alle mense, en dan veral in die huidige oorgangstydperk, dringend nodig het (Ihde, 2004:459; McLaren, 2006:226; Roxburgh, 1997:63. Binne “susterkerk”-konteks verwoord nie net Smit en Vorster hierdie ommekeer nie, maar ook, onder andere, Hendriks, Joubert en Nel. Hendriks (2003) verklaar dat die kerk drasties “uit ’n tradisionalisme en ’n gevangenskap van die evangelie binne die Afrikaanse ideologiese kerkkultuur” moet transformeer. Joubert (2008) benadruk dat ’n radikale, nuwe pad van oorgawe aan Jesus die enigste sleutel tot reformasie is, terwyl Nel (2009) die onomkeerbare en onafwendbare feit stel dat reformasie dringende en diepgaande verandering terug na God se wil toe, vereis (vgl. ook McLaren, 2006:44; Saarinen, 1992;22).

Met dié bewuswording, deur Tickle (2008) betiteld as die Groot Ontluiking, in sig, is dit duidelik dat verandering onomkeerbaar is en dat die veranderinge radikaal anders maar ook akkommoderend moet wees. Dit impliseer dat diegene wat die gevestigde “susterkerke” verlaat het, vrymoedigheid moet hê om terug te (wil) kom, omdat die “susterskerke” dan slégs op Christus en sy koninkryk fokus. Skynbaar word verwag dat kerkverlaters wel na die kerk sal terugkeer, indien radikale wysigings geskied het, dogma nie as ongebalanseerde praktykbeginsel in die geïnstitusioneerde kerk gestel word nie en indien by die werklikheid van die samelewing volhoubaar aangepas is by die nuwe norm waar die kerk as ’n netwerk vertoon; “crowd sourcing”, as deel van die netwerkteorie (Tickle, 2008:152), dui op ’n menslike netwerk wat fokus op die leiding van die Heilige Gees deur Bybelgelowig die

koninkryk van God, wat binne elke gelowige is, te dien. Elkeen leef dan as lewende kragpunt in dié netwerk en fokus op die wil van die Vader. Die uitlewing geskied verder sonder grense rakende ras, klas, nasionaliteit, status of denominasie (vgl. Tickle, 2008:135; 150-152).

7.1.1.2 God binne konteks

God is volgens sy verbondsbelofte konstant teenwoordig, derhalwe ook in hierdie oorgangstydperk aan die begin van die 21e eeu as deel van die onstuitbare voortgang sigbaar beleef deur historiese goldbewegings. Die mens kry in, onder andere, 2 Kor 12:9 en 10 en Filip 4:11-14, die versekering dat as die omstandighede ongunstig lyk, God op sy sterkste aan die werk is (Burger, 1999:119). God weeg en beoordeel die kerk deur die vier eienskappe van die Apostolikum, naamlik heiligheid, apostolisiteit, katolisiteit en eenheid. Hierdeur kan die kerkwese verduidelik word (Burger, 1999:287 ev.), maar die teenwoordigheid van hierdie eienskappe verseker nie vanself kerkgroei nie. Die uitspraak, aldus Green (2004:319), dat waar die Heilige Gees deur die mens "verwelkom" word, groei waargeneem word, is ook nie 'n vanselfsprekendheid nie. Wat wel 'n vasstaande belofte is, is dat die poorte van die hel sy kerk nie sal oorweldig nie; dat die kerk aan Jesus Christus behoort en nie aan mense nie (Brouwer *et al*, 2007:181, 182). Terselfdertyd hou dit ook nie die versekering in dat die "susterkerke" onbepaald en vanselfsprekend sal voortbestaan nie (vgl. Saarinen, 1992:1-23). God kan, volgens sy soewereiniteit en waargeneem deur historiese krimp- en groeibewegings, die lig van gemeentes wegneem. Die rede hiervoor maak God wel aan die mens bekend, naamlik indien gehoorsaamheid, getrouheid en liefde tot Christus, as "eerste liefde", nie deur konstuktiewe dade by alle generasies bestaan nie (Op 2:4 en 5).

7.1.1.3 Die toedrag binne die "susterkerke"

Die vier eienskappe van die Apostolikum en die Belydenisskrif van Nicea is die teoretiese meetinstrumente van die kerk (vgl. Schalekamp, 2005b:473-475). Burger (1999:287 ev.) stel dat gehoorsaamheid, getrouheid en effektiwiteit van die kerk wel aan die hand van die vier eienskappe getoets kan word. Burger vra egter of die kerk die naam 'kerk' werd is (Burger, 1999:287), aangesien die vier eienskappe nie meer ernstig opgeneem word nie. Die rede is moontlik omdat die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige só bewus is van sy gebrokenheid en onvolkomenheid, dat dié vier eienskappe as onbereikbaar idealisties en vaag beskou word. Die enigste manier om hierdie vier eienskappe te vertoon, is om op die

eerlikste manier in gehoorsaamheid en getrouheid aan Christus, toe te neem (Burger, 1999:291-299).

Hierdie groei vind plaas as die staande opdrag van voortdurende vernuwing aan gemeentes gestel word, dat vernuwing die werk van die Gees is en dat gehoorsaamheid en dissipelskap onder leiding van die Gees, met ware vernuwing gepaard gaan (Burger, 1999:V; Hendriks, 2003; Saarinen, 1992:1; vgl. 7.2.1.1). Hierdie toetsstene is nie maklik prakties toetsbaar nie. Die *vier eienskappe as prakties* ontoetsbare en onbereikbare doelwitte, dra dus bloot by tot geykte, teoretiese kennis aangaande die kerk. Dit verduidelik heel moontlik die onbereikbaar idealistiese en vae denke rondom die tradisionele kerkpraktyk. Dit is derhalwe ook ’n bydraende oorsaak waarom die tradisionele kerke *ongesond* vertoon en krimping ervaar.

’n “Smagting na vars lug” kan positief bydra tot die “smagting” na verruimende perspektiewe binne die kerkpraktyk, asook binne die Praktiese Teologie (De Wet, 2000:3). Hendriks (1999:19) sluit hierby aan deur te stel dat na die “oerbeginsel van voortdurende reformasie” teruggekeer moet word en dat slegs deur streng, kritiese ondersoek die tendens van krimping teëgewerk kan word. Die toestand in die “susterkerke” is só ernstig, dat die enigste roete tot oorlewing die volgende is: die kerkpraktyk moet tot ’n totale stilstand gebring word, heroriëntering moet geskied en die oorspronklike missionêre bediening met opbou en uitbou volgens die Groot Opdrag moet doelbewus beplan word om die nuwe ontluikende kerkpraktyk daarvolgens in te rig (vgl. ook Hendriks, 2003; Nel, 2009:76; vgl. Saarinen, 1992:22).

’n Stroom wat ongesond en abnormaal konstant en toenemend krimp, is reeds in die tagtigerjare deur Runia (1988:100) bestempel as ’n gewisse bewys dat die Gees nie aan die werk is nie. Die stroom wat dit nie self opmerk nie en onbewus of onerkentlik is rakende dié toedrag van sake (Hendriks, 2003), is inderdaad ’n toonbeeld van verduisterde en geblokkeerde denke. Onwetendheid/onbewustheid van die ware toedrag van sake, verseker ook onbekeerdheid/onvermoë om te wil verander. In die “susterkerke” met institusionalisme as gevestigde denkpatroon (vgl. Hf. 6), is die dringende besef van die huidige ware toedrag van sake in die kerkprakyk, afwesig. Die denkpatroon manifesteer so sterk in die stroom, dat die kenmerk van suiwer Woordverkondiging deur die jare, die stroom se sterk punt geword het. Dié waarheid staan so sterk, dat die volledige kerkpraktyk daarvolgens geregverdig word. Die gevolg is dat die tradisionele “susterkerke” voortgaan in ’n konteks van “beyond

question" (Burger, 1995:9; vgl. Schwarz 1999:20, 21; Hf. 6). Die onvermoë tot begrip van die ware toedrag van die huidige kerktoestand, selfs die ontkenning daarvan, die onvermoë om die kerkpraktyk pro-aktief by die kultuurverandering aan te pas, asook spore van sterk introversie (Du Toit *et al*, 2002:49) (vgl. ook 6.7.4.2 Afdeling I Prinsipiële sake), beklemtoon die dringende, benarde en verblinde denktoestand van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" as krisisterrein.

Hermeneuties beskou is die Gees onstuitbaar óók in hierdie golfbewegende kultuurverandering aan die begin van die 21e eeu teenwoordig (vgl. 3.8.5). Dit is derhalwe eintlik 'n vanselfsprekende aanname dat die "susterkerke" die kultuurverandering in Suid-Afrika behoort te erken, te aanvaar en om in die lig van die die Skrif (Groot Opdrag) (Hf. 3), die nuwe omstandighede met 'n oop gesindheid die hoof te bied (Niemandt, 2006:53; McLaren, 2006:55). Die verduisterde/geblokkeerde denke wat onaktief en selfs onbewus teenoor die kultuurverandering/oorgangsfase staan, bevestig dat die tradisioneel Afrikaans-sprekende "susterkerk"-lidmate nie aktief oorweging skenk aan die kerk se veranderende taak en veranderende menslike missie en roeping, binne die Suid-Afrika van die 21e eeu nie (vgl. Hendriks, 2003). Die gestagneerde/geblokkeerde denkwyse wat sprekend is van die geskiedenis rondom 'n volkskerk (vgl. 4.5.3.1), verlam die kerkpraktyk, skep 'n oorlewingsmentaliteit en dra sodanig by tot kerkkrimping.

Die stagnasie word egter gemotiveer deur 'n denkwyse wat onnadenkend tevrede is met die gevestigde, tradisionele institusionalistiese ekklesiologie (Botha**,** 2006a:47; Burger, 1999:148; Du Toit *et al*, 2002:44, 45, 49; Schalekamp, 2005a:24; vgl. 3.8.5). Tydens 'n onderhoud met Pretorius en Lindeque (2009) is op die verstommende waarheid gewys dat die kerk skynbaar "bang" is vir behoorlike kerkbestuur, of omdat dit die kérk is, word gedink dat kerkbestuur maar "half" gedoen kan word, of skynbaar net oorgegee kan word aan die werking van die Gees. Onbevange navorsing rakende die krisissituasie kan nuwe moontlikhede daarstel binne die kerkpraktyk en Praktiese Teologie (vgl. De Wet, 2000:107).

Volgens Browning (Burger, 1999:313), toon 'n oorgangstydperk verskillende vlakke in 'n refleksieproses (vgl. Brouwer *et al*, 2007:49; vgl. 7.2.3.2.4.1 stoomrollertendens). Hiervolgens is dit tog duidelik dat daar enkeles is wat die eise wat die oorgangsfase as verskuiwingsproses stel, reeds begryp en aksienemende vernuwing insien en voorstaan. Dié groepering bewerk en versterk egter onderlinge wantroue binne die tradisionele stroom; 'n

wantroue wat die kerkpraktyk verder verlam (Botha, 2006a:47). Vernuwing en aanvaarding van eise en uitdagings wat wél sporadies by al drie "susterkerke" voorkom, is duidelik gegrond op die Groot Opdrag met 'n missionêre bedienings-aanpak wat daaruit voortvloei. Slegs 'n drietal voorbeelde van sodanige gemeentes in Gauteng word genoem: Die Nederduitsch Hervormde gemeente Kemptonpark-Oos (Van der Merwe, 1999; Van der Merwe, 2009a; 2009b), KSM (Kerksondermure) - NG Kerk Verwoerdburgstad (Venter, 2009a-2009j) en die Gereformeerde Kerk Linden (Pretorius, J. & Lindeque, G., 2009).

7.1.1.4 Die hoop beskaam nie

Met die sporadiese vernuwing, veral gesien teen God se belofte (God met julle) en sy Groot Opdrag (maak dissipels) wat beide geldig is tot die wederkoms, en gesien teen die historiese krimp- en groeibewegings, beskaam die hoop nie. Die menslike laagtepunt aan die hand van kerkkrimping in die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke", verleen nóg 'n geleentheid vir groei deur die deurbreking van die tendens - dit is immers in die tye van menslike swakheid dat God kragdadig te werk gaan (Bosch, 1991:509; Burger, 1995:9; Malphurs, 2002:28; vgl. 3.8.3.1.1; 7.1.1.2) en dat verwondering vir die herskeppingswerk van God opnuut binne die praktyk, en dan ook binne die Praktiese Teologie as bestuderingsterrein van die kerkpraktyk ontspring (De Wet, 2000:7; Hendriks, 1999:19; McLaren, 2006:182).

Hierdie geleentheid kan egter slegs realiseer, indien daar by die tradisioneeldenkendes *bereidheid tot totale bekering en reformering intree* (Rom 12:1, 2; Burger, 1999:300). Die mens moet bly werk aan dit wat 'n gemeente deur die hulp van God regkry (Saarinen, 1992:1). Strong (2007:59) benadruk die ontdekking deur elke generasie dat ook dié generasie hul lewe kan verander deur sy denkvernuwing. Die moontlikheid van verandering is 'n menslike kenmerk en daarom ook van geloofsgemeenskappe. Die verandering word aan die hand van die lewenssiklusbenadering beskryf. Verandering binne geloofsgemeenskappe dui op verootmoedigende bekering wat op voortdurende en dinamiese wyse vernuwende beweging binne die groep bewerkstellig (Brouwer *et al*, 2007:18-20: Hendriks, 2000a:295). *Bekering* is derhalwe die eerste vereiste in die daarstel van 'n bipolêre paradigma (Schwarz, 1999:43) ten einde die siklus te wysig.

'n Aantal stappe is noodsaaklik in hierdie bekerings-veranderingsproses. Hierdie stappe is bereikbaar deur die veranderende, aktiewe en toegepaste aanpak aan die hand van

Waarderende Ondersoek (vgl. 7.2.2.2). Ter verswaring van die dringendheid van die toestand van die kerkpraktyk, neem die veranderingsproses gewoonlik langer as wat mens dit sou wou hê (Strong, 2007:52). Die moeilikheidsgraad, asook die aktiewe proses van implementering opsigself, kan volgens Gilbert (2004:9), afhangend van die stand binne die lewenssiklus van die gemeente, geruime tyd neem. Gilbert stel dat die nastrewing van doelgerigte verandering selfs langer as ’n jaar kan neem. ’n Meer realistiese benadering rakende die veranderingsproses behoort eerder ingeneem te word deur te aanvaar dat geen finale spertyd vir afronding/verandering met die oog op kerkgroei binne ’n gemeente daargestel kan word nie, aangesien onvoorspelbaarheid van ’n saak soos verandering veral binne ’n ultra-konserwatiewe geloofsgemeenskap soos die GKSA, in ag geneem moet word. Bewustelike kennisname van die bestaan van ’n gemeentelike lewenssiklus deur die leierskorps, is derhalwe nodig om strategies effektief op te tree.

Die verandering geskied in die lig van die *lewenssiklus/-fase* van ’n gemeente. Die onderskeie fases kom breedweg neer op die geboorte/stigting van die gemeente, fases wat groei, kontinuïteit, herlewing toon of eindig deur die sterwe van ’n gemeente (Brouwer *et al*, 2007:16-20, 105; Saarinen, 1992:1-23). Volgens Brouwer vermy hooflynkerke kerksluiting (sterwe), terwyl terselfdertyd weinig aandag geskenk word aan die fase vóór kerksluiting. Die rede hiervoor is omdat dán hoofsaaklik gefokus word op die krisispraktyk van oorlewing. Herlewing kan wel bewerkstellig word deur nuwe aktiwiteite/benadering/programme daar te stel of wanneer ’n nuwe pastor deel word van die gemeente, of indien diepgaande verandering plaasvind. Hoe lank een fase egter binne ’n spesifieke gemeente duur, hang af van die sameloop van die groot aantal interne en eksterne faktore en die benadering ten opsigte van verandering (vgl 7.2.3).

Saarinen (1992:1-23) het reeds teen die einde van die vorige eeu die lewenssiklus in fyn besonderhede ondersoek. Volgens Saarinen (1992:2) het chronologiese tyd nie werklik iets te doen met die lewenssiklus van ’n gemeente nie, maar eerder die “gene structures common to congregational life”. Waarop dit wel neerkom is die verhouding en balans van hierdie gene binne die lewenssiklus van die gemeente. Die verhouding en balans word aangedui deur ’n kode wat die hooffaktore in elke stadium tipeer. Die kode bestaan uit ’n swak punt (kleinletter) of ’n sterk punt (hoofletter). Die gene-klein-/grootletter verwys onderskeidelik

na energie/entoesiasme (e/E), die teenwoordigheid van programme (p/P), administrasie deur strukture (a/A) en integrasie deur verhoudings (i/I) (1992:7-16).

Saarinen toon dan in breë trekke aan dat die twee hooffases, naamlik groei en krimping onderskeidelik onderverdeel word in vier stadiums. Die groeifase behels die geboorte-, kleuter-, tiener- en fleurstadiums, terwyl die krimpfase die volwasse-, aristokratiese-, burokratiese- en sterfstadium behels. By die geboorte van ’n gemeente domineer die Epai-kodekombinasie, terwyl die kodekombinasie in elkeen van die verdere stadiums soos volg domineer: kleuterstadium - Epal, tienerstadium - Epai, fleurstadium - EPAI, volwassestadium - ePAI, aristokratiese stadium - epAI, die burokratiese stadium - epAi en die sterfstadium - epai.

Wat die tydsfaktor in die lewenssiklus relativeer, is die feit dat binne elke stadium kleiner manifestasies van groei (societasfase) en krimping (communitasfase) voorkom, afhangend van die unieke gemeentesamestelling, asook afhangend van interne en eksterne omstandighede. Wanneer van een stadium na ’n ander beweeg word, is evaluering, visionering en beplanning altyd ter sprake (1992:5, 6, 7). Dit kom neer op ’n strategiese benadering met die oog op die verbetering van die huidige praksis. Die teenwoordigheid hiervan bevorder groei, terwyl die afwesigheid hiervan krimping bevorder.

Elke gemeente verkeer altyd op ’n spesifieke punt in die gemeentelike lewenssiklus. Malphurs (2004:9), in aansluiting by Saarinen, noem die proses as konsepsie, geboorte, groei, volwassewording en reproduksie, terwyl Van der Merwe (2009c:7) die lewenssiklus van ’n gemeente in praktiese terme soos volg voorstel:



Wanneer ’n gemeente se siklus begin, word ’n visie en doel vir die gemeente gestel. Dit lei tot verdere doelwitte, bedieningstrukture en bedieninge. Tydens die instandhoudingsfase kan dit gebeur dat die jaarlikse beplanning slegs op datumaanpassings aankom. Dit lei tot stagnasie/status quo (platofase) en moet ten sterkste voorkom word, aldus Pretorius en Lindeque (2009). Kenmerkend van dié fase is ’n gees van onvergenoegdheid wat lei tot die volgende stap, naamlik die kwynende fase. In hierdie fase ontstaan vrae dikwels waarom dit nie meer so goed gaan as in die verlede nie. ’n Verlange ontstaan na die “goeie ou dae”. Die tempo van vraagstelling en verlange van gemeentelede verskil en polarisering ontstaan sodoende. Die potensiaal vir konflik styg grootliks. Die gemeente beleef dan die kwynende fase. Om hierdie fase te voorkom, behoort revisionering en evaluering tydens die platofase reeds te geskied. Die optrede behoort dan te lei tot strategiese denke en die implementering van die nodige veranderinge. Die gemeente het dan, in plaas van ’n kwynende kurwe, ’n herlewende *S*-kurwe daargestel; ’n kurwe wat gefokus is op ’n nuwe visie, nuwe doelwitte en die daarstel van ’n nuwe strategie (Burger, 1995:34: Pretorius & Lindeque, 2009).

Om hoop te behou en te voorkom dat kwyning ooit weer intree, moet die denke van die gemeente, individueel en kollektief, dringend en diep verskuif word. *Denkverskuiwing* word egter voorafgegaan deur ’n aantal ononderhandelbare stappe.

a) Die leierskap en lidmate aanvaar volkome *vergifnis* bewustelik, nadat hul hul feilbaarheid as mens (opnuut) *bely*/*erken* het. Die belydenis sluit tekortkominge/hindernisse/foute in wat in die verlede gemaak is (Du Toit *et al*, 2002:49; McLaren, 2006:55).

b) Die leierskap en lidmate *erken* bewustelik die bestaan van die versplinterde en steeds veranderende oorgangstyd en kultuurrealiteit (Burger, 1995:22; Smit & Vorster, 2000:529; vgl. 3.7).

c) Die leierskap en lidmate doen *selfondersoek* deur die fokus, weg van die mens as selfgerigte *individu*, te verskuif. Die verskuiwing hou in dat die fokus dan op *ander* mense val. Sodoende word die mens tot seën vir sy naaste en word die uitbreiding van die koninkryk (missionêr) gedien. Die verskuiwing bewerk ook verdieping, deurdat weer op die hart van die kerk (Christus), asook op die hart van die sendende Christus (Groot Opdrag), gefokus word (Bosch, 1991:371, 372; Niemandt, 2006:149, 154; vgl. 3.7).

d) Terselfdertyd geskied *selfondersoek* binne die *kerkpraktyk* onder die leierskap en die lidmate, waar in die verlede uitsluitlik gefokus is op die *opbou* van individu, ten koste van die *uitbou* ter wille van ander. Dié wanbalans binne die kerkpraktyk moet erken word (Burger, 1999:194; vgl. 3.7).

e) *Selfondersoek* sluit verder in, dat die onomkeerbaarheid van die huidige oorgangstydperk, deur die leierskap en lidmate erken word (vgl. Niemandt, 2006:52). Erkenning gaan dan oor tot herformulering van die bestaande; eerstens deur die stel van *kernvrae* voorspruitend uit die basisteorie (vgl. Hf. 3) volgens Mat 28:18-20 en Hand 1:8 (Groot Opdrag). Antwoorde op kernvrae van elke unieke gemeente word self deur die leierskap en lidmate ontdek (vgl. Smit, 1995:20).

’n Voorbeeld van beginvrae wat gestel kan word om die lidmate en die leierskap te rig, word na aanleiding van Hart van die *Christian Reformed Church*, as voorbeeld genoem (Niemandt, 2006:159). Die vrae en antwoorde word aan die hand van Waarderende Ondersoek (WO) verfyn (7.2.2.2) en fokus dan op die daarstel (ervaring) van ’n Godwelgevallige gemeente:

- Lidmaat en ervaring

  Watter soort *mens* wil God in ’n geloofsgemeenskap hê?

  Watter soort *ervaring* het hierdie mense nodig?

- Leierskap en ervaring

  Watter soort *leiers* het die gemeente nodig om hierdie soort *ervarings* te bewerkstellig?

  Watter soort *predikant* is nodig om hierdie soort leiers op te lei?

  Watter soort *ervaring* het so ’n predikant nodig (dit sluit die teologiese opleiding in)?

Hierna word die leierskap en lidmate aan die hand van WO gerig, deur te fokus op ’n stel kernvrae. Hieronder volg voorbeelde, soos dit gebruik word deur McLaren in *The church on the other side* (Niemandt, 2006:158; Van der Merwe,2009a):

- Uitbou: Vraag 1:

  Help die gemeente *buitekerklikes* om volgelinge van Jesus te word?

- Opbou: Vraag 2:

  Help die gemeente om *bestaande volgelinge* te laat toeneem in

  dissipelskap?

- Opbou en uitbou: Vraag 3:

  Help die gemeente dat egte verhoudings *tussen volgelinge* en *missionêr* geskied? Vraag 4:

  Help die gemeente om *lidmate te bemagtig met ’n missionêre*

  identiteit en om hulle dan uit te stuur?

’n Skematiese voorstelling van bogenoemde vier vrae toon die beweging van buite na binne, waartydens *opbou* binne die gemeente geskied. Na aanleiding hiervan kan *uitbou* weer plaasvind, met die bedoeling dat die *balanserende* beweging van opbou en uitbou herhaal word in *gehoorsame* navolging van die *Groot Opdrag* (vgl. 3.7).



f) *Selfondersoek* behels verandering op langtermynbasis rakende geloofswaagmoed, bereidwilligheid/gewilligheid, oorgegewenheid en gehoorsaamheid. Dit kom neer op *verdiepte* geloof in aksie in ’n *onbekende* en onsekere oorgangstydperk (Burger, 1995:34; Niemandt, 2006:50; 53; vgl. 3.7; vgl. 3.9; Smit & Vorster, 2000:530).

g) Die *besef* dat ware bekering/reformering die betekenis dra van terug-na-die-kern-toe, naamlik ’n lewende verhouding in volle toewyding aan Jesus Christus, beteken ook dat dit sodanig uitgeleef word binne die verskuiwende en veranderende kultuur (Botha, 2006a:47; Burger, 1995:9, 22; Smit & Vorster, 2000:529; Runia, 1988:106, 107; Schwarz, 1999:42; Warren, 2005:130).

h) Realisering van die *besef* dat normatiewe verandering, met ander woorde bekering, ’n Bybelse bevel is en dat dit onverswak gehoorsaam moet word (Heitink, 1999:203; McLaren, 2006:226). Dit behels dat bekering/reformering aktief deurgevoer moet word op grond van die *onverswakte* Bybelse beginsels (Groot Opdrag) en met *insig* toegepas word op die *huidige* tydsgewrig. Die bekering/reformering behels egter steeds die bereidheid tot begrip en respek vir die unieke identiteit en tradisie van die eie, unieke gemeente, terwyl ’n *verdiepende*, vernuwende/improviserende ruimte vir al vier *bedieningspatrone* gebied word. Die besef lei tot die bereidheid tot die verwydering van blokkerende denkwyses en menslike hindernisse in die bediening (Burger, 1995:34; Burger, 1999:121; Fraker & Spears, 1996:99; Nel, 2009:75; Smit & Vorster, 2000:530; Schwarz, 1999:73).

i) Die *besef* moet bestaan, dat bekering/reformering op die bewuste maak van keuses dui, asook dat die Bybelse oorspronklike bedoeling intensief *herontdek* moet word ter wille van koninkryksbediening (Janse van Rensburg, 2000:77).

j) Die drie stappe (a-i), naamlik om te *erken,* om *selfondersoek* te doen en om tot die *besef* van sekere insigte te kom, spruit voort uit denke. Dis denke wat die mens rig tot bereidheid en tot gehoorsaamheid om deur *eie* wilsaksie, maar tog in bewuste gebedsbegeleiding, te vernuwe. Hierdie wilsaksie verseker egter nog geen resultate nie, aangesien die denke deur 'n vrywillige *besluitnemingsproses* moet gaan, voor oorgegaan word tot die agogiese moment. Die agogiese moment (die pro-hantering van bewustelike verandering by die mens aan die hand van 'n leerproses) is nou verbonde aan Habermas se teorie van kommunikatiewe aksie waarby Ricoeur se teorie (vgl. 2.3.2, 3.8.3.4.5) rakende die dinamiese proses van taal, aansluit (Heitink, 1999:205; Janse van Rensburg, 2000:81, 84).

Die dinamiese besluitnemingsproses agter bekering/reformering op grond van die Skrif, word menslik gedryf deur die *ek* se wil. Die vrywillige beweging dui op die verband tussen die motief om op te tree en die besluit om op te tree. Dié proses is moontlik deur die mens se samestelling van karakter, die onbewuste en lewenservaring. Hier sluit Ricoeur aan by Freud, wat meen dat die *ek* die bestaan en bestaanservaring van die werklikheid omskryf om só tot interpretasie en (her)konstruering van teks én werklikheid binne 'n gegewe konteks/tydsgewrig te kom (vgl. 2.3.2; 3.8.3.4.4; 5.4.1.2). Freud se uitgangspunt as niegelowige is egter dat die wil van die mens gedryf word deur die strewe na mag, terwyl Ricoeur die wil van die mens sien as gedrewe deur die strewe om "fulfillment of achievement" (Ihde, 2004:440, 434, 449). Volgens Ricoeur en in die naspreek van Paulus (Rom 7:21), is dit juis dán dat hoop ontspring - hoop wat inherent as positief teenoor die bose staan:

> "Evil itself is a part of the economy of superabundance ... we must therefore have the courage to incorparate evil into the epic of hope. In a way that we know not, evil itself cooperates, works toward the advancement of the Kingdom of God."

Binne die pneumatiese verhouding is die mens in die stryd tussen hoop en die bose (wanhoop) nie op homself aangewese nie, aangesien die Gees in die koms-van-die-koninkryk-proses in die mens oorwinnend oor die bose werksaam is om die mens se wil te omvorm (Janse van Rensburg, 2000:84-89; vgl. Mar 1:15; Heidelbergse Kategismus Sondag 1 (vgl. 3.8.2.3, 3.8.3.1.1, 3.8.3.4.4, 7.2.1.1).

k) Wanneer die besluit geneem is tot bekering/reformering, met die doel om met volle oorgawe tot vernuwende dade oor te gaan, word die *denke teruggerig tot die norm*, naamlik die Bybel, waaruit ’n Bybelse relevante toepassing vir die individu, vir die kerkgemeenskap en vir die samelewing gevind word (Malphurs, 2002:365; McLaren, 2006:63). Die waarheid van die Woord verander immers nie, maar wel die toepassing daarvan in elke geleentheid en nuwe tydsgewrig. Deur die Woord word die leierskap en lidmate aan die hand van WO, tot gesonde, normgedrewe denke gerig (Burger, 1995:22, 141; Ihde, 2004:378; Schwarz, 1999:76, 98, 99).

l) Die *norm* vir gesonde, organiese/natuurlike denke, ter wille van kerkgroei (in plaas van kerkkrimping weens ongesonde/ongebalanseerde hindernisse en faktore), word deur die leierskap én lidmate gesoek, hoofsaaklik deur Skrif met Skrif te vergelyk. Talle resente teoloë het hiérdie soeke wêreldwyd nagevors, waaronder Malphurs (2002:148-365), Vaughan (Wagner, 1986:126-133), Jones (Green, 2002:308), Joubert (2000), Packer (Green, 2002:337), Callahan, Warren, Schwarz, Mann, Cameron, Ammerman, Schaller, Woolever en Bruce (De Kock, 2003; Nel, 2009), asook Burger (1999:151-153). Studies vanuit GKSA-geledere is ook gedoen ter wille van verifiëring (vgl. De Kock, 2003; Kruger, 2005). Die soeke het die navorsers by basiese Skrifwaarhede/kenmerke/beginsels uitgebring. Aangesien verskillende teoloë in verskillende wêrelddele dieselfde norm (Bybel) gebruik het, is dieselfde kenmerke ontdek, alhoewel die terminologie, asook die aantal geformuleerde kenmerke rondom organiese kerkgroei, soms verskil. Van belang is egter dat die norm ooreenstem en oorvleuel, en momentum kry in wêreldwye *aanvaarding* daarvan deur predikante, gemeentes en individue (Erwich, 2008; Schwarz & Schalk, 1998:7).

m) Dié normgedrewe *denke* van die gelowige fokus op die *allesoortreffende* doel van die kenmerke/beginsels, naamlik natuurlike/organiese groei, soos die Groot Opdrag deur Jesus Christus beveel. Jesus sluit aan by die natuurlike/bestaande, verwyder hindernisse en bewerkstellig verdere groei (vgl. Du Toit *et al*, 2002:55; Niemandt, 2006:Hf 5; Schwarz, 1999:16, 254-259). Die denke van die mens, as voortsetter van Christus se taak, word hiervolgens *missionêr* gerig (Burger, 1999:263; De Kock, 2003:86; Du Toit *et al*, 2002:47; Runia, 1988:100; Malphurs, 2002:28; Niemandt, 2006:53; Schalekamp, 2005b; Warren, 2005:9).

n) Die *refleksieproses* wat denke lei tot ’n verskuiwing, word deur Browning aan die hand van 5 vlakke geformuleer (Burger, 1999:313):

1) Die staande praktyk wat as reël geld, omdat dit nog altyd so gedoen is (reëlrol).
2) Die praktyk wat realiseer, omdat die omstandighede dit sodanig verplig (kontekstueel).
3) Die praktyk wat verander, omdat mense se behoeftes verander (neigingbehoefte).
4) Die praktyk word voortaan op hierdie manier gedoen, want dit is die regte en logiese ding om te doen (verpligting).
5) Die praktyk word voortaan op hierdie manier gedoen, omdat die Here dit van die mens eis (visioneel).

Denkverandering, na aanleiding van nuwe insigte/leer, word gerig en bekom deurdat ’n wisselwerkende denkproses van refleksie en interpretasie aan die hand van WO, geskied. Refleksie is nie ’n vinnige proses nie. Refleksie wat waarlik revisioneel is, dui op wat die Bybel vir hierdie spesifieke tydperk sê (Burger, 1995:130, 142; Gilbert, 2004:26, 27; vgl. Ihde, 2004:382, 383).

o) Die revisioneringsproses dring die leierskap en lidmate aan die hand van WO-aanpak tot die *vra van vrae* oor identiteit (wie is ons?), oor die visie/roeping as dryfkrag (hoekom doen ons dit?), oor die kerk se missie op aarde (wat maak ons hier?), oor die strategie (hoe gaan die missie uitgevoer word?) en oor evaluering (hoeveel verwag ons hiervan?) (Burger, 1995:148-151; McLaren, 2006:17).

p) In opvolg hiervan word die vernuwingsproses aan die hand van WO in vier fases beoog en behels die volgende (Burger, 1999:310, 311; Hendriks, 2000a:295) (vgl. ook 7.2.2.1; 7.2.2.2):
   1) Eerlike, deursigtige en akkurate beskrywing van die huidige stand van gemeentlike struktuur en bediening.
   2) Eerlike en deursigtige beoordeling van die huidige stand van sake aan die hand van die Skrif.
   3) Herformulering van die gemeente se bediening, taak en identiteit.
   4) Infasering van ’n aksieplan in die vier bedieningsvelde.

q) Die bekeerde/gereformeerde denke is op hierdie stadium gerig op die norm (Skrif) wat aan die hand van die Groot Opdrag se oorspronklike beginsels, die leierskap en lidmate rig om die Groot Opdrag aktief na te streef, naamlik om groei te bewerkstellig: kwalitatief (opbou) en kwantitatief (uitbou). Die oorkoepelende

verdieping en verskuiwing van denke kan as die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel herken word (Mat 9:17), wat sprekend is dat die *hoop* om verandering nie beskaam nie.

Teen hierdie positiewe agtergrond kan die denkveranderingsproses by “susterkerk”-gelowiges in aanvang neem.

7.1.1.5 Samevattende konklusie: agtergrond rakende ’n vernuwende strategie

Krimpende “susterkerke” toon ’n onbewustheid rakende die ware toedrag binne die tradisioneel Afrikaans hoofstroomkerke. Dit dui op geblokkeerde denke, onbekeerlikheid en ’n kerkprakyk “beyond question”. Sodanige denkers is ook onbewus van wat historiese golfbewegings vir die kerk beteken, naamlik die daarstel van nuwe geleenthede en dat die mens voortdurend moet verander om by die onomkeerbare golf aan te pas. Daar moet dus bewustelik deur die “susterkerke” aandag gegee word aan die veranderende taak, ook in die huidige oorgangstydperk. Hierdie ongesonde toestand kan nie maklik in die praktyk aan die hand van die Apostolikum (riglyn vir gesonde kerkpraktyk) gemeet word nie. Ongesonde toestande se oorsprong kan teruggetrek word na menslike denke wat verandering moet ondergaan. In die veranderingsproses word denke eerstens volgens die oorspronklike en onverswakte bedoeling van die Skrif, na aanleiding van die Groot Opdrag, streng en krities ondersoek en herstruktureer (Hermeneutiese perspektief). Die perspektief is egter onvoldoende, aangesien insigte rakende die historiese perspektief (golfbewegings/lewenssiklus/groei-(societasfase) en krimp-(communitasfase) en die empiriese perspektief (bipolêre paradigma ten spyte van die stoomrollertendens) noodsaaklik is in die daarstel van ’n verbeterende gereformeerde strategie. Deur radikale bekering as eerste punt van verandering kan enige fase van die lewenssiklus verbreek word en kan herlewing bewerkstellig word. Hoop beskaam derhalwe nooit - ook nie in die geval van die tradisionele Afrikaanssprekende “susterkerke” nie.

7.2 ’n Gereformeerde strategie, metodologie en verbeterende praksis

Die oorsake van kerkkrimping is egter so diep verweef en oorweldigend realisties, dat die denke en hoop van “susterkerk”-gelowiges noodwendig intens geraak word deur die werklikhede/omstandighede in die huidige dekade.

Met sodanige denke as die hart/oorsprong van dade, is die afwesigheid van reformerende/positiewe aktiwiteite, veral binne die behoudende tradisioneel Afrikaanse kerkpraktyke, nie ’n verrassende menslike verskynsel nie. Wat wel ’n teenstrydige verskynsel is, is dat ’n groot aantal Afrikaanssprekendes hulself as Christene beskou (Angelfire, 2009; Erasmus & Hendriks, 2003:80-96). Dit is, onder andere, ook weerspieël deur die menings van Afrikaanse luisteraars wat aan ’n (niewetenskaplike) blitsmeningsopname op die webtuiste van RSG, op 7 Januarie 2009, deelgeneem het en in antwoord op die vraag aangetoon het dat 91% van die deelnemers, hulself as Christene beskou (RSG, 2009) (vgl. 4.5.3). Wat onder “christenskap” in werklikheid verstaan word, is dus ’n oop vraag, aangesien sigbare gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag en hervormingsdade (vgl. 7.1.1.4 q) vanuit Afrikanergeledere, nie opvallend ooreenstem met bogenoemde persentasies nie. Inteendeel, die negatiewe manifesteer deur die afwesigheid van “christelike” hervormingsaktiwiteite, deur die tradisionele kerke wat ’n verlamming en “’n afwaartse spiraal van agteruitgang” (Hendriks, 1996:143) bly vertoon en deur krimping wat bly voortduur.

Dis duidelik dat die negatiewe invloed van die omstandighede aan die begin van die 21e eeu, die denke van die gedoopte, wedergebore, belydende gereformeerde lidmate blokkeer (vgl. 6.7.4.2 Afdeling I). Die gebrek aan hervorming word dringender en intenser, aangesien die denke vasgryp aan dit wat in die verlede vastigheid verleen het (vgl. 6.7.5). Fundamentalisme, onder andere, as verskynsel van institusionalisme onder onsekere en veranderende omstandighede, is nie vreemd nie (Schwarz, 1999:116, 191, 194; Roxburgh, 1997:26). Hierdie denkwyse en optrede is egter aan die begin van die 21e eeu uitgedien en kan nie lei tot “oorlewing” in die krimpende “susterkerke” nie. In die woorde van Mead (1993:84) word sodanige toedrag van sake soos volg geformuleer:

> “The thought patterns of that church also continue to have power over us, for they shaped our consciousness as well as our institutions.”

Die huidige gereformeerde “susterkerk”-lidmaat wat steeds die kerk besoek, se denke kleef onwrikbaar aan die Woord (vgl. 6.7.4.1, Afdelings A, B, D, E), maar terselfdertyd is dié gereformeerde denke verstrik en geblokkeer deur omstandighede. Die blokkasie van denke is so oorweldigend en versplinterd, dat Christus se bevrydende en positiewe boodskap in die Woord, asook die volle implikasie daarvan, nie die denke van die “susterkerk”-lidmaat

deurdring nie. Dit herinner sterk aan die oorweldigende en versplinterde omstandighede ten tye van Jesus se lewe op aarde (vgl. 3.4). ’n Strategie om die geblokkeerde denke diep aan te raak en te deurdring, word dringend benodig - ’n strategie wat nie korttermyngerig, oppervlakkig of resepmatig is nie (Hendriks, 1996:143), maar wel “transformation at its very core” (Mead, 1993:70).

Die algemene neiging is gewoonlik om nie te wil verander nie, maar dis die pad van stadige, maar seker “death” (Gilbert, 2004:4-6). Verandering vra ’n hoë prys, maar mislukking/weiering om te verander, vra ’n nog hoër prys. Die feit van krimpende gemeentes is dat dit sterwende, uitfaserende gemeentes is. Daar is nie ’n alternatief nie (Tickle, 2008:143) - daar moet diep en dringend verander word, anders is die “susterkerke” bloot op ’n uitgerekte, stadige sterwenspad. Selfs net om die gemeente te kry om die noodsaaklikheid van verandering in te sien, is ’n massiewe taak. Die doodsboodskap neig om deur die status quo-stroom getipeer te word as *malheid* (Van der Merwe, 2009a). Gilbert haal Quinn aan wat stel dat een definisie van status quo-“insanity” daarop dui om dieselfde ding oor en oor en oor te doen, maar om met elke poging verskillende resultate te verwag. Dit is presies die geval in die kwynende hoofstroomkerke. Talle besef dat verandering die enigste uitweg is, maar is so oorweldig en vreesbevange oor wat die veranderinge inhou, asook die bewustheid van gebrek aan kennis rakende die nuwe weg wat ingeslaan moet word, dat die pad van die minste weerstand net maar weer gekies word (vgl. 7.2.3.2.4.2).

Verandering is moontlik en op enige plek waar verandering intree, heers verwarring en onsekerheid (McLaren, 2006:181, 228). Tog, deur die skynbaar chaotiese veranderingservarings, word verandering teweeggebring en word groei en geloofsdiepte bewerkstellig (Roxburgh, 1997:67). Die alternatief is oppervlakkige kits-oplossende, liniêre verandering wat geen verandering ter wille van groei daarstel nie en wat verseker uitloop op die dood (Gilbert, 2004:50). ’n Gebalanseerde gereformeerde strategie word benodig om die denke van “susterkerk”-gelowiges diep aan te raak.

7.2.1 ’n Gereformeerde strategie om denke aan te raak

’n Strategie is ’n menslike plan. ’n Gereformeerde strategie om geblokkeerde denke te ontset, dui dus op ’n plan om balans daar te stel waar wanbalans heers. Dit behels ook spesifiek hóé die verandering gaan plaasvind (Heitink, 1999:201, 202). Gilbert (2004:50, 51) onderskei

tussen langtermynbeplanning en strategiese beplanning. Langtermynbeplanning veronderstel dat die gemeente getrou werksaam is rakende hul roeping en om na die behoeftes van die gemeente en die gemeenskap omsien. Die veronderstelling is verder dat wat afgehandel is, waardevol is en dat gevra word: "Wat is volgende?" Met strategiese beplanning bedoel Gilbert dat gevra word wie die gemeente is, asook wat die gemeente dink God se roeping in dié spesifieke gemeentelike bediening is. Hiervolgens is die veronderstelling dat wat in die verlede afgehandel is, nie noodwendig waardevol is volgens die dringendheid van die saak nie. Rakende die hantering van verandering na gelang van dringendheid is die volgende van belang (Gilbert, 2004:51):

> "In times of moderate change, when basic stability is assumed, management, long-range planning and linear models of change are effective and appropriate. But when change occurs at a deeper level, when stability and continuity cannot be assumed, deeper responses are required. And so we turn to leadership, strategic planning and chaotic models for understandings of change."

Om 'n gereformeerde strategie voor te stel, beteken om die gegewe van God se soewereiniteit, te midde van 'n onsekere en verwarrende tydsgewrig te aanvaar, terwyl menslike pogings terselfdertyd ernstig en dringend aangewend word, ten einde optimale gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag moontlik te maak (De Kock, 2004:110-18; Du Toit *et al*, 2002:49; Schwarz, 1999:184-186). Hier is, onder andere, Filip 2:12 en 13 ter sprake: *Werk julle eie heil uit met vrees en bewing* (OV), *want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer* (NV). Onderskeidelik dui die teksgedeeltes op menslike opdragnastrewing en die soewereiniteit van God.

Geen menslike strategie kan egter sukses waarborg nie. Wat in hierdie ondersoek met strategie beoog word, is om alle menslike hindernisse/blokkasies so ver menslik moontlik te verwyder. In die plek daarvan word 'n gesonder terrein vir groei daargestel (Schwarz, 1999:21). Die wyse waarop die verwydering van blokkasies plaasvind, geskied deur vernuwende denke wat deur waarderende taalgebruik (WO) lei tot die ervaring van lewewekkende en kreatiewe response (Branson, 2004:19, 56, 113; vgl. 7.2.2.2.2). Hierdie ervaring fokus op positiewe gesindhede, soos waardering, vergifnis, vrede, wysheid, sagmoedigheid. Dié ervaring kan dus slegs deur positiewe kommunikasie tot stand kom.

Die aanloop tot hierdie strategie swenk gevolglik weg van die idee van ’n vaste probleemoplossende strategiese plan. Daar word gefokus op die ervaring van Christus- en Geeskwaliteite deur woorde wat opbou, lewegewend en waardetoevoegend is (Chaffee, 2004:19). Hierdeur word aangesluit by die sosiale konstruksionisme, wat beteken dat die mens sy wêreld deur taal daarstel; taalgebruik waardeur die wêreld en die eie wêreld verbind word (Branson, 2004:36). Met die Woord in gedagte, verwoord Voyle (Chaffee, 2004:19) dit soos volg:

> “Did Jesus come to stop us sinning or to make us loving?”

7.2.1.1 Christus as die groot positiewe krag

Die daarstel van Christus, as die groot positief in die proses, is geleë in Christus as die lewende Woord (vlg. Strong, 2007:99). Christus is in die tradisionele stroom, met die sterk punt van suiwer Woordverkondiging, derhalwe óók die groot positief, die groot andersdenkende en die groot andershandelende. Hierteenoor is die mens, óók die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerk”-lidmaat, die oorsaak van die probleem, die groot negatief, die stereotiep-geblokkeerddenkende. Christus gee die Groot Opdrag egter ook aan die 21e eeu se “susterkerk”-gelowige, sáám met ’n onwankelbare belofte van die teenwoordigheid van die krag van die Heilige Gees. Aanvaarding daarvan en positiewe gehoorsame dade na aanleiding daarvan, behoort binne ’n verbondsverhouding - waarop die “susterkerk”-lidmate as gereformeerdes telkens terugval - vanselfsprekend te wees. In plaas daarvan, word die Groot Opdrag nie uitgevoer nie (vgl. 6.7.4 Afdeling G). Die hedendaagse mens herinner sterk aan die gebeure in die paradys, waar die mens ook ’n positiewe opdrag gekry het, naamlik om die aarde te bewerk en te bewaak. In plaas daarvan het die mens die negatiewe gedoen.

Christus verander egter altyd die negatief na ’n positief: Hy bring lewe uit die dood. Geen voorgestelde gereformeerde strategie kan suksesvol wees as Christus nie die beginpunt in praktiese terme is nie. Nie ’n dooie *iets* nie, maar ’n lewende *iemand*: slegs Christus kan geblokkeerde, menslike denke verwyder deur denkverandering en denkvernuwing: *Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is* (Rom 12:1, 2; vgl. Strong, 2007:99, 106, 3.8.2.3).

Die werkwoord in Rom 12:2, *verander*, kan ook met *transformasie* vertaal word. Die woord is in die teenwoordige tyd gebruik wat wys dat die handeling voortdurend aanhou. Dit is ’n voortdurende proses van verandering/vernuwing/transformasie. Die indikatief in die teks dui op wat die brief aan die Romeine kom stel, naamlik dat deur Jesus Christus die saak tussen God en die mens reggestel is. Hierby aansluitend wys 2 Kor 3:18 op die verandering as die werk van die Heilige Gees. Romeine 12:2 toon hoe verandering plaasvind, naamlik deur denkvernuwing. In albei hierdie tekse kom dieselfde woord vir *verander* voor en is in die passiewe vorm gebruik. Die passiewe vorm van *verander* toon aan dat die aksie in die mens gedoen word; die mens verrig nie self die aksie nie. Dit beteken dat die mens se denke (waarvan die oorsprong in die onderbewuste is - vgl. 3.8.2.3) voortdurend buite die mens om verander word. Die vorm van die woord is egter nie net in die passiewe vorm nie. Die woord is ook in die imperatiewe vorm, met ander woorde, om te verander en soos Christus te word (indikatief) is ’n bewustelike bevel aan die mens. Die imperatief vloei uit die indikatief. Die bevel roep die mens op tot gewillige verandering wat bevestig word deur aktiewe dade (vgl. 3.8.3.1.1). Alle vorms van verandering begin derhalwe by die mens se denke. Die imperatief, gelees in die lig van Filip 2:12 en 13, toon die “onnaspeurlijke” (vgl. 3.8.3.1.1) werk wat verandering moontlik maak (Strong, 2007:107-110).

7.2.1.2 Die mens as krag

Die veranderde tydsgewrig bring ook die gereformeerddenkende mens onwillekeurig by die denk-aksie dat die “susterkerke” midde in ’n enorme probleemsituasie verkeer en dringend om diepgaande verandering roep (Pretorius & Lindeque, 2009). Binne gevestigde tradisionele I-denke word liniêre probleemoplossing as strategie verwag. Dit behels identifisering van die probleem, die kry van alternatiewe oplossings, besluitneming en implementering (Gilbert, 2004:51-53).

Hantering van die kerk as terminaal, eis egter dieper, radikaler en dringender behandeling. Roxburgh (1997:67) stel dit so sterk dat vernuwing nie eers ter sprake is nie, maar wel ’n dieper, algehele en totale “re-founding”. Waar Christus, die Heilige Gees, denkverandering en die mens ter sprake is, is ’n dieper aspek van probleemoplossing ter sprake. Probleme en oplossings is nie uitdinkbaar en klinkklaar nie, omdat kompleksiteit en verwarring ter sprake is. Om só ’n situasie suksesvol aan te spreek, moet van die chaordiese model van verandering gebruik maak word om tot begrip te kom van wat werklik die situasie kan red. Dié proses kan

slordig, onduidelik en tydrowend wees. Tog kan fundamentele verandering slegs op die wyse bewerkstellig word. ’n Transformerende gemeente moet dus bewus wees van die diep snitte van diepsnydende chirurgie wat ervaar gaan word. Daar moet kreatief en betroubaar te werk gegaan word tydens die diepgaande verandering. Die stappe word in die chaordiese model van verandering soos volg aangedui: pyn, verskeie moontlikhede, verskeie veronderstellings, skynbare chaos en die ontginning van kreatiewe, dog betroubare keuses (Gilbert, 2004:53).

In die onbekende en verwarrende proses word die gemeente gelei deur vrae soos: Is jy werklik bewus van die krimpende kerke en besef jy die gevolge daarvan? Die bewuswording lei tot pynlike gewaarwordings, wat weer lei tot ’n groter mate van dringendheid, betrokkenheid en motivering. In die proses moet die gemeente gelei word om hieroor te praat en die gemeentelike storie te vertel. Saarinen (1992:22) formuleer hierdie proses soos volg:

> “... the story being lived out in its historical narrative.”

Jesus het self van stories in die vorm van gelykenisse gebruik gemaak. Die doel van die storie is om die toehoorder se aandag te kry en dan tot diep luister te rig. Deur die aktiwiteit kom onsekerhede in die vorm van vrae na vore en die kommunikatiewe handeling wat daarna volg, lei tot ’n persoonlike verhouding wat energie ontlont, wat lei tot leer en ’n veranderde resultaat daarstel (McLaren, 2006:46) (vgl. 7.2.2.2.4-7.2.2.2.8).

Deur die gemeente se storie kom die gemeente tot die besef van die stand van hul kerksake, maar ook dat daar wel moontlikhede is om ’n gesonder/veranderde toedrag van hul gemeentelike wêreld daar te stel. Hierdeur word rigting gekry. Pyn en moontlikhede word gesien as die onmiskenbare “ouers” van diep verandering. Die rigting wat dan ingeslaan word, is om heeltemal en bewustelik uit die “mental boxes” uit te klim. Dit behels om totaal weg te breek van gevestigde veronderstellings wat gehuldig word rakende die gemeente, die heersende situasie, asook oor die volgende stappe wat geneem moet word om tot oplossings te kom. Dit laat die gemeente in ’n onsekere, verwarrende, angswekkende en onbekende situasie.

Die gemeente moet werklik ervaar dat hul nie weet wat om te doen nie. Dan kan uit die situasie nuwe en skeppende moontlikhede gebore word. Leierskap te midde van die verwarrende situasies is ’n moeilike taak, aangesien onbegrip by die leier én die gemeente

rakende die situasie heers. Ook heers die vrees dat die situasie nie opgelos kan word nie (vgl. 7.2.3.2.4.2). Die gemeente, wat in hierdie verwarring leef, word aangeraai om bloot ernstig gelowig te leef en verseker te weet dat deur biddende oorgegewenheid en afhanklikheid, groei met tyd sal intree wat tot nuwe veranderde insigte lei; insigte wat nie ’n blote voortgang is van die ou, gevestigde aannames nie (Gilbert, 2004:54-58).

So ’n strategie wat getuig van skeppende innovasie wat by die vinnige veranderinge tredhou, maar wat ook getuig van waagmoed, geduld en krag, kan die swakhede wat die problematiese, ekklesiologiese praktyk as resultaat van geblokkeerde denke vertoon, irrelevant maak (Cooperrider & Whitney, 2005:2; Fraker & Spears, 1996:206; Schwarz, 1999:157-159; Niemandt, 2006:52; Gilbert, 2004:58). Cooperrider stel dat verandering krag impliseer en dat krag wat met krag verbind, positiewe verandering skep. Probleme wat voorheen soos in ’n stoeigeveg hanteer is, neem nou die vorm aan van samewerking, omdat dit oor sake gaan wat werklik saakmaak (Chaffee, 2004:4). Dié uitgangspunt stem ooreen met die werkswyse van God wat prakties manifesteer, deurdat die krag van die Heilige Gees en die krag/energie/kreatiwiteit van die mens, saam verandering bewerkstellig (vgl. 3.8.3; Hendriks, 1999:19; Roxburgh, 1997:67; Strong, 2007:108) (Titus 3:5 en 8).

Vitaliteit in individuele en kommunale verhoudings, asook geestelike vitaliteit, is die lewensgewende krag wat gelowiges ervaar wanneer saam vir die Here gewerk word (Gilbert, 2004:87). Die krag van taal aan die hand van WO, is in hierdie proses van onskatbare waarde. Suksesse aan die hand van dié aanpak, soos ervaar is deur, onder andere, die United Religions Initiative (URI), is ’n aanduiding van taal as kommunikatiewe krag (Chaffee, 2004:4-6).

Dit is ook belangrik om te besef dat die WO-aanpak nie ’n wondersalfie en ook nie ’n paar selfhelp-oefeninge is nie. Diepgaande verandering geskied nie vinnig nie (vgl. 7.1.1.4 n; Gilbert, 2004:48, 49; Strong, 2007:52) en daarom moet besef word dat die WO-aanpak ook ’n deurlopende en aanhoudende proses is:

> “It is an empowering epistemological perspective that personalizes, honors, and learns from a community’s best accomplishments and most precious values. Then it opens the horizon to take us miles beyond self-interest and old expectations, all the while

> staying grounded in the commitment bringing us to community in the first place" (Chaffee, 2004:6).

Dis 'n proses waar die denksisteem van gelowige leiers, asook die volgelinge se *kapasiteit*, stelselmatig vergroot word, sodat *leer* plaasvind en 'n groeiende spiraal van *energieke groei* (dade) daarstel. Tydens Jesus se afskeidsgesprekke is dit duidelik dat die dissipels as 'n "community of learning" (Gilbert, 2004:28) beskou is, aangesien hulle eers later, met verloop van tyd, deur die Gees dieper in die kennis van God ingelyf sou word (vgl. Joh 14:25, 26; Joh 16:13). Calvyn het ook van die gemeente gepraat as 'n "leergemeenskap" (Heitink, 1999:201; Brouwer *et al*, 2007:38, 39; De Kloe, 2007).

Vir die hedendaagse gelowige begin *leer* deur die vraag: Waaroor wil geleer word en wat wil bereik word? Binne die kring van gelowiges kom leer op die volgende neer:

> "... liberate the capacity of the church and its millions of followers to really do what is most important in our faith, freed from the agonies of internal conflict, focused on what we do best, and effectively translating the gospel of love to a world in pain" (Chaffee, 2004:6).

Binne die "susterkerke" as problematiese terrein, gaan dit dus oor die individuele menslike krag, maar dit gaan ook oor die kollektiewe krag wat mettertyd organies manifesteer, omdat dit moontlik gemaak is deur diepgaande transformasie. Kortliks kom dit neer op die volgende reël/metode: om op positiewe wyse dít wat blokkasies in die kerkpraktyk veroorsaak, te wysig en om dan op positiewe wyse te leer en te rig tot herstel. Die krag wat uit dié herstel voortspruit, kan op ongeblokkeerde wyse dan sy gang gaan.

7.2.1.3 Praktyk, teorie en metodologie verweef

Die krimpende, geblokkeerde kerkpraktyk van die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" is die geïdentifiseerde probleem. Die wortel van die probleem is reeds uitgewys (vgl. Hf. 4-6). Die tradisionele aanpak van die probleem toon in die afgelope dekades geen impak nie en het reeds 'n negatiewe kultuur rondom "susterkerke" geskep. In die praktyk is die mening gevestig dat kerkkrimping as probleem onoorkomelik is. Die magteloosheid het tot kerklike verlamming gelei, maar ook het 'n oorlewingsmentaliteit ontstaan. Vir die daarstel van 'n gereformeerde strategie, word dus geheel en al iets anders benodig. Daar moet heeltemal van

tradisionele, geykte en gewone metodes afgewyk word. Vir die daarstel van ’n gereformeerde strategie word aansluiting gevind by Waarderende Ondersoek (WO) as praktyk, as teorie en as (sosiologiese) metodologie.

As Christus as die groot positief en die beginpunt van hierdie strategie geneem word, dan is die positiewe aanpak deur WO ook die beginpunt (Cooperrider & Whitney, 2005:2-5). WO is ’n komplekse wetenskap wat die potensiaal het om aan die hand van menslike kommunikasie, problematiese sake op waarderende wyse te rig tot wysiging. Deur dié aanpak word nie gefokus op wat nie werk nie, maar op dit wat reeds bestaan én wat wel goed werk. Die begin is om die positiewe en dit wat waardeer kan word, binne die spesifieke gemeentelike konteks, te identifiseer. Hierdie aanpak het die afgelope 20 jaar die organisatoriese ontwikkeling binne gemeenskappe drasties ten goede gewysig:

> “The reframing turns away from understanding what’s wrong and shifts almost exclusively to seeking the light, moving towards the best opportunities at our disposal, however hard our circumstances” (Chaffee, 2004:2).

Die strategie om die bykans onmoontlike probleem/hindernis van geblokkeerde denke binne ’n tradisionele kerkverband te verander, is dus geleë in die ontwerp van ’n sterk en totaal anderse aanpak wat kan lei tot hoë, energieke betrokkenheid, toegewydheid en passievolle sukses deur die ervaring van die nietradisionele, die niegeykte en die buitengewone (Cooperrider & Whitney, 2005:5; vgl. McLaren, 2006:128). Cooperrider en Whitney haal Maslow se visie rakende WO soos volg aan:

> “... paradigm of conscious evolution geared for the realities of the new century.”

Die aanpak van ’n gereformeerde strategie word derhalwe nie tradisioneel ondersoek nie, maar wel van ’n ander kant af, naamlik aan die hand van Waarderende Ondersoek.

7.2.2 Metodologie vir die daarstel van ’n gereformeerde strategie

Om ’n betroubare, holistiese voorstel vir ’n gereformeerde strategie te ontwerp, word van ander dissiplines gebruik gemaak ten einde ’n metateorie daar te stel (vgl. 2.3.2). Praksis 1 (vgl. Bylaag G) is aan die hand van die hermeutiese perspektief, maar ook deur aspekte van ander dissiplines ondersoek, met die doel om ’n verbeterende praksis 2 daar te stel (vgl. Hf.

2). Die rykdom van wat die werklikheid die mens bied, strek verder as slegs net die norm. Die kommunikatiewe- en besigheidswetenskappe as terreine van menslike aktiwiteite, maar veral die sosiale wetenskappe met die kommunikatiewe teorie van aksie as uitgangspunt, is nuttig en ter sprake in die aanloop tot die daarstel van ’n gereformeerde strategie (Allen, 2007). Sosiologiese kennis word in Europa, met Nederland as die mekka daarvan, sedert die tweede helfte van die vorige eeu, met toenemende intensiteit deur Praktiese Teologiese instellings ter wille van die kerk aangewend. Sodanige Nederlandse teoloë is onder andere, Kruit, Firet, Jonkers en Hendriks (Brouwer *et al*, 2007:28, 30).

Aan die hand van Aksie Navorsing, waaronder Waarderende Ondersoek sorteer, word die kommunikatiewe teorie van aksie in hierdie ondersoek gebruik en aanbeveel. Die WO-aanpak is vir gelowige gemeenskappe ’n gawe. Met hierdie gawe word die gelowige in die middel van geloof én die geloofspraktyk geplaas. Vir die “susterkerke” en diegene wat die krimpende toedrag van sake as dringend en ernstig opneem, is WO ’n bemoedigende en “a revitalizing approach to community” (Chaffee, 2004:7, 110).

7.2.2.1 Aksie Navorsing

Aksie Navorsing onderskei twee teorieë van aksie, naamlik die tegniese teorie van aksie en die menslike teorie van aksie. Die menslike teorie van aksie fokus op interpersoonlike verhoudings, effektiewe leierskap, administrasie, groepdinamika en georganiseerde kulture (Allen, 2007). Die kerkpraktyk, soos georganiseer deur mense, sorteer onder die menslike teorie van aksie. Volgens die webwerf vir volhoubare leer, word Aksie Navorsing soos volg verduidelik (Allen, 2007):

> “Action research comprises a family of research methodologies which aim to pursue action and research outcomes at the same time. The focus is action to improve a situation and the research is the conscious effort, as part of the process, to formulate public knowledge that adds to theories of action that promote or inhibit learning in behavioural systems.”

Die navorser is deel van die proses en tree op as tussenganger wat die betrokkenes in ’n selfhelp-interaksieproses rig. Tydens die interaksie word omstandighede geskep vir die ondersoek van die probleemsituasie. Terselfdertyd word ook die geleentheid geskep vir leer binne die probleemsituasie. Deur Aksie Navorsing leer die mens deurdat sy eie bestaande

kennis en ervaring in kontak gebring word met dié van sy medemens. Om op reeds verworwe kennis en ervaring voort te bou, is ’n natuurlike/organiese proses. Deur Aksie Navorsing word ’n raamwerk gebied om die natuurlike proses nóg meer effektief te maak.

Aksie Navorsing word met verskillende terreine verbind, waaronder landboukundige ontwikkeling (Chambers, 1997), tegnologiese ontwikkeling (Greenwood & Levin, 1998: 33), opvoedkundige hervorming (Darling-Hammond & Snyder, 2000), omgewingsbeheer (Motteux *et al*, 1999), publieke gesondheid (Greenwood & Levin, 1998: 20), inligtingsisteme (Champion & Stowel, 2003), organisatoriese verandering en ontwikkeling (Greenwood & Levin, 1998: 69), wetenskappe rakende antropologie, gedrag, medisyne, psigologie, sport en kwantum fisika (Chaffee, 2004:8), asook teologiese studies (TREN).

Buiten die wye terrein waarby Aksie Navorsing betrokke is, is daar verder ’n verskeidenheid wyses van aanpakte/instrumente waardeur Aksie Navorsing bewerkstellig word. Slegs ’n paar word genoem, byvoorbeeld Deelnemende Aksie Navorsing (Whyte, 1991), Deelnemende Landelike Waardering (Chambers, 1997), Aksie Wetenskap en Aksie Leer (Reason, 1994:49; Whyte, 1991) en Waarderende Ondersoek (Cooperrider *et al*, 2008). Die natuurlike, kommunikatiewe proses van WO word gebruik in die toepassing op die problematiese kerkpraktyke, waaronder kerkkrimping ook sorteer. Nel (2009) bevestig die waarde van WO vir gemeentebou aan die hand van Woolever en Bruce se navorsing. WO is die instrument wat gebruik word waar die wanbalans van denke voorkom, soos by kerkkrimping. Die denkwanbalans betrek enige mens, hetsy ’n individu, die leierskorps, of die gemeente (kollektief). Verder is WO uiters waardevol in dissipelskap as opbouproses, asook in evangelisasie as uitbouproses. In die daarstel van ’n gereformeerde strategie word derhalwe gebruik gemaak van WO, aangesien dit verder ook ten nouste aansluit by beginsels ter sprake by die Skrif, by die kommunikatiewe handelingsteorie en by die ekklesiologie as menslike organisasie.

7.2.2.2 Waarderende Ondersoek

7.2.2.2.1 Metodologie en basisteorie

Die metodologie waardeur praksis 1 tot praksis 2 gevoer word, staan bekend as Waarderende Ondersoek. Argyris (Greenwood & Levin, 1998:189) stel die doel van WO soos volg:

> "to create an inquiry into how human beings design and implement action in relation to one another. Hence it is a science of practice" (vgl. Hf. 2).

Die uitgangspunt is dat kommunikatiewe handeling (teorie van aksie) binne 'n sekere vasstaande struktuur/perspektief realiseer. Dit dien as sentrum vir 'n verskeidenheid subdissiplines wat in die veld van Praktiese Teologie ontwikkel het (vgl. 2.3.2) Volgens die vasstaande struktuur is die waarheidselemente krities ondersoek (vgl. Hf. 3), die praktykteorie is empiries gevolg en daar is vasgestel dat die I-paradigma die tradisioneel gereformeerde GKSA-kerkpraktyk oorheers (vgl. Hf. 6). Dié denke binne die kerkpraktyk dui op 'n ekklesiologiese wanbalans, deurdat die balansgewende, bipolêre paradigma, nie realiseer nie. Die krimpende kerkpraktyk toon derhalwe 'n hermeneutiese wanbalans. Omdat die huidige kerkpraktyk van die norm afwyk, is die kerkpraktyk ontoereikend en roep dit om hervorming. 'n Toekomsbeplanning/strategie/teorie word aan die hand van WO, voortspruitend uit die kommunikatiewe teorie, daargestel, met die regulatiewe en generatiewe teorieë teenwoordig ter wille van verandering. Op hierdie wyse word gepoog om aan die hand van WO, doelgerig aksie te neem ten einde denke te wysig, waardeur hervorming van praksis 1 kan geskied.

Die toekoms word egter by praksis 2 betrek, aangesien beoordeling van die nuwe ontwikkelende praksis 'n uitgerekte proses oor toekomstige dekades kan behels. Die strategiese perspektief word prakties-konstruktief aan die hand van bogenoemde teorieë benader, ten einde ontwikkeling in die veranderingsproses in praksis 2 op geëvalueerde basis te begelei. Deur openheid, korrelasie en wisselwerking word spanning en afstand tussen teorie en praksis teëgewerk, sodanig dat regstellende of balanserende transformasie van die praksis kan plaasvind. Daar word gestreef na vernuwing/verandering/bekering/reformering van I-denke te midde van die problematiese kerklike praktyk. Met tyd en voortdurende evaluering kan die verbeterende praksis uitkring vanaf die individu in die "susterkerke" en die samelewing tot voordeel strek. WO as instrument dra derhalwe by tot die verbeterende toekoms:

> "AI is the study of the best of what has been and what can be. In the process, best practices inspire action towards dreams for a collective future that are grounded in reality and hence believable and feasible" (Lave & Wenger, 1991:47).

Die proses vereis openheid teenoor leer en die lewensgewende uitkoms wat deur WO bewerkstellig kan word. Om op die toekoms te fokus aan die hand van die 4D-siklus (vgl. 7.2.2.2.2) van WO, kan die denke verteenwoordigend van praksis 1 gewysig en gerig word tot praksis 2. Branson (2004) dui duidelik aan hoe die denkveranderingsproses in sy (Amerikaanse) Presbiteriaanse gemeente plaasgevind het en 'n nuwe paradigma daargestel het. Die verandering geskied aan die hand van 'n menslike proses deur middel van taal, maar die veranderingsproses is terselfdertyd ook 'n veranderingsproses gerig deur menslike gesindheid. Branson (2004:iv) beskryf WO soos volg:

> "... an understandable and doable model for attentive conversation, critical reflection and faithful envisioning."

7.2.2.2.2 Definisie

Die veranderingsproses binne 'n gemeente (handelingsgroep), wat gewoond was aan kerkkrimping en daarna blootgestel is aan die positiewe/waarderende taal-aanpak van WO, word deur die ervaring van inherente, genererende energie positief gemotiveer tot verdere konstruktiewe verandering (vgl. Kearney, 2004:157). WO word deur Cooperrider (2008:3) soos volg gedefinieer:

> "Appreciative Inquiry is the cooperative co-evolutionary search for the best in people, their organizations, and the world around them. It involves the discovery of what gives "life" to a living system when it is most effective, alive and constructively capable in economic, ecological and human terms. AI involves the art and practice of asking questions that strengthen a system's capacity to apprehend, anticipate and heighten positive potential. The inquiry is mobilized through the crafting of the 'unconditional positive question' often involving hundreds or thousands of people. AI interventions focus on the speed of imagination and innovation instead of the negative, critical and spiralling diagnoses commonly used in organisations. The discovery, dream, design and destiny model links the energy of the positive core to changes never thought possible."

WO geskied dus aan die hand van spesifieke vrae wat die positiewe potensiaal by mense ontsluit, ten einde verandering teweeg te bring. As deel van hierdie benadering word op narratiewe/vertellings/stories gefokus (Branson, 2004:37, 38, 40; Cooperrider & Whitney, 2005:3-5, 7-10). Hiervolgens vind herstel plaas van wat hinder/blokkeer of van wat ongebalanseerd is. Deur die energieke kragte wat hierdeur ontsluit word, word organies vorentoe beweeg. Maslow het die visie gehad van ’n positiewe, sosiale wetenskap met die metodologie waar die klem lê op die metafoor, vertelling, wysheid- en kennistoevoeging, taal en verbeelding en die potensiaal het vir die daarstel van ’n generatiewe teorie. Menslike sisteme groei in die rigting wat deur die stel van positiewe vrae (taal) geskep word. Dit geskied binne ’n terrein waar elke persoon betrokke, sekere vryhede ervaar, terwyl ook bewustelik en konstruktief gerig word op verbetering van ’n ongewenste/problematiese situasie - soos die tradisioneel geblokkeerde kerkpraktyk.

Die sukses van verandering deur WO word toegeskryf aan ses generatiewe en noodsaaklike *voorwaardes* wat deur dié kommunikatiewe styl bewerkstellig word. Verandering wat intree geskied omdat die mens se *vryheidspotensiaal* ontsluit word. Die vryheidspotensiaal sluit nou aan by wat Ricoeur as die oopmakende funksie van verbeelding formuleer. Verbeelding se skeppende krag is primêr verbaal en bewerk ’n vooruitskouende funksie wat die dinamiek van aksie inhou (Kearney, 2004:39, 40, 41, 57). Die vryheidspotensiaal behels die volgende (Cooperrider *et al*, 2008:26-30; Chaffee, 2004:7):

- Deur die ervaring van WO beleef elkeen die vryheid om gewaardeer en as mens *erken* te word**.** Elkeen kry die kans om mekaar werklik as unieke individue, maar ook as deel van ’n netwerk van kommunikatiewe verhoudings, te leer ken.
- Deur die ervaring van WO beleef elkeen die vryheid om *gehoor* te word. In ’n een-tot-een-gesprek kan niemand geïgnoreer word nie. Elkeen het ’n stem en word genooi om met inligting/kennis/idees na vore te kom. In die proses word waardering ervaar deur gehoor te word na aanleiding van die kommunikatiewe proses.
- Deur die ervaring van WO beleef elkeen die vryheid om in ’n veilige ruimte te *droom*. Dit gebeur met elkeen persoonlik, maar ook saam, deurdat onderling met mekaar daaroor gekommunikeer word.

- Deur die ervaring van WO beleef elkeen die vryheid om te kies wat gekommunikeer word. Op die wyse lewer elkeen sy eiesoortige *bydrae***.**
- Deur die ervaring van WO beleef elkeen die vryheid om *op te tree* te midde van onderlinge *ondersteuning*. Indien die individu weet dat die groter groep ook positief geneig is, voel hul deel van die kommunikatiewe aksie waar geïnnoveer en geleer word. Deur heelsisteemondersteuning stimuleer mense mekaar om kanse te neem en die beste in hulself na vore te bring.
- Elkeen ervaar vryheid wat geleë is in die geleentheid om *positief* te wees en kommunikatief trots te voel op nuttige werk (vgl. ook Gal 5:13).

Aan die hand van hierdie menslike gawe en instrument word die gemeente in staat gestel om positiewe/waarderende sake en ervarings kommunikatief te deel. Die mens is immers die opdrag gegee om die aarde te beheers. Dit behels ook die daarstel van dit wat goed/positief is vir die mens (Chaffee, 2004:9). Hierdie positiewe sake/ervarings vorm die positiewe kern, waarop gefokus bly en waaruit belangepunte vir die toekoms spruit. Die hart van positiewe/waarderende verandering is derhalwe geleë in die ontdekking van die positiewe kern: dít wat goed werk en positief/waarderend ervaar word. Die volgende uitspraak van Ricoeur (Kearney, 2004:167) toon dat die benadering van taal en die narratief hierby aansluiting vind:

> "My bottom line is a phenomenology of being able."

Branson (2004:19) stel onomwonde en eksplisiet dat WO nie net 'n strategie vir verandering of 'n navorsingsmetode is nie. WO gee vir 'n gemeente die geleentheid om gesprek te inisieer en praktyke op kreatiewe en lewegewende manier te genereer. Dit rig en versorg (rekonstrueer) die gemeente deur gebruik te maak van die beste gesprekke/stories. So word dit nie 'n probleemoplossende proses nie, maar 'n waardering van kragte. Chaffee (2004:7) stel dat WO 'n uitdrukking is van postmoderne, sosiale konstruksionisme. Hiervolgens word *verhoudings* geag as die bron van kennis en sinvolheid deur die mag van *taal*/*kommunikasie,* ten einde 'n verbeterende werklikheid daar te stel.

WO is dus 'n gesindheid, sowel as 'n proses. Dis 'n manier van lewe wat aangeleer moet word en wat lewenslange, positiewe resultate oplewer (Branson, 2004:xi, xii; vgl. 3.8.2.3). Cooperrider en Whitney (2008:25, 26-31, 42-47), Cooperrider *et al* (2008:5, 69, 73), Branson, asook Chaffee (2004:13, 14), is dit eens oor die vier aktiwiteite van die 4D-siklus wat deel

uitmaak van die WO-aanpak: Die proses begin deur op die positiewe te fokus, naamlik dit wat die mens *dankbaar* stem teen teenoor God en teenoor mekaar. Dit loop uit op die geleentheid om *waarderend* te kommunikeer deur gesprek te voer rakende sake/ervarings wat was en is. Daar word gefokus op waarderende stories/weergawes wat spreek van die daarstel van lewensgewende krag. Hiervolgens word temas en onderwerpe vir ’n verdere bespreking/ondersoek vasgestel en staan bekend as die Ontdek-aktiwiteit.

By die verdere bespreking lei die temas en onderwerpe die gesprekvoerders om te droom oor die toekoms en hoe die toekoms daar moet uitsien. Daar word gefokus op visualisering van wat moontlik kan wees (vgl. ook Nel, 2009:76). Dit staan bekend as die Droom-aktiwiteit.

Hierna word ’n geleentheid vir die gesprekvoerders geskep waartydens die gevisualiseerde sake gekonstrueer word, met ander woorde, innoverende maniere van hoe sake/ervarings/toekoms behoort te wees, word gekommunikeer. Dit staan bekend as die Ontwerp-aktiwiteit.

Laastens word die geleentheid geskep vir kommunikasie rakende realisering van die gestelde drome en ontwerpe, asook die volhoubaarheid van die gestelde sake/ervarings/drome. Dit staan bekend as die Bestemmingsaktiwiteit.

Hierdie liniêre, positiewe vraagstellingsproses, bekend as die 4D-siklus, toon dus die beweging vanaf waardering, deur visionering en konstruering tot by die bestemming.

’n Voorbeeld van moontlike vraagstelling kan soos volg wees (Chaffee, 2004:15):

- Wie is jy/die gemeente wanneer jy op jou beste vertoon/wanneer jy die meeste lewe ervaar/meeste betrokkenheid en toegewydheid ervaar?
- Wat is jou/die gemeente se positiewe kern/die lewensgewende sentrum waaruit die beste gedagtes en bydraes ontspring?
- Wat is jou/die gemeente se mees waagmoedige drome?
- Wat is die grootste moontlikhede in diens van die lewe?

Die unieke aan WO is dat nie een enkele kommunikatiewe ervaring van dié kwalitatiewe instrument herhaalbaar is nie. Elke geleentheid is altyd eiesoortig. Die positiewe van hierdie

instrument is sodanig, dat die impak daarvan so sterk deurwerk, met die gevolg dat die instrument mettertyd as ’n *manier* van lewe binne die gemeente aangewend word. Binne die ekklesiologie kan WO toename in effektiewe funksionering (verandering) bewerkstellig, veral aangesien die evangelie dieselfde uitgangspunt het, naamlik ’n goeie/positiewe kommunikatiewe boodskap. Die gelowige het die taak om die positiewe saad te plant, hindernisse uit die weg te ruim en die beste in die mens te koester, ook aldus Greenleaf (Fraker & Spears, 1996:99, 100). Die kerkpraktyk, as menslike organisasie (vgl. 7.2.2.2.3) en as handelingsgroep, kan derhalwe direk met WO as instrument identifiseer; die gemeente is immers ’n lewende, organiese, spiritueel-sosiale sisteem wat deur kommunikasie (taal) liefdevol gekoester (opgebou) behoort te word.

Die Skrif is in die huidige aeoon, na aanleiding van die Groot Opdrag, missionêr gefokus. Die “susterkerk”-gelowige van die 21e eeu is wel bewus van dié normneerleggende waarheidsgrond. Die Groot Opdrag, as uitvloeisel van die Groot Gebod, gegee deur die Groot Sender, bied die mens die basisteoretiese kennis om in gehoorsaamheid, met kreatiwiteit, onderskeidingsvermoë en verantwoordelikheid gebruik te word tot die uitbou van die koninkryk van God.

7.2.2.2.3 Ekklesiologie as menslike organisasie

Die mens in die gemeente ontvang die Groot Opdrag en bring as verteenwoordiger van God, die opdrag ten uitvoer deur die daarstel van die kerkpraktyk. Die kerkpraktyk, as handelingsgroep, is ’n groep mense wat ’n gemeenskaplike doel, belang en passie het en wat hul kennis en vaardighede binne hierdie terrein verdiep deur kommunikatiewe interaksie op ’n volgehoue en voortgaande basis (vgl. Hf. 3). Lewenslank neem gemeentelede toe in kennis en godsvrug/heiligmaking. Die gemeentelede is nie noodwendig elke dag byeen nie, maar hul ontmoet wel op gereelde basis, aangesien waardetoevoeging deur wat goed en nuttig is (Titus 3:8), deur hul byeenkomste ervaar word. Gemeenskaplike sake word gekommunikeer en dit wat saam ervaar en geleer word, bind die gemeente verder saam, verhoudings verdiep, die behoort-ervaring word versterk en ’n sekere identiteit neem vorm aan. Volgens Titus 1:3 en 5 is dit die gemeente se taak om dié huishouding van God in orde te hou deur goeie bestuurders te wees. Die gemeente maak op hierdie wyse deel uit van ’n basiese, sosiale struktuur verbonde aan menswees (vgl. Wenger *et al*, 2002:1-5).

Die kerkpraktyk se sosiale struktuur toon ooreenkomste met ’n organisasie, maar verskil ook wesenlik. Lammers (Brouwer *et al*, 2007:48, 49) noem dat ’n organisasie ’n samelewingsverband is met min of meer hiërargiese karakter wat funkioneer op die basis van ’n formeel-rasionele ontwerp, met betrekking tot funksionering, koördinering en finaliseringsprosesse. Rakende die kerk word gestel dat die kerk-organisasie as sosiale verband eerder as ’n tegniek gesien moet word om kerklike prosesse te organiseer en tot beweging te rig, as om die groep as sodanig te organiseer. Die kerk as handelingsgroep vertoon ook voortdurend ’n vloeibaarheid deur verandering en die verandering skep die geleentheid om planne daar te stel in die reflekterende en aanpassende veranderingsprosesse.

Die gemeente as handelingsgroep is dus ’n natuurlike deel van menslike, georganiseerde lewe. Binne die georganiseerde kerkpraktyk vind groei organies plaas, terwyl bewustelike versorging ook deel van hierdie praktyk uitmaak. Met die doel van die Groot Opdrag, naamlik gemeentelike opbou en uitbou (kwalitatiewe en kwantitatiewe groei) (vgl. 6.5.3.2-6.5.3.7; 6.7.2) voor oë, behoort die gemeentelede die kerkpraktyk doelbewus te beplan en bewustelik hindernisse te verwyder. Sodoende kan ’n stabiele en gesonde omgewing geskep word, waarbinne ontwikkeling en groei kan geskied. Om sodanige rigtinggewende aksie/handeling te genereer, kan binne elke gemeente as unieke gemeenskap, nie van slegs een vaste strategie vir ontwikkeling en groei gepraat word nie. Waarvan wel gepraat word, is beginsels. Die rede hiervoor is immers die gegewe dat elke handelingsgroep/gemeente organies/natuurlik en uniek ontwikkel. Beginsels stel dus nie ’n vaste ontwerp/strategie daar nie, aangesien die organiese/natuurlike lewe/handelinge slegs aan die hand van beginsels wat toegepas word, *gerig* kan word. Deur middel van beginsels kan die onsekerhede van die toekoms op vaste voet benader word (Mead, 1993:69).

7.2.2.2.4 Rigtinggewende WO-beginsels

Natuurlike/organiese ontwikkeling, verandering en groei word deur die volgende beginsels gerig, deurdat kennis deur leer kommunikatief toegevoeg word. Die eerste rigtinggewende en belangrike beginsel is dat *integrering* van die volgende paar beginsels moet plaasvind (vgl. Wenger *et al*, 2002:13, 20, 52-64).

- Die daarstel van kommunikasiemoontlikhede/-geleenthede tussen interne perspektiewe (gemeentelede) en deur eksterne perspektiewe (byvoorbeeld die klassis, sinode, ekumeniese bande, buitestaanders en die samelewing).

- Die verskillende gemeentelede in hul onderskeie betrokkenheidsvlakke (vgl. 7.1.1.4 e), word binne die vloeibare gemeenteruimtes uitgenooi vir deelname binne hul kennisarea: vanaf die kern tot dié op die periferie, asook buitestaanders.
- Publieke, asook privaat*ruimtes* word *oopgestel*, sodat kommunikasie-moontlikhede individuele verhoudings kan versterk en publieke gesprekke *verdiepend* te werk kan gaan.
- Deur gesprekke en aktiwiteite word die geleentheid geskep dat vrywillige een-tot-een-*verhoudings* plaasvind om tot kennis, gewaarwordings en leer te lei, ten einde waardetoevoeging te bewerkstellig.
- *Familiariteit en vrymoedigheid* moet op gereelde basis ervaar word om sodoende te lei tot ’n positiewe ervaring binne *verhoudingsopbou***.**
- Die *ritme* van ’n gemeente word voortdurend mee rekening gehou. Die hart van die gemeente is die netwerk langdurende verhoudings tussen lede, terwyl die tempo van hul interaksies grootliks beïnvloed word deur die ritme van gebeure. ’n Ritme wat te vinnig is, laat deelname afneem. As dit te stadig is, ontstaan onvergenoegdheid, terwyl ’n sterk dog stabiele ritme, beweging en lewe aanmoedig. Die voortdurende evaluering en daarstelling van die effektiefste ritme is ’n sleutel vir ontwikkeling en groei.

Doelgerigte beplanning en toepassing aan die hand van dié beginsels op geïntegreerde wyse, bewerkstellig ’n krag ter wille van natuurlike ontwikkeling. Die krag spruit uit die *kennis* wat op hierdie wyse ontgin word, *energie* wat gegenereer word en *groei* wat gestimuleer word. Deurdat bewustelike beplanning aan die hand van hierdie beginsels geskied, is dit in der waarheid die gemeente self wat as lewende entiteit in kennis en leer toeneem (vgl. 3.5.3.7; 3.5.4.4; 7.2.2.2.5), ontwikkel en groei (vgl. 6.5.3). Aangesien dié doelgerigte beplanning en toepassing daarvan deur bipolêrdenkende gestuurdes onder opdrag van God geskied, is gebed as allesomvattende denkgesindheid eerstens en te alle tye van toepassing (I Thes 5:17, 18).

7.2.2.2.5 Kennistoename en leer

Uit bogenoemde paragraaf is dit weereens duidelik dat menslike denke die uitsluitlike faktor is wat menslike dade bepaal (vgl. Hf. 6). Spr 4:23 stel dat die mens egter versigtig moet wees wat in sy hart omgaan, omdat denke sigbaar oorgaan in dade. Die skepping (Gen 1:3-31), die sondeval (Gen 3:6), die oorlewering van Jesus om gekruisig te word (Mar 15:6-15), asook die

herskepping van die mens, getuig onder andere, van denke wat oorgaan tot dade (Ef 1:9, 10; Rom 8:6b).

Om die hedendaagse I-paradigmadenke binne die problematiese kerkpraktyk van die "susterkerke" te rig tot die gebalanseerde Bybelse bipolêre denkparadigma (vgl. 6.7.2), word slegs van *verandering* gebruik gemaak. Bybelse begronding vir die opdrag tot verandering, is algemeen in die Skrif en spesifiek, onder andere, in Rom 12:1, 2 en Joh 3:1-8 (Burger, 1999:302). Die Skrif, maar ook sosioloë, waaronder Lave *et al* (1991:34), stel onomwonde dat die mens oor die vermoë beskik om verandering van denke daar te stel:

> "Of all the creatures on earth … only human beings can change their pattern."

Om van die problematiese praksis 1 na 'n minder geblokkeerde praksis 2 te beweeg, word verandering van praksis aan die hand van denkverandering benodig. Aangesien verandering van denke 'n baie moeilike saak is, word die praktiese metode van WO aangewend ten einde tot natuurlike verandering te groei (vgl. 6.7.2.2; Pretorius & Lindeque, 2009).

7.2.2.2.6 Bewerking van verandering aan die hand van WO

Verandering is altyd gebonde aan 'n praktiese aktiwiteit (vgl. 7.2.2.2.7). Met denkverandering as uitkoms, is verandering reeds implisiet ingebed in die eerste kommunikatiewe poging/aktiwiteit. Die uitgangspunt is dat die kommunikatiewe aksie kennis byvoeg, kapasiteit bou deur betekenistoevoeging en interpretasie en dat hiérdie ervaringsmoment tot leer lei wat weereens denkverandering teweeg kan bring (Cooperrider & Whitney, 2005:2, 10; O'Donoghue & Punch, 2003;112-125; Lave & Wenger, 1991:50). Branson (2004:x) stel dat die gemeente bewustelik 'n "interpretive community" moet word. Branson (2004:xi, 111, 113, 123, 124) sê verder dat die doel met WO langtermynverandering binne gemeentelike gewoontes daarstel. Nuwe gewoontes word ontwikkel, deurdat op die goeie gefokus word. WO kan nie geleer en geïmplementeer word deur goed onderrigte konsepte nie; dit moet *ervaar* word. Die leierskap moet hierdie organiese manier aanvaar, hulself daarin vestig en binne die kommunikatiewe strategie die narratiewe paradigma voortdurend en in elke situasie rig.

Die eerste praktiese kommunikatiewe aktiwiteit wat bewerkstellig kan word, is om vrae te stel. Die vrae word geformuleer deur waarderende taal, is gerig om energie te ontlont wat op sy beurt die proses van verandering verder aan die gang sit. Dit is reeds bewys dat informele gesprekke telkens die lewegewende vertelling van gemeentelike lewe aandui (Branson, 2004:124). Deur 'n waarderende en oop aanslag word mense meer bemagtig, verbeelding is meer betrokke en nuwe initiatiewe word verwelkom (vgl. Hendriks, 1996:144; Cloete, 2008; De Kloe, 2007). Deur hierdie aanpak ontspring verwagting binne 'n gemeente. Die verwagting impliseer 'n besef van harde werk wat op hande is en vestig die versekering dat daar wel beweging aan die hand van kommunikasie plaasvind. Die kommunikatiewe aanpak, wat op dankbaarheid fokus én van dankbaarheid spreek, vertoon ooglopend 'n soeke na dit wat goed en reg is (vgl. ook Gal 5:22). Die positiewe ingesteldheid ontwikkel uiteindelik tot 'n verbeeldingryke visie rakende die gemeente se toekoms. Branson (2004:xiii) het in hierdie verband, saam met Cooperrider en Watkins, 'n handige werkboek geskryf vir die aanwending van WO, naamlik *AI: Change at the speed of imagination.*

7.2.2.2.7 WO en Skrifbegronding

Binne gevestigde kerkverbande is daar gewoonlik skeptisisme oor nuwighede. Daarom is dit gerusstellend dat WO nie 'n nuwe waarheid bring nie, maar slegs 'n herontdekte manier om die waarheid te laat spreek (Chaffee, 2004:10). Hierdie ondersoekwyse en lewenspraktyk sluit derhalwe aan by die nuwe-wyn-nuwe-sak-Skrifbeginsel. Die uitgangspunt om die positiewe/waarderende in verband met verandering daar te stel, sluit ten volle aan by die Skrif (Strong, 2007:106). Cooperrider (Chaffee, 2004:2, 10) stel dat Mat 7:7 melding maak van *vra*, *soek* en *klop* as positiewe aktiwiteite. Dit veronderstel dat veranderde omstandighede sal volg. Die slegte/negatiewe word nie vermy nie, maar deur die wyse van ondersoek word die mens na die ontdekking van God se lig gelei, ten spyte van slegte/negatiewe omstandighede (vgl. Ps 139). Hierby aansluitend word die mens deur die Skrif aangeraai om 'n byl wat stomp is, te slyp (Pred 10:10). Kerkkrimping toon aan dat die tradisionele ekklesiologie "stomp" is en dringend roep om geslyp te word (vgl. Branson, 2004:xiii).

Die koninkryk van God is in menslike terme die droom van God (McLaren, 2006:260). Met die wederkoms sal dit verwerklik word wanneer die vrugbare grond die goeie saad en vrug toon. Totdat dit gebeur is dit die taak van die mens om die grond so vrugbaar moontlik te hou en hindernisse te beperk (vgl. ook Fraker & Spears, 1996:189).

Branson (2004:xi, 40, 43-58) lê veral sterk klem op *dankbaarheid* as positiewe/waarderende beginpunt in die Skrif (I Thes 1:2, 3). Hy wys breedvoerig hoe die Bybel die raamwerk vir WO vorm. Hy wys ook op Jesus wat die mens uit homself positief ophef; dat die nuwe mens positief gerig word tot aktiwiteit, vergelyk word met ’n stad op ’n berg en met ’n lig vir die wêreld om ánder na God se koninkryk toe te trek (Mat 5:14, 15). Ook Paulus se aanpak is om sy briewe met dank as deel van die goeie/positiewe te begin, voordat enige ander saak aangespreek word (I Thes 1:2). Branson verwys ook na Nouwen wat dankbaarheid sien as ’n “discipline and a choice”:

> “The discipline of gratitude is the explicit effort to acknowledge that all I am and have is given to me as a gift of love, a gift to be celebrated with joy. Gratitude as a discipline involves a conscious choice. I can choose to be grateful even when my emotions and feelings are still steeped in hurt and resentment.”

Die sewe briewe in Openbaring fokus ook op Jesus se positiewe/waarderende invalshoek: “*Ek ken jou werke* …” (Openb 2:19). Jesus Christus, as herskepper, maak grootliks van positiewe kommunikasiewyses en vraagstelling gebruik en het dus reeds 2000 jaar gelede, WO as instrument toegepas. Jesus sluit positief aan by kennis wat reeds bestaan (praksis 1), met die bedoeling om kennis toe te voeg, verandering te bewerkstellig en ’n verbeterende en veranderende praksis 2 daar te stel. Hier kan as voorbeelde genoem word, Jesus se kommunikatiewe aanslag tydens die gesprek met die Samaritaanse vrou (Joh 4:1-26), die vermeerdering van die brode en vissies (Mar 6:35-44; 8:1-10), die belydenis van Petrus (Mar 8:27-30), die vraag oor die betaal van belasting (Mar 12:13-17), die blinde man by Jerigo (Luk 18:35-43) en die gelykenisse (McLaren, 2006:49).

Vervolgens word slegs ’n enkele paar ander voorbeelde, waar die positiewe/waarderende in die Skrif prominent na vore kom, kortliks genoem. God het geskep en dit was baie goed (Gen 1:31). Die mens het egter na aanleiding van negatiewe vraagstelling deur die Satan (Gen 3:1, 4), negatiewe denke verkry deur kommunikatiewe kennistoevoeging en as verteenwoordiger van God misluk (Gen 3:4-6). Deur bewus te word van goeie/positiewe en kwade/negatiewe kennis (Gen 2:9, 3:6, 11), het die mens die vermoë gekry om deur kennis sy denke te verander. Deur positiewe vraagstelling soek God die mens egter eerste op (Gen 3:8) en ten spyte van menslike mislukking gee God die moederbelofte as positiewe belofte (Gen 3:15). Deur Christus geskied positiewe herskepping (Rom 6:1-10) en word die verlore mens deur die

kragtige inwerking van die Gees gerig tot die maak van ’n positiewe keuse. Dit bewerkstellig denkverandering en lei daartoe dat herskepping van ’n nuwe mens plaasvind (Rom 8:1-17).

Rom 12:1 en 2 NV handel spesifiek oor die veranderde, positiewe nuwe lewe in Christus: “*laat God julle verander deur julle denke te vernuwe, dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*” Filip 4:8 NV fokus op *deugde* en *lofwaardige* sake wat *waar*, *edel*, *reg*, *rein*, *mooi* en *prysenswaardig* is: “*daarop moet julle julle gedagtes (denke) rig.*” Dit is en bly egter die mens se verantwoordelikheid om met sy denke biddend en onderskeidend te werk te gaan en sy gedagtes op die positiewe te rig.

Binne die huidige omstandighede van die eerste dekade van die 21e eeu, is verandering van denke nie ’n nuwe idee nie. Dit is doodeenvoudig die hedendaagse “susterkerk”-gelowige se taak om hul “*eie heil uit te werk met vrees en bewing*” (Filip 2:12 NV), want dit is in der waarheid God wat hulle “*gewillig en bekwaam maak om sy <u>wil</u> uit te voer*” (Fil 2:13 NV) - Sy *wil* wat in die Groot Opdrag na vore kom (vgl. Hf. 3). Watter omstandighede ookal in Suid-Afrika die bo-toon voer (vgl. Hf. 4-6), word aan die hand van die Skrif geringer geag, aangesien die mens wat positief gestel is, in Christus “*tot alles in staat is deur Hom*” wat die Heilige Gees as krag gee (Filip 4:13) (vgl. 3.8.3.1). Aansluiting by die positiewe word in Tit 3:9-11 en I Thes 5:21 en 22 beklemtoon, deurdat die gelowige *niks* te doen moet hê met enige negatiewe saak nie. Passiwiteit binne die problematiese ekklesiologie spruit hiervolgens uit die denke van die mens wat toegee aan negatiewe omstandighede. Deur aan negatiewe omstandighede toe te gee, ontken die mens die krag wat deur die Heilige Gees in hom is, asook die belofte wat tydens die doop bevestig en verseël is.

WO as herontdekte Skrifmetode, is uiters geskik om gebruik te word in ’n Skrifbegronde lewenswyse: nie net vir hierdie ondersoek, soos ook aangewend is by GKSA Kemptonpark-Mooifontein nie (vgl. Bylaag H WO geïmplementeer by Kemptonpark-Mooifontein 2009), maar oral waar verandering in die praktyk ter sprake is.

7.2.2.2.8 Realiseringsbeginsels van WO en Skrifbegronding

Die volgende vyf realiseringsbeginsels van WO verduidelik die verskuiwing van teorie na WO as praktyk. Om verandering binne ’n gemeente as georganiseerde handelingsgroep daar

te stel, moet die volgende realiseringsbeginsels geïntegreerd daargestel word en geïntegreerd realiseer.

Die eerste beginsel staan sentraal, naamlik dat *samewerking moet geskied tussen die verbeeldingsfunksie en die redelike funksies* van die menslike denke. Dit is wesenlik belangrik, aangesien die mens in sy wese ’n denkende, verbeeldingryke en skeppende wese is. Tweedens word *gelyktydigheid* voor oë gehou, aangesien ondersoek en verandering nie aparte momente is nie. Derdens word die poëtiese realiseringbeginsel in gedagte gehou. Dit geskied deur in erkenning te leef dat die mens ’n “*oop boek*” is, wat beteken dat elke persoon insette kan gee oor die verlede, hede en toekoms. Elke mens is ’n oneindige/oop bron van kennis, leer en inspirasie. Vierdens is *verwagting* ter sprake. Dit behels dat die mens se huidige gedrag gerig word deur dit wat in die toekoms geleë is. Laastens volg die *positiewe* as realiseringsbeginsel: die uitgangspunt is dat sterk, positiewe vrae en positiewe gesprekke gekommunikeer word. Hierdeur word gelei en gerig tot langdurige, positiewe verhoudings, positiewe aktiwiteite en positiewe veranderings (Cooperrider *et al*, 2008:8-10).

Dié beginsels word as die DNA van WO gesien. Watkins en Mohr, soos aangehaal deur Chaffee (2004:12), noem die beginsels die "generic processes", terwyl dit soms ook pedagogiese prioriteite genoem word. Chaffee (2004:10-12) voeg by die vyf beginsels egter nog drie beginsels, naamlik die heelweesbeginsel, die ‘asof-optrede’-beginsel en die keusevoorkeurbeginsel. Die *heelweesbeginsel* dui op gesonde verhoudings, maar ook die totaliteit van moontlike verhoudings, naamlik verskeidenheid. Die ‘*asof-optrede’-beginsel* wat inhou dat "transformation occurs by living in the present what we most desire in the future", en die *keusevoorkeurbeginsel*, wat beteken dat die mens floreer wanneer die mens self sy voorkeur kan stel en daarby betrokke kan raak.

Hierdie realiseringsbeginsels van WO integreer met Skrifuitsprake, maar is ook voortspruitend uit die Skrif, veral waar Christus se herskeppingswerk in die mens ter sprake is. Alhoewel uitgebreider Skrifbegronding gegee kan word ter bevestiging van bogenoemde WO-realiseringsbeginsels, word slegs een Skrifvoorbeeld vir die eerste vyf beginsels genoem.

Eerste realiseringsbeginsel: In geheel getuig Spreuke van wysheid, insig, beplanning, oorleg en dergelike menslike denke en aktiwiteite ten einde ’n goeie/positiewe en Godwelgevallige lewe te voer.

Tweede realiseringsbeginsel: Bekering (verandering) en selfondersoek gaan hand aan hand, vind gelyktydig plaas en kan nie geskei word nie (Mat 16:24, 25).

Derde realiseringsbeginsel: Die feit dat die mens nie op geslote wyse net vir homself leef nie, maar wel ter wille van sy medemens wat kommunikatief positief opgebou kan word deur kennis, vermaning, lering en versorging (I Tim 5:1-4).

Vierde realiseringsbeginsel: Die toekomsverwagting en vooruitsig van die wederkoms en die ewige lewe wek verwagting as voltooiing van ’n godsalige lewe (Tit 2:12, 13).

Vyfde realiseringsbeginsel: Christus word as die groot positief erken en bely: Christus wat die bewerker van lewe uit die dood is en deur die Gees die positiewe moontlik maak in ’n negatief-menslike wese, binne negatief-sondige aardse omstandighede (Rom 12:1, 2; Gal 5:16-25).

7.2.2.2.9 Samevattende konklusie: Skematiese samevatting van vooraf strategie en WO

Die skematiese samevatting (vgl. Bylaag J) toon die stappe wat waarneembaar is in die (hernude) bekeringsproses. Hierdie denkverskuiwingsproses vorm deel van die vooraf strategie vir die daarstel van ’n vernuwende gereformeerde biotiese strategie (vgl. 7.1.1.4), waardeur denke positief aan die hand van WO (vgl. 7.2.2), voortdurend verander word. WO is die herontdekte Skrifbegronde, positiewe gesindheid, proses en metode wat denkwanbalanse kan wysig en verandering kan bewerkstellig.

7.2.3 ’n Strategie vir die daarstel van ’n verbeterende praksis 2

Met die wysigende denkproses reeds aan die gang, kan die problematiese praksis 1 nou bekyk word om die strategiese proses vir die daarstel van ’n verbeterende praksis aan die gang te kry (vgl. Saarinen, 1992:1). Soos reeds in 7.1.1.4 bespreek is, het elke gemeente ’n eie posisie binne die lewenssiklus van ’n gemeente. Ten einde ’n verbeterende praksis 2 binne die betrokke gemeente daar te stel, is dit belangrik dat die gemeente vasstel in watter fase tans verkeer word. Indien die gemeente voor die platofase verkeer, word dringende bewustheid van die betrokke siklusfase vereis. Die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel aan die hand van WO word dan bewustelik as rigtingwyser gevolg. Elke bedieningsfaset moet diep en daadwerklik aan die hand van WO geëvalueer word en revisionering moet plaasvind. Hierdeur word ’n dalende kurwe oppad na die kwynende fase gewysig tot ’n opwaartse S-kurwe. Die opgaande

kurwe gaan gepaard met die daarstel van die hernude visie/doelwitdaarstelling (vgl. 7.2.3.2.1; 7.2.3.2.3.3 organiese vermeerdering) en strukturering, sodat diep wysiging en effektiewe bediening, die moontlike verval in ’n status quo-bediening vroegtydig kan vervang.

Die maniere wat God kan gebruik om ’n kerk te plant of te laat groei is oneindig, omdat die Heilige Gees werk soos Hy wil. Elke gemeente besit hiervolgens die vryheid om ’n strategie te bedink wat uniek by die gemeente pas. Tog is daar in elke bedieningsproses ooreenstemmende en gemeenskaplike aspekte teenwoordig. Die besef moet duidelik wees dat elke gemeentelike vernuwing, of nuwe kerk wat geplant word, nie oor die boeg van innovasie gegooi kan word nie, maar wel oor die boeg van gehoorsame navolging van God, om die beste manier te ontwikkel waardeur die evangelie plaaslik effektief verkondig kan word (Bulley, 1994:2, 3; Burger, 1999:300; Janse van Rensburg, 2000:77).

Hieronder volg die raamwerk vir ’n strategie vir ’n verbeterende praktyk (praksis 2), waardeur die “susterkerk”-leierskorps en -lidmate as gestuurdes en as geroepenes, sistematies kan beplan en kan optree, ten einde blokkerende hindernisse daadwerklik te voorkom, of te verwyder. Op hierdie wyse kan ’n gesonde terrein voorberei word in die geloof dat die Gees op sy tyd kerkgroei daar te stel.

7.2.3.1 Strategie nadat denke as blokkasie positief aangeraak is

Die “susterkerke” word gekonfronteer deur die stelling dat dit makliker is om ’n kind te hê, bedoelende om ’n kerk te plant, as om dooies op te wek, bedoelende om gesonde verandering en ontwikkeling in gevestigde gemeentes te bewerkstellig. Dit skyn so onmoontlik soos om ’n wonderwerk deur mensetoedoen daar te stel. Waar die mens voor die onmoontlike te staan kom, is dit slegs binne geloofsgemeenskappe onder leiding van die Gees, dat teen die rasio in oorgegaan kan word tot aksie. ’n Strategie vir groei in die “susterkerke” aan die begin van die 21e eeu, is derhalwe ’n enorme geloofsuitdaging en moet as geloofsdaad onverwyld, dringend, intens en nuut aangepak word (vgl. Gilbert, 2004:123; Joubert, 2008; Malphurs, 2004:28; Nel, 2009). Aan die hand van WO, is die punt nou bereik waar denke in die gemeente positief aangeraak is en denkverskuiwing by die Afrikaanssprekende “susterkerk”-lidmate in verantwoordelike dade kan oorgaan. Saarinen (1992:23) formuleer hierdie punt soos volg:

> "The congregation can take responsibility for its own growth and, at the same time, be responsive to the formative word of the Holy Spirit in moving it toward wholeness."

Denkverskuiwing gaan oor die maak van nuwe keuses. Hierdie keuses word ook onder die intense bewussyn van God se teenwoordigheid gemaak. Hierdie keuses word gemaak deur van die instrumente te gebruik wat God van die begin af reeds daargestel het om kerkgroei te bewerkstellig (Burger, 1995:13, 18; Schwarz & Schalk, 1998:8; Strong, 2007:103). In die ware sin van die woord kan maar net van die instrumente wat God beskikbaar stel, gebruik gemaak word, want geen alternatief vir kerkgroei bestaan nie (Simonian, 1999). Daar is ook geen alternatief vir die kwynende "susterkerke" nie. Tyd vir ontkenning van die situasie is daar ook nie. "Deep change" (Gilbert, 2004:2; Nel, 2009:76; Pretorius & Lindeque, 2009) is die enigste uitweg. "Deep change" word ondubbelsinnig en in die volle betekenis van die begrip uitbasuin. Die implikasie is dat die klein aantal wat in die eerste dekade van die 21e eeu nog in die "susterkerke" in Suid-Afrika oor is, én bereid is tot verdere verandering en gehoorsaamheid, die onbekende en onstuimige waters van diep verandering dadelik en biddend moet betree.

Onwillekeurig word dié (enigste) opsie benader deur te vra: Wat is die inhoud van die nuwe ruimte/spasie wat nou gevul moet word; nou nadat bekering plaasgevind het en die ou ruimte afgelê is? Wat is die inhoud van diep denkverandering?

Die antwoord word slegs in die Woord gekry: Christus word deur God die Vader na die aarde toe gestuur met slegs die een beweegrede, naamlik liefde vir die mens. Die Groot Gebod, dat die mens God moet liefhê en hiermee gelykstaande ook die naaste, spruit voort uit God se liefde vir die mens. Die inhoud van die liefdesgebod is allesomvattend: dit raak die mens se hele siel, hele verstand, hele hart en alle menslike kragte. Omdat die liefde van God bedoel is vir die mens, word aan die mens die opdrag gegee om die liefde ook onderling te betoon. Die reddende liefdesbetoning (Groot Gebod) wat dan tussen mense tot uiting kom, geskied deur gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag. Missio Dei word konkreet wanneer die mens, gedryf deur die liefde in Christus, al sy kragte, sy hele verstand, siel en hart inspan en die dryfkrag word agter 'n menslike plan/strategie vir gemeenteontwikkeling, -bou en -groei; 'n strategie wat daargestel word volgens die reëls wat God in die Skrif kommunikeer. Murahashi (2001:102-105) gee waardevolle riglyne vir gemeenteontwikkeling binne 'n komplekse,

eentalige samelewing, waar die uitgangspunt onteenseglik ook die Bybelse beginpunt is, naamlik die Groot Gebod en die Groot Opdrag.

7.2.3.1.1 Gemeenteontwikkeling, gemeentebou en gemeentegroei

Deur die reeds bereikte vlak van (hernude) bekering en denkverandering, besef "susterkerk"-gelowiges dat volledige gemeenteontwikkeling, -bou en -groei op 'n verantwoordbare wyse nagestreef moet word. 'n Volledigveranderde bedieningsplan/strategie as enigste uitweg moet dringend tot stand kom om sodoende 'n stil dood van die "susterkerke" te voorkom. By Schaller en Easum (Nel, 2009) word vir hierdie strategiese voorstel aansluiting gevind, deurdat eersgenoemde 'n uitweg deur 'n positiewe aanslag voorstel en nastreef (vgl. WO), terwyl laasgenoemde stel dat indien die status quo gehandhaaf word, dit noodwendig tot krimping en ten slotte tot die dood lei (vgl. 6.7.5).

Gemeente-*ontwikkeling* is dus 'n positiewe, doelgerigte en dinamiese proses om die gelowige lidmaat te begelei en te bemagtig tot 'n lewe in diens van God (Missio Dei) en in gehoorsaamheid voor God (Coram Deo) (Van der Merwe, 2009c:30, 31; vgl. Hendriks, 1996:143, 144; 1999:19; Pieterse, 2010:3)**.** Die ontwikkeling behels die sistematiese (op)bou van die gemeente. Die bou van 'n gemeente hou verband met die verbond. God bou sy volk op en breek hulle af as hy dit nodig vind. Sedert die Nuwe Testament vind die opbouwerk deur middel van die Gees én die dienswerk van gelowiges plaas. God is saam met die mens aan die bou van sy koninkryk. Die boumetafoor is ook prominent in die Skrif: die gemeente word opgebou soos 'n gebou of 'n huis; die gemeente is 'n tempel van die Heilige Gees (I Kor 3, Ef 2). Die fondament van die gebou is Christus (I Kor 3:11, Ef 2:10) en die bouwerkers, volgens die oikodomeo-begrip, dui op God, Christus, die Gees en die menslike potensiaal, aldus Te Velde (Van der Merwe, 1999:124) en Burger (1999:194).

Gemeentebou word verder soos volg bewoord (De Kock, 2003:12):

> "Gemeente-opbou is die beplande, gekoördineerde en sistematiese toerusting van gelowiges, deur die gawes en deur middel van die Woord - in verskillende gestaltes van Woordbediening - tot opbou en groei in persoonlike geloof en geloofsgemeenskap met God en met mekaar."

Gemeentebou verwys dus na die totale, deurlopende en geïntegreerde opset van die gemeentelike kerkpraktyk.

Veral die Church Growth Movement (CGM) het die afgelope dekades aandag getrek as gevolg van suksesvolle *gemeentegroei*. Die suksesstorie sentreer grootliks om effektiewe kommunikasie rakende die evangelieboodskap, maar die pragmatiese aanslag daarvan skep tog op die lang duur probleme, omdat dit nie genoegsaam op alle vlakke Skrifgetrou ontwikkel, of eksegetiese getoets is nie. 'n Verdere probleem is dat die beweging op ongebalanseerde wyse te veel bloot net as organisasie hanteer word (De Kock, 2003:16). Steeds is gesoek na die beste kerkgroeibenadering. Sedert 1987 het die fokus vir kerkgroei begin verskuif na die kerk as organisme (vgl. Schwarz Bylaag L). Die verskuiwing het plaasgevind, veral na aanleiding van Schwarz se boek, *Theology of Church Development,* wat op bipolêre ekklesiologie fokus. Hiervolgens het natuurlike kerkontwikkeling, as die sleutel vir kerkgroei, na vore gekom (vgl. Simonian, 1999). Veral na die 1999-publikasies van Schwarz kan dié benadering as eksegeties deurtrap, verfynd en geverifieerd gereken word.

Die doel van natuurlike/biotiese kerkontwikkeling (NCD) is om die gemeentelike potensiaal, wat reeds bestaan en deur God in die gemeente geplaas is, te ontsluit. Die ontsluiting vind plaas aan die hand van 'n gemeenteprofiel, bestaande uit agt kwaliteite/kenmerke (vgl. 6.5.3) en om deur 'n ondersoek rakende die kwaliteite/kenmerke, die minimumfaktor te bepaal. Aan die hand van die gemeente se minimumfaktor (swakste van die agt kenmerke), maar ook aan die hand van die ander sewe sterker punte, word die bediening beplan. Na verloop van 'n vasgestelde tydperk, word die gemeentontwikkeling gemonitor en geëvalueer. Na aanleiding van 'n opvolggemeenteprofiel vind revisionering plaas. Hiervolgens word voortdurende aanpassings na aanleiding van die minimumfaktor gemaak, terwyl die gemeente ook nie so maklik in 'n status quo-situasie verval nie. Die natuurlike/biotiese benadering word dan die gemeente se oorkoepelende strategie rakende die bediening (Schwarz & Schalk, 1998:8). Aan die hand van WO (vgl. 7.2.2.2) word dit 'n lewenswyse wat tot voorkoming van hindernisse lei en suksesvol tot gemeentegroei (kwalitatief en kwantitatief) bydra.

Die geïntegreerde gemeenteontwikkelingsproses aan die hand van die agt kenmerke, geskied "like wheels within wheels" (Kotter aangehaal deur Gilbert, 2004:119) in die vier bedienings, naamlik *koinonia* (geloofsgemeenskap en sorg as geloofshandeling), *kerugma* (verkondiging, getuienis (marturia) en lering (didache) as geloofshandeling), *diakonia* (liefdesdiens as

geloofshandeling) en *leitourgia* (lof, dank, aanbidding as geloofshandelinge) (Van der Merwe, 2009c:39, 40; vgl. 6.5.3.2). Die proses is nie eenvoudig, liniêr of analities nie. Omdat ’n veelvoud van stadia en projekte gelyklopend funksioneer, skyn die aanpak kompleks, dinamies, slordig en selfs afskrikwekkend te wees (Gilbert, 2004:119). Dit is derhalwe belangrik om binne dié bipolêre denkparadigma (met voortdurende aflegging van die I-denkparadigma), in voortdurende geloofsoorgawe biddend te verkeer, gelowigwetend dat die onvoorspelbaarheidsbeginsel van dié chaordiese benadering wél tot gesonde groei lei (vgl. 6.7.2.3). Deur die oorgegewe lewenswyse voor God, skep die Gees orde in ’n menslik, skynbaar verwarrende/slordige/komplekse kerkpraktyk (Branson, 2004; Gilbert, 2004:202; Niemandt, 2006:29).

Gemeenteontwikkeling en -bou lei onafwendbaar na gemeentegroei as wesenlike deel van kerkwees. Met *gemeentegroei* word numeriese (uitbou) én individuele geloofsgroei (opbou) bedoel, maar ook word organiese groei bedoel. Laasgenoemde behels die vermoë van die gemeente om deur die kerk as geïntegreerde sisteem tot effektiewe funksionering te groei, sodanig dat die lidmate (opbou), maar ook die gemeenskap (uitbou), waardetoevoegend daarby baat. Gemeenteontwikkeling en -bou, aan die hand van ’n bedieningsplan, is dus groter as die blote ontwikkeling van ’n enkele strategie of die organisering van ’n paar projekte. ’n Bedieningsplan maak erns met die geloofshandelinge van die gemeente (Burger, 1999:194; Van der Merwe, 2009b:8; 2009c:7, 8), vanaf die (hernude) bekering en denkverandering wat sigbaar word as vernuwende Coram Deo (vgl. Bylaag K), binne ’n allesomvattende fokus, roeping, gesindheid en uitgangspunt.

Bylaag K toon waar die skematiese voorstelling van Bylaag J inpas, asook die voorstelling van die gereformeerde strategie (bedieningsplan). Die Apostolikum, as meetinstrument, is immer geldig waar groei ter sprake is. Dus ook hier tydens die hele proses. Die hele proses - die eenheidswordingsproses - soos aangedui aan die regterkant, is hierby ingesluit. In die kolom links is die leierskapstrategie, die revisioneringstrategie en die kommunikatiewe strategie, asook die WO-aanpak, wat voortdurend van toepassing is. Dit vorm telkens die bewegende “wiele” binne die bewegende, biotiese groei-outomatismes en gemeentebedienings-“wiele” as gestelde strategie aan die regterkant. Gemeentegroei volg voortdurend aan die hand van hierdie skynbaar verwarrende en vervlegte, biotiese strategie, totdat volwassenheid bereik word. Dié mylpaal is meetbaar en word bereik deur die 65-skaal

rakende die agt kenmerke. Teen hierdie tyd het die gemeentekultuur al sodanig verander, dat ’n verbeterende praksis 2 binne Coram Deo-uitnemendheid, waarneembaar is. Die gemeente is dan gereed vir voortplanting deur, óf gemeentedeling, óf kerkplanting. By die nuwe gemeente neem gemeente-ontwikkeling, ongeag die wyse van kerkstigting, dadelik in aanvang aan die hand van die voorgestelde strategiebepaling. Gelyklopend is die Apostolikum as meet-instrument steeds van toepassing in die eenheidspogings tot een reformatoriese “susterkerk”-verband, wat met tyd ontwikkel tot die eenheid van een reformatoriese kerkverband.

Die skynbaar verwarrende, vervlegte, biotiese strategie word hieronder visueel voorgestel in die metafoor van ’n ineenvervlegte tou. Elke toutjie stel ’n aspek van die biotiese strategie voor, byvoorbeeld elkeen van die allesomvattende sake, elkeen van die die agt kenmerke, elkeen van die vier bedienings, elkeen van die teologiese en kontekstuele begrondings, asook elkeen van die individuele aksieplanne. Deur die metafoor van ’n digverweefde, skynbaar deurmekaar klomp toutjies, kom ’n funksionele, ordelike en effektiewe tou te voorskyn: die biotiese strategie.



In die veranderingsproses formuleer onder andere ook Brouwer, Van der Ven, Ammerman en Cameron perspektiewe/indelings vir gemeentelike opbou. Dit word deur Brouwer as ’n multidimensionele benadering beskryf en herinner aan die metafoor van ’n ineenvervlegte tou soos hierbo bespreek is. In die poging tot die daarstel van ’n gereformeerde strategie vind oorvleueling met die indeling van Brouwer plaas, deurdat die konteks, identiteit en kultuur, struktuur en middele, asook leiding, deel uitmaak van die strategie (2007:51, 105-129). Deur slegs dié indelings binne ’n vernuwende gereformeerde strategie te stel, sal die resultaat ’n verskraalde perspektief op die veranderingsproses wees. Die volgende tekorte kom duidelik na vore deur die verskraalde perspektief:

- Die gebrek aan die bewusmaking van denke wat gewysig moet word, asook praktiese stappe in die verwesenliking van denkveranderingsproses,
- die afwesigheid van ’n geïntegreerde, holistiese, dog sistematiese benadering van die komplekse proses,
- afwesigheid van die praktiese toepassing van die kommunikatiewe teorie van aksie binne die proses,
- verswyging van die Skrif as normneerleggende riglyn.

Voordat oorgegaan kan word tot die volgende aspek van die bedieningsplan, naamlik die teologiese begronding van die strategie, is dit nodig om die vier allesomvattende sake deeglik te bespreek en die plek daarvan goed te verstaan. Die allesomvattende sake, naamlik fokus (Christus - hart), roeping (Missio Dei/Groot Opdrag - krag), gesindheid (gebed - hele siel) en uitgangspunt (bioties - verstand), spruit voort uit die Groot Gebod en daarna die Groot Opdrag. Die allesomvattende sake is immer aanwesig en vorm die vervlegte omhulsel, waarbinne die bedieningsplan ontstaan, ontwikkel en ten uitvoer gebring word.

7.2.3.1.2 Allesomvattende aspekte binne gemeenteontwikkeling

7.2.3.1.2.1 Allesomvattende fokus: Christusgesentreerdheid (GS) binne die verbond (met jou hele hart)

Schwarz (1999:49) se mening dat kerkkrimping ’n simptoom is van ’n diepere denkdefek, naamlik ’n verkeerde siening van God, sluit byna ’n dekade later aan by Van Rooy (2007:39-41), wat hom in dieselfde terme uitspreek, naamlik dat die ekklesiologiese probleem van kerkkrimping in der waarheid ’n gebrek aan Godskennis is. ’n Soortgelyke mening is ook ongeveer ’n dekade voor Schwarz reeds deur Runia (1988:106) gestel, naamlik dat die teendeel van kerkkrimping net geskied as daar toewyding aan Christus is. Bekering terug na Christus toe, is altyd die beginpunt van verandering: terug na Christus en sy heilshandelinge en die onvermydelike al-meer-word van wat die gemeente reeds in Christus is (Van der Merwe, 2009c:2). In Chistus is stilstand/stagnasie/status quo “onmoontlik” en roep dus altyd om bekering (Schwarz, 1999:33, 34; 7.2.1; 7.2.2).

In Christus lê die locus classicus, die kern van alles wat heilsaam/nuttig/funksioneel is. Christus as balanserende middelpunt tussen wettisisme/dogma/woord (I-paradigma) en uitlewing/dade/werklikheid (S-paradigma), rig die gelowige tot kruisgesentreerde denke

(bipolêre denke) (vgl. 6.7.2.3; Du Toit *et al*, 2002:49; Heitink *et al*, 2000:53-71). Deur 'n Christusgesentreerde verbondslewe, word Jesus as Hoof en as die balanserende anker in die kerk, erken. Christusgesentreerdheid, sonder enige plusse, toon reformerende denke (Botha, 2006a:47). By Christus, as die Woord en die Lewe, is die oplossing van ongebalanseerdheid, deurdat die woord en lewe/werklikheid funksioneel bymekaar gebring word. Hierdie fokus deurtrek die hele bedieningsveld. God Drie-enig het in die raadskamer kommunikatief verkeer en hieruit voortspruitend het die stuurproses in aanvang geneem, deurdat die missionêre Vader, die Seun gestuur het. Die Woord, as vleesgeworde kommunikasie, saam met die Heilige Gees, as werkende kommunikasie, stuur weer die mens. Deur menslike pastorale handelinge geskied menslike kommunikasie (kerugma, marturia, didache, leiturgia, koinonia, paraklese en diakonia) soos geïnisieer en bedoel is deur God Drie-enig. Die grondwet van die kerk is die verbond wat spreek vanuit Gen 12:2, naamlik dat die koninkryk deur die gelowige mens tot seën van ander moet wees. Ten diepste is die kommunikatiewe handeling dus die praksis van God self (Bosch, 1991:378-381, 389-393; De Kock, 2003:77; Heitink *et al*, 2000:331; Niemandt, 2006:154, 147).

Deur die Christusgesentreerde paradigma word korrekte Godskennis bekom en weet die gelowige met sy hele hart, dat God deur Christus, hierdie kommunikasie sal volhou met die doel om al die uitverkorenes te bereik. Dit was immers die doel van God se kommunikatiewe besluit. Indien die "susterkerke", as verbondsgemeenskap, allesomvattende Christus-gesentreerdheid bedink, met dié denke voortspruitende uit die Groot Opdrag as allesomvattende roeping, saam met die allesomvattende biotiese uitgangspunt, daadwerklik reformeer én deurtrek is met die allesomvattende gebedsgesindheid, gee die Skrifbeloftes die versekering dat groei, in plaas van "slow death", sal toeneem. Slegs in die lig van Christus sal 'n strategie funksioneel wees (vgl. ook Janse van Rensburg, 2000:94).

7.2.3.1.2.2 Allesomvattende roeping: Missio Dei (met al jou kragte)

Die kommunikatiewe besluit in die raadskamer van die Drie-enige God het die sentrale doel voor oë, naamlik dat die kerk van Jesus Christus, volgens die Groot Gebod en Groot Opdrag moet ontwikkel, groei en vermeerder (Cope, 2006:194; Niemandt, 2006:147; Schwarz, 1999:77; Schwarz & Schalk, 1998:24). Die Groot Gebod, naamlik liefde tot God en gelykstaande die naaste, word verder uitgebrei deur die Groot Opdrag. God het die mens in Christus lief en stort die liefde deur die Gees in die mens se hart uit om mekaar daardeur te

bedien. Die Groot Opdrag is derhalwe ’n direkte en onvermydelike uitvloeisel van die liefde van God, deur die liefde van die gelowige mens na diegene wat God verkies het tot die ewige lewe (Bosch, 1991:390)

Na die bekeringsproses is die volgende teologiesbegronde stap in die aanloop tot die daarstel van ’n gereformeerde strategie, aanvaarding van die Groot Opdrag. Aanvaarding van hierdie opdrag is ’n onafwendbare en ononderhandelbare uitvloeisel van die bekeringproses. Saam met die Groot Opdrag en die Groot Gebod is daar, onder andere, Luk 4:17-19 en Joh. 17:18, wat direk verwys na Jesus as uitvoerder en vervuller van die Groot Opdrag (Gilbert, 2004:123). Die Groot Opdrag is God se oorkoepelende doel met die kerk:

> “Mission is the result of God’s initiative rooted in God’s purpose to restore and heal his creation” (Niemandt, 2006:147, 148).

In die lig hiervan beteken Missio Dei dat die missie/sending van die kerk in die wêreld aan God behoort. God is ’n missionêre God. God is sending. Sending en evangelisasie is sinoniem en is ten diepste ’n eienskap van God. God se missie is vas en ononderhandelbaar. Die term, missio Dei, is ’n eerste in die sendingbeskouing van Barth (Bosch, 1991:392). Dit dui daarop dat God homself op dié wyse verwoord sonder die nodigheid van menslike hulp. Die “susterkerke” kan bloot dankbaar as bevoorregtes reageer as deel van die sending (Bosch, 1991:372, 389-393; Hendriks, 2003; Pretorius & Lindeque, 2009; Van der Merwe, 2009a).

Die Groot Opdrag vorm ’n duidelike raamwerk en ’n vaste begrensing vir alles wat verder in die kerk gebeur. In wese is gemeentelike praktyk missionêr. Wanneer gemeentes die missionêre karakter toon, word die merk van ’n ware en gehoorsame kerk geopenbaar (De Kock, 2004:15; Hendriks, 2003). Niemandt (2006:53) definieer missionêrgerigte gelowiges as “moedige innoveerders wat ’n nuwe era inlui deur aanpasbare veranderings aan te bring en nie bloot te volstaan met tegniese veranderings nie” (vgl. Mead, 1993:71-73). Hy wys daarop dat die mens in homself besef hy het nie die vermoë om oplossings te bied vir die krimpende en stadig sterwende tradisionele instellings nie, maar ook dat die wat dit besef, oorgegewe waagmoed in die geloof as enigste uitweg sien. Die volle implikasie van ’n missionêre kerk behels bekering, die pynlike afsien van die status quo en om in hierdie tydvak van aardse

onsekerheid, die sekerheid van die belofte van Jesus Christus, dat die Gees met ons is, ten volle aan te gryp en te glo.

'n Gemeente se missie is dus geskoei op die Bybelse Groot Opdrag, wat die teologiese uitgangspunte van wat die kerk is en wat die kerk behoort te wees, duidelik stel. Geen onsekerheid bestaan enigsins oor die missie van die kerk nie. Die missie spreek tot elke gelowige en elke gelowige moet dit aanvaar. Die Grieks stel immers in I Pet 4:11 dat, as iemand die gawe het om te praat (λαλέω) (Aland, 1968:106), gepraat en per implikasie, gekommunikeer moet word. Die verkeerde vertaling in die Afrikaanse Bybel sedert die tagtigerjare, stel egter "preek" in plaas van "praat". Hierdeur is talle Afrikaanssprekende gelowiges mislei deurdat die Groot Opdrag verplaas is slegs na diegene wat "preek".

Hiervolgens is Missio Dei die sleutel tot die werk van elke gelowige mens: ook om die bedieningsplan én die strategie van 'n gemeente missionêr te beplan (Van der Merwe, 2009c:9). God bereik sy uitverkorenes nie slegs nie, maar grootliks, deur middel van sy gestuurde kerk. Daarom is die kerk en dus ook die "susterkerke", 'n "sendingpos" (Niemandt, 2006:149) en "lanseerplek" (Jackson, 2006:7). Die kerk verrig die opdrag prakties deur allesomvattende/holistiese behoefte-georiënteerde sending/evangelisasie tot voordeel van die uitverkorenes (vgl. Hendriks, 2003), hetsy emosioneel, fisies, finansieel of geestelike, daar te stel. Die missionêre kerk se holistiese benadering moet derhalwe eksplisiet met "al jou (menslike) krag" in die beplanning en strategie figureer.

7.2.3.1.2.3 Alomvattende gesindheid: gebed (met jou hele siel)

Die gelowige se aanpak geskied in die gees van "*doen dit alles biddend*" (Ef 6:18) en "*bid sonder ophou"* (I Thes 5:17). Gebed is die kommunikatiewe verbondsfaset, wat elke stap van elke fase in die bediening voorafgaan, begelei en afrond. Gebed is allesomvattend en allesinsluitend - soveel te meer in 'n tydperk wat dringend roep om diepgaande reformasie en verandering. In gebed word deur die "susterkerk"-individu, maar ook kollektief deur die gemeente, oorgegee aan God. Die mens bly die afhanklike. In die gemeentelike veranderingsproses, asook waar kerkplanting as voortplantende resultaat van gesonde kerke geskied, gee die mens alles op, sodat die volle betekenis van die woord "afhanklikheid", openlik verwesenlik kan word (Gilbert, 2004:105, 152-154, 200-202; Murahashi, 2001:51, 57; Pretorius & Lindeque, 2009; Van der Merwe, 2009a).

Oorgegewe afhanklikheid dui op die totale onvermoë van die “susterkerk”-lidmate om die dringende omstandighede van die krimpende en sterwende tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke”, te hanteer. Hierdie gesindheid moet bewustelik geleef word. Dit behels om in algehele openheid (en in die oë van die wêreld skynbaar in dwaasheid), Christus blindelings te volg. Afwyking van Christusgesentreerdheid is immers nie meer oorgegewe afhanklikheid nie. Die gesindheid sluit sielspyn, swaarkry, lyding en opoffering in tydens die proses van verandering. Onafwendbaar eis dié gefokusde gesindheid en dringende besef om verandering die mens se denke in so ’n mate op, dat onderskeidingsvermoë as gawe afgesmeek word.

In die gees van die oorgegewe afwagtig en verwagting op gebedsverhoring, is tydsverloop ’n aspek waarmee deeglik rekening gehou moet word. Slegs deur tyd kan luister en hoor ervaar word, ongeag hoe dringend die eis van verandering ookal is. Deur sensitiewe en geduldige individuele en gesamentlike afwagting, kan die leiding van die Gees ervaar word. Die Gees werk op sy tyd ontkiemend, deurdat die mens bewustelik tyd afstaan en sensitief in eerlike en onderskeidende denke en emosies, leiding verwag én leiding vanaf die Gees waarneem. Die Gees werk energiegewend om binne so ’n “diensknegkerk” tot eendragtige interpretasie en formulering te kom na aanleiding van die mens se smeekgebede (Burger, 1999:120; Gilbert, 2004:154; Wagner, 1986:133; Warren, 2005:330). In die veranderingsproses, wat gerig word deur die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel, is ’n intenser siels-/gebedslewe een van die eerste en grootste wysigings in die gemeentekultuur.

In die wysigende gemeentekultuur moet ou-sak-neigings bewustelik vermy word. Dit behels, onder andere, vermyding van enige tekens van ’n predikantskerk, van ’n introverte kerk, van blokkerende I-paradigmadenke, van gearriveerdheid en van regressieneigings. Om hierdie manifestasies te vermy, is leierskap in die vorm van die daarstel van ’n stuurspan/taakspan, noodsaaklik (vgl. Pretorius & Lindeque, 2009; 7.2.3.2.4.2). Leierskap en ’n stuurspan kan ook nie bloot net op die ou-sak-wyse die taak opneem nie. Die nuwe-sak-veranderingsproses word immers deur húl bekeerde, bipolêrgerigte denke en nuutdaargestelde visie, gerig. Derhalwe is gebed weereens die beginpunt rakende die daarstel van leierskap aan die begin en tydens die proses van verandering.

Chaffee (2004:17) verduidelik die praktiese ervaring rondom gebed binne die WO-aanpak, aan die begin van ’n gemeentelike veranderingsproses soos volg:

> "During an 18-month interim we approached the prayers of the people in a new way. Following the Sunday sermon, I took paper and pen and walked into the middle of the congregation, barely a dozen those first few months. I invited them to reflect on the past week and share things they were thankful for and things that concerned them. People poured out their hearts. Following what were sometimes 15-minute discussions, I would lead them in prayer, mentioning all the thanksgiving and all the petitions, and together we concluded with the Lord's Prayer. A year later the coffee-hour conversations were all about answered prayer. It didn't dawn on me until three years later, after taking an appreciative inquiry intensive, that we had developed an appreciative approach to the prayers of the people in that small church. We heard each other talk about what was important enough to be thankful for and important enough to share with God as a concern. As the year progressed, the subject of answered prayers came up again and again, to continued thanks."

Die fase waarin die gemeente verkeer (vgl. 7.1.1.4), maar ook die emosionele stand van die gemeente, soos geïdentifiseer kan word aan die hand van die stoomrollerslens (vgl. 7.2.3.2.4.1), moet in gedagte gehou word en deur gebed begelei word. Gebed in "*alles*" (Ef 6:18) is derhalwe om vooraf, tydens en na afloop te dank en te vra en om onophoudelik te verkeer in die gebedsiklus, met 'n dank-, vra- en verwagtingsgesindheid. Die ingesteldheid is op almal in die gemeente van toepassing: die individuele lidmaat, die gemeente, die leierskorps en die predikant. Openlike en voortdurende kommunikasie, begelei deur dié gebedsiklusgesindheid, omsluit alles in die gemeente. Veral die komplekse en onsekere terreine wat betree word, kan die idee en ervaring van skynbare verwarring by gemeentelede skep. Ook dié feit moet biddend en wetend benader word deur te stel dat skynbare verwarring/chaos, nie vreemd binne die gemeentelike bestaan is nie. In 'n interafhanklike sisteem, soos 'n gemeente, kan onbekende terreine inderdaad vreemd en verwarrend vertoon en beleef word. Te midde van ook sulke menslike tekortkominge en onsekerhede is geloof nodig, wat behels dat slegs die Gees in antwoord op hul sielsversugtende gebede, orde deur 'n vars oopgebreekte, gemeentelike braakland daar kan stel (Branson, 2004; Gilbert, 2004:202).

7.2.3.1.2.4 Allesomvattende biotiese uitgangspunt: die bipolêre paradigma (met jou hele verstand)

Aan die hand van WO is die menslike moontlikheid daargestel om tot bekering te kom (vgl. 7.2.1). Bekering terug na Christus as die bipolêre middelpunt, is die eerste vereiste ter bereiking van die nuwe denkparadigma. Indien daar nie ’n paradigmaskuif binne die “susterkerke”, of binne die tradisionele stroom plaasvind nie, kan reformasie en diepgaande verandering, menslikerwys nie intree nie. Voortdurende reformasie is immers ’n wesenskenmerk van die kerk ten einde balans te verkry. Die vorige twee reformasies in die Christelike geskiedenis (Luther en die piëtisme), vertoon onderskeidelik die uiterste pole van die I- en die S-paradigma. Die dringendheid van ’n derde reformasie, met die fokus op Christus as balanserend tussen die I- en S-paradigmas (vgl. Tickle, 2008:27, 28), maar ook wesenlik daarin ingebou, is die taak van die huidige geslag - die huidige geslag wat die “susterkerke” insluit. Die sleutel en beginpunt van organiese/natuurlike kerkontwikkeling is derhalwe geleë in die bipolêre ekklesiologie (Schwarz, 1999:11-15, 34, 40, 74, 91).

Blokkasies en ongebalanseerdhede, wat weens die I-paradigma in die “susterkerke” bestaan, word bewustelik met die hele verstand aan die hand van die bipolêre Skrifparadigma geïdentifiseer en verwyder, ten einde natuurlike groeimoontlikhede daar te stel. Die uitgangspunt is om tot ’n gesonde en meer gebalanseerde kerk te ontwikkel. ’n Gesonde kerk ontwikkel volgens die Groot Opdrag, voortspruitend uit die Groot Gebod, soos gegee deur die Groot Sender. Ontwikkeling/groei vind plaas waar getalle toeneem, waar geestelike groei voorkom, waar organisatoriese groei sigbaar is en waar inkarnatoriese groei manifesteer (vgl. Brouwer *et al*, 2007:106-108). Dit funksioneer nuttig/heilsaam/effektief binne die bipolêre Skrifparadigma. Gemeentes wat sodanig funksioneer, ervaar die natuurlike gevolg, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe groei.

Die praktykgerigte vraag wat “susterkerk-”gemeentes in hierdie geval behoort te vra, is: Hoe kan die gemeente omstandighede skep wat sal toelaat dat die potensiaal wat God in die kerk daargestel het, kan ontvou? Die antwoord is daarin geleë om die natuurlike/biotiese binne kerkgroei te bestudeer, God se skeppingsbeginsels te (her)ontdek en dan oor te gaan tot die (strategiese) daad om volgens God se wil omstandighede daar te stel, sodat op natuurlike wyse tot groei oorgegaan word (Schwarz, 1999:6-10, 49, 233-235; Malphurs 2001:9). Schwarz stel dat ons as mense bloot moet uitvind wat die manier is hoe God bepaal het om te

werk te gaan. Die mens identifiseer dus Skrifbeginsels deur gebruik te maak van gesonde verstand en skep dan die beste menslikmoontlike omstandighede, sodat God se groei-outomatismes natuurlik kan funksioneer.

Op hierdie punt van God se groei-outomatismes, word weer terugverwys na die mens se siening van God (vgl. 7.2.3.1.2.2). As God verkeerd verstaan word, word die natuur van die kerk ook verkeerd verstaan. Die "susterkerke" moet derhalwe diep en op verstandige wyse selfondersoek bly doen om te bepaal of God, deur die Groot Opdrag (opbou en uitbou), reg verstaan word en of die wese van die gemeente daarmee in lyn is.

Tradisioneel is die denke van die "susterkerk"-gemeentes geblokkeer en nie in lyn met die wese van God se doel met die kerk nie. In die geval van die "susterkerke", domineer die I-paradigma (vgl. Hf. 6), wat die klem op die funksionele elemente van orde/organisasie plaas. In die geval van die charismatiese kerke domineer die S-paradigma, wat die klem op die persoonlike elemente van vryheid/organisme plaas. Die geheim en oplossing is egter geleë in die effek van, asook die interafhanklikheid van beide die I- en die S-elemente, soos dit teenwoordig is in die bipolêre paradigma.

Ter verfrissing word gestel dat die bipolêre paradigma uit die twee pole van die I- en S-paradigma, naamlik die dinamiese pool en die statiese pool, bestaan. Dis egter nie 'n vermenging van die twee paradigmas nie. Die dinamiese pool fokus op die persoonlike kategorieë (organies), terwyl die statiese pool op die funksionele kategorieë (organisatories) fokus. Die interafhanklikheid en harmonie tussen die elemente is die geheim van natuurlike kerkgroei. Die ontwikkeling van die kerk as organisme lei onafwendbaar na die daarstel van ordelike organisasies/instansies (statiese pool), terwyl die doel van organisasies weer van aard is om van diens te wees en die funksionering en ontwikkeling van die kerk te stimuleer (dinamiese pool). Diegene wat binne 'n bipolêre denkraamwerk kan dink, kry dit reg om albei kante, die dinamiese en die statiese pole te inkorporeer en gesonde kerkgroei op 'n natuurlike en Godgewilde wyse te bevorder (De Kock, 2003:18-26; Dreyer, 2009: 8, 9; Niemandt, 2006:55; Schwarz, 1999:20, 21, 62, 63, 74, 126-193, 214-218; vgl. 6.7.2).

"Susterkerke" wat krimping ervaar, kan derhalwe in sekerheid en in vertroue voortgaan om hul denke te reformeer, aangesien die bipolêre denkparadigma niks anders is as die toepassing van Skrifbeginsels nie - dit dan binne die huidige opset van die 21e eeu (Burger, 1995:23;

Schwarz, 1999:11, 12, 94). Die 21e eeu se reformasie fokus daarop om God radikaal te gehoorsaam en die beginsels, wat God nog altyd in sy Woord gestel het, binne die volle Bybelse paradigma in aksie te stel (vgl. McLaren, 2006:225). Dit is dan die mens se werk om die kerkpraktyk hiervolgens te organiseer. Die mens moet dus dit wat blokkasies vorm, of hindernisse veroorsaak, bewustelik en reformerend verwyder en sodoende funksionele moontlikhede daarstel, dat dié werksaamheid wat buite die mens se beheer is, wel kan plaasvind. Dit wat buite die mens se beheer is, is in God se hande; dit is immers slegs God wat die organisme kan laat groei. Verandering binne die kerkpraktyk is gevolglik nie die vrug van die mens nie, maar wel die vrug van die werk van God.

Binne die bipolêre Skrifparadigma fokus die gemeente dus op die agt kenmerke en die groei-outomatismes. Die werking van die groei-outomatismes van God word deur ses praktiese aspekte bewerkstellig. Die mens moet dit voortdurend in die praktyk in sy verstand lewend hou. Die ses beginsels wat in die kerkpraktyk ter sprake is, is: interafhanklikheid, vermenigvuldiging, energietransformasie, veeldoeligheid, simbiose en funksionaliteit (Schwarz, 1999:124).

Hierdie ses beginsels as deel van die bipolêre Skrifparadigma funksioneer prakties, deurdat verhoudings, berading, vriendskappe en liefde as uitvloeisel van die dinamiese pool, saam met strategieë, uitkomste en probleemoplossings as uitvloeisel van die statiese pool, aan die hand van die ses beginsels geïnkorporeer word om gesonde kerkgroei te bewerkstellig, aldus Bülhman, wat betrokke is by Basileia Vineyard in Berne, Switzerland (Schwarz, 1999:216-218).

Deur studie en verifiëring is die volgende drie sake samevattend rakende natuurlike kerkgroei in verskeie wêrelddele reeds goed bekend en word dit met vrug beoefen:

1) groei-outomatismes en die
2) agt meetbare kenmerke wat groei laat toeneem
3) binne die toepassing van die minimumfaktorstrategie (vgl. 6.7.2.3).

Die biotiese strategie, aan die hand van WO, pas Skrifgetrou binne die nuwe-sak-beginsel. ’n Kerk wat natuurlik groei - kwalitatief (opbou) en kwantitatief (uitbou) - is ’n gewisse bewys dat die Gees aan die werk is en funksioneel opereer. Die werking staan ook bekend as pneumatiese funksionaliteit (Runia, 1988:100; Schwarz, 1999:70-72, 217; vgl. 3.5.5).

Die realiteit is egter dat dié biotiese strategie, as gevolg van menslike tekortkominge, nie so maklik bereikbaar is nie, dat konflik onvermydelik sal voorkom en dat verandering stadig geskied (vgl. 7.1.1.4 n; Mead, 1993:78). Ten spyte hiervan moet met die hele verstand dringend en ernstig gestreef word om die gebalanseerde en balanserende kerkpraktyk, wat Christus as middelpunt het, as “susterkerk”-praktyk daar te stel (Schwarz, 1999:23, 40, 212, 213, 221-223). Daar is immers nie ’n alternatief nie - dit is, óf dié diep reformasie, óf ’n stadige sterwe. Die ontoereikende en sterwende praksis 1 word dus bewustelik aan die hand van Skrifbeginsels getransformeer tot ’n verbeterende gereformeerde praksis 2, terwyl teoretiese refleksie ook voortdurend geskied (De Kloe, 2007), ter wille van die daarstel en behoud van Christus as balansgewende middelpunt.

7.2.3.2 Die daarstel van ’n strategie/bedieningsplan

Op hierdie punt van die strategiese proses is bekering ervaar en gemeente-ontwikkeling word in die vooruitsig gestel, terwyl ook reeds deeglik kennis geneem is van die allesomvattende aspekte rakende die proses. Daar kan nou oorgegaan word tot die opstel van die bedieningsplan. Die bedieningsplan word aangepak deur teologiese, kontekstuele en ekklesiologiese begronding. Die ekklesiologiese begronding berus op die teologiese en kontekstuele begronding.

7.2.3.2.1 Teologiese begronding: identiteit, Apostolikum, tradisie, visie en missie

Met die bekering, die besef van die dringendheid van kerkkrimping binne die allesomvattende aspekte van Christusgesentreerdheid, Missio Dei, gebed en die biotiese uitgangspunt, kom gemeente-ontwikkeling deur gemeentebou nou al hoe meer in sig. Tog, voordat oorgegaan kan word tot ’n breë, strategiese raamwerk, moet die gemeente die onderbou van ’n bedieningsplan/strategie deeglik besef.

Die onderbou van ’n bedieningsplan lê in identiteitsvinding (Burger, 1995:34; 148-151; Van der Merwe, 2009a; 2009c:10). Dekker en Stoffels (Brouwer *et al,* 2007:55) definieer

identiteit soos volg: Die kenmerkende "waardoor zij zich zelf onderscheidt van andere groeperingen, als waardoor zij herkenbaar blijft in tijden van verandering". Hierby moet gestel word dat onderskeid die verskeidenheidsbeginsel verteenwoordig, maar dat die eenheidsbeginsel in Christus, altyd as einddoel gestel moet word (Hendriks, 2003). Die reeds genoemde bedieningsvelde (vgl. 7.2.3.1.1) vorm die identiteit van die gemeente en word in terme van die Apostolikum en volgens die Belydenis van Nicea verstaan. Tradisioneel is groei in die kerk teoreties hieraan getoets. Dit is dan gedoen deur te kyk of die kerk toenemend deel is van die een, heilige, algemene, apostoliese kerk as kern van die Christelike geloof (Van der Merwe, 2009c:13). Burger meen (1999:291) dat in die praktyk die gebruik en toepassing van die Apostolikum nie meer ernstig opgeneem word nie, hoofsaaklik omdat dit as onbereikbaar, vaag en ontoetsbaar beskou word.

Ten spyte van die verwaterde siening rakende die Apostolikum, verander dit egter niks aan die feit dat die gemeente wel identiteitsvinding en -uitlewing daarvolgens moet stel nie (vgl. 3.4). Op hierdie gebied word van die 21e eeu se gereformeerde "susterkerke" dus kreatiewe formulering en aksie gevra om die Apostolikum in praktyk te herstel. Gilbert (2004), asook Burger (1999:290, 291), stel dat die "opweg"-metafoor as alternatief maklik verstaanbaar en duideliker toetsbaar is. Aan die hand van die minimumfaktorstrategie van Schwarz, kan toetsbaarheid en evaluering oor die kort- én langtermyn makliker geskied (vgl. 7.2.3.2.3.3). Op hierdie wyse kan die blokkerende blufsituasie binne die "susterkerke" oorkom word, geloofwaardigheid kan toeneem en die Apostolikum kan weer sy regmatige plek in die gereformeerde tradisie inneem.

Identiteitsbewustheid en -vinding binne die gereformeerde tradisie fokus altyd op die vier bedieningsvelde binne die plaaslike kerk. Deur die plaaslike kerk kom die universele kerk na vore. Die kerk se identiteit bepaal sy relevansie en betrokkenheid - soveel te meer te midde van 'n transformasieproses (Bosch, 1991:378; Smit, 1995:22). Hierdeur word gestel *wie* die gemeente is, naamlik die liggaamsdeel van Christus wat na die wêreld gestuur is. Die identiteit vloei voort deur die vier bedienings: wat die gemeente *is* (koinonia), wat die gemeente *bid* (leiturgia), wat die gemeente *sê en glo* (kerugma en didache) en wat die gemeente *doen* (diakonia) (Du Toit *et al*, 2002:45; Burger, 1999:108; Van der Merwe, 2009c:10).

Deurdat die gemeente deur teologiese begronding duidelikheid het van wie hulle is, word binne die allesomvattende aspekte (in vervolg word dié vier sake aangedui met Δ) oorgegaan tot *visie- en missievasstelling* (Venter, 2009c:1-3).

Visiestelling, as eerste konkrete stap van die bedieningsplan, handel oor die vooruitsigte van die toekoms, maar handel ook oor die waarneming en interpretering van die hede, met die oog op die uitvoering van die roeping (Missio Dei) in die toekoms. Gilbert (2004:25, 148) haal Herrington se definisie van visiestelling aan:

> "… a clear, shared and compelling picture of the preferred future God is calling the congregation" … "in three to five years" (Gilbert, 2004:189).

Die oorsprong van visiestelling is dus by en van God. God gee die mens die vermoë om die visie te ontdek deur kreatiewe, onderskeidende gesprek/kommunikasie wat plaasvind (deur die WO-aanpak), met die weergawe/storie van die gemeente (teologiese vertrekpunt en identiteit van die gemeente in die lig van die Woord) en die nood van die wêreld (konteks) as gesprekspunte (Gilbert, 2004:154; Hendriks, 2000a:295; Pretorius & Lindeque, 2009; Saarinen, 1992:22; Van der Merwe, 2009c:8, 9; 17, 18). Teologiese skole is primêr daar om visiedaarstelling, of in die terme van Greenleaf (Fraker & Spears, 1996:87), die ontkieming van saad te genereer "in a vision-starved society".

Die teologiese bousteen van visiestelling weerspieël oor hoe die gemeente oor God dink. Die kernwaardes sentreer om die volgende vrae:

- Hoe sien, beleef, verstaan en droom die gemeente oor die teenwoordigheid van God in die lewe van die gemeente?
- Waarheen is God oppad met die gemeente?
- Wat is God se roeping vir die gemeente?
- Hoe wil die Here die gemeente gebruik en hoe moet die gemeente wees om sy koninkryk te laat kom?

Aldus Gilbert (2004:65, 140-147) en Senge (Fullerton, 2004) is visiestelling 'n bron van "creative tension" wat energiegewend, rigtinggewend en identiteitversterkend is, maar ook doelgewend is. Visieformulering toon die strewe/droom van die gemeente deur 'n prentjie van die toekoms te skets. Die geformuleerde visiestelling motiveer en koördineer die gemeentelede/-groepe verder om in volgehou "creative tension" in dié rigting te beweeg. Die

visie is derhalwe die bepalende faktor in die visioneringsproses, alhoewel die proses nie net uit visiestelling bestaan nie. Die visioneringsproses behels ook missiestelling en die strategie/plan ter konkretisering van die visie (vgl. Smit, 1995:52-73).

Om effektiewe visieformulering te bewerkstellig, is sekere aspekte ter sprake. Die eerste aspek is dat dit Godgegewe is, maar hiermee gelykstaande is ook die menslike aspekte, wat vereis dat dit verbeeldingryk, navolgingswaardig, bereikbaar, gefokusd, buigbaar en kommunikeerbaar moet wees. Die resultaat is derhalwe bondige visieformulering. Indien die geformuleerde visiestelling nie binne vyf minute verduidelik kan word én geïnteresseerdheid wek nie, is die visie nog nie genoegsaam deurdink nie.

Die visioneringsproses verloop nie egalig en eenmalig nie. Die proses kan maande neem en ’n neiging toon van drie tree vorentoe, twee tree terug, terwyl links- en regsswenk terselfdertyd geskied. Om die proses van visieformulering aan die gang te kry, word die predikant(e), die kerkraad en gemeentelike leierskap en individuele gemeentelede betrek Δ. ’n Visioneringsgroep/stuurspan/taakspan word dan op die been gebring Δ deur gemeentelede op inklusiewe wyse te identifiseer (vgl. Hendriks, 2000a:295). Dit beteken dat lidmate vir dié taak betrek word: uit alle ouderdomme, uit beide geslagte, met verskillende denkwyses en spiritualiteite, asook lidmate op verskillende betrokkenheidsvlakke in die gemeente. Buiten die gemeentelike kerngroep, impliseer betrokkenheidsvlakke ook doelbewuste betrekking van randlidmate, terwyl die kerkraad (ampsdraers en (die) predikant(e)) in getalle en in deelname, doelbewus nie in ’n meerderheid of oorheersende posisie betrokke mag wees nie. Op hierdie wyse word visiedaarstelling deur die gemeente gedeel en eienaarskap, ter wille van verandering, word bewerkstellig. Dit vind ook plaas waar kerkplanting ter sprake is (Burger, 1999:151,152; Gilbert, 2004:8, 9, 157-159; Murahashi, 2001:66).

Die visioneringspan/stuurspan/taakspan skep dan (’n) geleentheid/geleenthede, waar eerstens oor hulle eie visie en roeping nagedink word, asook om in ’n span te ontwikkel. As span word dan oorgegaan tot die soeke na die gemeentelike visie en daaruit voortspruitende missie/doelstelling(s) Δ. ’n Naweek saam in ’n eilandsituasie, waartydens van ’n fasiliteerder van buite die gemeente as noodsaaklik gebruik gemaak word, lewer goeie resultate. Indien die predikant deel is van die span, moet hy nie ’n fasiliterende rol speel nie. Wanneer die proses deur die visioneringsgroep aan die gang is, word op gereelde basis met die kerkraad en predikante geskakel om die tot-op-daardie-punt-geformuleerde-visie onderskeidend te

interpreteer, eienaarskap en toewyding te versterk, asook kommunikatiewe deurgee na die gemeente toe te bespreek.

Om van ’n fasiliteerder/buitepersoon gebruik te maak, is nuut binne gevestigde gemeentes. Volgens Greenleaf (1996:33-35) is dit ’n poging in die rigting van transformasie deur ’n objektiewe en vaardige oog te betrek. Die nadeel is dat buitepersone gereeld nie godsdienstig-georiënteerd is nie en daarom nie die ware godsdienstige leiding bied nie. Dieper beredeneerd kan gestel word dat die gebruik van ’n buitepersoon onbewustelik ’n skuif is om die moeiliker taak wat volg, naamlik leiertoerusting, tydelik te systap. Dié situasie toon die bestaan van ’n akute leierskrisis. Leiers wat interne inspirasie, visionering, geloofs- en selfvertroue ontbreek, is inderdaad nie geskik om transformerende leierskap binne die gemeente uit te oefen nie. Indien die leier egter self erken dat hy swak is, nie alles weet nie, oop en sensitief is vir geestelike inspirasie, kan hy/sy hom/haarself wel geskik ag om leiding te gee. Verder beskou kan gestel word, dat as die kerk vol mense is wat werklik “soekers” van die koninkryk is (vgl. 7.2.3.2.4.2), eerlike leierskap ook natuurlikerwys daaruit na vore sal kom. Elke gemeente behoort eerlik hieroor ’n besluit te neem.

Vanaf die wegspringpunt moet kommunikasie vanaf die visioneringsgroep tot by die gemeente as dringende, enorme en belangrikste taak besef word en bewustelik beplan en deurgevoer word (Gilbert, 2004:161, 162). Kommunikasie is die bepalende faktor vir die suksesvolle deurvoer van die visionerings- en veranderingsproses (vgl. 7.2.3.2.4.1). Die kommunikatiewe visioneringsgroep vorm immers die kanaal tussen Christus en sy bruid. Gilbert haal Herrington in hierdie verband aan:

> “Effective communication makes it clear that the persuit of God’s vision is to be the congregation’s singular priority.”

Met die visie (algemeen) altyd in die oog, volg die missie/doelstelling(s) (spesifiek), wat die verwoording is van hoe die visie waargemaak kan word op grond van kernwaardes (Van der Merwe, 2009a; 2009c:8; Schwarz & Schalk, 1998:23, 77; Venter, 2009i:6; 2009h:6). Die doelstelling(s) van die gemeente kan in geen bron gekry word nie. Elke gemeente moet hul eie doelstelling(s) in die lig van Missio Dei en die visie vasstel. Visie en missie staan by monde van Lindner (Brouwer *et al*, 2007:177) ook bekend as *Leitbild*. Leitbild kan verduidelik word as ’n inspirerende ligbaken in die chaordiese strategiese veranderingsproses

(Terra-site-Verklarende Woordelys). Dit behels herhaaldelike aanpassing weens voortdurende ontwikellinge binne die sikliese/patroonmatige proses van refleksie en toekomsbeplanning (Brouwer *et al*, 2007:56; De Kloe, 2007). Die missie/doelstelling(s) word dan vir al agt kenmerke (vgl. 6.7.2.3; 7.2.3.2.3.3 bipolêre biotiese aanpak) wat in alle gemeentes teenwoordig is, beplan (strategie) en aan die hand van die vier bedienings, geïmplementeer.

Saarinen (1992:6) sluit soos volg aan by die veranderingsproses:

> "Decline may be arrested by tapping again the life sources inherent in the birth story of the congregation or in discovering a new sense of mission in a changed context."

Die missie/doelstelling(s) behoort samevattend en kreatief, in minder as ongeveer 35 woorde, kommunikeerbaar te wees. Hieronder volg 'n voorbeeld van visie- en missiestelling op grond van kernwaardes as bedieningsfilosofie (Gilbert, 2004:18, 19, 65, 87-91, 101, 162, 189; Venter, 2009i:6; 2009j:1-3; Van der Merwe, 2009:10):

Deur geslaagde kommunikasie binne die gemeente word "spirituele momentum" (Schwarz & Schalk, 1999:26) gebou, sodat die hunkering na God se doel binne die gemeente, organies toeneem. Dit kan gebeur deur byvoorbeeld vanaf die begin foto's te neem en/of 'n video-opname te maak en dan geleenthede te skep om die storie van visievorming te vertel/wys. Wanneer die visiestelling geformuleer is, kan 'n feesgeleentheid gereël word om die geformuleerde visiestelling amptelik bekend te maak. Verdere kommunikasie van die missie kan plaasvind aan die hand van 'n eenvoudige credo/lied, of kort sin/spreuk, of embleem wat

sigbaar aangebring word op die kennisgewingbord, op die jaarprogram, die nuusbrief, webwerf, skerm of op enige plek waar skriftelik met die gemeente gekommunikeer word. Dit behoort ook by elke geleentheid verbaal gebruik te word.

Na aanleiding van die visie en missie, saam met die Skrifgefundeerde kernwaardes ontkiem en ontwikkel gemeentelike vitaliteit op geestelike en verhoudingsvlak. Hiermee saam ontwikkel die gemeentelike klimaat (vgl. 7.2.3.2.3.2), die logika rondom die veranderingsproses, asook die dringendheid van die proses. Visiegerigte verandering, aan die hand van prioritisering en voortdurende bereidheid tot aanpassings, behoort binne hierdie gestelde omstandighede relatief vinnig en vlot te verloop. Genoegsame tydsverloop moet toegelaat word, aangesien verandering hand aan hand gaan met voortdurende diep en grondige geestelike voorbereiding en toerusting van die gemeente (vgl. ook Gilbert, 2004:95-105).

Gemeentebestuur aan die hand van die visioneringsproses is dus nooit ’n afgehandelde proses nie (vgl. Saarinen, 1992:1). Trouens, die feit dat dit ’n proses is, sê juis dat dit altyd oop is vir aanpassing soos wat die gemeente God se stem in die ontwikkeling van die gemeentelike lewe hoor Δ. Die benutting van ’n eksterne fasiliteerder word telkens aanbeveel, terwyl die visioneringspan voortdurend poog om ’n breë beeld van die visie ooreenkomstig God se doel (Missieo Dei) te behou en daarbinne voortdurend tot helderheid te groei, ten einde die gemeente in die wêreld te begelei om effektief kerk te wees Δ (Gilbert, 2004:18, 19, 159; Van der Merwe 2009c:1).

7.2.3.2.2 Strategiese beplanning/prosesbestuur

Met die teologiese begronding deeglik in plek, kan strategiese beplanning in aanvang neem. ’n Strategie/strategiese beplanning/prosesbeheer dui op hoe deur en vir die gemeente beplan word, om dít wat in die proses bespreek is, én verder nog bespreek gaan word, prakties in aksie te stel. Dit is prosesmatig van aard, dus is dit nie ’n program of projek van die gemeente nie. Vir elke doelstelling (kort- en langtermyn) word daar ’n plan/strategie uitgewerk. Van der Merwe (2009c:6-10) verduidelik die prosesbestuur aan die hand van bergklimmetafoor: Om op die kruin van die berg te kan staan (visie), moet die berg bestyg word (missie) deur die klim (strategie) langs ’n spesifieke roete of manier. Vir die verskillende aspekte van die klimproses moet spesifieke aksieplanne daargestel word. Dit realiseer op geïntegreerde en gekoördineerde wyse in die verskillende bedienings van die

gemeente. Die fondasie wat hierdie sake daarstel, moontlik maak en verwesenlik, is die leierskap en die strukture.

'n Strategie bevat dinamiese elemente wat spruit uit die kontektuele en ekklesiologiese begronding (gemeenskaps- en gemeentelike ondersoek en analise). Verdere elemente is beplanning van doelstelling(s), hulpbronbepaling, skedulering, implementering, kontrolering en koördinering, refleksie, evaluering en revisionering (Burger, 1999:310, 311; Pretorius & Lindeque, 2009; Schwarz & Schalk, 1999:26-116). Binne Europese konteks onderskryf Van der Ven, Cameron, asook Brouwer *et al* (2007:50-58) ook enkele van die gestelde elemente binne die veranderingsproses. Enkele van hierdie elemente word deur Brouwer *et al* (2007:121-123) as deel van 'n bemarkingsplan bespreek. Amerikaanse sosioloë soos Stark, Iannaccone en Finke benadruk ook die voordeel wat kerke uit hierdie aanpak kan trek. Die bemarkingsteorie in geheel word deur talle ander gekritiseer as 'n oorvereenvoudigde teorie (vgl. McLeod & Ustorf, 2003:5, 13-17). Die strategie wat deur hierdie navorsing voorgestel word, maak gedeeltelik gebruik van die nuttige elemente (missiestelling, analises en middels), terwyl die wie-moet-waar-bereik-word as deel van die bemarkingsteorie, nie deel uitmaak van die gereformeerde strategie nie. Die fokus is immers die gemeente. Nuttige elemente in 'n bemarkingsplan kan wel in diens van die kerk gebruik word ten einde die gemeente holities te bevoordeel (vgl. ook Brouwer *et al*, 2007:121-123; vgl. 5.4). In totaliteit behoort alles in hemel en op aarde aan God en moet deur die mens sodanig aangewend word dat 'n gefundeerde funksionele strategie tot opbou van die gemeente en tot uitbou die koninkryk kan dien.

Scenariobeplanning, in kontras met die tradisionele strategiese beplanning, bied wyer en ruimer meetbare opsies (gesien teen historiese en huidige tendense), met die bedoeling om verbeeldingryke, dog realistiese strategieë daar te stel vir 'n verbeterende toekoms (Venter, 2009h:15; NG Kerk Noordelike Sinode, 2008). Die WO-aanpak lewer in die proses waardevolle geleenthede vir positiewe resultate. Gediversiviseerde gemeentelike deelname lei ook in hierdie proses tot ontginning van maksimale kennis, met die gevolg dat leer plaasvind en kreatiewe doelwitbeplanning, na aan leiding van die gestelde visie, tot gevolg het (Venter, 2009f:1).

7.2.3.2.3 Ondersoek en analises: kontekstuele en ekklesiologiese begronding

Voordat doelwitbeplanning deur die bestaande gemeente met die oog op ’n transformasieproses, of deur die gesonde en volwasse gemeente (na aanleiding van bereiking en volhoubaarheid van die 65-puntskaal van die gemeenteprofiel (vgl. Schwarz & Schalk, 1998:16) met die oog op kerkplanting kan geskied, is dit nodig om ’n konteksbegronde, eksterne ondersoek en analise (die gemeenskap), asook ‘n interne ondersoek en analise (die gemeente), te doen (vgl. Saarinen, 1992:22). Dit sluit ook in om moontlike bedreigings/vyande en geleenthede te identifiseer. Deur die kontekstuele invloede van buite en binne die gemeente te ondersoek en te analiseer, op ’n kontinuum van swak/sterk punte, asook as hoë/gemiddelde/lae prioriteite aan te teken, kan realistiese en geprioritiseerde doelstelling(s) en beplanning geskied (Bulley, 1994:1; Venter, 2009c:1-3; 2009d:1-4; 2009h:1-11).

Kontekstualisering, analisering daarvan en beplanning daarvolgens, word deur navorsers uit die “susterkerke” as ’n positiewe en rigtinggewende sein ter wille van ekklesiologiese verandering beskou (vgl. Jansen (2001), Kruger (2005), Nel (2009)).

7.2.3.2.3.1 Kontekstuele begronding: gemeenskap

Die betrokke gemeente word elke dag blootgestel aan die veranderende en beïnvloedende samelewing. Die ondersoek fokus dan veral op die afgelope 10-15 jaar en die impak daarvan word bereken. Deur dié eksterne ondersoek word bedreigings/vyande van effektiewe kerkwees geïdentifiseer, byvoorbeeld dwelmtoename, Satanisme, vermaak, kerklike (dwaal)strominge en ander spiritualiteite. Gesprekke met gemeenskapsleiers kan gevoer word om die invloed van die gemeente in die samelewing te probeer peil, terwyl ook met ander kulture, tale en denominasies, buurgemeentes, ringe/klassisse, sinodes, asook die stadsraad, rekening gehou moet word (Venter, 2009e:2). Politieke en maatskaplike faktore, soos misdaad, veiligheid, werksdruk en -stres, regstellende aksie, werkloosheid, armoede, molestering, kinderverwaarlosing, rolverdeling, huwelikstendense, asook siektetoestande, soos vigs, is sake wat ondersoek en geanaliseer moet word (Venter, 2009d:1). Terselfdertyd bring die vinnig veranderende samelewing geleenthede én eise (soos openheid en aanpasbaarheid vir die kerk) na vore - soveelso dat die dringendheid om by te hou by die veranderende gemeenskap, in die kerk versterk word (Gilbert, 2004:251-258, 275; Murahasi, 2001:64; Van der Merwe, 2009a; 2009c:3).

7.2.3.2.3.2 Kontekstuele begronding: gemeente

Deur interne ondersoek word vasgestel waar die gemeente in die gemeentelike lewenssiklus is en wie die gemeente werklik is. Gemeentegroei, in die lig van die gemeenskap se demografie en die veranderende gemeenskap, het ’n direkte invloed op die gemeente, veral op die grootte van die gemeente. Die grootte van die gemeente bepaal direk watter soort bestuurstyl en bediening en derhalwe ook watter soort strategie vereis word - hetsy die familietipe gemeente, die pastoraletipe gemeente, die liggaamtipe gemeente, die korporatiewe gemeente of die tussen-in-gemeente (Van der Merwe, 2009c:4).

Verder moet kennis onder gemeentelede rakende die krimpende “susterkerk”-toestand, asook die besef van die dringendheid van krimping binne die gemeente, nagegaan word. Terselfdertyd moet beperkings binne die gemeente geïdentifiseer word, inligting moet verkry word rondom die gemeentelike demografie, statistiese gegewens, geskiedenis, kernwaardes en bedienings van eie lidmate, asook die bestaande, maar ook ander moontlike kommunikasiewyses tussen die gemeente en buite-gemeentelike mense.

Hiermee saam is dit nodig om beskikbare hulpbronne na te gaan. Dit behels die beskikbare fisiese fasiliteite en infrastruktuur met die uitbreidingsmoontlikhede daarvan. Verder ook finansies, personeel, mense en tyd as gemeentelike gawes, asook die beskikbaarheid van enige ander eksterne hulpbronne (Van der Merwe, 2009b:5-7; 2009c:1, 4, 9, 20; Venter 2009c:10). Die ondersoek behels verder die nagaan van die swak/sterk punte rakende die gemeente se bestaande kultuur, teologie en styl. Wat vaardighede betref, moet nagegaan word oor watter vaardighede die gemeente beskik en in hoeverre ’n veranderde strategie in die gemeente wel implementeerbaar is (Venter, 2009h:11; Van der Merwe, 2009b). Die SWOT-analise kan gevolg word in hierdie verband. Die akroniem verwys na ’n stelsel vir die vasstelling van sterk en swak punte, geleenthede en bedreigings (Brouwer *et al*, 2007:122; Van der Merwe, 2009:8).

Deel van die ondersoek is die nagaan van noodsaaklike en kommerwekkende sake wat onder gemeentelede lewe. Dit kan gedoen word deur refleksie aan die hand van WO. Deur die verkryging en benutting van die interpretasie van die gemeente se kennis, kan die bedieningsterrein voorberei word vir effektiewe strategiebepaling (Gilbert, 2004:7, 8, 137, 248, 275; Pretorius & Lindeque, 2009; Van der Merwe, 2009b; Venter, 2009d:3, 4; 2009e:2).

Met verwysing na mense as gemeentelike gawes, word die potensiaal tot geestelike verdieping en diensbaarheid ook veronderstel. Dit gaan om die erkenning van elke lidmaat se persoonlike spiritualiteit as gawe tot opbou van die gemeente. Elke individuele lidmaat interpreteer en ervaar die evangelie op unieke wyse binne die veranderende postmoderne kultuurkonteks. Dit is derhalwe belangrik om die menslike verskeidenheid te ondersoek en te aanvaar (Du Toit *et al*, 2002:47; Brouwer *et al*, 2007:38, 39; Janse van Rensburg, 2000:85; Smit, 1995:23). Wat verder ondersoek moet word, is of die gemeente aan ’n mensvriendelike, gereformeerde opset voldoen - ’n opset wat voorsiening maak vir die mens van die 21e eeu se behoeftes, soos die behoefte aan God se sorg, verlossing en bewaring (Warren, 2005:Hf. 14; Niemandt, 2006:529; Van der Merwe, 2009c:29).

Wat ook nodig is om na te gaan, ter wille van effektiewe en verdiepende strategiebepaling, is die basiese spiritualiteitshouding en -uitlewing, wat lei tot die vorming van individuele en gemeentelike waardes, die daarstel van ’n kerklike etos en die bedieningstyl. Dit is derhalwe belangrik om van die verskillende spiritualiteitstipes in ’n gemeente bewus te wees. Burger (1999:119), asook Schwarz (1999:265-267), is van mening dat die westerse spiritualiteit afneem, maar dat ’n “nuwe gelowigheid” aan die toeneem is (vgl. ook 5.4.1.2). Dit impliseer dat spiritualiteit sodanig aan die verander is, dat wel grootliks in die rigting van die S-paradigma, of enigiets wat vaagweg na godsdiens lyk (vgl. Niemandt, 2006:50) beweeg word: beslis weg van die I-paradigma af. Bewussyn van hierdie verskuiwing, asook gereedheid deur die gemeente om die spiritualistiese verskuiwing aan te spreek of te akkommodeer, vereis ondersoek.

Dit is ook nodig om kennis te neem van die “vloeibaarheid” van ’n gemeente (Burger, 1999:147-151; Van der Merwe, 2009c:4). Dit beteken dat die gemeente binne sy unieke en eie komplekse sistemiese samehang, bly voortbeweeg. Sisteemdenke is kompleks en behels, onder andere, onderlinge verbintenisse, afhanklikheid van en beïnvloeding deur verskillende mense, behoeftes, kragte, prediking en elemente in die gemeente. Sisteemdenke is ’n gegewe waarmee rekening gehou moet word in die ondersoek om die bedieningsplan optimaal effektief te laat funksioneer.

Verder moet gemeentelike seisoene reg gelees word vir effektiewe strategiebepaling (Burger, 1995:23). Ook moet met die magdom kragte wat meewerk om veral gearriveerdheid/status quo aan te moedig, deeglik rekening mee gehou word en konstruktief hanteer word. Wat in

gedagte gehou moet word, is die toedrag van sake wat gou na vore kom wanneer daar nie werklik ’n “krisis” in die gemeente in sig is nie, of wanneer daar genoeg hulpbronne is, of wanneer daar ’n lae vlak van aktiwiteit, strukture, meting en kommunikasie is. Daar moet gelet word op die vlak van verdraagsaamheid teenoor sake wat soms liefs nie gehoor wil word nie, asook waarneming van situasies rondom diegene wat nie die status quo-“taal” praat nie en gevolglik geïsoleer word (Gilbert, 2004:123-124, 213, 214). Die rede is omdat gemaksones direk geraak word wanneer die “taal” van gearriveerdheid, asook krimping, gebesig word. Die gevolg is om dan ’n oorlewingsmentaliteit te vertoon, deurdat die gemeente hulself na binne keer en krimping sodoende aanhelp. Binne hierdie kultuur van die gemeente, behoort die ondersoek te vind dat nie na God se opdrag geluister word, of na die gemeenskap uitgereik word nie. Hierdie aspek van gemeentlike gereedheid is ernstig. Tydens die ondersoek moet hiermee rekening gehou word met die oog op strategiebepaling (Gilbert, 2004:62; Roxburgh, 1997:30).

Die emosionele reaksievlak, weerbaarheid en intensiteit van die gemeente, asook dié van die leiers, moet geassesseer en ondersoek word (Gilbert, 2004:75, 90, 244-249). Persoonlike voorkeure, eie agendas van lidmate wat nuwe lidmate nie wil aanvaar nie, konflik, asook ’n wen-verloor mentaliteit, moet versigtig nagegaan word. Dié gedrag kan voorkom word deur “verbondbeloftes/Skrifkodes vir leierskap” op te stel. Dit formuleer aanvaarbare gedrag teenoor mekaar, die gemeente en teenoor God. Hieromtrent gee Rendle (Gilbert, 2004:247) riglyne wat volledig geboekstaaf is in *Leading Change in the Congregation* (Washington, D.C. The Alban Institute, 1998: 169).

Rondom hierdie fase waar gemeente-analisering en uitkomsformulering plaasvind, word hindernisse binne die kerkpraktyk geïdentifiseer: hindernisse, soos die identifisering van die vyand, of van onderlinge wanverhoudings wat nagegaan moet word. Hindernisse, soos steeds geblokkeerde denkparadigmas en onbekeerdheid, kan slegs aan die hand van volgehoue positiewe verhoudings deur die WO-aanpak, aan God oorgegee word. God alleen kan verandering daarstel en hiervan moet kennis geneem word ter wille van getroue strategiebepaling (Venter, 2009c:1-3).

Deur die positiewe kommunikatiewe WO-aanpak kan inligting rakende emosies, soos angs, woede, onsekerheid, vreugde, ingewin word. ’n Inventaris oor die vasstelling van die gemeentelike klimaat is deur Oswald, van die Alban Instituut, opgestel (*Transforming*

Congregations Research Project). Dit kan aangewend word in die ondersoek. Om die bewustheid van die dringendheid vir gemeentelike verandering te bepaal, kan ’n oorsig van die swak en sterk punte aan die hand van ’n polariseringskaart rakende dissipelskap opgestel word (Oswald, R.M. & Friedrich, R.E. Jr. 1996. *Discerning Your congregation’s future: A strategic and Spiritual Approach*:32-45. Bethesda, Md : Alban Institute) (Gilbert, 2004:272-281) en gebruik word in strategiebepaling.

7.2.3.2.3.3 Ekklesiologiese begronding:

- **Gemeenteprofiel**

Buiten die teologiese en kontekstuele begronding, is die ekklesiologiese begronding die derde belangrike bousteen by strategiebepaling. Die ekklesiologiese aspek weerspieël hoe die kerkbegrip van die gemeente tot uitvoer gebring word in die gemeentelike bediening. Die ondersoek en analise van die gemeentelike bediening is daarop gerig om deur ’n menslik meetbare prosedure die kwalitatiewe groei (opbou) en kwantitatiewe groei (uitbou) in die gemeentelike volwassewordingsproses te bepaal. Kennis behoort geneem te word van bestaande positiewes en negatiewes in die ontwikkelingsproses rondom die bipolêre biotiese aanpak, ten einde tot ’n gebalanseerde uitgangspunt te kom (vgl. Bylaag L).

Die meetbare prosedure neem in aanvang deur die verkryging van ’n gemeenteprofiel. Die gemeenteprofiel word verkry deur die invul en verwerking van ’n gestandaardiseerde vraelys, verkrygbaar by *Churchwise* (Fleischman, 2008; Wiese, 2010) Na verwerking van die vraelyste word die gemeenteprofiel gekry, wat die stand in die bediening in menslike terme op daardie spesifieke tyd en omstandigheid, formuleer. Daarvolgens word die minimumfaktor ook bepaal (swakste punt in die bediening). Die faktor is bepalend vir die gemeentelike strategiebepaling, deurdat die stuurspan op ’n beheerbare wyse aandag kan skenk waar dit werklik nodig is. Hiervolgens word dan ’n koersvaste strategie binne die bedieningsvelde beplan. Die kerkpraktyk, soos dit in die vier bedienings manifesteer, fokus egter steeds ook op die ander sewe kenmerke, maar die minimumfaktor is leidinggewend. Die bediening funksioneer dus geïntegreerd en skyn kompleks te vertoon, terwyl die strategie in der waarheid ’n raamwerk bied waar die nood-/aandageisende aspekte geïsoleerd genoem, bespreek, beplan, gekoördineer en geïmplementeer word (vgl. 7.2.3.1.1).

- **Die minimumfaktor**

Die minimumfaktor word vasgestel deurdat die gemeente deur middel van ’n aangewese aantal persone aan ’n ondersoek onderwerp word, waar die agt kenmerke, soos deur Schwarz geïdentifiseer is, gemeet word. Nadat die noodeisende aspek (die kenmerk wat die laagste vlak van groei toon volgens die profiel) geïdentifiseer is, word (die) spesifieke doelstelling(s) en uitkoms(te) voorspruitend uit dié kenmerk in verband gebring met die sterkste punt van die gemeenteprofiel. Dit staan bekend as die beoefening van krag. Hierdie aanpak veronderstel dat die stappe, wat in elke bedieningsveld geneem word aan die hand van die krag van die sterkste punt, gerig op die swakste punt (minimumfaktor), puntsgewys neergeskryf word en elkeen deur aksieplanne aangespreek word. Dit gaan gepaard met ’n vasgestelde tydraamwerk, wat opgevolg word deur kontrole/monitering en refleksie/evaluering en revisionering. Binne die bedienings kry hierdie kenmerk dus hoë prioriteit, terwyl die ander sewe kenmerke ook deur geïntegreerde doelstellings manifesteer, maar nie as hoofsaak uitgebou word nie. Vir die beplande tydperk val die fokus dus hoofsaaklik op dié nood-/aandageisende aspek om moontlike verbetering van die laagste kenmerk te bewerkstellig.

Wanneer die beplande tydperk verloop het, word die gemeente aan ’n opvolgprofielvasstelling onderwerp. Op hierdie wyse word vasgestel of daar by die vorige nood-/aandageisende aspek groei plaasgevind het, maar ook wat die huidige stand van die gemeente is rakende die ander sewe kenmerke. Na aanleiding van die opvolgondersoek, word die nuwe minimumfaktor dus bekend.

Ter aanvulling en uitbreiding van die doelstelling, is dit belangrik om die langtermyndoelwit altyd in gedagte te hou en by herhaling duidelik te stel. Die korttermyndoelstelling(s) word altyd in die lig van die langtermyndoelstelling(s) gestel (Venter, 2009c:3, 4). Hierdie stap verhoog die suksesfaktor wat verdere implementering vergemaklik. Prioritisering, asook die aantal aksieplanne wat gelyklopend beplan word, moet deeglik van kennis geneem word, veral omdat vir elke prioriteit, méér gedetailleerde aksieplanne benodig word; aksieplanne wat weer met die leierskorps se individuele planne moet koördineer.

Die geprioritiseerde doelstelling(s) word deur sommige gemeentes aan die hand van die SMART-stelsel beplan (Venter, 2009c:4-10). Hiervolgens word aandag gegee aan:

S: **S**pesifieke opdrag gerig op die langtermyn, soos na vore kom deur die teologiese, kontekstuele en ekklesiologiese ondersoeke en analises.

M: **M**ense op wie die evangelieboodskap gerig word.

A: **A**an wie word die taak opgedra (rol), aan wie moet verantwoording gedoen word, asook hoe die evaluering van watter persone/groepe gedoen moet word.

R: (**R**esources) Alle beskikbare bronne wat benodig kan word.

T: **T**ydraamwerk dat aksiestappe geskeduleer en gesinkroniseer kan word.

- **Bipolêre biotiese aanpak**

Aangesien die sukses van die minimum- en meelopende faktore in die strategiese aanpak om bipolêre denke sentreer, is dit nodig dat die gemeente (predikant(e), leierskorps en gemeentelede) se denke bewustelik op dié aanpak fokus. Die deurvoer van die bipolêre biotiese aanpak, behoort dus bewustelik ingeoefen en beoefen te word. Dit geskied aan die hand van God se groei-outomatismes deur middel van die WO-aanpak, soos geoefen en beoefen word deur die gemeentelede. Die lidmate en leierskap moet die groei-outomatismes as ekstra sintuig verfyn deur bewustelik die keuses binne dié bipolêre biotiese denkparadigma uit te oefen. God se groei-outomatismes behoort bestudeer te word deur die biotiese beginsels binne die daaglikse kerkpraktyk te gebruik. Hiermee kan aan die hand van vrae, by elkeen van die agt kenmerke van groeiende gemeentes, soos volg begin word (Schwarz & Schalk, 1999:47-116):

1) Passievolle spiritualiteit: Vraag - Is die spirituele lewe van die lidmate gekenmerk deur gebed, entoesiasme en openheid? (Rom 12:11-12).
2) Gawe-georiënteerde bediening: Vraag - Is die take in die kerk versprei volgens die kriterium van geestelike gawes? (I Pet 4:10).
3) Inspirerende eredienste: Vraag - Is erediensbywoning ’n inspirerende ervaring? (I Thes 5:16-19).
4) Holistiese kleingroepe: Vraag - Is die kleingroepe toegewyd om die vrae waarop dit aankom te antwoord en só die ware nood van lede op ’n holistiese manier tegemoet te kom? (Hand 2:46, 47).

5) Behoefte-georiënteerde evangelisasie: Vraag - Is die vorm en inhoud van die aktiwiteite rondom evangelisasie verbind aan die nood van die wat jy probeer wen? (I Kor 9:20, 21).
6) Funksionele strukture: Vraag - Is die vorms, regulasies en alle strukture van die kerk so ontwerp dat dit funksioneel is vir die ontwikkeling van die gemeente? (Mar 2:27).
7) Bemagtigende leierskap: Vraag - Is die bediening sodanig dat lidmate toegerus word vir diens? (Ef 4:12).
8) Liefdevolle verhoudings: Vraag - Is die verhoudings van die lidmate van die gemeente gekenmerk deur ’n hoë graad van liefde en toegeneendheid?

- **Menslik moontlik en menslik onmoontlik**

Die menslike deel van die kerkpraktyk word dus deur verantwoordelike strategiebepaling so goed/energiek moontlik bedink, beplan, aangepak en geëvalueer. Hindernisse word bewustelik voorkom en die akker word só voorberei dat groei op natuurlikerwys kan geskied. Dit geskied in skynbare blinde geloof deurdat die mens bewustelik besef dat groei opsigself nie deur homself moontlik is nie. Dit is hierdie punt waar die mens se pogings deur komitees, spertye, hulpbrongebruik, strukture, funksionele/duidelike rolle, begeleidende prosedures/programme oorgaan om voorbereidings te tref, deurdat die natuurlike wette wat God vir groei daargestel het, geakkommodeer kan word (De Kock, 2004:18-26; Gilbert, 2004:65-67; Whitney, 2004:62):

> “Natural church development has nothing to do with effecting church growth through mere human effort” (Schwarz & Schalk, 1999:34).

Die mens moet hierdie proses bloot gehoorsaam volvoer en nie poog om binne hierdie strategie vrug af te dwing nie. Dwang is in elk geval teen die vier allesomvattende sake Δ (vgl. 7.2.3.1.2) en toon ook I-denkgerigtheid. Geloofwaardigheid, gehoorsaamheid, integriteit en eerlike toewyding is immers wat God weeg en slegs wanneer Hy sy seën op die menslike pogings uitgiet, vind groei plaas (Burger, 1995:122, Hf. 15; Hendriks, 2000a:295). Omdat daar geen ander alternatief is nie, is die enigste uitweg vir “susterkerke” om God op sy woord te vat.

Dit is duidelik dat geen stap-vir-stap-strategie aangebied word nie. Slegs riglyne kan gestel word, sodat elke gemeente die Groot Opdrag uniek kan gehoorsaam (Bulley, 1994:3; Burger,

1999:300; Schwarz & Schalk, 1999:41, 42; Van der Merwe, 2009b:8). Elke gemeente sal besef dat daar altyd ’n minimumfaktor sal wees en daarom kan die gemeente nooit in reses/status quo verkeer nie. Natuurlike ontwikkeling binne die bedieningsvelde is daarom prosesgeoriënteerd en langtermyn.

Menslike koördinering as noodwendige skakel moet egter bewustelik bly plaasvind, terwyl die chaordiese opset organies-organiserend manifesteer. Indien dié normale proses Δ plaasvind en soveel moontlik lidmate bemagtigend deel is van die bediening, behoort gemeenteopbou opsigtelik opgemerk te word. Die gemeente sal besef dat die visie stadigaan verwesenlik word en dat die nuwe gemeentelike kultuur geleidelik geanker word (Gilbert, 2004:137-158, 319; Pretorius & Lindeque, 2009). Dis in hierdie fase waartydens hernude revisionering en aanpassing moet geskied, ’n nuwe gemeenteprofiel gekry moet word en die veranderingsproses, aan die hand van nuwe doelwitstellings en strategiese stappe, weer van vooraf in aanvang neem (vgl. ook Gilbert, 2004:86-89; 113):

> “Consolidating gains and producing more change happens as ministries are continuously aligned around the vision and strategic plan” (Gilbert, 2004:111)

Op hierdie wyse bly die kultuur van die immer voordurende organiese aktiwiteit binne die verbeterende praksis 2 gehandhaaf. Praksis 2 besit dus geen finale eindpunt nie, omdat organiese groei nie afgesluit word nie.

- **Organiese vermeerdering en volgehoue implementering**

Volgens Schwarz en Schalk (1999:200) behoort ’n gemeente binne hierdie tydrowende en komplekse proses ook getallegewys organies te vermeerder. Waar die gemeente in lidmaattal konstant toeneem, behoort ’n gemeente verdeling of kerkplanting te oorweeg. Indien daar egter binne ’n bestaande vernuwende gemeente vordering op ’n te stadige wyse geskied, behoort evaluasie van die aktiwiteite in die lig van die visie plaas te vind, nuwe doelstellings behoort daarvolgens bepaal te word, nuwe leierskap behoort daargestel te word en meer opleiding behoort beplan te word. Daar behoort op baie gereelde basis intensiewe assessering, evaluering en revisionering te geskied. Die rede hiervoor is omdat daar gedurig nuut-ontwikkelende hindernisse na vore kom. Die stel van nuwe doelstellings moet derhalwe gedurig hersien word om funksionele verandering daar te stel. Strategiese formulering en dokumentering van die ontwikkelende bedieningsfilosofie en -plan, saam met scenario-

beplanning word opnuut gedoen ten einde implementering te begin (Gilbert, 2004:314-318; Venter, 2009c:5; 2009h:18, 19; 2009f).

Die implementeringsprogram van die strategiese beplanning word tabelgewys opgestel met numeriese aanduiding van aktiwiteite, die gestelde tydperk vir afhandeling, asook die verantwoordelike persoon binne die liniêre voorstelling van die periode van afhandeling. Die aktiwiteit "volgehoue implementering" as heel laaste op die numeries aangeduide plan, dui daarop dat voortdurende vernuwing en aanpassing die uitgangspunt is (vgl. Bylaag I as voorbeeld - Venter, 2009g).

Prakties lyk die strategiese proses soos volg:

- Binne teologiesbegronde langtermyndoelstelling (visie/missie): Minimumfaktor + doelstelling 1, 2, 3, 4 prioriteitsgewys binne elkeen van die bedieningsvelde + sterkste kenmerk + ander kenmerke + kontekstuele aspekte + aksiestappe ten uitvoering daarvan.
- Koördinering vind plaas van die stappe wat geneem gaan word, datum van voltooiing, verantwoordelike persone, hulpbrongebruik.
- Dokumentering word deur implementering opgevolg wat weer lei tot assessering, refleksie, evaluering.
- Hierna vind revisionering plaas en die nodige aanpassings word aangebring waar nodig (Gilbert, 2004:309-311).

Alhoewel die begrondings, ondersoeke/analises en beplanning die biotiese strategie voorafgaan, is daar egter ook ander gelyklopende en gelykgewigtige strategieë waarmee van die heel begin af mee rekening gehou moet word.

7.2.3.1 Gelyklopende strategieë

Gelyklopend met die biotiese strategie, is ook die kommunikatiewe-, die leierskap- en die revisioneringsstrategie ter sprake. Die strategieë is verweef en kompleks, is voortdurend onderhewig aan die allesomvattende aspekte - dit alles gerig deur die WO-aanpak.

7.2.3.2.4.1 Kommunikatiewe strategie

Die dringendheid vir verandering binne krimpende gemeentes, veral die wat in ’n status quo-toestand verkeer, kan nie oordryf word nie. Dis die taak van die leierskorps om voortdurend bewus te wees van die dringendheid van die toestand. Dis ook hul taak om te bepaal of voldoende kommunikasie geskied rakende die dringendheid. Kommunikasie is die bloedtoevoer in die gemeentelike veranderingsproses (Whitney, 2004:62). Daarom is kommunikasie ook die grootste stremmende faktor in die veranderingsproses. Faktore wat lei tot gebrekkige kommunikasie, is die gebrekkige besef van die dringendheid van ernstige en diepgaande verandering, ’n gebrekkige visioneringspan met die gevolglike onderskatting van die visie as die kernsaak, asook die neiging om toe te laat dat hindernisse die visie ondermyn (Gilbert, 2004:110-118, 162; vgl. Hendriks, 1996:143, 144). Samevattend is die ontoegewyde mens die oorsaak van gebrekkige kommunikasie.

Die kommunikatiewe WO-aanpak, as integrale deel van die organiese benadering volgens die bipolêre denkparadigma, werk in die rigting van positiewe kommunikatiewe leierskapsopbou, asook die positiewe opbou van verhoudings tussen gemeentelede. Die kommunikatiewe aanpak funksioneer binne verhoudings-gesentreerdheid. Kommunikasie is die insluitende, deurslaggewende, omvattende en bepalende kenmerk tussen mense, wat daarmee ook die vervulling van die Groot Gebod gehoorsaam (vgl. 7.2.2.2; Burger, 1995:31; George, 1994:12; Gilbert, 2004:88-90, 102; Schwarz, 1999:188; 214-218; Van der Merwe, 2009c:7; Whitney *et al*, 2004:5, 21, 44-60, 68-80, 260). Verhoudings wat versorg word deur bewustelike omgee en dialoog, bestaan nie net nie, maar floreer as WO toegepas word. Enige kommunikatiewe situasie kan dus positief benader word deur waarderende vrae te stel en Gód sodoende as die oorsprong van kommunikasie daardeur te laat spreek/skep (vgl. Gen 1:1).

Die kommunikatiewe aanpak aan die hand van waarderende vrae beteken dat voortdurend gevra word 1) wat dit is wat *lewegewend* is en 2) wat die kommunikeerders op sy *beste* kan laat werk. Die proses verloop deur ’n onderlinge *deel-met-mekaar-verhouding* en *verbondenheid.* ’n Gedeelde *identiteit* word sodoende bewerkstellig. Kenmerke van hierdie punt wat bereik word, is dat die taalgebruik verskuif na die woord *ons*. *Groei* vind op hierdie wyse in die verhoudings plaasvind. Binne hierdie kommunikatiewe verhoudings ontstaan dan al die verdere punte van strategiebepaling. Die uitgangspunt is om deurentyd positiewe stellings te maak, die gesprek deurentyd te rig en om dit wat bereik is, te vier.

Chaffee (2004:20) skryf soos volg oor Spector, kenner van WO as positiewe kommunikatiewe styl binne ’n veranderende gemeentelike opset:

> “Spector’s experience is that the power of the story told and listened to by every member, represents the real treasury. If handled with care and respect in an expanding circle, these storytellers, their faith journeys, and their talents represent the necessary resources to renew and transform the community and its members.”

Gesonde vernuwing en verandering aan die hand van agt kommunikatiewe stappe, word deur Campbell uiteengesit (Gilbert, 2004:57, 76-82). Dit sluit ten nouste aan by wat bekend is as die stoomrollerlens. Hiervolgens kan die emosionele stand van die gemeente bepaal word. Aangesien emosies hiervolgens verstaan kan word, kan die leierskap kommunikatief effektief daarby aansluit. Volgens die stoomrollerlens is daar by die daarstel van vernuwing/verandering, ná die aanvanklike opwinding, emosies van skok, verwarring, ’n gevoel van veglustigheid of van ontwyking, nostalgie, woede, angs, skuld, ’n gevoel van verlies en distansiëring. Dan volg die emosionele keerpunt wanneer die wens ontstaan om, óf deel te wees van die verandering, óf om die gemeente totaal te verlaat. Indien eersgenoemde keuse gevolg word, word ’n opwaartse kurwe begin. Die opwaartse kurwe behels die volgende: die soeke na wat nuut is, om dan te fokus op die ontdekking van nuwe kennis en om daarvolgens ingeligte keuses te maak. Geldige inligting is dan ter sprake en probleemoplossende aksie word gesoek om nuwe doel, struktuur, hoop en toegewydheid te vind. Toetsing van die gebeure vind dan plaas. Dit lei tot ’n herverbintenis wat opnuut opwinding veroorsaak. Hierdie stappe lei die gemeente vanaf ’n emosionele ervaring tot ’n rasionele ervaring.

Hieronder is die skematiese voorstelling van die stroomrollerlens wat die emosionele stand van die gemeente aantoon:



Die kommunikatiewe stappe volg dieselfde stappe as in bogenoemde stoomrollerbeweging:

> ’n Gevoel van *ontstigting* en *ontkenning*/*weerstandigheid* ontstaan. Die nuwe situasie word dan *onder oë geneem* met die gevolg dat die *verlede losgelaat* word en op die *onbekende wat voorlê, gefokus* word. Dan word oor die nuwe toekoms *gedroom* en *nuwe moontlikhede* word ontdek. *Toewyding* aan die aksieplanne is opmerklik, en die veranderinge word integrerend *aanvaar*.

Die leierskorps behoort dus kommunikatief sensitief te wees en bewustelik en toepaslik op te tree, wetend dat die linkerkant van die grafiek van *emosies* spreek en dat die regterkant van die grafiek van *rede*/*logika* getuig. Dit is dus ’n aanvaarbare en logiese verskynsel dat verbygaande, ontmoedigende, emotiewe kommunikasie ná die aanvanklike opwinding waargeneem en ervaar word. Dit manifesteer voordat positiewe kommunikasie logiesgewys oorneem. Wanneer die linkerkant in die veranderingsproses manifesteer, moet leiers in die kommunikatiewe styl meer luister en bewus wees van die feit dat luister nie noodwendig toegee of saamstem impliseer nie. Leiers moet deur kommunikatiewe swye die gemeente lei deur hul die kans te gee om self tot besluitneming (rede) te kom. Deur te luister, verwerf die leier die reg om ná die luisterproses ook na geluister te word, wanneer verdere

kommunikatiewe inligting en motivering dan deur die leier gegee kan word (vgl. ook Gilbert, 2004:169). Kommunikasie as die kern van die veranderingsproses, moet voortdurend deurgevoer word, hoofsaaklik omdat elke lidmaat sy/haar eie tempo in die leerproses het. Weens die individuele aanpassing kan die voorgestelde strategie nie aangepak word, indien die kommunikatiewe proses nog nie momentum by die draaipunt gekry het nie.

Gilbert stel voor dat ’n kommunikatiewe strategie van die eerste stap van die veranderingsproses daargestel moet word, dat soveel as moontlik gemeentelede teenwoordig moet wees en dat soveel as moontlik mettertyd bemagtig moet word (vgl. Hendriks, 1996:144; 1999:19). Die kommunikatiewe strategie binne kommunikatiewe bemagtiging behels hoofsaaklik twee vrae, naamlik: Wat is dit wat gekommunikeer moet word, en is die planne sodanig dat dit effektief deurgevoer kan word binne die hele gemeente?

Kommunikatief kan die tweede vraag lei tot ’n bemagtigende gesprek oor die effektiwiteit van die huidige strukture en werksaamhede, om dit dan met die geïdealiseerde situasie te vergelyk en gesprek te voer oor hoe vordering vasgestel kan word, wie dit sal doen, hoe en wanneer dit moet geskied (Gilbert, 2004: 162, 173, 303-306). Kommunikatiewe bemagtiging word deur Gilbert (2004:303) soos volg bewoord:

> “Empowerment is not a program or even a training course. It’s a gift from God.”

Die kommunikatiewe aanpak moet deel wees van die gemeente en leierskorps, maar veral van die predikant. Die kommunikatiewe bloedtoevoer wat as instrument gebruik word in die veranderingsproses, vereis versigtige hantering, veral binne taalaanwending. Die gemeente, as sisteem, vereis op die gebied van taalgebruik, kommunikatiewe sensitwiteit. Buitengewone moeite moet gedoen word om binne die gemeente bepaalde woorde funksioneel te gebruik. Woordkeuse ter wille van effektiewe kommunikasie is van uiterse belang, omdat elke modaliteit spesifieke terme het wat die aandag vasvang. Dit geld nie alleen vir Skrifbeskouing, die prediking en die gebruik van metafore nie, maar ook in skynbaar mindere kommunikasiemiddels, soos die opstel van nuusbriewe en kennisgewings.

Veral die metafoor is geskik om taalsensitiwiteit uit te bou, om effektief te kommunikeer en interpretasie te vergemaklik. ’n Metafoor is die taalmiddel waarin simboliese krag ingebed word. Die simbool bly ’n tweerigting verskynsel, sodanig dat die semantiese deel

terugverwys na die niesemantiese deel. Die krag wat in die taalmiddel verskuil is, is daarin geleë dat die betekenis daarvan met menslike ervaring verbind word (Ricoeur, 1976:69). Die metafoor is ’n geskikte manier om aansluiting te vind by die ingesteldheid van die hedendaagse “susterkerk”-gelowige. Op unieke wyse kan die stuurspan van elke gemeente in die transformasieproses gebruik maak van metafore, soos die vloei van ’n rivier (Dreyer, 2009), op-pad-wees (Gilbert, 2004), om ’n berg te klim (Van der Merwe, 2009c), ’n kerkgebou (Bylaag H foto 2). Metafore wat in die Skrif gebruik word, kan direk by aangesluit word, naamlik die kerk as liggaam van Christus, of as saailand, of as gebou (I Kor 3:9). Die natuurmetafoor, waarvan organiese groei getuig, is kommunikatief uiteraand ’n geskikte aansluitingspunt tussen gelowiges (Branson, 2004; De Kock, 2003:18; o.a. Matt 6:28). Branson (2004:30) meen dat metafore die interpretasievlak só kan vergemaklik, dat verandering letterlik teen die spoed van verbeelding kan geskied.

Tydens visiestelling is die eerste kommunikatiewe strategiese vereiste dus die gebruik van eenvoudige en effektiewe taal. Saam met metafore is die gebruik van analogieë en voorbeelde ook effektief. Kommunikatiewe effektiwiteit kan verder verwesenlik word deur van verskillende forums gebruik te maak. Onophoudelike herhaling moet baie hoog geag word en die gebruik van vrae rakende kommunikasie, moet deurentyd aandag kry, byvoorbeeld: Hoe word met die gemeentelede kontak gemaak en hoe effektief is dit? Bied die bestaande struktuur voldoende en alternatiewe maniere om kontak te maak? Sal daar meer aksie en reaksie by die gemeente wees as van alternatiewe metodes gebruik gemaak word? Watter ander instrumente kan geïmplementeer word om meer mense te bereik? Word daar optimaal van beskikbare tegnologie gebruik gemaak? Is daar ánder beskikbare tegnologie waarvan ook gebruik gemaak kan word? (Venter, 2009h:10).

Die kommunikatiewe strategie is egter net moontlik indien dit in werking gestel word deur die leierskapsstrategie.

7.2.3.2.4.2 Leierskapstrategie

Die fondasie van gesonde kerkgroei is geleë in menslike leierskap en die strukture wat deur die leierskap daargestel word (De Kloe, 2007; Hendriks, 2003; Pretorius & Lindeque, 2009; Bylaag I:nr.13, 14; Nel, 2009:76; Schwarz, 1999:187, 188). Leierskap is egter ten diepste ’n geestelike saak in die sin dat die leierskap Godgerigte aannames gebruik as rigtinggewende

kompasse. Indien probleme ontstaan, is dit nie die leiers se taak om menslike oplossings te gee nie. Bybels gesien is dit hul taak om die mense te lei om self tot Skrifgefundeerde oplossings te kom (Gilbert, 2004:12-38, 43; vgl. Smit, 1995:85-93, 112). Ook Calvyn het leierskap as uiters belangrike aspek binne die gemeente geag (Nel, 2009:75). Interessant is die benadering van Calvyn rakende leierskap, naamlik dat dit "similar to the type of leadership that one finds in the secular world" (Nel, 2009:75) behoort te wees.

In die bipolêre transformasieproses word van die predikant as leier ernstige besinning en aanpassing rakende sy bedieningstyl verwag. Die bediening vereis 'n holistiese perspektief van die gemeente as 'n niestatiese beweging/proses. Die predikant funksioneer meer as 'n leier van 'n groep ('n groep wat bemagtig word), meer as koördineerder en evalueerder van die totaliteit van kerklike handelinge. Die predikant is nie die superleiersfiguur, wat as implementeerder van die strategie, voorloop nie. Bemagtigende leierskap is waarna gestreef word. As bemagtiger is hy deel van die gemeentelike doel om voortdurend visiegerigte verbetering te bewerkstellig (vgl. Hendriks, 1996:143, 144; 1999:19). Die predikant moet totaal nuut dink oor die vloeibare, bewegende gemeente wat holisties bedien moet word. Deelfunksies, waarin die predikant tradisioneel gefunksioneer het, word die taak van die bemagtigde leierskorps. Predikante moet dus tot die besef kom dat lidmate die werk kan doen.

Sukses of stremming in die veranderingsproses begin by die predikant as kardinale leiersfiguur. Predikante is derhalwe die enkele groot hindernis in die proses, omdat hul nooit geleer het om op hierdie wyse oor hulself, hul roeping en taak binne die kerkpraktyk, te dink nie. Predikante is tradisioneel gekondisioneer om al die werk self te wil doen. Angstigheid en selfs aggressiwiteit oor herstrukturering bestaan skynbaar, weens die besef van eie onkunde rakende die onvermydelike veranderingsproses. Die predikant-is-die-kerk-uitspraak is vir sommige predikante steeds vlyend en in dié egogesentreerde benadering word die gemeentelike mense-potensiaal gevolglik nie raakgesien nie. Die huidige geslag predikante is derhalwe grootliks nie toegerus of voorbereid vir die diep, transformerende veranderingsproses nie. Voortgesette bewusmaking en her-opleiding van predikante wat reeds in gemeentes staan, is dringend en uiters noodsaaklik (Burger, 1999:147, 148, 193; Fraker & Spears, 1996:169-280; Gilbert, 2004:184-186; Hendriks, 1996:143; Malphurs, 2004:174).

Gilbert **(**2004:10-42, 223-239) bestee baie aandag aan die verhouding tussen leierskap en gemeentelike transformasie, asook die kuns van transformerende verandering. Daar word gestel dat die predikant, asook die ander in die leierskorps, transformerende leierskap as die pad wat gevolg moet word, werklik moet verstaan. Die pad is nie reguit en eenvoudig nie en daarby moet duidelike bewustheid bestaan oor die spoed waarteen verandering bly intree. Dit behels ook die spoed van gemeentelike verandering: nie te stadig of te vinnig nie (vgl. 7.2.2.2.4).

Hantering van transformerende leierskap is geleë in die kommunikatiewe aanslag, deur in die onseker tyd van verandering pront-uit te sê dat die antwoord nie duidelik is nie (vgl. ook Fraker & Spears, 1996:15, 30, 108-110; Smit, 1995:30). Die leier moet nie die alwetende inligtingsbron probeer speel en die lidmate "gelukkig" probeer hou met skynantwoorde, wat nie die volle waarheid is nie. Kennis van die Bell-kurwe kan as riglyn rakende verandering vir die leierskap van waarde wees, naamlik dat die fokus hiervolgens tradisioneel op die 70% neutrale gesindhede val. Hierdie groep binne die gemeente sal moontlik steeds saam met die leierskorps voortbeweeg, indien die leiers vasberade die koers aangee. Niemandt (2006:33) wys egter dat die Bell-kurwe tipies modernisties is, met die gevolg dat die hedendaagse mens eerder in 'n Well-kurwe verkeer. Die beweging van die groot groep is dus geensins verseker nie. Wat ookal die verskuiwende persentasies tussen modernisties- en postmodernisties-geneigdes in werklikheid is, is nie bepalend nie, omdat die krimpende "susterkerke" God se groei-outomatismes het en dit, as bipolêrgeneigdes, reformerend moet navolg. Gehoorsaamheid word in elk geval deur 100% lidmate verwag - veral in omstandighede so dringend soos by die "susterkerke".

- **Bestuurders en leierskorps**

Die leierskap binne die veranderende kerkpraktyk wys op die onderskeid wat gemaak moet word tussen gemeentelike bestuurders en leiers (vgl. Fraker & Spears, 1996:86). Die verskil is geleë in die tipe vraag wat deur elkeen onderskeidelik gevra word. Leiers vra vrae soos: Doen ons die regte dinge? Gemeentelike bestuurders vra: Doen ons die dinge reg? Veranderende gemeentes het egter beide nodig, maar om gemeentelike verandering daar te stel, word eerstens leiers benodig. Leiers fokus op dieper kwessies soos: Wie is die gemeente? Watter soort bediening is nodig vir die toekoms? Wat is die doel van die gemeente? Leiers/pioniers fokus dus op die toekoms/visie en inspireer die gemeente, ten

spyte van hindernisse; pioniers wat in tye van minder of geen sukses steeds die krisis as ’n leerervaring beskou (Mead, 1993:73). Leiers is in tye van verandering belangriker as bestuurders of as ’n predikant wat die rol van voorlopende superleiersfiguur wil speel. Leierskap, met die oog op verandering, bestaan dus eerstens uit die leierskorps.

- **Bemagtigende leierskap**

Die transformasieproses is vir die leierskorps soms ’n eensame ervaring. Die geheim om dié leierskap te laat slaag, is om die werk na die lidmate te kanaliseer. Dit staan bekend as bemagtigende leierskap. Greenleaf (Fraker & Spears, 1996:64) stel bemagtiging soos volg:

> “The prime formative challenge of our times, of all times as I see it, is the nurture of servants.”

Bemagtiging kan slegs geskied deur diegene wat soekers is van die koninkryk. Soekers is die leiers wat ontvang waarna hulle soek deur hulself te gee. Die Woord stel immers dat dit saliger is om te gee as om te ontvang en dat die wat soek, sal vind (Mat 7:7; Hand 20:35). Deur die Gees gedrewe is die spesifieke mens soekend en gee diegene hulself deur ’n ander te bedien, sodat die ander persoon kan groei. In die bemagtigende groeiproses word hulle gesonder, wyser, vryer, selfstandiger en meer soos dienaars wat self ook groei. Die dienaarsgestalte moet in die leierskapstrategie prominent na vore kom (Fraker & Spears, 1996:14, 40, 198; Smit, 1995:25-34).

Wat dan van belang is, is dat begeleiding/onderhouding/ondersteuning van die bemagtigdes voortdurend, ter wille van volgehoue leer, moet plaasvind (vgl. ook Fraker & Spears, 1996:305). Goeie gewoontes, aangeleer deur die bemagtigingsproses, help terugwerkend weer die leiers om gebalanseerd in die regte rigting te bly beweeg.

Hier volg ’n aantal goeie gewoontes wat deur die bemagtigingsproses daargestel kan word (Gilbert, 2004:222-237):

1) Voorsorg word getref dat daar vertroue tussen die saamwerkende en ondersteunende groepe bestaan. Voorsorg word ook getref om die leiersgroepe te help optree (uitwaartse aksie) en om te help met refleksie (inwaartse aksie).

2) Die bewustelike aanleer van familiesisteemterme moet geskied. Die kerksisteem word gesien as ’n emosionele sisteem, waar die leier in bewustelike kalmte en soms in speelsheid voort moet gaan te midde van emosionele opwellings. Gebed is ’n goeie instrument om kalmte te verseker, maar net so ’n goeie instrument is kennis van hoe mense dink en reageer. Veral angstige leiers moet besef dat hy/sy nie noodwendig iets aan emosionele opwellings hoef te doen nie.

3) Bewustheid van die handhawing van ’n Godgerigte lewensbeskouing moet bestaan. Hierdie bewustheid kan in ’n emosionele sisteem betekenisvol en ’n stewige anker wees.

4) Dis waardevol om betrokke te bly by lewenslange leer, net soos die gemeente as leergemeenskap verbind bly tot lewenslange leer (vgl. 3.5.3.7). Die leierskorps moet derhalwe leer om eerlike selfrefkleksie te doen, om aan te dring op ander se opinies in die bespreking van ’n saak, om versigtige luisteraksies te beoefen en om openheid teenoor nuwe idees te toon.

Bemagtiging is om direk in die voetspore van Jesus te volg, aangesien Hy as dienaar, sy volgelinge toerus om self dienaars te word (George, 1994:12). Bemagtigende leierskap kan ontwikkel deur voortdurende leierskapassessering en deur die daarstel van ’n leierskapsontwikkelingsplan (Fraker & Spears, 1996:40, 191-211; Gilbert, 2004:176-185, 303, 304; vgl. ook www.willowcreek.org). Bemagtigende leierskap behels ’n nuwe aanpak vir leierstoerusting rakende gesindhede, vaardighede en gawes. Dit behels grootliks vertroue in ánder wat van die groot verantwoordelikhede op hul neem, asook aanpasbaarheid in die daarstel van strukture, ter wille van effektiwiteit van die nuwe bemagtigde lede.

Deur bemagtiging verwerf ook die leierskorps kennis om suksesvol in kohesie op te tree, deurdat onderlinge vertroue, toegewydheid, toerekenbaarheid en ’n kollektiewe fokus op sukses, toeneem. Ingewyde bemagtigdes ervaar geleidelik nie meer vrees as konflik ontstaan nie, aangesien die besef van groei deur die konflikproses kan geskied. Die groei/oorkoming van vrees in die wydste sin van die woord, word deur Ricoeur as *neutralisering* beskryf. Teenoor Freud wat vrees vir verdoeming as die menslike swakheid en as die grondrede vir menslike godsdiensbeoefening beskou, stel Ricoeur dat vrees deur God se beskermende intrede, verdryf word (Joh 4:18) (Ihde, 2004:440, 455).

Verder veronderstel bemagtiging ook deurlopende assessering (leier/stuurspan/kerkraad/diensgroepe), aangesien effektiwiteit sodoende verbeter word. Mettertyd word bemagtiging deel van die vernuwende gemeentekultuur, deurdat sterk leierskap op hoofdoelwitte en strategiese prioriteite fokus en dit dan kommunikatief oordra aan die bemagtigdes. Sukses word verseker deur die bewustelike afsien van outoritêre kontrole en gesag. In die plek daarvan word 'n bevestigende, deelnemende en gawes-georiënteerde bemagtigende kerkkultuur daargestel (De Kock, 2003:90; Pretorius & Lindeque, 2009; Murahashi, 2001:114). Voortdurende toerekenbaarheid van die leierskorps versterk die stadigvestigende kultuur, deurdat verandering deur voortdurende kommunikatiewe verduideliking gerig bly op die gestelde visie en gemeentedoel. Sukses rakende bemagtigende leierskap kry verder ook momentum, wanneer goeie begrip by gemeentelede bestaan oor die nakom van die nuutgestelde regulasies en strukture in die gemeente, asook oor die effektiwiteit of oneffektiwiteit daarvan. Indien dit nie effektief is nie, word strukturele aanpassings in die lig van die gestelde prioriteite aangebring.

Effektiewe bemagtiging is voordelig, omdat ware verandering aan die hand van baie bemagtigde gemeentelede, volgens elkeen se verskillende gawes geskied. Die fokus val nie meer net op die predikant of kerkraad nie. Veral die langtermynveranderingsproses word deur dié bemagtigde lede bevorder en bespoedig, terwyl die gees van toegewydheid en entoesiasme, wat deur hul leierskap ontstaan, voordelig inwerk op die gemeente. Frustrasievlakke verminder ook waar gemeentelike inisiatief kollektief geneem word en waar visiegerigte verandering bewustelik voor oë gehou word (Gilbert, 2004:186).

Tydens veral die implemeteringsfase van die gestelde strategie, is samewerking tussen die kerkraad en die bemagtigde leiers, van groot belang. Omdat hierdie fase soms die idee skep van 'n verwarrende verloop binne die gestelde aksieplanne, is dit juis die leierskap wat visiegerig rigting moet bly gee. Tog word in hierdie verloop ook gereeld korttermyndoelwitte suksesvol bereik en gewoonlik is dit dan onder leiding van die bemagtigde leiers dat gemeentelike viering geskied. Op hierdie wyse vind vestiging van die veranderende kultuur plaas, terwyl visiegerigtheid algaande versterk word (Gilbert, 2004:202-208, 218):

> "Implementing the vision is a specific set of high-leverage actions that move the congregation toward realization of God's vision" (Gilbert, 2004:208).

Bemagtigende leierskap deursuur en grondves dus die veranderende gemeente. Dit lei tot die generering van energie deur kommunikasie. Deur toerusting, opleiding en ondersteuning binne ’n buigsame struktuur, vind oordrag plaas vanaf die bemagtigde as mentor, na die volgeling(e). Die volgeling(e) sluit ook kinders in (Malphurs, 2004:207; Murahashi, 2001:97; vgl. Pretorius & Lindeque, 2009; Venter, 2009h:17). Transformerende leiers tree dus voortdurend optimisties en vol selfvertroue op, betoon bewustelike vertroue teenoor (al) die volgeling(e) en verwag dan ook die beste van hulle in die dissipelskapsproses. Op hierdie wyse vermeerder verantwoordelikhede wat aan die volgeling(e) grootliks volgens hul gawes oorgegee word en beloning/erkenning kan volg waar nodig. Die gevolg is dat die volgeling(e) self toeneem in toewyding rakende visienastrewing.

In die gawe-georiënteerde bemagtigingsproses word sleutelwaardes dus beklemtoon en leiding word geneem, deurdat die leiers self die voorbeeld te stel. Voorbeeldige leiding behels, byvoorbeeld die ontwikkeling van die organiese denkwyse wat in die praktyk realiseer, persoonlike getuienisse, verdieping in die Woord en aktiewe evangelisasie (Murahashi, 2001:116, 126). De Kock (2003:111-122) fokus ook op metateoretiese perspektiewe vanuit die bestuurswetenskappe rakende leierskap en strukture en verwys na Bass, Yukl en Coetsee, wat verdere waardevolle inligting rakende bemagtigende leierskap bied.

- **Missionêre leierskap**

Bemagtigende leierskap wat streef om die ekklesiologiese balans te bewerkstellig, spruit voort uit missionêre leierskap:

> “Mission is the result of God’s initiative rooted in God’s purpose to restore and heal his creation” (Niemandt, 2006:147).

Hierdie uitspraak toon dat slegs deur ’n missionêre gerigtheid en missionêre leierskap, die ekklesiologiese wanbalans teëgewerk en herstel kan word. Die rede hiervoor is omdat die beginsels van opbou en uitbou (kerkgroei) binne die Groot Opdrag geleë is (vgl. 3.5.5). Missionêre leierskap en -gerigtheid lei tot groeiende, nuwe insigte wat deur voortdurende bemagtiging en leer toegevoeg word en dan veral deurdat bemagtigende leierskap prakties toegepas word (Botha, 2006:22, 23; Niemandt, 2006:157,158; Van Rooy, 2007b:31, 32; Whitney *et al* , 2004:5):

> "God empowers leadership, but we have to get ourselves to the place where it happens" (Gilbert, 2004:173).

- **Sisteemsensitiewe leierskap**

Die taak om deur die leierskapstrategie 'n veilige omgewing vir verandering daar te stel, is omvattend en kompleks. Gemeentelike verandering in balansgewende opbou en uitbou is 'n menslikbewustelike, maar ook 'n teologiese begronde proses. Die leierskap moet besef dat verandering van binne die gemeente na buite toe plaasvind (vgl. ook Hendriks, 2003). Daarna moet besef word, dat die gemeente ook van buite af binne toe verander. Dit beteken dat die gemeente nie bloot die omliggende gemeenskap bedien nie, maar wel deel *van* die omliggende gemeenskap word en is. Die vermoë om die verandering te maak deur nuwe maniere van binne en van buite aan te neem, stel die gemeente as sisteem in staat om bewustelik te leer hoe om tot 'n 21e eeu se gemeente te ontwikkel (Gilbert, 2004:230, 250).

Binne die sistemies-veranderende gemeente van die huidige eeu, word van die leierskorps, veral van die predikant, sensitiwiteit en sterk leierskap vereis (Van der Merwe, 2009c:25-27; Warren, 2005:xvi). Wagner (1986:126-133) wat Vaughan aanhaal, asook Warren (2005:8, 313), noem dat groei dáár geskied waar die predikant 'n lang tydperk van ten minste 10 jaar in 'n gemeente kan werk. Gemeentelike resultate vertoon ook beter waar die bestuurstruktuur verklein word (vgl. ook Pretorius & Lindeque, 2009). Ondervinding in die hantering van die verskillende sisteme ontbreek dikwels by die leierskap. Kennis van die gemeentelike sisteem en sisteemdenke is derhalwe noodsaaklik. 'n Nuwe opgaaf en kennis rakende leierskap en die gemeentelike sisteem en sisteemdenke is dus noodsaaklik vir die daarstel van effektiewe transformasie.

Sisteemsensitiewe leierskap sluit aan by bemagtigende leierskap, omdat gevra word na verskeidenheid in die gemeentelike bedieningstyl. Dit behels 'n buigbare bedieningstruktuur. Binne die (vloeibare) sisteemkultuur is die funksie van leierskap om waardes van die verskillende sisteme te erken, asook om geleenthede daaruit voortvloeiend, opbouend te gebruik. Binne 'n multisisteemgemeente is dit verder vir die leierskap belangrik om, onder andere, verdraagsaamheid in die hele gemeente te bevorder, terugvoering in die besluitnemingsproses kommunikatief te laat slaag, die verstaan en beoefening van

sisteemsensitiwiteit uit te bou en om visiestelling baie ernstig op te neem (Van der Merwe, 2009c:25-27).

- **Stuurspan as leierskorps**

In die formulering van ’n leierskapstrategie vir die gemeentelike transformasieproses (soos tot dusver in bogenoemde vier paragrawe uiteengesit is), is daar ’n verdere noodsaaklikheid ter sprake. Dit is die daarstel van ’n stuurspan. ’n Stuurspan is ook noodsaaklik waar kerkplanting beplan word (Gilbert, 2004:130-151; 282-284; Pretorius & Lindeque, 2009). Die stuurspan word uit die hele gemeentelike spektrum saamgestel, alhoewel die kerkraad nie deel van hierdie span vorm nie. Die kerkraad en die stuurspan vervul immers verskillende take. Die stuurspan se taak is spesifiek om visiestelling te formuleer en die visioneringsproses daar te stel.

In die samestelling van die stuurspan word aandag geskenk aan die volgende vrae:

Is die stuurspan groot genoeg om te verseker dat dié wat uitgelaat is, nie blokkasies in die proses veroorsaak nie? Bestaan daar voldoende deskundigheid en vaardighede binne die aantal persone op die stuurspan, dat ingeligte besluite geneem kan word? Besit diegene in die stuurspan geloofwaardigheid? Is daar genoeg leiers in die span om die proses te stuur en maak reeds aanvaarde leiers ook deel uit van die span? Is dit ’n uitgemaakte saak dat diegene met ’n oordrewe ego, of met ’n geneigdheid tot ondergrawing, nie oorweeg is vir die proses nie?

Wanneer die span daargestel is, word die uitsonderlike funksie wat deur die groep verrig moet word, duidelik geformuleer. Elkeen moet besef dat onderlinge vertroue uiters belangrik is, dat vaardighede beskikbaar gestel moet word en dat die doel van die stuurspan eendragtig nagejaag moet word. ’n Fasiliteerder uit die gemeente of van buite die gemeente vorm deel van die span en hou die kerkraad en die gemeente op hoogte van verwikkelinge binne die stuurspan (vgl. 7.2.3.2.4.1).

Die fasiliteerder van die stuurspan moet oor ’n lewende gebedslewe beskik, asook oor proses- en leiersvaardighede. Hy/sy moet deeglik bewus wees van die teoretiese aspekte rakende die stuurspan se taak. Die stuurspan moet na die eerste take voltooi is, maar ook na voltooiing van latere take, dit op deeglike wyse aan die kerkraad deurgee (vgl. 7.2.3.2.4.1). Onderlinge

entoesiasme en kreatiwiteit kan suksesvol gestimuleer word, indien hierdie deurgeesessie in vriendelike omstandighede geskied, soos byvoorbeeld tydens ’n periode van gesamentlike afsondering.

Die werkswyse van die stuurspan moet altyd in eerlike openheid geskied en deur sensitiewe onderskeiding gekenmerk word. Die term *onderskeiding*, vertaal uit Grieks, dui op *om te sif*. Deur leiding deur die Gees en die Woord kom die stuurspan tot ’n gesifte formulering van wat God se wil in die gemeente is (vgl. I Kor 6:17; Ef 2:22; Joh 3:7). Een persoon opsigself kan nie alleen die wil van God insien nie, maar deur onderling saam, maar ook saam met die gemeente te interpreteer en te reflekteer, kan konsensus bereik word. Konsensus word bereik deur te wete te kom wat God op hiérdie tydstip in hiérdie gemeente wil deurvoer. Weens die mens se gebrokenheid, neem hierdie proses nooit die vorm van geslotenheid aan nie. Hierby aansluitend moet die wil van God op gereelde basis in gebed en in openheid hersien word. Op hierdie wyse word sekerheid verkry dat die Gees deur die visie en strategie, die gemeente voortdurend lei, verder laat ontwikkel en verder laat groei. Die gemeente, net soos die kerkraad, moet kommunikatief deel bly van hierdie onderskeidende soeke na die wil van God, maar die stuurspan bly altyd aan die spits hiervan. In Gilbert (2004:285-298 Appendiks D) word waardevolle bronne en instrumente vir die stuurspan gegee om op visiestelling en die visioneringsproses uit te brei.

Die stuurspan wat die proses met onderskeiding moet lei, kan nie hul taak aanpak deur bloot die vergadering met gebed te begin, rasioneel die saak aan te pak en so gou moontlik af te handel nie. Die erns en dringendheid van die stuurspan se taak neem eerder in aanvang deur met oorgegewe en dringende gebed te begin, dan op betroubare wyse in die voetspore van Jesus Christus te volg deur openheid en uitermate geduld te beoefen. Opoffering en stryd is deel van die proses, ten einde die lewendgewende en Godgewilde doel te ontdek. Hierdie afhanklike gebedsgerigtheid, asook die verwagting dat God sal antwoord, moet opsigtelik die uitgangspunt wees. Dit moet so opsigtelik wees dat dit ook in die gemeente opmerklik en sprekend is. Die stuurspan moet die hele proses vanaf visiestelling, missiebepaling en die daarstel van ’n strategie, versigtig monitor en nie rigied deurdruk nie. Dit waartoe die gemeente hul verbind deur die leiding van die stuurspan, moet baie duidelik geformuleer, gedokumenteer en gekommunikeer word.

Na ’n verwerkingsperiode van dit wat die stuurspan met die gemeente kommunikeer, word vanaf die gemeente aanbevelings aan die stuurspan deurgegee aan die hand van assessering, terugvoer en goed-/afkeuring. Dit is geldig by elke aspek van die proses, byvoorbeeld oor die gestelde visieverklaring, die missieformulering, die strategiebepaling of implementeringsake. Die WO-aanpak word deurgaans toegepas. Die stand van die veranderingsproses van die gemeente word ook by elke moontlike evalueringspunt gemonitor (7.2.3.2.4.3), terwyl assessering van die stuurspan, hetsy in die veranderingsproses of by kerkplanting, ook voortdurend noodsaaklik is. Indien rotering van stuurspanlede plaasvind, geskied dit slegs nadat duidelike en volledige oordrag plaasgevind het (Gilbert, 2004:152, 158, 292-298; Murahashi, 2001:70).

Die leierskapstrategie is opsigself ’n taak wat vooraf duidelik deurdink moet word en deur kommunikasie deel moet word van die vernuwende denksisteem van die veranderende gemeente.

7.2.3.2.4.3 Revisioneringstrategie

In al die bronne wat vir hierdie ondersoek nagegaan is, word gestel dat die hele veranderingsproses ten slotte die kenmerk dra van voortdurende revisionering/evaluering/reformering (vgl. o.a. Branson, 2004:110, 111; Gilbert: 2004:107, 118; Malphurs, 2004:233; Schwarz & Schalk, 1998:82, 101; Warren, 2005:220; Whitney *et al*, 2004:81). In hierdie verband haal Pretorius en Lindeque (2009) Maxwell aan wat sê:

> “What gets measured, gets done.”

Revisionering behels die vraag: Waartoe roep die Here die gemeente opnuut? Dit is die bron van nuwe visie, nuwe energie, nuwe entoesiasme en nuwe doelstellings. Wanneer dit begin, begin die nuwe siklus (Gilbert, 2004:68, 69).

Revisionering word as deel van die gelyklopende strategieë beskou, omdat die proses leer impliseer. Gilbert (2004:26-29), asook Burger (1999:135-140), stel dat leer deur refleksie die beste leermetode by volwassenes is. Die leerproses vind egter nie net teen die einde van die veranderingsproses plaas nie, aangesien evaluering en refleksie voortdurend in al die stadia van die proses plaasvind. Die leerproses word voortdurend verryk, deurdat uit vorige ervarings, insigte verkry word. Dié insigte dien dan as kennis in die evaluerings- en

refleksieproses. Met die nuwe kennis word ’n nuwe besluit geneem om in ’n veranderde situasie te implementeer. Die strategie is dus om voortdurend op soek te wees na nuwe leerinsigte. Die volledige sirkelproses van *doen, reflekteer, leer* en *besluit* word deurgevoer met talle kleiner sirkelprosesse in die biotiese strategiese proses. Hierdie strategie wyk grootliks af van die werkswyse in die verlede van voorheen tradisionele gemeentes, waar bloot oppervlakkig gefokus is op die neem van ’n *besluit,* met die bedoeling dat die saak as afgehandel beskou is wanneer die besluit *uitgevoer* is.

Die skematiese voorstelling in Bylaag K toon ’n skematiese opsomming van die gelyklopende strategieë saam met die voorgestelde gereformeerde strategiebepaling. Die voorstelling geld as teoretiese uiteensetting vandat die geblokkeerde denke positief aangeraak is totdat Coram Deo-uitnemendheid as verbeterende praksis 2 manifesteer. Deur die ontsetting van geblokkeerde denke, wat deur die bipolêre denkparadigma bewerkstellig word, word derhalwe oorgegaan tot die transformasieproses deur gemeente-ontwikkeling, gemeentebou en gemeentegroei. Die gereformeerde strategie as voorstel tot ’n verbeterende praksis 2, vertoon in die praktyk skynbaar verwarrend en kompleks, soos “wiele binne wiele” (vgl. 7.2.3.1.1).

Die “wiel”-metafoor behels die vier allesomvattende aspekte, wat voortdurend as buitenste beskermende en rigtinggewende “wiele” funksioneer, terwyl die begronde, biotiese strategiese “wiele”, tesame met die gelyklopende strategiese “wiele”, die groeiende gemeente op die oorlewingspad voer. Die WO-“wieletjies” beweeg soos energieke atoompies tussen al die reeds genoemde “wiele” om momentum te gee aan die totale “wiel”-organisme, wat lewe en groei in die doelgerigte voortbewegingsaksie wat God bewerkstellig.

7.2.3.3 Coram Deo-uitnemendheid

Coram Deo-uitnemendheid dui op die verbeterende praksis, soos dit in die vooruitsig gestel is in Hf. 2. Coram Deo, as die hart van die kerk, dui op die “plek waar hoop gevorm word” (Burger, 1995:75, 76-85). “Hoop” word slegs deur die Gees gegee en word binne die kerk se bedienings voor die aangesig van God “gebore” (vgl. Hendriks, 1999:19). Hoop vloei dan weer hiervandaan oor na die alledaagse lewe. Coram Deo dui dus aan waar en hoe die gelowige voor God inpas om sodoende in diens van God in uitnemendheid te leef (Missio Dei) (Van der Merwe, 2009c:31, 32) (vgl. 7.1.1.4).

Krimpende “susterkerke” as praksis 1 skiet in groeikwaliteit en binne Coram Deo-uitnemendheid grootliks tekort, maar aan die hand van die diep ingrypende, dog geleidelike veranderingsproses wat in hierdie hoofstuk beskryf is, kan Skrifgetrou gereformeer word, sodat Coram Deo-uitmenemdheid én kerkgroei kan manifesteer. Groei, in teenstelling met krimping, behoort immers die droom/wens/gebed van die 21e eeu se “susterkerk”-gemeentes te wees (Burger, 1999:*7*; Du Toit *et al*, 2002:49: Gilbert, 2004:88-90) (kyk ook 7.1.4 o).

Die skematiese voorstelling van Coram Deo, wat in Van der Merwe (2009c:31, 32) aangegee word, is deur die navorser aangevul om uitbreidend te spreek binne die konteks van hierdie ondersoek. Die voorstelling wat hierna volg, spreek van Coram Deo-uitnemendheid binne die Missio Dei-roeping. Die Groot Opdrag, wat deur die Groot Sender gegee is en ’n direkte uitvloeisel is van die Groot Gebod, kom allesomvattend na vore in die totale mens in Coram Deo-uitnemendheid. Die Coram Deo-uitnemendheid behels die mens se hande (hele krag), die kop (hele verstand), die innerlike (hele siel) en die emosie (hele hart) (vgl. 7.2.3.1.2):

JESUS CHRISTUS (GROOT SENDER)

gee die

GROOT GEBOD GROOT GEBOD GROOT GEBOD GROOT GEBOD

waarbinne die gelowige voor God se aangesig leef. Die Groot Gebod is die spieëlbeeld van die Groot Sender se liefde wat deur die gelowige mens beantwoord word. God se verbondsliefde word oorgedra aan die mens deur die Groot Opdrag. Dié opdrag is die taak van die mens wat gehoorsaam en sodoende nie net die mens se liefde teenoor sy naaste uitleef nie, maar primêr God se liefde op aarde uitleef.

Coram Deo

HANDE (hele krag)
Prakties, werkers en helpers, deernisvol, ervaringryk

KOP (hele verstand**)**
Denkers, rasioneel vaste bane, wet en ordelikheid

Missio Dei **Missio Dei**



GESINDHEID (hele siel)
Stemming, stilte, meditasie misterie, musiek, simbole. God as wonder en misterie

EMOSIE (hele hart)
Hartlik, spontaan, innige verhoudinge, nie reëlgebonde nie

Coram Deo

Die entoesiastiese skriftelike vertellings van Coram Deo-uitnemendheid aan die hand van drie NG-lidmate (Venter, 2009:a), bevestig radikale en ingrypende veranderinge wat ingetree het, deurdat die gemeente gehoorsaamheid as eerste prioriteit gestel het. Deur die weergawes is dit duidelik dat die Groot Gebod, gebed, leiersbemagtiging, lidmaatdiensbaarheid, verhoudinge deur kleingroepe (vgl. Hendriks, 2003) en die gebruik van tegnologie sedert implementering van die veranderingsproses in 2004, hoë prioriteit kry en suksesvol is. Dit is

ook duidelik dat die proses en ’n lewe van Coram Deo-uitnemendheid nie maklik verloop nie, en dat talle uitdagings steeds voorlê, soos verdieping rakende uitreike (Groot Opdrag), verskeurdheid oor multikulturele bediening en die aanvaarding van die Bybelse riglyn oor homoseksueles.

7.2.3.4 Een Afrikaanse reformatoriese kerkverband

Die toename in Coram Deo-uitnemendheid en die momentum wat die diep denkverandering volgens die nuwe-wyn-nuwe-sak-beginsel daarstel, behoort in die verdere dekades van die 21e eeu te lei tot die strewe en uitdaging na die sigbare eenheid tussen die Afrikaanse reformatoriese “susterkerk”-verbande. Die nuwe bipolêre denkparadigma fokus slegs op die Groot Sender, Jesus Christus. Deur Christusgesentreerde denke binne die bipolêre denkparadigma skyn die groei in die strewe en die moontlikheid van groter eenheid tussen soortgelyke kerkverbande, aldus Schwarz (1999:77), ’n onvermydelikheid te wees. ’n Eenheidstrewe in Christus is ook baie sterk deur Calvyn benadruk (Nel, 2009:73). Dit impliseer dat ook die tradisionele gereformeerde “susterkerke” hierdie begeerte/strewe het (vgl. 6.7.4. Afdeling I2 nr. 7; Afdeling J Germiston).

Eenheid in Christus impliseer nie vae ekumenisiteit deur gedeelde belydenisse, óf deur rigiede eensoortigheid nie. Sodanige ongebalanseerde eenheidstrewes pas nie by die bipolêre denkparadigma nie. Ongebalanseerde eenheidstrewes is inherent paradoksaal en gedoem tot uitrafeling. Die bipolêre denkparadigma rig die mens egter tot balans tussen vryheid én orde. Eenheid binne die bipolêre Skrifgefundeerde denkparadigma behels derhalwe balans, wat eenheid, maar terselfdertyd ook verskeidenheid, erken. Eendersdenkendes binne die nuutgereformeerde paradigma, behoort ’n Coram Deo-bereidheid uit te leef om van ander te leer om sodoende in hul eie uitlewing meer doelgerig en effektief te word (vgl. Brouwer *et al*, 2007:38, 39).

Leer as menslike aktiwiteit vind plaas deur onderlinge verhoudings waar kommunikasie volgens WO, binne die bipolêre paradigma, plaasvind. Die bipolêre, Skrifgefundeerde denkparadigma is *ruim* genoeg om die verskillende gereformeerde “susterkerke” te akkommodeer, maar dis ook *nou* genoeg om nie die fokus op Christus, as die sentrale fokus, te verloor nie. Verskeidenheid binne eenheid is binne die Skrif ’n algemene verskynsel, byvoorbeeld: Die twaalf dissipels weerspieël twaalf verskillende persoonlikhede en twaalf

verskillende maniere van doen, maar die twaalf weerspieël ook eenheid deur hul gefokusde lewensdoel, naamlik Christusgesentreerde evangelieverkondiging (vgl. ook Hand 11 en 15).

Die "susterkerke" behoort in reformerende gees refleksief, maar terselfdertyd waarderend te werk te gaan, ten einde die doel van Christus met die tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerke" in Suid-Afrika, aan die begin van die 21e eeu, gefokusd te verwesenlik. Die kommunikatiewe aanpak is bepalend, want slegs deur kommunikasie kan verwyderde groepe nader aan mekaar beweeg. Omdat eenheid 'n saak van God se eer is, is die skeiding binne die drie reformatoriesgerigte "susterkerke" 'n ernstige saak. Hindernisse wat die afgelope 150 tot 450 jaar deur menslike interpretasie, voorkeure en gebeure ontstaan het en deur tradisie skynbaar onveranderbaar en onbeweeglik daargestel is, behoort teen alle rasio in, summier as nie meer bepalend en deurslaggewend gereken te word (vgl. ook Walls, 1996:25). Slegs radikale Christusgesentreerde Skrifdenke kan lei tot radikale verandering in die strewe na eenheid. Dit is derhalwe onaanvaarbaar dat jaar na jaar ongeloofwaardige kommunikatiewe ompaadjies uitprobeer word en slimverwoorde akademiese formulerings deurgedruk word, terwyl 'n Skrifbegronde WO-aanpak jare - eeue - lank reeds beskikbaar is vir wonderwerkende eenheidsverandering deur kommunikasie.

Chaffee (2004 :20) gee die volgende gebeure aan ter motivering:

> "... we enjoyed a warm, provocative appreciative culture for a few hours, and the people came out of it energized, enthusiastic, and wanting more. It is the kind of environment and experience one hopes for not only between strangers, but within families, including faith families."

Deur slegs Christus in die eenheidstrewe as enigste prioriteit te aanvaar, kan op gereformeerde "susterkerk"-basis kragtig missionêr uitgereik word na diegene buite die "susterkerke". Geloofwaardigheid van die tradisionele stroom kan op die wyse herstel word, aangesien die postmoderne mens in alle eenvoud slegs soek na die eenvoudige waarheid (vgl. 5.4.1.3): Christus as die Woord is die waarheid. In die lig van die waarheid, roep die verskille tussen die kerkverbande om verdraagsaamheid (Schwarz, 1999;169-171). Taal en ras as skeidingsgronde kan op die lang duur ook nie as skuiwer gebruik word binne die eenheidstrewe van gereformeerde "susterkerke" nie, omdat dit bloot deel uitmaak van die verskeidenheid in Christus (vgl. Hand 7; Hendriks, 2003; Walls, 1996:28). Binne die een

"suster"-stroom word die geleentheid van verskeidenheid deur die Gees voor die kerkverbande se deur geplaas om kreatief, funksioneel en effektief benader en uitgebou te word, sodat die eenheid volgens die Groot Gebod, ten volle akkommoderend kan wees (Hendriks, 2000a:295). Eenheid wat gesoek word in die grootste gemene deler, naamlik Jesus Christus (vgl. Murahashi, 2004:28), hef nie die eie aanpak, organisatoriese selfstandigheid of kerkverbandelike kultuur op nie. Opheffing werk immers groei teë en is teenproduktief, aldus Schwarz (1999:169-171).

Binne die eenheid-verskeidenheid-beginsel moet samewerking nie as samesmelting beskou word nie. Samesmelting demp ook groei. Samewerking moet ook nooit 'n doel opsigself word nie, anders verskuif die fokus weg van Christusverkondiging af. Samewerking staan dus altyd in diens van die ontwikkeling en groei van die kerk. Vordering in die veranderingsproses behoort die een geïntegreerde reformatoriese kerkverband by die punt te bring, dat die mees effektiewe metode van Christusverkondiging die daarstel van nuwe kerke is. Wanneer hierdie punt bereik word, word Christelike eenheid waarlik eers beleef. Die belewing van eenheid is daarin geleë dat daar vreugde is oor die nuwe kerke in Christus. Ter verduideliking moet die eenheidstrewe eerder as seldelende weefselbou gesien word, as selversmelting. Vir opvolg oor hoe verskillende kerkverbande in eenheid kan funksioneer, maar tog ook nog sy eie aanpak behou, beveel Schwarz die DAWN-strategie aan (vgl. 1999:169-171).

Hierdie ondersoek na kerkkrimping met kerkgroei as uitkoms, fokus slegs op die "susterkerke" as afgebakende terrein (vgl. 1.7), maar in realiteit behoort die volle verskeidenheid van alle tradisioneel Afrikaanse gereformeerde kerkverbande ingesluit te word in die vertoning van verskeidenheid binne gereformeerde eenheid. Praktiese Teologie behoort die "vars lug" van nuwe moontlikhede binne kerklike handelinge in toenemender mate te laat deurvloei (De Wet, 2000:3).

Die "klein"-GKSA het wel in 2009 drasties in getalle toegeneem toe eenwording met die tradisioneel swartgemeentes plaasgevind het. Die mees behoudende kerkverband het dus die leiding in die Suid-Afrikaanse "susterkerk"-eenwordingsverhaal geneem. Op hierdie wyse word die normale verloop in eenwording ietwat skeefgetrek, aangesien eenwording binne die drie "susterkerke" nog nie in sig is nie. Die blokkasie binne die NG en NH kerke is grootliks geleë in elkeen se onderskeie gevestigde tradisionele strukture. Verskillende Skrif-

interpretasies, intense Skrifkritiek, veral deur die Nuwe Hervormers, asook wydlopende groeperinge binne die drie "susterkerke", is sprekend van die afwesigheid van eenheidsfokus op die lewende Christus as praktiesgerigte eerste prioriteit. Hierdie verbrokkelde samelewing herinner sterk aan die tydperk van Jesus se bediening (vgl. 3.4).

Dié aandag-afleiers binne die "susterkerke" is sprekend van menslike, dooie *ietse* wat in die kerk bestaan. Die *ietse* floreer veral binne akademiese kringe (Jackson, 2009:28) en dien ten einde nie die eenvoudige doel, naamlik verkondiging van die lewende *iemand,* Christus, nie. In die volle sin van die woord kan slegs drastiese, radikale, Skrifgetroue verandering lei tot eenheidsvorming van gereformeerde "susterkerk"-verbande. As een verenigde gereformeerde stroom kan die verskeidenheid aanpakte, gemeentelike kulture en visiestellings steeds vrylik uitgebou en deurgevoer word, solank missionêre Woordverkondiging eerste prioriteit bly. Mead (1993:79) stel dit soos volg:

> "And until the churches begin seriously to make their structures accountable to the new missionary boundary, they will face continuing declines."

Aangesien denkverandering en daadwerklike verandering nie pynloos en oornag geskied nie, is dit tog dringend noodsaaklik. Aan die hand van die WO-aanpak is dit tog moontlik dat die klein groepie verenigde, reformerende Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges wat nog in Suid-Afrika oor is aan die begin van hierdie eeu, bereid en moedig genoeg as Gideonsbende kan oorgaan om in ware vertroue die eerste onbekende treë te gee op die enigste roepingspad van alles-te-verloor, ten einde alles-te-wen (vgl. De Wet, 2000:2, 53). Dít ter wille van Christus. Dít sal 'n gewisse teken wees dat die "susterkerke" as deel van die nuwe uitreikende ontluikende post-denominasionele kerk, in die 21e eeu kan oorleef (vgl. Mead, 1993:81-83; Tickle, 2008).

7.2.3.5 Een volwaardige reformatoriese kerkverband

Volwaardige eenheidsvestiging van alle Suid-Afrikaanse "susterkerk"-gelowiges vereis egter nóg 'n stap verder. Volwaardige eenheid dui op een gereformeerde kerkverband wat verteenwoordigend is van al die inwoners van die land - veelrassig en multikultureel; dus kultureel gedifferensieerd, dog verenig deur verandering terug na Christus toe (vgl. Hand 11; Walls, 2002:66, 67). Ten spyte van tendense van krimping, bevestig die Markinor-ondersoek

(Erasmus & Hendriks, 2003:95) wel dat die land steeds baie sterk met die Christendom assosieer.

Tans bestaan die gereformeerde familie uit die volgende kerkverbande: NG Kerk, Die NG Kerk in Afrika, Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Reformed Church in Africa, die GKSA, NH Kerk van Afrika, die Hervormde Kerk in Suid-Afrika (Swart), APK, Calvyn Protestantse Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk, Die Evangeliese Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, die Volkskerk van Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke vn Suid-Afrika (Hendriks, 2000:82, 83). Die kerk van die toekoms gaan totaal anders vertoon en dis juis die kerk van vandag wat deur waagmoed die leiding moet neem in die daarstel van ’n kontekstuele nietradisioneel-gerigte, gereformeerde godsdienstige tuiste (vgl. Hendriks, 2003; Tickle, 2008).

Soos in die vorige twee veranderings wat in hierdie hoofstuk genoem is, naamlik eerstens, die aflegging van die I-denkparadigma, en tweedens, die daarstel van een Afrikaanse reformatoriese “susterkerk”-verband, kan verandering en eenheid (aan die hand van die WO-aanpak en bipolêre denkveranderingsproses) ook in hiérdie geval met verloop van tyd bereik word. Binne die huidige kerkverbandelike opset van hierdie eeu klink sodanige eenheid totaal onrealisties weens die talle hindernisse wat onoorkomelik skyn te wees.

Dit is egter nie nodig om teen die hindernisse van hoofstroomkerke vas te kyk, terwyl die laken met verskeidenheid diere reeds 2 000 jaar gelede voor Petrus laat sak is nie. Groter eenheid (ekumenisiteit) is net moontlik waar aanvaarding ten spyte van verskille geskied, omdat die ware fokuspunt Jesus Christus is (Bosch, 1991:464; vgl. Mead, 1993:81-83). Onderskeidingsvermoë in die maak van keuses is dan ter sprake. Die maak van regte keuses is altyd in die weegskaal en daarom beloof die toekoms, soos die verlede, ook mislukkings. As gelowiges staan die waarheid egter vas dat mislukkings as enigste uitkoms, onrealisties is. Daarom kan gelowig ook na triomfantlike suksesse uitgesien word. Suksesse te midde van chaos is dit waarna in vertroue gestreef en gewerk moet word.

’n Nuwe onsekere tydvak is besig om vir die kerk te ontwikkel; ’n tydvak waartydens die kerk besig is om ’n ander vorm aan te neem (Tickle, 2008:120-143). Die vorm is miskien nie dit waaraan die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke” gewoond is, of wat verwag word, of wat diegene graag wil hê nie. Die kerk van die toekoms mag moontlik nie die

tradisionele hoofstroom se liturgie, liedere en denominasies insluit nie. Die bewegende kerk is in elk geval nie in die mens se hande nie (Mead, 1993:85-87). Ten spyte hiervan roep God ook nou teen die eerste dekade van die 21e eeu sy verbondskinders om in hul denke vernuwe te word, om vernuwend te handel en Hom vernuwend te gehoorsaam. Dit sal gebeur as diep gesny word om na die kern van die Skrif terug te keer, om die Groot Gebod aktief-vernuwend oor grense te gehoorsaam en die Groot Opdrag deur opbou en uitbou aan die volgende generasie, aan samelewingstrukture en niegelowiges te verkondig.

'n Aantal hindernisse wat binne die nuwe paradigma reeds geïdentifeer is en mettertyd, ter wille van volwaardige eenheid aangespreek en verwyder moet word, is: die verdelende faktore wat verskeidenheid tale en verskeidenheid kulture daarstel, die afwesigheid van 'n strewe na ware Afrika-gerigtheid (Botha, 2006a:47) en die afwesigheid van die praktiese, bipolêre aanpak in 'n toenemende verheidensing van Suid-Afrika (Fellows, 2007?; Schalekamp, 2005a:24-27).

Een reformatoriese Afrikaanse kerkverband, asook een volwaardige reformatoriese kerkverband, klink aan die begin van die 21e eeu inderdaad onrealisties en onmoontlik. Met 'n Gideonsbende van oorblywende "susterkerk"-lidmate in Suid-Afrika, wat God op sy woord neem en toegerus is met wapens/instrumente uit die Woord (WO- en bipolêre biotiese-aanpak) (vgl. 7.2.2.2; 7.2.3.2.3.3), kan God Drie-enig wondere verrig in die veranderende tydsgewrig. Op hierdie wyse word die verbeterende praksis 2 binne die onvolkome huidige aardse bestel deur die mens nagejaag - 'n menslike praksis wat slegs deur God moontlik gemaak kan word (De Wet, 2000:3, 54).

7.2.3.6 Christusgesentreerd

Met die veranderende tydsgewrig is God weereens besig om nuwe omstandighede, uitdagings en geleenthede daar te stel, dat sy gelowige kinders, waaronder ook die "susterkerke", deel aan kan kry. As God die lewensomstandighede en tydsgewrig anders bestier as waaraan die "susterkerk"-gelowiges tradisioneel gewoond is, dan moet die hedendaagse verbondsgelowige mens ook iets doen wat ánders is as die gevestigde maniere; iets ánders as oneffektiewe oplossings, iets ánders as die opbou van introverte, stagnerende gemeentes (Gilbert, 2004:43, 44; Tickle, 2008:120-143; Walls, 2002:69, 73). Praktiese Teologie, waar ware gehalte in teologiese wetenskapsbeoefening nagestreef word, behoort manifestasies waar radikale en

nietradisionele verandering voorkom word, met onbevange openheid te benader met God se "vars lug"-handeling in sy koninkryk. Die tradisioneel Afrikaanse "susterkerk"-gelowige, wat diep en grondig verander en slegs op Christus as die begin en einde van alles fokus, sal aan die eise van die veranderende tydsgewrig kan voldoen en bo die blokkerende omstandighede van tradisie, taal, kerkverbande en kultuur uitstyg.

In Christus, as beginpunt, kan by die nuwe niewesterse Christelik elemente van Afrika-godsdiensbelewing deur wedersydse herinterpretasie, herstrukturering en bekering aangepas word (vgl. Walls, 2002:115, 123, 129). In Christus kan een identiteit daargestel word in voortdurende verwagting dat die Nkosi sikele'iAfrika-gebed vir God welgevallig is. Bosch (Walls, 2002:275, 276) se visionêre uitgangspunt was dat die missionêre pad deur Afrika loop; Suid-Afrika, waar ook die gereformeerde tradisie deur kruiskulturele diffusie verryk kan word, sodanig dat die tradisioneel Afrikaansprekende gereformeerde "susterkerk"-gelowige as geroepenes, die Groot Opdrag in hierdie land as deel van die wêreld, daadwerklik gehoorsaam. Christus sal die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" dan weeg as 'n heilige, algemene, groeiende, gereformeerde eenheid.

7.2.4 Samevattende konklusie: die strategiese perspektief

(vgl. Bylaag J, K en L)

Binne die geblokkeerde denke as belangrikste oorsaak vir krimping van die tradisionele "susterkerke", word dié gereformeerde tradisionele stroom die geleentheid gebied om tot ware selfondersoek te kom. Dis bekend dat in tye waarin die mens swak vaar, God juis sterk werk. Die feit dat die "susterkerke" swak vaar rakende sigbare kwalitatiewe en kwantitatiewe groei, word direk in verband gebring met die byna onmoontlike wyse van meting aan die hand van die Apostolikum. Verder woed die ongesonde omstandighede in die "susterkerke" onverpoosd voort, sonder dat lidmate bewus is van die toedrag van sake. Die rede hiervoor is, omdat die lidmate van die "susterkerke" in 'n status quo-toestand is en in isolasie-onkunde verkeer rakende die ware toedrag van dié kerke. Indien onkunde/onwetendheid/on-bewustheid/relatiwiteit oor 'n saak soos kerkkrimping bestaan, is die vlak van dringendheid soveel hoër, aangesien selfondersoek, bekering en verandering hoegenaamd nie noodsaaklik geag word nie.

Die teendeel, naamlik die intense bewustheid van die "susterkerke" se Skrifgetroue navolging, versterk die aanname dat die gereformeerde stroom "beyond question" is. Dié denkfout benadruk die dilemma rondom kerkkrimping in nog sterker mate, aangesien die lidmate nie besef dat die denkparadigma, waarin so onbesorgd in tevredenheid voortgeleef word, in werklikheid ongebalanseerd en nié Skrifgetrou is nie. Die gerustheid, onaktiwiteit, passiwiteit en relatiwiteit verlam die "susterkerke". Waar daar wel tekens van insig rakende die dringende toedrag van sake voorkom, ontstaan wantroue en onderlinge groeperinge. Gebalanseerde Skrifbegronde kerkbestuur ly onder die passiwiteit en wantroue en werk kerkkrimping verder in die hand. Aan die ander kant is daar diegene wat die status-quo-situasie in die kerk, die gereduseerde konserwatiewe geestelike denkraamwerk nie as geloofwaardig beleef nie en die kerk verlaat (Hendriks, 1993:550). Ten spyte van hierdie swak toedrag van sake binne die "susterkerke", beskaam die hoop nie, omdat die belofte van die bystand van die Gees in alle omstandighede, veral waar die mens swak is in 'n potensiaalkurwe, steeds geldig is.

Die werking en doel van die Gees is om te herskep tot die lewe. Geblokkeerde denke, wat tot die dood lei, val derhalwe in die werksterrein van die Gees. Die Gees wat bekering bewerkstellig, kan deur die reeds daargestelde verbondsverhouding, die denke van die "susterkerke" as verbondsvolk vernuwe, indien die mens self ook bereidheid toon om gedring te word deur die stappe van *erkenning*, *selfondersoek* te doen en die *besef* van gestagneerde denke, as die hoofoorsaak van kerkkrimping, te erken (7.1.1.4). Deur bekering kan gewilligheid ontstaan om die stand van die gemeente binne sy unieke posisie binne die gemeentelike *lewenssiklus* na te gaan. Daarvolgens kan bepaal word watter fase genader word. Die besef van onvermydelike verandering wat by die gemeente moet plaasvind, rig die gemeente tot die *eerste* stap in die beskrywing van 'n gereformeerde strategie, naamlik *bekering*.

Die *tweede* stap wat uit bekering voortvloei, is die bewustelike *denkveranderingsproses*. Dit behels dat die ongebalanseerde, blokkerende I-paradigma bewustelik afgesweer word en bewustelik vervang word met die balansgewende, bipolêre Skrifparadigma. Sodoende word God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid, binne die verbond as basis gestel vir 'n uitweg uit die dringende sterwensnood van die "susterkerke". Die krag van Christus, plus die krag van die mens, bring kragtige positiewe verandering binne die sterwende

kerkpraktyk (7.2.1). Die geïntegreerde kragwerking bring die praktyk en teorie en metode byeen deur die aanvaarding van die *WO-aanpak***,** as die *derde* stap in die daarstel van ’n gereformeerde strategie (7.2.2.2). Aan die hand van die 4D-siklus, word die problematiese situasie dan benader. Die proses benut die mens se vryheidspotensiaal, asook die dankbaarheidspotensiaal van positiewe en waarderende gesindhede. ’n Positiewe kern word deur die siklus geformuleer en groei dan in die rigting van positiewe gesindhede, soos die Skrif voorskryf. Aan die hand van integrerende WO-realiseringsbeginsels, vorm dié aanpak die beginpunt vir hantering van verandering in enige kommunikatiewe situasie. Die gelowige, as deel van die gemeentelike handelingsgroep, rig elke aspek van die strategie wat ter sprake is op eie, unieke wyse volgens dié WO-aanpak. Dié natuurlike aanpak is nie voorskriftelik nie en verleen vryheid deur positiewe vraagstelling, soos dit in elke unieke gemeente na vore kom. Vrae lei die mens om tot kennis te kom, wat op sy beurt weer tot leer lei. In die proses word positiewe energie ontsluit en momentum tot groei, begin toeneem. Hierdie aanpak word die manier van lewe binne die kerkpraktyk. Alle stappe, waaronder die langtermyndoelstellings, asook die kontekstuele en ekklesiologiese ondersoeke en analises gedoen in die lig van die teologiese begronding, geskied aan die hand van die WO-aanpak.

Die wysigende Coram Deo van praksis 1 ontwikkel deurdat die bekeerde lidmaat as totale mens oorgaan tot ’n bewustelike geloofsdaad. Die *geloofsdaad* as *vierde* stap berus op die Groot Gebod en Groot Opdrag (7.2.3.1.2.1-7.2.3.1.2.4). Hiervolgens word keuses gemaak aan die hand van wat God reeds in die Skrif daargestel het. Aansluiting word dus gevind by natuurlike/organiese kerkontwikkeling. Die *biotiese* strategie is die vyfde stap. Die biotiese benadering is onlosmaaklik vervleg met die ander drie allesomvattende aspekte van die biotiese gereformeerde strategie. Die ander drie allesomvattende aspekte is Christusgerigtheid, die missionêre uitgangspunt en gebed. Die strategie vir gemeente-ontwikkeling, -bou en -groei trek dan saam in die menslike aktiwiteit wat die langtermynbedieningsplan (7.2.3.2), na aanleiding van ondersoeke en analises (7.2.3.2.3), daarstel. Dit berus eerstens, op die teologiese ondersoek (7.2.3.2.1), opgevolg deur die kontekstuele ondersoek (7.2.3.2.3.1; 7.2.3.2.3.2) en dan laastens, maar die mees bepalende, die ekklesiologiese ondersoek en analise (7.2.3.2.3.3).

Ter wille van ’n sistematiese aanslag, word die *teologiese begronding* as *sesde* stap deurtrap en sekerheid word verkry rakende die gemeente se identiteit en die rol van die Apostolikum.

Die visie en missie van die gemeente word op grond hiervan ontdek en geformuleer. Die visie en missievasstelling is allesbepalend vir die strategie op die lang- en korttermyn.

Na die visie en missievasstelling word die *kontektuele ondersoek* (gemeenskap en gemeente) betrek as *sewende* stap. Aan die hand van die gemeenteprofiel volg die *ekklesiologiese ondersoek* as *agtste* stap. Die gemeenteprofiel toon dié terrein in die kerklike praktyk van die spesifieke gemeente waar ekstra aandag bestee moet word rakende beplanning, terwyl die sterkste kenmerk saam met die ander ses kenmerke, stewig daarmee in verband gehou word. Voortdurende herhaling van die ondersoek rakende die gemeenteprofiel voorkom stagnering. Die scenariobenadering word deurentyd gevolg. Die *negende* stap is om bereikbare *doelstellings* vir elke deel van die gemeenteprofiel te formuleer. Dit geskied in die lig van die visie en die missie en kernwaardes binne die vier bedieningsvelde. Die *tiende* stap is om vir elke aparte doelstelling duidelike *aksiestappe* daar te stel. Hierby word bygevoeg die beskikbare hulpbronne, tydskedulering, rolle, implementering, kontrolering en refleksie/evaluering.

As deel van die strategie word vanaf die eerste stap gelyklopend ook ’n kommunikatiewe strategie beplan (7.2.3.2.4.1), asook ’n leierskapstrategie (7.2.3.2.4.2). Die *leierskap strategie (A) en kommunikatiewe strategie (B)*, asook die *revisioneringstrategie (C)* (7.2.3.2.4.3), is gelyklopend deel van die totale veranderingsproses. Die revisioneringstrategie funksioneer voortdurend terugkerend na die teologiese begronding, met visiestelling, as beginpunt van die eerste begronding van die *biotiese strategie (D)* (7.2.3.1.2.4). Die kerkpraktyk, gerig deur die leierskap is ’n volhoubare proses totdat en nadat Coram Deo-uitnemendheid (7.2.3.3) in geestelike volwassenheid bereik word deur die 65-skaal rakende die agt kenmerke (minimumfaktorstrategie) (7.2.3.2.3.3) vir groeiende gemeentes (verbeterende praksis 2). Indien hierdie fase bereik word, kan ’n *strategie vir gemeentedeling/kerkplanting oorweeg word (E)* (7.2.3.2.3.3 Organiese vermeerdering en volgehoue implementering). Die hele proses word dan van vooraf herhaal.

Die geformuleerde doel van hierdie ondersoek is met bogenoemde samevatting bereik. Tog is die strategie vir kerkgroei onvolledig as die volgende twee sake nie genoem word nie. Dis belangrik om bewus te wees dat gelyklopend met die veranderingsproses in die gemeentes, die strewe om eenheid binne *een Afrikaanse reformatoriese kerkverband (F)* (7.2.3.4) binne die veranderende Afrikaanse “susterkerke”, ook groei. Die ernstige strewe tot ware eenheid

in Christus dien as voorloper vir die volgende stap, naamlik die daarstel van ’n volwaardige Christusgesentreerde eenheid van alle *reformatoriese, Suid-Afrikaanse “susterkerk”-gelowiges (G)* (7.2.3.5). Wanneer hierdie punt in die gereformeerde strategie bereik word, sal gepraat kan word van ’n ware Christusgesentreerde, verbeterde praksis 2.

Hieronder volg ’n samevattende voorstelling van die strategiese perskpektief. Die volledige gereformeerde strategie word in meer besonderhede uiteengesit in Bylaag J en K.



7.2.5 Finale konklusie

(vgl**.** 7.1.1.5, 7.2.2.2.9 en 7.2.4)

In hierdie hoofstuk is gefokus op die begin van die dringende daarstel van ’n Christusgesentreerde gereformeerde strategie. Dit geskied binne die manifestering van die 500-jaarlikse golfbeweging wat enorme, onstuitbare en onomkeerbare verskuiwende veranderinge binne die Christendom, en daarom ook binne die tradisionele hoofstroom, daarstel. Dit geskied verder binne die manifestering van ’n dubbele golfbeweging: ’n krimpende tendens in die tradisionele stroom en ’n groeiende tendens in die charismatiese stroom. Die tekens is derhalwe duidelik dat diepgaande (denk)verandering by die “susterkerke” moet geskied om die huidige golfbeweging as laepotensiaal groeifase te wysig tot ’n stygende kurwe om effektief deel te word van die veranderende Christelike groeifase wat reeds aan die ontwikkel is. Die Gees bewerk die nuwe omstandighede/toestande (indikatief) en dus behoort elke unieke gemeente in sy eie fase binne die gemeentelike lewenssiklus, tot die erns van diepgaande bekering terug na Christus toe te kom, of tot die besef te kom dat sonder radikale gehoorsame verandering, die huidige status quo-toestand van die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” die sterffase van die kerk beteken. Indien onbewustheid van die toestand bestaan, en indien die historiese golfbewegings met opkomende geleenthede ter wille van die evangelie nie geëien word nie, is geblokkeerde “beyond question”-denke ongesond heersend. Denkverandering aan die hand van die Skrifbegronde WO-aanpak behoort, ongeag die stoomrollertendens, as onvermydelik aangepak te word met die doel om ernstige, kritiese ondersoek ter wille van bekering daar te stel.

Christus as die Groot Sender bied die riglyn wat nagevolg moet word deur die Groot Opdrag na aanleiding van die Groot Gebod. Christus-gesentreerdheid, verweef met die ander allesomvattende aspekte, naamlik Missio Dei, gebed en die bipolêre paradigma, bind die gemeente in die skynbaar chaotiese en onsekere kerkpraktyk tot ’n hegte, gebalanseerde en koersvaste eenheidsisteem. Deur die bipolêre biotiese aanpak word gemeentes aan die hand van beginsels bygestaan om op eie unieke wyse die gemeentelike potensiaal te ontstluit, hindernisse te identifiseer (minimumfaktorstrategie) en ’n gemeenteprofiel vas te stel. Hiervolgens word op voortdurend ontwikkelende wyse groeigeleenthede moontlik gemaak deur die sterker punte verder op- en uit te bou (Groot Opdrag), en op sistematiese wyse

aandag te skenk aan die swakker punte. Die aanpak bied menslik-meetbare aktiwiteite om die niemeetbare Apostolikum te dien. Die strategie fokus op teologies begronde (identiteit, tradisie, visie en missie) en kontekstueel begronde (gemeenskap en gemeente) aspekte, ten einde die ekklesiologiese begronding effektief binne die strategiese opset te plaas. Die kerkpraktyk (agt kenmerke binne die kerkgeboumetafoor) is die sentrum van die vervlegte strategie en word deur drie strategieë gerig, naamlik die kommunikatiewe -. leierskap- en revisioneringstrategie. Momentum word geleidelik deur hierdie menslike bestuurs-aktiwiteit opgebou en groei (opbou en uitbou) binne die agt kenmerke neem toe om Coram Deo as steeds lerende en verbeterende praksis te bly stel. Die groeimoontlikhede bied ruimte vir unieke verskeidenheid binne Christusgesentreerde eenheid; ’n eenheid wat ook toenemend die strewe toon om slegs een Afrikaanse kerkverband en uiteindelik een volwaardige reformatoriese kerkverband in Suid-Afrika daar te stel - alles tot eer van God.

Hoofstuk 8

Gevolgtrekking

8.1 Inleiding

In hierdie navorsing is ’n strategie met die Groot Opdrag as hermeneutiese uitgangspunt, asook empiriese gegewens rakende die verwikkelde hedendaagse praktyk ondersoek, ten einde die tendens van die krimpende tradisioneel Afrikaanse “susterkerke” in Suid-Afrika te wysig en ’n tendens van kerkgroei te laat ontwikkel. Kerkkrimping in die “susterkerke” kan beter verstaan word indien die Groot Opdrag die vertrekpunt is. Kerkkrimping dui immers op die teendeel van die Groot Opdrag. Aan die anderkant lei gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag tot kerkgroei. Die missionêre God gee self die Groot Opdrag aan sy verteenwoordiger, die mens. Die mens se respons te midde van die verwikkelde hedendaagse praktyk, is óf ongehoorsaamheid, met die uitkoms van krimping as verskynsel, óf gehoorsaamheid, met die uitkoms van kerkgroei as verskynsel. Dit is egter net die een deel van die Groot Opdrag, naamlik die imperatief. Die “susterkerk”-gelowige mens in dié problematiese praktyk, was en is verder ook voortdurend intens onderhewig aan historiese golfbewegings, veranderende/bewegende beïnvloedende denkstrome en landsomstandighede wat deel uitmaak van God se indikatief as altyd aktiewe en bewegende aktiwiteit. Deur die ondersoek is op Skrifgronde, wysiging voorgestel en kan verandering deurgevoer word. Hierdie navorsing is ’n poging om ’n bydrae te lewer deur ’n werkbare strategie, met kerkgroei as uitkoms, voor te stel.

Hierdie navorsing is *noodsaaklik* en vra om dringende kennisname deur die “susterkerke”. Alleen deur kennisname en begrip van wat die missionêre God self bewerkstellig, asook wat van sy kerk op aarde verwag word, kan daadwerklik in vertroue oorgegaan word tot aksie. Gereformeerde menslike aktiwiteit na aanleiding van God se missionêre aktiwiteit, kan die huidige, ongewenste problematiese “susterkerk”-praktyk aan die begin van die 21e eeu wysig en ’n tendens begin waar kerkgroei, volgens die Groot Opdrag, manifesteer.

Deur Praktiese Teologie is hierdie navorsing moontlik gemaak, aangesien problematiese kerkpraktyke, waaronder kerkkrimping sorteer, binne dié terrein val (vgl. Hf. 2). Praktiese Teologie as handelingswetenskap, saam met ander handelingswetenskappe, is uiters geskik om ’n bydrae te lewer waar ’n skeefgetrekte praksis roep om wysiging, altyd maar nader aan

die verbeterende praksis tot God kom om die volmaakte te vestig. Die navorsing is gedoen vanuit die gereformeerde tradisie, berustend op die uitgangspunt van die eskatologie en die verbond. God bewerk voortdurend vernuwing en laat die mens na sy wil bly soek en vernuwend meewerk. Die navorsing het die totale terrein waarbinne dié geloofshandeling realiseer, ondersoek, naamlik die individu binne die "susterkerke", die "susterkerke" as ekklesiologiese entiteit, asook die samelewing waarbinne geleef word.

Die werksplan van hierdie navorsing het Heitink, Dingemans en Zerfass, as gekombineerde prakties-teologiese vertrekpunt, geneem. Die navorsing is aan die hand van die volgende perspektiewe benader: Die hermeneutiese perspektief waartydens tot verstaan gekom is rakende die beginsels wat neergelê is in die Groot Opdrag (vgl. Hf. 3). Die historiese perspektief, fokus op die onstuitbare voortgang van golfbewegings, waaronder ook krimp- en groeitendense (vgl. Hf. 4), op denkstrome en immer wisselende beïnvloedende faktore/omstandighede (vgl. Hf. 5) wat menslike denke grootliks bepaal. Denke as bepalende faktor binne die kerkpraktyk is deur die empiriese perspektief ondersoek (vgl. Hf. 6). Deur die strategiese perspektief is aan die hand van waarderende kommunikasie, 'n holistiese en Skrif- en Christusgesentreerde kerkgroeimodel, gebaseer op die Groot Opdrag as uitgangspunt, voorgestel (vgl. Hf. 7).

8.2 Gevolgtrekking

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om die verskynsel van krimpende tradisioneel Afrikaanse "susterkerke", met die hooffokus op die GKSA, binne die verwikkelde Suid-Afrikaanse samelewing hermeneuties-empiries te beoordeel, ten einde 'n strategie met die Groot Opdrag as uitgangspunt, te ontwikkel. Aan die hand van die basisteorie is op sistematiese wyse vasgestel dat die krimpende tendens binne die tradisioneel Afrikaanse "susterkerke" binne 'n groot aantal vervlegte faktore manifesteer; faktore wat die mens sterker beïnvloed as die werklik bepalende norm in die Groot Opdrag wat deur Jesus aan die mens gegee is (Mat 28:18-20 en Hand 1:8).

Volgens die **hermeneutiese perspektief** belig die bepalende norm die volgende (vgl. Hf. 3): Die Groot Opdrag bestaan uit twee dele, naamlik die goddelike en die menslike. Die

indikatief spreek na aanleiding van die goddelike deel en die imperatief spreek na aanleiding van die menslike deel. Die pneumatologiese verbondsbenadering stem met hierdie indeling ooreen deurdat die verhouding tussen God en die mens bestaan.

Volgens die Groot Opdrag is die volgende aspekte van belang na aanleiding van die twee dele:

Goddelike deel: God is aktief en is voortdurend doelgerig en kragtig betrokke deur bonatuurlik beheer. Die belofte van bystand is immergeldig en die verbondsmatige werkswyse manifesteer binne God se werksterrein waar herkenbare elemente na vore kom en waar die mens betrokke is.

Menslike deel: Die mens is verbondsmatig betrokke in God se werksterrein en funksioneer waar herkenbare elemente na vore kom. Dit geskied waar die mens deur ’n oop, positiewe respons in die kommunikatiewe aksieprogram van gebalanseerde opbou en uitbou die nwns-beginsel uitleef en tot nuwe uitlewingspatrone groei.

Binne die menslike terrein, waar gebrokenheid/swakheid ter sprake is, kom verskillende interpretasiepatrone/denkwyses voor. Die tradisionele stroom en die charismatiese stroom is hier van belang.

Die **historiese perspektief** brei die basisteorie verder uit (vgl. Hf. 4). Die ondersoek is gedoen aan die hand van die Groot Opdrag as bepalende norm. Histories word die mens se aktiwiteite (imperatief) deur onstuitbare golfbewegings gekenmerk. Die golfbewegings is veelvuldig en kan na aanleiding van verskillende kriteria identifiseer en benoem word. In hierdie ondersoek is die golfbeweging van magsbasisse wat op godsdienstige en politieke verskuiwings berus, en wat tendense en getalle-afname/groei aantoon, ondersoek. Terselfdertyd is ook aangetoon hoe die onstuitbare 500-jaarlikse golfbeweging vernuwing histories laat manifesteer. Verder is ook gefokus op die golfbewegings binne die tradisionele hoofstroom en die charismatiese stroom. Rakende die bewegings binne die twee strome, is aangetoon dat die tradisionele hartland van die Christendom, naamlik die westersgeoriënteerde noordelike halfrond, na ’n charismatiese en veelrassige Afrosentriese suidelike halfrond verskuif. Ook is aangetoon dat daar kleiner golfbewegings binne gemeenskappe/gemeentes (societas- en communitasfases) voorkom, asook golfbewegings wat

die lewenssiklus van ’n gemeente kenmerk. Elke golfbeweging gaan onstuitbaar voort en word onomkeerbaar afgewissel. Golfbewegings dui op die goddelike aktiwiteit (indikatief van die Groot Opdrag).

Die menslike aktiwiteit binne die golfbewegings is om die Groot Opdrag, ten spyte van die stand van die golfbeweging, kommunikatief te bly uitdra (deur gebalanseerde uitbou en opbou binne ’n eenheidsisteem). Deur menslike swakheid en ongehoorsaamheid word ’n krimpende tendens versterk en deur menslike waagmoed en geloof, word ’n groeitendens bevorder.

God bewerk op kragtige wyse die bewegings (indikatief) en die mens moet binne sy krag vernuwe en terugkeer/bekeer na die onverswakte waarheid, en voordurend aktief bly (imperatief) om mee te werk aan die opkomende golfbeweging. God (indikatief) bewerk die hoë- en laepotensiaal-areas en -tye, waartydens die mens deur die oorgedraagde outoriteit van God die regmatige vryheid het om voortdurend tot aktiwiteit oor te gaan te midde van die hedendaagse heersende subjektiwistiese denkpatroon. Die mens met dié denkstroom is aan die begin van die 21e eeu die werksplek van die Gees en aan die hand van die nwns-beginsel word pneumaties meegewerk om vernuwing te bewerkstellig. Herlewing en uitbreiding is altyd die doel van die Gees (indikatief) en die mens moet deur volgehoue prediking, die heiligmakingsproses en kommunikatiewe toerustingsproses (uitbou en opbou) gehoorsaam wees aan die Groot Opdrag (imperatief). Op hierdie wyse word die nuwe bedeling nou reeds ten dele daargestel. Herkenbare elemente word in hierdie proses waargeneem waar die Gees en die mens binne die kommunikatiewe aksieprogram werksaam is ten einde nuwe uitlewingspatrone daar te stel.

Aan die begin van die 21e eeu is die 500-jaarlikse golf ook in volle krag teenwoordig op aarde. Die bestaande Christendom is in ’n oorgangsfase besig om uit te beweeg en ’n nuwe onbekende terrein vir ’n nuut-manifesterende Christendom daar te stel. Die intensiteit van die verskuiwing gaan gepaard met die kleiner opkomende golf wat in die globale suidelike halfrond aan die hand van die charismatiese Christendom na vore kom, terwyl die gevestigde tradisionele Christendom van die westerse noordelike halfrond, besig is om uit te beweeg. Dit is waar die “susterkerke” in die golfbeweging inpas: In totaliteit is ’n nuwe kultuur besig om in Suid-Afrika in te beweeg. Die onbekende daaromtrent omvat alle aspekte op godsdienstige en sekulêre terreine. Godsdienstig golf ’n charismatiese Christendom die heidense en sinkretistiese Suid-Afrika binne, terwyl die golfbeweging die gevestigde westersgeoriënteerde

tradisionele godsdienste/kulture in die oorgangstydperk dryf tot voortdurende krimping in die uitbeweegproses.

Die **historiese perspektief** aan die hand van aanleidende faktore soos *denkstrome* en *landsomstandighede* brei die basisteorie nog verder uit (vgl. Hf. 5). Oorblyfsels van vorige denkraamwerke is op variërende mate steeds teenwoordig by die hedendaagse mens, wat ten spyte daarvan, ook deur talle vervlegte -ismes beïnvloed is. By die mens van die eerste dekade van die 21e eeu manifesteer die tekens van die veranderings-/oorgangstydperk deur ’n subjektiwistiese denkwyse by gelowiges en niegelowiges. Wat godsdienstige strome binne die Christendom betref, is daar getallegewys in werklikheid slegs die charismatiese stroom. Hierteenoor staan die groeiende heidendom (nihilisme). Die terrein waar die krimpende “susterkerke” in uitfaserende mate moontlik nog in die huidige Suid-Afrikaanse opset inpas, is soos volg: Weens die krimpende golfbeweging binne die tradisioneel Afrikaanse hoofstroomkerke, tesame met die talle vervlegte faktore wat krimping bewerkstellig, is die enigste mate van behoud die volgende: ernstige, drastiese en diepgrondige bekering; bekering terug na die kernwaarhede van die Groot Opdrag. Die oorgangstydperk, met gevolglike nuwe uitdagings en geleenthede, vra na ’n totaal nuwe denkraamwerk by almal; soveel te meer by die “susterkerke” wat die waarheid van die Woord in onverswakte vorm gereed moet hê vir vaartbelynde aksie (deur uitbou en opbou) om kerstening in die steeds toenemende verheidensing onder blank en nieblank, daadwerklik te kan teëwerk. Kerstening van die massas uit die charismatiese stroom kan slegs geskied deur die onverswakte Woord op gewysigde/aangepaste manier deur bemagtigde, Christusgesentreerde denkers/draers van die evangelie te laat plaasvind. Die charismatiese stroom toon ook ernstige ongebalanseerdhede (S-paradigma). Ongebalanseerdheid en onvolhoubaarheid kan op die lang duur, maar ook weens die heidendom wat ingebou is deur sinkretisme, massas charismate laat oorgaan tot nihilisme.

Die enigste uitkoms om die waarheid van die evangelie te bring en getalle te laat groei, is dus geleë in ’n gesuiwerde gereformeerde kommunikatiewe aksie van uitbou en opbou (Groot Opdrag) onder alle bevolkingsgroepe. Gewysigde en aangepaste denke rakende kerkgroei begin hier. Groei lê in die hande van die klein groepie, ‘voorheen’ bekend as die “susterkerke”. Dit is egter slegs moontlik indien die terugkeer/reformasie terug na die beginsels, soos vasgelê deur God self in die Groot Opdrag, nou tydens die vroeë dekades van

die 21e eeu, plaasvind. Dit is moontlik aangesien die golfbeweging op vernuwing en die daarstel van nuwe geleenthede dui en omdat mense die vermoë het om te verander. Binne die huidige Suid-Afrikaanse oorgangstyd is die soeke na identiteit onder gelowige en ongelowige Afrikaners én onder gelowige en ongelowige Afrosentriese mense, grootliks ter sprake. Almal, blank en nieblank, is vasgevang in die oorgangstydperk en is op soek na ’n nuwe kultuur en nuwe identiteit. Deur die geskiedenis is bewys dat hierdie land bestem is tot veelrassigheid. Deur kruiskulturele diffusie kan ’n nuwe identiteit in Christus deur blank en nieblank gevind word. Deur ’n Christusgesentreerde kultuur te laat wortel skiet en momentum te laat kry, sal dit tot seën wees van al die nasies in Suid-Afrika.

Die reaksie op golfbewegings kan gesien word deur reaksiegroepe wat hoofsaaklik as uiterstes polariseer in ’n liberale en ’n konserwatiewe groep. Die “susterkerke”, met die fokus op die GKSA, is konserwatief tot ultra-konserwatief. Dit dra by tot die onbewustheid rakende die realiteit, en dat in onkunde geleef word rakende dit wat histories en tans in die oorgangsfase hard en duidelik spreek. Die konserwatiewe groep is ook grootliks onbewus van die voortstuwende omstandighede wat gedryf word deur verskillende denkstrome. Die mens van die huidige era leef in ’n versplinterde subjektiwiteit. Dit kom voor by die sekulêre en godsdienstige mens. Die hedendaagse subjektiwistiese gelowige beleef godsdiens anders as voorheen weens ’n samevloei van ontwrigtende faktore, maar in werklikheid is diegene steeds godsdienstig. Die landsomstandighede het die Afrikaner in isolasie laat terugtrek en weens die materiële welvaart het veral die jeug ’n nuwe identiteit op globale vlak begin ontdek. ’n Onttrekkingsmentaliteit bestaan steeds. Slegs die daarstel van ’n nuwe identiteit kan weer sinvolheid (roeping) aan die Afrikaner bied. Dit is wel moontlik, omdat die geskiedenis telkens getoon het dat die Afrikaner oor ’n ingeboude lewenskragtigheid beskik wat kan lei tot vernuwende aanpassings en die daarstel van nuwe geleenthede wat tot verbetering van almal se omstandighede kan lei. Die taak is om dié spirituele mens van die 21e eeu godsdienstig te bemagtig, sodat die evangelie deur werklikheidsgerigtheid effektief en saam met die volgende stygende golfbeweging, uitgeleef kan word.

Wat die Afrikaner betref word ’n communitasfase beleef. Terugkeer na die norm en gevolglike soeke na nuwe geleenthede na aanleiding van die norm is broodnodig om die societasfase te begin en die tendens en siening van krimping op aangepaste manier te wysig. Die Groot Opdrag en gehoorsaamheid daaraan deur vernuwende denke kan die laermentaliteit

deurbreek, bewustheid van die huidige golfbeweging aanvuur, en die huidige mens as werksterrein erken en bedien. Dit is immers die doel van die Gees om herlewing en uitbreiding te bewerkstellig. Deur die gebedsgedrewe kommunikatiewe proses (uitbou en opbou) kan die mens moedig-gelowig deel wees van die werk van die Gees. Ten spyte van landsomstandighede is "susterkerk"-Afrikaners steeds in die kragveld van die Gees en indien die nwns-beginsel deurgevoer word, kan die doel van die Gees (herlewing en uitbreiding) deur die klein groepie gereformeerde gelowiges meegehelp word. Die invloed van denkstrome en landsomstandighede het afkeer teenoor die Groot Opdrag beïnvloed en bevestig die communitasfase. Die fase toon dat die Gees geblus is, maar deur denkverandering en denkaanpassing by die mens, tesame met ’n stygende lyn van die komende societasfase, kan nuwe geleenthede ontstaan waardeur ’n groeifase weer begin word.

Aan die hand van die **empiriese perspektief** is daar ’n verdere sterk aanduiding van die eintlike oorsaak waarom kerke krimp (vgl. Hf. 6). Denke is die bepalende faktor en binne die GKSA is denke ultra-konserwatief. Binne hierdie denke word geglo dat geen denkverandering of denkverbetering hoef te geskied nie, omdat die stroom se denke rondom die Woord "beyond question" is. Dis ’n geweldige denkfout en getuig van ’n neiging om nie te wil/kan reformeer nie. Die feit dat tradisioneelgeneigde kerke krimp, is egter nie ’n vreemde verskynsel nie, aangesien dit wêreldwyd voorkom - ook weens die dalende golfbeweging by tradisionele hoofstroomgeneigdes. Schwarz het dit wêreldwyd begin ondersoek en tot die besef gekom dat die denkparadigma die bepalende faktor is.

Denke funksioneer binne die tradisionele godsdienste binne die I-denkparadigma, en binne die charismatiese godsdienste binne die S-denkparadigma. Die I-denkparadigma getuig van fokus op die statiese faktor, terwyl die dinamiese faktor afwesig is. Schwarz rig die aandag weer terug na die organiese/biotiese balansgewende Skrifparadigma, naamlik die bipolêre denkparadigma. Hiervolgens moet binne elke statiese kenmerk van die kerk (spiritualiteit, bediening, aanbidding/erediens, kleingroepe, evangelisasie, struktuur, leierskap en verhoudings) ’n balans wees tussen die organisatoriese en die organiese aspekte. Binne ’n bipolêr biotiese denkparadigma kan dan gefokus word op wat die Groot Opdrag die mens beveel (imperatief), naamlik uitbou en opbou op gebalanseerde wyse binne elkeen van die kenmerke. Dit is ’n werkbare en menslik uitvoerbare manier om hindernisse in die

ongebalanseerde (krimpende) ekklesiologie te verwyder en om omstandighede so te ontwikkel dat daar in die gemeente groei - kwantitatief (uitbou) en kwalitatief (opbou) - plaasvind. Die GKSA het as steekproef gedien en bevestig dat die I-denkparadigma sterk dominant is en dat ongebalanseerdhede by elkeen van die agt kenmerke voorkom; ongebalanseerdhede wat groei verhinder.

Aan die hand van die **strategiese perspektief** is gepoog om tot ’n voorstel te kom waardeur ’n verbeterende praktyk bewerkstellig kan word ten einde kerkgroei daar te stel (vgl. Hf. 7). Die strategiese voorstel lê binne die menslike aktiwiteitsterrein (imperatief) en kan konstruktief bydra tot die daarstel van ’n beweging wat ’n groeitendens daarstel. Golfbewegings, denkstrome en landsomstandighede is nie binne die menslike vermoë om in vryheid en moedige verantwoordelikheid te bestuur nie. Daarom word gefokus op dít wat wel verbondsmatig binne die vermoë van die mens is.

Om die mens binne die ekklesiologie te kry om deel te wees van God se plan - binne die huidige oorgangstyd, binne die huidige postmoderne denkstroom en binne die huidige landsomstandighede - word slegs een vereiste gestel, naamlik verandering van denke. Dit kan bereik word deur beginsels (wat God in die Skrif gegee het) en deur Waarderende Ondersoek (WO) prakties te leef. Op hierdie wyse word ’n kommunikatiewe aanpak daargestel wat neerkom op ’n Godwelgevallige lewenswyse. Terselfdertyd moet bekering as denkverandering diepgaande plaasvind; bekering wat God inisieer, maar deur die mens deurgevoer moet word deur bewustelike selfondersoek en deur hartgrondige, drastiese verandering.

Deur die bipolêre biotiese aanpak word gemeentes aan die hand van beginsels bygestaan om op eie unieke manier die gemeentelike potensiaal deur WO te ontsluit, hindernisse te identifiseer (minimumfaktorstrategie) en ’n gemeenteprofiel vas te stel. Hiervolgens word op voortdurend ontwikkelende wyse groeigeleenthede moontlik gemaak deur die sterker punte verder uit- en op te bou en op sistematiese wyse aandag te skenk aan die swakker punte. Die aanpak toon menslik-meetbare aktiwiteite om die niemeetbare Apostolikum te dien. Die strategie fokus op teologies begronde (identiteit, tradisie, visie en missie) en kontekstueel begronde (gemeenskap en gemeente) aspekte, ten einde die ekklesiologiese begronding effektief binne die strategiese opset te plaas. Die kerkpraktyk (agt kenmerke binne die kerkgeboumetafoor) is die sentrum van die vervlegte strategie en word deur drie strategieë

gerig, naamlik die kommunikatiewe-. leierskap- en revisioneringstrategie. Momentum word geleidelik deur hierdie menslike bestuurs-aktiwiteit bereik en groei (uitbou en opbou) neem toe om Coram Deo as steeds lerende en verbeterende praksis 2 te bly stel. Die groeimoontlikhede bied ruimte vir unieke verskeidenheid binne die Christusgesentreerde eenheid.

Indien dit nie plaasvind nie, sal kerkkrimping bly voortduur en sal die eens bekende tradisioneel Afrikaanse "susterskerke" slegs statistiek wees binne die sterwende tendens. Tog, weens God se belofte is Hy reeds besig om 'n vernuwende golfbeweging te bewerkstellig. Die "susterkerk"-gelowige wat derhalwe bereid is om aanpassend te vernuwe/bekeer en terug te keer na God se beginsels om groei te bewerkstellig na aanleiding van die Groot Opdrag, en om dan aktief mee te werk om die veranderinge as geleenthede ter wille van die evangelie te benut, sal 'n nuwe identiteit en nuwe kultuur in Christus ontwikkel. Onwillekeurig sal die strewe ontwikkel om die eenheid in Christus sterker te vertoon deur een Afrikaanse kerkverband te vorm. Met die ontwikkeling van die gewysigde Christusgesentreerde eenheidstrewe kan 'n geweldige invloed teenoor die heidenwêreld van Suid-Afrika uitgaan, deurdat een reformatoriese opkomende stroom daargestel word; die Christusgesentreerde reformatoriese stroom wat die evangelie deur die bipolêre denkparadigma gehoorsaam, en deur uitbou en opbou (Groot Opdrag) onder alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika die nuwe identiteit uitleef - tot eer van God wat wonderwerke doen.

8.3 Terreine vir verdere navorsing

Verdere navorsing op die volgende terreine kan betekenisvolle bydrae lewer tot kerkgroei:

Die verhouding tussen die mens se werksaktiwiteit en die Gees se werksaktiwiteit in die 21e eeu (Pneumatologie).

Evaluering van die pastor se opdrag binne die 21e eeu.

Die invloed van steeds veranderende samelewingspatrone op die gemeentelike lewe en die bediening.

Praktiese riglyne in bipolêre denke rakende die veranderende kerkpraktyk, bv. op die gebied van lidmate (bemagtiging en dienste), ampte, gawes, leraars, leierskap, grootte en gemeentbestuur.

(Kruis)kulturele hermeneutiek.

Die stand van vordering wat Teologiese Skole in die oorgangstydperk aan die begin van die 21e eeu bereik het. Die volgende kan dien as riglyne:

- Die stand van vordering wat die Teologiese Skole bereik het in die *missionêre* bewusmakingsproses onder dosente, in die werwingsproses van studente, in die kurrikulum en in gemeentes.

- Die stand van vordering wat Teologiese Skole in die *kurrikulum* tydens die oorgangstydperk gemaak het rakende die missionêre beginsels as sentrale uitgangspunt binne elke onderskeie dissipline.

- Die stand van vordering van *praktiese opleiding* vir toekomstige pastors en in hoe ’n mate die Teologiese Skole effektief is in realiteitsopleiding.

- Die stand van vordering wat Teologiese Skole bereik het in die daarstel van *handleidings* waardeur die toekomstige pastors aan die hand van die gegewe teorie ’n eie metodiek reeds op teologiese skool in beginsel begin ontdek, inoefen en ontwikkel.

- Die stand van vordering wat Teologiese Skole bereik het deur WO daadwerklik as *metodiek* in die praktyk in te voer.

- Die stand van vordering wat Teologiese Skole bereik het deur die *gaan-opdrag* daadwerklik in die praktyk met *WO* te *verbind*.

- Die stand van vordering wat Teologiese Skole bereik het rakende die dosentekorps in die wysiging van die *I-paradigma* en die vervanging daarvan met die *bipolêre paradigma*.

- Die stand van vordering wat Teologiese skole bereik het rakende *toelatingsvereistes* vir voornemende pastors.

- Persoonlikheidsnavorsing onder teologiese studente, afgestudeerde predikante en dosente van die Teologiese Skool. Hierby aansluitend kan ondersoek gedoen word oor die volgende sake: die dienskneggestalte, die kerkplanter, die selfgesentreerde strewe om as "superleiersfiguur" te funksioneer, die bemagtiger, gemeenskapsgerigtheid, bereidheid tot voortdurende heropleiding, ens.

Die mate wat *gemeentes* voorbereid is op kerkgroei (missionêre bediening). Hierby aansluitend kan ondersoek gedoen word oor die volgende sake:

- Die toestand waarin tradisionele kerke hulself bevind (as gevolg van krimping) en of die *besef van die toestand* werklik deurgedring het tot die lidmate?

- Die *dringendheid* van gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag as enigste alternatief op krimping.

- Die *bereidheid* tot gehoorsame missionêre gerigtheid en die aflê van I-paradigmadenke as roeping in Suid-Afrika.

- Kommunikasie rakende die *Groot Opdrag* binne die tradisionele stroom.

- Die *missionêre* ingesteldheid van uitreik, *aanvaarding* van die 21e eeu se mens, om dié mens *kerk* toe te bring, om mense aan die evangelie *bloot te stel*, die uitbeweeg *buite* die eie geborge terrein, onbaatsugtige *gasvryheid*, betrokkenheid by die *dissipelmaakproses* en bewustelike optrede teen *introversie*.

- Die gerigtheid op *kerkstigting*.

Bibliografie

ATKV. 2008a. http://www.atkv.org.za/content.cfm?ipkCategoryID=26 [Gebruik: 27.06.2008]

ATKV. 2008b. http://www.atkv.org.za/links.cfm?ipkCategoryID=175 [Gebruik: 27.06.2008]

ACTA (kyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika)

ACTA THEOLOGICA SUPPLEMENTUM. 2000. Kaleidoskoop 2000: artikels oor teologie, gedenkuitgawe Fakulteit Teologie UOVS 1980-2000. Bloemfontein : UOVS

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C., METZGER, B. & WIKGREN, A. (eds.). 1968. The Greek New Testament. Second Edition. Stuttgart : United Bible Societies

ALANT, J. 2007. LitNet Taaldebat - Afrikaans en Afrikaner-nasionalisme is nie dieselfde as Afrikaans en apartheid nie. http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/alant.asp [Gebruik: 20.06.2008]

ALLEN, W. 2007. Participatory Action Research. http://learningforsustainability.net/research/action_research.php [Gebruik: 21.06.2008]

ALTEMEYER, B. 2004. The decline of organized religion in Western civilization. *International Journal for the Psychology of Religion*, 14(2):77-89 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001447120&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] Datum van toegang: 10.06.2008]

ANGELFIRE. 2009. http://www.angelfire.com/ok/southernafrika/population.html [Gebruik: 21.01.2009]

ANONIEM. ? Aantekeninge van TSP Prof. B. de Klerk: Three contemporary Ministering Patterns

ANONIEM. 2006. Gelukkige lidmaat op K. Briewe van ons lesers: Waarom verlaat lidmate die kerk? *Kerkblad*:47, Nov.

ARMSTRONG, R.S. 1979. Service Evangelism. Philadelphia : The Westminister Press

AUCAMP, L. 2007. Die gawes van die Heilige Gees. *Die Kerkblad*:17, 18, Mei

BARRET, D.T., KURIAN, G.T. & JOHNSON, T.M. 2001. World Christian Encyclopedia. A comparative survey of churches and religions in the modern world. Volume 1. Oxford : Oxford

BARRY, S. 2006. Reconciliation: The South African Truth and Reconcoliation Commission's contributing to dealing with the past, reconciling and building the nation. *In die Skriflig*, 40(4):691-714, Dec.

BEZUIDENHOUT, A.P. 2005. 'n Klaarblyklike onversoenlikheid tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie: 'n prakties-teologiese studie. Verhandeling-NWU Potchefstroomkampus

BJÖRK, D. 2006. The future of Christianity in Western Europe: the end of a world. *Missiology* 34(3) Jl:309-324 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001521288&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.2008]

BISSCHOFF, J. 2008. Leraar se waarmerk as leier. *Kruisgewys*:3, 4, Apr.

BOESAK, A. 2007. Vreugde, waarheid, gedeelde belydenis. *Beeld*:33, 25 Okt.

BOESAK, A. 2008. Geweld nie haat, maar God-krisis. *Beeld*:12, 2 Jun.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission - Paradigm shifts in theology of mission. New York : Orbis Books

BOTES, H. 2006. Briewe van ons lesers: Koninkryksbouers of koninkrykslopers? *Kerkblad*:48, Jul.

BOTHA, G.N.V. 2006. Altyd reformerend! Die GKSA se roeping ook in 2006. *Die Kerkblad*:22-23, Okt.

BOTHA, N. 2006a. Nou ken ons ons ellende beter. *Kerkblad*:47, Mei

BOTHA, N. 2006b. Morele herlewing kort God-besef. *Beeld*:14, 15, Mei

BOTHA, N. 2007. Briewe van ons lesers: Lidmate wat sonder attestasie verdwyn. *Kerkblad*:48, Apr.

BRANSON, M.L. 2004. Memories, Hopes and conversations; AI and congregational change http://books.ekklesia.co.uk/product_info.php?products_id=2081

BREYTENBACH, H. 2007. Die verskynsel van geestelike entoesiasme. *Kompas*, 16(5):4-7, Mei

BROUWER, R., DE GROOT, K.; DE ROEST, H., SENGERS, E. & STOPPELS, S. (reds.). 2007. Levend liggaam: Dynamiek van christelijke geloofsgemeenschappen in Nederland. Kampen : Kok

BUCHNER, E. 2007. Geld, besittings gawe van God. *Beeld*;12, 3 Sep.

BULLEY, G. 1994. Developing A Contextualized Church Planting Strategy. North American Mission Board [Developing_A_CP_Strategy.pdf - Adobe Reader]

BURGER, C. 1995. Gemeentes in transito - vernuwingsgeleenthede in ’n oorgangstyd. Kaapstad : Lux Verbi

BURGER, C. 1999. Gemeente en bediening 4: Gemeentes in die Kragveld van die Gees-oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus. Stellenbosch : BUVTON

BURGER, C. 2006. Gebruik nou ook die brugkapitaal - die Christendom sterf waar hy ophou grense oorsteek. *Beeld*:14, 19 Jun.

BURGER, C. 2008. Ons kan baie leer by die kerk in Afrika, Christene moenie bang wees vir swaarkry, opoffering. *Beeld*:8, 27 Okt.

BURGER, I. 2007. Kerk groei al hoe meer in Europa. *Beeld*:12, 17 Sep.

BUYS, A.L.A. 2007. AROS: Dosentelesing, 18.09.2007. Pretoria

BUYS, A.L.A. 2010. Gespreksgroep: Wat is taal? Kommunikasie of openbaring. AROS 24 Mei.

BUYS, R. 2008. Oorbrug die kloof. *Beeld*:19, 18 Mrt.

CALVYN, J. vertaal deur Simpson, H.W. 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens I. Potchefstroom : CJBF

CAMERON, H., RICHTER, P., DAVIES, D. & WARD, F. 2005. Studying local churches: A handbook. London : SCM Press

CARSTENS, W.A.M. 2003. Norme vir Afrikaans. Pretoria : J.L. van Schaik

CHAFFEE, P. 2004. Claiming the light: appreciative inquiery and congregational transformation. www.congregationalresources.org/Appreciative/Introduction.asp

CHAMBERS, R. 1997. Whose Reality Counts? Putting the First Last. London : Intermediate Technology Publications

CHAMPION, D. & STOWELL, F.A. 2003. Validating Action Research Field Studies: PEArL. *Systemic Practice and Action Research*, 16(1):21-36

CIA World Factbook. 2008a. South Africa - birth rate. http://www.indexmundi.com/g/g.aspx?c=sf&v=25 [Gebruik: 10.08.2009]

CIA World Factbook. 2008b. South Africa - fertility rate. http://www.indexmundi.com/g/g.aspx?v=31&c=sf&l=en [Gebruik: 10.08.2009]

CILLIERS, J. 1994. Pneumatologie en metodologie: 'n homiletiese perspektief. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif,* 35(2):251-255, Mrt.

CLOETE, S. 2008. ADGO Lidmaatbemagtiging. http://www.ngkerk.org.za/documents/Lidmaatbemagtiging.pdf [Gebruik: 10.05.2010]

COETSEE, C. 2007. Roeping hou algehele gehoorsaamheid in. *Die Kerkblad*:50, Jul.

COETZEE, J.P. 1997. Rol van Bybelgenootskap ten aansien van Bybelvertaling. *Die Kerkpad* 3/4: 5, Nov.

COOPERRIDER, D.L. & WHITNEY, D. 2005. Appreciative Inquiry - a positive revolution in change. Berrett-Koehler Press : San Fransisco

COOPERRIDER, D., WHITNEY, D. & STAVROS, J. 2008. Appreciative Inquiry Handbook for leaders of change (second edition). Ohio : Crown Custom Publishing, Inc.

COPE, L. 2006. An introduction to the Old Testament Template. Burtigny : The Template Institute Press

CROCKETT, A. & VOAS, D. 2006. Generations of decline: religious change in 20th-century Britain. *Journal for the Scientific Study of Religion,* 45(4D):567-584 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001555987&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Gebruik: 10.06.2008]

DARLING-HAMMOND, L. & SNYDER, J. 2000. Authentic Assessment of Teaching in Context. *Teaching and Teacher Education,* 16:523 - 545

DAVIE, G. 2006. Is Europe an exceptional case? *International Review of Mission,* 95(378-379)Jl-O:247-258 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001585655&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Gebruik: 10.06.2008]

DEKKER, G. 1996. The Changing position and meaning of religion and the church in Western Europe - a sociological analysis. *Religion and Theology*, 3(3):246-258, Dec.

DE BEER, E.J. 2007. 'n Teologies-etiese beoordeling van regstellende aksie. *In die Skriflig*, 41(1):109-132, Apr.

DE BRUYN, P. 2007. Oorwin die gevaar van stagnasie. *Die Kerkblad*:37, 38, Mrt.

DE KLERK, B.J. 1999. Die Heilige Gees en die Skriflesing in die samekoms van die gemeente. *In die Skriflig*, 33(2):165-186, Jun.

DE KLERK, B.J. 1999. Voortsnelling vra verdieping van ons liturgie. Potchefstroom : PU vir CHO

DE KLERK, B.J. 2000. Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur. *In die Skriflig*, 34(4):451-468

DE KLERK, B. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroomse Teologiese Publikasies

DE KLOE, P.A 2007. Toerustend leiderschap voor een bloeiende gemeente. http://www.ncd-nederland.org/Portals/0/PDF/Toerustend%20leiderschap%20voor%20een%20bloeiende%20gemeente%20oktober%202007.pdf [Gebruik: 10 Mei 2010]

DE KLOE, P. 2007. Schwarzprofielen van Evangelische Alliantie naar Paul de Kloe. http://www.ea.nl/v3/index.php?id=Nieuws/Nieuwsberichten/NCD%20naar%20paul%20de%20Kloe/ [Gebruik: 10.05.2010]

DE KOCK, H. K. 2003. 'n Prakties-teologiese beoordeling van Natural Church Development se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

DE WET, F.W. 2000. Geloofswaarneming - ’n Teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie. Proefskrif voorgelê vir die graad Theologiae Doctor in Praktiese Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

DE WET, F. 2006. Die kommunikatiewe struktuur in eietydse gereformeerde prediking - van liniêre na sirkulêre gang. *In die Skriflig* 40(4)617-647, Des.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming - ’n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87, Apr.

DICK, B. 1997. Action learning and action research. http://www.scu.edu.au/schools/gcm/ar/arp/actlearn.html [Gebruik: 21.07.2008]

DIE BYBEL NUWE VERTALING. 1983. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika

DIE KERKBLAD. 2008. Getuienis aan die owerheid en samelewing. *Die Kerkblad:*39, 41, Jun.

DIJK, K. sa. Korte dogmatiek. Tweede druk. Kampen : Uitgeversmaatschappij J. H. Kok

DIJKSTRA, H. 2007. Woord en Gees. *Die Kerkblad*:21, 22, Mei

DINGEMANS, G.D.J. 1996. Manieren van doen: Inleiding tot de studie van de Praktiesche Theologie. Kampen : Uitgeverij Kok

DOCTORS FOR LIFE. 2009. Abortion Statistics. http://www.doctorsforlifeinternational.com/issues/abortion.cfm MY SUMMARY WITH DOH FIGURES.jan2009.xls [Gebruik: 10.08.2009]

DONAHUE, B. & ROBINSON, R. 2003. Walking the small group thightrope. Grand Rapids : Zondervan

DOUMA, J.R. 2000. Veni Creator Spiritus: De meditatie en het preekproces [Proefschrift]. Kampen : Uitgeverij Kok

DREYER, A. 2009. Hoe begin mens oor? *Beeld*:13, 13 Jan.

DREYER, W.A. 2009. 'n Prakties-teologiese perspektief op kerkwees met besondere verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Proefskrif ter verkryging van die Ph.D. (Praktiese Teologie) aan die Universiteit van Pretoria (PS Inleiding, PS Deel I) [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Feb 26

DUGEOT. 2008. Dugeot se mieliestronk. http://www.mieliestronk.com/provinsies.html [Gebruik: 7.10.2008]

DUVENAGE, P. 2007. Ons en die nihilisme. *Beeld-By*:10, 15 Sep.

DU PLOOY, A.L. 2003. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859-2002. *In die Skriflig*, 37(3):485-504, Sep.

DU PLOOY, A.L. 2006. Ons erfenis: die Gereformeerde Kerke in S.A (1859-2009). *Die Kerkblad*:18-20, Sep.

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF-Uitgewers

DU TOIT, F., HOFMEYR, H., STRAUSS, P., VAN DER MERWE, J. 2002. Moeisame pad na vernuwing: Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie. Bloemfontein : Barnabas

EHLERS, F. 2006. Briewe van ons lesers: Glybaan? *Die Kerkblad*:48, Nov.

ENGELBRECHT, J. & DE WET, C. 198-. Kleingroep: 'n sleutel tot dinamiese kerkgroei. Kemptonpark : Instituut vir Kerkgroei in Afrika

ERASMUS, J.C. & HENDRIKS, H.J. 2003. Religious affiliation in South Africa early in the new millennium: Markinor's World Values Survey. *Journal of Theology for Southern Africa*, 117:80-96, Nov.

ERWICH, R. 2008. Missionaire gemeenten: wereldwijde identieke plantjes of plaatselijk gegroeide bloemen? De Natuurlijke Gemeente Ontwikkeling van Christian A. Schwarz nader bekeken.
http://www.erwich.eu/admin/file_uploader2/bestanden/Missionairegemeenten46a0e.pdf [Gebruik: 10.05.2010]

FAK 2008. http://www.fak.org.za/ [Gebruik: 27.06.2008]

FELLOWS, A. 2007? Paganism Strikes Back: the Return of Ancient Spirituality http://www.bethinking.org/resource.php?ID=329&TopicID=7&CategoryID=7
http://www.bethinking.org/download.php?MedialD=853 [Gebruik: 18.06.2008]

FERREIRA, I.W. 2002. Die kerk se sending in diens van God se koninkryk. Th.M. PU vir CHO

FERREIRA, N. 2006. Eer God … deur die evangelie van Jesus Christus uit te dra. *Kerkblad*:26, Mei

FIRET, J. 1968. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : J.H. Kok N.V.

FLEISCHMAN, J. 2008. CHURCHWISE. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) 5 Nov

FLOOR, B. 2002. Wat Here is en lewend maak - wat Christene bely oor die Heilige Gees. D.Smit: boekresensie. *Woord en Daad,* 42(379):28

FLOOR, B. 2007. Hoe ontvang ons die Heilige Gees? *Die Kerkblad*:19, 20, Mei

FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel

FRAKER, A.T. & SPEARS, L.C. (eds.). 1996. The private writings of Robert K. Greenleaf Seeker and servant reflections on religious leadership. San Francisco : Jossey-Bass Publishers

FULLERTON, J. 2004. The Fifth Discipline: The Art and Practice of the Learning Organization http://www.rtis.com/nat/user/jfullerton/review/learning.htm

GADAMER, H. 1982. Lectures on Philosophical Hermeneutics. Nuwe reeks nr. 185. Universiteit van Pretoria

GADAMER, H. 2001. The beginning of knowledge. Translated by R. Coltman. London : Continuum

GAINES, A.S. 2010. Charismatic Evangelist Hosts Fesetival to 'bless' Haiti - a call to fasting and prayer http://www.charismamag.com/index.php/news/26620-charismatic-evangelist-hosts-festival-to-encourage-haiti [Gebruik: 29.03.2010]

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2006. ACTA - Handelinge van die nege-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2006 en volgende dae en derde addendum van die emeritaatsversorgingstrust. Pretoria : V & R Drukkery

GEORGE, C.F. 1994. The coming church revolution - Empowering Leaders for the Future. Michigan : Fleming H. Revell

GILBERT, D. E. 2004. "Deep change" or "slow death"? A practical road guide for the highway of change. A learning manual for church boards. Submitted for the Western Theological Seminary in partial fulfillment of the requirements of the degree of Doctor of Ministry. [TREN DATABASIS (Theological Research Exchange Network) TREN.com reciept - 20090211132637 11 Februarie 2009]

GILBERT, M.G. & BROCK, R.T. (Eds.). 1985. The Holy Spirit & Counseling. Massachusetts : Hendrickson Publishers

GILIOMEE, H. 2004. Die Afrikaners 'n Biografie. Kaapstad : Tafelberg

GILIOMEE, H. & ELPHICK, R. 1982. 'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1840. Kaapstad : Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

GILIOMEE, H. & SCHLEMMER. L. 1991. From apartheid to nation-building. Cape Town : Oxford University Press

GILL, R. 2003. The 'Empty' Church Revisited. Burlington : Ashgate

GILLMER, J.G. 2005. Die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanssprekende Gereformeerde Kerke in die Goudveld (1946-1961): 'n historiese perspektief. PhD. Pretoria

GRABE, P.J. 1994. The all-surpassing power of God through the Holy Spirit in the midst of our broken earthly existence: perspectives of Paul's use of 'dunamis' in 2 Corinthians. *Neotestamentica*, 28(1):147-156, Nov.

GRAY, J.G. 1992. The French Huguenots, Anatomy of courage. Grand Rapids : Baker Book House

GREEN, M. 2004. I believe in the Holy Spirit. Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company

GREENLEAF, R.K. 1996. Seeker and servant reflections on religious leadership. San Francisco : Jossey-Bass Publishers

GREENWOOD, J. & LEVIN, M. 1998. Introduction to Action Research: Social Research for Social Change. London : Sage Publications

HADAWAY, C., KIRK, M. & PENNY, L. 2005. How many Americans attend worship each week? An alternative approach to measurement. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 44(3)S:307-322 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001511686&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.2008]

HARRIS, R. (*Ed.*), ARCHER, G., & WALTKE, B. 1981. Theological Wordbook of the Old Testament Volume 2. Chicago : Moody Press

HEIMWEË. 2007. Sal wát wil gee om terug te gaan. *Beeld*:12, 19 Jan

HEITINK, G. 1979. Pastoraat als hulpverlening: inleiding in de Pastorale Theologie en Psychologie. 2de druk. Kampen : Uitgeversmaatschappij J.H. Kok

HEITINK, G. 1999. Practical Theology History Theory Action Domains: Manual for Practical Theology. Translated by R. Bruinsma. Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company

HEITINK, G., PIETERSE, H.J.C. & VOS, C.J.A. 2000. 'n Poging tot saamdink. *Praktiese Teologie in S.A.,* 15(2):53-71

HENDRIKS, H.J. 1993. Die 1991-bevolkingsensus-tendense en die Afrikaanse kerke. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 34(4):542-551

HENDRIKS, H.J. 1996. Kerkspieël en die NGK statistiek in die wyer perspektief van die Suid-Afrikaanse bevolkingsensusse 1911-1991. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 37(1):138-145

HENDRIKS, H.J. 1999. Verwagting vir die nuwe millennium: Gaan Gereformeerde Kerke groei, kwyn of verdwyn? *Woord en Daad,* Lente, 13:17-19

HENDRIKS, H.J. 2000. Die Suid-Afrikaanse Godsdienstige landkaart aan die begin van die nuwe millennium: tendense in die eerste post-apartheid bevolkingsensus. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 15(2):73-97

HENDRIKS, H.J. 2000a. Tussen ideologiese ontnugtering en 'n nuwe visie. Waarom Afrikaners se wiele pap is. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 40(4):292-295

HENDRIKS, 2003. Die toekoms van die kerk, die kerk van die toekoms. http://academic.sun.ac.za/theology/Profiles/Profile_documents/Prof_Jurgens_Hendriks_Intreerede.pdf [Gebruik: 10.05.2010]

HENDRIKSEN, W. 1976. New Testament Commentary: the Gospel of Mathew Edinburgh : The banner of truth trust

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. A primer in Practical Theology. Pretoria : Gnosis

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis

HOFMEYR, J.W. & PILLAY, G.J. (Ed). 1994. A History of Christianity in South Africa Volume 1. Pretoria : HAUM Tertiary

HOFMEYR, G. (red.). 2002. NG Kerk 350: eenhonderd bakens in die geskiedenis van die NG Kerk 1652-2002.

HUGHES, P. 1999. Natural church development - the Schwarz method. http://www.cra.org.au/pages/00000135.cgi [Gebruik: 10.05.2010]

IANNACCONE, L. & EVERTON, S. 2004. Never on sunny days: lessons from weekly attendance counts. *Journal for the Scientific studies of religion*, 43(2):191-207 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001460448&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.08]

IHDE, D. (Ed.). 2004. Paul Ricoeur The conflict of interpretations Essays in Hermeneutics. London : Continuum

JANSEN, H.U. 2001. 'n Ondersoek na die proses van gemeente-analise. MA-Skripsie (RAU)
http://ujdigispace.uj.ac.za:8080/dspace/bitstream/10210/199/10/UysJansen9907479.pdf
[Gebruik: 10.05.2010]

JACKSON, J. 2006. Megakerk getuig dat God belofte hou - leier. *Beeld*:7, 15 Mei

JACKSON, N. 2006a. Nommerpas. *Beeld*:17, 1 Nov.

JACKSON, N. 2006b. Dominees moet kerk uit sy winterslaap red. *Beeld*:5, Sep.

JACKSON, N. 2007. Asië, Indië het nou glo meer Christene. *Beeld*:9, 10, Nov.

JACKSON, N. 2007a. Terug na die kerk se DNS. *Beeld:*13, 19 Jan.

JACKSON, N. 2007b. Verdelingslyne in Gereformeerde Kerke al skerper getrek. *Beeld*:4, 12 Nov.

JACKSON, N. 2007c. Heilige Gees wat nie geblus is nie, gesoek. *Beeld*:8, 27 Sep.

JACKSON, N. 2007d. Hervormers ook onderling verdeel. *Beeld*:6, Sep.

JACKSON, N. 2007e. Gemeente se toekoms is blink. *Beeld*:7. 18 Sep.

JACKSON, J. 2007f. So red jy sterwende gemeente. *Beeld*:6, 13 Okt.

JACKSON, N. 2008. VGK-besluit oor eenheid is nie die Christelike weg - NG Kerk. *Beeld*:4, 2 Okt.

JACKSON. N. 2008a. Kerkeenheid val op dooiepunt vas. *Beeld*:10, 3 Sep.

JACKSON, N. 2009. Is die evangelie op die spel? *Beeld*:28, 28 Mei

JACKSON, N. 2009a. Diakens: Doppervroue mag weer. *Beeld*:5. 16 Jan.

JACKSON, N. 2009b Doppers vier fees én besin oor diep kwellinge http://www.news24.com/Rapport/Suid-Afrika/0,,752-2460_2448262,00.html

JACKSON, N. 2009c. 'Nog 'n spyker in Doppers se kis' *Beeld*:3, 3 Jul.

JAGER, R. 2007. Briewe van ons lesers: Kerk moet antwoord gee op geestelike nood. *Die Kerkblad*:47, Apr.

JANSEN, A. 2008. 'n Ark wat nooit sal sink. *By-Beeld*:14, 13 Des.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift. An introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria : Van Schaik

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie (Voordrag gelewer by NWU op Vrydag 9 Maart 2007. Ongepubliseer.)

JEFFREYS, H. 2008. S.A. vergeet 16 Junie 1976-lesse. *Beeld*:10, 17 Jun.

JENKINS, P. 2006. The new faces of Christianity - Believing the Bible in die global south. Oxford : University Press

JENKINS, P. 2007. The next Christendom - The coming of global Christianity. Oxford : University Press

JONES, C. 2008. In institusionele gevangenisskap vasgevang? *Kruisgewys*:13, April. Bybelmedia (GDN)

JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom : Potchefstroom Herald

JORDAAN, G.J.C. 2008. Afrikaanse gelowiges geroep om saam te staan. *Die Kerkblad*:8, 9, Mei

JOUBERT, S. 1994. Die Heilige Gees. Pretoria : CUM

JOUBERT, S. 2007. Genade is kern van geloof in God. *Beeld*:12, 27 Aug.

JOUBERT, S. 2008. Kerke wat gedy: doeltreffender kerklike programme nie die antwoord. http://www.ngkok.co.za/enuus/eNuus_2008-37_13_Nov_2008.htm#b01noord [Gebruik: 10.05.2010]

KANE-BERMAN, J. (Ed.). 2007. South Africa Survey 2006/2007. Braamfontein : South Africa Institute of Race Relations (SAIRR)

KEARNEY, R. 2004. On Paul Ricoeur, The owl of Minerva. Burlington : Ashgate

KELLER, T. 2002. Why plant churches? http://download.redeemer.com/pdf/learn/resources/Why_Plant_Churches-Keller.pdf [Gebruik: 5.11.2008]

KERKBLAD. 2007. Teologiese studente doen sendingprakties, :41, Apr.

KLOPPERS, E. 2001. The intelligent initiative of deciphering - praktiese teologie as hermeneutieskritiese teologie. *Scriptura,* 78:457-466

KOMMERS, J. 2006. Opwekking binnen de traditioneel-reformatorische kerken: over oprecht verlangen en grote verlegenheid. *In die Skriflig,* 40(4):667-690, Des.

KRUGER, F. 2005. Die Efesiërs 4-model. www.gkmn.co.za/Die%20Efesiers%204-model%20(GTV-lesing).doc [Gebruik: 10.05.2010]

KRUGER, S.F. 1993. Pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige. Th.M. PU vir CHO

KRUGER, S.F. & VENTER, C.J. H. 2001. Die verhouding tussen Psigologie en Praktiese teologie - aspekte van die onderlinge waarde van dié verhouding. *In die Skriflig,* 35(4):557-573

LAUBSCHER, J. 2006. Ekonomiese kommentaar http://www.sanlam.co.za/afr/ekonomieseinsig/ekonomiesekommentaar/ekonomiese+kommentaar+6+desember+2006.htm [Gebruik: 7.10.2008]

LABUSCHAGNE, C. 2007. Spesiale verslag: Oos, wes is tuis bes? *Sarie:*138-142, Jun.

LAMPRECHT, L. 2006. Mense lyk én voel jonger, wys peiling 30's die nuwe 20's, 60's die nuwe middeljare. *Beeld*:14, Nov.

LATEGAN, B. & MULLER, H. (*reds*). 1990. Afrikaners tussen die tye. Kaapstad : Taurus

LAVE, J. & WENGER, E. 1991. Legitimate peripheral participation http://edutech.csun.edu/eduwiki/index.php/Lave_and_Wenger_Legitimate_Peripheral_Participation [Gebruik: 17.12.2008]

LIGTHELM, J. 2007. Kyk nuut na leer oor bekering en doop. *Die Kerkblad:*47, Apr.

LOURENS, M., VAN DER MERWE, P. & DE KLERK, E. 2008. Briewekolom. *Beeld*:18, 18 Mrt.

LOTTER, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korinthiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig*, 39(3):487-504, Sep.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. (*ed.*) 1993a. Greek-English Lexicon op the New Testament based on semantic domains. Volume I. Goodwood : Bible Society of South Africa.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. (*ed.*) 1993b. Greek-English Lexicon op the New Testament based on semantic domains. Volume II. Goodwood : Bible Society of South Africa.

LOTTER, G.A. & THOMPSON, G.G. 2005. Acts 17:16-34 as paradigm in responding to postmodernity. *In die Skriflig*, 39(4):695-714

MALAN, C. 2007. Denkendes lei nou Afrikaner. *Beeld:*15, 3 Apr.

MALEKE, I. 2010. Tradisional African religions and the ZCC. Centurion. (Opname beskikbaar by http://kerkdienstgemist.nl/assets/365201-Opname-23-05-2010-18-00)

MALPHURS, A. 2004. Planting growing churches for the 21st century. Grand Rapids : Baker Books

MARAIS, F. 2008. Is the NCD survey a trustworthy tool for every local congregation? Reflections on a South African case study. http://www.communitas.co.za/index.php/dienste/navorsing1/120-ekklesiologiemissionere-gemeente-wees/221-is-the-ncd-survey-a-trustworthy-tool-for-every-local-congregation-reflections-on-a-south-african-case-study- [Gebruik: 10.05.2010]

MAXWELL, J.C. 2005. Today Matters: 12 Daily practices to Guarantee Tomorrow's Success. New York : Centre Street

MCLAREN, B.D. 2006. The secret message of Jesus: uncovering the truth that could change everything. Nashville : Thoms Nelson

MCGRATH, A. 2005. The twilight of atheism, the rise and fall of disbelief in the modern world. London : Rider

MCGRATH, A.E., 1994. Spirituality in an age of change. Rediscovering the spirit of the reformers. Grand rapids : Zondervan Publishing House

MCLEOD, H. & USTORF. W. (ed.). 2003. The decline of Christendom in Western Europe, 1750-2000. Cambridge : Cambridge University Press

MEAD, L.B. 1993. The once and future church Reinventing the congregation for a new mission frontier. New York City : Alban Institute

MEYER, O. 2002. The wind blows gently: reflections on the holy Spirit in the theology of K.H. Miskotte. *Scriptura* 79(1):41-46, Dec.

MOES, H. 2007. Kultuur en geloofsbelewing: vir die "frozen chosen". *Kompas,* 16(5):4-7, Mei

MOULE, C.F.D. 2000. The Holy Spirit. London : Continuum

MURAHASHI, K. 2001. A church planting strategy for reaching a multi-racial target group in the Pacific Northwest. In partial fulfilment of the requirements for the Degree Doctor of Ministry. Faculty of Western Seminary Portland, Oregon [TREN DATABASIS (Theological Research Exchange Network) http://www.tren.com/e-docs/search_w_preview.cfm?p006-1420 TREN.com reciept - 20090211132620 11 Februarie 2009]

MOTTEUX, N., BINNS, T., NEL, E. & ROWNTREE, K. 1999. Empowerment for development: taking participatory appraisal further in rural South Africa. *Development in Practice,* 9(3):261-273, May

NAISBITT, J. & ABURDENE, P. 1990. Megatrends 2000: ten new directions for the 1990's. New York : Avon Books

NCUBE, J. 2010. Zuma steun glo Malema se kuier by 'kameraad' Bob. http://www.rapport.co.za/Content/Suid-

Afrika/Nuus/2315/6f0df165971d4867b9c6e719cd28dfa0/03-04-2010-11-25/Zuma_steun_glo_Malema_se_kuier_by_%E2%80%98kameraad%E2%80%99_Bob [Gebruik: 3.04.2010]

NEEDHAM, N.R. 1997. 2000 years of Christ's power, Part One: The age of the early Church Fathers. London : Grace Publications Trust

NEEDHAM, N.R. 2000a. 2000 years of Christ's power, Part Two: The Middle Ages. London : Grace Publications Trust

NEEDHAM, N.R. 2004. 2000 years of Christ's power, Part Three: Renaissance and Reformation. London : Grace Publications Trust

NEL, M. 2009. Congregational analysis revisited: Empirical approaches http://www.scielo.org.za/scielo.php?pid=S0259-94222009000100033&script=sci_arttext [Gebruik: 10.05.2010]

NG KERK NOORDELIKE SINODE. 2008. Sinodale Diensraad vir gemeenteontwikkeling - Bylae 1. http://www.ngk-ntvl.com/Sinode%2008%20Agenda%20in%20PDF-formaat/Bladsy%2043-47%20_A. 5%20Bylae%201%20 Scenariobeplanning_.pdf

NIEMANDT, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Lux Verbi.BM

NIENABER, P.J. 1934. Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling en 'n hoofstuk oor die vertaling van die Psalm- en Gesangboek en die Formuliere. Kaapstad: Nasionale Pers

NÜRNBERGER, K. 2002. The Spirit of God: A soteriological metaphor in Biblical history and its significance for us today. *Scriptura*, 79(1):55-80, Dec.

ODENDAL, F., SCHOONEES, P., SWANEPOEL, C., DU TOIT, S. & BOOYSEN, C. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand : Perskor

O'DONOGHUE, T. & PUNCH, K. (ed.). 2003. Qualitative Educational research in Action - Doing and reflecting. London : RoutledgeFalmer

OLIVER, E. 2007. Thoughts on writing Afrikaner church history in the 21st century. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, xxxiii(1):23-40, May

OLIVIER, I.J. 2002. Kerklike bediening in 'n postmoderne konteks gefokus op die stadsmens. MA Tesis NWU

OLIVIER, I.J. 2006. The strategic task of the church in creating spaces for spirituality. Thesis submitted for the degree Philosophiae Doctor in Practical Theology at the Northwest-University (Potchefstroom Campus)

PALMER, R.E. 1969. Hermeneutics Interpretation Theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger and Gadamer. Evanston : Northwestern University Press

PARK, T. 2005. The sacred rhetoric of the Holy spirit: a study of Puritan Preaching in a Pneumatological Perspective (met een samenvatting in het Nederlands) [Proefschrift]. Apeldoorn : Theologische Universiteit

PATTERSON, G. & SCOGGINS, R. 2001. Church Multiplication Guide. California : William Carey Library

PETERSON, E.H. 1994. Subversive spirituality. Vancouver : Regent College Publishing

PIETERSE, H.J.C. 1992. Woord en werklikheid in die moderne Praktiese Teologie. *In die Skriflig*, 26(3):325-335, Sep.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie. Pretoria: RGN-Uitgewers

PIETERSE, H.J.C. 2010. Die noodsaak van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie. Ongepubliseerde artikel: Unisa pietehjc@absamail.co.za.

PLATT, A. 2010. Natuurlike gemeentegroei. Church Wise. http://www.churchwise.co.za/about_us.htm [Gebruik: 10.05.2010]

POLDERMAN, C.P. 1996. Kerk en Wereld [Een studie over gereformeerden en hun uiteenlopende relaties met televisie in het licht van politiek, cultuur en theologie]. Leiden : Uitgeverij J.J. Groen en zoon

PRETORIUS, J. 2004. Die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag as sleutels in 'n model vir gemeentebou. [CD-ROM]

PRETORIUS, J. 2006. Die groot vyf valshede teen die groot opdrag. *Die Kerkblad*:17, 18, Nov.

PRETORIUS, J. & DE KLERK, B.J. 2005. Die implikasies van 'n nadere Skrifgefundeerde definisie van *dissipel* en *dissipelmaking* vir gemeentebou. *In die Skriflig*, 39(1):155-171

PRETORIUS, J. & LINDEQUE, G. 2009. Mondelinge mededeling aan outeur rakende die bedieningsplan in Linden (GKSA). Linden. (Kassetopname op 3 Februarie gemaak en in besit van die outeur.)

PRETORIUS, M. 2005. The key to the present fulfilment of the eschatological inclusion of the gentiles into the people of God. *Hervormde Teologiese Studies*, 61(4):1339-1352, Nov.

PRETORIUS, M. 2006. The theological centre of Pauline theology as it relates to the Holy Spirit. *Hervormde Teologiese Studies*, 62(1):253-262, Mrt.

PRINSLOO, P. 1984. Die Heilige Gees en die Gereformeerde erediens. B.D. Skripsie Fakulteit Teologie Afdeling B. Universiteit van Pretoria

PSALMBOEK. 2001. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. N.G. Kerk-Uitgewers

RALL, M. 2007. Ondersoek wys rekenaar, TV neem plek van Bybel. *Beeld*:12, 2 Okt.

REASON, P. (ed.). 1994. Human Inquiry as discipline and practice in participation in human inquiry. London : Sage Publications Ltd.

REDELINGHUYS, F.J. 2003. Koherensie, coping, uitbranding en begeestering in die bediening. MA Tesis NWU

RICOEUR, P. 1976. Interpretation theory: discourse and the surplus of meaning. Fort Worth : Texas Christian University Press

RIDDERBOS, H. 1973 Korte verklaring der Heilige Schrift: het Evangelie naar Matheus opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard. Tweede deel, Hoofstuk 16:13-28:20. Vijfde druk. Kampen : Kok

ROBINSON, F. 2008. Fokus op SABC2. 06.07.2008

ROBINSON, F. 2009. Fokus op SABC2. 20.09.2009

ROSSOUW, J. 2007. Om Afrikaners te blameer, help niemand nie. *Beeld*:10, 10 Nov.

ROXBURGH, A.J. 1997. The missionary congregation, leadership and liminality. Harrisburg : Trinity Press International

RSG. 2009. http://www.rsg.co.za/blitsmening.asp [Gebruik: 21.01.2009]

RUNIA, K. 1988. Waar blijft de kerk? Kampen : Uitgeversmaatschappij J.H. Kok

SAARINEN, M.F. 1992. The life cycle of a congregation. New York City : The Alban Institute

SIMONIAN, C. 1999. Natural Church Development: A Review - A book by Christian Schwarz. http://www.ourvineyard.org/files/A_Review_of_Christian_Schwarz1.htm [Gebruik: 10.05.2010]

SCHALEKAMP, M.E. 2005a. Multikulturele kerkplanting Ons moet hande vat met ander gelowiges en kerke. *Die Kerkblad*:24-27, Aug.

SCHALEKAMP, M.E. 2005b. Missiones Ecclesiae: ’n missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Proefskrif - PhD)

SCHOEMAN, J. 2006. Gaan oor interpretasie van die Bybel. *Kerkblad:* 47, Mei

SCHOEMAN, K. 2008. NG-lidmate: verbruikers wat kies? *Kruisgewys*:6, April

SCHOEMAN, L. 2008. 'Nie teen kerk - dalk gee hulle net nie om'. *Beeld*:2, 27 Okt.

SCHOLTZ, L. 2006. De la Rey dui op iets groters, waarom altyd 'Afrikaner' net koppel aan 'rassisme'? *Beeld*, 4 Des.

SCHWABE, C. 2004. Fact Sheet: Poverty in South Africa http://www.sarpn.org.za/documents/d0000990/index.php [7 Oktober 2008]

SCHWARZ, C.A. 1996. Natural Church Development. A Guide to Eight Essential Qualities of Healthy Churches. *Randhart*

SCHWARZ, C.A. 1999. Paradigm shift in the church - How natural church development can transform theological thinking. Emmelsbüll - ChurchSmart Resources

SCHWARZ, C.A. 2000. Natural Church Development: A guide to eight essential Qualities of Healthy churches. Randhart : S.A. Church Wise

SCHWARZ, C.A. & SCHALK C. 1998. Implementation guide to natural church development. Randhart : ChurchWise

SMIETANA, B. 2006. Statistical illusion: new study confirms that we go to church much less than we say. *Christianity Today,* 50(4):85-88, Apr. [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001502545&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.2008]

SMIT, A. (red.). 1995. Gemeente en bediening 4 Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad ; Lux Verbi

SMIT, D.J. 2004. “Die Heilige Gees besig om ’n gemoed te troos…’ - nagedink oor die vreemde viering van die kerk. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 45(3/4):865-886, Feb.

SMIT, J.C. 2006. Ekumenisiteit as ’n Skrifgefundeerde raamwerk vir kerklike eenheid - ook op die gebied van sendingwerk. *In die Skriflig,* 40(1):89-114, Apr.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy gereformeerde identiteit: Kan dit behou word in ’n postmoderne gemeenskap? *In die Skriflig,* 34(4):515-533

STARK, R. 1996. The rise of Christianity - A Sociologist reconsiders history. Princetown : Princetown University Press

STRONG, P. 2007. Romans 12:2 as an important paradigm for transformation in a Christian: a practical theological study. Thesis submitted for the degree Philosophiae Doctor in Pastoral Studies at the North-West University (Potchefstroom Campus)

SPOELSTRA, B. 1963. Die ‘Doppers’ in Suid-Afrika 1760-1899. Johannesburg : Nasionale Boekhandel Bpk.

SPOELSTRA, B. 1999. Sending vir kerk of koninkryk - sendinggeskiedenis van die GKSA 1869-1994. Noordbrug : Potchefstroom Teologiese Publikasies

STILMA, L. 1988. Op zoek naar de oorzaken van kerkverlating. Baarn : Ten Have

ST. CLAIR. 2007. Biskop St. Clair van Strand, St. Clair van Helderberg. www.kletskerk.co.za/viewtopic.php?p=166420&sid=2c025651d1528d6715074d5a36384e48 [Gebruik: 20.06.2008]

SUIDHEUWELS GEMEENTEKAMP. 2002. Kamp-aantekeninge: Natuurlike gemeentegroei

SWARTS, J. 2007. Pasteie en die sin van Afrikaanse blogging. http://gormendizer.wordpress.com/2007/10/28/pasteie-en-die-sin-van-Afrikaanse-blogging/ [Gebruik: 20.06.2008]

TEN BRINKE, H. 2006. Rick Warren se Die Doelgerigte Lewe (1). *Kerkblad:*38, 39, Mei

TERRA-SITE-VERKLARENDE WOORDELYS. www.hitte.nu/DOWNLOAD/terra-site-verklarendewoordenlijst.pdf [Gebruik: 8.05.2010]

TICKLE, P. 2008. The great emergence. Michigan : Baker Books

TURKSTRA, H. 2007. Briewe van ons lesers: verskil hoef nie geskil te word nie. *Die Kerkblad*:49, Mei

UITDAGING. 2010. Nieuw boek Christian Schwarz over gemeentegroei. http://www.uitdagingonline.nl/Artikel/508/1034496/Nieuw-boek-Christian-Schwarz-over-gemeentegroei.html [Gebruik: 10.05.2010]

UTUBE. 2009. Muslim Demographics. http://www.youtube.com/watch?v=6-3X5hIFXYU [Gebruik: 10.08.2009]

VAN AARDT, P. 2006a. Een miljoen wittes weg uit S.A. www.boerevryheid.co.za/forums//showthread.php?t=4033 [Gebruik: 19.06.2008]

VAN AARDT, P. 2006b. Hele geslag wit mense verlaat SA. *Rapport*:4, 24 Sep.

VAN COLLER, H.P. 2007. Perspektief en Profiel 3:55-59 Pretoria : Van Schaik Uitgewers

VAN DEVENTER, H. 1998. Die een Woord in baie gestaltes. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 6, Jun.

VAN DER MERWE, J.C. 1999. ’n Prakties-teologiese evaluering van ’n gemeentebouprojek in die Nederduitsch Hervormde gemeente Kempton Park-Oos met die oog op die daarstelling van ’n praktykmodel in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Doctor Divinatis. Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

VAN DER MERWE, C. 2009a. Dokument van die Nederduitsch Hervormde gemeente Kemptonpark-Oos: ’n Bedieningsplan vir kerkwees die toekoms in. (Oorspronklike kopie in rekords van Kerkraad)

VAN DER MERWE, C. (christo@kpo.co.za) 2009b. Gemeente jaarverslag aan Ringvergadering ten opsigte van die bediening. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Feb 26

VAN DER MERWE, C. (christo@kpo.co.za) 2009c. SEED-Projek Basiskursus in bedieningspraktyk aangebied vir die NH Kerkleiers vanaf 2-5 Maart 2009. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 3

VAN DER SPUY, D. 1998. Wanneer die Heilige Gees werk. Kaapstad : Struik

VAN DER MERWE, D.G. 2003. Jesus appoints his disciples as his agents to continue his divine mission according to John 17:17-19. *Acta Patristica et Byzantina*, (14):303-324

VAN DER MERWE, S. 2006. "… Julle sal krag ontvang … julle sal my getuies wees. *Die Kerkblad*:15, 16, Nov.

VAN DER WALT, B.J. 2004. Globalisering: die nuwe gees van die 21ste eeu? *In die Skriflig*, 38(2):263-290, Jun/Jul.

VAN DER WALT, B.J. 2006. Die Postmodernisme, 'n verleentheid en 'n geleentheid. *Kerkblad*:30-32, Sep.

VAN DER WALT, B.J. 1997a. Afrocentric of Eurocentric? Our task in a multicultural South Africa. Scientific contributions of the Potchefstroom University for Christian Higher Education F2(67). Brochures of the Institute for Reformational Studies

VAN DER WALT, B.J. 1997b. Afrosentries of Eurosentries? Ons roeping in 'n multikulturele Suid-Afrika. PU vir CHO

VAN DER WALT, B. 2008. Die kerke irrelevant vir die samelewing (3) Betrokkenheid by die samelewing - hoe dit bereik kan word. *Die Kerkblad*:24, 25, Feb.

VAN DER WALT, S. 2008. Afrikaner kan SA wa deur drif help sleep. *Beeld*:11, 4 Aug.

VAN DER WALT, T. 2007. Die Messias het gekom! 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente. Tweede (hersiene) uitgawe. Potchefstroomse Teologiese Publikasies

VAN DER WESTHUIZEN, C. 2007. Jy kan Afrikaners uit apartheid haal ... maar kan jy apartheid uit Afrikaners haal? http://www.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_2230377,00.html Nov 30 2007 07:19:23:490PM(SA) [Gebruik: 20.06.2008]

VAN GELDER, Craig | *Theology Today* | 2002-01-0158:4, | 615 | ISSN: 00405736 | Peer reviewed | Description: Language : English AN : ATLA0001291097

VAN HELDEN, S. 2002. Die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat. *In die Skriflig,* 36(4):1-30

VAN HELDEN, S. 2003. Sosiohistoriese en sosiolinguistiese aspekte van die leksikale veranderings van die 1936- en 2001-Psalmomdigtings. Johannesburg : RAU(Tans UJ). (Verhandeling - M.A.)

VAN NIEKERK, A. 2007. 'n Woord onderweg. *Beeld*:14, 27 Okt.

VOSLOO, W. & JANSE VAN RENSBURG, F., (*reds.*). 1999. Die Bybellennium: eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy

VAN ROOY, J.A. 2006. Ons sendingerfenis … en die vrugte na 100 jaar. *Kerkblad*:21, 22, Sep.

VAN ROOY, J.A. 2007. Hoe lyk iemand wat vol is van die Heilige Gees? *Die Kerkblad*:14-16, Mei

VAN ROOY, K. 2007a. Kan die Gereformeerde Kerke hoegnaamd nog met die evangelie uitreik? *Die Kerkblad:*39-41

VAN ROOY, K. 2007b. Sendingwerk in die toekoms … Hoe en waarheen? Die *Kerkblad*:30-32. Apr.

VAN WYK, J.H. 2006a. “Ek soek ’n nuwe kerk” *Kerkblad*:6, 7, Mei

VAN WYK, J.H. 2006b. Waarom loop die kerke in Europa leeg? *Die Kerkblad*:5-7, Nov.

VAN WYK, D. 2008. TKR opnuut op koers. *Die Kerkblad*:45, Jun.

VENTER, B. 2006. Briewe van ons lesers: Waarom verlaat ons lidmate die kerk? *Die Kerkblad*:49, Jul.

VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria : RGN

VENTER, C.J.H. 2006. Prediking wat transformeer - praktiesteologiese gesigspunte. *In die Skriflig*, 39(2):217-237

VENTER, F. (fanie@ksm.co.za) 2009a. Storie A (KSM en sy radikale denke) B (KSM se gemeenskap ’n voorbeeld van leierskap) C (Kan die phoenix verrys uit die as). [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER, F. (fanie@ksm.co.za) 2009b. Gemeentebediening - Beplanning SAVGG (Uitdeelstuk). [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER. F. (fanie@ksm.co.za) 2009c. Buvton and Church Innovation Institute. 2004. Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurdes:1-10. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER, F. (fanie@ksm.co.za) 2009d. Analise:1-4. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER, F. (fanie@ksm.co.za) 2009e. Besluitnemingsproses: Stap 1 Situasie. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER, F. (fanie@ksm.co.za) 2009f. Die scenario beplanningsproses: KSM. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER. F. (fanie@ksm.co.za) 2009g. Implementeringsprogram (2). [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER. F. (fanie@ksm.co.za) 2009h. KSM Strategiese beplanningsproses - voorlegging aan die kerkraad. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER. F. (fanie@ksm.co.za) 2009i. Kerksondermure Strategiese beplanning 2004. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VENTER. F. (fanie@ksm.co.za) 2009j. Visie en waardes 25.05.07 – Gemeenteraad retreat [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Maart 4

VERKUYL, J. 1980. Preken en preekschetsen in verband met de wereldzending, het werelddiakonaat en de ontwikkelingssamenwerking. Kampen : Uitgeversmaatschappij J.H. Kok

VILJOEN, L. 1996. Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2):162-164

VORSTER, H. 2007. Briewe van ons lesers: Wil met eerbied en ontsag in God se huis kom. *Kerkblad*:48, Apr.

VOS, C.J.A. 1984. Die Heilige Gees as Kosmies-eskatologiese gawe - 'n eksegeties-dogmatiese studie. Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie, Afdeling B (N.G. Kerk). Universiteit van Pretoria

VOSLOO, W. & JANSE VAN RENSBURG, F., (*reds*.). 1993. Die Bybel in praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy

VOSLOO, W. & JANSE VAN RENSBURG, F., (*reds*.). 1999. Die Bybellennium: Eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy

WALLS, A.F. 1996. The missionary movement in Christian history - studies in the transmission of faith. Edinburgh : T & T Clark

WALLS, A.F. 2002. The Cross-cultural process in Christian history - Studies in the Transmission and Appropriation of Faith. Edinburgh : T &T Clark

WAGNER, C.P. (ed.). 1986. Church Growth state of the art. Illinois : Tyndale House Publishers

WAKEFIELD, G.S. 2001. Groundwork of Christian spirituality. Peterborough : Epworth Press

WARD, K. 2004. Is New Zealand's future churchless? *Stimulus* 12(2), May [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001591483&loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.2008]

WARREN, R. 1989. In the crucible. Crowborough : Highland Books

WARREN, R. 2005. Doelgerigte kerk. Kaapstad : Struik Christelike Boeke

WENGER, E., MCDERMOTT, R. & SNYDER, W.M. 2002. A guide to managing knowledge - cultivating communities of practice. Boston : Harvard Business School Press

WENTSEL, B. 1995. De Heilige Geest, de kerk en de laatste dinge: De persoon en het werk van de Heilige Geest Dogmatiek Deel 4a. Kampen : Kok

WHITNEY, D., TROSTEN-BLOOM, A., CHERNEY, J. & FRY, R. 2004. Appreciative Team Building. New York : iUnivers, Inc.

WHYTE, W.F. (ed.). 1991. 'Introduction' in Participatory Action Research. London Sage Publications, Inc.

WIESE, F. 2010. (churchwise@doxadeo.co.za) 2010. Voordele van die NCD-proses. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Mei 12

WIJNBEEK, M. 2006. Gelowig in 2050? *Die Kerkblad*:33, 34, Okt.

WIJNBEEK, M. 2007. Die kerke loop leeg … en leër … en leër. *Die Kerkblad*:43-45, Jul.

WIJNBEEK, M. 2008. Waar wil mens wees? Emigrasie of nie. *Die Kerkblad*:32-34, Jun.

WIJNBEEK, M. 2009. Die plek van die vrou in die kerk, Doppers misbruik die Skrif só om dit te bepaal. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/07/15/B1/15/marinus.html [Gebruik: 15.07.2009]

WILHELM, M., ROONEY, P. & TEMPEL, E. 2007. Changes in religious giving reflect changes in involvement: age and cohort effects in religious giving, secular giving and attendance. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 46(2)Je:217-232 [In ATLA Religion Database with ATLA Serials: Volle weergawe: http://www.puk.ac.za:2048/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=aph&AN=25065885loginpage=Login.asp&site=ehost-live] [Datum van toegang: 10.06.2008]

WILLIAMS, D.T. 2000. In the light of the Spirit: the dual nature of the Third Person. *Koers*, 65(2):175-189, Jun.

WILLIAMS, D.T. 2005. The spirit and the academy. *Scriptura: International Journal of Bible, Religion and Theology in Southern Africa*, 89:563-573

WOODHEAD, L. 2004. An introduction to Christianity. Cambridge: Cambridge University Press

ZEEMAN, H. 1992. Koninkryk op bestelling op soek na die krag van kreatiewe gebed. Kaapstad : Lux Verbi

Statistiek

NG Kerk

1980. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. 131ste jaargang. Kaap : Nasionale Boekdrukkery

1985. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 136. Kaap : Nasionale Boekdrukkery

GAUM, F. 1990. Jaarboek van die Nederduistse Gereformeerde Kerke. Jaargang 141. Kaap : Nasionale Boekdrukkery

GAUM, F. 2000. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 151. Tygervallei : Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk

GAUM, F. 2003. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 154. Kaap : Nasionale Boekdrukkery

SYMINGTON, J. 2005. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 156. Wellington : Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk

SYMINGTON, J. 2007. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 158. Wellington : Tydskrifmaatskappy van die NG Kerk

NH Kerk

DREYER, T.F.J. (red.). 1971. Almanak en Bybelse dagboek. Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 65ste jaargang. Krugersdorp : N.H.W.-Pers

DREYER, P.S. 1981. Almanak. Jaargang 75. Pretoria : N.H.W. Pers

DREYER, P.S. Almanak. 1986. 80ste jaargang. Pretoria-Wes : Gutenberg Boekdrukkers

DREYER, P.S. 1990. Almanak. 84ste jaargang. Pretoria-Wes : Gutenberg

STORM, J.M.G. 2000. Almanak. 94ste jaargang. Ned. Herv. Kerk in Afrika

STORM, J.G.M. 2001. Almanak. Jaargang 95. SENTEK

STORM, J.G.M. 2005. Almanak. Jaargang 99. SENTEK

BEUKES, A.P.J. 2007. Almanak. Jaargang 101. SENTEK

GKSA

VENTER, A.A. (e.a.). 1950. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1950. Potchefstroom : Administratiewe Buro

DE BRUYN, F.R.P. (e.a.). 1979. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 105. Potchefstroom : Administratiewe Buro

DE BRUYN, F.R.P. (e.a.). 1986. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 112. Potchefstroom : Potchefstroom Herald

DE BRUYN, F.R.P. (e.a.). 1989. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 115. Potchefstroom : Potchefstroom Herald

VAN DER WALT, S.J. (e.a.). 2000. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 126. Potchefstroom : United Litho

SCHALEKAMP, M.E. 2005c. Almanak 131. Potchefstroom : D.Com

SCHALEKAMP, M.E. 2006. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 132. Potchefstroom : D.Com.

VOGEL, W. (e.a.). 2007. Almanak van die Gereformeede Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 133. Pretoria : V & R Drukkery (Edms.) Bpk.

VOGEL, W. 2008. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 134. Pretoria : V & R Drukkery (Edms.) Bpk.

Bylae

BYLAAG A

Wisselende magsbasisse: Christendom tot 21e eeu

Eerste bedeling van Christenheid

[- - - - - - - - - - - - - - - - - - ----------- - - - - - - - - - - - - - - - -]

oorgang na tweede bedeling van Christenheid

[- ->

30 nC----------300 nC----------1500 nC----------1900 nC ----------21e eeu



BYLAAG B

Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1652 - 21e eeu

1652-1737-------1838---------- 1857 ---------- 1898 - 1902



BYLAAG C

Wisselende magbasisse in Suid-Afrika: 1902 - 21e eeu



BYLAAG D

Data van Klassisse en (G)-, (T)- en (K)-gemeentes

Klassis: Pretoria Moot	2005	2006	2007	2008
(G) Oos-Moot	459	461	423	390
(T) Innesdal	278	267	263	246
(K) Eloffsdal	168	156	154	151

2

Klassis: Pretoria Suidwes	2005	2006	2007	2008
(G) Wierdapark	1 038	970	985	826
(T) Daspoort	415	447	455	429
(K) Pretoria-Wes	252	242	203	177

3

Klassis: Noordelike Pretoria	2005	2006	2007	2008
(G) Akasia	734	712	687	634
(T) Kameeldrift	419	429	452	439
(K) Prt-Rooiwal	197	178	170	159

4

Klassis: Oostelike Pretoria	2005	2006	2007	2008
(G) Wapadrand	1 442	1 515	1 554	1 521
(T) Brooklyn	1 015	909	836	766
(K) Waterkloofrand	346	371	355	347

5

Klassis: Waterberg	2005	2006	2007	2008
(G) Waterberg	410	406	394	374
(T) Marble Hall	174	163	168	149
(K) Aranos	32	34	36	44

6

Klassis: Souptansberg	2005	2006	2007	2008
(G) Potgietersrus	384	385	351	320
(T) Louis Trichardt	326	322	329	318
(K) Messina	137	158	151	109

7

Klassis: Krokodilrivier	2005	2006	2007	2008
(G) Krokodilrivier	592	572	587	553
(T) Thabazimbi	421	421	426	415
(K) Brits-Wes	210	214	221	225

8

Klassis: Lydenburg	2005	2006	2007	2008
(G) Nelspruit	576	598	577	570
(T) Witbank	343	356	334	308
(K) Carolina	71	68	57	49

9

Klassis Piet Retief	2005	2006	2007	2008
(G) Bethal	261	262	261	254
(T) Standerton	220	215	203	196
(K) Kriel	157	143	132	120

10

Klassis: Brakpan	2005	2006	2007	2008
(G) Kempton Park-Noord	447	431	446	417
(T) Delmas	247	244	235	211
(K) Noord-Oosrand	200	171	167	129

11

Klassis: Vaalrivier	2005	2006	2007	2008
(G) Vanderbijlpark -Oos	494	496	473	459
(T) Meyerton	328	320	302	290
(K) Sasolburg	291	289	286	277

12

Klassis: Krugersdorp	2005	2006	2007	2008
(G) Krugersdorp	579	582	585	563
(T) Krugersdorp-Oos	288	301	302	296
(K) Roodepoort	268	229	225	213

13

Klassis: Germiston/Johan-nesburg/Brakpan	2005	2006	2007	2008
(G) Kempton Park	332	338	322	326
(T) Alberton-Wes	327	319	319	315
(K) Germiston	264	241	226	206

14

Klassis: Johannesburg	2005	2006	2007	2008
(G) Bergbron	381	352	343	319
(K) Brackenhof	313	300	261	238
Slegs 2 gemeentes	in die klassis wat	geskik is		

15

Klassis: Rustenburg	2005	2006	2007	2008
(G) Rustenburg-Wes	937	939	919	904
(T) Lichtenburg	316	312	366	345
(K) Koster	291	295	279	267

16

Klassis: Potchefstroom	2005	2006	2007	2008
(G) Potchefstroom	391	397	393	392
(T) Noordbrug	244	232	221	211
(K) Mooirivier	182	188	181	163

17

Klassis: Griekwaland-Wes	2005	2006	2007	2008
(G) Kimberley	449	405	398	399
(T) Kathu	197	174	176	178
(K) Olifantshoek	72	78	81	81

18

Klassis: Vryburg	2005	2006	2007	2008
(G) Klerksdorp	483	448	424	409
(T) Vryburg	131	129	120	118
(K) Schweizer-Reneke	76	70	66	65

19

Klassis: Etosha	2005	2006	2007	2008
(G) Windhoek-Suid	360	369	370	360
(T) Walvisbaai	263	257	237	190
(K) Mariental	60	60	54	53

20

Klassis: Suid-Vrystaat	2005	2006	2007	2008
(G) Bloempark	691	676	646	639
(T) Bft-Suidheuwels	371	368	359	346
(K) Bft-Oos	107	113	113	100

21

Klassis: Ventersburg	2005	2006	2007	2008
Welkom-Noord	256	234	220	216
Bultfontein	160	158	156	150
Henneman	60	78	59	50

22

Klassis: Ladybrand	2005	2006	2007	2008
(G) Bethlehem	278	297	299	300
(T) Heilbron	102	124	128	128
(K) Ladybrand	86	92	86	67

23

Klassis: Natal	2005	2006	2007	2008
(G) Suidkus	272	252	234	225
(T) Pietermaritz-burg	183	174	173	170
(K) Pinetown	150	142	130	119

24

Klassis: Burgersdorp	2005	2006	2007	2008
(G) Oos-Londen	184	181	211	190
(T) Queenstown	103	96	99	87
(K) Dordrecht	50	53	47	46

25

Klassis: Middelburg Kaap	2005	2006	2007	2008
(G) Port Elizabeth	369	383	409	397
(T) Jeffreysbaai	216	230	228	227
(K) Steynsburg	69	70	70	64

26

Klassis: Boland	2005	2006	2007	2008
(G) Bellville	417	432	469	437
(T) Stellenbosch	234	215	254	224
(K) Grassy Park	112	116	114	113

Krimping volgens 2009-Statistiek vir die GKSA:

Volgens die statistiek vir 2009 (Vorster, 2008) is die krimping en wins binne die 26 klassisse as steekproef soos volg:

	Verlies	**Wins**
Klassis 1	-26	
Klassis 2	-41	
Klassis 3	-42	
Klassis 4		1
Klassis 5	-17	
Klassis 6	-21	
Klassis 7		85
Klassis 8	-19	
Klassis 9	-20	
Klassis 10	-89	
Klassis 11	-31	
Klassis 12	-9	
Klassis 13		4
Klassis 14	-39	
Klassis 15	-20	
Klassis 16	-45	
Klassis 17		15
Klassis 18		9
Klassis 19	-27	
Klassis 20		21
Klassis 21		3
Klassis 22		5
Klassis 23		2
Klassis 24		
Klassis 25	-16	
Klassis 26		15
	-462	**160**

Bronnelys

SCHALEKAMP, M.E. 2005. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 131. Potchefstroom : D.Com.

SCHALEKAMP, M.E. 2006. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 132. Potchefstroom : D.Com.

VOGEL, W. 2007. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 133. Pretoria : V & R Drukkery (Edms.) Bpk.

VOGEL, W. 2008. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Jaargang 134. Pretoria : V & R Drukkery (Edms.) Bpk.

VORSTER, H. (Hannesv@gksa.co.za) 2008. 2009 Statistiek GKSA. [E-pos aan:] Van Helden, S. (phia@telkomsa.net) Aug 27

BYLAAG E

Grafieke van (G)- (T)- en (K)-gemeentes

1

Klassis: Pretoria Moot	2005	2006	2007	2008
(G) Oos-Moot	459	461	423	390
(T) Innesdal	278	267	263	246
(K) Eloffsdal	168	156	154	151



2

Klassis: Pretoria Suidwes	2005	2006	2007	2008
(G) Wierdapark	1038	970	985	826
(T) Daspoort	415	447	455	429
(K) Pretoria-Wes	252	242	203	177



3

Klassis: Noordelike Pretoria	2005	2006	2007	2008
(G) Akasia	734	712	687	634
(T) Kameeldrif	419	429	452	439
(K) Prt-Rooiwal	197	178	170	159



4

Klassis: Oostelike Pretoria	2005	2006	2007	2008
(G) Wapadrand	1442	1515	1554	1521
(T) Brooklyn	1015	909	836	766
(K) Waterkloofrand	346	371	355	347



5

Klassis: Waterberg	2005	2006	2007	2008
(G) Waterberg	410	406	394	374
(T) Marble Hall	174	163	168	149
(K) Koedoesrand	69	64	62	58



6

Klassis: Soutpansberg	2005	2006	2007	2008
(G) Potgietersrus	384	385	351	320
(T) Louis Trichardt	326	322	329	318
(K) Messina	137	158	151	109



7

Klassis: Krokodilrivier	2005	2006	2007	2008
(G) Krokodilrivier	592	572	587	553
(T) Thabazimbi	421	421	426	415
(K) Brits-Wes	210	214	221	225



8

Klassis: Lydenburg	2005	2006	2007	2008
(G) Nelspruit	576	598	577	570
(T) Witbank	343	356	334	308
(K) Carolina	71	68	57	49



9

Klassis Piet Retief	2005	2006	2007	2008
(G) Bethal	261	262	261	254
(T) Standerton	220	215	203	196
(K) Kriel	157	143	132	120



10

Klassis: Brakpan	2005	2006	2007	2008
(G) Kempton Park-Noord	447	431	446	417
(T) Delmas	247	244	235	211
(K) Noord-Oosrand	200	171	167	129



11

Klassis: Vaalrivier	2005	2006	2007	2008
(G) VdBijlpark-Oos	494	496	473	459
(T) Meyerton	328	320	302	290
(K) Sasolburg	291	289	286	277



12

Klassis: Krugersdorp	2005	2006	2007	2008
(G)Krugersdorp	579	582	585	563
(T) Krugersdorp-Oos	288	301	302	296
(K) Roodepoort	268	229	225	213



13

Klassis: Germiston Johannesburg Brakpan	2005	2006	2007	2008
(G) Kempton Park	332	338	322	326
(T) Alberton-Wes	327	319	319	315
(K) Germiston	264	241	226	206



14

Klassis: Johannesburg	2005	2006	2007	2008
(G) Bergbron	381	352	343	319
(K) Brackenhof	313	300	261	238
Slegs 2 gemeentes geskik				



15

Klassis: Rustenburg	2005	2006	2007	2008
(T) Lichtenburg	316	312	366	345
(K) Koster	291	295	279	267



16

Klassis: Potchefstroom	2005	2006	2007	2008
(G) Potchefstroom	391	397	393	392
(T) Noordbrug	244	232	221	211
(K) Mooirivier	182	188	181	163



17

Klassis: Griekwaland-Wes	2005	2006	2007	2008
(G) Kimberley	449	405	398	399
(T) Kathu	197	174	176	178
(K) Olifantshoek	72	78	81	81



18

Klassis: Vryburg	2005	2006	2007	2008
(G) Klerksdorp	483	448	424	409
(T) Vryburg	131	129	120	118
(K) Schweizer-Reneke	76	70	66	65



19

Klassis: Etosha	2005	2006	2007	2008
(G) Windhoek-Suid	360	369	370	360
(T) Walvisbaai	263	257	237	190
(K) Mariental	60	60	54	53



20

Klassis: Suid-Vrystaat	2005	2006	2007	2008
(G) Bloempark	691	676	646	639
(T) Bft-Suidheuwels	371	368	359	346
(K) Bft-Oos	107	113	113	100



21

Klassis: Ventersburg	2005	2006	2007	2008
(G)Welkom-Noord	256	234	220	216
(T) Bultfontein	160	158	156	150
(K) Henneman	60	78	59	50



22

Klassis: Ladybrand	2005	2006	2007	2008
(G) Bethlehem	278	297	299	300
(T) Heilbron	102	124	128	128
(K) Ladybrand	86	92	86	67



23

Klassis: Natal	2005	2006	2007	2008
(G) Suidkus	272	252	234	225
(T) Pmburg	183	174	173	170
(K) Pinetown	150	142	130	119



24

Klassis: Burgersdorp	2005	2006	2007	2008
(G) O-Londen	184	181	211	190
(T)Queenstown	103	96	99	87
(K) Dordrecht	50	53	47	46

25

Klassis: Middelburg Kaap	2005	2006	2007	2008
(G) Port Elizabeth	369	383	409	397
(T) Jeffreysbaai	216	230	228	227
(K) Steynsburg	69	70	70	64



26

Klassis: Boland	2005	2006	2007	2008
(G) Bellville	417	432	469	437
(T) Stellenbosch	234	215	254	224
(K) Grassy Park	112	116	114	113



BYLAAG F: Gemiddeldes van krimpende (G)-,(T)-en (K)-gemeentes: 2005-2008

(G) Grootste gemeentes se gemiddeld

	2005	2006	2007	2008
(G) Oos-Moot	459	461	423	390
(G) Wierdapark	1038	970	985	826
(G) Akasia	734	712	687	634
(G) Wapadrand	1442	1515	1554	1521
(G) Waterberg	410	406	394	374
(G) Potgietersrus	384	385	351	320
(G) Krokodilrivier	592	572	587	553
(G) Nelspruit	576	598	577	570
(G) Bethal	261	262	261	254
(G) Kempton Park-Noord	447	431	446	417
(G) Vanderbijlpark-Oos	494	496	473	459
(G) Krugersdorp	579	582	585	563
(G) Bergbron	381	352	343	319
(G) Kempton Park	332	338	322	326

Grafiek van (G)-gemeentes

A 2005	B 2006	C 2007	D 2008
508.3	503.6	499.2	476.7



(G) Rustenburg-Wes	937	939	919	904
(G) Potchefstroom	391	397	393	392
(G) Kimberley	449	405	398	399
(G) Klerksdorp	483	448	424	409
(G) Windhoek-Suid	360	369	370	360
(G) Bloempark	691	676	646	639
(G) Welkom-Noord	256	234	220	216
(G) Bethlehem	278	297	299	300
(G) Suidkus	272	252	234	225
(G) Oos-Londen	184	181	211	190
(G) Port Elizabeth	369	383	409	397
(G) Bellville	417	432	469	437

(T) Tussengemeentes se gemiddeldeldes

	2005	2006	2007	2008
(T) Innesdal	278	267	263	246
(T) Daspoort	415	447	455	429
(T) Kameeldrif	419	429	452	439
(T) Brooklyn	1015	909	836	766
(T) Marble Hall	174	163	168	149
(T) Louis Trichardt	326	322	329	318
(T) Thabazimbi	421	421	426	415
(T) Witbank	343	356	334	308
(T) Standerton	220	215	203	196
(T) Delmas	247	244	235	211
(T) Meyerton	328	320	302	290
(T) Alberton-Wes	327	319	319	315
(T) Lichtenburg	316	312	366	345
(T) Noordbrug	244	232	221	211
(T) Kathu	197	174	176	178

Grafiek van (T)-gemeentes

A 2005	B 2006	C 2007	D 2008
292.8	287.3	285.6	270.1



(T) Vryburg	131	129	120	118
(T) Walvisbaai	263	257	237	190
(T) Bft-Suidheuwels	371	368	359	346
(T) Bultfontein	160	158	156	150
(T) Heilbron	102	124	128	128
(T) Pmburg	183	174	173	170
(T) Queenstown	103	96	99	87
(T) Jeffreysbaai	216	230	228	227
(T) Stellenbosch	234	215	254	224

(K) Kleinste gemeentes se gemiddeld

	2005	2006	2007	2008
(K) Eloffsdal	168	156	154	151
(K) Pretoria-Wes	252	242	203	177
(K) Prt-Rooiwal	197	178	170	159
(K) Waterkloofrand	346	371	355	347
(K) Koedoesrand	69	64	62	58
(K) Messina	137	158	151	109
(K) Brits-Wes	210	214	221	225
(K) Carolina	71	68	57	49
(K) Kriel	157	143	132	120
(K) Noord-Oosrand	200	171	167	129
(K) Sasolburg	291	289	286	277
(K) Roodepoort	268	229	225	213
(K) Germiston	264	241	226	206
(K) Brackenhof	313	300	261	238
(K) Koster	291	295	279	267

Grafiek van (K)-gemeentes

A 2005	B 2006	C 2007	D 2008
163.8	160.7	151.9	140.2



(K) Mooirivier	182	188	181	163
(K) Olifantshoek	72	78	81	81
(K) Schweizer-Reneke	76	70	66	65
(K) Mariental	60	60	54	53
(K) Bft-Oos	107	113	113	100
(K) Henneman	60	78	59	50
(K) Ladybrand	86	92	86	67
(K) Pinetown	150	142	130	119
(K) Dordrecht	50	53	47	46
(K) Steynsburg	69	70	70	64
(K) Grassy Park	112	116	114	113

Grafieke van (G)-, (T)- en (K)-gemeentes

(G)



(T)



(K)



BYLAAG G

VRAELYS vir gebruik by die ondersoek na die ekklesiologiese oorsake wat moontlik kan bydra tot die verskynsel van kerkkrimping by die "susterkerke", maar toegespits op die GKSA binne klassisse van Gauteng en Limpopo.

Beste invuller van hierdie vraelys

Baie dankie dat jy bereid is om tyd af te staan en breinkrag te gee vir hierdie vraelys. Die doel van hierdie vraelys is om die *ware stand van huidige gereformeerdheid binne die GKSA*, soos dit tans (2008/09) voorkom, aan te toon.

Dit is daarom baie belangrik dat die invul van die vraelys jou absolute eerlike oortuigings weerspieël. Slegs dan kan dit 'n geloofwaardige ondersoek wees en nuttig wees vir identifisering van sterk en swak punte binne die GKSA.

Hierdie vraelys het dus nie 'n memorandum wat aantoon watter vrae is reg of watter is verkeerd nie. Die uitkoms van hierdie ondersoek is bloot om die ware stand van gereformeerdheid in die huidige opset eerlik te wete te kom.

Die vraelyste word anoniem ingevul. Die navorser hanteer dit en sal onder geen omstandighede jou menings met iemand deel nie. Die inligting word deur die NWU-Statistiekdienste verwerk sodat die ware stand van huidige gereformeerdheid in Suid-Afrika, aangetoon kan word.

Lees asseblief die instruksies en beantwoord al die vrae.

Dui asb. jou **geslag** aan

Manlik	Vroulik

A. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou oortuiging.

A1

1. Die gereformeerde manier van kerkwees gee **sekerheid** van geloof	JA	NEE
2. Die gemeente se manier van kerkwees **verander** omdat die huidige **tydsgees** verander	JA	NEE
3. Die woord **spiritueel** is 'n bekende gereformeerde term	JA	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou oortuiging.

A2

1. Gereformeerdes se manier van kerkwees sluit **opsigtelik** die volgende in:		
2. Emosie	JA	NEE
3. Belewing en ervaring	JA	NEE
4. Intuïsie	JA	NEE
5. Entoesiasme/passie	JA	NEE
6. 'n Soeke na die sigbare krag van die Heilige Gees	JA	NEE
7. Omgang met die Woord	JA	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou oortuiging.

B1

1. Ouderlinge en diakens behartig die **dienste** in die gereformeerde manier van kerkwees	JA	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/SOMS/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

B2

1. In hierdie gemeente is **ouderlinge** effektief in hul diens	JA	SOMS	NEE
2. In hierdie gemeente is **diakens** effektief in hul diens	JA	SOMS	NEE

In hierdie gemeente **getuig** die ouderlinge en diakens se dienste van:			
3. **oneffektiwiteit** en gebrek aan toewyding	JA	SOMS	NEE
4. 'n **getrouheid** aan gevestigde gewoontes	JA	SOMS	NEE
5. **vernuwende** denke	JA	SOMS	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

6. Die term **gawes** beteken die natuurlike vermoëns in elke mens waarby die medemens kan baat, bv. diensvaardigheid, voorbidding, gasvryheid, leierskap, ens.	JA	NEE

B3

In hierdie gemeente word die gelowige		
7. doelbewus deur die kerkraad **gelei** dat elkeen sy/haar eie gawes kan **ontdek en ken**	JA	NEE
8. doelbewus deur die kerkraad **gehelp/bemagtig** om sy/haar eie gawes te **ontwikkel**	JA	NEE

In die gemeente is die **diens/amp van die gelowige**		
9. net so aktief soos die diens/amp van die diaken en die ouderling	JA	NEE
10. aktief volgens elkeen se eie uitlewing in sy/haar **persoonlike** lewe	JA	NEE

Dui aan of die volgende stellings binne jou gemeente WAAR of ONWAAR is:

In hierdie gemeente word **(geestelike) gawes** by elke gelowige versigtig hanteer		
11. omdat dit **nie** gereformeerd is **nie**	WAAR	ONWAAR
12. omdat dit **dwaling** in die kerk kan inbring	WAAR	ONWAAR
13. omdat dit **moeilik** is om elkeen met sy eie gawes in die kerk te laat optree	WAAR	ONWAAR

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

14. In hierdie gemeente word elke lidmaat deur die bediening geestelik **opgebou**	JA	NEE
15. In hierdie gemeente word elke lidmaat opgebou sodat hy/sy ander **mense buite die gemeente** maklik kan evangeliseer	JA	NEE
16. In hierdie gemeente word elke lidmaat bemagtig sodat hy/sy **ander mense oor die kleurgrens** maklik kan evangeliseer	JA	NEE

C. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

C1

Is daar in die dorp/stad waar jou gemeente is, 'n **kerkgebou** vir		
1. die NG Kerk	JA	NEE
2. die Nederduitsch Hervormde Kerk	JA	NEE
3. die Gereformeerde Kerk	JA	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/ONSEKER/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

C2

4a. Volgens jou beste wete het die **NG Kerk** in jou dorp/voorstad in getalle **gekrimp**	JA	ONSEKER	NEE
4b. Volgens jou beste wete het die **NH Kerk** in jou dorp /voorstad in getalle **gekrimp**	JA	ONSEKER	NEE
4c. Jou eie gemeente het ook as gevolg van verskillende redes **gekrimp**	JA	ONSEKER	NEE

C3

Die fisiese **kerkgebou** is vir jou as gelowige		
5. ’n **anker** in veranderende tye	JA	NEE
6. ’n **simbool** van waardes en norme	JA	NEE
7. ’n **emosionele** saak veral as die gebou moontlik verkoop moet word weens krimpende getalle	JA	NEE
8. van so ’n aard dat as die kerkgebou verkoop word, die gemeente ook eintlik **ten gronde gaan**	JA	NEE
9. ’n “**lanseerplek**” van projekte na die wêreld toe in diens van evangelisasie	JA	NEE

C4

Waar jy in die gemeente is, is die **gemeentestrukture**		
10. deur die **jare** gevestig	JA	NEE
11. die vaste vorm wat **sekerheid** gee aan gemeentelede	JA	NEE

Strukture (soos die finansiële sisteem, die kerkstruktuur, organisasiewyses en kerkprogramme) binne jou gemeente		
12. word gedurig **verander en aangepas**	JA	NEE
13. word as vaste **sekerhede** beskou wat deur die jare al suksesvol bewys is, al is dit soms **lomp** in funksionering	JA	NEE

D. **Maak langs elke stelling ’n kruisie in die ALTYD/SOMS/NOOIT-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>. Voltooi vraag 3 in jou eie woorde.**

D1

’n **Leier** in die gemeente is			
1. die predikant	**ALTYD**	**SOMS**	**NOOIT**
2. persone in ampte (ouderlinge/diakens)	**ALTYD**	**SOMS**	**NOOIT**
3. Noem asb. ander leiers in jou gemeente			

Maak langs elke stelling ’n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

D2

Die geestelike leiers in die gemeente se **taak** is om		
4. die gemeente **aan te moedig dat die kerklike program** slaag	JA	NEE
5. die gemeente doelbewus **aan te moedig om hul gawes** te ontdek en te ontwikkel	JA	NEE
6. die gemeente doelbewus **geestelik** op te bou	JA	NEE
7. die gemeente doelbewus **toe te rus om buite die gemeente** te kan evangeliseer	JA	NEE

D3

Die **leiers** in jou gemeente se **ingesteldheid** kan beskryf word		
8. as diegene wat die “gereformeerde skoppelmaai” **laat swaai**	JA	NEE
9. as **identifiseerders** van probleemareas binne die gemeente	JA	NEE
10. as **Woordgesentreerd**	JA	NEE
11. as **missionêr** (met ander woorde die leiers se optrede word gerig deur sending/evangelisasie)	JA	NEE
12. as **voorlopers** met vernuwende perspektiewe	JA	NEE
13. as **interpreteerders** van die huidige tydsgewrig	JA	NEE

D4

Is die volgende 'n **bekende siening** in jou gemeente:		
14. Die leiers is bewus van God se plan in die gemeente en spoor die gemeente aan om saam daaroor te dink	JA	NEE

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/SOMS/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

D5

Jou siening van die **predikant as leier** is			
15. dat hy **vervul** is met die Heilige Gees	ALTYD	SOMS	NOOIT
16. dat hy **formalisties** is	ALTYD	SOMS	NOOIT
17. dat hy onbetrokke lidmate onvermydelik as deel van die sisteem **aanvaar**	ALTYD	SOMS	NOOIT
18. dat hy **missionêre** bediening bevorder	ALTYD	SOMS	NOOIT
19. dat hy lidmate **bemagtig**	ALTYD	SOMS	NOOIT
20. dat hy in sy werksprogram **bygestaan/gehelp** word deur sommige gemeentelede	ALTYD	SOMS	NOOIT
21. dat die gemeente meen die predikant behoort van alles **op hoogte te wees**	ALTYD	SOMS	NOOIT
22. dat hy sy eie mening **deurdruk**	ALTYD	SOMS	NOOIT
23. dat hy **streng**, formalisties en selfs diktatoriaal is	ALTYD	SOMS	NOOIT

E. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die ALTYD/SOMS/NOOIT-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

E1

Die siening van die **predikant as prediker** soos waargeneem deur jou is			
1. dat hy **moeite** doen met preekvoorbereiding	ALTYD	SOMS	NOOIT
2. dat die prediking **relevant** is	ALTYD	SOMS	NOOIT
3. dat die prediking **verveling en minimum groei** in die hand werk	ALTYD	SOMS	NOOIT
4. dat die vaste liturgie **sekerheid** bewerkstellig in die erediens	ALTYD	SOMS	NOOIT
5. dat by **tradisie en gebruike** gehou word	ALTYD	SOMS	NOOIT
6. dat hy **toegerus** is om die huidige veranderende tydsgewrig te verwerk	ALTYD	SOMS	NOOIT
7. dat prediking **entoesiasties** geskied	ALTYD	SOMS	NOOIT

Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

E2

Jou gemeente se **eredienste**, soos wat 'n **vreemdeling** dit sou waarneem, is		
8. 'n byeenkoms wat getuig van 'n vriendelike, spontane **atmosfeer**	JA	NEE
9. 'n byeenkoms wat getuig van **deelname/aktiwiteit** deur hoofsaaklik die predikant	JA	NEE
10. 'n byeenkoms wat getuig van gevestigde **tradisie en stigtelikheid**	JA	NEE
11. 'n byeenkoms wat fokus op die **Woord**	JA	NEE
11. 'n byeenkoms wat getuig van geestelike **inspirasie**	JA	NEE
12. 'n byeenkoms wat getuig van byderwetse **gebruikstaal**	JA	NEE
13. 'n byeenkoms wat getuig van onderlinge stramheid weens **verdeeldheid** (bv. as gevolg van kwessies oor psalmberymings/omdigtings, vrou in die amp, kelkie-gebruik, ens.)	JA	NEE

F. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>.

F1

1. In die gemeente waar jy lidmaat is, is die term **kleingroepe** bekend as deel van die bedieningsplan	JA	NEE

F2

In die gemeente waar jy is, word kleingroepe

2. gebruik om die individuele lidmaat as volle mens makliker te **bereik**	JA	NEE
3. gebruik om te help om gawes by elke individu te **ontdek**	JA	NEE
4. **verkeerd** gebruik want dit fokus oormatig net op die mens se behoeftes	JA	NEE
5. gebruik om bemagtiging en opbou in die gemeente te **vergemaklik**	JA	NEE
6. gebruik om die individu te **bemagtig om na buite uit te reik**	JA	NEE
7. om die individu binne 'n intieme groep **geborge/veilig** te laat voel	JA	NEE

F3

In jou gemeente is die volgende **groepe** deel van die (kleingroep)bediening:		
8. waar **Bybelstudie** gedoen word	JA	NEE
9. waar **enkellopendes** byeenkom	JA	NEE
10. waar **geskeides** byeenkom	JA	NEE
11. waar **enkelouers** byeenkom	JA	NEE
12. waar **tieners** byeenkom	JA	NEE
13. waar **jong werkendes**/**studente** byeenkom	JA	NEE
14. waar **seniors** byeenkom	JA	NEE
15. Noem enige **ander** (klein) groep(e) wat in jou gemeente funksioneer		

G. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die JA/NEE-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>

G1

1. Die term **dissipelskap** is tradisionele kerktaal binne jou gemeente.	JA	NEE

G2

Die term **evangelisasie** is		
2. eintlik **onbekend** aan my want ek weet nie wat dit alles behels nie	JA	NEE
3. nie deel van die gereformeerde **identiteit** nie	JA	NEE
4. 'n kerksaak wat gewoonlik deur 'n **kommissie** behartig word	JA	NEE
5. om die mense wat kerklos is in hul **geestelike** nood tegemoet te kom en terug te bring kerk toe	JA	NEE
6. om mense in hulle **sosiale** omstandighede en **fisiese** nood tegemoet te kom	JA	NEE
7. **Sending** is evangelisasie wat ver, weg van die gemeente af, plaasvind	JA	NEE

G3

8. Die Groot Opdrag **(Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees)** word deur **doelbewuste pogings** in my gemeente deur die **predikant, die kerkleiers en die gemeente gehoorsaam en uitgevoer.**	JA	NEE

H. Maak langs elke stelling 'n kruisie in die ALTYD/SOMS/NOOIT-blokkie volgens jou <u>oortuiging</u>

H1

Dui aan hoe 'n **<u>vreemdeling</u>,** volgens jou mening, heel moontlik sal voel as hy/sy die **onderlinge samesyn** in jou gemeente ervaar:			
1. die onderlinge atmosfeer word as **liefdevol** en vriendelik ervaar	ALTYD	SOMS	NOOIT
2. die onderlinge verhoudings spreek van **aanvaarding**, respek en geduld	ALTYD	SOMS	NOOIT
3. die **liefdesbeginsel** wat opsigtelik oor die **kleurgrens** strek	ALTYD	SOMS	NOOIT
4. 'n gevoel van **liefde** wat ervaar word deurdat die gemeentelede eerste kontak maak deur belangstelling, bekendstelling, uitnodigings vir tuisbesoeke of ander sosiale geleenthede	ALTYD	SOMS	NOOIT
5. 'n **Afsydigheid** wat aangevoel word en wat spreek van **geloofs-individualisme/ingekeerdheid**	ALTYD	SOMS	NOOIT
6. 'n **Afsydigheid** wat aangevoel word en wat spreek van onderlinge **verdeeldheid**, venyn en onvergewensgesindheid	ALTYD	SOMS	NOOIT

I. Gebruik die blokkies aan die regterkant vir die 1 tot 4-skaal soos hieronder verduidelik

I-1

Gebruik die onderstaande skaal en dui aan in hoe 'n mate die volgende, volgens jou <u>denkwyse</u>, ter sprake is:						
1. Waar	2. Waarskynlik	3. Onwaarskynlik	4. Onwaar			
Die volgende **landsomstandighede** het 'n invloed op jou **denkwyse** as gereformeerde gelowige:						
1. Misdaad en vrees			1	2	3	4
2. Regstellende aksie en rassisme			1	2	3	4
3. Waarheids- en Versoeningskommissie se optrede			1	2	3	4
4. Materiële voorspoed wat emigrasie moontlik maak			1	2	3	4

I-2

Gebruik dieselfde skaal en dui aan in hoe 'n mate die volgende oor Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowiges, volgens jou <u>denkwyse</u>, ter sprake is:						
1. Waar	2. Waarskynlik	3. Onwaarskynlik	4. Onwaar			
5. Die "susterkerk"-gelowige onttrek van die openbare terrein onder andere omdat die apartheidsgeskiedenis teen hom tel			1	2	3	4
6. Die "susterkerk"-gelowige se invloed in die land verskuif na die kant/periferie			1	2	3	4
7. Die "susterkerk"-gelowiges is volgens taal, geskiedenis en belydenis een en behoort as eenvormige kerkverband te funksioneer			1	2	3	4
8. Die Gereformeerde Kerke is te klein om betekenisvol in die land op te tree			1	2	3	4
9. Die Gereformeerdes se huidige instelling is om die land te help opbou			1	2	3	4
10. Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges is sterk individualisties			1	2	3	4
11. Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges se geloofsuitlewing is geloofwaardig in die oë van andertaliges en onder ander gelowe			1	2	3	4
12. Die huidige Afrikaanssprekende gelowiges is besig om 'n kultuurverandering te ondergaan			1	2	3	4
13. Die huidige Afrikaanssprekendes is leierloos			1	2	3	4

I-3

Gebruik dieselfde skaal en dui aan hoe jy oor die volgende gesinsake <u>dink</u>:						
1. Waar	2. Waarskynlik	3. Onwaarskynlik	4. Onwaar			
14. Ouers se lewenswyse is belangrik om die kinders vir die kerk te behou			1	2	3	4
15. Die generasiegaping is 'n werklikheid in gereformeerde gesinne			1	2	3	4
16. Internet/kuberruimtes vervul 'n behoefte by die opgroeiende gereformeerde geslag			1	2	3	4
17. Kerkbesoek deur die gesin word ook deur seisoenale faktore soos koue, reën, hittegolwe, ens. beïnvloed			1	2	3	4

I-4

Gebruik dieselfde skaal en dui aan hoe jy as gereformeerde oor die volgende prinsipiële sake <u>dink</u>:						
1. Waar	2. Waarskynlik	3. Onwaarskynlik	4. Onwaar			
18. Gereformeerdes is as gevolg van landsomstandighede ontnugter en voel **onverskillig** teenoor godsdiens			1	2	3	4
19. Gereformeerdes beleef die Groot Opdrag as 'n lewende **realiteit**			1	2	3	4
20. Gereformeerdes reformeer **daadwerklik**			1	2	3	4
21. Gereformeerdes toon 'n **Afrika-gerigtheid en 'n Afrika-dienswilligheid**			1	2	3	4

J. **Neem asb vrymoedigheid om enige saak in die kerkpraktyk van jou gemeente hieronder te noem. Dit kan bloot die stel van ’n saak wees, of ’n saak wat die kerkpraktyk bevoordeel of dalk benadeel.**

Baie dankie
Phia van Helden (082 541 6388)

BYLAAG H: Inleiding gelewer by die Gereformeerde Kerk Kemptonpark-Mooifontein

Kemptonpark-Mooifontein se kerkraadbyeenkoms dien as respondente. Die navorser het ‘n inleiding gehou met die oog op inligting en implementering van die biotiese paradigma (Schwarz). Dit is vooraf gegaan deur ’n denkaanpassing gebaseer op die goeie/positiewe wat die huidige bediening, ten spyte van die slegte omstandighede wat beïnvloedend heers (skyfiereeks oor Hf. 5). Die inleiding is aangebied aan die hand van Waarderende Ondersoek. Die inligtingsessie is gebruik om die oorsake van krimpende gemeentes onder die respondente se aandag te bring, maar om die denke dan te wysig deur te fokus op die goeie/positiewe wat ten spyte van die negatiewe wél in die bediening beleef word, asook om te fokus op die wens/begeerte/droom/gebed van hoe die respondentkerkraad die bediening sou wou beleef. Die eerste twee dele van die 4D-siklus (vgl 7.2.2.2.2), naamlik Ontdek-aktiwiteit (Discover) en Droom-aktiwiteit (Dream) is tydens die kerkraadsbyeenkoms deurgevoer. Deur dié gesprekke is die positiewe kern saamgestel (vgl. foto 1) en ’n metafoor opgebou met die oog op die hervormde bedieningsontwerp en bedieningsbestemming (vgl. Cooperrider *et al*, 2008). Die metafoor is ’n kerkgebou wat deur ’n sirkel omring word (vgl. foto 2).

Die *inleiding* soos gelewer volg hieronder saam met die *skyfiereeks* en die gegewens wat op die *blaaibord* aangebring is (Foto 1 en 2) met die oog op verdere veranderingsaktiwiteite. Die *een-tot-een-gesprekke/onderhoude* wat deur die respondente gevoer is, het gevolg na aanleiding van die motiverende vrae van onderskeidelik die Ontdek- en Droomaktiwiteite. Daarna is die gekommunikeerde kennis verkry deurdat die gesprek kortliks deur die luisteraar skriftelik saamgevat en neergestip is. Die navorser gebruik die inligting as empiriese inligting (vgl. kommunikasie n.a.v. Ontdek-aktiwiteit en Droom-aktiwiteit 7.2.2.2.7).

Inleiding

’n Opgeblaasde swart vullissak word op ’n prominente plek voor die respondente geplaas. Binne-in is ’n aantal klein, wit toegeplakte koevertjies. Die doel daarmee was geslaagd, aangesien een respondent dadelik wou weet wat die doel van die vullissak is. Simboliek is gebruik om dit te verduidelik. Die groot, swart opgeblaasde vullissak simboliseer die GKSA-

kerkverband in sy sondige vuil staat. As die sak (kerkverband) egter oopgemaak word, is daar nie inhoud (gemeentes) om die sak opgevul te laat vertoon nie. Ten spyte van die hopelose krimpende toestand van die kerk, is daar tog klein, wit koevertjies iewers binne-in die swart sak. Dit dui op die gemeentetjies wat nog bestaan en wat as skoon gewastes veilig behou word deur die bloed van Christus. Twee-twee respondente het in die sak rondgekrap en slegs een koevertjie (gemeente) uitgehaal. Die koevertjie wat toegemaak was, is oopgemaak en die respondente moes die deurmekaarspul daarbinne probeer orden. Die legkaartstukkies het die tema van 2009 se 150-jarige feesjaar gevorm: KLEIN VOOR GOD. Na hierdie aktiwiteit het die navorser die leiding geneem en uitgebrei op die tema: *Klein voor God*. Die tema dui op die gesindheid van die GKSA-gelowiges, naamlik nederige afhanklikheid van God, maar dit dui ook op die klein hoeveelheid mense wat tans nog in die tradisioneel, Afrikaanssprekende GKSA-susterkerk is - getalle wat veral sedert 1990 drasties afgeneem het (vgl. Hf. 4). Die kerkverband is beslis klein in getalle en voortdurend aan die afneem. As slegs na die afgelope 5 jaar gekyk word, toon ’n paar gemeentes binne die verskillende provinsies duidelik die tendens aan. Die twee Kemptonpark-gemeentes is ook pertinent genoem, omdat hierdie teikengroepe spesifiek deur die inleiding betrokke is:

BROOKLYN PRETORIA	2005:	1 015	2009:	803
WATERBERG		410		354
KEMPTONPARK-NOORD		447		402
POTCHEFSTROOM		391		365
KIMBERLEY		449		391
WALVISBAAI		263		176
BLOEMPARK		691		598
STELLENBOSCH		234		232
SUIDKUS		272		217
QUEENSTOWN		103		90
MOOIFONTEIN		568		409

Vervolgens is daarop gewys dat slegs binne een jaar (2008-2009) die GKSA met 462 belydende lidmate gekrimp het. Dit is ’n volle gemeente.

Hoekom is krimping so ’n kommerwekkende saak? Dis kommerwekkend want krimping dui op die teendeel van die Groot Opdrag: “Gaan dan heen en maak dissipels …” (vermeerder in getalle), en meer nog is dit kommerwekkend omdat God deur Christus self ‘n gelyklopende belofte gegee het: *“Ek is by julle tot aan die voleinding van die wêreld*”.

Daar is iewers groot fout. Wat is die oorsaak van krimpende gemeentes?

- Ontvolking, verstedeliking, geboorte-afnames en die ekonomies/politieke omstandighede: regstellende aksie, emigrasie en misdaad. Volgens die SAIRR-verslag is daar ’n beduidende gaping in die blanke ekonomies produktiewe bevolking tussen 20 en 39 weens emigrasie en dat die tendens nie gaan afneem nie. Die afgelope 10 jaar het 1 uit 5 blankes die land verlaat. Dit dui op ’n verlies van ’n geslag van jongmense en kinders. Die 2005-syfers toon dat blanke Suid-Afrikaners in die land 4,3 miljoen beloop. Dit beteken dat daar 841 000 minder is as die 5,2 miljoen van 1995. Die dekade tot 2005 word op 16,1% geraam. Vooruitsigte met dieselfde intensiteit sal teen 2015 net 3,3 miljoen wees en teen 2045 sal dit 300 000 beloop.

- Die sielkundige skok as gevolg van die regeringsverandering: Die kerk verloor sy geloofwaardigheid, mens wantrou die kerk en die kerk se invloed is nie meer prominent nie. Dit lei tot ‘n geloofs- en identiteitskrisis asook ’n oorloop na ander kerke.

- Gesinstruktuur verander: geloofoordrag van ouers na kinders neem af (weens geloofskrisis, ens.). Dit lei tot min godsdienstige sosialisering, gevolglik word keuses nie meer Godgerig uitgeoefen nie, waardes neem af en lidmate begin leef as ylgelowiges.

- Afrikanerskap: min of geen eenvormigheid bestaan onder die groep nie en dit word versterk deur ’n baie individualistiese leefwyse. Dit lei tot vervreemding, rigtingloosheid en ’n tendens van onttrekking.

- Tegnologie: vervreemdheid/isolasie word versterk omdat die mens deur die tegnologie en veral die internet saamgesleur word. Weens die materële paradys

waarin die Afrikaanssprekende lidmaat grootliks leef, word identiteit in die tegnologiese moontlikhede gevind deurdat ’n tuiste gevind word as globale en kuberburger. Hierdie isolasie versterk die onbewustheid oor die werklikheid en die roeping wat vir Afrikaners in Suid-Afrika op ’n skinkbord lê.

- Oorsake binne die kerkpraktyk: deur die afgelope 150 jaar is gewoontes, tradisies en maniere van doen aangeleer binne ’n sterk behoudende denkwyse. Denke is baie sterk beïnvloed.

Wat is nou die grootste oorsaak van krimping?
En die antwoord: DENKE
As na al die oorsake geïntegreerd gekyk word, skets dit ongelooflik negatiewe omstandighede.
Geen mens en geen kerk met sulke negatiewe omstandighede positief dink nie.
Tog is God se bedoeling aan die begin van die 21e eeu steeds positief. God se bedoeling is steeds om ons denke positief te laat wees.

Positief? Is dit moontlik?

Gaan terug na die Skrif en kyk na God se Groot Opdrag. Dit is steeds geldig vir hierdie tydperk waarin ons leef. Die Groot Opdrag is steeds geldig in 2009:

Die Groot Opdrag is positief: “Gaan dan heen …” en die belofte van bystand is steeds geldig.

Christus is die groot positief!

Kyk na Christus: hy verander die dood dat ons kan lewe
Hy verander harte van klip na harte van vlees
Hy verander ou mense na nuwe mense
Hy verander ou denke na nuwe denke.

Elkeen van u wat hier is, is gedoop; dan het u die bystand van die Heilige Gees. Elkeen van u wat hier is, het die wedergeboorte ervaar, u is ’n nuwe mens, u het dit met u geloofsbelydenis hardop bely.

Let nou op na wat sprekend is van nuwe mense, van elkeen van ons:
Rom 12:1 en 2: Die opskrif is: *Die nuwe lewe in Christus.* "Nou doen ek 'n beroep op julle op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as *lewende* en *heilige* offers wat vir Hom *aanneemlik* is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle *moet beoefen*. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle *verander* deur julle *denke* te *vernuwe*. Dan sal julle ook kan *onderskei* wat die wil van God is wat vir Hom *goed* en *aanneemlik* en *volmaak* is."

Kyk ook na Filip 4:8: Die opskrif is: *Christelike lewenswandel.* "Alles wat *waar* is, alles wat *edel* is, alles wat *reg* is, alles wat *rein* is, alles wat *mooi* is, alles wat *prysenswaardig* is - watter *deug* of *lofwaardige* saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle *gedagtes* rig" en Filip 2:12 en 13: Die opskrif is: *ligdraers in die wêreld.* OV: "*werk* julle eie heil uit met vrees en bewing want (NV) dit is God wat julle *gewillig* en *bekwaam* maak om sy wil uit te voer."

Is ons gedagtes op hierdie positiewe dinge gerig? Leef ons daaruit en daarvolgens?

In Filip 4:11 is die opskrif: *Liefdegawes van die gemeente.*. Daar word van Paulus vertel en die vreeslike negatiewe omstandighede waarin hy moes leef vanuit 'n positiewe denkraamwerk: Ek het geleer (denke) om my in alle *omstandighede* te behelp … van alles het ek ondervinding … ek is *tot alles in staat* deur Hom wat my krag gee. Julle het *goed* gedoen deur my in moeilike omstandighede by te staan.

Met positiewe denke kan dit ook nie anders as dat die denke oorgaan in dade nie. Titus handel oor die nuwe mens wat sy lewe *in orde* (:5) moet kry en dat die gelowiges 'n *bestuurder* van die huishouding van God (:7) moet wees, want die Heilige Gees is gegee (3:5) sodat die mens hom op *goeie* werk en wat *nuttig* isz kan toelê (3:8).

Dit is net positief. Inteendeel, daar staan in Titus 3:9-11 dat jy *niks* te doen moet hê met enige negatiewe ding nie. Jou gedagtes, vernuwe deur Jesus Christus, kan positief funksioneer. Die denke moet nuut bly.

Dus broeders en susters, die kerk mag krimp en die omstandighede mag uiters negatief wees, maar deur Christus kan ons gehoorsaam bly aan die Woord van God. Ons denke kan positief fokus op die nuwe lewe en God wat lewe skenk, sal ons seën volgens sy beloftes. Ons, die leiers, kan gehoorsaam wees en die Here wat getrou is, sal seën gee. As nuutgemaakte gemeente kan aktiwiteite spruit wat getuig van ’n ware ordeskeppende gemeente, soos goeie bestuurders. Dit is alles aktiwiteite wat net die mens kan doen; die gemeente wat kan opstaan en die Opdrag van God bewustelik begin doen.

Kom ons kyk of ons dit kan regkry. Dink aan die kerk - hierdie gemeente van jou:

Wat maak jou opgewonde in die kerk?
Watter dinge is dit wat lewe gee aan die gemeente?
Wat is dit wat lekker en suksesvol en goed is in die gemeente?
Wat is dit wat die beste resultate gee?
Watter oomblik/persoon staan uit in die goeie storie van jou gemeentelike ervaring?
Wat was vir jou ’n ware hoogtepunt?
Wat was ’n uitsonderlike gebeure toe ’n sekere saak benader is?
Wat motiveer en inspireer jou?
Wat was die positiewe effek wat iets in die kerk op jou gehad het?
Waar het jy gesien iets werk goed, is regtig effektief?
Watter gesamentlike kragte/talente het saamgewerk om sukses te bring?
Wat was een van jou beste ervarings?

Dink aan ’n gebeure wat van bogenoemde getuig en vertel jou storie. Gee besonderhede van wie, waar, wanneer, hoekom en wat die resultaat was. Luister baie mooi na die inligting wat gegee word. Jou maat moet dan die positiewe ontdekking wat julle gemaak het na aanleiding van die gesprek, vinnig neerskryf en vir jou teruggee. Kyk of jou maat die goeie in jou gesprek raakgevat het.

Refleksie: Daar is oneindig baie positiewes/sterk punte waaroor nooit gepraat word nie.

Elke kerkraadslid gee kortliks terugvoer:

Die herlewing wat in die gemeente beleef word en die opgewondenheid oor die kerkraad.
Oplewing in die kerkraad en hoe dit deurvloei na die gemeente. Voel die werking van die Heilige Gees aan.
Voedsame prediking en die baie mooi verhouding tussen die predikant, kerkraad en gemeente. Daar is aanklank onder mekaar.
Na al die jare se gespook is die kerkraad byna voltallig en reg om voort te beweeg. Die Here is teenwoordig.
Positief oor Woordbediening en die hoeveelheid werk wat ingaan om goeie preke voor te berei.
Toename in warmte in die gemeente en ’n toename in bereidwilligheid om met hul gawes te dien.
In ’n vorige gemeente is baie evangelisasie na buite gedoen en dit het my baie opgewonde gemaak.
In ’n moedelose situasie het daar nuwe leierskap gekom wat gelei het tot opgewondenheid en ’n nuwe entoesiasme.
Die nuwe predikant se fantastiese preke elke Sondag.
’n Lekker belewenis om die aanddiens saam met Kemptonpark-Noord te hou, aangesien die aanddiens in die verlede platgeval het.
Dit is beslis ons predicant se preke wat hy op so ’n manier oordra dat almal dit kan verstaan en begryp en dit is wat ons inspireer dat ons nie wil hê hy moet ophou om te preek nie. Dít is wonderlik.
Wonderlike preke wat mens prakties dan kan gebruik as mens huisgodsdiens doen. Mens onthou alles en wil dit met mens se medemens deel.
Ek voel baie bly oor die reaksie van die gemeente op die prediking en Bybelstudie. Dis ’n teken van die Here se werk en dat Hy getrou is.
Ek is opgewonde omdat die Heilige Gees ook in hierdie nuwe gemeente werk en honger harte vul.
Ek is dankbaar en bevoorreg om al vir 50 jaar as kerkraadslid te dien en die werk volgens die Woord van God te kan doen.

Ek raak opgewonde wanneer ek in die erediens die kinders se onskuld raaksien.
Die Bybelstudie, die uitleg deur die predikant - dis ‘n verrykende en positiewe samekoms van medegelowiges.
Om as raadgewer met ‘n Christelike uitgangspunt te dien waar huweliksprobleme bestaan.
Bewustheid van die Heilige Gees wat werk en talle dinge wat werkbaar geword het in ons gemeente.
Bewuste toepassing nie net in die gemeente nie, maar ook in die werk en by die huis. Om nie meer terug te deins om oor God te getuig nie.
Die samewerking van tien jaar terug is besig om terug te kom. Dis ons hoop om saam kermis te hou en saam dinge te doen.
Die feit dat ek tuis voel bv. aanvaar word in die gemeente wanneer in diens van die Here is.
Die sing van die Onse Vader gee ’n gevoel van vreugde.
Dat die vrou in die amp van die diaken aangestel is ongeag die sinode se besluit.
Predikant se gesindheid is baie positief en entoesiasties en het ’n gesindheidsverandering I die gemeente meegebring. Hierdie positiewe gesindheid is baie aansteeklik.
Bybelstudie - indiepte besprekings wat die ou gevoel van groei met elke sessie versterk - ’n wonderlike samehorigheid. Elke Sondag se wegstuurseën. Dis ’n belofte en dit help in die week.
Ek is baie opgewonde en vind baie seën in elke Woordbediening.

Na aanleiding van elkeen se terugvoer word ’n samevatting op die skryfbord aangebring wat getuig van goeie en positiewe sake wat in hierdie gemeente sukses bewerkstellig en opgewondenheid en lewe in die gemeente daarstel.

Foto 1


oplewing - aanpak
warmte
vriendelik - verh.
sing - gebed - emosie
ampte = kinders diaken - vrou.
kerkraad = bereidwillig gesindheid
prediking
predikant
toepaslik.
leierskap - bereid - jeug
- samewerking
bediening - gawe
werk v. H G - onderskeid.
- gevoel.
- spiritueel
erediens - seën - beleef.
Bybelstudie.
getuienis - praat toerus
uitreik reformering
struktuur

Positiewe kern soos aangedui op die skryfbord (foto 1):

Oplewing - aanpak
Warmte
Vriendelik - verhoudings
Sing - gebed - emosie
Ampte - kinders versorg
- daikens - vrou
Kerkraad - bereidwillig
- gesindheid
Prediking
Predikant
Toepaslik
Leierskap - bereid, jeug
- samewerking
- gawe
Bediening
Werk van die Heilige Gees - onderskeid
- gevoel
- spiritueel
Erediens - seën - beleef
Bybelstudie
Getuienis - praat, toerus
Reformering
Uitreik
Strukture

Die volgende stap is om die denke op die toekoms te rig (Droom-aktiwiteit). Die positiewe vrae word aan die kerkraad gestel met die bedoeling dat hul hul moet indink hoe die bediening in die toekoms kán wees. Die groep word herinner aan die doel van die kerk, naamlik om waarlik kerk van Christus te wees: om rein, goed, gehoorsaam, volmaak en

heilig en te wees soos Christus, met die fokus op die voleinding van die geloof, naamlik die volmaakte lewe in die nuwe Jerusalem (vgl. 3.8.2.3; 3.8.2.8).

Die volgende vrae word gestel om kommunikasie daar te stel en die ideale/volmaakte gemeente/toekoms/bediening te visualiseer:

> Wat is jou visie/droom/doel vir hierdie gemeente?
> Hoe kan jou gereformeerde identiteit in die gemeente nog meer na vore kom?
> Wat is dit in die bediening wat jou trots sal laat voel?
> Wat is dit wat hoop in die gemeente sal laat groei?
> Hoe kan die goeie binne 'n gemeente beskryf word?
> Wat is dit wat jy eintlik in hierdie gemeente wil sien en ervaar en beleef?
> Veronderstel jy gaan vir 5 jaar weg van die gemeente en in die tydperk gebeur dit in die gemeente waaroor jy droom en gebeur dit wat jy eintlik in die kerk wil sien en beleef. Wanneer jy terugkom, hoe sou jy die gemeente beskryf wat jy sien en ervaar?

Vertel vir mekaar hierdie droom/wens/begeer/gebed. Skryf jou maat se droom na afloop van die gesprek kortliks neer, gee dit terug en lees jou maat se interpretasie van jou toekomsdroom deur om seker te maak dat kommunikasie geslaag het. Terwyl die gesprekke na aanleiding van die gestelde vrae gevoer word, word die metafoor as prentjie op die blaaibord aangebring.
Refleksie: Daar is baie positiewes, baie wense/drome/begeertes/gebede oor die bediening wat nooit uitgespreek word nie. Elkeen noem slegs een saak waaroor gedroom word.

Dat almal wat kerk toe kom werklik kom om saam met die broers en susters die Here te dien en te loof en nie net kom omdat hulle moet nie.
Gemeente wat groei en nie kruip en omdraai nie.
Dat elke kindjie elke Sondag by die kerk wil wees.
Dat elkeen nie die belangrikste voel nie, maar wel in gehoorsaamheid uitreik na binne en buite die gemeente. 'n Vreemdeling moet kan "waaow" sê as hy by die gemeente instep. Hy moet kan aanvoel hier het ek met iets spesiaals te doen … hartroerende

lofprysing tot eer van God.
Meelewing - ten volle in alle opsigte.
Doelgerigte evangelisasie.
Groei van die gemeente buite die huidige gereformeerde fokus.
Groei in getalle.
Dat die gemeente groei tot uitbreiding van Gods koninkryk.
’n Godvresende, groot en gelukkige gemeente.
Dat harte wat nog lou is ook terugkeer en almal vir wie dit moontlik is, aktief sal deelneem.
Dat ons Sondae beide dienste die kerk vol het met entoesiastiese gelowiges wat God prys.
Eensgesindheid onder lidmate oor die *suiwere* bediening van die Woord en die sakramente sodat ons God se wil *wil* doen en nie mense se behoeftes voorop stel nie.
Elke lidmaat leef ’n Geesvervulde leefwyse tot eer van God deur sy/haar gawes en talente tot eer van God aan te wend.
’n Warm, liefdevolle gemeente wat saam bid, sing tot eer van God en vol word van die Heilige Gees.
Betrokkenheid van alle lidmate.
Ek wil graag hê die koue wegblyers moet net een of twee keer die prediking bywoon sodat ’n vlammetjie weer aangesteek kan word.
Dat die hele gemeente van Mooifontein gevul kan word met die Heilige Gees en dat ons die Here kan loof en prys dat die kerkgebou se dak wil lig. Om nie skaam te voel oor wat die persoon langs jou sal sê nie, maar om die Here ten volle te dien, te loof en te prys.
Die doel van Jerusalem, Judea tot aan die uiterstes van die aarde na te streef.
Dat meer kinders in die katkisasieklasse sal wees, dus dat die gemeente groter moet word.
My wens is dat die Heilige Gees met die mense in die kerk sal werk dat hulle meer vriendelik kan wees.
Dat die Here die gemeente sal seën en laat groei dat ons weer so sterk sal wees soos voorheen en dat sy koninkryk daardeur sal uitbrei deur die gemeenskap van

Kemptonpark.
Ek wil sien en ervaar en beleef dat alle lidmate, ook die wat nie gereeld in die erediens is nie, werklik en opreg die begeerte het om onder die geklank van God se Woord te kom, nederig en sonder valsheid en dat alles tot eer van God sal geskied.
Dit is my droom om meer mense op ’n Sondag-oggend in die kerk te sien.
My wens/gebed/droom is dat elke lidmaat op die boek meelewend en betrokke sal raak.
Die missie wat ons gestel het om vissers van mense te wees uit te kan leef, dus uitreik na binne en na buite.
Ek wil graag sien dat wanneer ons ’n funksie/ete het, dat die hele gemeente die aksie bywoon en dat almal gesellig saam kuier in Jesus se naam.

Die metafoor (kerkgebou binne ’n sirkel wat dit omring) op die blaaibord word as raamwerk gebruik waarbinne die toekomsdrome van elke respondent geplaas word (foto 2). Elkeen se sterkste/positiefste punt word gestel. Posisionering van drome sluit ten nouste aan en vloei voort uit die positiewe kern (foto 1). Strukturering van die Droom-aktiwiteit word tematies aan die hand van Schwarz se bedieningsamestelling en deur middel van die metafoor, gesistematiseer en op die wyse binne die bedieningsopsig vir die respondente sigbaar gemaak. Tendense word uitgewys deur die sterk en swak punte rofweg, na aanleiding van die frekwensie van drome sterker en swakker realiser, te identifiseer. Die aantal regmerkies op die foto of die (getal tussen hakies) is ’n rigtingwyser van die frekwensie rakende die Droom-aktiwiteit.

Foto 2


spiritualiteit
bedieninge
erediens
sang
aanbid
groepe
uitreik
binne
+
buite
(11)
getalle
eierstop
struktuur
verhoudings

Voorstelling van foto 2 (kerkgeboumetafoor)



Die sake wat op die blaaibord 2 geskryf is (foto 2), is gegroepeer volgens sake wat in die bediening van elke gemeente voorkom (vgl. Schwarz, 1999), naamlik:

Spiritualiteit
Bediening - kerugma (prediking en onderrig), diakonia (versorging/diens), leitourgia (erediens), koinonia (samesyn)
Erediens/aanbidding
Kleingroepe
Evangelisasie
Leierskap
Strukture
Verhoudings

Uit bogenoemde metafoor is ook hierdie gemeente aan die hand van die agt sake opgebou. Die gemeente het in die verlede alreeds deur hierdie hoofsake gerealiseer en tog het krimping plaasgevind. Die I-paradigma het grootliks ’n invloed daarop. ’n Poging tot denkhervorming deur ’n Ontwerp-aktiwiteit gegrond op die biotiese/Skrif-paradigma, kan in kombinasie met die Droom-aktiwiteit van die respondente daargestel ten einde ’n bediening daar te stel wat getrou is aan die Groot Opdrag en onder die seën van die Here tot groei kan lei.

Die Skrif se eenvoudige riglyn aan die mens in die uitvoer van die Groot Opdrag is:

> *Berei die grond so voor dat die saad kan groei.*
> *Berei*: dui daarop dat die mens op verantwoordelike wyses iets moet doen.
> *So*: daar is ’n spesifieke voorskrif/manier wat deur God gegee is.
> *Kan groei*: dié manier is Godwelgevallig en sal geseën word. God is getrou - die krimpende GKSA kan onder sy seën, teen alle negatiewe omstandighede in, weer groei. In die geloof kan dit nou al begin word om dit te vier!

Op hierdie punt van die gebeure word die predikant van die gemeente gevra om die Bybelse plan wat God nog altyd in sy Woord beskikbaar gehad het, vir die respondente aan die hand van die metafoor, te verduidelik.

Die plan is beslis nie ’n wildvreemde nuwigheid nie. Dis bloot fyn hervorming terug na beginselsake wat God opnuut onder die mens se aandag bring. In Christus kom ’n ekstra balansgewende aspek BY (vgl. foto 2 regs bo) en fokus die denke op die biotiese paradigma as denkraamwerk sodat die gemeente BY kan kom.

Die eerste sin hieronder vertoon die bediening van die verlede wat oorwegend gespruit het uit die I-paradigma, terwyl die tweede sin die herstelde/hervormde denke aan die hand van die biotiese paradigma as bedieningsuitgangspunt aandui:

> Spiritualiteit was nog altyd daar, maar in Christus word dit *passievolle spiritualiteit.*

Bediening was nog altyd daar, maar in Christus word dit *gawe-georiënteerd bediening.*

Eredienste was nog altyd daar, maar in Christus word dit *inspirerende eredienste/aanbidding.*

Kleingroepe was nog altyd daar, maar in Christus word dit *holistiese kleingroepe.*

Evangelisasie was nog altyd daar, maar in Christus word dit *behoefte-georiënteerde evangelisasie.*

Strukture was nog altyd daar, maar in Christus word dit *funksionele strukture.*

Leierskap was nog altyd daar, maar in Christus word dit *bemagtigende leierskap.*

Verhoudings was nog altyd daar, maar in Christus word dit *liefdevolle verhoudings.*

Die byvoeglikenaamwoord bring die balans in die uitvoering van die metafoor. Hoe die droom ontwerp en deurgevoer gaan word, vereis verdere kommunikasie wat op ’n gemeentekamp van die respondentgemeente gekommunikeer gaan word. Na aanleiding van die Ontwerp-aktiwiteit wat daar sal plaasvind, kan verder beplan word deur aan die hand van ’n wetenskaplike vorm die sterk/swak punte te verifieer (vgl. 7.2.3.2.3.3) en die bedieningsplan, die rolle en verantwoordelikhede verder te ontwerp. Die Bestemmingsaktiwiteit is die laaste aspek van die 4D-siklus. Dit kan nie binne ’n vasgestelde tydperk bereik word nie. Dit is immers ’n lewenslange taak wat volgehou en voortdurend geëvalueer moet word, aangesien organiese groei sensitiewe balanseervaardigheid van die mens binne ’n gebedsafhanklike bediening behels. Tydverloop in die bereiking van die ideale gemeente is onbepaald, aangesien elke gemeente in volharding uniek is en derhalwe ook uniek is in ontwikkeling. Die enigste monitor wat groei (opbou en uitbou) kan aantoon is die minimumfaktor wat op gereelde basis gebruik word ter wille van evaluering.

Bylaag I

Strategiese beplanning: implementeringsprogram

Akt. Nr.	Beskrywing	Tydperk	Bron	JUNIE			JULIE				AUGUSTES					SEPTEMBER				
				13/6	20/6	27/6	4/7	11/6	18/6	25/6	1/8	8/08	15/8	22/8	29/8	1/9	5/9	12/9	19/9	26/9
	Tyd nou																			
1	Finaliseer program	1 week	FT																	
2	Identifiseer leier en aksiegroep	3 weke	SBB																	
3	Stel begroting op	2 weke	SBB																	
4	Taalkundige versienning	3 weke	MV																	
5	Finaliseer SB uitkoms	3 weke	SBB																	
6	Prosedures en sisteeme	10 weke	??																	
7	Mobiliseer bedienings	6 weke	SBB																	
8	Bepaal kerk naam	4 weke	SBB																	
9	Stel kundige partye aan	3 weke	SBB																	
10	Ontwerp logo en aanwending	3 weke	SBB																	
11	Beplan "launch"	5 weke	SBB																	
12	Nuwe drukwerk	4 weke	SBB																	
13	Statutere verpligtinge	8 weke	MV																	
14	Kommunikasie met gemeente	8 weke	SBB																	
15	Kerk versiering	3 weke	NV																	
16	Strukturiële aanpassings	8 weke	OS																	
17	"Launch"	3 dae	SBB																	
16	Volgehoue implementering	►►►►	SBB																	

BYLAAG J **Denkverskuiwingsproses**

Hoofoorsaak van blokkasie: Denke ‖ Denkverskuiwingsproses
(Refleksieproses)

→

↓ ↓

1.		2. Bekerings-proses	3. Verbondsaksie	4. Kommunikatiewe proses	5.
Praksis 1 Wanbalans in dade Krimpende kerk	**D** **E** **N** **K** **E** **(individueel)** **(leierskap)** **(gemeente**)	Erken ` ↓ ` Self- ` ondersoek ` ↓ ` Besef ` ↓ Terug na norm	Krag (mens) ↓ Waagmoed Openheid ↓ Rig tot verandering n.a.v. nwns-beginsel ↑ Krag (Heilige Gees)	D ‹ I ‹ A ‹ positiewe} Ontsluit Betekenistoevoeging + interpretasie + L ‹ vrae } vryheids- kennis } O ‹ potensiaal + en } → Leer O ‹ en energie ervaring } G ‹ ↓ Agogiese moment	Identiteitsverskuiwing n.a.v bekering/reformering

Denkverskuiwingsproses

↓ ↓ ↓ ↓

BYLAAG K Gereformeerde strategie

(Bylaag J) Vooraf strategie (Praksis 1)

GROOT SENDER eis
BEKERING
van
DENKE
wat neerslag vind in
gemeente 1 se
gemeente-ontwikkeling, -bou en -groei (Coram Deo)
en wat plaasvind binne die

ALLESOMVATTENDE GROOT GEBOD:

Allesomvattende fokus	(hart)	Christus (GROOT SENDER)
Allesomvattende krag	(roeping)	Missio Dei (GROOT OPDRAG)
Allesomvattende gesindheid	(siel)	Gebed
Allesomvattende uitgangspunt	(verstand)	Bioties

↓ ↓ ↓ →

BEDIENINGSPLAN

A P O S T O L I K U M →

In alle stadia
van **strategiebepaling** is die
volgende ter sprake:

A. Leierskapstrategie
B. Kommunikatiewe strategie
C. Revisioneringstrategie

WO-aanpak

D. **Strategie** - *Teologiese begronding*:
identiteit, visie > missie, kernwaardes

Strategie: Ondersoek en analises

Kontekstuele begronding: gemeenskap
gemeente
Ekklesiologiese begronding: gemeenteprofiel
↓
Biotiese strategie binne bedieningsvelde
Doelstellings
Aksieplanne: rolle, spertyd, koördinering,
kontrole, implementering, refleksie, evaluering.
Opvolg van gemeenteprofiel
↓
Herhaling van biotiese strategie
Bereik 65-skaal (minimumfaktor)

↓ → **Praksis 2** Coram Deo-uitnemendheid ←

E. **Strategie** vir gemeentedeling/kerkplanting op grond van GS, GG en GO

Gemeente 2
Gemeente-ontwikkeling

Gemeente 3
Gemeente-ontwikkeling

A P O S T O L I K U M

F. Een (Afrikaanse) reformatoriese "susterskerk"-verband

G. Een reformatoriese kerkverband

BYLAAG L

'n Beoordeling van Schwarz se teorie (vgl. 6.7.2.3.6)

(Brouwer *et al*, 2007:176; De Kloe, 2007; Erwich, 2008; Hendriks, 1999:19; Hughes, 1999; Marais, 2008; Nel, 2009; Platt, 2010; Schwarz, 1996, 1999, 2000; Schwarz & Schwarz, 1998; Simonian, 1999; Tickle, 2008:13-18; Uitdaging, 2010; Walls, 2002; Wiese, 2010)

6.7.2.3.6.1 Benadering van Schwarz se teorie

Schwarz se teorie staan vir organiese kerkgroei indien die omstandighede daarvoor deur die mens bewerkstellig word. Ten spyte van verfyning van die teorie so ver menslik moontlik, kan die teoretiese aspekte nie vanselfsprekend as aanname vir vanselfsprekende groei aanvaar word nie (Erwich, 2008). Alhoewel Schwarz, asook ander studies oor Schwarz (vgl. 6.7.2.1, 6.7.2.2), aangetoon het dat die Bybelse waarhede wat as rigtinggewende beginsels daarin vervat is, die toets van bykans drie dekades deurstaan het, en dat daar inderdaad mettertyd by volhardende gemeentes groei in mindere en meerdere mate manifesteer, moet met die volgende sake deeglik rekening gehou word, naamlik die soewereiniteit van God, die gebrokenheid van die mens en sy omstandighede binne die voortstuwende beweeglikheid van die Christelike godsdiens, asook die aktiewe teëwerking van menslike pogings deur die Bose (vgl. 7.1.1.4).

Rakende die **soewereiniteit** van God moet die vrye werking van die Heilige Gees nooit buite rekening gelaat word nie. Die Gees kan volgens sy eie mate en wil gebruik maak van Bybelse riglyne (vgl. Hf. 3), van verskuiwings wat wêreldwyd waargeneem word (vgl. Hf. 4), van die invloed van denkstrome en landsomstandighede (vgl. Hf. 5), van denkparadigmas en teorieë (vgl. Hf. 6), asook van strategieë en seisoene binne die lewenssiklus van die gemeentes (vgl. Hf. 7). Alhoewel God meesal middellik te werk gaan, hoef die Gees in sy werking nie daarvan gebruik te maak nie. Geen menslik ontdekte teorie kan so bindend en voorskriftelik wees dat die Gees verplig is om daarby te hou nie. Daardeur word eksplisiet gestel dat enige menslike teorie, selfs al is dit skynbaar ten volle begrond op die Woord, slegs as *rigtinggewend* aangewend kan word, en dan ook slegs in die vertroue dat dit *pneumatologies* by die plan van God inpas tot sy eer en verheerliking en tot uitbreiding van sy koninkryk. Die mens moet God in hierdie proses gelowig volg en vertrou.

Die grootste blywende tekortkoming rakende die teorie, word toegeskryf aan die menslike toepassing van die teorie in die praktyk: **menslike swakheid**/gebreke/onvermoë/wese wat veranderinge in die kleine, maar ook in totaliteit, kan strem, teëstaan of verhinder. Om die paradigmaverandering en die daaruit voortspruitende agt kenmerke in die praktyk te stel, vereis dat elke gemeente/-lid in die tradisionele stroom eerstens die eerlike moed van hul wilsoortuiging moet toon deur te *erken* dat ’n wanbalans inderdaad bestaan, en dat die betrokke krimpende gemeentelike ekklesiologie deur die mens se afwykende I-denkparadigma beheer word. Tweedens moet ’n opregte wilsbegeerte tot *terugkeer*/ *reformasie* na ’n Bybelse paradigma by elke gemeente/-lid realiseer (Rom 12:2) (Schwarz, 1999:11, 12; 7.2.1.1). Derdens moet die afwykende I-pardigma met nuwe Bybelse wilsdenke (bipolêre teologiese paradigma), gedryf deur gebedsafhanklikheid, doelbewus *vervang* en sonder terugkyk, deur elke gemeentelid in afhanklike oorgegewenheid beoefen word (nwns-beginsel), sodat die ekklesiologie, asook alledaagse gedagtes en besluite wat daaruit voortspruit, *vir Hom goed en aanneemlik en volmaak* vertoon.

Die veranderinge wat die oorgangstyd meebring, fokus op die gemeente en die gewone lidmaat as die “plek waar teologie beoefen (moet) word, waar inligting, kennis, insig tans ontsluit word en deurgegee word” (Hendriks, 1999:19). Met die pneumatologiese verbondsbenadering as vertrekpunt beskik die mens oor die vermoë om kennis te ontgin, om **bemagtig** te word en met verloop van tyd te ervaar dat na ’n meer Skrifgetroue bestel beweeg kan word onder die seënende hand van die Drie-enige God (De Kloe, 2007). Die enigste werklike kritiekpunt is die feit dat die mens *onvolmaak is en in ’n onvolmaakte bestel* lewe. Vanuit ’n menslike perspektief skyn die verandering ter wille van die bipolêre biotiese denkparadigma na aanleiding van die Groot Opdrag, by elke gemeentelid in elke gemeente (vgl. Brouwer *et al*, 2007:176) binne die huidige oorgangstydperk, *ondenkbaar* en is dit skynbaar ’n saak van *onmoontlikheid*. Hendriks (1999:19) stel dat daar “baie krities” na onsself gekyk moet word en na die “oerbeginsel van voortdurende reformasie” teruggekeer moet word (vgl. Tickle, 2008:13-18). Slegs deur wonderwerkende *genade* en *gelowige idealisme* (vgl. 2.3.2) kan élke gemeentelid in die tradisionele stroom, aan die hand van die rigtinggewende teoretiese raamwerk, meewerk om die afwaartse kringloop te verbreek, en met verloop van tyd as strydende oorwinnaars in ’n verbeterende praksis daagliks hiertoe in staat wees deur die krag van Jesus Christus; *Jesus Christus* deur wie die tradisionele stroom tot sy eer binne Suid-Afrika triomferend diensbaar kan en moet wees (vgl. Walls, 2002:40), namate

1) onbestendigheid binne die huidige *charismatiese* stroom in die toekoms tot *ongodsdienstigheid* kan oorgaan in en
2) *nihilisme*/*heidendom* in felheid toeneem (vgl. 4.4.5.4).

'n Ernstige poging sal aangewend moet word om hierdie Skrifbeginsels en die praktiese uitwerking daarvan in die praktyk onder soveel moontlik tradisioneel Afrikaanssprekende "susterkerk"-gelowige se volle aandag te bring, met die bedoeling dat herlewende transformasie die kerke sal deurtrek met die missionêre Groot Opdrag as doel voor oë.

6.7.2.3.6.2 Positiewes rakende Schwarz se teorie

'n Beoordeling van Schwarz se teorie rakende die Bybelse bipolêre denkparadigma as vervangende paradigma by diegene met 'n I-paradigma, asook die agt kenmerke vir die daarstel van organiese groei daaruit voortvloeiend, blyk *Bybels korrek* te wees en 'n *werkbare raamwerk* te bied waardeur die totale gereformeerde ekklesiologie gerig kan word (Schwarz, 1996:13, 18). Die agt kenmerke bied 'n *sistematiese* en *volledige* raamwerk of sleutel waarvolgens die *volledige ekklesiologie* ondersoek kan word (Schwarz, 1999:15; vgl. ook foto 2 - kerkmetafoor Bylaag H) en waarvolgens gemeentes voorberei/*bemagtig* kan word en die moontlikhede so *rig en vergroot* dat organiese groei kan plaasvind (Hughes, 1999). Gemeentegroei kan nie plaasvind sonder om die Bybel te raadpleeg nie en Schwarz sluit op uiters *praktiese* wyse hierby aan (Nel, 2009; Schwarz, 2000; Simonian, 1999). Die navorsing van Schwarz word beskou as die mees *omvattende en diepgaande navorsing ooit* rakende kerkgroei (Simonian, 1999). In 'n krisistyd moet die positiewes aangaande 'n model *sonder kompeterende alternatiewes, uitgebou word* eerder as om negatiewes te soek. Indien grondige swakhede in die model bestaan, sal dit as moontlike negatiewes met verloop van tyd self manifesteer.

Die tydlose Skrifwaarhede waarvolgens die model funksioneer, *bevry* bedienings en laat gemeentes *herleef* (Simonian, 1999) deur te fokus op *versorging*, in plaas van die neerdrukkende las van *getalle*-najaag (Hughes, 1999). Die *beginsel-georiënteerde* benadering staan direk teenoor voorheen voorskriftelike model-georiënteerde benadering (Nel, 2009). Die invloed wat die navorsing laat uitgaan het, is so *indrukwekkend* dat *Die Instituut vir Natuurlike Gemeente-ontwikkeling/kerkgroei* ontstaan het. Verder word die model positief beoordeel deurdat baie *negatiewes afwesig* is: oppervlakkige pragmatisme,

die simplistiese logika van oorsaak en gevolg, die najaag van getallegroei en manipulerende markgerigte metodes, word nie deur die Schwarz-benadering nagejaag nie. Mensgemaakte voorskrifte vir sukses is ook nie deel van die model nie en die fokus word geplaas op die groeibeginsels wat God self gegee het (Simonian, 1999).

Dit is duidelik dat Schwarz se model, ten spyte van drie dekades van ontwikkeling, steeds in die ontwikkelingstadium is en nog *baie ruimte vir uitbreiding* nodig het voordat die model as volledig ontgin gereken kan word (vgl. 6.7.2.3.6.2). Erwich stel selfs voor dat ’n navorsingspan saamgestel word om die tekortkominge in die benadering te ondersoek en te verbeter. Na aanleiding van Schwarz se navorsing het *talle navorsers* organiese ontwikkeling met groot belangstelling verder nagevors (Erwich, 2008); ook binne die *gereformeerde* tradisionele hoofstroom is dit nagevors en as Skrifgetrou verklaar (vgl. 7.1.1.4 l) (De Kloe, 2007). Uitbreiding kan egter nóg duideliker teologiese begronding daarstel (Erwich, 2008; vgl. 6.7.2.3.6.2) en in die lig hiervan is die wens dat die navorser aan die hand van die *Groot Opdrag*, ’n druppel bygedra het.

Die Schwarz-model kry *wêreldwyd* al hoe meer *aftrek* (Erwich, 2008). Vermoedelik sal verder momentum ervaar word na aanleiding van die *nuutste* praktykgerigte boek, *Kleur Jouw wereld met Natuurlijke Gemeente Ontwikkeling* (Uitdaging, 2010), wat in Maart 2010 bekendgestel is. In die lig van hierdie bespreking is dit duidelik dat *kennis* rakende kerkgroei beslis nog in die *groei- en ontwikkelingstadium* is. Ook is dit duidelik dat daar *geen Bybelse alternatief* is wat op *gelyke voet* bestaan nie. Die ontwikkelingpad van die model is egter al so ver gestap dat aanvaar word dat die model oor *oorweldigende aantal positiewes* rakende kerkgroei beskik en dat groei inderdaad *bevorder* word, ongeag kritiekpunte (De Kloe, 2007; Erwich, 2008; Platt, 2010). Die positiewe benadering jeens die model is sodanig dat oorweeg word om dit in die kurrikulum van *opleidingsinstansies* op te neem (Erwich, 2008).

Schwarz het sy beginjare in die *Church Growth Movement* deurgebring. Positief kan gestel word dat Schwarz weens die beweging se *teologiese tekortkoming* en getallejag, van dié beweging weggebreek het om ’n *universele Skrifgefundeerde sisteem na te vors.* Met verloop van jare is *kritiekpunte* rakende die model deur Schwarz op *aanvaarbare* wyse verduidelikend afgewys. *Wêreldwyd* neem *belangstelling in die model steeds toenemend* toe (Erwich, 2008). Die *voordele* van die Schwarz-benadering word deur *Churchwise*, ’n instansie ter wille van NGO (Wiese, 2010), soos volg geformuleer: *Hindernisse/blokkasies*

word geïdentifiseer en aan die hand van die minimumfaktor (*swak* punt) kan *daadwerklik* in die rigting van *verbetering* daarvan gewerk word. Terselfdertyd word die *sterker* punte deur die agt kwalteitskenmerke ook geïdentifiseer. *Momentum* word verkry deur die proses en ontwikkeling van *konkrete* sake word gefasiliteer. Met verloop van *tyd* word *gesonder tendense* waargeneem binne die gemeente wat die strategie binne hulle gemeentelike kultuur in vryheid toepas (Schwarz, 1999:77). Groei neem beslis toe (vgl. o.a. Simonian, 1999). Deur die aanpak neem *gemeentedeelname* toe deurdat *noodeisende kernsake* aangespreek word. Status quo word voorkom deurdat natuurlike *gemeentebou* as ’n *instelling* en as *langtermynaktiwiteit* erken en gereken word en waardeur *voortdurende* verbetering plaasvind.

Sekere kritici stel dat die *geestelike geldigheid* van die model nie in die kerk hoort nie (Simonian, 1999). Die positiewe hieromtrent is dat Schwarz nie na sodaniggesindes geluister het nie. Hy het kerke in die praktyk gaan bestudeer met die oog op die waarneming van *gemeenskaplike beginsels* by groeiende en krimpende gemeentes. Na aanleiding van die waarmemings en ondersoeke het hy die wetenskaplik daargestelde analiserende instrument vir rigtinggewende optrede deur gemeentes geformuleer, naamlik die *minimumfaktor-instrument* (De Kloe, 2007). Die ontwikkeling is ongetwyfeld nuut en sal beslis aanvanklik krities bejeen word, maar positief word gestel dat dit as enigste *rigtinggewende instrument* wel aanvaar word, aangesien *geen Bybelse alternatief vir die verbreking van ’n status quo-toestand bestaan nie*. Om in die geloof te *waag is immers beter as om niks* te doen nie. Die gemeente word hiervolgens op *beplande wyse bestuur* met die bedoeling om *’n beter voorbereide akker*, met so min moontlik menslike hindernisse daar te stel. Sodoende word gepoog om die organiese werking deur die Gees so min moontlik deur menslike toedoen te strem (Platt, 2010).

Schwarz stel onomwonde dat die model *universeel as diagnostiese instrument* gebruik kan word; dat dit ’n instrument is wat *bo denominasies, kerkstrome en kulture uitgaan* (De Kloe, 2007; Platt, 2010). Algemeen beskou is die uitspraak bedoel om *positief ontvang* en positief aangewend te word (vgl. 6.7.2.3.6.2). Laastens behoort kritiek rakende die wêreldwyd positief-benaderde teorie van Schwarz as ’n positief gesien te word, aangesien die model slegs deur prakties-teologiese refleksie *verbeter en verder uitgebrei kan word* (Erwich, 2008).

6.7.2.3.6.3 Negatiewes rakende Schwarz se teorie

- Die negatief rakende Schwarz se teorie is dat dit nog in ’n *ontwikkelingproses* is. In die beginjare (tagtigs van die vorige eeu) van die navorsing van die model, het *betroubaarheid verdag* voorgekom weens *ondeursigtigheid en ontoeganklikheid tot die ontwikkelingsproses van die vraelys* (Erwich, 2008). In die verloop van jare is hierdie kritiekpunt deur Schwarz aangespreek deur aanvaarde verduidelikende formulering. Deurdat uitbreiding geskied het, is kritiek geminimaliseer en geloofwaardigheid het toegeneem. Uiteraard het *nie alle kritici* die verduideliking aanvaar nie (Schwarz, 1996, 1999, 2000; Schwarz & Schwarz, 1998). In die proses van uitbreiding en verfyning is sekere ander aspekte ook *nog nie volkome deurtrap* nie. Die volgende aspekte is derhalwe nog onder fel kritiese bespreking:
  1) Die model maak aanspraak op *objektiwiteit en universaliteit as diagnostiese instrument.* Die afgelope aantal jare het die model voor tekorte rondom universaliteit en objektiwiteit te staan gekom as die felste kritiek teen die model (Marais, 2008). *Kommunikatief* skyn daar hindernisse te wees rakende die vraelys. Plaaslike *gemeenskappe se denkwyses* wissel tussen premodern, modern en postmodern. *Taalkundig* is die vraelys in postmoderne bewoording en terme. *Omstandighede* van gemeenskappe verskil onderling, byvoorbeeld die post-apartheid-gemeenskappe in Suid-Afrika. Omstandighede en kulture verskil ook van land tot land, waarvan Suid-Afrika en Australië met die onderskeie inheemse bevolkingsgroepe, ’n konkrete realiteit is, in weerwil van Schwarz wat meen dat dit nie die geval is nie. Effektiewe *interpretasie* deur plaaslike gemeenskappe kan dus wêreldwyd daaronder ly. *Vertaling* van die lyste kan ook swak kommunikasie daarstel. By vertaling is kultuur, waardes, konteks, terminologie en moontlik ander onontdekte faktore ter sprake wat slegs met verloop van tyd na vore sal kom. Ook *ouderdom* as veranderlike behoort binne die vraelys uitgebrei te word (Nel, 2009). Taal funksioneer binne hermeneutiese sisteme van betekenis en die model behoort derhalwe op hermeneutiese gebied uitgebrei te word en verdere verfyning te ondergaan om betroubare profiele daar te stel (Erwich, 2008). Die nadeel is dus dat sekere hindernisse rakende objektiwiteit en universaliteit in die model bestaan, maar die voordeel van die nadeel is dat, ten spyte van tekortkominge, stéédsmet Skrifbeginsels op konstruktiewe wyse binne die gemeente besig is.

’n Volgende besprekingspunt wat Erwich (2008) as ernstige besprekingspunt beskou, is die betroubaarheid van die vraelyste. Indien die vraelyste werklik *wetenskaplik* betroubaar is, behoort *meting* deur verskillende instansies by herhaling dieselfde resultaat te toon. Indien herhaling deur middel van dieselfde metingswyse geskied, kan die resultaat en derhalwe die profiel, asook die aanbevelings om verbetering van die praksis, ook verskil. Die mens self as veranderlike is egter by meting die bepalende faktor en nie die instrument nie. Verder word gestel dat die groepie individue wat die vraelyste *invul*, die norm vir die gemeente word. Dit kan ’n risiko wees, omdat hul mening moontlik nie genoegsaam is nie en ook omdat die aanwys van hierdie individue, nie volgens ’n vaste metode geskied nie.

Wat binne wetenskaplike kringe ook as negatief beskou kan word, is die feit dat ’n onmeetbaarheid soos menslike gehoorsaamheid aan die hand van ’n metingsinstrument nie poog om ’n konkreet meetbare vrug af te dwing nie, maar slegs om aan die hand van die riglyne wysiging in omstandighede moontlik te maak. Onsekerhede na aanleiding van riglyne word nie maklik as wetenskaplik aanvaar nie. Die onsekerheid rakende die groeiproses word as negatiewes bestempel. Die onsekere toedrag (chaordiese toestand) bevestig die kerk as uitsonderlike handelingsgemeenskap deurdat pneumatologiese werking ter sprake is. Onsekerheid binne die kerkpraktyk lei tot afhanklikheid van God, maar lei ook tot vryheid by die implementering van die beginsels. Onsekerheid behoort derhalwe eerder as ’n positief benader te word, aangesien groei wel deur middel van hierdie instrument kan toeneem.

Wat ook as besprekingspunt by universaliteit en objektiwiteit aansluit, is dat die model van Schwarz baie *veralgemenend* van aard is (Hughes, 1991). Dit beteken dat die model te algemeen is om swak punte te remedieer en te algemeen is om sterk punte verder uit te bou. Dit word ook genoem dat as gevolg van die algemeenheid, nie voorsiening gemaak word vir verskille soos dit na vore kom in stedelike, plattelandse, arm en ryk gemeentes nie. Vir verskillende kulture (vgl. 6.7.2.3.6.2)

1) en verskeidenheid behoort derhalwe meer spesifiek ruimte voor gemaak te word, gesien teen die verweefde denkparadigmas wat heers. Die model kan dus verder ontwikkel word deur nog meer ruimte te skep vir die erkenning van verskeidenheid;

verskeidenheid wat sprekend is van die huidige postmoderne samelewing (Erwich, 2008). Met ’n Christusgesentreerde bipolêre denkraamwerk behoort die invloed van modernisme en postmodernisme egter getem te word en kan vryheid binne eie kultuur-interpretasie geskied. Hierdie ontwikkelingspunte wat tans van die grootste kritiek teen die model van Schwarz is, moet nog verder getoets word (Hughes, 1999), maar dra tot op hede nie genoegsame krag om die teologies-korrekte model as onaanvaarbaar te verklaar of te verwerp nie.

2) ’n Verdere terrein vir *verdere uitbreiding* wat genoem moet word, is Schwarz se eng benadering van een van die kenmerke, naamlik *evangelisasie* (vgl. 6.7.2.3.6.2). Volgens Neufeld is evangelisasie deel van “human community as a whole” (Erwich, 2008). Indien slegs 10% van die gemeente die gawe van evangelisasie het, soos wat Schwarz beweer, kan die beginsel nie werklik so sterk wees as wat die Groot Opdrag bedoel nie. Evangelisasie is volgens die Groot Opdrag ’n opdrag vir elke gelowige wat dan effektief binne sosiaal-diakonale aktiwiteite beoefen word. Die model kan in hierdie opsig nóg verder uitgebrei word deur te fokus op die *wat* en die *waarom* van die gemeente, asook op *dissipelskap* en Skrifbegronding rakende die *missionêre identiteit* van die gemeente (Erwich, 2008).

- Die *ontstaansterrein* van Schwarz se benadering, naamlik die *Church Growth Movement*, en navorsing wat meesal gedoen is onder Onafhanklike Kerke, laat die vraag ontstaan of die model werklik *geskik* is vir hoofstroomgemeentes (vgl. 6.7.2.3.6.6) en ander godsdienstige tradisies/raamwerke waar ander ekklesiologiese voorveronderstellings en kulture ter sprake is (Marais, 2008). Beoordeling deur talle navorsers het die Woordbeginsels die afgelope drie dekades goed deurtrap. Die invloed van CGM as kritiekpunt dra nie gewig nie. Aangesien hoofstroomgemeentes by uitsondering hulself blootstel aan enige saak wat verandering bewerkstellig, kan nie tot ’n beoordeling gekom word rakende die geskiktheid/ongeskiktheid van die model binne hoofstroomgemeentes nie.

- Sekere kritici stel dat die *geestelike geldigheid* van die model nie in die kerk hoort nie. Dis reeds omdat Schwarz nie na sodaniggesindes geluister het nie, dat hy kerke in die praktyk gaan bestudeer het met die oog op die waarneming van gemeenskaplike elemente by groeiende/krimpende gemeentes. Hierby aansluitend is die resultaat van

die ondersoek, naamlik die minimumfaktorstrategie as wetenskaplik daargestelde analiserende instrument vir rigtinggewende optrede deur gemeentes, ongetwyfeld nuut en in sekere groepe nie geestelik geldig binne kerkverband nie. Die instrument sal beslis binne die hoofstroomkultuur krities bejeen word. Tyd sal kritiek geldig laat blyk of nie. Kritiek teen ’n beperkte aantal aspekte binne ’n oorweldigend positiewe ontwikkelingsproses, is skynbaar nie sterk genoeg om die Skrifgetroue en positiewe aanpak van die model, af te keur nie - veral nie as daar geen alternatief op gelyke voet aangebied kan word nie.

6.7.2.3.6.4 Beoordeling van Schwarz se teorie in die lig van krimpende “susterkerke”

Die vraag ontstaan waarom Schwarz se bipolêre biotiese aanpak in hierdie ondersoek as uitgangspunt geneem word vir die daarstel van ’n verbeterende praksis. Die kortste antwoord is dat hierdie uitgangspunt Skrifbeginselgetrou begrond is en direk aansluiting vind by die Groot Opdrag wat Jesus self gee. Daar kan nie ’n beter poging wees as om van God se eie beginsels gebruik te maak nie. Die “susterkerke” kan nie ’n beter geleentheid en uitdaging kry om leiding in Suid-Afrika op hierdie wyse te neem nie. In die oorgangsfase is kultuurverandering by alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika aan die orde van die dag. Geen koloniale geraamtes is verskuil in die bipolêre biotiese aanpak nie. Die beginsels kan nuut en doelgerig geïmplementeer word om te midde van die suidwaarts-verskuiwende, niewesterse charismatiese Christendom, die Woord onverswak, ter wille van die Groot Opdrag, te laat spreek.

Die “susterkerke” en die res van die Suid-Afrikaanse bevolking (gelowig en ongelowig) is besig om ’n kultuurverandering te ervaar. Dit beteken gedeelde soeke en herstrukturering. Aangesien die bipolêre biotiese aanpak nog nie in Suid-Afrika getoets is nie en ook nie deel is van blanke en nieblanke tradisionele kerkkulture nie, kan die aanpak ’n beginpoging/pionierspoging wees om radikaal te breek met ongebalanseerdhede (hindernisse) (vgl. Schwarz, 1999:11, 12) wat, soos in die geval van die “susterkerke”, tot krimping gevoer is en op die dood gaan uitloop. Om ’n prakties werkbare produk (Schwarz & Schwarz, 1998:12-40) vir menslike koersaanduiding daar te stel, is om rigting, beweging en transformasie (reformasie) (vgl. 4.4.1.3; 5.4.2.6; 7.1.1.4) te bewerkstellig (in teenstelling met die status quo-toestand, soos in die “susterkerke” waargeneem word - vgl. 6.7.4.1; 6.7.4.2). ’n Nuwe missionêre identiteit, visie, doel, vryheid en sekerheid kan by die “susterkerke” na

aanleiding van hierdie aanpak ontspring, deurdat besef word dat dié waarheidsgetroue teologiese raamwerk op sistematiese wyse groeigeleentheid bied. Ook ander geleenthede word gebied vir die soekende Afrikaner, naamlik om ’n Suid-Afrikaanse werklikheidsgerigte roeping én sinvolle tuiste (vgl. Buys) te vind. Ook die inheemse bevolking, wat presies op dieselfde wyse nuwe identiteit soek, kan deur die aanpak ’n tuiste kry. Dis moontlik God se manier om swart en wit gesamentlik op ’n praktiese manier by die Groot Opdrag uit te bring, sodat al die nasies in Suid-Afrika geseën kan word. Deur kruiskulturasie in Suid-Afrika kan die model in die toekoms ontwikkel om by die Suid-Afrikaanse konteks aan te pas. Die felste kritiek is gewoonlik afkomstig van onwilliges wat nie in beweging wil kom nie, verandering (Rom 12:2) en God se onveranderbare beginsels krities beskou, en onwrikbaar as die “beyond question”-kerkmens bly stilstaan; bly staan by uitgediende kerkpraktyke wat deur golfbewegende statistiek as sterwend bewys is (Hf. 4).

Die eerste punt wat hiervolgens in gedagte gehou moet word, is om te vra uit **watter denkraamwerk** die kritiek kom. Met ’n I-denkraamwerk is enige mate van vernuwing ’n bedreiging:, hoeveel te meer nie diepgaande en radikale transformasie nie. Binne die I-denkraamwerk is dit summier ’n bedreiging van die anti-Chris self en bedoel om sonder verdere kennisontginning daaromtrent, teë te staan. Die totale strategiese voorstel (Hf. 7) kan na aanleiding van so ’n denksisteem derhalwe onder kritiek kom en dit kan sonder om geweeg of oorweeg te word, summier afgeskiet word. Uiteraard geskied verandering nie ewe vinnig, óf by almal nie. Die droom is dat die meerderheid “susterkerk”-gelowiges na aanleiding van die Groot Opdrag tot insigte kom, hul van harte bekeer en bipolêr bioties gerig word. Die werklikheid van die eerste dekade van die 21e eeu is egter dat nié almal in dieselfde mate bioties gerig gaan wees nie: die stoomrollertendens verduidelik dit immers volledig, en ook in Nederland is juis dít beleef na implementering (Brouwer *et al*, 2007:176). Wat implementering van die aanpak verder kan bemoeilik, is die afwesigheid van ervaring en leierskap in die WO-aanpak, sowel as die biotiese aanpak. Ten spyte van hierdie stremmende faktore bly die mens ’n leergemeenskap waar iemand as leier begin om iets konkreet positief te doen. Dit is inderdaad positief om waar die kerk sterwend is, die Skrif reformerend en nuut (waarvan die bipolêre biotiese aanpak getuig), te laat spreek. Waar dit onsuksesvol blyk te wees tydens implementering, moet eerstens gekyk word na die feilbare mens se ongeoefenheid op die terrein. Ten spyte van ’n groenvoelgevoel, moet nie agtertoe gekyk word in stilstand nie, maar daar moet eenvoudig net begin word en vorentoe beur sodat die proses in aksie kan kom. Deurdat dit geïmplementeer word kan oorgegaan word tot

evaluering. Evaluering lei tot die volgende aanpassing, en ’n volgende, en ’n volgende tot momentum en doelgerigte opbou en uitbou binne die gemeente begin manifesteer. As God die Afrikaner begenadig tot gehoorsaamheid, waagmoed, kreatiwiteit en aktiwiteit, kan dit nie anders as om stremmende gevestighede af te lê, en oor te gee aan God se beginsels nie: God se voorskrifte kan nie anders as om sukses te hê nie, al is dit ook minimale verskuiwings deur ’n slakkepas voetjie-vir-voetjie verbeterende praksis**.**

Die tweede punt wat in gedagte gehou moet word, is om te vra in watter mate I-denkers **werklik bewus** is van die toestand waarin die “susterkerke” verkeer. Weens die sameloop van omstandighede binne die geskiedenis van Suid-Afrika, veral die afgelope ongeveer 20 jaar, is die “susterkerk”-lidmate “verlam”. Hierdie “verlamming” in denke, woorde en dade voorkom helder waarneming en aktiewe konstruktiewe optrede en die absolute nood waarin die “susterkerke” verkeer, word nie besef nie. Uiteraard is I-denkers in ’n “verlammende” toestand negatief krities. Belangstelling en verkryging van grondige kennis en die implikasies van transformasie op ekklesiologiese gebied (vgl. Erwich, 2008), is derhalwe ’n ondenkbaarheid wat net deur God gewysig kan word.

Die derde punt wat in gedagte gehou moet word, is om te vra **waarom juis Schwarz** se *bipolêre biotiese* aanpak met *agt kwalitatiewe karakteristieke kenmerke, ses biotiese beginsels* en die *minimumfaktorstrategie* as aanvaarbare uitgangspunt geneem word. Vir I-denkers in ’n “verlamde” toestand is blootstelling aan onbekende terme en onbekende praktyke uit die verwysingsraamwerk van ’n vreemde Europese Duitser, aanvanklik afkomstig uit die kerkgroeibeweging wat grootliks getallegroei najaag, uit die staanspoor ’n saak om bloot net te ignoreer.

Dit bring ons weer by die vraag waarom Schwarz se paradigmaskuif met die gepaardgaande biotiese benadering as uitgangspunt geneem word vir die daarstel van ’n verbeterende praksis binne die tradisioneel Afrikaanssprekende “susterkerke”. ’n Verbeterde praksis impliseer dat in die huidige praktyk *foute/tekortkomings/swakhede/gebreke/hindernisse/blokkasies* is. Krimpende “susterkerke” as praksis bevestig hierdie waarneming (vgl. Hf. 4 en 6) en die historiese groei-en krimpbewegings verskerp die intensiteit van ’n gewisse en intense oorgangstyd. Vir die Afrikaner getuig hul geskiedenis ook van intense betrokkenheid by verskuiwings en oorgangstye so ver terug as die Reformasietydperk (vgl. Hf. 4) tot en met die huidige oorgangstydperk in Suid-Afrika. Die Afrikaner se oorlewingsvermoë (vgl. Hf. 5;

Giliomee, 2004:xv, xvi, 419) in die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan derhalwe (onbewustelike) sterk, juis wanneer omstandighede *op sy swakste* vertoon. Tans beweeg die Afrikaner-"susterkerke" nie as homogene groep nie; inteendeel, die status quo-leefwyse strem ontwikkeling intens. Verstaanbaar genoeg manifesteer *foute* sterk binne die "susterkerke" aan die begin van die eerste dekade van die 21e eeu. Ten spyte hiervan is daar wel sporadies stemme wat begin opgaan en van die ontkiemende oorlewingskrag getuig (vgl. 5.4.2.6; 7.1.1.3 vernuwende gemeentes).

Dié oorlewingskrag gaan, soos in die verlede, die "susterkerk"-gelowige laat teruggryp na die waarheid van die Woord. Die waarheid rondom God se bedoeling met groeiende kerke gaan ondersoek word. Dit is by daardie punt wat aansluiting gevind gaan word by dit wat Schwarz, en talle soortgelyke soekers na die waarheid, die afgelope aantal dekades reeds ondersoek het. Die tradisioneel Afrikaanssprekende reformatoriese stroom sal dieselfde beginsels ontdek as wat enige ander stroom ontdek, aangesien God se beginsels deur die eeue dieselfde bly. Die ontdekking gaan radikaal intens en drasties beleef word. Daarby word nou reeds aangesluit. Die ontdekking kan nóú reeds besef en benut word. Daar hoef nie gewag te word om eers oor dekades tot dié punt, wanneer dit moontlik dan heeltemal te laat is, te kom nie.

Indien die bipolêre biotiese aanpak as radikaal en innoverend voorkom (Walls, 2002), is dit 'n bewys van hoe radikaal ver die tradisionele stroom van die kernwaarhede van die Skrif, verdwaal het. Dit sal van wysheid getuig om dit wat reeds (deur o.a. Schwarz) ondersoek is, in die lig van die Groot Opdrag te evalueer, as normwaarheid toe te eien en in die wysigende oorgangstyd kontekstueel in diens te stel van die krimpende "susterkerke"; die "beyond question"-praksis wat geen alternatief op die tafel het nie. Die gereformeerde tradisie (met Skrifgetrouheid en voordurende reformasie as skynbare sterk aansluitingspunte) kan met dié reformerende, Christusgesentreerde, biotiese Skrifbril, die ingeboude beginsels (soos opnuut aangetoon deur Schwarz), as beginpunt neem, ten einde op verantwoordbare wyse "susterkerk"-hindernisse binne menslike krag poog te verminder. 'n Beginpunt waardeur die "susterkerke" op inklusiewe wyse deur God gebruik kan word om in Suid-Afrika, die koninkryk deur opbou en uitbou, medewerkend te help kom.

Teen hierdie drie punte word gekyk na die agt kwalitatiewe kenmerke, die ses biotiese beginsels en die minimumstrategie, soos voorgestel word deur Schwarz. Wanneer die agt

kwalitatiewe kenmerke bespreek word, is dit nodig om die byvoeglikenaamwoord as nuwe toevoeging voortdurend in gedagte te hou. Aangesien die selfstandigenaamwoord uiteraard by alle kerke voorkom, is dit vanselfsprekend nie ’n kritiekpunt nie. Dit is egter die nuwe toevoeging as organiese groeistimulant wat die I-denkers by elke kenmerk krities sal benader.

Spiritualiteit sonder passievolle gebed, entoesiasme en openheid (Rom 12:11-12), dra nie ’n groeistimulant nie. Passielose spiritualiteit vertoon gerasionaliseerde, status quo-“korrekte” dogma as oorheersende spiritualiteitskenmerk. Enigiets buite die eie gevestigde tradisionele taalgebruik en denkraamwerk, word vyandig benader. Vyandigheid opsigself is nie funksioneel nie, vertoon die vrug van die vlees en nie ’n Christusgesentreerde opbou-/uitbou - gesindheid nie (vgl. 6.5.3). Die term ‘spiritualiteit’ is nie deel van die tradisionele kerktaal nie. Dit is egter deel van die huidige kultuurverskuiwing wat in gesproke en geskrewe vorm deur die media en in die algemene gebruikswoordeskat gebruik word. Die term sal mettertyd as aanvaarbaar erken en gebruik word, veral as dit positief beleef word. Kritiek teen passievolle oorgegewendheid aan God is onaanvaarbaar en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

’n Bediening waar die ampte dominant vertoon, toon passiewe gemeentelede wat grootliks oningelig is rakende die Skriftuurlike begrip van *gawes*, die doel daarvan, asook die identifisering en verspreiding van dienstake na aanleiding daarvan, ter wille van die opbou/uitbou van die gemeente (Ef 4:12; I Pet 4:10). Funksionele bemagtiging van gemeentelede binne verskeidenheid, is afwesig binne die tradisionele kerkkultuur. ’n Bediening wat getuig van ’n beperkte ampsbeskouing, ontbreek die opbouende en stimulerende dinamiek wat ’n kerk beleef deur aktiewe, gawegerigte bediening. Kritiek op hierdie grond toon gebrekkige Skrifinsig, asook gebrek aan toepassing van Skrifgegewens in die kerkpraktyk. Draers daarvan word geroep tot selfondersoek en bekering.

Aanbidding/eredienste wat inspirerend is, getuig van pneumatologiese funksionaliteit, kreatiwiteit en waagmoedige innovasie waardeur nuwe tradisies begin word wat tot die nuwe generasie spreek (vgl. Walls, 2002:14). Dit getuig van ’n vreugdevolle, aangename opbouende bedieningsatmosfeer/erediens (I Thes 5:16-19) wat aanloklik vertoon vir die buite die gemeente en derhalwe positief kan bydra tot uitbou. Beswaardheid teen inspirerende eredienste en funksionele vernuwing getuig van destruktiewe fanatisme en die soeke na sekerheid in gewoontes. Fokus op Christus waar die Gees vernuwend te werk gaan (Rom

12:2) deur ’n oop en funksionele bediening, kan hedendaagse gelowiges inspireer en geloofsekuriteit verleen wat bo die sekerheid van tradisies en gewoontes uitgaan. Tradisioneel daargestelde gewoontes word blindelings as “afgod” (vgl. 6.5.3.3) nagevolg, terwyl ook die opleiding van predikante die gevestigde status-quo-patroon bly vertoon. Kritiek teen inspirerende aanbidding/eredienste is onnadenkend en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Kleingroepbediening wat die mens holisties benader, is ’n vreemdheid binne die gevestigde kerkpraktyk. Gemeentelede en predikante benader dit steeds met groot onkunde en suspisie (vgl. 6.5.3.4). Weens die gebrekkige ervaring met die praktyk van kleingroepe, en derhalwe ook gebrekkige selfvertroue in die daarstel en volhoubaarheid daarvan, gaan die bediening mank aan die opbouende effek wat kleingroepe, veral binne groot gemeentes, daarstel. Die gevestigde “susterkerk”-gelowige is nie gewoond om hulself aan so ’n groep te verbind nie (opbou) weens tradisionele eksklusiwiteit. Diegene beskik ook nie oor geoefende vrymoedigheid en vertroue om vreemdelinge die groep in te bring nie (uitbou). Verder beskou ’n kritiese oog ’n holistiese benadering skepties, omdat toegewydheid, bereidheid tot openheid en oorgawe binne ’n omgee-gesindheid op alle vlakke vereis word. ’n Skepties-kritiese afstand word eerder gehandhaaf, omdat die blote verskynsel van kleingroepe wat behoort te groei (opbou), te verdeel en af te sterf weens verdeling (uitbou), as ’n vreemde nuwigheid onaanvaarbaar naby kom aan die veilige gevestigde geïsoleerde gereformeerde identiteit. Die kritiek gaan oor in onbetrokkenheid wanneer besef word dat die kleingroep die terrein is waar die gelowige selfstandig Skrifgetrou moet dink en Christusgesentreerd moet optree, veral waar ware nood binne die groep ter sprake is (Hand 2:46, 47). Kritiek teen holistiese kleingroepbenadering toon die agterstand in praktiese naasteliefde as gemeentelike ontmagtigdes. Bewustelike teenstand van daar waar die Gees se werksterrein is, is kortsigtig en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Evangelisasie is volgens die Groot Opdrag die taak van elke gelowige. Volgens die Groot Opdrag is die uitdra van die goeie boodskap nie gawe-gebonde slegs vir ongeveer 10% gelowiges nie, soos beweer word deur Schwarz (1999:211-212). Die beweerde klein persentasie wat bereid is tot die taak, kan kontekstueel wel duidelik verstaan word, gesien teen die verskynsel dat gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag bykans geen gewig dra binne die tradisioneel, Afrikaanssprekende “susterkerke” nie (vgl. 6.5.6.5). Hoeveel te meer nog is die onbetrokkenheid by aktiwiteite rondom die nood van die persoon wat geëvangeliseer

moet word (uitbou). Die bewussyn bestaan deeglik onder “susterkerke”-gelowiges dat evangelisasie gedoen moet word en die amp van die gelowige word selfs as ’n geskikte terrein daarvoor genoem. Die oppervlakkigheid van hierdie argument kom egter na vore, deurdat weinig toevoeging tot die kerk geskied deur evangelisasie - hetsy deur kommissiewerk of gemeentelede. Deur op funksionele wyse die sistematiese instrument van Schwarz (minimumstrategie) te gebruik, kan leer eers mettertyd plaasvind, en dan beweeg word tot ’n ware kwalitatieftoenemende handelingsgroep (opbou) wat optree in gehoorsaamheid op die Groot Opdrag. Kritiek teen behoefte-georiënteerde evangelisasie toon waarom groei nie plaasvind nie en die werk van die Heilige Gees gedoof word. Die rede is menslike ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag, Groot Gebod en Christus as Groot Sender. Hardnekkige ongehoorsaamheid roep die draers daarvan tot ernstige en diepgaande selfondersoek en bekering.

Strukture is die enkele faktor wat die filosofie van die gemeente se bediening weerspieël. Indien ’n struktuur binne die bediening nie funksioneel bydra tot opbou en uitbou en groei na Christus toe nie, behoort dit summier gewysig te word ter bereiking van die teendeel. Binne die tradisionele “susterkerke” bied strukture groot trots en sekerheid. Verhardheid ter wille van die behoud van strukturele hindernisse, bloot ter wille van die tradisie en die tradisionele identiteit, roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Leierskap is die enkele faktor wat enige bediening direk bevoordeel of benadeel (Schwarz, 1999; De Kloe 2007). Die tradisionele “susterskerk” kan werklik gelowig voorkom deur te stel dat die Gees in beheer is en dat God alleen beweging kan bewerkstellig, maar terselfdertyd word dan weinig gestel van die mens se eie verantwoordelikheid. Daarmee word te kenne gegee dat die mens sy verantwoordelikheid in die kerkpraktyk gerieflikheidsonthalwe ontken. Die status quo word dan gehandhaaf, omdat daar nie beweging in die kerk is nie. Beweging word deur mense en hul leidinggewende handelinge daargestel. Terwyl die gelowige tog wel Skrifgetrou sy godsdiens wil uitleef, maar geen instrument het waarvolgens dit Skrifgetrou bewerkstellig kan word nie, kom die Skrifgetroue minimumfaktorstrategie as praktiese instrument binne elke gemeente se bereik. Die gevolg is dat menslike swakheid (as gevolg van die ontoegeeflikheid aan God se biotiese plan) tot gebrekkige kerkbestuur lei, ontmagtigde gemeentelede troetel en die jaar-in-en-jaar-uit-kerkwegkruipery agter ’n ongebalanseerde I-denkraamwerk tot gevolg het. Daarenteen toon interafhanklikheid tussen menslike aktiwiteit en funksionele strukture die vrug van goeie

bestuurders en ’n bediening waardeur Christus gedien word. Maksimale voorbereiding om hindernisse te verminder en optimale groeimoontlikhede (opbou en uitbou) en kontrole daar te stel, word op verantwoordbare wyse vir leiers aan die hand van die minimumfaktorinstrument gebied. Gebed kan die chaordiese aanpassing bespoedig, daarom is gehoorsame, afhanklike dissipelskap en bemagtiging van groot belang. Die selfgesentreerde superleiersfiguur sentreer op sy eie ego-koninkryk, terwyl die Skrif-instrumente wat verskaf word deur die bipolêre biotiese paradigma, funksionele leiding kan laat ontwikkel, die status quo permanent kan verbreek en voortsnellende beweging in die rigting van Christus (as gewer van die beginsels) op volgehoue wyse daarstel. Kritiek teen bemagtigende leierskap toon liefdeloosheid teenoor God en die kinders van God, en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Verhoudings is bepalend omdat dit die vrug van die Gees toon binne die lewenspraktyk. Swak verhoudings binne die gemeente is ’n hindernis opsigself en benadeel die vrye werking van die Heilige Gees. Sinvolle verhoudings binne doelgerigte strukture bewerkstellig die moontlikheid om opbouende, uitbouende en sigbare vrug te dra. Sterk en florerende verhoudings bewerk groei. Waar die status quo gehandhaaf word en verhoudinge haaks is, word groei gestrem. Om liefdevolle verhoudings te bevorder, kan die Skrifgefundeerde plan gevolg word, ten einde funksionele verhoudings ter wille van Christusgelykvormigheid daar te stel. Kritiek teen liefdevolle verhoudings toon die afwesigheid van die Heilige Gees en die teenwoordigheid van die Bose self en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Die ses biotiese beginsels (groei-outomatismes): Kennisname (leer) van wat die beginsels en groei-outomatismes is, hoe dit onderling verbind is met mekaar en met die agt kwalitatiewe kenmerke, is teoreties ’n nuwe veld vir die tradisioneel, Afrikaanssprekende “susterkerke”. In die praktyk vloei die teorie egter onder die regte omstandighede natuurlik voort. Enige denkbare vorm van kritiek kan derhalwe uitgespreek word bloot omdat hierdie beginsels nie uit eie bodem, binne eie tradisionele taalgebruik gevestig is of uit dieselfde gereformeerde stroom kom nie. Die openheid ter wille van verandering op grond van Skrifgefundeerde transformasie op geordende wyse, is ongewoon binne “susterkerk”-opset. Ook die blote implementering van aspekte buite die gevestigde teologiese spektrum is nuut en word negatief benader, gesien teen die tradisionele denke dat die kerkpraktyk verkies om geïsoleerd/afgesonderd, buite ander kennisvelde om te funksioneer en nie die positiewe voordeel van byvoorbeeld die bestuurswese, kommunikasiewese, sosiologie of psigologie ter

wille van die koninkryk wil/mag gebruik nie. Kritiek sal daar wees met die doel om die wysheid en kennis wat geïntegreerd na vore kom om hindernisse te verminder en die moontlikhede vir kerkgroei menslikerwys te verbeter, onder verdenking te plaas. Op die wyse word God verklein tot afgod wat net binne die spesifieke kerkprakyk kan funksioneer volgens tradisionele reëls. Diegene met kritiek teen die ses biotiese beginsels, en wat geen alternatief kan bied nie, en draers met sodanige gesindheid word opgeroep tot selfondersoek en bekering.

Die *minimumfaktorstrategie*: Vir die status quo-gelowige wat tradisioneel passief was en die kerkpraktyk sodanig aanvaar het, is die voorstel tot gereelde beheer volgens ’n Skrifbegronde wetenskaplike instrument as rigtingwyser, ’n bedreiging en ’n bose oortreding van godsdiensgrense (Tickle, 2008:136). Die minimumfaktorstrategie bewerkstellig egter verwagting, momentum, beplanning, beweging, evaluering en groei op verskillende gebiede. Swak en sterk punte binne die kerkpraktyk word ondersoek en ’n normatiewe raamwerk met gesonde groei in gedagte, word sodoende ontwikkel. Aangesien so ’n omvattende Skrifbegronde aanpak nog nooit in die “susterskerke” of op teologiese skole ter sprake was nie, kan geen negatiewe kritiek op grond van eerstehandse ervaring daarteen gegee word nie. Enige verbetering van die huidige doodstoestand, is derhalwe ’n goeie begin van herlewing. Kritiek teen die minimumfaktorstrategie toon inherente passiwiteit, gebrek aan waagmoed en afhanklike geloofsvertroue, en roep die draers daarvan tot selfondersoek en bekering.

Deur selfondersoek en bekering terug na die kernwaarhede, soos Jesus Christus self gegee het aan die hand van die Groot Opdrag in medewerking met dit wat menslike krag na aanleiding van die Skrif daarstel, kan die “susterskerke” in opbou en uitbou sodanig gerig word dat kerkgroei in Suid-Afrika op Godwelgevallige wyse in die verdere dekades van die 21e eeu kan geskied.

6.7.2.3.6.5 Slotsom

Schwarz se bipôlere biotiese aanpak is ’n radikale en drastiese skuif weg van die tradisionele kerkpraktyk (vgl. Tickle, 2008:13-18). Verandering deur dié aanpak is ’n geloofsaak wat moontlikhede stel om orde te midde van chaos te bewerkstellig. In die Groot Opdrag is balansgewende beginsels van opbou en uitbou binne die pneumatologiese goddelik-menslike aktiwiteit, duidelik en sistematies ingebed en beskikbaar vir die koninkryk van God op aarde.

God se beginsels staan deur die eeue vas en binne ’n oorgangstyd wat roep om herstrukturering is Skrifbeginsels die enigste navolgenswaardige rigtinggewer. Dit wat onmoontlik klink en lyk, verander binne die wonderwerkende verbondsverhouding tot ’n wonderlike moontlikheid. Die taak van die “susterskerke” is om binne die verbondsverhouding deur dié genadegawe te hoor wat die Gees sê en om ten spyte van swakheid en klein getalle, moedig, bemagtig, gehoorsaam en lewenskragtig - nie téén God nie, maar vír God - in Suid-Afrika te leef.